

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)



SAKELYS
vir die
NEGENDE SINODE
gehou te Pretoria
6–11 September 1999

VERTROULIK!

*Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak voordat
die sinode oor sake daarin besluit het nie*

Inhoudsopgawe

1. INHOUDSOPGAWE	i
2. VOORWOORD	ii
3. ORDEREËLINGS	iii
4. DAGPROGRAM	v

VERSLAG VAN

5. SENTRALE KERKEKOMMISSIE	1
6. KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE	27
7. FINANSIËLE KOMMISSIE	67
8. KURATORIUM	109
9. PUBLIKASIEKOMMISSIE	119
10. KOMMISSIE VIR KERKSANG EN -MUSIEK	133
11. BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE	138
12. BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE – MINDERHEIDSVERSLAG	155
13. KOMMISSIE VIR VERBONDSONDERRIG EN OPVOEDING	161
14. KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE	185
15. BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA	204
16. KOMMISSIE VIR KERKARGIEF	214
17. KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK	222
18. GRAVAMEN GCD STOLTZ TEEN SINODEBESLUIT OOR PRO-CHRISTO	276

Voorwoord

Dié boek in u hand is die werksdokument vir die laaste sinode van die AP Kerk in hierdie millennium, as alles gewoonweg verloop. Mag u met wysheid van bo belowe en belewe (Ja 1:5-6) die inhoud hiervan in die lig van die Bybel bestudeer, bepeins en bespreek.

Die Afrikanervolk waaronder ons 'n Gereformeerde kerk van Christus is, strompel tans gehawend die nuwe millennium tegemoet. Die winde van verandering wat 'n Britse staatsman eens oor Suid-Afrika sien opsteek het, het 'n werwelstorm geword wat die volk verward agtergelaat het. Mense tas in die duister rond, tas na mekaar, en tas meestal mis. In hierdie duisternis het dit des te belangriker geword dat die Afrikaanse Protestantse Kerk aan sy bestaansdoel en roeping soos geïmpliseer in sy logo, sal beantwoord: Lig in duisternis, deur die genadige inwerking van die Heilige Gees.

Die huidige millennium het begin in die Middeleeue, met sy eie donkerte. Voor ons strek die laaste jaar uit, voordat die millennium op 31 Desember 2000 eindig. By sommige Christene is daar 'n tinteling van opgewondenheid, by nog ander meer as 'n tinteling, eerder 'n desperate verwagting dat die wederkoms van ons Here dalk voor die deur is en dat dit ons enigste uitkoms is. Natuurlik behoort ons lewe so ingerig te wees dat ons gereed is om die Here enige oomblik van aangesig tot aangesig te ontmoet. Ons moet egter ook waak teen 'n onrealistiese wederkomsverwagting wat tot versuim van ons eie verantwoordelijkheid lei. Daarom moet elke afgevaardigde na die sinode kom deel in die neem van verantwoordelike besluite, gegrond op 'n innige omgang met die Here en sy Woord.

Praktiese reëlings

Afgevaardigdes wat deur hulle kerkrade met die hoë verantwoordelijkheid vertrou is om die kerkrade by die sinode te verteenwoordig, word vriendelik gevra om

1. 'n kopie van Omsendbrief 10/1999 by hulle skribas te bekom en hulle vertrou te maak met die belangrike inligting daarin;
 2. die inhoud van die agenda as vertroulik te beskou totdat die sinode dit afgehandel het;
 3. die hele agenda vooraf aandagtig te bestudeer; die inhoud sal tydens die sinodesitting as gelese beskou word;
 4. 'n Bybel, Psalm- en Gesangboek, proefsangbundel, asook 'n eksemplaar van die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse Kerk (1998-uitgawe) saam te bring na die sinode;
 5. die Ordereëls vir kerklike vergaderings op bl. 49-53 in die Kerkordeboek aandagtig te lees sodat elke afgevaardigde daarvolgens kan optree (dit sal ook as gelese beskou word by die aanvang van die sinode);
 6. onderling te reël dat na afloop van die sinode, en na ontvangs van die Handeling, een afgevaardigde uit elke gemeente sy volledige stel sinodestukke aan die kerkraad vir bewaring en naslaandoeleindes oorhandig;
 7. gereeld voorbidding vir die komende sinode te doen en te vra by hulle gemeentes.
- Elke afgevaardigde word 'n veilige reis en geseënde deelname aan die sinode toegebid.

MECHIEL ADENDORFF
(Skriba van die SKK)

Ordereëlings

1. Waarnemende voorsitter ooreenkomstig KO Bepaling 41E totdat voorsitter gekies is: dr. JD Malan.
2. Waarnemende skriba en hulpskriba totdat skribas verkies is: di. G Pretorius en DJ Malan.
3. Opening deur waarnemende voorsitter: Skriflesing, sang en gebed.
4. Verwelkoming deur:
 - 4.1. waarnemende voorsitter
 - 4.2. voorsitter, kerkraad AP Kerk Wonderboom.
5. Verslag van Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe
6. Konstituering
7. Aanwysing van stemopnemers en –tellers
8. Kennisname van ordereëls vir kerklike vergaderings (bl. 49 in Kerkordeboek) – word as gelese beskou
9. Verkiesing (Art. 40 en Bepaling 41B)
10. Benoeming van tydelike kommissies (voorlopige indeling deur SKK volgens voorkeure en bewaamhede deur afgevaardigdes vooraf op Vorm Sin.3 aangedui)

Aanbevelings:

10.1. Die sinode besluit dat tydelike kommissies uit hoogstens 15 lede sal bestaan.

10.2. Die sinode besluit dat die tydelike kommissie vir die samestelling van permanente kommissies bestaan uit die moderatuur en die voorsitters van die uitredende permanente kommissies. Die sameroeper is die ondervoorsitter van die sinode.

11. Vaststelling van Sakelys
12. Goedkeuring van dagprogram
13. Openingsrede deur prof. IA Brink, voorsitter van SKK
14. Broederlike gesprek – inleier: prof. FAH van Staden
15. Verslae van permanente kommissies
16. Nagmaal op uitnodiging van AP Kerk Wonderboom
17. Verslae van tydelike kommissies
 - A Kerkregtelike Sake
 - B Finansies
 - C Verbondsonderrig en opvoeding
 - D Argief
 - E Formuliëre en liturgie
 - F Kerkleer en Christelike etiek
 - G Besluiteregister van sinodale besluite vir aandag van kerkrade en ringe
 - H Kerksang en –musiek
 - I Mediaskakeling
 - J Samestelling van permanente kommissies
 - K Ringsindeling
 - L Verlofaansoeke
 - M Notule
 - N Literatuurbekendstelling
 - O Geloofsbriewe
 - P Publikasies
 - Q Stemtellers
18. Konstituering van permanente kommissies

19. Konstituering van RKA

19.1. Vergadering van die RKA waartydens die verslag van die BRKA behandel word.

19.2. Verkiesing van 5 lede (met sekundi) van die BRKA. Kyk Reglement 6.1, bl. 70-71 in Kerkordeboek, en die onderstaande besluit van die RKA in 1997 (Handelinge bl. 280 pt. 23.1.3.3):

Die lede op die BRKA (5) word soos volg gekies:

- a. afgevaardigdes se belangstellings- en ervaringsveld moet met gemeentes se geloofsbriewe na die RKA saamgestuur word;**
- b. RKA-lede nomineer lede vir die BRKA en gee self saam met nominasies 'n kort uiteensetting van die belangstellings- en ervaringsveld van die genomineerde;**
- c. die Kommissie vir Kommissies maak 'n lys van genomineerdes met 'n opsomming daarby van elke genomineerde se belangstellings- en ervaringsveld soos verkry uit gemeentes se inligting en die inligting van die persoon wat genomineer het;**
- d. die RKA besluit per stembrief op 5 uit hierdie genomineerdes as lede van die BRKA.**

20. Bedankings

21. Mosies

22. Afsluiting: Skriflesing, sang en gebed.

23. Spreekbeurte: ds. WM Grové (behandeling van verslag van KKA)

Bybelgenootskap van Suid-Afrika

dr. HJ Smith (behandeling van verslag van Publikasiekommissie)

07:00–08:00	Ontbyt
08:00–08:20	Bidstond–afgevaardigde oudl. AP Kerk Piketberg (oudl. L Behm)
08:20–08:30	Aankondigings en reëlings
08:30–10:30	Verslag Finansiële Kommissie
10:30–11:00	Teetyd
11:00–12:50	Verslag Kommissie vir Kerkregtelike Sake
12:50–13:00	Uitdeel van notule van vorige dag en aankondigings
13:00–14:00	Etenstyd
14:00–15:50	Verslag Finansiële Kommissie
15:50–16:00	Aankondigings
16:00–16:30	Koffietyd

16:30–17:30	Verslag Sentrale Kerkekommissie
17:30–18:00	Mediaverslag, aankondigings en verlofaansoeke
18:00–19:00	Aandete
19:00–19:15	Behandeling van notule
19:15–20:30	Nagmaalviering
20:30–21:00	Teepouse
21:00	Tydlike Kommissies vergader

WOENSDAG 8 SEPTEMBER 1999

07:00–08:00	Ontbyt
08:00–08:20	Bidstond afgevaardigde oudl. AP Kerk Klerksdorp
08:20–08:30	Aankondigings en reëlings
08:30–10:30	Verslag Kuratorium
10:30–11:00	Teetyd
11:00–12:00	Verslag Kuratorium
12:00–12:50	Verslag Sentrale Kerkekommissie
12:50–13:00	Aankondigings en uitdeel van notule
13:00–14:00	Etenspouse
14:00–15:50	Verslag Publikasiekommissie
15:50–16:00	Aankondigings
16:00–16:30	Koffietyd
16:30–17:30	Verslag Kommissie vir Kerksang en -musiek
17:30–18:00	Mediaverslag, verlofaansoeke en aankondigings
18:00–19:00	Aandete
19:00–19:30	Behandeling van notule
19:30–20:30	Verslag Kommissie vir Kerksang en -musiek
20:30–21:00	Teepouse
21:00	Tydlike Kommissies vergader

DONDERDAG 9 SEPTEMBER 1999

07:00–08:00	Ontbyt
08:00–08:20	Bidstond afgevaardigde oudl. AP Kerk Ottosdal
08:20–08:30	Aankondigings en reëlings
08:30–10:30	Verslag BRKA na konstituering van RKA – ook minderheidsverslag en verkiesing van 5 lede met sekundi op BRKA
10:30–11:00	Teepouse
11:00–12:50	Verslag BRKA
12:50–13:00	Aankondigings en uitdeel van notule na konstituering as sinode
13:00–14:00	Etenspouse
14:00–15:50	Verslag Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding
15:50–16:00	Aankondigings
16:00–16:30	Koffietyd

16:30–17:30	Verslag Tydelike Kommissies
17:30–18:00	Mediaverslag, verlofaansoeke en aankondigings
18:00–19:00	Aandete
19:00–19:30	Behandeling van notule
19:30–20:30	Verslag Kommissie vir Kerkregtelike Sake (appèlle)
20:30–21:00	Teepouse
21:00	Tydelike Kommissies vergader

VRYDAG 10 SEPTEMBER 1999

07:00–08:00	Ontbyt
08:00–08:20	Bidstond afgevaardigde oudl. AP Kerk Potchefstroom
08:20–08:30	Aankondigings en reëlings
08:30–10:30	Verslag Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek
10:30–11:00	Teepouse
11:00–12:50	Verslag Kommissie vir Formuliere en Liturgie
12:50–13:00	Aankondigings, uitdeel van notule
13:00–14:00	Etenspouse
14:00–14:30	Verslag verteenwoordiger Bybelgenootskap
14:30–15:00	Verslag Sentrale Kerkekommissie
15:00–15:50	Verslag Tydelike Kommissie vir samestelling van permanente Kommissies
15:50–16:00	Aankondigings
16:00–16:30	Koffietyd
16:30–17:00	Verslag Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek
17:00–17:30	Verslag: Tydelike Kommissie vir Ringsindeling
17:30–18:00	Mediaverslag, verlofaansoeke en aankondigings
18:00–19:00	Aandete
19:00–19:30	Behandeling van notule
19:30–20:30	Verslag Kommissie vir Kerkargief
20:30–21:00	Teepouse
21:00	Konstituering van Permanente Kommissies
	Konstituering BRKA

SATERDAG 11 SEPTEMBER 1999

07:00–08:00	Ontbyt
08:00–08:20	Bidstond afgevaardigde oudl. AP Kerk Biesiesvlei
08:20–08:30	Aankondigings en reëlings, uitdeel van notule
08:30–10:00	Verslae Tydelike Kommissies
	Afhandeling van sake wat oorstaan
10:00–10:30	Mediaverslag
10:30–10:40	Dankbetuigings deur Ondervoorsitter
10:40–10:50	Mosies
10:50–11:00	Afsluiting: Skriflesing, sang en gebed

TYDTOEDELING

SKK	3 uur 40 min
BRKA	3 uur 50 min
KKS	4 uur 20 min
Kur	3 uur
FK	3 uur 50 min
Pk.	1 uur 50 min
KVO	1 uur 50 min
KSM	2 uur
KKCE	2 uur 30 min
ARGIEF	1 uur
FORMULIERE	1 uur 50 min
BYBELGENOOTSAP	30 min
Tydlike Komm.	3 uur 50 min
TOTAAL	34 uur

Verslag: Sentrale Kerkekommissie (SKK)

Tydperk: 12 September 1997 tot 31 Mei 1999

1. PERSONEEL

Prof. IA Brink (voorsitter), di. NJ Rautenbach (ondervoorsitter), MC Adendorff (skriba), RMJ Britz (hulpskriba), G Pretorius en prof. FAH van Staden.

Die drie sekundi is di. DJ Malan, AL van Heerden en JA du Plessis.

2. VERGADERINGS

In die tydperk is 15 vergaderings gehou.

3. LASGEWING

Die SKK het volgens sy lasgewings opgetree.

4. SINODEREËLINGS

Die sinode keur die volgende reëlins goed:

4.1. Die plek, datum en tyd van die sinode;

4.2. die ordereëlins;

4.3. die dagprogram vir die sinode;

4.4. die Sakelys soos voorgelê;

4.5. die sinode maak gebruik van 'n rekenaar-netwerk en/of projeksie d.m.v. 'n oorhoofse projektor ten einde die sinode en die skriba te help met die hantering en aanbieding van voorstelle;

4.6. ter ondersteuning van die stelsel wys die sinode die volgende tydelike kommissies aan en versoek dat afgevaardigdes sal saamwerk soos aangedui:

4.6.1 'n Formuleringskommissie bestaande uit prof. R Maré, dr. HJ Smith (sameroeper) di. AS van Jaarsveld, JC Lamprecht, DJ Malan, AS van Staden. Alle voorstelle en amendemente word so vroeg moontlik aan die sameroeper besorg sodat dit geredigeer en getik en op skerm vertoon kan word.

4.6.2 'n Rekenaarkommissie bestaande uit mnr. LJ Korkie (sameroeper), mev. Susan Maré, mev. Ria Adendorff, ds MC Adendorff.

4.6.3 'n Afkondigingskommissie bestaande uit die ondervoorsitter van die sinode en mev. Anine Alester. Alle afkondigings word so vroeg moontlik en laatstens een uur voor die rooster-tyd vir afkondigings aan die ondervoorsitter van die sinode besorg.

4.6.1. 'n Skribaatskommissie bestaande uit di. G Pretorius en DJ Malan.

4.7 Laatingekome stukke: gravamen ds. GCD Stoltz teen sinodebesluit oor Pro Christo (bl 276) – verwys na die TKKCE. Appèl Du Plessis en Van Deventer teen besluit van ring van Lichtenburg – verwys na TKKS.

5. STATISTIEK

Gemeentelike statistiekvorms vir verpligte gebruik, asook verslagvorms vir vrywillige gebruik deur ringe is in 1998 en 1999 aan gemeentes na luid van lasgewing 11. versend. Daar is vrae in die verslagvorm aan gemeentes opgeneem wat deur die Kommissie vir Verbondsonderrig en Onderwys voorsien is (kyk 20.2).

6. GEMEENTES GESTIG EN ONTBIND SEDERT DIE VORIGE SINODE

6.1 Gestig: AP Kerk Pretoria-Suiderlig, 09/11/97; AP Kerk Sandveld, 30/11/97; AP Kerk Pongola, 02/08/98; AP Kerk Tarkastad, 16/05/99.

6.2 Ontbind: AP Kerk Bosrand op 15/04/99.

7. LERAARS GEËMERITEER

CF Swart 30/09/97, RJH Pottas 30/11/97, JA Scholtz 30/11/97, ZB Loots 04/01/98, HB Heymans, 22/02/98, JH van der Walt 31/10/97, AJ van Niekerk 31/08/98, DT van Loggerenberg 30/04/98, GJJ Labuschagne 31/05/98 en LD Pienaar 31/12/98, FA Grobler 31/12/98, WN van den Berg 12/04/99.

8. LERAARS UIT DIE BEDIENING

8.1 Amp neergelê

DS Fourie, WF du Toit, AD Jacobs, PA Gomes, JN Joubert en GJJ Labuschagne.

8.1. Band losgemaak en nog nie beroep nie

CJ Kruger (KO art. 19) 17/11/94, HC Venter (art. 19) 22/10/98, HE von Wielligh 30/08/98, AP Viljoen 29/04/99.

8.3 Status ontnem kragtens art 19.6 en 19.7

JDJ van Rensburg 13/04/99.

8.4 Geskors kragtens art. 57.4.2.2 van die Kerkorde

Ds. CT Kleynhans

9. LERAARS OORLEDE

WA Jooste 18/02/98, JJ van der Linde 27/04/98,

JPN Prinsloo 16/06/98, en student CJ Bezuidenhout 24/01/98. In memoriam in 1999 Kerkjaarboek bl. 86.

10. LERAARS WAT REISENDE DIENS GELEWER HET

10.1 Gedurende die verslagtydperk het di. ZB Loots, IP du Preez, CJ Kruger, G Pretorius, AJ van Niekerk, AP Boshoff, WM Grové, A Hough, AS van Jaarsveld, L van Wyk, HE von Wielligh en CF Swart reisende diens vir die SKK gelewer. Met die leraars hier genoem wat aan gemeentes verbonde is se kerkrade is vir die reisende diens ooreengekom. In enkele ander gevalle het die SKK bemiddelend opgetree waar die kerkrade self verder met die betrokke leraars onderhandel het.

10.2 Die volgende bedrae is aan reisende diens bestee: R104 548-47

Die SKK het, ten spyte van die las wat reisende diens op die Bedieningsfonds geplaas het, met die diens voortgegaan. Die baie gemeentes wat nie oor die dienste van 'n eie leraar beskik nie kon so bedien word.

10.3 Hospitaalbesoeke

Die SKK het gebruik gemaak van plaaslike leraars en teologiese studente om lidmate van plattelandse gemeentes in hospitale in Pretoria te besoek. Die geringe koste hieraan verbonde is uit die Bedieningsfonds betaal.

11. HULPBEHOEWENDE GEMEENTES

11.1. Gemeentes is gehelp soos in Bylae SKK4 gemeld (kyk ook 20.1)

11.2 Voortdurende beplanning (kyk 20.5 en 20.6)

As gevolg van die nood by vele gemeentes, die druk wat op die Bedieningsfonds geplaas is, die verslegtende ekonomiese toestand en die besnoeiing van die begroting, moes die SKK met deeglike en omvattende beplanning voortgaan. Baie gemeentes in verskeie gebiede is besoek en gemeentes wat selfstandig funksioneer is hierby betrek.

Hulpbehoewende gemeentes is besoek en daar is saam met hulle besin oor besparingsmoontlikhede en oor hergroepering van kombinasies. Hierdie proses is nie verby nie en sal deurlopend aandag moet kry aangesien omstandighede voortdurend verander en daar etlike gemeentes is van wie die aansoeke om hulp moes ontstaan vanweë tekort aan fondse.

Op versoek het prof. FAH van Staden 'n vergelyking tussen kombinasie- en bedieningsooreenkomste opgestel. Die vergelyking word as bylae SKK 3 by hierdie verslag aangeheg.

AANBEVELINGS

11.2.1 Die sinode besluit dat die SKK moet voortgaan met beplanning rondom bediening aan onselfstandige, hulpbehoewende gemeentes.

11.1.1. Die sinode versoek finansiële selfstandige gemeentes om uit te reik na kleiner gemeentes en so met bediening te help.

11.2.3 Die sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes wat reeds hulle leraars afstaan om in hulpbehoewende gemeentes te help.

11.1.2. Die sinode neem met dank kennis van die vergelyking tussen kombinasie- en bedieningsooreenkomste in bylae SKK 3.

12. GESPREKKE MET ANDER CHRISTELIKE KERKE

Soos deur die agtste sinode besluit (Handelinge bl. 267) is gesprekke met ander kerke ooreenkomstig KO art. 64 gevoer. Die volgende gesprekke het plaasgevind:

12.1 Nederduitse Gereformeerde Kerk

Een vergadering is gehou en wel op 03/07/1998. Die gesprek het gehandel oor 'n gesamentlike verklaring waarin mededelings oor die verhouding tussen die AP Kerk/NG Kerk vervat is, teologiese opleiding, 'n konvent van gereformeerde kerke, die verskynsel van sinkretisme, kerklike sangbundels en onderskeie kerkordes. Die gesprek het in 'n opbouende gees plaasgevind en die verteenwoordigers van die SKK het die standpunte van die AP Kerk duidelik gestel.

VERKLARING

Die sinode neem kennis van die volgende verklaring wat ook aan die algemene sinode van die NG Kerk in Oktober 1998 voorgelê is:

VERHOUDING TUSSEN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK EN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Direk na afloop van die stigting van die AP Kerk, was die verhouding gespanne. Algaande het daar egter verandering ingetree en vind gesprekke tussen die dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Sentrale Kerkekommissie van die Afrikaanse Protestantse Kerk plaas. Alhoewel daar uiteraard nie oor alles eenstemmigheid is nie, kon daar onder meer oor die volgende sake gepraat word: Godsdiensuitsendings (SAUK); onderwys (CVO skole); kerklike eenheid; ekumeniese betrekkinge; kerkliedere; WVK; SARK; diens van barmhartigheid; teologiese opleiding; Geloftedag; ens.

Daar is met die AP Kerk ooreengekom om 'n gesamentlike verklaring te formuleer in verband met die verhouding tussen die twee kerke.

AANBEVELINGS:

1 Die AP Kerk en die Ned. Geref. Kerk is teenoor die Here dankbaar dat die amptelike verhouding tussen hierdie twee kerke sodanig is dat vrugbare gesprekke in belang van die koninkryk en die kerke tans gevoer word.

2 Die twee kerke onderneem om die volgende Skrifbeginsel deurgaans in hulle onderlinge verhoudinge te eerbiedig: Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe (Ef. 4:2-3)

3 Die twee kerke doen 'n beroep op alle predikante, kerkrade en lidmate om mekaar, as 'n getuie in hierdie wêreld, soos ware broers en susters te bejeën en te behandel.

4 Die kerke moedig alle lidmate aan om op plaaslike vlak met agting vir die verskeidenheid – ook van verskillende standpunte – en vir die eenheid in Christus met mekaar om te gaan. Verskille mag nooit in bitter geskille ontaard nie.

5 Die NG Kerk is steeds van oortuiging dat daar nie regverdigbare teologiese gronde is vir die afsonderlike bestaan van hierdie twee kerke nie en stel dit as sy getuie dat eksklusiewe lidmaatskap van 'n kerk op etniese gronde nie Skriftuurlik verantwoord kan word nie.

6 Die Sentrale Kerkekommissie van die AP Kerk daarenteen staan steeds by die standpunt dat die AP Kerk 'n gereformeerde kerk van Christus onder blanke Afrikaners is.

Die AP Kerk verstaan die Skrif so dat die ideaal 'n volkseie kerk (dit wil sê 'n kerk van Christus onder en vir 'n bepaalde volk) is, maar dat daar ook ruimte vir 'n gemengde kerk kan wees. Waar 'n gemengde kerk as gevolg van politieke doelwitte afgedwing word (van die kant van die staat of vanuit watter oord ook al), word dit 'n roeping om die kerk te bewaar teen sodanige valse motiewe. Die daarstelling van inheemse kerke berus op Skriftuurlike gronde en goeie sendingkundige beginsels. Christene kan die Here in 'n kerk onder hulle eie volksgenote dien, nie omdat hulle beter as ander volke is nie, maar omdat hulle anders (uniek) is.

12.2 Die konvent van reformatoriese kerke in Suider-Afrika

Soos deur die agtste sinode besluit (Handelinge bl. 267 punt 13.4.2) en met inagneming van art. 64

van die kerkorde is samesprekings oor die oprigting van 'n konvent gevoer. Die SKK was deel van die loodskomitee wat die beplanning oor 'n tydperk van bykans 2 jaar gedoen het. Op 'n byeenkoms op 10/03/1999 het verteenwoordigers van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Calvin Protestantse Kerk, Christelike Gereformeerde Kerk, Free Church in South Africa, Gereformeerde Kerk Soutpansberg, Gereformeerde Kerk Middel-land, Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die AP Kerk byeengekom. Tydens die vergadering is die konvent gestig en is oor verskeie sake standpunt ingeneem. Die verteenwoordigers van die SKK het duidelike standpunte gestel en kon baie voorstelle sinvol wysig. Waar nie saamgestem is nie is dit genotulêr en in die media bekend gemaak. Die volgende grondslag is aanvaar:

GRONDSLAG EN FUNKSIONERING VAN DIE KONVENT VAN REFORMATORIESE KERKE IN SUIDER-AFRIKA

1 Doel

Om op grond van ons gemeenskaplike geloof, belydenis en reformatoriese tradisie

- profetiese getuienisse in die samelewing, en indien nodig, teenoor die samelewing en owerheid te lewer;

- mekaar met raad en hulp by te staan waar dit versoek word;

- moontlike samewerking ten opsigte van gemeenskaplike belange en verantwoordelikhede in die samelewing te koördineer.

2 Kerkregtelike posisionering

Die Konvent is 'n byeenkoms waarin kerke gemeenskaplike sake op grond van gemeenskaplike geloof, belydenis en reformatoriese tradisie behartig, behoudens elke kerke se eie aard, eie etos en eie geskiedenis. Die agenda word daarop gerig om reformatoriese getuienisse in die naam van die Konvent te lewer. Bepaalde standpunte van deelnemende kerke word nie op ander deelnemende kerke afgedwing nie. Geen kerk sal oor 'n ander kerk enige heerskappy uitoefen nie.

3 Deelnemende Kerke

Kerke in Suid-Afrika en Suider-Afrika met 'n reformatoriese belydenisgrondslag wat hulle vereenselwig met die Grondslag en funksionering van die konvent van Reformatoriese Kerke in Suider-Afrika.

4 Aard en bevoegdheid

4.1 Die konvent verskil van gewone kerklike meerdere vergaderings en van bestaande ekumeniese vergaderings. Dit is 'n byeenkoms om gemeenskaplike getuienisse in die Suid-Afrikaanse

en moontlik Suider-Afrikaanse samelewing, en ten opsigte van die betrokke owerhede, te lewer – sonder dat aan mekaar verantwoording gedoen word of mekaar se bona fides met betrekking tot die uitlewing van die belydenis bevraagteken word.

4.2 Die konvent het 'n getuigende karakter.

4.3 Amptelike vergaderings van deelnemende kerke behou die bevoegdheid om oor die besluit van die Konvente eie standpunte in te neem.

4.4 Besluite met betrekking tot die doel van die vergadering moet sover moontlik met konsensus geneem word en die getuïenisse word op grond van die Skrif en die reformatoriese belydenis gelewer.

5 Samestelling, administrasie en werkswyse

5.1 Die Konvent vind minstens jaarliks plaas.

5.2 Deelnemende Kerke word elkeen deur 3 afgevaardigdes verteenwoordig. Geen beperking word geplaas op die getal waarnemers nie.

5.3 Die Konvent benoem telkens op 'n roterende basis 'n Gasheerkerk.

5.4 Elke deelnemende kerk benoem op elke Konvent een verteenwoordiger op die Interimkomitee. Die aangewese Gasheerkerk benoem twee lede wat as Voorsitter en Skriba van die Interimkomitee optree.

5.5 Op elke Konvent word 'n Sekretaris benoem/herbenoem wat verantwoordelik is vir die bewaring van die stukke en die oorhoofse reëlings vir vergaderings.

5.6 Die Interimkomitee vergader minstens een keer per jaar onder sameroeping van die Gasheerkerk om die vorige Konvent se besluite uit te voer en die volgende Konvent saam te roep en die noodsaaklike administrasie en koördinerende daardie te behartig.

5.7 Die Gasheerkerk bepaal en administreer die koste vir elke deelnemende kerk van die eerskomende Konvent en is verantwoordelik vir die ontvangs, die leiding en die notulering van die vergadering.

5.8 Die Interimkomitee skep nie die konvent se agenda nie. Die agenda van die konvent word deur die Interimkomitee opgestel en voorgestel na aanleiding van enige punt vir bespreking wat deur 'n deelnemende kerk skriftelik versoek is.

5.9 Die prosedure met betrekking tot 5.7 is soos volg:

5.9.1 Vanweë die kerklike aard en samestelling van die Konvent, fokus die vergadering op sake wat eie aan die aard en roeping van die kerk is.

5.9.2 Deelnemende kerke stel die Interimkomitee

skriftelik in kennis van sake (vgl. 5.8) wat deur die konvent behandel moet word.

5.9.3 Sake vir die agenda word ses weke voor die vergadering van die Konvent skriftelik by die Interimkomitee ingedien. Die Interimkomitee stel die agenda drie weke voor die vergadering aan deelnemende kerke beskikbaar.

6 Wysiging aan die Grondslag en funksionering van die konvent.

Wysiging word goedgekeur met 'n twee derde meerderheidstem, nadat dit ten minste drie weke voor die vergadering aan alle ledekerke ter insae gestel is.

AANBEVELING

12.2.1 Die sinode besluit dat vanweë die feit dat die AP Kerk 'n bepaalde kerkbeskouing en beleidstelling oor die samelewing het wat op belangrike punte ernstig verskil van die van sommige ander betrokke gereformeerde kerke, die AP Kerk nie verder aan die werksaamhede van die konvent meedoen nie.

12.3 Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

'n Gesprek is gereël vir 28/05/1999, maar moes vanweë omstandighede uitgestel word. Die gesprek sal dus wel op 'n later geleentheid gevoer word.

12.4 Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Op versoek van die NHK het samesprekings tussen lede van die moderamen en die SKK plaasgevind oor die bediening aan Afrikaners in Paraguay. Ds. PS van Tonder, 'n predikant van die NHK wat in Colombia, Rivadavia woon (ongeveer 4000 km. suid van Paraguay) beoog om ongeveer drie keer per jaar besoek in Paraguay af te lê. Hy het reeds 'n Hervormde Kerk daar gestig. Die NHK wil graag 'n verstandhouding met die AP Kerk bereik dat die twee kerke daar mekaar nie sal teëwerk nie. Die NHK sal mettertyd 'n voorstel tot samewerking op skrif stel.

Ds. GCD Stoltz wat pas voor die byeenkoms op koste van die kerkraad van Kimberley besoek afgelê het in Paraguay (gemeente Caaguazu) het ook die samespreking bygewoon en waardevolle inligting verskaf.

Die lede van die moderamen het voorts onderneem om te reël dat die gewone gesprek tussen die SKK en die NHK se raad vir gesprek met ander denominasies eersdaags voortgesit sal word.

12.5 Ander kerke

Geen formele samesprekings is met enige ander kerkverband gevoer nie.

AANBEVELING

12.6 Die sinode dra dit aan die SKK op om steeds, met inagneming van KO art. 64, gesprekke met ander Christelike kerke voort te sit en die boodskap van die AP Kerk uit te dra.

13. NASIONALE DAE VAN VEROOT-MOEDIGING

Die SKK het verskeie oproepe en skrywes van kerkrade en lidmate ontvang wat gevra het dat landswye dae van verootmoediging of dankdae gehou moet word. Daar is deurgaans volstaan met die standpunt soos bekend gemaak in onder meer omsendskrywe 10/96 en *Die Boodskapper* van November/Desember 1998. 'n Oproep is wel gedoen om op 28/03/1999 die normale eredienste te benut en die klem op verootmoediging te plaas.

4. SKAKELING MET DIE OWERHEID

14.1 Korrespondensie

Die SKK het met die owerheid geskakel deur middel van briewe waarin oor verskeie sake beswaar gemaak is oor owerheidsoptrede en -beleid. Beswaar is gemaak teen die moontlike verkiesing op 'n Sondag, sekere uitsendings van SATV, beoogde verspreiding van die video *The last temptation of Christ* en oor belastingtoegewings ten opsigte van skenkings aan die Bybelgenootskap.

14.2 Vergadering met die owerheid

Die SKK was deel van 'n afvaardiging van Afrikaanse kerke wat op 14 Julie 1998 'n vergadering (by die Uniegebou) saam met adj. president Mbeki, minister Buthelezi, eerwaarde Frank Chikane en nog twee personele van die regering bygewoon het. Die standpunt van die SKK is kortliks weergegee in *Die Boodskapper* van September 1998.

15. MEDIASKAKELING

15.1 Verklarings

Die voorsitter en skriba van die SKK het van tyd tot tyd die standpunte van die AP Kerk aan die media gestel waar hulle om kommentaar gevra was. Dit raak veral Radio Pretoria en die pers.

5.1. Kerknuus

Kerknuus is gereeld aan Radio Pretoria deurgegee vir uitsending. Nuusberigte wat aan die SABC gegee was, is soms uitgesaai. Uitsaaibeurte vir godsdiensprogramme oor Radio Pretoria word gereeld aan AP kerke gegee.

5.2. In gevalle waar die AP Kerk in die openbare pers in berigte betrek is, is geantwoord. Alle antwoorde is egter nie sonder redigering geplaas nie. Op versoek is in die media oor aktuele onderwerpe berig.

16. OPDRAGTE VAN DIE AGTSTE SINODE AAN DIE RADIO- EN TV-KOMITEE

16.1 Die sinode dra sy dank oor aan Radio Pretoria vir die oop deur wat hy aan die AP Kerk bied om die Evangelie oor die radio te verkondig.

16.2 Die dankbetuiging gaan ook uit na Suidkaap Stereo in Oudtshoorn, Radio Namakwaland, Radio Vryheid, Radio Hoopstad, Radio Koppies en die hele netwerk van Radio Pretoria wat gereeld eredienste en oordenkinge van die AP Kerk-leraars uitsaai.

16.3 Die sinode bid die seën toe op al die besture van die Radiostasies en die personeel, en betuig sy dank vir die positiewe boodskap wat hulle aan die Christen-Afrikanervolk oordra.

16.4 Die sinode dra dit aan die SKK op om die bestaande goeie verhouding met die Radio Pretoria-netwerk te handhaaf en uit te bou.

16.5 Die sinode dra dit aan die Radio- en TV-komitee op om met onderhandelinge voort te gaan ten einde uitsaaibeurte vir AP Kerk-leraars te bekom d.m.v. Uplink of CTV.

Die sinode se dankbetuiging is aan die betrokke instansies gestuur. Die goeie verhouding is verder uitgebou en verskeie leraars van die AP Kerk het by geleentheid oor die lug opgetree. Uitsaaibeurte word gereeld gegee vir godsdiensprogramme oor Radio Pretoria. Geleentheid is ook gegee aan enkele leraars om oordenkinge oor RSG uit te saai. Geen vordering is gemaak met die verkryging van uitsaaibeurte op Uplink of CTV nie. Op uitnodiging van Radiokansel sal daar 'n onderhoud tussen die Radio- en TV-Komitee van die SKK met belanghebbende amptenare plaasvind oor samewerking in die toekoms.

AANBEVELING

16.6 Die sinode dra dit aan die SKK op om steeds alle moontlike weë waarlangs die boodskap van die AP Kerk oor die eter uitgedra kan word, te verken en te benut.

17. KOÖRDINERING VAN AKSIES OP DIE TERREIN VAN SENDING OF EVANGELISASIE

17.1 Die SKK het op versoek voortgegaan om 'n paneel van adviseurs saam te stel om te werk op die terrein van die sending. Geen terugvoering is van die paneel ontvang nie (sien 20.8).

17.2 Die SKK het 'n versoek gekry van AP Kerk Caaguazu om te help met die befondsing van sendingwerk in Paraguay. Fondse is vir die doel beskikbaar gestel en volgens berigte vorder die aksie baie goed. Kontak is ook bewerk tussen AP Kerk Caaguazu en AP Kerk Kimberley met die oog op sendinguitreiking na Paraguay deur AP Kerk

Kimberley in samewerking met die plaaslike gemeente.

18. KORRESPONDENSIE

Die SKK het in die verslagtydperk 'n enorme administratiewe las gedra in die vorm van korrespondensie, onderhoude, telefoongesprekke en besoeke wat baie tyd in beslag geneem het. Onderhoude is gevoer met verskeie instansies waaronder buitelandse joernaliste. Met gemeentes, verenigings en aksies is ook van tyd tot tyd onderhoude gevoer. Die AP Kerk is op versoek ook bekendgestel in die omvangryke boek *The Reformed Family Worldwide* deur J Bauswein en L Vischer wat wêreldwyd versprei word. Sekere verklarings van die SKK is ook d.m.v. internet versprei.

19. SUSTERSWERKSAAMHEDE

Die SKK het die koördinerende van susterswerk-saamhede behartig en hulle bygestaan in die beplanning van twee konferensies. Verslae van beide byeenkomste dui daarop dat dit baie geseënd was.

20. ANDER SINODALE OPDRAGTE

20.1. Volledige besonderhede aangaande gemeentes wat finansiële hulp kry (Handelinge Agste Sinode bl. 262)

Die sinode besluit dat die SKK volledige besonderhede aan die vergadering sal verstrek aangaande die finansiële hulp wat aan gemeentes verskaf word asook die stigtingsdatums van daardie gemeentes. Die reëling geld ook vir volgende sinodes.

AANBEVELING

20.1.1. Die sinode neem kennis daarvan dat uitvoering van die opdrag geskied het onder punt 11.1 hierbo. Kyk ook bylae SKK 4.

20.2 Gemeentelike verslagvorm (bl. 289, pt. 3.12.1.18)

Die sinode versoek die SKK om in die gemeentelike verslagvorm aan die ring 'n aantal vrae by te voeg, waaruit pertinent afgelei sal kan word in watter mate kinders van daardie plaaslike kerk gereformeerde opvoeding en onderwys ontvang.

Die SKK het in oorleg met die KVO veranderinge aan die verslag aangebring (vgl. verslag punt 5)

20.3. Onderwys (bl. 303, pt. 20.2.2.1)

20.3.1 *Die sinode dra dit aan die SKK op om 'n wakende oog te hou oor die belange van dagskole, CVO- en kerkskole onder die nuwe Grondwet van Suid-Afrika en om indien nodig met die owerheid hieroor in gesprek te tree.*

Die SKK het 'n wakende oog gehou oor die situasie maar nie met die owerheid hieroor in gesprek getree nie behalwe tydens die gesamentlike gesprek met adjunk president Thabo Mbeki.

Kommentaar op die verslag van die ministeriële komitee op godsdiensoonderrig oor die Onderwyswet nr. 27 van 1996 soos gepubliseer in Die Staatskoerant van 23/2/99 is opgestel vir die SKK deur ds. G Pretorius, met beklemtoning van positiewe elemente wat benut kan word, (kyk bylae SKK 1). Die SKK het op grond van die aanbeveling daarvan nie kommentaar teenoor die ministeriële komitee gelewer nie.

AANBEVELING

20.3.1.1 Die sinode versoek kerkrade om kennis te neem van die kommentaar van ds. G Pretorius (bylae SKK 1).

20.3.2 (bl. 303, pt. 20.2.2.2)

Die sinode dra dit aan die SKK op om na ontvangs van die verslag oor die beginselstandpunte oor die wenslikheid van kerklike beheer oor skole en tersiêre onderwysinrigtings, dit met die KVO te bespreek en aanbevelings hieroor aan 'n volgende sinode voor te lê.

Die beginselstandpunte is deur prof. Maré opgestel en ontvang. Dit is vir kommentaar aan die KVO gestuur maar geen terugvoering is ontvang nie. Die beginselstandpunte word aan die sinode voorgelê as bylae SKK 2.

AANBEVELING

20.3.2.1 Die sinode aanvaar die beginsels as 'n Bybelsbegronde standpunt oor die beheer van onderwysinrigtings en dit kan as riglyn dien vir toekomstige ontwikkeling.

20.4 Handves van fundamentele regte (bl. 303, pt. 20.3.2.1)

Die sinode keur die optrede van die SKK t.o.v. die Handves goed en dra dit aan die SKK op om enige inligting rakende die Handves van regte wat van belang vir die kerkverband kan wees, aan gemeentes deur te gee.

Die SKK het deurlopend aan die saak aandag gegee. Die implikasies van die handves raak die kerk en veral die teologiese opleiding moet deeglik hiervan kennis neem.

AANBEVELING

20.4.1 Die sinode dra dit aan die SKK op om steeds aandag aan die handves van fundamentele regte te gee en op te tree waar hy dit nodig vind of so versoek word.

20.5 Geldelike hulp aan gemeentes (bl. 262)

Die sinode dra dit aan die SKK op om sover dit binne sy vermoë is, geldelike steun voort te sit aan die gemeentes in kombinasie- of bedienings-ooreenkomste waar sodanige gemeentes slegs na oorleg met, en met geldelike steun van die SKK in staat was om leraars te beroep. Kontraktuele verbintenisse het op die wyse tot stand gekom, en onttrekking van SKK-hulp kan daartoe lei dat die betrokke gemeentes nie meer die leraars kan bekostig nie.

Die SKK het deurlopend hieraan aandag gegee soos uit die verslag onder punt 11 blyk.

20.6 Bedieningsfonds (bl. 303)

Die sinode keur die uitbreiding van die Bedieningsfonds goed en dra dit aan die SKK op om steeds na die bedieningsbehoefte van alle gemeentes wat daarvoor kwalifiseer, om te sien.

Die sinode keur dit goed dat die pos Bedieningsuitgawes volgens vorige sinodebesluit omskep is tot Bedieningsfonds en dat enige moontlike saldo dus jaarliks na die volgende jaar oorgedra kan word.

Die SKK het die Bedieningsfonds aanvaar en so hanteer. Deurlopend is aan die saak die nodige aandag gegee. (Vgl. pt. 11)

20.7 Hulp met reiskoste van kleiner gemeentes na sinode (bl. 304, pt. 21.1.1.2)

Die sinode versoek die SKK om aansoeke van klein gemeentes om hulp met reiskoste van afgevaardigdes van klein gemeentes, te oorweeg ná die afhandeling van die sitting.

Hulp is gegee waar aansoeke ontvang is en soos wat die begroting dit toegelaat het.

20.8 Sending (bl. 304, pt. 21.6.1)

Die sinode bring die stuk Riglyne vir praktiese Sending- en Evangelisasiewerk wat deur die SKK opgestel is, onder aandag van gemeentes en ringe. Die sinode wys kerkrade en ringe op lasgewing 15 van die SKK waarvolgens die koördinerende van sendingaksies wat deur gemeentes of ringe begin word, slegs op versoek van ouderlingrade deur die SKK behartig word.

Die sinode dra dit aan die SKK op om 'n paneel van medewerkers saam te stel, bestaande uit: SKK-lid/lede, oud-sendelinge en kundiges. Die paneel staan die SKK by in die koördinerende van sendingaksies. Die kommissie sal nie sendingprojekte loods nie, maar op aanvraag deur ouderlingrade, advies, toerusting, inligting en fasilitering gee.

Die stuk Riglyne vir praktiese Sending- en Evangelisasiewerk is onder aandag van gemeentes

gebring en het in Die Boodskapper verskyn. Die paneel van medewerkers is opgestel.

AANBEVELING

20.8.1 Die sinode wys die volgende lede van die paneel van medewerkers wat die SKK behulpsaam was met sending- en evangelisasie-aksies aan om weer die paneel te vorm: di. TJ Verryne (sameroeper), A Boshoff jnr., PJ van Rensburg, ZJ van Rensburg, HF Jooste, WJ Gagiano, WA Burger jnr., (voorgemeldes almal lede van die groep wat tydens die sinode die gesprek oor die sending aangevoer het), di. A Boshoff snr., CJJ van Rensburg, GCD Stoltz, dr. JD Malan en dr. CI van Heerden.

20.9 Evangelisasie-aksie (bl. 316)

Die sinode besluit dat ondersoek ingestel word na metodes waarop die SKK of die kommissie wat daarvoor verantwoordelik is, bystand aan gemeentes kan verleen wat doelmatige evangelisasie-aksies in die gemeente onderneem met die doel om die meelewendheid van lidmate te verbeter. Sodanige oplewing in gemeentes sal die offervaardigheid van gemeentelide ook verbeter.

Geen versoeke in die verband is ontvang nie. Die ondersoek raak 'n bedieningsmetode aan wat moet lei tot groter offervaardigheid. 'n Kitsmetode bestaan ongelukkig nie en die verlangde resultaat kan net deur Skrifgetroue prediking, liefdevolle pastoraat en getrouheid van die ampte wat deurwerk na al die lidmate, bewerk word.

20.10 Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (bl. 316)

20.10.1. *Die sinode spreek sy misnoë uit i.v.m. die terugtrek van die belastingvergunning vir donasies vir die Bybelgenootskap sowel as die besluit van die SABC om nie meer Bibliathons in die toekoms aan te bied nie.*

20.10.2 *Die sinode dra dit aan die SKK op en versoek kerkrade om beswaar aan te teken by die owerhede en die SABC i.v.m. die verandering wat by 20.10.1 genoem is.*

20.10.3 *Die sinode versoek radiostasies soos Radio Pretoria en Radio Kansel asook Christelike televisiekanale vriendelik om die leemte wat deur die weiering van die SABC geskep is, te vul.*

Die SKK het al die betrokke instansies van die besluite van die sinode in kennis gestel.

20.11 Beplanning t.o.v. bediening (bl. 318)

Die sinode gee opdrag aan die SKK om ringe wat dit versoek, by te staan met deeglike beplanning ten einde die effektiwiteit van bediening te verseker.

Die uitvoering van dié opdrag is gerapporteer onder punt 11.2.

20.12 Bediening van klein gemeentes (bl. 322)

20.12.1 *Die sinode bevestig en versoek kerkrade om te oorweeg om hulle leraars vir 10 dae van die jaar (wat twee Sondae insluit) af te staan om hulpverlening in gemeentes te doen wat nie self bediening kan bekostig nie.*

20.12.2 *Hierdie predikante moet tydens die genoemde 10 dae huisbesoek doen, preek, leiding gee, siekebesoek doen en pastorale werk doen.*

20.12.3 *Die koste ten opsigte van die hulpbediening word deur die behoevende gemeente gedra of, indien dit nie anders kan nie, die Bedieningsfonds.*

20.12.4 *Die SKK reël die uitvoering hiervan en bring die behoevende gemeente in kontak met die predikante.*

Die SKK se werkswyse omvat reeds die besluit van die sinode. In die tyd sedert die agtste sinode is skakeling bewerk tussen etlike leraars en hulpbehoewende gemeentes. Verslag hieroor is gelewer onder punt. 10.

21 BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Samesprekings het op versoek van die Bybelgenootskap plaasgevind oor die moontlikheid dat 'n leraar uit die AP Kerkverband in diens van die Bybelgenootskap in Suid-Afrika kan optree. Daar is besluit om te volstaan by die huidige reëling dat ds. L. Geldenhuis by AP Kerke sal optree totdat die sinode die eersvolgende aanbeveling kan oorweeg.

AANBEVELINGS

21.1 Die sinode keur dit goed dat 'n leraar wat aan 'n gemeente verbonde is deeltjyds in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika kan tree by wyse van ooreenkoms tussen die betrokke kerkraad, leraar en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

21.2 Die sinode dra dit aan die SKK op om in oorleg met die KKS en die Bybelgenootskap 'n reglement vir implementering van die besluit op te stel en in werking te stel.

21.3 Die sinode wys kerkrade en lidmate daarop dat daar steeds belastingtoegewings op skenkings aan die Bybelgenootskap is. Hoewel skenkings aan die Bybelgenootskap nie meer vir belastingdoeleindes as 'n aftrekking kwalifiseer nie, is enige skenkings aan die Bybelgenootskap nog steeds vrygestel van belasting op geskenke ingevolge die bepaling van artikel 56(1) van die Wet.

21.4 Die sinode besluit om twee verteenwoordigers met sekundi op die Kerklike Advies-

komitee van die Bybelgenootskap aan te wys. Die kommissie vir kommissies word versoek om dit te oorweeg om proff. HCG Robbertze en HJ Theron aan te beveel met twee sekundi.

7.5. Die sinode neem die verslag van die Bybelgenootskap met die aanbevelings daarin in behandeling (bl. 204).

22. ELEKTRONIESE SKAKELING

Die SKK het al meer tot die besef gekom dat hy noodsaaklike skakeling deur middel van die internet moet doen. Die uitdra van sy boodskap moet wêreldkundig gemaak word, verklarings oor aktuele sake kan vinnig en wyd versprei word en interne kommunikasie kan effektiewer en goedkoper plaasvind. Daar word beplan om die medium te benut sodra 'n persoon daarvoor aangesel kan word.

AANBEVELING

22.1 Die sinode dra dit aan die SKK op om aandag te gee aan die organisering van 'n eie tuisblad en om in samewerking met die Kuratorium en die BRKA/FK die nodige personeel daarvoor te bekom.

23. DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Na reëlings deur die BRKA is samesprekings gevoer tussen die SKK en verteenwoordigers van Volkshulp 2000 ter uitvoering van die volgende sinodebesluit:

Die sinode versoek die BRKA en KBD om die moontlikheid van 'n eie maatskaplike diens te ondersoek;

ondersoek in te stel na 'n volkseie welsynsorganisasie(s) waarmee die AP Kerk moontlik kan identifiseer en om moontlik samewerking met hierdie organisasie(s) te ondersoek. Hier word spesifiek gedink aan organisasies soos Volkshulp 2000. (Handelinge Agste Sinode, bl. 320)

'n Konsepooreenkoms oor moontlike samewerking tussen die AP Kerk en Volkshulp 2000 geniet tans nog aandag van mnr. Willie Venter van Volkshulp 2000, prof. Du Preez van Potchefstroom en prof. FAH van Staden.

24. BESKRYWINGSPUNTE AAN DIE SINODE

24.1 Ring van Kimberley: Wie mag preek in die AP Kerk? (nie reg onderteken)

Die sinode besluit dat leraars van die NG Kerk in die toekoms geen eredienste in AP gemeentes mag hou nie en verbind hom daartoe om alle artikels in die Kerkorde wat hiermee verband hou sodanig te wysig dat dit in ooreenstemming met hierdie besluit is.

Motivering*a. Die NG Kerk propageer on-Skriftuurlike belydenisskrifte.*

Die feit dat die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk nie die belydenis van Belhar op Skriftuurlike gronde verwerp nie, maak van hom 'n vals kerk. Trouens net die teenoorgestelde is tans waar. Die ASK van die NG Kerk het luidens die Algemene Kerkbode van 8 en 9 November 1996 besluit indien dat daar nie 'n weg gevind kan word waardeur die Belhar-belydenis as opsionele belydenisskrif in die kerkorde van die beoogde verenigde kerk geakkommodeer kan word nie, kan dit rampspoedig wees vir die proses van kerkvereniging.

In dié artikel gee die ASK die groen lig vir die propagering van die omstrede on-Skriftuurlike belydenis van Belhar in die volgende woorde: Die ASK van die NG Kerk sê dat hy steeds bereid is om die Belhar-belydenis in dié kerk bekend te stel en dit volgens voorgeskrewe prosedures as moontlike belydenisskrif te oorweeg.

'n Deeglike studie van die betrokke artikel in die Kerkbode dui onteenseglik daarop dat die Algemene Sinodale Kommissie in beginsel glad nie gekant is teen die aanvaarding van die omstrede Belhar-belydenis as 'n vierde belydenisskrif nie, maar hy vrees klaarblyklik 'n skeuring met al die nadelige implikasies wat dit vir hierdie kerk inhou. Niks illustreer dit beter as die inleidende sin van die betrokke artikel wat soos volg lui nie: Die onvoorwaardelike aanvaarding van die belydenis van Belhar naas die Drie Formuliere van eenheid sal soveel onenigheid in die Ned. Geref. Kerk veroorsaak DAT DIT NIE OP DIE OOMBLIK 'n OPSIE is nie. Dit dui daarop dat dit net gaan oor tydsberekening. Daarom beveel die ASK van die NG Kerk aan dat die Belhar-belydenis nou gepropageer moet word met die klaarblyklike oogmerk om lidmate sodanig te breinspoel dat teen die tyd wat die besluit ten gunste van die aanvaarding daarvan geneem is, dit met die minimum skade gepaard sal gaan.

Ons, die ondergetekendes, verwerp die Belhar-belydenis as on-Skriftuurlik en vereenselwig ons met die standpunt van ds. André van den Berg van die AP Kerk wat onder andere soos volg daaroor skryf: Behoudende en Skrifgebonde gelowiges wat die Belhar-belydenis bestudeer het, kan tot geen ander gevolgtrekking kom as dat hierdie op die oog en op die oor af mooiklinkende belydenis nie Gods Woord as basis het nie, maar 'n marxistiese georkestreerde ideologie van valse wêreldvrede en Babelse eenheid.

Ons, die ondergetekendes, wil nie eers 'n halwe gaping laat vir 'n NG leraar om by wyse van hoë uitsondering hierdie mooiklinkende, marxistiese

georkestreerde ideologie van valse wêreldvrede en Babelse eenheid aan AP lidmate bekend te stel nie. Infiltrasie was deur die eeue die Satan se beste bondgenoot en daarom meen ons het die tyd nou aangebreek om alle moontlike ingange vir moontlik infiltrateurs te sluit.

b. Die NG Kerk maak hom skuldig aan sinkretistiese bedrywighede.

Die moderatuur van die NG Kerk en ander teoloë het hulle die afgelope jare skuldig gemaak aan sinkretistiese bedrywighede, direk in stryd met die Eerste Gebod. Tydens die Vredesberaad gereël deur die Consultative Business Movement op 14 September 1991 in Sandton het wyle prof. Johan Heyns saam met Boedhiste, Moslems en Hindoes opgetree. Wyle prof. Heyns het dieselfde praktyk telkens by KODESA herhaal.

Ons, die ondergetekendes, distansieer ons van enige praktyk waartydens ander gode voor die aangesig van die God van die Bybel aangeroep of gelykgestel word.

c. Die NG Kerk het 'n aktiewe rol gespeel in die staatkundige revolusie en die daarstel van 'n nie-Christelike grondwet.

Oorvloedige bewyse bestaan dat die NG Kerk 'n aktiewe en positiewe rol gespeel het in die sogenaamde staatkundige hervormingsproses wat uiteindelik gelei het tot die grondwetlike kruisiging van Christus en die daarstel van 'n humanistiese orde onder bewind van 'n Marxisties-geïnspireerde ANC-regering.

Sy knaende belydenisse van skuld vir sy steun aan die vorige apartheidregime is toevallig honderd persent in lyn met een van die eise soos gestel in die Belhar-belydenis. Dit kan ook vertolk word as 'n mosie van steun aan die huidige integrasiemodel van die Staat. Saamgelees met sy uitnodiging aan Mandela verlede jaar na sy algemene sinode en die opportunistiese wyse waarop hy met die onveranderlike Woord van God omgaan, wek die NG Kerk onmiskienbaar die indruk dat hy eerder die dienaar van die Staat as die dienskneg van die Allerhoogste is. As die Owerheid ten gunste is van apartheid, is die NG Kerk ten gunste daarvan. As die Owerheid ten gunste is van permanente magsdeling, dan neem die NG Kerk genoë daarmee. As die Owerheid sê apartheid is sonde dan bieg en bely die NG Kerk. As die owerheid sê volle integrasie en simplistiese meerderheidsregering voldoen aan die Skriftuurlike eise van geregtigheid dan sê die NG Kerk dit ook. En vir elke bollemakiesie wat die NG Kerk maak, het hy 'n teks, want elke ketter het sy letter.

Ons, die ondergetekendes, aanvaar dat Christus die Koning is op alle lewensterreine, ook die van die staat, en distansieer ons totaal van die rol wat

die NG Kerk in die staatkundige prosesse die afgelede aantal jare gespeel het en steeds speel.

d Die gebruik van NG leraars in AP gemeentes kan tot spanning, onenigheid en selfs skeuring lei.

Teen die agtergrond van die NG Kerk se doen en late soos in punte a tot c genoem moet voorsien word dat lidmate van die AP Kerk in toenemende mate weerstand teen die gebruik van NG leraars mag opbou.

In minstens een gemeente, naamlik die AP gemeente in Kimberley, is dit reeds die geval.

Ons, die ondergetekendes, is nie bereid om 'n enkele AP-lidmaat af te staan net om 'n NG-leraar op ons kansel te hê nie. Op watter beginselgronde moet ons die bona-fides aanvaar van leraars wat in die diens staan van 'n valse staatskerk wat homself van on-Skriftuurlike belydenisskrifte en on-Skriftuurlike sinkretistiese praktyke bedien?

Tyd het nou teen daardie sogenaamde leraars in die NG Kerk wat soos ons voel, maar van binne veg, gedraai. Na hul vrugtelose, bykans onsigbare stryd van meer as 'n dekade, is ons geduld nou op. Die punt is bereik waar hulle teenwoordigheid onenigheid in eie geledere veroorsaak en dit is nie die moeite werd nie.

AANBEVELING VAN DIE SKK

24.1.1 Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt en volstaan met die besluit van 'n vorige sinode soos vervat in Bylae 1 in die Kerkordeboek, 1998, bl. 57.

Motivering:

Die sinode kan hom nie uitspreek oor berigte oor wat wenslik al dan nie is binne die NGK nie maar kan reageer op amptelike besluite. Volgens besluite is die Belhar-belydenis nog nie deur die NGK aanvaar nie. Optrede van leraars van die kerk wat vir ons onaanvaarbaar is, is nie noodwendig die standpunt van die betrokke kerk nie. Dit is ook so dat heelparty leraars van ander kerkverbande kostelike werk by AP Kerke gedoen het waar geen eie leraars is nie. Dit is dikwels leraars wat self probleme met standpunte van hul eie kerke het maar vanweë omstandighede nie die kerke kan verlaat nie.

24.2 Ring van Riversdal: Hulpverlening aan gemeentes

Die sinode besluit dat, voordat finansiële hulp aan gemeentes verleen word, 'n ondersoek na die omstandighede van die gemeentes asook die dorp en distrik se demografiese eienskappe, in samewerking met die ring gedoen word. Die toekenning van finansiële hulp en die duur van die hulpverlening moet deur hierdie verslag bepaal word.

Die sinode dra dit aan die SKK op om in sy begro-

ting ook voorsiening te maak vir tydelike hulpverlening aan kerke, insluitende stedelike gemeentes, om die gemeentes wat die potensiaal tot groei toon, te help om 'n leraarspos te vestig.

Motivering:

Daar moet sorg gedra word dat die bedieningsfonds doeltreffend en maksimaal aangewend word. Kleiner gemeentes behoort vanuit groter gemeentes m.b.v. reisende leraars bedien te word, sodat die situasie nie ontstaan dat die bedieningsfonds groot bedrae aan gemeentes met min belydende lidmate (minder as honderd) en min groeipotensiaal bestee en ander nie gehelp kan word nie. Veral vinnig groeiende gebiede kan nie altyd dadelik 'n leraar bekostig nie en baie lidmate gaan sodoende verlore vir die AP Kerk.

AANBEVELING VAN DIE SKK

24.2.1 Die sinode besluit dat die SKK 'n ondersoek na die omstandighede, insluitende groeipotensiaal, van gemeentes in samewerking met die betrokke ring of ringe doen alvorens finansiële hulp verleen word.

24.2.2 Die sinode dra dit aan die FK op om voldoende voorsiening te maak vir bedieningshulp aan kerke.

24.3 Ring van Bloemfontein: Brosjure oor besigheid

Die vergadering doen 'n beroep op lidmate wat eie besighede bedryf om 'n brosjure saam te stel vir verspreiding onder lidmate in die AP Kerk.

Motivering:

Gesien in die lig van groeiende aanslae teen die Christendom en die kerk, behoort geleenthede geskep te word vir onderlinge ondersteuning van APK-lidmate

AANBEVELING VAN DIE SKK

24.3.1 Die sinode versoek lidmate wat 'n eie besigheid bedryf om hulle besighede in *Die Boodskapper* te adverteer. Lidmate word versoek om sulke besighede te ondersteun.

24.4 Ring van Bloemfontein: Armblankevraagstuk

Die ring van Bloemfontein versoek die sinode om aandag te skenk aan die huidige armblankevraagstuk. Die wenslikheid van 'n volkskongres, wat die probleem van verarming onder ons sal aanspreek, moet oorweeg word.

Motivering:

Vanweë die verswarende ekonomiese toestand, omgekeerde apartheid en regstellende aksie.

AANBEVELING VAN DIE SKK

24.4.1 Die sinode besluit dat die SKK 'n konferensie moet reël, indien moontlik tesame met die teologiese skool, waartydens die probleem van blanke verarming en regstellende maatreëls bespreek kan word. Diakonieë moet aangemoedig word om so 'n konferensie by te woon.

24.5 Ring van Mooiooi: Bedieninghulp aan kleiner gemeentes

Die sinode besluit om wyses aan die hand te gee waarop kleiner gemeentes, wat nie alleen 'n predikant kan onderhou nie, nóg 'n diensooreenkoms met 'n naburige kerkraad en sy leraar kan aangaan, nóg in kombinasie met 'n naburige gemeente(s) 'n leraar kan onderhou, gehelp kan word om, ten spyte van gebrekkige stoflike middele, deelyds of voltyds die geestelike bediening deur 'n leraar te kan geniet en so geestelik opgebou kan word.

Motivering:

1. Daar is tans reeds tientalle kleiner gemeentes in ons kerkverband wat as plaaslike kerke wil bly voortbestaan, maar dit uiters moeilik vind om finansiële die mas op te kom.
2. Weens ontvolking van die platteland om allerlei redes, word veral kleiner gemeentes op die platteland steeds kleiner in lidmatetal en vind hulle dit al moeiliker om geldelik die mas op te kom.
3. Dit sou vir ons kerkverband geestelik verarmend wees om sulke kleiner gemeentes te verloor of hul 'n sukkelbestaan te sien voer.
4. Om net te sê: 'Smelt saam' of 'Maak 'n diensooreenkoms of Vorm 'n kombinasie' is nie altyd die oplossing nie, tensy advies en hulp van buite, selflose advies en selflose hulp, nuwe moontlikhede suggereer of skep.
5. Deur koppe bymekaar te sit en hande te vat, kan wyses beplan word waarop sulke kleiner gemeentes gehelp kan word om selfstandig voort te bestaan en geestelik te groei.
6. Nuwe omstandighede daag ons Kerkverband uit om, terwyl hy bid om wysheid, dieper te dink oor moontlike wyses waarop ons mekaar kan help.
7. Lê die oplossing, of minstens 'n gedeeltelike oplossing, dalk in groter betrokkenheid van ringsgemeentes by 'n gemeente(s) wat sukkelend is of sukkelend raak?

AANBEVELING VAN DIE SKK

24.5.1 Die sinode dra dit aan die SKK op om steeds met beplanning voort te gaan ten einde op die effektiëste manier aandag te gee aan die bediening van hulpbehoewende gemeentes

sodat die geestelike opbou van lidmate die nodige aandag kan kry.

24.6 Ring van Heidelberg: Samevoeging van kleiner gemeentes binne die AP Kerkverband

Die sinode besluit om gemeentes weereens daarvan bewus te maak dat hulle volgens die Kerkorde bedieningsooreenkomste of kombinasies met mekaar mag aangaan; om sodoende te verseker dat die Woord en eer van God op die mees vrugbare manier bedien en gedien sal word, sodat kleiner gemeentes lewensvatbare bedieningstrukture sal vestig.

Motivering:

In die lig van die huidige ekonomiese toestand wat ons in die land beleef, maar ook as gevolg van verskeie ander faktore soos byvoorbeeld die ontvolking van die platteland, het ons kerkraad die volgende behoefte raakgesien: Gemeentes bevind hulle al hoe meer in 'n benarde posisie wat die gemeentelike bediening aanbetref. Leraars kan nie meer bekostig word nie, geboue is aangekoop en moet in stand gehou word, maar bo alles, in die geestelike versorging van ons lidmate is daar 'n verskraling.

Daarom dat ons bogenoemde voorstel tot samevoeging van kleiner gemeentes aan u voorhou vir aanvaarding.

AANBEVELING VAN DIE SKK

24.6.1 Die sinode versoek kleiner gemeentes wat nie selfstandig kan bestaan nie om dit te oorweeg om met ander gemeentes saam te werk ten einde voortgaande bediening te verseker. Die SKK kan om beplanninghulp of hulp met koördinerende genader word.

24.7 Ring van Steynsburg: Gebedsaksie

Die sinode besluit om 'n gebedsaksie in te stel met die oog op die toestand in ons land en onder ons mense; dat alle gemeentes en lidmate van die AP Kerk opgeroep word tot gebed; dat die SKK versoek word om die saak te bevorder; dat volksgetroue in ander kerke by wyse van persverklaring uitgenooi word om ook deel te neem. Sien aanbeveling 21.2.1 van 1997 sinode.

Motivering:

1. Ons staan onder die vreemde juk. Ons erfenis word geplunder en 'n antichristelike regime het die beheer oorgeneem.
2. Na aanleiding van die boek JONA sien ons dat berou en bekering God van plan kan laat verander.
3. In Jesaja 59:16 was die Here verbaas omdat niemand tussenbeide getree het nie.
4. Voorbidding is onmisbaar vir die uitvoering van

God se raadsplan. God wag op ons gebede.

5. Die Satan het geen vrees vir biddelose godsdiens nie, maar hy bewee as ons bid.

AANBEVELING VAN DIE SKK

24.7.1 Die sinode roep alle gemeentes en lidmate op om in voortdurende verootmoediging voor God te lewe en ons in geloof voor God te verenig in gebed dat Hy alles waaronder ons gebuk gaan, vir ons ten goede sal laat meewerk.

24.8 Ring van Steynsburg: Sinodale program

Die sinode heroorweeg die sittingsprogram van die sinode (in besonder die aanvangstyd en die plek van die nagmaal in die program) en besluit dat die sinode die Sondagmiddag reeds registreer en konstitueer, en dat die nagmaal die Sondagand plaasvind.

Motivering:

Dit bring mee dat gedurende die volle week wat voorlê, aan die sakelys aandag gegee kan word. Dit mag help dat die sakelys afgehandel kan word en dat dit nie nodig is om dit na 'n ad hoc kommissie te verwys nie.

AANBEVELING VAN DIE SKK

24.8.1 Die sinode dra dit aan die SKK op om dit te oorweeg om die volgende sinode reeds op die Sondag te laat begin met 'n nagmaalsdiens dieselfde aand ten einde tyd te bespaar sodat die sakelys afgehandel kan word.

24.9 Ring van Outjo: Herderlike brief

Die ring doen 'n ernstige beroep op die sinode om 'n herderlike brief aan die gemeentes te handhaaf.

Motivering:

Die besluitregister bevat slegs saaklike gegewens en besluite deur die sinode geneem. Omstandighede binne 'n groot aantal gemeentes is uiters kritiek. Daar is ontbering aan sinvolle bediening vanweë die onbekostigbaarheid van leraarsposte, finansiële sorge en soms ernstige verskeurdheid en hartseer. Sulke gemeentes het ernstige behoefte aan bemoediging en vertroosting.

AANBEVELING VAN DIE SKK

24.9.1 Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

24.10 Ring van Beaufort-Wes: Christelike karakter van die jaar 2000

Die sinode besluit dat kerkrade/ringe die millenniumwisseling se Christelike karakter, nl. 2000 jaar na die geboorte van ons Heiland, sterk in die samelewing uitdruk.

AANBEVELING VAN DIE SKK

24.10.1 Die sinode versoek kerkrade om toe te sien dat die wisseling van die jaar 1999/2000 op 'n Godvererende wyse gevier sal word en dat die jaar 2000 as 'n feesjaar deurgebring sal word in dankbaarheid vir die verlossingswerk van Jesus Christus.

24.11 Ring van Beaufort-Wes: Diakonieë en barmhartigheidsdiens

Die sinode versoek diakonieë om aan die diens van barmhartigheidswerk in die gemeente aandag te gee. Dit moet meer as hulpverlening wees soos bv. die voorsiening van lewensmiddele, maar moet ook insluit om ouers finansiëel by te staan om hulle kinders in CVO skole te plaas.

AANBEVELING VAN DIE SKK

24.11.1 Die sinode versoek diakonieë om daadwerklik aandag te gee aan barmhartigheidswerk in die gemeentes. Redes vir die nood en die oplossing daarvan moet aandag kry en nood in al sy vorme moet aangespreek word.

24.12 Ring van Beaufort-Wes: Finansiële besparing

Die sinode beveel aan dat ondersoek ingestel word na besparingsmaatreëls ten einde SKK se finansiële krisis te verhelp. Die volgende aspekte dien ondersoek te word nl:

- 1 dat die sinode elke derde jaar plaasvind;
- 2 opknapping van SKK administrasie;
- 3 die instelling waar moontlik, van afstandkonferensies vir kommissies via elektroniese medium.

Motivering:

Finansiële krisis van SKK voor die hand liggend.

AANBEVELING VAN DIE SKK

24.12.1 Die sinode dra dit aan die SKK op om die moontlikheid van die benutting van elektroniese medium te ondersoek en indien werkbaar te benut.

24.12.2 Die sinode besluit om die volgende sinode te hou in 2002 en daarna elke derde jaar.

24.13 Ring van Beaufort-Wes: Preke

Ten einde die finansiële krisis in kleiner gemeentes te verhelp, versoek die sinode dat die SKK weekliks 'n volledige preek per elektroniese medium teen 'n bepaalde koste beskikbaar sal stel.

Motivering:

Ouderlinge mag nie preke voorberei nie en direk leesbare preke is nie altyd voor die hand nie. Kleiner gemeentes het nie die finansies om leraars geredelik te bekom nie.

AANBEVELING VAN DIE SKK

24.13.1 Die sinode versoek die Pk om die moontlikheid te ondersoek om preke weekliks per elektroniese medium aan gemeentes beskikbaar te stel.

24.14 Ring van Klerksdorp: Bedieningshulp aan gemeentes met groot getalle studente

Die sinode besluit

1 dat daar dringend begroot word vir daadwerklike finansiële steun aan gemeentes waar spesifieke studentegemeenskappe deel is van die bedieningspatroon van sodanige gemeente;

2 dat ondersoek ingestel word na die skep van jeugwerkersposte wat deur die sinode befonds word vir die spesifieke bearbeiding van studente in koshuise en tuis, waar nodig.

Motivering:

1 Studentebearbeiding is 'n wesenlike deel van elke gemeente se bediening.

2. Vanweë afstande tussen kampus en kerkgeboue word dit al moeiliker om studente in eredienste op 'n gereelde basis te betrek en het dit tot gevolg dat kinders van ons lidmate van elders, op die kampusse tussen die massas verdwyn. Beplande vervoer het 'n noodsaaklikheid geword.

3. In die lig van die feit dat geen dankoffers van studente verwag kan word nie, begroot gemeentes moeilik vir die arbeid wat gemeenteleraars moet verrig om studente by die werksaamhede van die gemeente na behore te betrek.

4. Dit moet werklik ingesien word dat die geestelike versorging van ons studente 'n absolute noodsaaklikheid is omdat hulle die professionele lidmate van môre is wat die groei van die AP Kerk vorentoe in 'n groot mate sal bepaal.

AANBEVELINGS VAN DIE SKK

24.14.1 Die sinode versoek tuisgemeentes van studente, wat in stadsgemeentes bedien word, om finansiële steun aan sulke gemeente te oorweeg.

24.14.2 Gemeentes waarin groot studentegemeenskappe bestaan, en wat nie self in staat is om die pastorale versorging van die studentelidmate te dra nie, kan ook 'n aansoek om geldelike hulp aan die SKK voorlê.

24.15 Ring van Moot-Sentraal: Samestelling van kommissies

Die sinode besluit dat tydens die saamstel van sinodale kommissies die kundigheds- en persoonlikheidsvlakke van die besondere persone in ag geneem word. Waar ouderlinge oor besondere

vermoëns beskik moet hulle deel uitmaak van so 'n samestelling.

AANBEVELING VAN SKK

24.15.1 Die sinode volstaan met die huidige gebruik dat die kommissie vir die samestelling van permanente kommissies aanbevelings oor die sinodale kommissies maak en die sinode dan daaroor besluit.

24.16 Ring van Mooinooi: Sekretaris vir die BRKA

Die sinode besluit:

1. Om vas te stel OF en, soja, in welke mate elk van die kerklike instansies kerkraad, ring, sinodale kommissies, BRKA en moontlik andere wat geraak word deur die egskeiding van die sekretaris vir die BRKA, opgetree het soos die Kerkorde, Belydenisskrifte en die Heilige Skrif van elke instansie vereis;

2.1 om 'n kommissie te benoem van (hoogstens vyf) onbetrokkenes uit die sinode/RKA om staande die huidige sitting van die sinode/RKA 'n ondersoek te lei om die sinode/RKA van die feite te voorsien wat hierbo in (1) gesoek word;

2.2 om sy benoemde kommissie te vra om aanbevelings te doen na aanleiding van sy ondersoek;

2.3 om alle kerklike instansies in (1) genoem te vra om met die kommissie in (2) genoem ongereguleerd en hartlik saam te werk.

Motivering:

1. Die sekretaris vir die BRKA beklee in praktyk 'n sentrale en sensitiewe pos in die kerklike verband van die AP Kerk.

2. Die egskeiding van die sekretaris vir die BRKA het skokgolwe deur ons gemeentes gestuur en ouderlingrade wat toesig moet hou dat lidmate se lewenswandel Skrifgetrou is sonder ernstige tuggevolge voor netelige vrae van lidmate gestel, soos byvoorbeeld as egskeiding in ons kerkkantoor kan voorkom, waarom neem julle dit so ernstig op met ons?

3. Die egskeiding van die sekretaris vir die BRKA het ons AP Kerk voor een van sy ernstigste vrae gestel: Hoe Skrifgetrou is die AP Kerk en wat doen hy om die openlike en sondige verbreking van Gods gebod in die middelpunt van sy administrasie volgens die Skrif te hanteer?

AANBEVELING VAN DIE SKK

24.16.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie aangesien die saak deur die betrokke ouderlingeraad en ring kerkordelik hanteer is, en in werksverband reeds deur die SKK en BRKA ondersoek en afgehandel is.

Motivering:

Die betrokke saak het 'n volledige kerkordelike pad geloop en is afgehandel ook deur die BRKA en SKK. 'n Onkerkordelike versoek soos die beskrywingspunt vra, sal meer onrus veroorsaak en agterdog wek as wat dit op die oog af wil besweer.

Die SKK vertrou dat hy sy taak na behore uitgevoer het en bid die sinode die seën van die Here toe.

w.g. PROF. IA BRINK
Voorsitter

DS. MC ADENDORFF
Skriba

Kommentaar op die verslag van die Ministeriële Komitee vir Godsdiensonderrig

Ek het die staatskoerant gedateer 23 Februarie 1999 deurgewerk en tot die volgende beoordelings gekom.

A. POSITIEWE MOONTLIKHEDE IN DIE VERSLAG

1. Die uitgangspunt ("preamble") van die verslag bevat 'n paar aspekte wat vir lidmate in ons Kerkverband na my mening die ruimte bied om ons doopbelofte uit te leef, naamlik om ons kinders "in hierdie leer te onderrig en te laat onderrig".

Die volgende drie (van agt) uitgangspunte is in hierdie verband vir ons belangrik:

- "protect and advance our diverse religions and cultures" (dus òns Godsdienste en kultuur ook),
- "uphold the rights of all learners, parents and educators",
- "promote the acceptance of responsibility by parents for the nurturing of their children in partnership with educators and the state".

(Die verbondsouer se regte mag dus ook geakkommodeer word).

Hul erken dus die diversiteit van godsdienste en kulture in S.A.

2. In die verduideliking van sleutel terme (hoofstuk 3) word verklaar dat die komitee beide die "educating learners to be religious" en die "educating learners about religion and religions" erken en akkommodeer.

Hul erken dus die feit dat die kind godsdienstige behoeftes het.

Waar ons 'n neutrale en selfs 'n totale antichristelike onderwysbedeling verwag het, is dit verblydend dat ook die godsdienstigheid van die kind erken en geakkommodeer word (hoofstuk 7 vanaf bladsy 21 brei verder hierop uit.)

Voorts stel die komitee as doelwit: "thereby making it possible for individual schools to provide the religious education that meet their particular understanding of the term". Dit moet egter steeds aan die sogenaamde Konstitusionele Regte voldoen (hoofstuk 5, bl. 15).

In hoofstuk 7 (bl. 22) word verklaar: "An education system which excludes the religious dimension of life, its conviction, experience, traditions and ethical values is incomplete", en ook: "recognises the right of people to hold personal beliefs".

Hierdie uitgangspunt bied volgens die komitee ruimte vir die aanbieding van dié godsdienste by 'n staatskool, wat die meerderheid ouers sal verkies. (Ons sal egter moet sien óf en hóé dit in die praktyk van staatskole sal kan werk).

Die groot voordeel van hierdie uitgangspunt is egter die ruimte wat privaatskole mag benut om hulle eie godsdienstige en kulturele karakter te mag handhaaf met godsdienstig aanvaarbare onderwysers.

Veral met die oog op moontlike kerkskole en ook ons teologiese skool as 'n tersiêre onderwysinrigting, is hierdie uitgangspunt 'n aangeleentheid wat aan ons baie meer ruimte kan bied as wat ons verwag het vir die handhawing en uitbouing van ons eie belydenisgrondslag.

Volgens die verslag se definisie van "Religion" erken hulle dat godsdienste die kind se hele leefwêreld, kultuur, waardesisteem en optrede omvat.

3. Die komitee noem in hulle "Executive Summary" (hoofstuk 5, bl.15) dat hulle onderling ooreengekom het om dit moontlik te maak vir individuele skole om die godsdiensonderrig aan te bied "that meet their particular understanding of the term ..." solank dit net nie teen konstitusionele regte van die gemeenskap indruis nie.

Hierdie stelling bied dus aan ons die pertinente ruimte om binne belydenisverband ons opvoedingstaak te kan uitoefen. Ons privaatskole en -vaat universiteit behoort (na my mening) hierdie ruimte wat gebied word, ten spyte van al die ander negatiewe omstandighede waarin ons volk onself bevind, te verwelkom en met verantwoordelikheid te benut.

Dit is nogal interessant om daarop te let dat die komitee sê: "The following proposals relate in the first instance to public schools". Die staat (kommunistiese regering) gee dus in teorie ruimte vir godsdienstige opvoeding in hul eie skole. Die komitee verwerp onder andere ook die neutrale of

sekulêre model vir onderwys in hoofstuk 9 (bl. 33).

4. 'n Opleiding van onderwysers kan, binne die gegewe raamwerk, na eie behoeftes ingerig word. Die komitee maak die volgende voorstel: "It is proposed that institutions responsible for teacher education devise their own programmes to comply with the Norms and Standards" (soos vervat in *NORMS AND STANDARDS FOR EDUCATORS, SEPTEMBER 1998*).

5. Die invloed van godsdiens op alle terreine van die lewe word erken en gevolglik bied dit ook, na my mening, aan ons privaatskole die ruimte om Christelike vakwetenskap te bevorder en uit te bou. Op bladsy 22 word die volgende insiggewende stelling gemaak: "recognition is given to the impact and contributions made by religion in the areas of literature, architecture, art, music, film and the theatre." Ook noem hulle in hul visie (p. 21): "The contribution that religion makes to human life also needs to be understood."

6. Die waarde van godsdiens in die daarstelling van 'n ordelike samelewing, met hoë normas en waardes, word besef (waarskynlik teen die agtergrond van die geweldkultuur wat gevolg het op o.a. "first liberation then education" – hulle sal dit egter nooit erken nie).

In hoofstuk 5 (bl. 15) word 'n lys van "important considerations" genoem, waaronder ook gemeld word "the need for the moral regeneration of the nation". Elders word ook klem gelê op die geestelike norme en waardes "that will give them principles by which to live" (bl.22).

7. Ruimte vir kerkskole kan ingelees word in "Education and formation of an adherent in a specific faith is primarily the responsibility of the family and the religious community."

Verskeie interpreteerders van die grondwet (regslui uit ons geledere) het al die stelling gemaak dat kerkskole die enigste moontlikheid tot 'n eksklusief belydenisgebonde skool is, binne die ruimte wat die grondwet bied. Bovermelde stelling van die komitee, asook talle ander soortgelyke uitsprake in hierdie verslag, wil by mens die indruk skep dat hulle ruimte gee aan die kerk ten opsigte van opvoeding binne belydenisverband.

8. Die reg tot eie keuse word erken (bl.29) met: "It implied that a school could choose one or more of the following for a non-academic compulsory subject called Religious Education:

- Africa Traditional Religious Education
- Christian Religious Education
- Hindu Religious Education"

en dan volg nog drie ander keuses waaruit 'n skool een mag kies vir sy Godsdiensonderrig.

9. Onder "Legal framework" (hoofstuk 10, bl.39) word godsdiensvryheid as 'n reg van die individu beskou. Hulle beweer ook dat elke persoon wat 'n publieke skool bywoon die reg het om nie godsdiensonderrig by te woon nie, indien hulle dit so verkies. Dit geskied as die meerderheid se godsdiens aangebied word en die individu wil dit nie bywoon nie.

10. Binne die ruimte van die Handves van Menseregte wil dit lyk of elke staatskool se bestuursliggaam steeds 'n "religious policy" of godsdiensstige etos vir daardie besondere skool mag kies en uitvoer.

B. NEGATIEWE MOONTLIKHEDE IN DIE VERSLAG.

'n Mens moet besef dat die huidige regering in beheer van die land is en dat hulle bepaalde politieke en ideologiese uitgangspunte het, waarvan die verslag deurtrek is. Daarom is die verslag deurspek met begrippe soos "nation building", "holistic approach", ens.

Die Christelike Godsdiens is een van baie en word dus gelykgestel met die valse godsdiensste.

Dit is byvoorbeeld ironies hoedat Van der Kemp (die filantroop wat vir die nie-blankes so 'n kampvegter was ten koste van die blankes) gekritiseer word in die historiese oorsig. Hy word as voorbeeld gebruik (bl. 25) waar gesê word: "The eurocentric teaching of religious education did not take into consideration the cultural and religious background of the black learner".

Die subkommissie vir onderwys van die KVO noem in hulle verslag talle negatiewe aspekte uit die verslag.

Daar is egter talle meer wat hulle nie noem nie, soos byvoorbeeld:

– Wat gaan die godsdiensstige oortuiging en opleidingsvereistes van die vakadviseurs (inspekteurs) wees?

– Wat gaan die volle konsekwensie by 'n staatskool wees van "die inagneming van die hele gemeenskap van die skool"?

– Watter invloed gaan hul doelwit van "the need to contribute significantly to nation-building" op godsdiensvryheid en eie kultuur hê?

– Gaan ons nie maar uiteindelik 'n sinkretistiese stelsel in staatskole hê nie, aangesien hulle sê: "learners will be enabled to think about fundamental questions regarding life and to make responsible choices through discussions ..." en "combat religious bigotry and prejudice and all other forms of unfair discrimination and intolerance, and contribute to nation-building" ens. ens.?

Vir die res van die negatiewe aspekte moet u asse-

blief weer na die KVO se verslag kyk.

KONKLUSIE:

In die lig van ons kerkverband se onderwysstandpunt soos goedgekeur by die sinode van 1997, sowel as die verskillende besluite wat by die afge-lope drie sinodes geneem is rakende die onder-wys, is ek van mening dat indien hierdie betrokke komitee se verslag deur die regering aanvaar word, dit aan ons meer ruimte sal gee om ons eie uit te leef (veral in privaatskole maar selfs ook in staatskole) as wat ons verwag het om in die nuwe Suid-Afrika te geniet.

Ons moet egter besef dit is nou hulle land en ons sal hulle ideologie nie verander nie.

Gevolgtrek wil ek aanbeveel dat ons net kennis neem van die verslag en geen aanbeveling aan die

minister maak nie.

Indien ons byvoorbeeld skryf (soos ons glo) dat daar net een staatsgodsdienst vir alle mense in Suid-Afrika sal wees, naamlik die Calvinisme, dan vestig ons hulle aandag op 'n negatiewe wyse op ons eie skole en universiteit (vgl. hul standpunt oor 'n mono-religieuse model, bl. 35).

Dus beveel ek aan dat ons die ruimte benut wat hulle ons bied sonder om die aandag op ons te vestig.

Ek vertrou dat u van die konklusies in my verslag sal kan benut.

Met agting en seënwense

w.g. DEON PRETORIUS

Kerk, skool en universiteit

Beginselstandpunte oor die wenslikheid van kerklike beheer oor skole en tersiêre onderwysinrigtings

1 INLEIDEND

Die vraag is of dit op die terrein van die kerk val om 'n skool en/of universiteit op die been te bring en te beheer. Wat behoort die verhouding tussen die kerk enersyds en die skool en universiteit andersyds te wees?

Wanneer 'n mens vra "Wat behoort?", moet jy 'n maatstaf hê. Vir ons is die maatstaf die Bybel. Spreek die Bybel hom oor dié aangeleentheid uit, of is daar beginsels in die Bybel wat hier geld?

2 WAT IS ONDERWYS?

Onderwys van 'n kind is die toebring van kennis en die vorming van karakter. Daarom gaan onderwys hand aan hand met opvoeding en behoort skoolopleiding 'n verlengstuk van die ouers te wees. Daar moet 'n skool wees waar ouers hulle kinders in die gees van die ouer se opvoeding kan laat onderrig.

3 PROBLEEMSTELLING

Solank daar 'n skool is waarheen die ouer sy kind met vertroue en gerustheid kan stuur, is daar nie 'n probleem nie. Die oomblik egter as die skool vir die ouer onaanvaarbaar word en daar nêrens skole is wat aan die vereistes van die ouer voldoen nie, word dit problematies.

Dan kom die vrae wat in die inleiding hierbo gestel is na vore.

'n AP kerklidmaat verlang vir sy kind 'n skool waarin die Bybel as die onfeilbare Woord van God en as die maatstaf vir leer en lewe gehandhaaf word; 'n skool wat nie net Christelik wil wees en Christelike wetenskap wil handhaaf nie, maar wat van die Calvinisme deurdrenk is (dit is ten diepste: God word as soewerein bely en Hy alleen word geëer); 'n skool wat die Drie Formuliere van Eenheid onderskryf omdat hulle met die Bybel ooreenstem; 'n skool wat die volkseie beginsel handhaaf met die erkenning van die reg van enige volk om dit ook vir homself op te eis; ensovoorts.

Daar mag vandag skole in Suid-Afrika wees wat die beginsels in die vorige paragraaf gestel, wel onderskryf. Die vraag is egter of dit so sal bly? Waar dié skole beheer word deur ouers en onderwysleiers uit verskillende kerkverbande is dit nie

ondenkbaar en onmoontlik dat die kiem van afwyking reeds aanwesig is nie. Mettertyd kan die meerderheid van die besluitnemers tot ander oortuigings (nl. dié van sinodes van die kerkverbande) geraak en die skole se uitgangspunte wysig. Dan is AP kerklidmate weer in dieselfde situasie as toe dié skole tot stand gekom het.

Sou 'n AP Kerk-skool tot stand kom, bly die beheer in die hande van AP kerklidmate en laasgenoemde is weer gebonde aan besluite van APK-sinodes. Die skool sal dus dieselfde pad as die Kerk loop.

Die vraag is egter of 'n kerkskool volgens die Bybel toelaatbaar is.

4 VOËLVUG OOR DIE GESKIEDENIS VAN ONDERWYS

4.1 *Onderwys in die tyd van die Bybel*

- Die doel met die onderwys in hierdie tydvak in Israel was godsdienstig van aard: Kinders moes leer om Jahwe te vrees en te verheerlik.

- Vir baie lank is die kind deur tuisonderrig begelei.

- Later is van "opvoeders", "oppassers" en "pleegmoeders" gebruik gemaak (vgl. 2 Kon 10:1, 5; Jes 49:23). Deel van die onderrig was om te leer lees en skryf.

- Die vader van die huis het veral die taak van die godsdienstige onderrig gehad.

- Ná die ballingskap is skole in stede en groter dorpe opgerig.

- Die sinagoge het ook as skool gedien waar die kind onderrig is in Hebreeus en in die wet van Moses tot op twaalfjarige onderdom. Philo skryf: "Wat is die sinagoge in die stede anders as skole?" Die Here Jesus is self in die sinagoge geleer lees en skryf. Dáár is Hy onderrig in die wet en die profete. Dáár het Hy nader kennis gemaak met die beginsels en praktyke van die Fariseërs en Skrifgeleerdes. Dit was 'n ware kerkskool!

- In die tyd van die Here Jesus het die Rabbyne les gegee in die tempelhof en elders in lokale wat daarvoor opgerig is.

4.2 *Onderwys in die vroeë kerk*

- In die eerste eeue n.C. het die kerk hom weinig met onderwys bemoei, maar wel sy kinders

gekatkiseer.

- Met die opkoms van die monnike-orde het onderwys deur die kerk 'n belangrike rol begin speel.

4.3 Onderwys in die Middeleeue

- Al hoe meer kloosterskole kom in hierdie tydvak tot stand.
- Met die toenemende opkoms van groot stede is die onderwys sterk gestimuleer.
- Later word onder invloed van die humanisme die klem in die onderwys op welsprekendheid gelê.

4.4 Onderwys en die Reformasie

- Die verhouding tussen kerk en skool is nie juis verander nie.
- Die skool gaan uit van die staat en die kerk probeer om 'n invloed op die skool te laat uitgaan.
- Onderwysers was oor die algemeen nie baie kundig nie.
- Die Sinode van Dordt 1618/19 het baie belangrike leiding gegee. Die noue verband tussen huis, skool, kerk en staat is beklemtoon.
- Naas die openbare skool was daar "besondere" skole wat uitgegaan het (gestig is deur) van 'n kerk of van 'n stigting.

= So was daar "diakonie- en weeshuis"-skole ("armeskole") onder beheer van die kerk.

= Daar was ook privaatskole vir die kinders van aansienlikes.

4.5 Onderwys in die 18de eeu

In die 18de eeu is doelbewus probeer om die standaard van onderwys te verbeter. In Nederland was daar tussen 1760 en 1840 'n skoolhervorming.

4.6 Onderwys in die 19de en 20ste eeu in Nederland

4.6.1 Openbare onderwys

- Kerk en staat word t.o.v. onderwys in 1798 geskei.
- Stadsbesture onderhou die skole. Die Calvinisme word op skool deur die supra-naturalisme verdring.
- Vrye skole kon wel gestig word, maar alleen met toestemming van die owerheid (staat).
- Sedert 1806 beslis die staat wie onderwys mag gee. Oortreders is gestraf.
- Alhoewel onderrig in Christelike deugde op skool gegee moes word, is alle leerstellige onderwys verbied. Kinders uit alle godsdienste moes toegang tot die skool hê.

- Algaande verdwyn selfs die vertel van Bybelse geskiedenis uit die skool. Dit was die sogenaamde "de-christianisering" van die skool.

- In 1848 kom 'n grondwethersiening, maar die onderwyswet is eers in 1857 gefinaliseer. Hierdie hersiening het die modernisme en intellektualisme gedien en was eintlik teen die gebruik van die Bybel gekeer. Die stemme na "neutraliteit" was aan die orde van die dag.

4.6.2 "Besondere" onderwys

- Sedert die Reformasie was daar ook skole wat uitgegaan het van die kerk.
- Die Diakonie- en weeshuisskole word gestig.
- Hierdie skole is deur kerk en ouer onderhou.
- So 'n skool kon net met staatstoestemming opgerig word.
- Heel gou het die owerheid toestemming vir die stigting van 'n besondere (privaat) skool geweier as dit 'n Christelike karakter in die vooruitsig sou stel.
- In 1848 kom onderwysvryheid in beginsel. Dit het eers gerealiseer in 1857. Toe het die Christelike skoolwese eers in werklikheid begin. Protestantse skole ontstaan.

- Rooms Katolieke skole tree ook na vore, maar in 'n mindere mate as die Protestantse skole.

- Aanvanklik was die koste aan die privaatskole verbonde volledig vir die rekening van die oprigters. Dit het sake baie bemoelijk. Vanaf 1889 is staatsubsidie ontvang en vanaf 1920 het die privaatskole dieselfde staatsteun as die openbare skole gekry.

- In 1920 kom ook neutrale privaatskole tot stand – veral stande-skole.

(In België is 'n skolestelsel geïmplementeer waar godsdiensteleerkragte vanuit kerklike kring opgelei is wat godsdienstonderwys aan kinders in openbare skole moes gee.)

4.7 Enkele belangrike samevattinge

- In Nederland was daar maar voortdurend 'n stryd vanuit die Protestantse kerke om hulle kinders in privaatskole te laat onderrig vanweë die ontevredenheid daaroor dat die staatskole nie die godsdienste van die ouers eerbiedig nie.
- Die kerk het ook sy eie skole gehad – weliswaar skole wat om barmhartigheidsoorwegings gestig is. Tog is die beginsel hier dat die kerk skole gehad het. Die kerk kon mos bloot die weeskinders gesubsidieer het in die openbare skool. Maar die kerk het skole vir hulle opgerig.
- Uiteindelik het die private skool ook volle finansiële staatsteun ontvang. Dit is ook reg, aangesien

die ouers van die kinders in dié skole ook belasting betaal.

5 'n PAAR TER SAAKLIKE ONDERWYSBEGINSELS

Daar is boeke oor onderwysbeginsels geskryf. Hier word slegs stilgestaan by beginsels wat die verhouding van kerk en skool raak – en dan ook net enkeles.

5.1 Die gesag van die Skrif strek oor alle lewens-terreine – dus ook ook die onderwys.

5.2 In die gereformeerde kerkordelike tradisie is dit 'n baie bekende uitgangspunt dat kerklike vergaderings hulle alleen met kerklike sake, en dit op 'n kerklike wyse, moet besig hou. Selfs al noem ons dit 'n beginsel, kan gevra word of die onderwys nie ten diepste tog ook 'n kerklike saak is nie – ten minste as die kerk waak oor die karakter, gees, kurrikulum en praktyke by die skool.

5.3 Gewoonlik word die selfstandigheid van die skool o.m. gemotiveer deur die sg. "soewereiniteit in eie kring" (afgekort as s.i.e.k.). Dit beteken dan dat die skool selfstandig moet wees, soos die kerk, die staat en alle samelewingsverbande. Dit beteken egter nie dat daar nie onderlinge steun en insette moet wees nie. Die staat gee finansiële steun, hou toesig dat die skool nie die staat ondermyn nie – want die skool rus burgers toe en die ouers betaal belasting. Die kerk het 'n taak van getuigenis teenoor die skool as lg. die Bybelpad verlaat.

5.4 Die kerk as instituut moet nie die terrein van die skool betree nie. Die kerk as organisme moet wel. Dit doen die kerk deur sy lidmate toe te rus sodat hulle in staat is om toe te sien dat die skool op die Bybelpad bly. Die skool mag nie die doopbelofte van die ouer ondergrawe nie. Ouers moet hulle vergewis of die leerinhoude en onderrig Christelik en Calvinisties is.

5.5 Die kerk verrig sy toerustingstaak d.m.v. die prediking, huisbesoek, katkisasie, mindere en meerdere vergaderings.

5.6 Die kerk het die roeping om deur sy sinodale kommissie daartoe belas, met die owerheid te skakel i.v.m. onderwyssake wat nie aan die vereistes van die Skrif beantwoord nie. Die kerk moet die owerheid daarop wys dat hy 'n dienaar van God is (Rm 13) – vir sy onderdane ten goede.

5.7 In ooreenstemming met die verbond is die ouer verantwoordelik vir die opvoeding en onderwys van sy kind. Daarom is ouerskole eg Bybels.

5.8 Elke kind moet in staat gestel word om onderrig te kan ontvang.

5.10 Leerkragte moet die belydenis van die ouers self onderskryf en uitleef.

5.11 Die staat moet die skool finansiële steun, en die kerk het 'n toesigtaak.

6 MAG DIE KERK 'n SKOOL STIG?

6.1 Die Bybel gee nie hieroor voorskrifte nie.

6.2 Daar was in Bybelse tye "kerkskole".

6.3 Dwarsdeur die geskiedenis was daar voorbeelde van kerkskole – ook in die tyd van die Reformasie.

6.4 Die idee van die s.i.e.k. is sinvol en 'n ideaal, maar berus op goeie filosofiese beredeneringe. Die Skrif verbied nie 'n kerkskool nie.

6.5 Tog moet altyd onthou word dat die wese van die kerk dit is dat hy liggaam van Christus is – en dit is geen ander samelewingsverband nie. Die kerk is volk van God, vergadering van gelowiges, gemeenskap van die heiliges. Maar juis omdat die kerk liggaam en volk is, moet daardie liggaam en volk toesien dat die onderwys van gelowiges in ooreenstemming met die Woord bly. Dit word gedoen deur metodes soos onder punt 5 uiteengesit.

6.6 'n Skool hou hom besig met allerlei wetenskappe. In elke wetenskap moet met God en sy geopenbaarde wil rekening gehou word. Dit is dus nie so eenvoudig om die kerk uit te skakel deur te sê die skoolonderrig is nie "'n saak des kerks" nie.

6.7 Die roeping van die kerk is om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk (Ef 4), en dit kan die kerk ook doen d.m.v. die skool; verder moet die kerk die evangelie wêreldwyd uitdra (Mt 28), en dit kan hy ook in skole doen.

6.8 Wanneer ouers hulle plig versuim om Christelike, Calvinistiese, volkseie skole op te rig en in stand te hou, word dit selfs 'n roeping vir die kerk om dit te doen. Die sinode van 1997 van die AP Kerk het 'n rapport aanvaar waarin o.m. die volgende voorkom:

"Kerklike toetrede tot die stryd om Christelike onderwys is nie iets nuuts nie. In 'n noodsituasie mag die kerk selfs gedwing word om sy kerkskole op te rig ten einde sy lidmate in staat te stel om hul doopbelofte na te kom" (Sakelys: 41; punt 4.1).

7 HUIDIGE DILEMMA

7.1 Die AP Kerk kan CVO- en ander Christelike nasionale skole ondersteun, maar kan die probleem ervaar van ouers en kerkverbande wat wel die beginsel van die Christelike en die Calvinistiese onderskryf, maar nie die volkseie nie (bv. dat mense "nasionaal" verbind aan 'n reënboognasie en nie aan 'n volk nie). Of die volkseie en die Christelike word gehandhaaf, maar nie die Calvinistiese nie.

7.2 Daarom het dit sin om 'n eie skool te hê. Dit is

ons reg – soos die Rooms Katolieke Kerk sy reg uitoefen; en soos die gereformeerdes die reg het om 'n Christelik-volksgeïntegreerde of volkseie, en soos die AGS 'n volksgeïntegreerde of volkseie, maar 'n nie-Calvinistiese/Pelagiaanse/Semi-Pelagiaanse skool kan hê.

7.3 Tans verkeer die AP Kerk in 'n moeilike situasie. Daar is CVO-skole en ander Bybelskole wat verskil oor toelating van kinders uit nie-gereformeerde ouerhuise en godsdienstige kringe. Daarom sou AP Kerk-skole waar net kinders uit eie kerkverband toegelaat word, 'n plek hê. Dan kies die AP Kerk nie kant nie. Daar kan geredeneer word dat so 'n stap verdere versplintering in die skoolwese bring, maar dit hoef nie so gesien te word nie. AP Kerk-skole moet as aanvullend en mede-standend gesien word by almal wat dieselfde basiese uitgangspunte het.

7.4 Aanvanklik kan die kerk volle beheer oor sy skole uitoefen. Sou dit later blyk dat die beheer aan die ouers oorgegee moet word, kan 'n beheerliggaam buite die kerk gestig word ('n Departement van Calvinistiese Volkseie Onderwys) bestaande uitsluitlik uit lidmate van AP kerke. Met so 'n beheerliggaam sluit die kerk dan 'n formele kontrak waardeur die beheerliggaam en elke skool gebind word aan die bestaansbeginsels van die AP Kerk, nl. byvoorbeeld:

- Erkenning van die Drie-enige God van die Bybel as enigste God;
- handhawing van die Heilige Skrif as onfeilbare Woord van God en as maatstaf vir leer en lewe – ook maatstaf vir die skool;
- aanvaarding van die Drie Formuliere van Eenheid as getroue samevatting van die leer van die Skrif en as ooreenstemmend met die Bybel;
- toelating tot die skool (van kinders, onderwysers, en alle ander personeel) net van AP kerk-lidmate. Hierdie en soortgelyke beginsels kan nie deur die beheerliggaam of 'n skool gewysig word nie. Alleen sinodes van die AP Kerk mag aan die formulering wysig.

7.5 Natuurlik is daar die praktiese probleem van finansies. Die staat behoort dieselfde subsidie per kind aan 'n privaatskool te gee as wat by openbare skole die geval is. Daarvoor moet die kerk hom beywer. Intussen word van kerkgeboue en verbondsonderriglokale gebruik gemaak. In groter sentra moet gepoog word om huisvesting vir kinders van elders te bied totdat koshuise bekom word. Dit sal groot offers meebring.

7.6 AP Kerk-skole is om 'n ander rede ook van uiterste belang. Die beheer van die CVO-skole is tans in die hande van persone uit verskillende kerkverbande – daar is persone uit kerkverbande wat nie die volkseie beginsel onderskryf nie. Lê

daarin nie die gevaar van selfvernietiging nie? Sal dieselfde beginsels gehandhaaf bly? Indien die meerderheid op die bestuur mettertyd mense is uit sodanige kerkverbande en hulle besluit om die besluite van hulle kerkverbande te aanvaar? (Vergelyk punt 3 hierbo.) Daarom lê daar 'n groot stuk beveiliging in die binding aan en beperking tot die eie kerkverband.

8 KERKLIKE BEHEER OOR SKOLE WENSLIK?

8.1 Die AP Kerk het tans in 'n sin beheer oor die CVO-skole – nl. as organisme, aangesien dié skole deur AP kerklidmate en gelykgesindes beheer word.

8.2 Die AP Kerk het egter nie letterlike, formele, institutêre beheer nie. Dit sal nie prinsipiël verkeerd wees om wel kerkskole te stig en óf self te beheer, óf by wyse van 'n kontrak met 'n beheerliggaam soos hierbo (pt. 7.4) uiteengesit nie.

8.3 Sou die SKK dit oorweeg om tot die stigting van kerkskole oor te gaan, kan dit nie anders as deur samewerking met die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding en deur 'n formele sinodebesluit nie.

B TERSIËRE INRIGTINGS

1 Dieselfde beginsels geld vir die verhouding van tersiëre inrigtings en die kerk as wat vir skole en die kerk geld.

2 Die AP Kerk het tans, soos talle kerke wêreldwyd deur die eeue heen, beheer oor die teologiese skool wat 'n tersiëre inrigting is.

3 As die beginsel aanvaar word dat die kerk kerkskole mag hê, kan hy ook kerktersiëre inrigtings hê. Die Kuratorium is reeds met 'n ondersoek in die verband besig.

4 Myns insiens is die ideaal t.o.v. 'n universiteit een wat deur inisiatiewe van die AP Kerk tot stand kom, maar met gebruikmaking van 'n te-stigte beheerliggaam wat kontraktueel aan die gees, rigting, bestaansbeginsels van die kerk gebind is, soos uiteengesit vir 'n Departement van Onderwys onder punt A7.4 hier bo.

5 Dit is noodsaaklik dat ons in Suid-Afrika 'n universiteit (eventueel ander tersiëre inrigtings) kry vir ons eie volk wat die Calvinistiese gees adem, die volkseie beginsels handhaaf en wat uitsluitlik ons moedertaal as medium van onderrig het.

6 In die geskiedenis het kerke inderdaad universiteite opgerig. In Nederland was die Universiteit van Leiden in 1575 'n bolwerk van die Protestantisme (dit het wel later 'n staatsuniversiteit geword). Onder leiding van Kuyper het die Universiteit van Amsterdam in 1880 'n vrye universiteit op Protestants-Christelike grondslag geword – al is hy eers in 1905 deur wetgewing as sodanig

erken. Te Nijmegen het 'n Rooms Katolieke universiteit in 1923 ontstaan. Die staat het hierdie universiteit – net soos die staatsuniversiteit – gesubsidieer. In België het 'n paar kerkverbande gesamentlik 'n Protestantse Teologiese Fakulteit te

Brussel opgerig om hulle predikante en godsdiensonderwysers op te lei.

Opgestel deur Prof. R Maré, 23 April 1998

Die voordele en nadele van gekombineerde gemeentes en van bedieningsooreenkomste

INLEIDING

Dit is versoek dat die voordele en nadele van 'n kombinasie van gemeentes en van 'n bedieningsooreenkoms gestel word. Aangesien beide stelsels in die kerkverband toelaatbaar is en funksioneer, sal daar gewis verskil van opinie wees oor die vraag na voordele en nadele. Alhoewel ook relatief kan dus eerder gevra word na watter stelsel die verkieslikste sou wees. 'n Objektiewe poging word vervolgens aangewend.

GEKOMBINEERDE GEMEENTES

In bep. 11B1 van die Kerkorde word ses voorskrifte gebied vir "gekombineerde gemeentes" en in bylae 5.9 tot die Kerkorde van "gemeentes wat in kombinasie tree", vgl. ook bylae 5.6. Bylae 5.9 gebruik ook vir die ooreenkoms tussen gemeentes wat in kombinasie tree, die benaming "kombinasie-akte" of "akte van kombinasie". Derhalwe word voorts die benaming "kombinasie" gebruik.

'n Kombinasie van gemeentes berus op 'n ooreenkoms wat in 'n akte van kombinasie beskryf word. Die kerkrade van twee of meer gemeentes kan die ooreenkoms met mekaar aangaan waarvolgens die betrokke gemeentes in kombinasie tree. Die ooreenkoms en akte is 'n voorvereiste. Dusdanige kerkrade is gebind, (vgl. art. 66 van die Kerkorde) om die ses voorskrifte van bep. 11B1 in die ooreenkoms (akte) in te skryf. Dit is ook 'n vereiste volgens bep. 11B2 dat die betrokke ring(e) hierin geken moet word, óók vir advies, (bep. 11B3). By 'n kombinasie spreek die bindendheid van die Kerkorde mee.

Die bedoeling van 'n kombinasie is om twee of meer gemeentes, wat vanweë gebrek aan genoegsame inkomste (te min lidmate of watter rede ook al) nie individueel en selfstandig 'n predikant kan beroep nie in staat te stel om gesamentlik te beroep en sodoende mekaar finansiële te steun vir die versekering van bediening deur 'n predikant. Dit is die eerste en grootste voordeel van 'n kombinasie. Dit kom eintlik neer op 'n onderlinge subsidiëring, wat veral lofwaardig is of kan wees as die finansiële sterkere gemeente(s) die finansiële swakkere gemeente(s) onbaatsugtig behandel in die ooreenkoms en pro rata laat deel in die bedieningsvoordele.

Dit sou jammer wees en die bedoeling skaad as die finansiële sterkere gemeente(s) teenoor die finansiële swakker gemeente(s) sou beding vir gelyke finansiële bydrae, veral as die lidmatetal verskil. Dit sou neerkom op 'n omgekeerde subsidiëring as hierbo gestel. Die finansiële sterkere(s) moet steeds besef dat bediening vir hulle, soos vir die finansiële swakkere(s), deur die kombinasie moontlik gemaak word.

Met 'n kombinasie moet bep. 11B1 se voorskrifte gevolg word. Hieromtrent moet baie deeglik vooraf besin en met mekaar uitgeklaar word, want dit kan die bron van wrywing word. In die verband moet eerstens gelet word op die alternatiewe vir die beroep van 'n predikant. Eerstens kan al die gemeentes gesamentlik beroep. Dit vereis voldoening aan art. 11 in elke betrokke gemeente. 'n Gesamentlike groslys moet opgestel word, kyk Kombinasie-akte pt. 6.1.1 (kerkordeboek bl. 92, 1998-uitgawe) en 'n gesamentlike erediens, waar al die kerkrade en al die gemeentes byeen is, moet gereël word, kyk Kombinasie-akte pt. 6.1.3) vir die beroeping.

Afstande, vervoerprobleme, belangstelling en ander faktore kan hierin 'n negatiewe rol speel by die kerkraad(rade) en gemeente(s), wat na elders moet reis en dit bevoordeel die tuisgemeente. Dit is wel waar dat vir elke beroep, wat uitgebring moet word, dit volgens rotasie geskied, maar dit is ewe so dat die eerste beroep kan slaag.

Uiteraard is dit ook so dat lidmate by beroeping onderling gesels. Die een gemeente sou voorkeur gee aan die een predikant en die ander gemeente aan 'n ander predikant en 'n derde en vierde ook so. Dit kan dus beteken dat, veral as dit twee gemeentes is, die keuse van die een op die ander een afgedwing word. Hierdie voorkeure moes reeds per advies gevra ernstig aangespreek word. Indien dit uitgeskakel word, sodat elke gemeente gelukkig is met die beroep, word die probleem ondervang.

Die tweede prosedure is dat die kerkrade ooreenkoms dat een gemeente die beroep uitbring en indien dit nie suksesvol is nie, die beroeping onder die gemeentes roteer totdat suksesvol beroep is. Dit beteken dat een gemeente "namens" almal betrokke beroep. Net een ge-

meente het dus per keer die beroepsreg en die ander neem stilswyend genoë, alhoewel die reg van approbasie (art. 12) die ander gemeentes toekom, al word dit nie sonder meer bepaal in die kombinasie-akte nie. Die beroep is ook namens hulle en dus geld art. 12 ook vir hulle.

'n Kombinasie vereis ook 'n gekombineerde kerkraadsvergadering, waar die kerkrade betrokke volgens die kombinasie-akte alles moet hanteer wat die predikant aangaan. Geen kerkraad kan in die verband selfstandig handel en besluit nie.

Die voorskrifte van bep. 11B1 is van die hoogste belang om die sukses van 'n kombinasie te help verseker. Dog dit vrywaar nie van verskil- en wrywingsmoontlikhede nie, soos byvoorbeeld die keuse waar die predikant woon. Afgesien daarvan dat die predikant ook met keuses kan kom, waaraan nie voldoen (kan) word nie en dus ongelukkigheid mag bring, bly dit 'n feit dat die gemeente waar hy woon sekere voordele geniet.

Die posisie van die predikant by die ontbinding van die kombinasie is nie in sy hande nie. Bep. 11B1.6 verwys spesifiek na art. 19. Art. 19.2 verwys na "'n kerkraad of die gekombineerde kerkraad". 'n Kerkraad in 'n kombinasie kan die "oordeel" in art. 19.2 huldig, terwyl die ander dit nie huldig nie. Dit bring die gekombineerde kerkraad in die gedrang. Die oordéelverskil kan die kombinasie skaad en wrywing veroorsaak. 'n Kombinasie wat ontbind, laat eerstens die predikant in die hande van die gemeente(s) wat nie die ontbinding versoek het nie, maar daar is ook die moontlikheid dat dit andersom in die akte bepaal mag wees. Hoe dit ook al sy, dit word 'n probleem vir die predikant en finansiële vir oorblywende gemeente(s), wat die predikant behou. Dit loop uit op 'n losmaking weens die onbekostigbaarheid van die predikant, waarvoor GEEN artikel in die Kerkorde voorsiening maak nie, ÓOK NIE art. 19 nie.

Daar kan ook nog verwys word na die Gekombineerde Kerkraadsvergadering, vgl. Kerkordeboek – 1998 bl. 89 v.b., die nogal ingewikkelde wyse waarop besluite geneem word, wat indien pte. 16.5.1 en 16.5.2 saamgelees word, 'n direkte staking van stemme, veral as daar net twee kerkrade betrokke is, tot gevolg kan hê, waarvoor die oplossing nie aangebied word nie.

Behalwe dat die tugprosedure soos in pt. 17 voorgeskryf strydig is met art. 37F2.2 van die Kerkorde, wat reggestel moet word, is die ondersoekprosedure nie aanvaarbaar nie. Die predikant is die gesamentlike predikant van al die gemeentes en ten opsigte van die predikant moet in alle sake wat die predikant raak gesamentlik deur die gekombineerde kerkraad opgetree word. Art. 37F2.2 bepaal dat as 'n predikant aangekla is, die konsulent en nie die voorsitter/ondervoorsitter van

die ouderlingeraad as voorsitter moet optree. Pt. 17.1 moet dus gewysig word om art. 37F2.2 te akkommodeer. Die prosedure onder pt. 17.2.1 kan nie standhou nie, want 'n klag teen die gesamentlike predikant raak al die ouderlingeraad en nie net die een waar die klag ingedien is nie. Een ouderlingeraad kan nie alleen oor 'n klag besluit en afhandel volgens hulle oordeel van gebrek aan substansie nie. Die ander ouderlingeraad(rade) betrokke in die kombinasie mag anders oordeel. Die vraag is, hoe kan hulle van 'n gesamentlike verantwoordelijkheid uitgesluit word.

Hierdie prosedure is tot nadeel van 'n kombinasie en sal moet aangesuiwer word om 'n kombinasie voordeliger te maak.

'n Kombinasie ontnem 'n kerkraad/ouderlingeraad veel selfstandigheid rondom 'n predikant, want hulle kan niks selfstandig oor die predikant besluit nie, is gebind deur die kombinasie-akte en die besluite van die gekombineerde kerkvergaderinge.

BEDIENINGSOOREENKOMS

Die Kerkorde stel nie bindende voorskrifte ten aansien van 'n bedieningsooreenkoms nie. Dit gaan uitsluitlik daarom dat 'n gemeente met 'n predikant in diens se kerkraad 'n ooreenkoms met een of meer vakante gemeentes én wat nie selfstandig 'n predikant finansiële kan bekostig nie se kerkraad(rade) aangaan, waarvolgens hul predikant toegelaat word om hulpdiens of hulpbediening aan die ander kerkraad(rade) lewer. Kerkrade kan vooraf met mekaar onderhandel ten opsigte van 'n bedieningsooreenkoms, waarvolgens besluit word dat byvoorbeeld die finansiële sterkere beroep en dan sy predikant beskikbaar stel vir hulpdiens.

Die voordeel is dat die predikant die leraar van net een gemeente is, met sy beroepsbrief as kontrak met net een kerkraad. Die predikant staan net onder hul jurisdiksie. Die ander kerkraad(rade) het geen jurisdiksie oor die predikant nie. Die ooreenkoms is tussen die betrokke kerkrade en die predikant word so beskerm. Hy voer die ooreenkoms uit onder beskerming van sy kerkraad. Die ander kerkraad(rade) spreek hom nie aan nie, maar sy kerkraad indien dit oor enigiets gaan, wat sy diens betref. Sy kerkraad handel dan alleen met hom. Die predikant is dan nie onderworpe aan die eise van meer as een kerkraad nie. Dit verlos hom ook van die gevaar van dubbele lojaliteite, wat probleme kan oplewer.

Aangesien net een gemeente beroep, die huisvesting moet lewer, die traktement en toelaes moet betaal, tugreg het, vakansies moet reël, ens., ens. is die predikant nie uitgelewer aan die eise van verskillende kerkrade in kombinasie nie.

Die kerkraad met die predikant bepaal (in samewerking met die predikant) die voorwaardes van die ooreenkoms. Die ander kerkraad(rade) kan beding vir diens, maar nie voorskryf of eise stel nie. Dit is en bly net 'n hulpdiens, wat sake insluit soos huis- en siektebesoek, erediens en sakramentsbediening, bevestiging van ampsdraers en aflegging van belydenis van geloof, begrafnisse, troues en ander sake en die bywoning van vergaderings. Die ander kerkraad(rade) kan geen dienseise aan die predikant stel buite die ooreenkoms nie. Hy geniet dus die beskerming.

Die bedieningsooreenkoms verval by die emeritering of oorlye van die predikant en by beroepsaanvaarding. Die punt van belang is dat solank 'n gemeente self vakant is, sy kerkraad niemand het om vir hulpdiens aan te bied nie. Enige ooreenkoms tree eers weer in funksie sodra 'n predikant bevestig is. Streng volgens die normale beroepsvereistes word 'n predikant vir 'n gemeente beroep en behoort ander hulpdienste met 'n

predikant na bevestiging uitgeklaar te word. Elke kerkraad moet rekening hou met die omstandighede en vermoëns van sy predikant.

'n Kerkraad wat 'n bedieningsooreenkoms aangaan, mag nie homself verryk ten koste van sy predikant of die ander kerkraad(rade) nie, wat juis 'n bedieningsooreenkoms soek, omdat 'n eie predikant finansieel nie bekostig kan word nie. Die predikant is ook nie 'n middel tot die verdien van inkomste nie. Die finansiële verpligtinge moet dus rekening hou met die predikant en die aard en omvang van die hulpdiens.

DIE VERKIESLIKSTE

Uit die voorafgaande blyk 'n bedieningsooreenkoms die verkieslikste te wees, omdat dit kerkregtelik, prakties ens. die minder gekompliseerde is vir kerkrade en predikante.

PROF. DR. FAH VAN STADEN

BEDIENINGSWERK – HULP AAN GEMEENTES VANAF KERKSTIGTING TOT 30 APRIL 1999

GEMEENTE	DATUM GESTIG JJMM	JONGSTE LIDMAAT GETAL	87-8/95 R	9/95-3/97 R	9/97-4/99 R	TOTAAL 87-4/99 R	% VAN TOTAAL	TOTAAL HULP PER LIDMAAT R	15% BYDRAE PER LIDMAAT PER MAAND R
ABERDEEN	8811	49	8,488	23,267		28,755	0.7	587	7.37
ALGOA	8709	150	1,083			1,083	0.0	8	9.92
AMAJUBA	9104	120	508	6,000		6,508	0.2	54	15.33
BALFOUR	8901	66	1,375			1,375	0.0	21	6.08
BARBERTON	8709	27			11,250	11,250	0.3	417	8.22
BARKLY-OOS/STEYNSBURG/MACLEAR	8803-910	143		126,237	128,571	254,808	6.4	1,782	6.55
BARKLY-WES	8801	107	7,500			7,500	0.2	70	17.82
BEAUFORT-WES	8708	126		15,000		15,000	0.4	119	13.64
BETHULIE/EDENBURG/PHILIPPOLIS/VENTERSTAD	9107-930	155	1,169	191,855	228,811	421,435	10.5	2,719	10.01
BLOEMFONTEIN-NOORD	8707	435		18,000		18,000	0.5	41	9.45
BOKSBURG	8904	118	6,500		12,500	19,000	0.5	161	4.64
BOSHOF	8709	39	16,907			16,907	0.4	434	10.85
CAAGUAZU	9510	32	3,828	34,242	15,682	53,752	1.3	1,680	4.48
CALVINIA/HARDEVELD/OLIFANTSRIVIER	9011-941	159	0	71,466	254,436	325,902	8.2	2,050	7.99
CARNARVON/FRASERBURG/SUTHERLAND/VANWYKSV	8804-950	171	0	95,098	193,307	288,405	7.2	1,567	8.09
CLANWILLIAM	8802	170	5,100			5,100	0.1	30	7.86
DANIELSKUHL	9011	20	8,000			8,000	0.2	400	ONTBIND
DEALESVILLE	8709	53	2,411			2,411	0.1	45	10.87
DEWETSDORP/SMITHFIELD/ZASTRON	8812-950	185		18,409	169,958	188,407	4.7	1,018	9.22
ELLIOT/JAMESTOWN/MACLEAR	8807-910	101	235,922	75,348		312,270	7.8	3,092	5.22
ELLISRAS	9011	142		1,209		1,209	0.0	9	9.38
FOCHVILLE	8708	93	36,058	11,000		47,058	1.2	506	8.52
GEORGE	8708	79		1,500		1,500	0.0	19	11.19
GOBABIS	9207	42		3,221		3,221	0.1	77	8.05
GRAAFF-REINET	8802	22	5,417			5,417	0.1	246	10.95
GROOTFONTEIN	9106	65	2,850			2,850	0.1	44	14.98
HEIDELBERG	8708	297	2,065			2,065	0.1	7	7.68
HLUHLUWE	8802	46		15,000	38,500	53,500	1.3	1,163	23.91
JAMESTOWN/GRENS	8807	88			180,710	180,710	4.5	2,054	5.23
JAMESTOWN/SMITHFIELD/ZASTRON	8807-950	151	1,050	136,666		137,716	3.4	912	8.13
KAREEDOUW	9103	135	22,500			22,500	0.6	167	17.45
KEETMANSHOOP	8906	79	6,400	34,500	41,000	81,900	2.0	1,037	19.09
KNYSNA	9306	39		1,300		1,300	0.0	33	5.79
LEBOMBO	8806	158	15,000	20,100		35,100	0.9	222	7.98
LEEUDORINGSTAD	8811	90	7,500			7,500	0.2	83	14.67
LICHTENBURG	8707	651	888			888	0.0	1	10.66
LOUWNA	8707	16	2,920			2,920	0.1	183	35.63
LYDENBURG	8801	227	6,160			6,160	0.2	27	12.64
MACLEAR	9102	36	1,960	392		2,352	0.1	65	5.36
MESSINA/WEIPE	8803-890	85		45,000	42,000	87,000	2.2	1,024	16.00
MIDDELBURG	8707	805	2,333			2,333	0.1	3	8.83
MIGDOL	8706	112	611			611	0.0	5	16.66
MOOT-SENTRAAL	8707	614	2,908			2,908	0.1	5	12.26
OLIFANTSRIVIER	9107	37	780			780	0.0	21	9.27
ORANIA	9107	97		970		970	0.0	10	8.85
OUTDSHOORN	8708	401	11,450			11,450	0.3	29	8.56
OUTJO	8811	90	8,643			8,643	0.2	96	15.59
PAARL	8708	106	6,197			6,197	0.2	57	8.81
PETRUSBURG/JAGERSFONTEIN-FAURESMTIH	8707-910	145	18,500	30,833	93,020	142,353	3.6	982	8.84
PRETORIA-SENTRAAL	8902	110	323,606			323,606	8.1	2,944	ONTBIND
PRIESKA/GROBLERSHOOP	8710-880	94	4,416	31,600	123,250	159,266	4.0	1,654	12.62
RICHMOND	9311	10		1,759		1,759	0.0	178	ONTBIND
RIVERSDAL	8708	130		9,000		9,000	0.2	69	8.13
SANDDRIFT	8801	114			6,963	6,963	0.2	61	12.69
SOMERSET-OOS	8709	102	68,788	42,900	20,000	131,688	3.3	1,291	12.59
SPRINGS	8802	297	59,922		2,000	61,922	1.5	208	9.39
STELLENBOSCH	8708	172	3,250	12,500		15,750	0.4	89	10.64
STEYNSBURG/CRAOOCK/VENTERSTAD	8803-810	100	136,804	35,342		172,146	4.3	1,721	7.77
STRYDENBURG	8805	31	100			100	0.0	3	26.45
THEUNISSEN	9002	61	4,500			4,500	0.1	74	21.00
TYGERBERG	8709	198	5,042	30,000	15,000	50,042	1.3	253	10.09
VEKEERDEVLEI	8709	24		14,450		14,450	0.4	602	2.88
WARMBAD	8708	154	15,426			15,426	0.4	100	8.56
WELBEKEND	9611	84		24,000		24,000	0.6	286	21.11
WELKOM/HEMNNENMAN	8710-871	305		11,700	72,900	84,600	2.1	277	12.64
WELWITSCHIA	9312	44		4,249		4,249	0.1	97	10.87
WESSELSBRON	9002	86	4,500			4,500	0.1	52	18.70
WINDHOEK	8907	81	36,300	2,607		38,907	1.0	480	10.58
WITBANK	8709	399	13,852			13,852	0.3	35	7.16
WONDERBOOM	9005	542	10,500			10,500	0.3	19	8.34
WORCESTER	9011	132	3,552			3,552	0.1	27	8.10
TOTAAL		10,636	1,151,753	1,194,020	1,649,697	3,995,470	100.0	376	10.46

Verslag: Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS)

Tydperk: 1997 tot 1999

1. PERSONEEL

Di. AS van Jaarsveld (voorsitter), JC Lamprecht (ondervoorsitter), MJ Hartzenberg, prof. FAH van Staden, oudle. PR Pretorius, HK Theron en dr. HM Grobler (skriba).

Vier adviseurs is benoem vir amptelike advieslewing t.w. voorsitter, ondervoorsitter, ds. MJ Hartzenberg en prof. FAH van Staden.

2. VERGADERINGS

Die KKS het elf keer vergader tot 3 Mei 1999. Daar was ook twee spesiale dagbestuursvergaderings.

3. SAKKE IN OPDRAG VAN SINODE (1997)

3.1 Die wysiginge in die Kerkorde, ordereëls en ter saaklike sinodebesluite is uitgevoer.

3.2 Ander werksopdragte is uitgevoer soos hierna vermeld

3.3 Gemeentegrense: Handeling van die agtste sinode bl. 288, punt 128:

Die sinode dra dit aan die KKS op om 'n duidelike omskrywing te gee van die begrip "plaaslike kerk" soos dit in die Kerkorde gebruik word, met spesifieke verwysing na gemeentegrense (vgl. KO art. 3.2 en KO art 37.4).

Die volgende studiestuk oor gemeentegrense word hiermee aan die sinode voorgelê:

Enkele gedagtes oor hierdie tans netelige saak in die Afrikaanse Protestantse kerke.

3.3.1 Waarvan praat ons as ons van grense praat?

3.3.1.1 Praat ons van geografiese grense van gemeentes?

3.3.1.2 Praat ons van die skeidsmure tussen gelowiges en ongelowiges?

3.3.1.3 Praat ons van die skeidsmuur tussen Protestante en Rooms Katolieke?

Ons praat van die geografiese grense vir gemeentes (kerke)!

3.3.2 Word die geografiese grense van 'n gemeente in die Bybel beskryf?

NEE!!

Word die begrip die Drie-enige God in die Bybel

beskryf?

Nee, maar die saak kom self deurgaans in die Bybel voor. Grense as ordereëling kom ook so voor.

3.3.3 Is daar wel aanduidinge van grense in die Bybel?

Ja, indien ons opmerkzaam is.

Om aan hierdie saak reg te laat geskied, moet ons daaraan dink dat by gemeente-, kerkgrense, grense nie die sentrale begrip is nie, maar wel kerk (gemeente).

Daarom wil ons eers 'n paar opmerkinge oor hierdie begrip maak, veral uit die Nuwe Testament.

3.3.4 Die Nuwe Testament gebruik die volgende woord of beskrywing vir kerk (gemeente)

3.3.4.1 Ekklesia – die woord kom 111 keer voor in die Nuwe Testament.

3.3.4.2 Sunagoge – die begrip kom net in Ja 2:2 voor. Bavinck gebruik die begrip kwistig, omdat die Ou Testament (Septuagint) die woord vir die vergadering van die gelowige volk asook vir die gebou waar vergader word gebruik.

3.3.4.3 Uit die geledere van die dogmatici word ook ander Bybelse begrippe vir kerk (gemeente) hanteer. Van die begrippe is, bv.:

3.3.4.3.1 Volk van/vir God (Hd 15:14; Rm 9:25)

3.3.4.3.2 Bruid van Christus (Ef 5:22 ev.; Op 21:2)

3.3.4.3.3 Tempel van die Gees (1 Kor 6:19; 13:16,17)

3.3.4.3.4 Die liggaam van Christus (Rm 12:14 ev.; 1 Kor 12:13)

3.3.5 Kerkregtelikes het oor die eeue die begrip ekklesia verkies

Ons verkies ook om by hierdie begrip te bly omdat dit die enigste woord is wat in die Nuwe Testament net die begrip kerk weergee. Die ander begrippe het almal ook ander betekenis.

3.3.6 Ekklesia het in die Nuwe Testament volgens H Bouwman die volgende betekenis

3.3.6.1 Plaaslike kerk (gemeente) byvoorbeeld Korinthe (1 Kor 1:2) of Jerusalem (Hd 13:1).

3.3.6.2 Plaaslike kerke (gemeentes) in 'n streek

byvoorbeeld Galasië (Gal 1:2) of die sewe gemeentes in Klein Asië (Op 2:11).

3.3.6.3 Kerk in die algemeen/die universele kerk. Verwysing na die een en algemene kerk kry ons in Efesiërs (Ef 1:22; 3:10,21;5:23, 24, 25, 27, 29, 32) en Kolossense (Kol 1:18,24). In die volgende tekste verwys die Bybel na die algemene kerk verteenwoordig in plaaslike kerke (1 Kor 10:32; 1 Tm 3:5, 15).

3.3.6.4 Ekklesia in die meervoud. Die meervoudsvorm dui op die som van plaaslike kerke

(1 Ts 2:14; Gl 1:21), 'n onbepaalde aantal kerke (Rm 16:4, 16) al die plaaslike kerke (1 Kor 7:17; 14:34).

Uit die beskikbare inligting blyk dat in 85% van die gevalle die woord Ekklesia dui op die plaaslike kerk (gemeente) en in die paar ander gevalle op die algemene kerk.

3.3.7 Calvyn en die plaaslike kerk

Calvyn pleit vir 'n leraar vir elke gemeente, want dit is in belang van vrede en orde in die kerk. Lidmate moet nie die gebied van 'n ander gemeente binnedring nie. Dit is nie 'n menslike uitvindsel nie, maar 'n instelling van God. Hy wys daarop dat Paulus en Barnabas in die gemeentes Listra, Ikonium en Antiochië ouderlinge vir elke gemeente laat kies het (Hd 14:23). Ook aan Titus gee Paulus in Tt 1:5 die opdrag om van stad tot stad ouderlinge aan te stel. Hierdie paar teksverwysings is enkeles van die wat Calvyn gebruik om te wys op die belang van die plaaslike kerk, die selfstandigheid daarvan en die feit dat ampsdraers aan die plaaslike gemeente gebonde is. As die ampsdraers gebonde is dan seker lidmate ook.

As ampsdraers en lidmate, die hele gemeente, gebonde is aan 'n plaaslike kerk (gemeente), dan is dit ook belangrik om te weet watter gebied die bepaalde kerk se gebied is en watter nie. Geografiese grense was en is nie 'n menslike uitvindsel om die lewe van sommige lidmate te versuur nie.

3.3.8 Besware teen geografiese grense vir plaaslike kerke (gemeentes)

3.3.8.1 Sommige lidmate in 'n gemeente en die leraar kom nie oor die weg nie, weens botsing van persoonlikhede of ander verskille. Dit sou beter wees dat hulle by 'n buurgemeente inskakel, dan is daar minder wrywing.

Is die gemeente nie familie (broers en susters) in Christus nie? Is daar nie wrywing in families nie? Los ons dit op deur byvoorbeeld ons name te verander en ons so van ons families te distansieer? Hoeveel mense loop rond met 'n verwyt, omdat hulle nie 'n ongelukkigheid met 'n ouer opgeklaar het voor dié se dood nie? Die oplossing

wat blywende vrede bring vind ons by die Here, nie in 'n ander gemeente nie (vgl. Kol 3:12-17).

Is dit 'n Bybelse oplossing? Was daar nie wrywing tussen die apostel Paulus en die Thessalonisense nie (1 Ts 2:2; 3:4)? Dit was so hewig dat die apostel die wyk moes neem. Ons lees egter nie dat die lidmate hul lidmaatsvoorregte in Berea of Philippi (die buurgemeentes) geniet het nie.

Wie is die ongelukkige wat tegemoet gekom word? Is dit die Here wat ween oor die sonde van sy kinders, of is dit 'n sondaarmens wat sy sin wil hê?

3.3.8.2 Die eredienste in die gemeente is so emosieloos. Hulle sing te veel Psalms en Gesange en niks modern nie.

Wat is die erediens? Is dit nie 'n gesprek tussen God en sy gemeente nie? Is die gebede en liedere nie die gemeente se antwoord op God se spreke nie? Die woorde van die lied moet daarom antwoord gee op God se spreke en dit moet dan seker ook 'n antwoord wees wat Hom tevrede stel. Ons sou ook kon sê, wat vir Hom welbehaaglik is, ja 'n offer wat Hom welgeval. 'n Offer gebring met die regte gesindheid is dus van groot gelang (ek moet selfs die droë Psalms met 'n blye hart sing). Die offer self moet ook sonder gebrek wees. Die woorde van die lied moet reg wees vir God.

3.3.8.3 Die gemeente pak niks nuuts aan nie. Ek kan nie my talente en gawes daar gebruik nie.

Is dit nie treffend dat uit al die Israeliete, wat uit Egipte weggetrek het, daar slegs twee kunsvaardiges (Besáleël en Ohóliab) was wat geskik was om al die versieringe aan die Tabernakel te maak nie? In die vergadering van die volk van God was die vraag nie hoeveel mense Moses kon betrek nie, maar wel wie geskik was om die taak te verrig.

3.3.9 Argumente ten gunste van grense in aansluiting by dit wat reeds hierbo behandel is

3.3.9.1 Na die terugkeer uit Egipte het Josua die land verdeel sodat elke stam sy grond gehad het. Die grense vir elke stam se gebied is duidelik uitgestippel. Dit was een volk, maar daar was 12 stamme en elkeen het sy geografiese gebied gehad.

3.3.9.2 Die woord ekklesia is die woord wat in die Nuwe Testament by uitstek gebruik word om die vergadering van gelowiges aan te dui. Dit dui op die universele kerk (in Efesiërs en Kolossense) en by verre in die meeste gevalle op die plaaslike kerk.

3.3.9.3 Gewaardeerde kerkregtelikes uit die gereformeerde stal, soos Bouwman, Rutgers, Kuyper, Jansen, Nauta en EPJ Kleynhans wys in aansluiting by Calvyn op die groot belang van die plaaslike kerk. Calvyn het dit as die grootste teen-

voeter teen die hiërargie by die Rooms Katolieke kerk gesien. Die beginsel (die belangrikheid van die plaaslike kerk) is vroeg reeds vasgelê by die sinodes van Parys (1559) en Emden (1571). Toe reeds is grense getrek, grense vir gemeentes en wyke, want lidmaatskap was toe reeds aan die plaaslike kerk verbind, in teenstelling met die Rooms Katolieke waar dit aan die hele kerkverband verbind is. Die ampte was verbonde aan die plaaslike gemeente, soos in die Nuwe Testament. Die afbreek van hierdie belangrike gereformeerde uitgangspunt is 'n stap terug na Rome en 'n stap vorentoe na die universalisme.

3.3.9.4 Dit vergemaklik die suiwere bediening van die sakramente. Die suiwere bediening van die sakramente is tog een van die drie kenmerke van die ware kerk. Dit is wel die lidmaat se plig om self te let daarop dat hy/sy nie op 'n onwaardige wyse aan die tafel van die Here aansit nie; dit is egter ook die ouderlingeraad se plig om toe te sien dat die nagmaal aan lidmate bedien word en nie byvoorbeeld aan ongelowiges nie. So moet hulle ook toesien dat die nagmaal aan ongesensureerde lidmate bedien word. As die hele gemeente binne die grense van die gemeente bly vind dit beslis makliker plaas.

3.3.9.5 Dit bevorder tughandelinge. Die handhawing van die kerklike tug is saam met die suiwere bediening van die sakramente ook een van die drie kenmerke van die ware kerk. As daar nie grense is nie, is daar ook nie die moontlikheid van die handhawing van die tug nie. Wat word dan van God se eer? Wat word van die kerk? Word dit nie 'n vergadering van losbandige sondaars wie se eie siening al is wat geld nie? Wat word van die sondige mens? Is my eie siening dan altyd korrek?

3.3.9.6 Dit werk die heksejag na gegoede lidmate teen. Die verdorwenheid van die menslike natuur moet ons nie geringskat nie. Selfs baie vroom leraars kan voor die versoeking swig om gegoede gebelgde lidmate van die buurgemeente te verwelkom.

3.3.9.7 Dit leer ons verdraagsaamheid. Ons moet ook leer om te verskil en tog saam te leef en selfs saam te werk.

AANBEVELING

3.3.10 Die sinode besluit om aan ringe opdrag te gee om uitvoering te gee aan KO Art 37.4 omdat:

3.3.10.1 ons nie die onrus oor hierdie saak tot bedaring sal bring indien ons nie doen wat reg is nie;

3.3.10.2 ons nie onself gereformeerd moet noem en dan die hiërargie van Rome of die independentisme van die doperse groepe toe

te pas nie;

3.3.10.3 ons nie menslike besware en oorwegings swaarder kan laat weeg as die eise van die Skrif nie.

3.4 Plek van die diaken in die Kerkregering

3.4.1 Opdrag: Die sinode kontinueer die opdrag aan die KKS soos vervat in Handeling sinode 1993, bl. 278, pt. 167 soos in Sakelys 1995 pt. 4.7 van die KKS-verslag aangehaal.

Daarmee is ook beskrywingspunt 6.11 oor die diaken in die kerkraad, bl. 135 na die KKS terugverwys.

3.4.2 Die volgende studiestuk oor die diaken in die Kerkregering word hiermee aan die sinode voorgelê:

DIE DIAKEN IN DIE PRESBITERIALE STELSEL VAN KERKREGERING

3.4.2.1 Inleiding

Die sinode 1993 en die sinode 1995 het respektiewelik die volgende "besluit" en "beskrywingspunt" na die KKS verwys vir bestudering, verslag en aanbeveling aan die sinode:

3.4.2.1.1 Voorstel van prof. WJG Lubbe soos goedgekeur:

Die sinode dra dit aan die KKS op om die eersvolgende sinode te bedien met 'n indringende studiestuk en aanbevelings oor die vraag of die APK se Kerkorde en Bepalings t.o.v. kerkregering, nog te rym is met die drie Belydenisskrifte, en indien nie, watter een, Belydenisskrif of Kerkorde, aangepas moet word om aan die Skrif getrou te bly.

Die sinode 1993 het ook die volgende tot die ondersoek toegevoeg: kan 'n diaken voorsitter van die sinode word? Moet ouderlinge op die sinode uitgesluit word van die bespreking en besluite wanneer sake wat suiwer op die terrein van die diakonie lê, soos Barmhartigheidsdiens, aan die orde kom?

3.4.2.1.2 Beskrywingspunt van die ring van Petrusburg – Eksegetiese studie oor ouderlinge en diakens – aangehaal uit Sakelys sinode 1997, bl. 113-115. ('n Eksegetiese studie van die rol, funksie en eietydse kerkregtelike toepassing van verskeie begrippe rondom die amp van ouderling en diaken.)

Die Direkteur van Kerkadministrasie het 'n beskrywingspunt van die ring van Petrusburg na die KKCE gekanaliseer. Dit lees soos volg:

Die sinode dra dit aan die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek op om 'n eksegetiese studie te maak van die rol, funksie en eie-tydse kerkregtelike toepassing van die begrippe presbuterol, diakoneo, diakonia, episkopos, episkopeo, poimen en

ander moontlike verbandhoudende terme in sowel die Ou as die Nuwe Testament, met die doel om die sinode te adviseer oor die eietydse funksionering van die ampte van ouderling en diaken in die Afrikaanse Protestantse Kerk, sodat die sinode kan oordeel of die funksionering van die ampte, soos uitgespel in die Kerkorde van 1996, Skrifgetrou is.

5.1.1 Motivering

5.1.1.1 Skrif en Belydenis

Op die gereformeerde grondslag van sola scriptura word aanvaar en geglo dat die Bybel die presbiteriale kerkregeringstelsel as norm voorhou vir toepassing in die Kerk van Jesus Christus, soos veral uiteengesit in artikels 30, 31 en 32 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis (NGb.).

'n Deeglike verkenning van hierdie artikels in die NGb. bring aan die lig dat die drie besondere ampte, naamlik leraar, ouderling en diaken, se pligte van mekaar onderskei word, maar dat in amptelike funksionering die ampte nooit van mekaar geskei word nie. So praat art. 30 van die NGb. van dienaars, herders, opsieners en diakens, sonder dat daar 'n sweem van sprake is dat vier besondere ampte ter sprake is in plaas van drie. Artikels 30, 31 en 32 moet as geheel beskou word om tot die besliste slotsom te kom dat daar net drie besondere ampte (leraar, ouderling en diaken) is. Bestudering van die Skrifgetuienisse by die vermelde artikels (soos aangedui in die Kerkboek van die AP Kerk) bring boonop aan die lig dat woorde, terme en uitdrukkings wat die Skrif gebruik om na die besonder ampte te verwys, nie op 'n simplistiese, direk-ooreenstemmende wyse op die huidige amte van leraar, ouderling en diaken van toepassing gemaak kan word nie. Daarom moet ook aanvaar word dat wanneer daar van 'n presbiteriale stelsel gerpaat word, daar nie bedoel word dat dit byvoorbeeld net na 'n ouderlingestelsel verwys nie, maar inderdaad in breër sin na 'n stelsel wat deur die ampte bedryf word.

5.1.1.2 Ontwikkeling in die AP Kerk

Die afgelope aantal jare het daar met betrekking tot die funksionering van die besondere ampte 'n besliste ontwikkeling in die AP Kerk plaasgevind wat daartoe lei dat oordrewe onderskeiding tussen die ampte van ouderling en diaken nou 'n geskeidenheid tot gevolg het. Hierdie ontwikkeling kan veral nagespeur word in die wysigings wat in die Kerkorde aangebring is om die werksaamhede van die kerkraad al hoe meer om die taak van die ouderling te laat wentel. Die huidige Kerkorde (van 1996) dui in ingeveer 80 gevalle, in sowat 39 artikels en bepalinge, aan dat magte, funksies en verantwoordelikhede in die ouderlinge/ouderlingeraad gesetel is wat, sonder om teen die letter of gees van die Formuliere van Eenheid in te druis, ook in die kerkraad (ouderlinge en diakens gesa-

mentlik) gesetel kon wees. Net 'n paar van hierdie magte, funksies en verantwoordelikhede word ter illustrasie genoem:

- Direkte betrokkenheid by die verkryging van lidmaatskap deur nuwe aansoekers, hetsy vanaf ander kerke/kerkverbande, of persone wat aansoek doen om belydenis van geloof af te lê.
- Direkte betrokkenheid by die beëindiging van lidmaatskap van lidmate wat die kerk verlaat.
- Direkte betrokkenheid by die ondersoek na besware teen die verkiesing van ampsdraers en/of die beroeping van leraars.
- Toesig oor die verbondsonderrig.
- Toesig oor die sakramentsbediening. (Veral by die bediening van die nagmaal, waar die bedienende diaken by uitstek in die posisie is om toe te sien dat ongemagtigde persone nie die brood en beker misbruik nie, sou die diaken ook kon toesig hou.)

5.1.1.3 Gevolge van die huidige stand van sake

Die pertinente inperking van die direkte betrokkenheid van die diaken in bovermelde aangeleenthede deur die huidige Kerkorde, is 'n anomalie:

- Artikel 49 van die Kerkorde (1996) dui aan dat die kerkraad (ouderlinge en diakens gesamentlik) lidmate van die kerk moet toerus, aktiveer en organiseer om diensbaar te wees in die Kerk van Christus; sonder die uitdruklike opdrag van toesig, saam met die ouderlinge, word hierdie opdrag in groot mate onuitvoerbaar vir die diaken.
- Bepaling 23B dui aan dat die kerkrade die groslys moet finaliseer voor die verkiesing van ampsdraers; hierdie taak moet uitgevoer word veral met verwysing na die leer en wandel van genomineerde persone. Sonder die uitdruklike opdrag van toesig is hierdie taak dan ook vir die diaken onuitvoerbaar.

In die suidelike streke van ons land, waar sowat dertig persent van die gemeentes in ons kerkverband gesetel is, word die geskeidenheid tussen ouderling en diaken geaksentueer, aangesien kerkrade in hierdie streke grootliks uit enkelgetalle bestaan. Dit bring mee dat uit hoogstens twee of drie persone 'n ouderlingeraad- of diakonievergadering moet konstitueer; die stremming op sinvolle besprekings en besluitneming is dikwels onhoudbaar. Sou daar egter meer gewag gemaak word van die funksionering van die volle kerkraad, sal hierdie probleme uit die weg geruim word.

5.1.1.4 Samevatting

Aangesien geen volledige, oortuigende Skrifbewyse of interpretasie nog aangevoer is vir die huidige geskeidenheid tussen ouderling en diaken nie, en aangesien groter eenheidsfunksionering van die besondere ampte nie 'n voor-die-hand-liggende

negering van die gereformeerde belydenis sal wees nie, word hierdie beskrywingspunt voor die sinode gelê sodat die Skrif self kan aandui hoe die ampte die Kerk van Christus beter kan bedien.

5.1.2 Omdat die finale vergadering van die KKCE reeds agter die rug was voordat die beskrywingspunt hanteer kon word, het die lede na oorlegpleging met mekaar besluit om die volgende aanbeveling aan die sinode te maak:

5.1.1.5 Aanbeveling

Die sinode dra dit aan die nuwe KKCE op om in samewerking met die KKS en die dosente van die Departemente Ou en Nuwe Testament, 'n studies-tuk op te stel wat lig kan werp op die probleem wat in die beskrywingspunt van die ring van Petrusburg oor 'n eksegetiese studie oor ouderlinge en diakens genoem word.

(Die aanbeveling is gewysig goedgekeur – Handeling 1997, bl. 298.)

3.4.2.2 ENKELE ALGEMENE OPMERKINGS VOORAF

3.4.2.2.1 T.o.v. die voorstel

3.4.2.2.1.1 Dit gaan inderdaad nie om die drie Belydenisskrifte nie, maar om die Nederlandse Geloofsbelydenis en wel net arts. 30, 31 en 32, waarna die “beskrywingspunt” ook verwys in die “motivering”, pt. 5.1.1.1.

3.4.2.2.1.2 Volgens die formulering van die “voorstel” word geïmpliseer dat daar verskil aanwesig is en dat 'n aanpassing verwag word.

3.4.2.2.2 T.o.v. die beskrywingspunt

3.4.2.2.2.1 Die “beskrywingspunt” is só geformuleer asof die sogenaamde “eietydse funksionering van die ampte van ouderling en diaken in die Afrikaanse Protestantse Kerk” sodanig is dat die Skrifgetrouheid daarvan noodsaaklikerwys getoets moet word.

3.4.2.2.2.2 Dié betwyfeling van die “eietydse funksionering van die ampte” word in “motivering”, pt. 5.1.1.1 aan die hand van arts. 30, 31, 32 van die NGb. deur beredenering aprioristies baie skerp gestel. Die beredenering maak egter belangrike uitgangspunt- en denkfoute wat aangetoon sal word.

3.4.2.2.2.3 Onder “motivering” pt. 5.1.1.2 “Ontwikkeling in AP Kerk”, word verwys na 'n funksioneringsontwikkeling wat sou gelei het tot “'n oordrewe onderskeiding tussen die ampte van ouderling en diaken wat nou 'n geskeidenheid tot gevolg het”. Die bewyse daarvoor is dan die wyse waarop “kerkraadswerksaamhede ouderlinger-aadswerksaamhede” sou geword het. Dit word met groot stelligheid beweer. Verder word sonder

meer verklaar dat “sonder om teen die gees van die Formuliere van Eenheid in te druis, ook in die kerkraad gesetel kon wees.” In watter opsig handel die Heidelbergse Kategismus of die Dordtse Leerreëls daarmee? Die laasgenoemdes handel nie daarvoor nie!

Die vraag moet aan die opsteller van die beskrywingspunt gestel word of die “opdragte van die ouderlinge”, Kerkorde 1987 (die eerste) art. 18 in enige opsig inhoudelik verskil van die “opdragte” soos in art. 21 van die Kerkorde 1998 (die jongste) geformuleer, behalwe dat die eerste twee opdragte van 1987 daarna saamgevoeg is as een punt en by die doen van huisbesoek ingevoeg is “gereelde en behoorlike”. Ten opsigte van die “opdrag van die diaken” lees art. 19 van 1987 letterlik presies soos in art. 22 van 1998. Die “opdragte” het presies dieselfde gebly. Daar het geen, maar geen, ontwikkeling plaasgevind nie. Die “opdragte”, soos deur die eerste sinode twaalf jaar gelede vasgestel is, soos gaandeweg aangetoon sal word, Skriftuurlik én soos die gereformeerde kerkregkundiges (canonici, Calvyn, Voetius, die Kontra-Remonstrante by die Sinode van Dordrecht 1618-1619, FL Rutgers, A Kuyper en ander dit as die opdragte van ouderlinge en diakens gestel het.

Die “ontwikkeling” waaroor die opsteller bedenkinge koester was wesenlik niks anders dan om die bevoegdhede, funksies en verantwoordelikhede in ooreenstemming te bring met die oorspronklike en ongewysigde opdragte. Die vyf voorbeelde onder pt 5.1.1.2 gegee, is geeneen tuis te bring onder die “opdragte” van die diaken nie, óók nie die laasgenoemde oor toesig oor die sakramentbediening nie, want almal weet baie goed wat die “diakonale dienste” by die nagmaal behels. Waarom skei die beskrywingspunt dié “dienste” tussen nagmaal en doop en het die diaken toesig tydens die erediens? Arts. 42.1 en 42.2 van die Kerkorde moet tog ook saamgelees word met arts. 21 en 22.

Dit is jammer dat die beskrywingspunt eensydig redeneer oor kerkorde-artikels sonder om die basiese artikels in aanmerking te neem en te verantwoord. Dit toon 'n miskenning van Kybernetiese beginsels vir die verstaan van die Kerkorde.

3.4.2.2.2.4 Die “motivering” pt. 5.1.1.3 wat handel oor “die gevolge van die huidige stand van sake” is 'n totaal pragmatiese beredenering, wat nie rekening hou met gereformeerde kerkregtelike beginsels nie, terwyl die kerkreg eeue gelede reeds 'n oplossing vir die dusdanige probleem van klein kerkrade gebied het. Bowendien is, om net maar te reageer op die verwysing na art. 49, dié verwysing werklik 'n groot mistasting.

Art. 49 verwys na “toerus, aktiveer en organiseer”,

sonder verwysing na "opsig". Eerstens, moet in gedagte gehou word dat Ef 4:11 die opdrag aan "apostels...ander as herders en leraars" gee "om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus". Tweedens, gee Paulus in Hd 20:28 aan "die ouderlinge (opsieners) van Efese" opdrag om as die aangestelde opsieners, "as herders die gemeentes van God te versorg." Hier word nie na die diaken verwys nie. Nogtans sluit art. 49 met verwysing na die "kerkraad" die diakens in, want hulle het kragtens art. 22 'n taak in die gemeente, naamlik barmhartigheidsdiens. Later sal spesifiek sy Skriftuurlike opdrag ten aansien van barmhartigheidsdiens uitgespel word. Rm 12:8 verwys na "wie uitdeel" en weer "wie barmhartigheid bewys". Die diaken "deel uit" en nou stel die "Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens" dat hy moet "versamel" en weer "dat die middele tot ondersteuning ...gevind moet word" én nog weer "moet die gemeente inspireer en aanspoor om mekaar se laste te dra en getrou te wees in die diens van barmhartigheid...."

Dit is mos oorbodig om nou te vra hoe slaag 'n diaken daarin as hy nie aktiveringswerk doen deur aan te spoor tot dade en offers deur juis toerustingswerk vanuit die Skrif en met organisasie nie. Daar moet onthou word dat 'n Kerkorde nie 'n kerkwet is, wat alles in besonderhede uitspel nie, maar met kennis van die Gereformeerde Kerkreg en die Kybernetiek leer die leser van die Kerkorde om reg te verstaan en toe te pas.

3.4.2.2.2.5 Met verwysing onder "motivering", pt. 5.1.1.1 na die Presbiteriale stelsel van kerkregering betoon die opsteller 'n onkunde betreffende dié stelsel. Die Presbiteriale stelsel verleen juis dié benaming van die presbiter (presbuteros), synde regering deur die presbuteroi, ouderlinge. Die regering in die kerk berus by die presbuteroi, (Hd 20:28 "julle as opsieners aangestel" – waarom het Paulus net die ouderlinge ontbied en nie ook die diakens nie? 1 Tm 3:1, 2, 5; 1 Tm 5:17; 2 Pt 5:1-3) en nie by die diakens nie. Natuurlik verwys die stelsel na 'n stelsel waarin die ampte vervat is, dog met elk sy eie taak (opdrag), wat inhoudelik verskil, maar nêrens vind ons 'n beskrywing van die stelsel of sy beginsels waarin 'n opsieners-, 'n regeringsbevoegdheid aan die diakens gegee word nie, vgl. Calvin: "Institusie" en elke ander gereformeerde kerkregpublikasie.

3.4.2.2.2.6 Onder pt. 5.1.1.4 "samevatting" word 'n stelling gemaak in verband met "geen volledige, oortuigende Skrifbewyse of interpretasie nog aangevoer is vir die huidige geskeidenheid tussen ouderling en diaken ..." nie, wat werklik vir elke gereformeerde kerkregkundige verbasend is. Dit is te lees in elke gereformeerde kerkregpublikasie. Aangesien die onderskeid egter in die Kerkorde vasgestel is, kan elke Kerkorde van 'n gere-

formeerde kerkverband as getuie geroep word dat geen Kerkorde nog aan die bogemelde "eis" of "verwagting" voldoen het nie. Wat wel bestaan, is dat 'n bestaande gereformeerde kerkorde toegelig of verklaar is, soos waarvan 'n hele aantal bestaan: Jansen – Korte verklaring van de Kerkorde; FL Bos – De Orde der Kerk; Monsma/Dellen en Monsma – The new revised Church Order Commentary; Kruger et al – Handleiding by die Kerkorde; Nauta – Verklaring van de Kerkorde van die Geref. Kerken in Nederland; Spoelstra – Geref. Kerkreg en Kerkregering; Jansen/Pol – Kerkenordening; Heyns – Handbook for Elders and Deacons; Meulink/Wolff – Korte verklaring van de Kerkenordening; Van Staden – Beknopte Handleiding vir Kerklike Tug (deel van Kerkorde) en ander.

3.4.2.2.2.7 Onder "motivering", pt. 5.1.1.1 word daarna verwys: "die presbiteriale kerkregeringsstelsel as norm voorhou vir toepassing vir die Kerk van Jesus Christus, soos veral uiteengesit in artikels 30, 31 en 32 van die NGb." Hierdie laaste is 'n absolute verskralling van die presbiteriale kerkregeringsstelsel, want artikels 30,31 en 32 is nie "veral" 'n uiteensetting van gemelde stelsel nie, dog 'n verwysing na 'n gedeelte van die stelsel. Dié kerkregeringsstelsel omvat veel meer as wat arts. 30,31 en 32 vermeld, vgl. bv. "Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringsstelsel" deur dr. GPL van de Linde om maar een publikasie te noem.

3.4.2.2.3 T.o.v. die twee vrae tot die voorstel gevoeg

3.4.2.2.3.1 Diaken as voorsitter van die sinode

Dit is eenvoudig so dat, solank arts. 38.1 en 40 in die Kerkorde verskyn soos tans verwoord, 'n diaken (art. 38.1) 'n afgevaardigde en dus lid van die sinode is. Art. 40 sluit niemand van die afgevaardigdes uit enige posisie van voorsitter, ondervoorsitter ens. nie.

3.4.2.2.3.2 Ouderlinge word uitgesluit as barmhartigheidsdiens behandel word?

Hier geld wat onder pt. 2.3.1 gestel is van enige afgevaardigde, naamlik dat hy lid is van die sinode en dus nie uitgesluit van enige bespreking kan word nie. Geen artikel stel 'n dusdanige uitsluiting as bepaling nie.

3.4.3. ONDERSOEK I.V.M. BESPREKING EN BEVINDINGS T.O.V. VOORSTEL EN BESKRYWINGSPUNT

Aangesien die "voorstel" en "beskrywingspunt" oorvleuel kan dit gesamentlike behandel word.

3.4.3.1 Studie van begrippe

3.4.3.1.1 Diakoneo, diakonia en diakonos

Ds. A Hough het 'n baie verdienstelike skripsie in

sy finale jaar geskryf met as titel: "'n Ondersoek na die ontstaan, ontwikkeling en funksionering van die diakenamp volgens die Presbiteriale stelsel van kerkregering", waarvoor die studieleier en Kuratorium hom "hoë lof" toegeken het.

Met die keuse van dié onderwerp was dit essensieel dat 'n baie intensiewe studie gemaak moet word van die bogemelde drie woorde soos dit in die Nuwe Testament verskyn en met welke betekenis(se). Die motivering vir die beskrywingspunt lê dan juis klem op wat die Skrif leer. Daarom is 'n woord-, begrip-, eksegetiese studie gedoen.

Die woord "diakoneo" (verskillende tye ens.) kom in 32 Nuwe-Testamentiese tekste voor. Woordboeke/handleidings (Abbott-Smith; Louw/Nida; Muller/Thiel; Bauer/Arnot/Gingrich; Liddell/Scott) en 'n groot aantal kommentare en Bybelse handboeke is geraadpleeg. Die betekenis is: "om te dien, dien, bedien, versorg".

Die woord "diakonia" kom in 32 Nuwe-Testamentiese tekste voor. Die betekenis is "diens, bediening, dienslewering, versorging, ondersteuning".

Die woord "diakonos" (ook meervoud) kom 27 keer voor in Nuwe-Testamentiese tekste. Die betekenis is "dienaar(s), dienaars (Rm 16:1)" en drie keer dui dit op 'n kerklike "amp", "diaken", te wete Flp 1:1, 1 Tm 3:8 en 3:12.

Indien rekening gehou word met ruimte in die sakelys van 'n sinode, kan al die tekste en berekeninge nie hier aangebied word nie. Hierdie bevinding word aanvaar en aangebied vir verdere besinning.

3.4.3.1.2 Die ontstaan van die diakenamp in die Christelike Kerk

Die woord "diakonos" as duidende op die "amp" van diaken in die Christelike kerk, word nêrens in die Handeling van die apostels gebruik nie. Trouens, daar is geen direkte verwysing eers na die amp "diaken" nie. Die woord "diaken" soos dit in Hd 21:8 (OAV) voorkom, is 'n kursiefgedrukte invoeging van die vertalers, want dié woord verskyn nie in die oorspronklike Griekse tekste nie, vgl. Greek-English New Testament – Nestle-Aland; The Greek New Testament (majority text – Hodges-Farstad; vgl. ook vertalings in Afrikaans, Engels, Duits, Nederlands o.a. die Statevertaling.

Die woord "diaken" verskyn dus ook nie in Hd 6 nie, waar net verwys word na sewe manne en in Hd 21 "wat een van die sewe was". Oor die "sewe" word weer verneem van Stéfanus, Hd 7 as prediker (evangelis) en martelaar en van Filippus, Hd 8 en Hd 21, waar hy spesifiek genoem word "die evangelis" en "een van die sewe". Hy en Stéfanus word nie "diakens" genoem nie. Die NT swyg oor wat van die "sewe" geword het, behalwe oor

Stéfanus. Die feit is dat hulle ook in Hd 11:30 verwyg word, nóg as "sewe", nóg as "diaken", wanneer die gemeente in Antiochië Barnabas en Saulus met hulle bydrae, na Jerusalem stuur en verklaar word dat dit "aan die ouderlinge gestuur" word.

Verder word net ouderlinge en nie diakens nie vermeld in Hd 15:2, 4, 6, 22, 23; 14:23 (waar Paulus in die nuwe gemeentes net ouderlinge laat kies het); 16:4; 20:17 (die ouderlinge van Efese); 21:19.

Paulus gebruik die benaminge "ouderling" en "opsiener" as sinonieme vir dieselfde amp in die kerk. In Flp 1:1 skryf hy aan die "opsieners" en in 1 Tm 3:2 verwys hy na "'n opsiener". Só spreek hy ook die "ouderlinge" van Efese (Hd 20:17) in Hd 20:28 aan as "opsieners". "Ouderling" en "opsiener" is dus vir hom 'n amp. Dit blyk ook uit 1 Tm 5:17 waar hy die benaming "ouderling" gebruik, pas nadat hy in 3:2 die benaming "opsiener" gebruik het. Hy beveel ook Titus in Tit 1:5 om "ouderlinge" van stad tot stad in Kreta aan te stel, én stel daar dieselfde kwalifikasie as in 1 Tm 3:2-7 vir 'n "opsiener".

Terwyl Handeling en Paulus dan meermale verwys na "ouderling" (opsiener), swyg Handeling oor "diaken" en verwys Paulus net in Flp 1:1 en 1 Tm 3:8, 12 na "diakono", (Rm 16: 1 word vir eers buite rekening gelaat).

Die vraag wat dan beantwoord moet word, is wat dan van Hd 6?

Die instelling van die diakenamp word tradisioneel aan Hd 6 verbind. Beide die Klassieke en die eietydse formuliere vir die bevestiging van ouderlinge en diakens verklaar dat daar "van die instelling van die diakenamp in Handeling 6 gelees word". Calvyn, die Hervormer, wat die presbiteriale stelsel van kerkregering eerste uitgewerk het, ás die Hervormer, wat die besondere ampte vanuit die Skrif aangetoon het, stel in die "Institusie" 4.3.9 dat Lukas "hulle ontstaan, instelling en funksie" in Handeling beskryf en daar verwys hy na die gebeure van Hd 6 en besluit: "Daarom het hulle die gemeente versoek om sewe opregte manne te kies.... Hier is daar die diakens wat die apostoliese kerk gehad het, en dit betaam ons ook om volgens die voorbeeld van hierdie kerk sulke diakens te hê".

Hierdie siening dat die diakenamp ingestel is tydens die gebeure van Hd 6 word ondersteun deur FW Grosheide, JL de Villiers (hoewel hy dit stel dat hier wel 'n beskrywing van die instelling is, maar nog nie in sy volledige en permanente karakter nie); Jac J Müller; HDA du Toit (hy sê "ons aanvaar", sonder om 'n selfstandige ondersoek te doen); A Kuyper, in sy "Encyclopaedie", maar later het hy sy siening gewysig en die standpunt verdedig dat "die sewe net 'n besondere kom-

missie was vir armeversorging in Jerusalem, waaruit die diakenamp later ontstaan het, vgl. K Dijk: "De dienst der kerk", p. 241; Barclay: "New daily Study Bible – The Acts of the Apostles"; Massox: "Layman's Bible Book Commentary Acts"; Brown: "Critical Commentary", en ander.

Die vernaamste argumente wat genoem word ten gunste van Hd 6 as locus classicus vir die instelling van die amp kan soos volg gestel word:

- met die bediening van die tafels is die armesorg bedoel;
- die verkiesing, die eise, die handoplegging wys onweerlegbaar in die rigting van 'n spesiale bevestiging in die amp;
- Stéfanus en Filippus sou reeds evangeliste gewees het, daarom bly hul preek, al was hulle ook diakens, en tree Filippus later bv. in Samaria as evangeliedienaar op;
- die feit dat later in Handeling 19 nie weer oor die diaken gepraat word nie, bewys alleen dat na die vervolging die kerk geen aparte diakens meer gehad het nie – maar dit was slegs 'n tydelike toestand;
- uit Flp 1:1 en 1 Tm 3:8 vv. blyk duidelik dat in die ou Christelike Kerk, naas die ouderlinge, ook reeds diakens voorkom.

I.v.m. hierdie argumente kan gevra word:

- waarom noem Lukas die manne "die sewe", selfs só laat as Hd 21:8 en nooit "diakens" nie?
- is dit dan nie net maar 'n afleiding wat gemaak word uit Stéfanus en Filippus se later optrede as evangeliste dat hulle reeds evangeliste was voordat hulle tot die "sewe" gekies was nie?
- daar is geen Skrifbewyse vir die afleiding dat die gemis aan diakens te wyte was aan die vervolging nie. Die vraag is waarom dan net die diakens deur die vervolging "tydelik" verdwyn het en nie ook die ouderlinge nie? Was hulle nie ook onderworpe aan vervolging nie?
- is die laaste argument nie eerder 'n bevestiging daarvan dat die diakenamp eers later gerealiseer het nie, (want "Filippense word gedateer 62/63 n.C. en 1 Timotheus 63 n.C.)? Die antwoord ook nie die vraag waarom Paulus net ouderlinge in Klein-Asië en Kreta laat kies het nie.

Teenoor die voorstanders van Hd 6 as die instellingsgeleentheid van diakens, is daar ook 'n aansienlike getal wat dit teenstaan soos bv. Sohm, A Ritsch; Zahn; AM Brouwer; Williams RR: "The Acts of the Apostles"; Conzelmann: "Hermeneia – a Critical and Historical Commentary – Acts"; E Groenewald; FL Rutgers; G Voetius, GPL van der Linde, B Spoelstra, LS Kruger et al; Joh. Jansen; FAH van Staden en ander.

EP Groenewald, een van die grootste Nuwe Testamentici ter wêreld en beslis die grootste nog op Suid-Afrikaanse bodem, teoloog, eksegeet en Bybelvertaler by uitnemendheid se standpunt blyk die mees aanvaarbare te wees. A Hough het reeds vanuit woordbegripstudie en eksegeese bewys dat "diakoneo" beteken "dien, om te dien., bedien", dat "diakonia" "diens, bediening, diens lewering" en "diakonos" "dienaar" beteken. Wanneer Paulus die vereistes vir die "diakonos" in 1 Tm 3:8 vv. stel, sluit hy af met "want die wat goed gedien het" (diakonysantes), wat daarop dui dat die amp om "diens" gaan.

Daarteenoor gebruik hy vir die opsieners nóg in 1 Tm 3:5, (nóg in Titus 1:7, 9) die woord "diens", maar "sorg dra", wat duidelik dui op "regering" vanuit sy vooraf verwysing na "sy eie huis te regeer". Dit word bevestig deur die taak van "vermaning" in Titus 1:9.

Groenewald stel dit dan in "Handboek Bybelse Geskiedenis – die Nuwe Testament", bl. 428, dat die diakenamp nie in Hd 6 ingestel is nie. In Hd 6 word vermeld dat "sewe manne" gekies is as helpers by die tafels. Hulle is gekies en na gebed die hande opgelê. Daardeur is hulle in 'n amp bevestig. Die amp het nog nie 'n naam gehad nie en sy werksaamhede was nog nie skerp afgebaken nie," bl. 429. Groenewald stel dit ook in sy kommentaar op "die Pastorale Briewe", bl. 46 v. dat "die amp van diaken, wat nou ter sprake kom, die vrug is van 'n ontwikkelingsgang in die vroeë kerk." Nadat hy daar die woord "diakonos" in verskeie tekste behandel om die betekenis aan te dui, behandel hy ook die "diakonia", die bediening by die gemeenskaplike maaltyd en in Hd 6 spesifiek "om die tafels te bedien". In Hd 6 is sewe manne daartoe gekies. Hy stel dit dan (v.1) dat hulle ook die sorg van die Griekssprekende weduwee ontvang het, "afgesien van die bediening van die tafels" en dit noem hy "ook barmhartigheidswerk." Hy stel dit dan verder: "Hulle word wel nie diakens genoem nie, en hulle werk was hoofsaaklik die prediking, soos uit die latere verhaal (Filippus) blyk. Tog was dit die begin van die amp van diaken, wat volgens Flp 1:1 in die gemeentes gevestig geraak het."

Groenewald se bevinding is dan dat "'n amp", bekend as "sewe manne", later na verwys as "die sewe", Hd 21 gekies is en met handoplegging bevestig is, wat naas die tafelbediening barmhartigheidswerk moes doen, sonder dat dit 'n spesifieke naam gedra het. Hulle is nie "diakens" genoem nie. In die amp van die sewe is die "begin" te sien, is die "kiem" aanwesig van 'n ontwikkelingsgang in die vroeë kerk van "'n amp" wat later realiseer as die "diakenamp", Flp 1:1, 1 Tm 3:8 v. Hierdie realisering vind plaas rondom die behoefte van barmhartigheidsdiens. Groenewald stel dit

dan ook: "die dryfveer van hierdie amp was wel die behoefte aan hulpverlening in die gemeente, maar seker nog sterker die woorde van die Here Jesus wat verklaar het dat dié een wat die dienaar (diakonos) van die ander is, die grootste is, en dat Hy gekom het nie om gedien te word nie, maar om te dien (diakonein)", Mk 10: 43-45.

Omdat die sewe manne nie diakens genoem was nie, daar die amp van diaken nie met die instelling van die amp van die sewe ingestel was nie, maar ontwikkel het uit die opdrag aan die sewe, naamlik barmhartigheidswerk, kragtens latere behoefte, het ons waarskynlik daarin die rede waarom Handeling 6 oor die diakenamp swyg as nog nie bestaande en waarom Paulus ook nie in Klein-Asië en Kreta diakens laat kies het nie. Die diakenamp is die amp van "dien en diens". Vandaar dat dit verbind word aan die amp van Christus van "priester". (Eietydse Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens: "Die Here Christus het hiertoe drie ampte (profeet, priester, koning) in Homself verenig."

3.4.3.1.3 Die dienswerk van die diakenamp

Soos uit die voorgaande blyk, kan nie met vaste sekerheid uit die Skrif spesifiek aangedui word wanneer die amp van diaken in die vroeë kerk presies ingestel is nie. Dit word soos beredeneer, afgelei uit die instelling van die amp van sewe. Die begin of kiem van die diakenamp is daar aanwesig en wel in die aard van die diens of opdrag aan die sewe, naamlik tafelbediening en barmhartigheidsdiens. Dit blyk dan ook volgens 1 Tm 3:8vv. dat die diakens se dienswerk rondom "diens" kulmineer en by name barmhartigheidsdiens in die gemeente. Hier is vanuit die Skrif af te lei, want die Skrif gee geen sodanige opdrag nie, dat die diakenamp geen regeringsopdrag het nie.

In die gereformeerde kringe stem Nuwe Testamenteici saam dat die opdrag van die diaken barmhartigheidsdiens is. Gereformeerde kerkregkundiges aanvaar dan almal dat dit die opdrag volgens die Skrif is. Daarom word dit ook in gereformeerde kerkordes as die opdrag van die diakenamp gegee. Gevolglik is dit vanaf die eerste Kerkorde (1987) tot hede onveranderd die opdrag van die diakens in art. 22 vasgestel en word in art. 48 duidelik in verband met die "Diens van Barmhartigheid" in die gemeente bepaal "onder leiding van die diakens". Die opdrag van die diakens het ongelukkig, weens sekere historiese ontwikkeling en veral onder invloed van die Kollegialisme, in sommige gereformeerde kerke afgewater geraak, deurdat ander opdragte en regte aan die diakenamp gegee is, sonder Skrifgronde soos onder andere regeringsbevoegdheid mede met die ouderlinge. Hierdie verworping word helaas aanvaar as die "Skrifgegewe" en dus "korrekte", wat "gehandhaaf" moet word,

sonder Skrifverantwoording en dan word die Skrifgegewene betwyfel en bevraagteken as dit wat bewys moet word.

GEVOLGTREKKING

Daar bestaan dus geen twyfel nie dat die opdrag aan "die diaken" soos in art. 22 van die Kerkorde vasgestel, dus die funksionering daarvan in die AP Kerk, geheel Skrifgetrou is. Dit is ook Skrifgetrou dat in die AP Kerk (kerkverband) NIE regeringsbevoegdheid aan die diakenamp gegee word nie. Daar is nie Skrifgegewens wat aangevoer kan word dat die diakenamp regeringsbevoegdheid toekom nie. In die Protestantse wêreld is dit bewese dat met historiese ontwikkeling onder invloed van praktyk en behoefte, asook onder invloed van regeringstelsels, soos veral die Kollegialisme, sonder enige Skrifverantwoording en sonder selfs om die beginsels van die Presbiteriale stelsel van kerkregering te honoreer, bevoegdhede aan die diakenamp gegee is.

3.4.4. KERKORDE, SKRIF EN BELYDENIS

Die "besluit" (prof. Lubbe) vra na 'n toets van die "Kerkorde" en "Belydenisskrifte" aan die Skrif. Soos reeds hierbo gestel word net arts. 30, 31 en 32 van die NGb. bedoel. Dit gaan dus nie om die drie Belydenisskrifte as sodanig nie. Ook die "beskrywingspunt" verwys na arts. 30, 31 en 32 van die NGb. Dit is in beide gevalle duidelik dat dit nie om die artikels van die NGb. gaan nie, maar om die Kerkorde, want dit is die posisie en funksionering van die diakenamp hierin wat eintlik onder die vraagteken geplaas word.

Wat dus nodig is, is om eers 'n studie te maak van die presiese inhoud en betekenis, die bedoeling van arts. 30, 31 en 32 en van daaruit vas te stel of die Kerkorde strydig is met dié artikels.

Eerstens weet elke gereformeerde kerkregkundige dat daar 'n verband tussen belydenis en kerkorde is. Een van die "kosbaarste erfgoederen der Reformasie van die 16e eeu is die belijdenis van de alleenheerskappy van Gods Woord in de kerk", Hovius: "Het verband tussen onze Belijdenis en onze Kerkorde", bl. 5 en dat dit ook geld ten aanzien "van de kerkregering den kerk". FAH van Staden: ("Kerkorde in die Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk(e) in Suid-Afrika 1652-1970") stel as een van die dertien kenmerke van 'n gereformeerde kerkorde dat "'n kerkorde in ooreenstemming moet wees met die belydenis van die kerk", bl. 17. Hovius sê ook dat daar 'n wesenlike en innige verband tussen Konfessie en Kerkorde bestaan. Beide is struktureel en essensieel op mekaar betrokke.

Die Kerkorde van die AP kerke is totaal, met inagneming van ons omstandighede, gebaseer op die Dordtse Kerkorde 1618-19. Die teoloë van die

Sinode van Dordrecht kon aan die hand van die Skrif die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelijdenis onder oë neem en as Belydenisskrifte handhaaf en 'n nuwe Belydenisskrif, die Dordtse Leerreëls formuleer en as Belydenisskrif stel. Dieselfde sinode het ook die Dordtse Kerkorde vanuit bestaande gereformeerde kerkordes opgestel en vasgestel. Dit is tog totaal ondenkbaar dat teoloë, wat Belydenisskrifte gekontroleer/opgestel en vasgestel het, met hulle Skrifkennis en kennis van die inhoud van die Belydenisskrifte 'n Kerkorde sou vasstel wat strydig is met die Belydenisskrifte!

Tog was daar latere kerkregkundiges en dogmatici wat in die Dordtse Kerkorde 'n strydigheid met die NGb. arts. 30, 31 en 32 betoog het. Daarteenoor was daar ook diegene wat geen strydigheid kon vind nie. Onder die eerste groep tel persone soos Hovius, Dijk, Nauta en onder die laaste groep persone soos Calvyn, Voetius, Rutgers, HH Kuyper, A Kuyper, H Bouwman, Deddens, Spoelstra, LS Kruger, Van der Linde, Van Staden ens.

Aangesien die "verskilpunt" in art. 30 "gevind" word, sal hoofsaaklik daarmee gehandel word. Art. 31 verwys daarna dat predikante ("hulle het een en dieselfde mag en gesag, omdat hulle almal die-naars van Jesus Christus is, die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk"), ouderling en diakens "vir hulle ampte gekies moet word deur wettige verkiesing van die kerk", en dat niemand homself "deur onbekoorlike middele" mag indring nie. LW na die laaste sin van hierdie artikel word later weer verwys. Art 32 verwys na die handhawing van orde, dissipline en tug deur "die regeerders van die kerk" wat "onder mekaar 'n sekere orde instel en bevestig" in die kerk, maar wat nie mag afwyk van wat Christus "vir ons ingestel het nie". Die regeerders mag 'n orde instel vir die goeie regering van die kerk volgens Christus se ordebeginsels. Art 32 verwerp dan alle menslike "vindinge" en "wette" wat mense sou wil skep. Hierdie verwerping moet albei kampe by die interpretasie van art 30 maar goed in gedagte hou! Art 32 sluit dan af met die opdrag van gehoorsaamheid aan die ordereëlinge en die ekskommunikasie. In die voorlaaste sin staan daar: "So neem ons dan alleen aan wat kan dien om eendrag en eenheid te bevorder en te bewaar en almal te hou aan gehoorsaamheid aan God". Dit sien dus op die ordereëls, volgens dié deur Christus ingestel. Dan volg sonder meer "daartoe word veral vereis die ekskommunikasie...", wat toegepas word volgens die Woord van God, en alles wat daarmee saamhang." Art 32 meld geen woord van ongehoorsaamheid aan of oortreding van die ordereëls en van tugprosedures en tug nie, maar vermeld feitlik losstaande die ban. Dit bewys dat art. 32 nie alles oor die tug stel nie, maar net die tug vermeld. Art. 32 is dus geen volledige tughandelinge-artikel

nie. Veel word verswyg. Dit moet ook by die eksegeese van arts. 30 en 31 in gedagte gehou word. Arts. 30, 31 en 32 is geen volledige Gereformeerde Kerkreg nie en geen Kerkorde nie. Dit bevat ook nie alle beginsels nie. Die vraag is nou, wat is dan wat in ons Kerkorde is, strydig met arts 31 en 32? Waarom word dié artikels in die "beskrywingspunt" as moontlik strydig met die Kerkorde vermeld? En, veel meer waarom vermeld die "voorstel" sommer al die Belydenisskrifte? Alles gaan wesenlik om artikel 30.

Die NGb. het in 1561 in Frankryk in druk verskyn van die hand van die Fransman, Guido de Brès, as die Confession de Foy. Die oudste Nederlandse vertaling dateer uit 1562. Die Latynse vertaling is gedoen vanuit die hersiene Franse vertaling (Bakhuizen van den Brink: De Nederlandsche Belijdenisgeschriften). JG Feenstra: "Onze Geloofsbelijdenis", vgl. ADR Polman: "Onze Nederlandse Geloofsbelijdenis", meld dat De Brès vir die opstel van sy Geloofsbelijdenis gebruik gemaak het van die Confessio Gallicana, wat in 1559 verskyn het, vrug van die eerste Franse sinode te Parys, 1559. Met hierdie feite moet rekening gehou word by die interpretasie van art. 30.

Die eerste Kerkorde, te wete van Calvyn, "Ordonnances Ecclesiastiques" verskyn in 1541 en word in Genève toegepas deur sy "kerkraad" die "Consistoire Ecclesiastique". Calvyn het sy stempel op die Franse-Hugenotekerk afgedruk. Die predikante van Parys was sy leerlinge en het sterk leiding geneem by die sinode van Parys 1559. Die sinode het 'n eie Franse Kerkorde opgestel, "Discipline Ecclesiastique", sterk gebaseer op dié van Calvyn, vgl. EPJ Kleynhans: "Gereformeerde Kerkreg" 3. Die Franse Kerkorde wyk egter op drie punte af van die "Ordonnances Ecclesiastiques" en wel deur die diaken sittingsreg op die kerkraad toe te ken, art. 20, en volgens art. 25 hulle mede-verantwoordelik saam met die ouderlinge te stel vir die regeeramp. In art. 48 van die "Ordonnances Ecclesiastiques" bepaal Calvyn: "die ouderlinge se taak is om oor die lewe van elkeen opsig te hou (prendre garde), om diegene wat hulle sien struikel of diegene wat 'n onordelike lewe lei, vriendelik te vermaan," vertaling van AD Pont: "Die Historiese Agtergrond van ons Kerklike Reg". Parys gee in art. 3 ook sittingsreg aan diakens op meerdere vergaderings: "die ministers" moet "een of meer ouderlinge of diakens" uit hulle gemeentes saambring.

Indien na die belangrike Kerkordes van die Nederlandse kerke gekyk word, kan, sonder om ruimte op te neem met artikelverwysings en aanhalings met die volgende tabel van Hough (a.w.) volstaan word. Enigeen wat die tabel wil kontroleer word verwys na: Pont a.w.; Biesterveld en Kuyper: "Kerklijke Handboekje"; C Hooijer: "Ander Kerk-

ordeningen der Nederlandsche Hervormde Gemeenten"; "Kerkelijk Handboekje – de Synode der Afscheiden Gereformeerde Gemeente".

Kerkorde	Diaken lid van die kerkraad
Ordonnances Ecclesiastiques 1541	Nee
Discipline Ecclesiastique 1559	Ja
Konvent van Wezel 1568	Geen standpunt
Emden 1571	Onduidelik
Dordrecht 1574	Nee
Dordrecht 1578	Nee
Middelburg 1581	Nee
S'Gravenhage 1586	Nee
Dordrecht 1618-19	Nee

Art. 6 van Emden is onduidelik in die sin dat al drie ampte genoem word nadat ingelui is met die woorde "in een yegelijcke Kercke sal men 't samencoomsten ofte Consistorien der ... hebben." Dit kan verstaan word dat die diakens wel deel van die kerkraad is. Dit mag die bedoeling wees, want die Paryse Kerkorde was ook hier gebruik. Alle twyfel is egter deur die Kerkorde van Dordrecht 1574 uit die weg geruim. In art 4 word gesê "tot verklaringhe des 6 artikels des Embdenschen Sijnodi" word dan bepaal dat die drie ampte "de Consistorie maecken", dog also dat die predikante en ouderlinge sonder die diakens vergader en die diakens apart om hulle eie sake wat die armes aangaan te behandel. Hier is ook bepaal dat in gemeentes met min ouderlinge die diakens, volgens die wens ("na de begheerte") van die kerkraad, op die kerkraad toegelaat mag word. Dit beteken dat hulle andersins nie deel van die kerkraad is nie.

Die Nederlandse Kerkordes wat op Dordrecht 1574 gevolg het, soos die tabel aandui, het deurgaans die diaken uit die kerkraad gesluit. Die diaken is gehou aan sy amp met barmhartigheidsdiens as sy taak. Aan die predikant en ouderling is die kerklike regering toegesê. Die Kerkordes van Middelburg (art 28) en s'Gravenhage (art. 34) bepaal dat die kerkraad uit die predikant(e) en ouderlinge bestaan. Beide bepaal dat die diakens selfstandig kan vergader, respektiewelik art. 29 en art. 35. Dordt 1618-19, art. 7, bepaal dat die kerkraad uit die predikant(e) en ouderlinge bestaan. In art. 38 word steeds bepaal: "ende daar 't ghetal van den Ouderlinghen seer cleyn is, sullen de Diakenen mede tot den Kercken-Raedt moghen ghenomen worden." In art. 40 word voorsiening gemaak vir 'n selfstandige diakensvergadering. Ons vind hier die onderskeiding van die vergaderinge "die kerkraad" en "die kerkraad en die diakens", die smalle en die breë.

Ten aansien van die toelating van die diaken by klein gemeentes verklaar H Bouwman: "Het ambt

der diakenen" dat hierdie reëling getref was sodat die regering nie by 'n te klein getal sal berus nie. Hulle word vir dié doel as hulpouderlinge gereken. Bouwman stel dit sterk: "zijn oefenen de regeermacht mede uit, niet krachten hun ambt als diaken, maar zij worden op kleine plaatsen gevoegde bij het getal der ouderlingen, omdat het niet gewenscht is dat heel de regering der kerk bij slechts twee ouderlingen en een predikant sta." In die verband sê Spoelstra: "Gereformeerde kerkreg en kerkregering": "die diakens regeer in dit wat tot hulle amp behoort. Verder het hulle tydens die Reformasie in talle kerke as hulpouderlinge opgetree. Dit beteken egter nie dat die diakens wesenlik en altyd by die kerkraad gereken moet word nie."

Hiermee is genoegsaam en duidelik die twee standpunte in verband met die posisie van die diaken en die kerkraad volgens die Franse, vanuit die Paryse Kerkorde 1559 die "Discipline Ecclesiastique" en die Nederlandse, vanuit die "Ordonnances Ecclesiastiques" van Calvyn 1541, aangedui.

Die vraag rondom art. 30 NGb. kan dus moontlik daaruit verklaar word dat De Brès, as Fransman onder invloed van die "Discipline ecclesiastique" die diakens ook tot die kerkraad reken indien die artikel wel so verstaan word. As ons Kerkorde dan die Nederlandse lyn volg, sou gesê kan word dat die verskil daarin lê, dat daar dus eintlik nie 'n verskil bestaan nie, want die Nederlandse lyn is beslis die oorheersende in die gereformeerde kerke.

Dit is egter 'n vraag of De Brès wel die Franse lyn gevolg het. Die NGb. lui in Latyn: "Seniores quoque sint et Diaconi, qui cum Pastoribus Senatum quasi Ecclesiae constituant ...", Bakhuizen van den Brink a.w. p. 119. Ons Kerkboek vertaal "ook opsieners en diakens om saam met die herders as 't ware 'n Raad van die Kerk te vorm..." "Quasi" word met "as 't ware" vertaal. "Quasi" beteken volgens F Postma: "Beknopte Woordeboek, Latyn-Afrikaans" ook "asof, net soos, of, om so te sê, ongeveer". Dit is beslis 'n besonder vae aanduiding van die soort "Raad van die Kerk". Bowendien verwys hy na "'n" en nie "die" Raad nie. Indien De Brès so vaag na die kerkraad verwys as "'n Raad" "asof, ongeveer, as 't ware" word dit 'n vraag of hy hier 'n sterk felt stel of net 'n aanduiding? Sonder om enigsins afbreuk te doen aan die NGb. is dit 'n vraag of De Brès hier bedoel het om 'n sterk Skriftuurlik-kerkregtelike saak te beklemtoon en of hy nie veel eerder die klem wou laat val teenoor die Franse koning, vir wie die NGb. met 'n brief in 'n nagtelike stilte oor 'n muur gegooi is, dat in Franse-Hugenotekerk niks minder gedissiplineerd en ordelik is as wat die Roomse Katolieke kerk kan dink om te wees nie. Hy stel dat "die ware gods-

diens bewaar kan word en die ware leer oral versprei kan word" (is dit nie die predikantetaak nie?); ook dat die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou kan word," (is dit nie die ouderlingetaak nie?) "dat die armes en bedruktes gehelp en getroos kan word na die maat van hul behoeftes" (is dit nie die diakentaak nie?). Dit sluit hy af met die stelling: "Op hierdie wyse sal alles in die Kerk behoorlik en ordelik toegaan ...". De Brès stel vir elke amp sy taak, sonder om "'n" Raad te beklemtoon met die doel van orde in die kerk. Art. 32 beklemtoon dan hierdie orde, wat op die ban kan uitloop.

Art. 31 begin deur te verwys na die drie ampte en die verkiesingsprosedure. Maar dan gaan dit daartoe oor om oor die predikant te handel met dié afsluiting: "dat bowendien die heilige ordinansie van God nie geskend word ..., sê ons dat elkeen die bedienaars van die Woord en die ouderlinge van die Kerk in besondere agting behoort te hou ter wille van die werk wat hulle doen ...". Hy verswyg die diakens hier geheel en al. Waarom dan as hy in art. 30 wel bedoel het dat hulle deel is van "quasi Ecclesiae constituant"? Is dit nie 'n bevestiging daarvan dat hy die klem nie op 'n Raad, maar op die orde wou plaas nie?

Hough bied 'n veelseggende struktuur aan, wat die bogemelde sterk toelig:

- A ook opsieners
- B en diakens
- C om saam met die herders
- D as 't ware 'n Raad van die Kerk te vorm
- C sodat op hierdie wyse die ware godsdiens bewaar kan word en die ware leer oral versprei kan word
- A ook die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou kan word
- B dat ook die armes ... van hul behoeftes.

Daar kan met Bouwman gekonkludeer word dat art. 30 se "quasi Ecclesiae constituant" (as 't ware 'n Raad van die Kerk) hoogstens kan saamval met die breë kerkraad (kerkraad en die diakens).

Dit bevestig net die vroeëre verklaring dat die Dordtse Sinode 1618-19, in die brandpunt van 'n leerstryd om leersuiwerheid te handhaaf, beslis nie so kortsigtig gewees het om 'n kerkorde goed te keur wat strydig met art. 30 van die NGb. sou wees nie. Spoelstra merk heel tereg op (a.w.) dat die gereformeerde sinodes vanaf 1571 tot 1618 moeilik in die Kerkorde en bevestigingsformuliere die diakens in flagrante stryd met die NGb. en die Skrif van die kerkraad sou uitsluit.

3.4.5. DIE KERKRAAD

Volgens die Nederlandse Gereformeerde Kerkordes, soos aangehaal, is die kerkraad die vergadering in die plaaslike kerk wat uit die

predikant(e) en ouderlinge saamgestel word. Daarnaas kan die diakens ook, soos verduidelik, tot die kerkraad genooi word vir geleenthede wanneer daar verwys word na die "kerkraad en die diakens" in vergadering. Dit word ook genoem die smalle en die breë kerkraad.

Joh. Jansen: "Korte Verklaring van de Kerkorde der Gereformeerde Kerken" grond die bestaan van die kerkraad op 1 Tm 4:14: "meta epitheseous toun geiroun toe presbuterion" – met die oplegging van die hande deur die raad van ouderlinge, wat volgens 1 Tm 5:17 die regerende en die lerende ouderling insluit. Meulink en Wolff: "Korte Verklaring van de Kerkenordening..." sluit hierby aan. Nauta betwyfel hierdie standpunt (Verklaring van de Kerkorde van de Geref. Kerken in Nederland). Hy meen egter dat namate die apostels verdwyn het, die aposteltaak op die skouers van die ampsdraers neergekom het en dat terwyl daar in elke gemeente ouderlinge verkies is, dus dat ouderlinge saam optree, dat daaruit wel af te lei is dat 'n kerkraad moes ontstaan en dat dit in die sin op die Skrif gegrond is. Polman, a.w. stel dit vas dat die opsieners belas was met die regering in die kerk. Regering en tugbevoegdheid was hul taak. Hy grond sy standpunt op Ef 4:11, 1 Tm 4:14 en 1 Pt 5:2. Hierby kan nog gevoeg word 1 Tm 5:1, waar verwys word na "die ouderlinge (mv) wat goed regeer" en Hd 20:28 waar Paulus "die ouderlinge" as "opsieners" aangestel, opdrag gee om die gemeente te versorg.

Die diakens word nêrens in hierdie Skrifgedeeltes ter sprake gebring nie. Dit sluit die diakens by kerkregering en tug uit. Nauta (a.w.) en Rutgers: "Kerklijke Adviezen" verwys ook albei daarna dat diakens wel in bepaalde gevalle as hulpouderlinge opgeroep kan word.

3.4.6. DIE DIAKENAMP IN SUID-AFRIKA

In die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika (Kaapland) is in die eerste gemeente een ouderling en een diaken verkies. Dit was dus vanselfsprekend, kragtens die Nederlandse Kerkorde van Zeeland (1591) deur ds. Van Arckel "toegepas" dat die diaken lid van die kerkraad was. Die geskiedenis meld nie of hy as hulpouderling geag was nie. Dié gebruik om diakens sittingsreg op die kerkraad te gee, is gehandhaaf in die Kaapse en later Vrystaatse, Natalse en Transvaalse kerk. Dit was dus 'n historiese verloop. JD Vorster keur dit in "Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie 1652 – 1795" goed op grond van die ou bepaling dat diakens tot die kerkraad deur die ouderlinge geroep kon word in klein gemeentes. Die NG Kerk het dus die diakens voluit en enduit sitting op die kerkraad verleen op 'n "toelating" en nie op grond van die ou Kerkordes se bepaling of Skrifgronde nie. In 1852 het ds. Spijker dit as oortuiging gestel dat volgens die

Kaapse stelsel van kerkregering die twee ampte geskei moet word. Tog is dit nie gedoen nie. En in 1978 besluit die Algemene Sinode om die gebruik te handhaaf "as in ooreenstemming met Skrif en belydenis". Hier is duidelik 'n verwysing na art. 30 van die NGb., maar watter Skrifgronde ter sprake is, verdien verseker 'n vraagteken oor geplaas te word, want daar is geen Skrifteks wat aan diakens regeer- en tugbevoegdheid gee nie, maar wel die taak van barmhartigheid.

Die NG Kerk het dus nooit die Skriftuurlike onderskeiding en skeiding van opdragte tussen ouderling en diaken op die kerkraad toegepas nie. Die resultaat daarvan is dat dit versin word as die korrekte volgens die Presbiterale stelsel van kerkregering en dit weens 'n totale onkundigheid oor dié stelsel.

Die Ned. Herv. Kerk van Afrika het met hierdie gebruik voortgegaan, sterk beïnvloed deur die afwyking in die Nederlandse Hervormde Kerk. Daarteenoor het die Geref. Kerke in Suid Afrika die Dordtse Kerkorde 1618-19 nagevolg.

Die konsep-Kerkorde wat voor die sinode 1987 gedien het, het gemelde skeiding en geskeidenheid probeer invoer soos duidelik blyk uit die taakskeiding volgens die Skrif, in arts. 18 en 19 (tans 21 en 22), maar die sinode het die gebruik van die NG Kerk ten opsigte van die diakenamp op die kerkraad slaafs nagevolg en gehandhaaf. Dit was, soos Hough aantoon, 'n navolging van die Franse standpunt, maar nie bewustelik nie, want dit word sterk betwyfel of die sinode ooit bewus was van dié lyn van denke. Dit was eerder 'n slaafse navolging van die gebruik in die NG Kerk.

Die Franse denkrigting is egter in stryd met die Skrif. Die Dordtse Kerkorde is wel in ooreenstemming met die Skrif. Die Kerkorde van die AP Kerke volg die denkrigting van die Dordtse Kerkorde en is dus in ooreenstemming met die Skrif.

3.4.7. DIE DIAKEN EN MEERDERE VERGADE-RINGS

Die vraag is of 'n diaken sittingsreg kan hê op die vergadering van ring en sinode en dus daarheen afgevaardig kan word?

Die Skrif verwys nie na meerdere kerkvergaderings nie. Die naaste wat daaraan kom, is die ontmoeting van die afgevaardigdes van Antiochië, Paulus en Barnabas, in vergadering met die apostel Petrus, Jakobus en die ouderlinge van Jerusalem in verband met die besnydenis en die wet van Moses. Soms word daarna verwys as die apostelkonvent. Met verwysing hierna sê Spoelstra, a.w., dat sake van gemeenskaplike belang ter wille van die eenheid in 'n kerkverband deur middel van meerdere byeenkoms bevorder moet word. Van Staden (FAH) stel dit dat plaaslike kerke in kerkverband periodiek vergader deur middel van

afgevaardigdes uit die kerkraad om gemeenskaplike sake te hanteer en ter wille van eenvormigheid van handeling in die kerkverband. Meerdere vergaderinge lyk essensieel te wees ten spyte van die swye deur die Skrif, behalwe die verwysing in 1 Tm 4:14 soos gemeld. Die "Ordonnances Ecclesiastiques" verwys nie na meerdere vergaderings nie, maar die "Discipline Ecclesiastique" wel. Vanaf die Konvent van Wezel het elke Nederlandse sinode voorsiening in die Kerkorde gemaak vir die meerdere vergaderinge van ring en sinode én die samestelling. Die "Discipline Ecclesiastique", wat die diaken sittingsreg op die kerkraad gee, kan eintlik nie anders as om hul afvaardiging na meerdere vergaderings te reël nie. Alhoewel dit wil voorkom of die Sinode van Emden reël dat diakens afgevaardig kan word, is dit baie duidelik dat Dordrecht 1574 en 1578, Middelburg 1581, s'Gravenhage 1586 en Dordrecht 1618-19 die afvaardiging van diakens nie bepaal nie.

Dit is dan die gebruik in die Nederlandse Gereformeerde kerke. In Suid Afrika is na die eerste sinode van die Ned. Geref. Kerk (1824) net predikante en ouderlinge afgevaardig (vgl. Van der Watt: Die Ned. Geref. Kerk I, p. 41). Dit het tot vandag toe die posisie in die Kaapse Kerk gebly. Eerder as om diakens selfs as hulpouderlinge toe te laat, het die Kaapse Kerkwet bepaal dat by die ontstentenis van 'n ouderling om afgevaardig te word, 'n kerkraad 'n "rustende" ('n oud-ouderling) kan afvaardig. Natal en Transvaal het wel na hulle eie sinodes diakens afgevaardig, dog die laaste afgevaardigde diakens was sover gekontroleer kon word, wat Transvaal betref, in 1912. Na die totstandkoming van die Algemene Sinode 1962 bepaal die Kerkorde dat net predikante en ouderlinge afgevaardig mag word. Terwyl diakens dan uit rings- en sinodale vergaderings uitgesluit is, beteken dit vanselfsprekend dat 'n diaken nie voorsitter van 'n rings- of sinodale vergadering in die Ned. Geref. Kerk kan wees nie.

Die opdrag van die Skrif aan die diaken is die diens van barmhartigheid soos reeds aangetoon. Die Skrif gee nie aan die diaken regeerbevoegdheid nie. Dit is die taak van die ouderling. Daarom weer die Nederlandse Kerkordes die diaken uit die kerkraad. Die Afrikaanse Protestantse kerke se Kerkorde gee duidelik volgens die Skrif van die begin af aan die diaken die taak van die diens van barmhartigheid en nie regeerbevoegdheid nie. Nogtans vind ons die anomalie in die Kerkorde dat die diaken deel is van die kerkraad. Sover doenlik is die regeerfunksies in dié kerke, volgens die Kerkorde, aan die ouderlingeraad toegesê. En, omdat die diaken lid is van die kerkraad, volgens die geërfde gebruik uit die Ned. Geref. Kerk, het dit egter anders as by die Ned. Geref. Kerk die unieke situasie geword dat 'n diaken na die ringsvergadering en sinodale vergadering afgevaardig kan

word. En as afgevaardigde is daar geen beletsel dat 'n diaken as voorsitter van die ring en van die sinode gekies kan word nie, wat die ongerymdheid in die AP Kerk verhoog.

3.5 Appèlle wat nie op die sinode hanteer is nie

3.5.1 Die ad hoc-sinodale kommissie vra vir 'n studie deur die KKS oor die kerkordelik/kerkregtelike optrede wat gevolg kan word wanneer sake, en appelle en beswaarskrifte nie op die sinode afgehandel kan word nie, terwyl onafgehandelde appelle en beswaarskrifte andersins vir twee jaar vertraag word, wat ernstige implikasies en komplikasies inhou. (Notule van die Ad Hoc-Sinodale kommissie, Handeling van die Agtste Sinode, bl. 362, pt. 10)

AANBEVELING

3.5.2 Die sinode besluit om hierdie opdrag te kontinueer in die lig van die groot las wat die KKS gehad het.

3.6 Toevoeging by art. 58.3

3.6.1 Die ad hoc-kommissie versoek die KKS, vir voorlegging aan die volgende sinode, om die volgende toevoeging tot art. 58.3 te oorweeg: "wat 'n afskrif van die appèl insluit". (Notule van die ad hoc-sinodale Kommissie, Handeling Agtste Sinode, bl. 367, pt. 25.)

AANBEVELING

3.6.2 Die sinode besluit om die art. 58.3 dien-ooreenkomstig te wysig:

Ou Red. 'n Appèl moet binne 21 dae nadat die betrokke besluit per notule goedgekeur is, met opgaaf van redes, skriftelik by 'n meerdere vergadering ingedien word, met kennisgewing aan die vergadering wat die besluit geneem het.

Nuwe Red. 'n Appèl moet binne 21 dae nadat die betrokke besluit per notule goedgekeur is, met opgaaf van redes, skriftelik by 'n meerdere vergadering ingedien word, met kennisgewing aan die vergadering wat die besluit geneem het, wat 'n afskrif van die appèl insluit.

3.7 Stappe teen plaaslike kerke wat nie 15% oorbetaal nie

3.7.1 Die sinode besluit dat kerkrade daarop moet let dat terwyl hulle deel in die voordele van die kerkverband hulle ook moet deel in die verpligtinge van die kerkverband. Dit word na die KKS verwys vir rapport aan die volgende sinode. (Handeling van die Agtste Sinode, bl. 283, pt. 3.15.2.)

3.7.2 Die KKS bevraagteken dit of die voorstel goedgekeur is omrede punt 4 op bl. 153 in die agenda nie goedgekeur kon word sonder inagneming van die punte 1 – 3 nie. Die voorstel onder

punt 3.15.2 in die notule wat terugverwys is na die KKS is reeds aangespreek in die sakelys op bl. 153 – 154 en die KKS beveel aan dat die sinode daarmee volstaan.

3.8 Beskrywingspunt van die ring van Naboomspruit oor skraping van art. 19A2

3.8.1 Die sinode beveel aan dat dit terugverwys word na die KKS. (Handeling van die Agtste Sinode, bl. 285, pt. 4.1.5.2.)

3.8.2 Die KKS oordeel dat die sinode die beskrywingspunt van Naboomspruit kerkregtelik aangespreek en afgehandel het met die goedkeuring van 19.8 op bl. 172 van die sakelys.

3.9 Vergoeding van leraars (Handeling 1995, bl. 276, pt. 7.5)

3.9.1 Die sinode besluit om die rapport aan die permanente KKS op te dra vir voorlegging aan die sinode. (Handeling van die Agtste Sinode, bl. 283, pt. 3.14.1.)

AANBEVELING

3.9.2 Die sinode keur goed dat die studiestuk oor vergoeding van leraars na voltooiing aan kerkrade gestuur mag word aan die hand van Lasgewing H3 bl. 123 as advies aan kerkrade.

4. BESKRYWINGSPUNTE

4.1 Ring van Lichtenburg – Raad vir Kerkaadministrasie:

4.1.1 Ou bewoordinge

4.1.1.1 "Die Sinode keur die stigting van die RKA in beginsel goed, soos uiteengesit, en dra dit aan die benoemde SKK op om die RKA, in oorleg met die te-benoemde Permanente Kommissie vir Regte en ons regsadviseur, te realiseer, die nodige reglement op te stel, die RKA wetlik op die been te bring en volledig aan die eersvolgende sinode te rapporteer". Dié voorstel is goedgekeur en word telkens opgeneem in die kerkordeboek, vgl. 1998-uitgawe, bl. 63, pt. 1.3.

4.1.1.2 Die Kommissie vir Regte (later gewysig na Kommissie vir Kerkregtelike Sake – KKS) het aanbeveel dat: "Elke sinode se afgevaardigdes vorm tegelyk 'n ledevergadering van die RKA wat onder meer die Raad se bestuurslede aanwys", vgl. kerkordeboek, uitgawe 1998, bl. 62, pt. 1.2.3 en die Konstitusie vir die RKA pt. 5.2.1 "elke sinode se stemgeregtigde afgevaardigdes word gekonstitueer as 'n ledevergadering van die RKA op 'n gekose tydstop en volgens eie besluit tydens elke sinodesitting", vgl. kerkordeboek 1998-uitgawe, bl. 67, pt. 5.2 Samestelling. Vergelyk ook pt. 5.7 van die Konstitusie in verband met lede en vergaderings.

4.1.1.3 Die Bestuur van die Raad vir Kerkadmini-

strasie (BRKA) se samestelling, vgl. Reglement vir BRKA, Samestelling, pt. 6.1.1(a) bepaal dat naas vyf lede, wat elke RKA uit sy lede aanwys, vier lede "uit elk van die volgende kommissies deur die sinode aangewys: die SKK, die Kuratorium, die Finansiële Kommissie en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake" aangewys word.

4.1.1.4 Die RKA kan volgens pt. 5.9 van die Konstitusie van die RKA in opdrag van die sinode ontbind: "wanneer die RKA in opdrag van die sinode ontbind, moet eiendomme, goedere en fondse tussen die samestellende kerke na verhouding van die getal belydende lidmate van die kerk verdeel word, tensy die sinode anders besluit".

4.1.2 Nuwe bewoording

Die sinode besluit om

4.1.2.1 die RKA te ontbind volgens pt. 5.9 van die konstitusie van die RKA;

4.1.2.2 kragtens die bevoegdheid in pt. 5.9 van die Konstitusie van die RKA aan die sinode verleen, soos in die woorde vervat "tensy die sinode anders besluit", vir die plaaslike kerke in kerkverband gesamentlik 'n gemeenregtelike regspersoon in die lewe te roep om regshandelinge aan te gaan en gemeenskaplike eiendomme te beheer en wel sy permanente kommissie bekend as die Sentrale Kerkekommissie (SKK), met ander woorde dat die Permanente Sentrale Kerkekommissie tot 'n regspersoon omskep word;

4.1.2.3 derhalwe alle regte, bevoegdhede, die bates, onroerend en roerend, wat op naam van die RKA geregistreer is, verkry is en beheer word en die doelstellings, soos in die Konstitusie van die RKA vervat, asook die bevoegdhede, pligte, personeel, soos in die Reglement van die BRKA vervat, oor te dra op naam van die Permanente Sentrale Kerkekommissie;

4.1.2.4 sy besluit soos in pte. 2 en 3 hierbo vervat op te dra aan sy Permanente Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) en sy Permanente Sentrale Kerkekommissie met volmag om binne een maand na afloop van die sinode alles wat in die besluit vervat is en daaruit voortvloei af te handel en in werking te stel en met volmag aan die KKS om volgens pt. J5 van sy Lasgewing 'n regsadviseur te raadpleeg indien nodig;

4.1.2.5 volgens pt. 4 nie 'n konstitusie of reglement vir die SKK as regspersoon op te stel nie maar "'n Opdrag";

4.1.2.6 die lede van die SKK tot 5 lede te beperk, waarvan ten minste 4 na elke sinode moet kontinueer.

4.1.3 Motivering en beredenering

4.1.3.1 Alle Afrikaanse Protestantse kerke in sino-

dale verband is die samestellende lede van die RKA (5.7.1). Omdat elke sinode se stemgeregtigde afgevaardigdes die ledevergadering van die RKA vorm, word 'n ledevergadering van die RKA gekonstitueer op 'n gekose tydstop gedurende die sinodesitting (5.7.2). Dit beteken dat die RKA net kan konstitueer wanneer 'n sinode in sitting is, want die sinodale afgevaardigdes vorm sy ledevergadering. Die RKA kan nie anders selfstandig konstitueer nie en geen buitengewone vergadering hou nie, behalwe as die sinode 'n buitengewone vergadering hou. Die RKA se regte en bevoegdhede is vervat in sy Konstitusie, wat deur die sinode goedgekeur is en die duur van sy bestaan is afhanklik van 'n sinodale besluit (5.9).

4.1.3.2 Die RKA het ontstaan vanuit die behoefte van die sinode, wat 'n tydelike vergadering is, dog funksies namens die plaaslike kerke in kerkverband moet vervul, aan 'n gemeenregtelike regspersoon vir die plaaslike kerke in kerkverband gesamentlik.

4.1.3.3 Die sinode word egter nie anders gekonstitueer as deur die afgevaardigdes van al die plaaslike kerke in die kerkverband nie, dit is dieselfde afgevaardigdes wat die ledevergadering van die RKA konstitueer. Die afgevaardigdes na die sinode kom uit al die plaaslike kerke in kerkverband, wat die samestellende lede van die RKA is. Dit gaan in die sinode om die plaaslike kerke om wie dit vir die RKA ook gaan.

4.1.3.4 Die sinode, wat die RKA opgerig het en weer kan ontbind, het die reg en bevoegdheid om te enige tyd deur sy afgevaardigdes die RKA, as die gemeenregtelike regspersoon, te ontbind en 'n ander gemeenskaplike regspersoon in die lewe te roep.

4.1.3.5 Prof. Gerrit Pienaar in "Die regsposisie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika" stel die volgende in verband met "'n gemeenregtelike regspersoon": **"Plaaslike kerke kan gesamentlik 'n gemeenregtelike regspersoon in die lewe roep om regshandelinge aan te gaan en gemeenskaplike kerkeiendomme te beheer.** Die plaaslike kerke as regspersone (personae) is dan die lede van hierdie beheerregspersoon. Daar kom geen oorkoepelende liggaam tot stand wat gesag voer oor die plaaslike kerke nie, maar weens praktiese oorwegings ontstaan hier 'n regsfiguur onder gesag van die plaaslike kerke wat gemeenskaplike eiendom beheer en gemeenskaplike regte en verpligtinge uitoefen. Hierdie beheerregspersoon word nie vereenselwig met die sinode, kerkverband of 'n meerdere vergadering nie. Dit oefen derhalwe nie gesag oor die plaaslike kerke uit nie, maar word juis deur die plaaslike kerke opgerig en beheer. Die doel van so 'n beheerregspersoon is dan ook net om as eienaar van gemeenskaplike kerkeiendomme op te tree en

gemeenskaplike regshandelinge uit te voer. **By meerdere vergaderings waar die betrokke plaaslike kerke (wat lede van die beheerregspersoon vorm) byeenkom, word dan besluite geneem rakende die gemeenskaplike belange van die selfstandige kerke, welke besluite deur die beheerregspersoon uitgevoer moet word.** ... Myns insiens is gesamentlike regshandeling betreffende gemeenskaplike kerkeïendom, publikasies, teologiese studie, ensovoorts beslis kerklike sake". (Kursivering deur die insender van die beskrywingspunt).

4.1.3.6 Behalwe die probleem onder pt. 1 genoem in verband met die konstituering van die RKA, is dit ook so dat die RKA prakties net funksioneer wanneer die sinode in sitting is en alle funksies werklik deur die BRKA uitgeoefen word met besondere sterk selfstandige bevoegdhede en regte. Die funksionering van die RKA is dus tydsgebonde en beperk. Dit ontvang 'n permanensie vanuit die feit dat die plaaslike kerke in sinodale verband, wat sy samestellende lede is, permanent bestaan. Eweso sal, volgens prof. Pienaar (pt. 5), enige ander liggaam, wat opgerig word met die plaaslike kerke as samestellende lede, vanuit hul permanente bestaan, permanensie ontvang. Al is die sinode 'n tydelik vergadering, sê prof. Pienaar dat "by meerdere vergaderings (in hierdie geval die sinode – invoeging deur die insender van die beskrywingspunt), waar die betrokke plaaslike kerke (wat lede van die beheerregspersoon vorm) byeenkom, word dan besluite geneem rakende die gemeenskaplike belange van die selfstandige kerke, welke besluit deur die beheerregspersoon uitgevoer moet word. ... Myns insiens is gesamentlike regshandelinge betreffende gemeenskaplike kerkeïendom, publikasies, teologiese studie, ensovoorts beslis kerklike sake." Die sinode, waar die plaaslike kerke, wat lede van die beheerregspersoon vorm, byeenkom, neem besluite van gemeenskaplike belang, wat die beheerregspersoon moet uitvoer. Die sinode stel 'n begroting op vir al sy werksaamhede deur sy permanente kommissies én die RKA (BRKA), wat laasgenoemde moet administreer. Die sinode neem ook ander besluite, wat die BRKA namens die RKA uitvoer. Die sinode sal steeds besluite neem, wat die beheerregspersoon moet uitvoer ongeag wie dit is.

4.1.3.7 Die sinode is tydelik, maar die samestellende plaaslike kerke is elkeen permanent. Dit is steeds die sinode wat die gemeenregtelike regspersoon in die lewe roep. Hy handel namens die samestellende plaaslike kerke, wat permanent is. Elke kommissie (deputaatskap), wat die sinode benoem, ontvang sy opdragte van die sinode in die belang van die plaaslike kerke. Dit dien uiteindelik al die gemeenskaplike belange van al die plaaslike kerke. Dit blyk 'n heel kunsmatige greep te wees om te redeneer dat 'n RKA, wat net kan

funksioneer wanneer 'n sinode funksioneer, 'n beter gemeenregtelike regspersoon kan wees as 'n permanente kommissie van die sinode, wat die opdragte van 'n sinode uitvoer, 'n sinode waar al die plaaslike kerke teenwoordig is deur die afgevaardigdes van die kerkrade. Dit doen niks af aan die feit dat 'n sinode saamgestel word deur die afgevaardigdes van kerkrade, sonder dat gemeentes daarin 'n sê het. Sonder 'n gemeente is daar nie 'n kerkraad wat kan afvaardig nie. Buitendien bepaal die Kerkorde, art. 38.1: Die sinode word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: "uit elke kerk (gemeente) ..." en dan word verstaan dat dit die kerkrade is wat afvaardig.

4.1.3.8 Die groot vraag is hoe omvangryk die gemeenregtelike regspersoon kan wees en hoe verteenwoordigend? Indien gelet word op die bevoegdhede en pligte van die BRKA, moet toegegee word dat die BRKA met nege lede kragtens sy reglement geheel selfstandig kan optree en blykbaar net verantwoording aan die RKA hoef te doen oor die uitvoering van sy pligte. So figureer die BRKA eintlik as die regspersoon, sonder om die RKA te raadpleeg. Buitendien kies die RKA, as die gemeenregtelike regspersoon en as die ledevergadering van sy lede, die plaaslike kerke in kerkverband, net vyf van die nege lede van die BRKA, terwyl die ander vier lede deur vier sinodale kommissies selfstandig, uit eie geledere, benoem word, sonder dat die RKA enige seggenskap of vetoreg daaromtrent het. Daarom blyk dit aanvaarbaar te wees dat 'n sinodale kommissie as die gemeenregtelike regspersoon deur die sinode in die lewe geroep kan word.

4.1.3.9 Die vraag is vervolgens of 'n sinodale kommissie permanensie het, soos wat die gemeenregtelike regspersoon moet hê. Elke sinode wys 'n aantal permanente kommissies aan met elk 'n eie lasgewing as sinodale opdrag en ander opdragte soos die sinode besluit. Die permanensie duur van die een sinode totdat 'n volgende konsitueer. Elke sinode benoem vir die duur van sy sitting tydelike kommissies. Die sinode benoem byvoorbeeld nooit 'n tydelike Sentrale Kerkekommissie of 'n tydelike Kuratorium nie. Elke sinode kan daarom onmiddellik na konstituering as prioriteit sy Permanente Sentrale Kerkekommissie benoem, sodat daar geen onderbreking is ten opsigte van sy permanensie as regspersoon nie. Dit kan as 'n staande opdrag aan elke Kommissie vir Kommissies dien om sodra die sinode gekonstitueer is, te konstitueer en die sinode dadelik met die name van die PSKK te bedien vir goedkeuring.

4.1.3.10 Dit is ook baie moontlik dat die sinode en die RKA botsende besluite kan neem as selfstandige vergaderings, wat verreikende gevolge kan hê en wat die bestaan van die RKA in die gedrang kan bring. Eweso kan die selfstandige

optrede van die BRKA, wat in elk geval gebind is deur die Kerkorde, botsend wees met die lasgewings en belange van sinodale kommissies. Indien die SKK tot die gemeenregtelike regspersoon in die lewe geroep word vir die plaaslike kerke in kerkverband gesamentlik, word alle belangebotsings uitgesluit met een besluitnemende liggaam, naamlik die sinode.

4.1.3.11 Die sinode moet, vanweë tekort aan inkomste baie suinig begroot en dan versoek die Finansiële Kommissie boonop nog dat elke kommissie 'n bepaalde persentasie moet bespaar. Tans is daar 'n uitgawe vir die SKK en vir die BRKA ten opsigte van vergaderings. 'n Noemenswaardige besparing aan fondse kan met die ontbinding van die RKA ten aansien van die normale uitgawe van die BRKA in geheel bespaar word.

AANBEVELINGS VAN DIE KKS

4.1.4.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

4.1.4.2 Die beskrywingspunt word goedgekeur.

4.1.5 Motivering

Aanvaarding van die beskrywingspunt kan bydra tot 'n eenvoudiger en meer gestroomlynde administrasie sonder prysgawe van enige huidige doeltreffendheid. Die huidige BRKA is in wese ook eintlik niks meer as 'n soort sinodale kommissie nie. Moontlike gevare van 'n oorheersende sinodale kommissie of 'n sinodale kommissie wat buite sy perke optree, kan deur besonderhede van die lasgewing en dissipline in die verband ondervang word.

4.2 Ring van Graniet: Sakramentbediening deur NG Kerk-leraars

4.2.1 Beskrywingspunt

Die sinode besluit dat 'n leraar van die NG Kerk met goedkeuring van die KKS die sakramente mag bedien in die AP kerk wanneer daar geen AP Kerk leraar beskikbaar is nie.

4.2.2 Motivering

Swak finansies en 'n tekort aan AP-Kerk leraars noodsaak ons om van 'n NG Kerk-leraar gebruik te maak.

Die NG Kerk-leraar bring die Woord aan die gemeente. Hoekom mag die leraar dan nie die sakramente aan die gemeente bedien nie? Daar is 'n groot probleem om AP Kerk-leraars te kry om die sakramente te kom bedien, aangesien hulle in hulle eie gemeentes besig is, en nie hulle weg oop sien om 'n ander gemeente te help nie. Indien hulle wel kan help, vind die erediens so laat plaas en is daar dan weer probleme met die tyd of daar is min mense in die kerk.

AANBEVELING

4.2.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

4.2.3.2 Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

4.2.4 Motivering

4.2.4.1 Die beskrywingspunt wil die bestaande reëling in Bylae 1 (pt. 57 punt 1.4), van die Kerkordeboekie wysig, wat as 'n buitengewone tydelike maatreël en as hoë uitsondering deur die kerkverband aanvaar is, toe daar 'n ernstige gebrek aan leraars in die AP kerke was. Ten grondslag van hierdie reëling is daar 'n beleidstandpunt om, indien enigsins moontlik, nie van leraars uit ander kerkverbande gebruik te maak nie. Huidige ontwikkelinge rakende Skrifbeskouing en charismatiese tendense bevestig des te meer hierdie standpunt.

4.2.4.2 Die beskrywingspunt is in stryd met die KKS se lasgewing.

4.2.4.3 Kerkorde Bepaling 37F2.1 en Bylae 1 maak reeds voldoende voorsiening saamgelees met Kerkorde Art. 42.3. Die konsulent en hulp wat die ring deur sy leraars moet aanbied, behoort voorkeur te kry.

4.3 Ring van Potgietersrus: Potensiële lidmaatskap en erediensbywoning

4.3.1 Die ring van Potgietersrus versoek die sinode 1999 van die AP Kerk om tydens sy vergadering dit op te dra aan die TKKS om ter vergadering die bestaande ondertekeningsformulier so te wysig dat ons beginsels ten opsigte van onderwys, taalmedia, gereformeerde inslag, volkseie beginsel behoorlik verdiskonteer word. Verder kry die TKKS opdrag om ter vergadering 'n vorm op te stel wat deur elke nuwe lidmaat onderteken moet word wat bogenoemde beginsels vervat alvorens hy of sy lidmaat van die kerk kan word. By die opstel van genoemde vorm moet die beginsels in paragraaf een geldende norme word. Die nuwe aspirantlidmaat moet hom dus ook skriftelik onderwerp aan die kerklike opsig van tug indien dit van toepassing sou word. Die sinode oorweeg of dit moet geld vir bestaande lidmate.

4.3.2 Motivering

4.3.2.1 Die menseregtekommissie het by monde van 'n lid van die kommissie gewaarsku dat dit die opsig, tug en sensuur ter syde sal stel indien iemand in die verband hom of haar op die menseregtekommissie sou beroep.

4.3.2.2 Sonder skriftelike kontrak bestaan die vrees dat die kommissie die woordelike kontrak wat tydens aflegging van belydenis ontstaan, nie

as geldend sal beskou nie. Trouens 'n lid van die kommissie het so te kenne gegee.

4.3.2.3 Sonder skriftelike ooreenkoms sal die voertaal nie ipso facto Afrikaans kan wees nie.

4.3.3 AANBEVELING

Die sinode gee nie gevolg aan die inhoud van die beskrywingspunt nie.

4.3.4 Motivering

4.3.4.1 Beginsels t.o.v. onderwys word reeds in Kerkorde Art. 62.1 neergelê.

4.3.4.2 Die beginsel t.o.v. taalmedium (Afrikaans as gebruikstaal), het in die amptelike Bybelvertaling (1983), die Kerkboek van die AP Kerk (waarin die liturgiese formuliere ens., die drie Formuliere van Enigheid opgeneem is), die Psalm- en Gesangeboek, die Kerkorde-publikasie, Die Boodskapper en alle ander publikasies, regserkenning en -vestiging verkry.

4.3.4.3 Die Gereformeerde inslag word reeds in die belydenisgrondslag (Kerkorde Art. 1.2) ingebed en in die presbiteriale kerkregeringstelsel soos gereflekteer in elke artikel van die Kerkorde, vervat.

4.3.4.4 Die volkseie word bepaaldelik in Kerkorde Art. 3 verreken.

4.3.4.5 Die twee ondertekeningsformuliere (Bylae 5.15 en 5.16, bl. 112 en 113, Kerkorde 1998-uitgawe) bind die betrokke ondertekenaars wel deeglik t.o.v. bovermelde beginsels.

4.3.4.6 Die te opgestelde vorm met die oog op nuwe lidmate is reeds aan die hand van opeenvolgende sinode-beluite uitvoerig op skrif gestel. Sien Kerkorde 1998-uitgawe, Bylae 2, bl. 59-61.

4.4 Ring van Nelspruit: Wysiging Kerkorde Artikel 43C

4.4.1 Die sinode besluit aan dat die bepaling van artikel 43C (p. 32) van die Kerkorde soos volg gewysig word:

4.4.1.1 Huidige bepaling

Die heilige nagmaal is toeganklik vir alle belydende lidmate van die gemeente wat nie onder sensuur is nie. Vanweë die wese van die nagmaal en toesighouding deur die ouderlingeraad kan besoekende ongesensureerde belydende lidmate uit ander AP kerke (gemeentes) of uit gemeentes van ander erkende Gereformeerde Kerke, tot deelname toegelaat word, mits hulle vooraf by die ouderlingeraad aansoek gedoen het en die ouderlingeraad positiewe mondelinge, maar verkieslik skriftelike getuienis oor die aansoeker ontvang het van die aansoeker se plaaslike ouderlingeraad, wyksouderling of predikant, of van 'n ongesen-

sureerde lidmaat van die kerk waar die nagmaal bedien word.

4.4.1.2 Voorgestelde gewysigde bepaling

Die heilige nagmaal is toeganklik vir alle belydende lidmate van die gemeente wat nie onder sensuur is nie. Vanweë die wese van die nagmaal en toesighouding deur die ouderlingeraad kan besoekende ongesensureerde belydende lidmate uit ander AP kerke (gemeentes) of uit gemeentes van ander erkende Gereformeerde Kerke, tot deelname toegelaat word mits hulle vooraf by die ouderling van die wyk, waar hulle hul bevind, aansoek gedoen het en goedkeuring, na sorgvuldige navraag deur die genoemde ouderling, verleen is, met dien verstande dat waar die ouderling van mening is dat hy nie op sy eie 'n besluit wil neem nie, hy die leraar en ander ouderlinge sal raadpleeg.

4.4.2 Motivering

Soos die artikel nou lees, moet die ouderlingeraad goedkeuring verleen. Dit is egter onprakties, want besoekers aan lidmate is gewoonlik net oor 'n naweek. Tydens die besoek, gaan die gasheer gesin om die nagmaalsviering by te woon en word besoekers saam genooi. Meeste van die besoeke is dan ook op kort kennisgewing gereël. Om op so 'n kort kennisgewing 'n vergadering met die ouderlingeraad te belê, is onprakties en nie moontlik nie, omrede daar net nie tyd voor is nie. So 'n vergadering net voor die aanvang van die diens is ook nie moontlik nie, met die gevolg dat die lidmaat in baie gevalle ook van die diens wegbly.

In gevalle waar besoekers langer as net 'n naweek besoek bring, en die huidige bepaling geïmplementeer word, dra die wyksouderling se aanbeveling in elk geval die grootste gewig.

Hierdie bepaling is nou al so lank in die Kerkorde opgeneem, maar daar is nog steeds gemeentes waar die leraar besoekers uit ander AP gemeentes of Gereformeerde Kerke uitnooi om aan die nagmaal deel te neem, sonder verwysing na 'n wyksouderling of ouderlingeraad. Daar kan beweer word dat hierdie bepaling dus in etlike gemeentes nie nagevolg word nie.

4.4.3 AANBEVELING

Die sinode besluit:

4.4.3.1 die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;

4.4.3.2 om nie gevolg te gee aan die beskrywingspunt nie.

4.4.4 Motivering

4.4.1 Die ongewenste praktyk soos in die laaste paragraaf van die motivering beskryf, kortwiek of

vernietig nie die nuttigheid van die bestaande Kerkorde Bepaling 43C nie.

4.4.2 Volgehou nakoming van die voorgeskrewe prosedure in die bepaling bly onverswak die taak van die betrokke ouderlingeraad.

4.5 Ring van Mooinooi: Diakens op meerdere vergaderings

Die sinode besluit

4.5.1 dat dit nie Skriftuurlik en kerkregtelik regverdigbaar is as die diakens ook 'n meerdere vergadering bywoon nie en

4.5.2 om onderstaande artikels as volg te wysig:

Art. 36.1

Ou redaksie

"Die ring word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: die bedienaar(s) van die Woord en twee kerkraadslede van wie ten minste een 'n ouderling moet wees."

Nuwe redaksie

"Die ring word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: die bedienaar(s) van die Woord en twee ouderlinge."

Art. 36.3

Ou redaksie

"Die gemeentes wat nie 'n predikant het nie, word deur drie kerkraadslede verteenwoordig van wie ten minste twee ouderlinge moet wees."

Nuwe redaksie

"Die gemeentes wat nie 'n predikant het nie, word deur drie ouderlinge verteenwoordig."

Art. 38.1

Ou redaksie

"Uit elke kerk(gemeente) die bedienaar(s) van die Woord (hoogstens twee) en twee kerkraadslede per gemeente van wie ten minste een 'n ouderling moet wees."

Nuwe redaksie

"Uit elke kerk (gemeente) die bedienaar(s) van die Woord (hoogstens twee) en twee ouderlinge."

4.5.2 Motivering

4.5.2.1 "Volgens die Ou Testament het God sy verbondsvolk veral deur drie ampte laat bedien, naamlik profeet, priester en koning. Die Here Christus het hierdie drie ampte in Homself verenig. Kragtens ons verbondenheid aan Hom, en gesalf met dieselfde Heilige Gees as Hy, is elke Christen in die amp van gelowige ook profeet, priester en koning.

4.5.2.2 Uit die Nuwe Testament blyk dat God steeds sy verbondsvolk deur gelowiges laat bedien wat veral op een van die drie ampsterreine funksioneer – die leraar profeties, die diaken priesterlik en die ouderling koninklik. Sy doel daarmee is om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk en om die gemeente as liggaam van Christus op te bou (Ef 4:12)" (Kerkboek 1993:34).

4.5.2.3 Die bevestigingsformulier, soos hierbo aangehaal, sê dat God sy volk/gemeente deur drie ampte laat bedien. "Amp" en "bedien" staan in noue korrelasie. Bouwman (1928:328) sê dat amp dieselfde betekenis het as diens of bediening. Dit stel die werksaamheid voor van iemand wat in gehoorsaamheid diens doen aan die mag wat bo hom gestel is.

4.5.2.4 Die vraag is nou: Wie is hierdie mag?

Hieroor is die Bybel baie duidelik: Christus is die Hoof van sy kerk (Kol 2:19, Ef 4:15-16). Christus, die Hoof, regeer sy kerk persoonlik. Hy regeer deur sy Woord en Gees en gebruik in die proses ook die diens van mense.

4.5.2.5 Christus gebruik die amp om Self as Hoof in die kerk te werk. Dit geld nie alleen ten opsigte van die tug nie, maar vir elke faset van die dienswerk (Marè 1991:130). Daarom het die ampsdraers geen gesag in hulleself nie, want Christus regeer Self. Die gesag van die ampsdraers is dus Christus se gesag wat hulle in die plaaslike kerk bedien. Vir hierdie bediening gebruik Hy ouderlinge, diakens en predikante.

Elkeen van hierdie ampte funksioneer op 'n bepaalde gebied. Elkeen het 'n bepaalde bedieningstaak van Christus ontvang. Die Bybel leer dat die ampte gelyk is, maar tog in dienswerk verskil.

4.5.3 Die diakenamp

4.5.3.1 Toe die gemeente in Jerusalem groter geword het, het die apostels self barmhartigheid verrig. Die gemeentelede het hulle besittings verkoop en aan die apostels gegee om volgens elkeen se behoefte uit te deel (Hd 4:32-37). Die behartiging van die barmhartigheidswerk het begin om 'n inbreuk te maak op hulle bediening van die Woord en prediking (Hd 6:2). Daarom laat hulle toe die gemeente sewe manne kies om die versorging van die armes te behartig en die "tafels" te bedien.

4.5.3.2 Alhoewel Hd 6:1-6 nie eenmaal die woord diaken gebruik nie en dit eksegeties ook nie as die instelling van die diakenamp geneem kan word nie, is dit in die vroeg-Christelike kerk reeds so aanvaar. In Flp 1:1 groet Paulus die gemeente "saam met die opsieners en diakens".

4.5.3.3 Hierdie amp het egter ontwikkel tot 'n volledig selfstandige amp wat nie ondergeskik aan enige ander kerklike amp staan nie. Die self-

standigheid van die diakenamp kom daarin uit dat Paulus 'n noukeurige beskrywing van die vereistes waaraan die diakens moet voldoen, aan Timótheüs gee (1 Tm 3:8 e.v.).

4.5.3.4 1 Tm 3 handel egter nie oor die dienswerk van 'n diaken nie. Die res van die Nuwe Testament werp ook nie direkte lig op hulle dienswerk nie. Die Skrif leer eenvoudig nie wat die diakens se dienswerk behels nie (Marè 1991:142). Dit beteken egter nie dat hulle werk nie belangrik is nie. Uit Hd 6 kan afgelei word dat hulle taak die insameling van aalmoese, die versorging van die armes en diens by die nagmaal en liefdesmaaltye was.

In hierdie taak is hulle absoluut selfstandig. Onder geen omstandighede mag die ouderlingeraad/kerkraad inmeng met die barmhartigheidswerk van die diakens nie. Hulle is deur die Here in hierdie bepaalde amp geroep en hulle is voor Hom rekening skuldig.

Oor die jare het daar 'n verdere beklemtoning in die diakonale diens gekom, nl. die liefdesgemeenskap (Marè 1991:142). Diakendiens is nie net beperk tot armeversorging nie, maar het ook ten doel om die liggaam van Christus op te bou (Ef 4:12). Die liggaam van Christus is 'n eenheid en as een lid ly, ly die hele liggaam. Die wonderlike aksent wat bygekom het, is dat die diakens die onderlinge liefdesbetoon in die gemeente kan organiseer.

4.5.3.5 Saamgevat:

Die presiese dienswerk van die diakens word nie in die Skrif uitgespel nie. Hd 6 word tradisioneel aanvaar as die taakbeskrywing van die diakens. Primêr kom dit neer op barmhartigheids- en liefdadigheidswerk.

4.5.4 Die ouderlingamp

4.5.4.1 Net soos by die diakens is daar ook nêrens in die Bybel 'n aanduiding wanneer en hoe die ouderlingediens ingestel is nie. Van der Linde (1965:59) meld dat Bouma in sy kommentaar op 1 Tm 5:17 sê dat van presbiteres in die amptelike sin reeds by die Jodedom sprake was. Daarom was die eerste gemeentes volkome bekend met dié amp.

4.5.4.2 Die ouderlinge word afwisselend presbuteroi (ouderlinge) en episkopoi (biskoppe of opsieners) genoem. As Paulus met Titus oor die ouderlinge praat, noem hy hulle in hoofstuk 1:5 presbuteroi en in vers 7 episkopoi. Dit is dus 'n wisselterm vir dieselfde amp. Daar is geen Skriftuurlike bewys dat daar in elke gemeente ouderlinge moet wees wat aan een biskop ondergeskik is nie. Een ampsdraer is nie hoër as sy ampsgenote nie. Daarom is die idee van 'n "hoofouderling" en selfs "leierouderling" nie Skriftuurlik nie.

4.5.4.3 Anders as by die diakens word die taak en opdrag van die ouderlinge sorgvuldig in die Nuwe Testament beskryf. Die name wat in die Nuwe Testament aan hulle gegee word, sentreer rondom toesig-hou oor ander (Visser 1979:83):

- Ouderlinge (Hd 14:23; 1 Tm 5:17)
- Opsieners (Hd 20:28; 1 Tm 3:2; Tit 1:7)
- Herders (Hd 20:28; Ef 4:11; 1 Pt 5:2)
- Rentmeesters van God (Tit 1:7)
- Regering (1 Kor 12:28)
- Voorgangers (Rm 12:8; 1 Ts 5:12; Heb 13:7, 17, 24)
- Diegene wat vermaan (Rm 12:8)
- Leraars (Ef 4:11)

4.5.4.4 Uit al hierdie benaminge blyk dat die lidmate van die gemeente aan die leiding van die ouderlinge onderworpe moet wees (Bouwma 1934:612).

4.5.4.5 Uit die Skrif is dit duidelik dat die kerkregering, opsig en tug oor die gemeente by die ouderlinge alleen tuishoort.

– **Hd 15:2** – toe daar oor die besnydenis besluit moet word, word 'n afvaardiging na die apostels en ouderlinge (nie diakens nie) gestuur. Daarna het die apostels en ouderlinge saam met die gemeente besluit (v.22) om manne te kies en na Antiochië te stuur. Maar dan word die amptelike besluit en die meegaande brief deur die apostels en ouderlinge geneem (nie ook die gemeente/diakens nie). Grosheide (1963:25) sê dat dit taalkundig meer korrek is om te vertaal met: die apostels en ouderlinge groet as broeders die broeders uit die heidene. Die NAV sê: "Van die apostels en ouderlinge, julle broers" (Marè 1991:156);

– **Hd 20:17** – as Paulus die amptelike verteenwoordiging van die gemeente wil ontmoet, vra hy vir die ouderlinge (:157);

– **Tit 1:5** – wanneer 'n nuwe gemeente gestig word, moet ouderlinge aangestel word. Ons lees nie van so 'n opdrag ten opsigte van die diakenamp nie (:157);

– **1 Tim 5:17** – daar is twee groepe ouderlinge: dié wat regeer (ouderlinge) en die wat arbei in die woord en leer (bedienaars van die Woord) – (:157).

Dat uitsluitlik die ouderlinge tugbevoegdheid het, blyk uit die volgende tekste:

– **Tit 1:9-11** – die ouderlinge moet vermaan volgens die gesonde leer (voortugse handeling). Hulle moet teen tugteloses optree (dus: tug), en hulle die mond stop (:157)

– **1 Ts 5:12-13** – die gemeente moet diegene wat hulle vermaan (dus die bedienaars van die Woord en die ouderlinge – volgens tekste hierbo) erken en hoogag (:158);

– **1 Pt 5:2** – Paulus vermaan en spoor die ouderlinge aan om hulle dienswerk te doen. Hulle moet as herders toesig hou oor die kudde van God wat onder hulle is.

– **Hd 20:28** – die Heilige Gees stel self ouderlinge aan om opsieners te wees oor die kudde, asook herders om die gemeente te versorg (:158). In al hierdie tekste word die diakens nooit genoem nie.

– **1 Tm 3:4-5** – ouderlinge moet hul eie huise en die gemeente goed regeer (sorg dra), maar diakens (vs. 12) hoef slegs hulle eie huise goed te regeer (:158).

4.5.4.6 Dit is interessant om op te merk dat daar in die reël hoofsaaklik van die ouderlinge in die meervoud gepraat word. Uit Hd 21:18 konkludeer Grosheide (1963:125) dat die ouderlinge 'n vergadering van ampsdraers is. Groenewald (1977:61) wys daarop dat in 1 Tm 4:14 sprake is van 'n ouderlingeraad (presbuterion).

4.5.4.7 Uit al die bogemelde bewysplase kan ons nie anders as om die Skrif te laat spreek nie: die Nuwe Testament lewer geen bewys dat die diakens in die kerkregering, opsig en tug moet deel nie. Calvyn (1991:IV,3) sê duidelik dat diegene wat die kerk regeer, die predikant en ouderlinge is. Die standpunt word ook ondersteun deur Marè, Visser, Bouwman en Van der Linde.

4.5.5 Saamgevat:

4.5.5.1 Die Here het die ouderlinge en diakens in verskillende ampte gestel. Alhoewel hulle ampte in diens verskil, bly dit gelykwaardig.

4.5.5.2 Die diakens het tot diens: armeversorging, liefdesdiens en bediening van die tafels. Die diakenamp is so die instrument waardeur Christus sy barmhartigheid aan die nooddruftiges voortsit (Van der Linde 1965:103).

4.5.5.3 Aan die ouderlingeraad alleen is die verantwoordelikheid opgedra om die plaaslike kerk van die Here te regeer. Dit maak hulle nie "beter" of "hoër" as die diakens nie, maar net onderskeie in hulle ampswerk. "Die ouderlinge is die herders van die kudde wat deur die kosbare bloed van Jesus verkry is" (1 Pt 1:19). En die Heilige Gees het hulle oor die kudde aangestel en hulle bekwaam gemaak vir hulle werk (Hd 20:28) (Van der Linde 1983:97).

4.5.6 Wysiginge aan die Kerkorde

Die voorgaande Skrifstudie hou definitiewe implikasies vir ons eie kerkregering in. Uit die ondersoek het duidelik geblyk dat die diaken regeermag het nie, maar dat sy ampsdiens barmhartigheid ens. behels. Nie die Bybel of KO Art. 22 gee enige regeringsbevoegdheid aan die diakens nie. Ons is dus nie konsekwent in die

afvaardiging na meerdere vergaderings nie. By die plaaslike ouderlingeraadsvergadering, wat die gemeente regeer, mag die diakens nie teenwoordig wees nie, maar wanneer 'n meerdere vergadering sake wat leer en lewe raak (en selfs tugsake) bespreek, is die diakens wel teenwoordig.

Die werksaamhede van die ring (Art. 37) en sinode (Art. 41) is in die eerste instansie sake wat die regering van die kerkverband raak. Die regeeramp lê by die ouderlinge.

Hierdie is 'n ernstige inkonsekwensie in ons Kerkorde.

Alhoewel hierdie saak nie so maklik opgelos sal word nie is dit belangrik dat persoonlike sentiment en standpunte nie voorop staan nie, maar 'n gehoorsame luister na die Skrif.

Ook hier sal ons moet reformeer – nader aan die Woord.

4.5.7 Bronne geraadpleeg

Bouwman, H 1928. *Gereformeerde Kerkrecht*. Deel I. Kampen:Kok.

Bouwman, H 1934. *Gereformeerde Kerkrecht: het recht der kerken in de praktijk*. Deel II. Kampen:Kok.

Calvyn, J 1991. *Institusie van die Christelike godsdiens*. Vertaal deur HW Simpson. Deel IV. Potchefstroom:CJBF.

Groenewald, EP 1977. *Die Pastorale briewe*. Kaapstad:NGKB.

Grosheide, FW 1963. *Die Handelingen der apostelen*. Deel II. Kampen:Kok. (Korte verklaring der Heilige Schrift).

Die Kerkboek van die Afrikaanse Protestantse Kerk. 1993. Pretoria:s.n.

Marè, R 1991. *Skrif en Tradisie in vier Afrikaanse kerkordes*: Enkele kerkregtelike aspekte. Doktorsproefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Van der Linde, GPL 1965. *Die grondbeginsels van die Presbiteriale kerkregeringstelsel*. Potchefstroom: Pro Rege-Pers.

Van der Linde, GPL 1983. *Die Kerkorde: 'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde*. Pretoria:Van Wyk.

Visser, J 1979. *Kerklike tug – Wat sê die Nuwe Testament*. Pretoria:Van Wyk.

4.5.8 AANBEVELING

4.5.8.1 Die beskrywingspunt is ontvanklik vir die sinode

4.5.8.2 Die sinode besluit:

4.5.8.2.1 keur die beskrywingspunt goed, en

4.5.8.2.2 gee opdrag aan die PKKS om Art. 36.1, 36.3 en 38.1 dienoooreenkomstig in die Kerkorde te wysig.

4.5.9 Motivering

4.5.9.1 Die beskrywingspunt se motivering en beredenering stem ooreen met die studiestuk "Die diaken in die Presbiteriale stelsel van kerkregering" pt. 3.4 in die Verslag van die KKS aan die sinode;

4.5.9.2 dit is Skriftuurlik en Gereformeerd Kerkregtelik begrond;

4.5.9.3 die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband is Gereformeerde kerke wat ingerig en regeer word volgens die Presbiteriale stelsel van kerkregering, waarvolgens die ouderling regerend en levend (1 Tm 5:17) verantwoordelik is vir die regering van die kerk en die leraar in woord en leer moet arbeid.

4.6 Ring van Mooinooi: Wysiging van Kerkorde

4.6.1 Die sinode besluit om Art. 58.2 soos volg te wysig:

Ou Redaksie

"In tugsake wat die leer van die kerk raak ..."

Nuwe Redaksie

"In tugsake wat die leer en lewe raak ..."

4.6.2 Motivering

Hierdie artikel kan misverstaan word.

Art. 52.1 bepaal dat die kerklike tug hom uitstrek "oor die hele lewenswandel en leer van die belydende en dooplidmate"

Art. 54 lui: "'n Lidmaat wat hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, val onder die tug van die ouderlingeraad".

Uit hierdie twee artikels is dit duidelik dat die dwaling in leer en/of lewe tugwaardig is.

As Art. 58.2 werklik bedoel dat daar net reg op appèl is in sake wat die leer van die kerk raak, blyk dit in teësprak met ander artikels te wees en die reg tot appèl van die beswaarde in te kort.

Op hierdie wyse kan die tug hom nie uitstrek oor die lewenswandel nie en kan die tug nie enduit sy pad loop nie.

In effek sal dit ook beteken dat indien 'n ouderlingeraad geen substansie bevind t.o.v. 'n lewesklaag nie, die klaar geen reg tot appèl het nie – wat tog onbillik en nie regverdig is nie.

Dit kan inderdaad voorkom, asof iemand, wat sy lewenswandel betref, onaantasbaar is.

4.6.3 AANBEVELING

Die sinode besluit:

4.6.3.1 die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

4.6.4 Motivering

4.6.4.1 Die beskrywingspunt beantwoord nie aan Kerkorde bepaling 66 A1 wat die formele voorskrifte stipuleer nie.

4.7 Ring van Mooinooi: Meervoudsvorm by die kerknaam

4.7.1 Die sinode besluit om die meervoudsvorm in die Kerknaam te gebruik waar dit nie aan 'n bepaalde gemeente verbind word nie, nl. Afrikaanse Protestantse Kerke (Gereformeerde kerke van Christus onder blanke Afrikaners).

In 'n plaaslike kerk bly dit uit die aard van die saak in die enkelvoud. Dit word in elke toepaslike artikel van die Kerkorde so verander.

4.7.2 Motivering

As gereformeerde kerkverband wat die Presbiteriale kerkregeringstelsel handhaaf, is dit belangrik dat dit ook in ons kerknaam na vore kom. In die Kerkorde van 1998, p. 139, lees die sinodebesluit dat "die enkelvoud hier bedoel om die versamelnaam van die Afrikaanse Protestantse Kerke in kerkverband te wees en beteken nie dat die kerkverband gelyk is aan 'n nuwe struktuur oorkoepelend oor die plaaslike kerke nie".

Die vraag is nou: Waarom moet ons ons kerknaam verduidelik? Waarom nie sê wat ons is nie?

Om te praat van die AP Kerk (enkelvoud) is nie kerkregtelik korrek nie. Waar is die AP Kerk se predikant, sy ouderlingeraad en sy diakonie? Waar kom hy Sondae bymekaar? Waar is sy kerkgebou? Waar hou hy nagmaal?

As ons egter praat van die AP Kerke (meervoud), word bedoel elke AP Kerk afsonderlik (of dit nou is in Brits of Pofadder of Bloemfontein) wat almal saam 'n kerkverband belewe (Art. 1). Ons is dus 'n verband van plaaslike kerke.

Verder moet daarop gewys word dat enkele artikels van die Kerkorde alreeds hierdie meervoudsterm gebruik, vgl. Art. 2, 3.2, 65, 65A. Let ook op die volgende artikels wat op die groepering van plaaslike kerke in kerkverband dui: 1, 4.3, 10.4, 10.6, 16, 18, 19, 32A, 32A.7, 35, 38, 47, 48, 59.3.2, 60, 61, 62, 63.1, 64.1. Uit al hierdie verwysings is dit duidelik dat daar nie van die AP Kerk gepraat kan word nie, maar van die AP Kerke. Die meervoudsvorm wil juis sê dat dit afsonderlike gemeentes is wat in 'n kerkverband saam gegroepeer is.

4.7.3 AANBEVELING

Die sinode besluit:

4.7.1 die beskrywingspunt is nie formeel ontvanklik nie.

4.7.4 Motivering

4.7.4.1 Die beskrywingspunt bevat nie die duidelike weergawe van die ou redaksie asook van die voorgestelde nuwe redaksie van elke toepaslike artikel van die Kerkorde nie. Sien Kerkorde bepaling 66 A1.

4.8 Ring van Mooinooi: Sekretaris vir die BRKA

4.8.1 Die sinode besluit:

4.8.1.1 om vas te stel OF en, soja, in welke mate elk van die kerklike instansies (kerkraad, ring, sinodale kommissies, BRKA en moontlik andere) wat geraak word deur die egskeiding van die sekretaris van die BRKA, opgetree het soos die Kerkorde, Belydenisskrifte en die Heilige Skrif van elke instansie vereis.

4.8.1.2 om 'n kommissie te benoem van (hoogstens vyf) onbetrokkenes uit die sinode/RKA om staande die huidige sitting van die sinode/RKA 'n ondersoek te lei om die sinode/RKA van die feite te voorsien wat hierbo in (4.8.1.1) gesoek word;

4.8.1.3 om sy benoemde kommissie te vra om aanbevelings te doen na aanleiding van sy ondersoek;

4.8.1.4 om alle kerklike instansies in (4.8.1.1) genoem te vra om met die kommissies in (4.8.1.2) genoem ongereserveerd en hartlik saam te werk.

4.8.2 Motivering

4.8.2.1 die sekretaris vir die BRKA beklee in praktyk 'n sentrale en sensitiewe pos in die kerklike verband van die AP Kerk.

4.8.2.2 Die egskeiding van die sekretaris vir die BRKA het skokgolwe deur ons gemeentes gestuur en ouderlingrade wat toesig moet hou dat lidmate se lewenswandel Skrifgetrou is sonder ernstige tuggevolge voor netelige vrae van lidmate gestel, soos byvoorbeeld as egskeiding in ons kerkkantoor kan voorkom, waarom neem julle dit so ernstig op met ons?

4.8.2.3 Die egskeiding van die sekretaris vir die BRKA het ons AP Kerk voor een van sy ernstigste vrae gestel: Hoe Skrifgetrou is die AP Kerk en wat doen hy om die openlike en sondige verbreking van Gods gebod in die middelpunt van sy administrasie volgens die Skrif te hanteer?

4.8.3 AANBEVELING

Die sinode besluit:

4.8.3.1 die beskrywingspunt is kerkordelik nie

ontvanklik nie.

4.8.4 Motivering

4.8.4.1 Net die kerkvergaderinge van die ouderlingeraad en die ring is bevoeg om, i.s. klagtes teen die leer en lewenswandel van belydende lidmate, waaronder ampsdraers, kragtens die tugartikels (Kerkorde Art. 50-59), ondersoek in te stel en na bevinding tugmaatreëls al dan nie toe te pas.

4.9 Ring van Nelspruit: Prosedure tydens hantering van appèlsake

4.9.1 Beskrywingspunt

Die sinode besluit aan dat die volgende prosedure gevolg moet word met die hantering van appèlsake:

'n Hipotetiese geval word as voorbeeld geneem. Kortliks wat gebeur het, was die volgende:

'n Ouderling het 'n goedbedeelde jong suster aan die boud geknyp. Sy het hom by die kerkraad verklaar en die ouderlingeraad het die saak ondersoek. Die ouderling is skuldig bevind, ernstig berispe en is aangesê om die suster skriftelik om verskoning te vra. Die betrokke ouderling was nie gelukkig nie en appelleer na die ring. Die ring het die appèl van die hand gewys en nou appelleer die ouderling na die sinode.

APPÈL TEEN RINGSBESLUIT TEN OPSIGTE VAN "X"

Applikant Br. Ita Liander

Respondent Sr. Die Lyf

Grondoorzaak Sr. Die Lyf beweer dat br. Ita Liander, wat 'n ouderling is, haar aan die boud, ten aanskoue van die ander geknyp het en sy, daardeur in haar eer gekrenk is.

Verweer Br. Ita Liander erken dat hy sr. Die Lyf êrens geknyp het. Sy verweer is dat hy van Italië afkomstig is en dat in sy land van herkoms, so 'n knyp as 'n kompliment beskou word. Hy het hom nie wangedra nie.

Beredenering So 'n daad kan nie goedgekeur word nie, want kyk, hierdie kat is nie in die donker geknyp nie, maar wel in die openbaar.

BYLAE 9.1 (vervolg)

Straf Weens die feit dat br. Ita Liander afkomstig is uit 'n land waar so 'n knyp nie net geoorloof is nie, maar ook as 'n kompliment beskou word, word dit as versagtend beskou en is 'n berisping as genoegsame straf beskou.

Bepaling van Art 58 Aan al die vereiste is voldoen en appèl ontvanklik

OF

Bepaling van Art. 58 is nie aan voldoen nie (ver-

strek redes).

Die sinode moet nou besluit of appèl gehandhaaf word of nie.

4.9.2 Motivering

Die voorsteller was lid van 'n tydelike kommissie van Kerkregtelike Sake tydens die vorige sinodesitting. Tydens die sitting waar appèlsake hanteer is, is bevind dat die prosedure wat gevolg word nie konsekwent is nie. Van die broers het hul misnoeë duidelik uitgespreek omdat hulle nie behoorlik toegelig was oor sake nie. Daar was ook nie voldoende inligting oor sake beskikbaar nie en besluite moes op die gebrekkige inligting geneem word.

Die idee van prosedure is om 'n beknopte, maar voldoende weergawe van die gebeure weer te gee, sonder om 'n lywige dokument voor te lê.

Die voorbeeld wat geskets word, weerspieël die formaat waarin appèlsake voorgelê moet word.

4.9.3 AANBEVELING

4.9.3.1 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

4.9.3.2 Die aangeleentheid van 'n prosedure vir die hantering van appèlsake by 'n ring en sinode word verwys na die TKKS.

4.9.4 Motivering

4.9.4.1 Hipoteses, soos as voorbeeld in bogenoemde geval geneem, is prinsipiële onbehandelbaar op enige kerkvergadering.

4.9.4.2 'n Bylae 9.1. kom nie voor in die geldige kerkorde (1998-uitgawe) nie, hoewel daar 'n Bylae 9.1 in die destydse 1992-uitgawe van die kerkorde verskyn het – maar wat egter handel oor advies i.v.m. koste by tugsake en sake van hoër beroep.

4.10 Ring van Steynsburg: Gebruik van Kerknaam – onderskrif

4.10.1 Die sinode herroep die besluit van die sinode van 1995 (Handelinge, bladsy 266, aanbeveling 3) naamlik: "... laat die opsie oop vir gemeentes, lidmate, ens. wanneer hulle wel die onderskrif wil byvoeg al dan nie".

4.10.2 Die sinode besluit dat die onderskrif van die AP Kerknaam nie opsioneel gebruik mag word nie – dit word as 'n permanente deel daarvan beskou.

4.10.3 Motivering

4.10.3.1 Die sinode is inkonsekwent in sy getuigenis na buite: daar is een getuigenis na binne, naamlik dat die AP Kerk "n Gereformeerde Kerk van Christus (is) onder blanke Afrikaners", maar na buite hoef dit nie gesê te word nie. Terwyl ons die

onderskrif, byvoorbeeld, in briefhoofde en op die voorblad van "Die Boodskapper" rojeeer, lees die buitewêreld dit in elk geval in die Kerkorde (Art. 3.2), asook in die publikasie: Ontmoet die APK – ten minste twee publikasies wat die AP Kerk na buite bekendstel!

Dit is duidelik dat ons nou met twee beelde na buite te doen het. Indien ons konsekwent wil wees, dan moet ons minstens in hierdie twee publikasies ook die opsionele gebruik van die inhoud van die onderskrif toepas. Maar dit is onmoontlik om hierdie opsionaliteit dáár toe te pas! Inteendeel, wanneer ons dit daar opsioneel maak, dan kom ons bestaan onder 'n sekere kultuur in gedrang.

4.10.3.2 Hierdie dubbelslagtige gebruik van die onderskrif gee duidelik die beeld na buite van dubbele standaarde en huigelagtigheid. Enige persoon wat enigszins dieper kyk as net 'n onderskrif (of die afwesigheid daarvan) op 'n briefhoofd, sal die dubbelslagtigheid met 'n stok kan aanvoel.

4.10.4 AANBEVELING

Die sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie en volstaan met die 1995 besluit.

4.11 Ring van Derby: Regsverantwoordelikheid vir besluite van meerdere vergaderings

4.11.1 Beskrywingspunt

Die sinode besluit dat die BRKA regsverantwoordelikheid aanvaar vir besluite geneem op meerdere vergaderings.

4.11.2 Motivering

4.11.2.1 'n Ring is nie 'n regspersoon nie.

4.11.2.2 'n Plaaslike kerkraad kan nie regs aanspreeklik gehou word vir die besluite van 'n meerdere vergadering en die implikasies van sodanige besluite nie.

4.11.3 AANBEVELING

4.11.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

4.11.3.2 Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

4.11.4 Motivering

4.11.4.1 Die RKA is reeds 'n regspersoon en die BRKA hanteer reeds regs aanspreeklikheid en hulp waar kerkverband sake ter sprake kom.

4.11.4.2 Plaaslike kerke is deur kerkverband en verteenwoordiging op meerdere vergaderings in elk geval reeds mede-aanspreeklik vir besluite wat regsimplikasies mag hê. (vgl. o.a. Kerkorde Art. 36 en 38).

4.11.4.3 Sake waarvoor die plaaslike kerk uitsluitlik self verantwoordelik is bv. werkgewer/werknemer sake, kan nie op die kerkverband afgeskuif word nie. Hierdie onderskeid word reeds deur die Kerkorde gemaak.

4.11.4.4 Dit is van wesenlike belang dat beide plaaslike kerke en meerdere vergaderings NOULETTEND die voorskrifte van die Kerkorde, Bepalings en Ordereëls sal volg, en liefs advies sal vra oor selfs geringste onsekerhede, ten einde regsgevolge uit te skakel.

4.12 Ring van Derby: Band tussen werknemer en werkgewer

4.12.1 Die kerkraad van Derby versoek die sinode om die Kerkorde, t.o.v. die band tussen leraars (werknemers) en kerkrade (werkgewers) te hersien in die lig van die nuutste arbeidswetgewing.

4.12.2 Motivering

Die losmaking van 'n leraar by tug is nie in lyn met die nuwe arbeidswet nie. Die ring is nie die werkgewer nie.

4.12.3 AANBEVELING

4.12.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

4.12.3.2 Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

4.12.4 Motivering

4.12.4.1 Kerkorde Art. 19 soos dit tans lees (1998-uitgawe), maak reeds voorsiening vir die vereistes van die arbeidswetgewing.

4.12.4.2 Kerkorde Art. 57.4 maak nie die ring of sinode tot werkgewer nie, omrede dit die plaaslike kerkraad is wat aan die besluite uitvoering moet gee. Die verantwoordelikheid rus dus op die plaaslike kerkraad as werkgewer en regs persoon om sorg te dra dat optrede nie foute met regsimplikasies inhou nie.

4.13 Ring van Derby: Regsaanspreeklikheid van ring by tugverhoor asook wysiging van Art. 58.1

4.13.1 Regsaanspreeklikheid van ring by tugverhoor

Die sinode besluit dat:

4.13.1.1 Die ring, as die plaaslike verteenwoordiger van die kerkverband of akkoord, na 'n gesamentlike ondersoek deur die ouderlingeraad en die ring, die plaaslike kerkraad bedien met 'n advies oor die bevindinge.

Die kerkraad (as werkgewer) beslis dan finaal en neem een van die volgende besluite:

4.13.1.1.1 'n Bestraffing binne of buite die ver-

gadering (Wysig Art. 57.4.1).

4.13.1.1.2 Skorsing wat geskied vir 'n vasgestelde tydperk met behoud van traktement en behuisingsoordeel, maar met verlies van ander toelaes (wysig Art. 57.4.2.1).

4.13.1.1.3 Afsetting uit die diens met onmiddellike losmaking van die band (wysig Art. 57.4.2.2. en Art. 57.4.3).

4.13.1.2 Die ring, in die lig van die erns van die bevindinge, moet 'n aanbeveling maak aan die Kuratorium (Art. 10.3 dui die gedelegeerde gesag tot handeling aan) vir die opskorting van die status van die betrokke leraar:

4.13.1.2.1 vir 'n vasgestelde tydperk (wysig Art. 57.4.2.1).

4.13.1.2.2 vir die herstel van die status weer na grondige berou (wysig Art. 57.4.2.2.).

4.13.1.2.3 vir die nietigverklaring van die akte van legitimasie. Dit geld ook vir emeriti en teologiese dosente (wysig Art. 57.4.3).

4.13.1.3 AANBEVELING

4.13.1.3.1 Beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

4.13.1.3.2 Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

4.13.1.4 Motivering

4.13.1.4.1 Omrede die kerkverband die leraar toelaat tot die bediening is dit nie alleen logies dat die kerkverband nl. die ring oor die tugtoepassing besluit nie, maar is dit ook die gebruik in die gereformeerde kerkregering. Die ouderlingeraad en kerkraad gee uitvoering aan die tugmaatreël waaroor besluit is. As die ring slegs advies gee, is dit verder in stryd met Kerkorde Art. 37.6.

4.13.1.4.2 Die beskrywingspunt wil ook Kerkorde Art. 57.4 wysig en is in stryd met die werklike betekenis van beide die begrippe afsetting uit die diens en nietigverklaring van legitimasie, soos dit in Kerkorde Art. 57.4 verskyn.

4.13.2 Wysiging van Kerkorde Art. 58.1

4.13.2.1 Beskrywingspunt

Die sinode besluit dat Kerkorde Art. 58.1 soos volg gewysig word:

'n Aangeklaagde wat hom in 'n tugsak deur die uitspraak van 'n kerkvergadering beswaard voel, het die reg tot appèl na die ring, as adviesliggaam en onafhanklike arbiter, en die sinode as finale regsliggaam, in hierdie volgorde.

4.13.2.2 Motivering

4.13.2.2.1 Die ring is nie 'n regsliggaam nie.

4.13.2.2.2 Die ring word 'n party tot regsgedinge indien hy 'n leraar (werknemer) kan skors of sy diens beëindig. Rolle wat slegs behartig kan word deur die kerkraad (werkgewer).

4.13.2.2.3 Die ringsgemeentes word onnodig blootgestel aan finansiële verpligtinge by hofsake. Die ringsgemeentes kan egter na gelang van fondse beskikbaar, 'n gemeente/kerk in broederlike help.

4.13.2.2.4 Al die ander artikels, bv. by beroeping (Art. 12), by beswaar by beroep (Art. 13), en by bevestiging (Art. 14), is handelinge tussen die leraar (werknemer) en die kerkraad (werkgewer) en selfs die Kuratorium. Die bestaande artikels rondom tug is dus nie konsekwent deurgetrek nie en bots met arbeidswetgewing en stel die ringsgemeentes bloot aan groot eise. Dit kan selfs die likwidasie van gemeentes tot gevolg hê.

4.13.2.2.5 Die ring, as plaaslike verteenwoordiger van die akkoordverband kan 'n genoegsame broederlike rol speel, indien die bogenoemde wysiginge aanvaar word.

4.13.2.2.6 Dit is belangrik om te onthou, dat al was dinge anders gereël in die vroeëre kerkordes, tye verander het en dat die kerk sinvol moet aanpas as dit nie bots met Bybelse beginsels nie.

4.13.2.3 AANBEVELING

4.13.2.3.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie en word dus nie aanvaar nie.

4.13.2.4 Motivering

4.13.2.4.1 Die beskrywingspunt gebruik die terminologie en adem die gees van die wêreldlike regspraak. Die gees en bedoeling van die tug soos die Skrif dit vereis kan nie so tot sy reg kom nie.

4.13.2.4.2 Die voorsiening vir hoër beroep in opklimmende orde is reeds in die Kerkorde opgeneem, (vgl. Kerkorde Art. 31), sonder om die karakter van die tug te verander of om die gesag en funksie van die ring af te bring tot "advies en onafhanklike arbiter."

4.14 Ring van Lichtenburg: Ampspligte en bevoegdheid van kerklike vergadering

4.14.1 Beskrywingspunt

Die sinode besluit om die PKKS te versoek om die ampspligte en bevoegdhede van die kerkraad, die ouderlingeraad en diakonie in die Kerkorde nader te omskrywe.

4.14.2 Motivering

4.14.2.1 Die Kerkorde bepaal nie duidelik die presiese grense tussen die drie kerklike vergaderings nie, terwyl die praktyk 'n duidelike onderskeiding van ampspligte en bevoegdhede vereis.

4.14.2.2 Wie regeer die gemeente, die ouderlingeraad of die kerkraad? Reëlins vir die oproep van, onder andere die ouderlingeraad moet beter vasgestel word.

4.14.3 AANBEVELING

4.14.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

4.14.3.2 Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

4.14.4 Motivering

4.14.4.1 Die onderskeie ampspligte word reeds in die Kerkorde en Bepalings omskrywe. Wat die beskrywingspunt beoog, kom neer op reglementering soos die praktyk behoeftes na vore bring. Langs hierdie weg word die moontlikheid geopen vir lang lysste wat groter moontlikhede bied vir foute waarop gereageer kan word.

4.14.4.2 Vir die behoefte aan duidelike onderskeid word reeds voorsien indien artikels 15, 20, 21, 25, 32, 33, Bep. 33A saamgelees en verstaan word. Verder maak Bep. 34A tot E en die Ordereëls voorsiening vir die belê en oproep van vergaderings. Indien onsekerheid bestaan oor plaaslike differensiering van ampspligte kan advies by die KKS aangevra word.

4.15 Ring van Lichtenburg: Vrymesselary

4.15.1 Beskrywingspunt

Die sinode besluit om sy besluit in verband met Vrymesselary sodanig te hersien dat 'n lid van Vrymesselary nie as lidmaat in 'n AP kerk toegelaat word nie, terwyl die huidige besluit lidmaatskap toelaat, maar dan 'n beperking plaas op die verkiesing as kerkraadslid, wat wesenlik 'n tughandeling is.

4.15.2 Motivering

Geen motivering word voorsien nie en kan nie as inherente deel van die beskrywingspunt deurgaan nie.

4.15.3 AANBEVELING

Die sinode besluit oor die ontvanklikheid van die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word in elk geval nie aanbeveel nie.

4.15.3.1 Motivering

4.15.3.1.1 Die huidige besluit wat 'n beperking plaas op 'n bepaalde lidmaatsvoorreg nl. verkiesing tot kerkraadslid, kan nie as 'n "wesentliche" tughandeling geld nie, maar is 'n blote beskeringsmaatregel sonder benadeling van ander lidmaatsvoorregte.

4.15.3.1.2 Die vereistes vir lidmaatskap soos verwoord in Kerkorde Art. 3 beantwoord volledig aan die vereistes deur die Heilige Skrif en verder die Belydenisskrifte soos dit 'n kerk van Christus betaam. Die beskrywingspunt wil 'n vereiste invoer wat sal beteken dat alle ongewenste verenigings of bewegings een of ander tyd ondersoek moet word vir moontlike diskwalifisering. Eers na lidmaatskap bestaan kan in elk geval met vermaning en moontlike verdere tugstappe opgetree word.

4.16 Ring van Somerset-Oos: Beroep van predikante binne twee jaar

4.16.1 Beskrywingspunt

Die sinode besluit dat 'n predikant nie binne twee jaar nadat hy na 'n gemeente beroep is, en aanvaar het, weer 'n beroep mag aanvaar nie.

4.16.2 Motivering

4.16.2.1 Die hoë koste wat met die verhuising van predikante gepaard gaan, plaas 'n onnodige en soms onbekostigbare finansiële las op gemeentes.

4.16.2.2 'n Predikant moet ten minste vertrouwd raak met omstandighede in 'n gemeente en ook sekere take en/of projekte afhandel.

4.16.3 AANBEVELING

4.16.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

4.16.3.2 Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

4.16.4 Motivering

4.16.4.1 Die sinode het reeds verskeie kere in die verlede 'n soortgelyke beskrywingspunt afgewys. Dieselfde motivering as vroeër geld nog steeds, wat daarop neerkom dat ons huidige beroepstelsel 'n beperking ongewens maak, veral op grond van die rol wat die leiding van die Hellige Gees vervul.

4.16.4.2 Kerkorde Art. 12 Bep. 12E maak ook reeds voorsiening vir die probleme wat ondervind word. Dit gee die kerkraad 'n wesenlike inspraak in die leraar se aanvaarding van die beroep.

4.17 Ring van Somerset-Oos: Hulp van beroepende gemeente na beroep van predikant binne twee jaar

4.17.1 Beskrywingspunt

Die sinode besluit dat indien 'n predikant twee jaar nadat hy na 'n gemeente beroep is, en aanvaar het, weer 'n beroep aanvaar, die beroepende gemeente pro rata verantwoordelik sal wees vir die hervestigingskoste na die gemeente waarvandaan hy beroep is.

4.17.2 Motivering

Die hoë koste wat met die verhuising van predikante gepaard gaan, plaas 'n ontydige en soms onbekostigbare las op gemeentes.

4.17.3 AANBEVELING

Die sinode wysig Bepaling 14 C soos volg:

Huidige redaksie:

Die beroepende gemeente is verantwoordelik vir die reël van en die koste verbonde aan die verhuising van die beroepe predikant/proponent.

Voorgestelde redaksie:

Die byvoeging by die bestaande bepaling van 'n verdere punt wat lui:

Wanneer 'n predikant wat minder as twee jaar in 'n gemeente gedien het, 'n beroep opvolg, is die beroepende kerkraad pro rata vir elke maand of gedeelte van 'n maand minder as twee jaar, verantwoordelik vir die verhuiskoste (nie verhuisingstoelae) van die gemeente waarvandaan die leraar beroep is.

4.17.4 Motivering

Die wysiging van die bepaling wil 'n billike oplossing van die probleem daarstel.

4.18 Ring van Vereeniging: Oortreding van Art. 66

4.18.1 Die sinode besluit om welke lidmaat, kerkraad en meerdere vergadering asook kommissies wat hulle nie bind aan Art. 66 van die Kerkorde nie, deur die betrokke vergaderinge wat daartoe gemagtig is, ernstig te vermaan met die gepaardgaande opdrag tot regstelling van enige afwykende besluit of handeling.

Hierdie besluit as sinodebesluit in die Kerkordeboekie op te neem asook in die besluiteregister van die sinode vir aandag van kerkrade en vergaderings in Art. 66 vermeld.

4.18.2 Motivering

4.18.2.1 Tans is daar ouderlengerade wat nie ag slaan op Art. 4 oor die verkryging van lidmaatskap in 'n plaaslike kerk nie. Grense word nie eerbiedig nie. Lidmate en ampsdraers sê lidmaatskap in een gemeente op wanneer tugondersoeke 'n aanvang neem, om dan net weer in 'n ander AP Kerk aansoek te doen en dan opgeneem te word. Voorbeelde te Orania en Krugersdorp.

4.18.2.2 Kerkrade (ouderlengerade) neem strydig met besluite van 'n ring lidmate en selfs geskorste predikante as lidmate op en die ring keur die handeling goed. 'n Voorbeeld hiervan is die AP Kerk Graniet en die ring van Graniet. Ouderlengerade neem lidmate binne die grense van 'n ander AP

Kerk as lidmate op sonder inagneming van die approbasierereg (Sien Bylae 2 Prosedure by die opname van lidmate). 'n Voorbeeld AP Kerk Belfast.

4.18.2.3 Sinodale kommissies dring in in die werksaamhede van 'n ring of ringe. Dit sluit die BRKA in. Die Direkteur van die BRKA, ds. M Adendorff, die voorsitter van die SKK, prof I Brink en die voorsitter van die KKS ds. AS van Jaarsveld was deurgaans betrokke by die vestiging van die AP Kerk Sasolburg, teenstrydig met die besluite van die ring van Vereeniging wat nie herroep is deur 'n beswaarskrif of 'n appèl nie. Die besluite is eenvoudig geïgnoreer en daar is deur gemelde gemeenteskeppers NOOIT met die ring van Vereeniging in gesprek getree tot en met die sinodesitting nie. Advies van die KKS soos aangevra deur die ring van Vereeniging was die enigste kontak. Vermelde advies was strydig met die optrede van die betrokke verteenwoordigers van die BRKA en kommissies. Wat verder vreemd voorgedoen het, is die oproep van die voorsitter van die KKS om saam met afgevaardigdes van Sasol te vergader, terwyl 'n adviseur van die KKS ten tye van sodanige ontmoeting hom in Pretoria bevind het t.w. prof FAH van Staden.

4.18.2.4 Die Kuratorium het teenstrydig met Art. 59.3.2 gehandel in die geval van ds. J Breytenbach. "Herstel in die amp as predikant en beroepbaarstelling na Colloquium Doctum na afsetting of losmaking van die amp volgens Art. 17.1 of gemeenteverlating volgens Art. 17.4, vind plaas deur die Kuratorium op voorstel van die ring wat hom afgesit het of losmaking van die amp volgens Art. 17.4 goedgekeur het en wel op aanbeveling van die ouderlingeraad in wie se diens hy laaste was en van die ouderlingeraad onder wie se toesig hy hom intussen bevind het en in die geval van gemeenteverlating op voorstel van die ring en op aanbeveling van die ouderlingeraad in wie se diens hy laaste was en van die ouderlingeraad onder wie se toesig hy hom intussen bevind het."

Gemelde broeder is opgeroep deur die ring van Vereeniging om hom geleentheid te bied om berou te openbaar. Tydens die ontmoeting is geen berou geopenbaar nie, maar wel met die hof gedreig. Die Kuratorium het strydig met die Kerkorde-artikel gehandel sonder om te voldoen aan die vereistes gestel.

Aanhangsel A B en C word hierby aangeheg.

Die slotparagraaf in die skrywe van die skriba ring van Vereeniging onder datum 27 Augustus 1997 hier aangehaal en dien as bewys dat die Kuratorium opsetlik Art. 59.3.2 verbygegaan het.

"Indien die broeder die aangewese weg volg om by u opnuut aansoek te doen om predikantstatus sal die ring volledige verslag aan u voorlê."

4.18.3 AANBEVELING

4.18.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

4.18.3.2 Die sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie.

4.18.4 Motivering

4.18.4.1 Die beskrywingspunt verreken nie die tugartikels nie en val nie binne die voorsiening van Art. 41 nie.

4.19 Ring van Vereeniging: Voorlegging van appèlle en beswaarskrifte

4.19.1 Die sinode besluit om appèlle en beswaarskrifte nie later as die oggend van die derde sittingsdag ter tafel te neem nie, ten einde nie weer in die flasko te verval om 'n ad hoc-kommissie opdrag te gee om appèlle af te handel nie.

4.19.2 Motivering

Die besluit van die sinode om deel van die sakelys aldus af te handel met die mondelinge vermelding dat indien 'n appellant nie tevrede gestel is nie, die aangeleentheid tydens die opvolgende sinode weer kan dien, skep eindelose probleme in die praktyk wat moeilik herstel kan word soos die vestiging van die AP Kerk Sasolburg en 'n tweede gemeente binne die grense van die AP Kerk Witbank. Laasgenoemde as die bevestiging van onversoenlikheid binne die kerk (kerke) van Jesus Christus.

Jesus Christus se verlossing en versoening word deur sodanige handeling bespotlik gemaak.

4.19.3 AANBEVELING

4.19.3.1 Die beswaarskrif is nie ontvanklik nie.

4.19.4 Motivering

4.19.4.1 Daar was geen beswaarskrif ingedien teen hierdie besluit van die sinode nie. Die ad hoc-kommissie het slegs uitvoering gegee aan die opdrag van die sinode.

4.19.4.2 Indien hierdie punt goedgekeur word, veroordeel die sinode sy eie handeling sonder 'n beswaarskrif.

4.20 Ring van Outjo: Art. 19.6 van Kerkorde

4.20.1 Volgens Art. 19.6 verleen die Kuratorium tans behoud van status aan 'n predikant wat nie aan 'n gemeente verbind is nie sonder enige beperking.

Die sinode gee aan sy TKKS opdrag om hersiening en moontlike aanvulling te doen t.o.v. Art. 19.6 van die Kerkorde.

4.20.2 Motivering

4.20.2.1 Leemtes word ondervind met betrekking

tot leraars wat om bepaalde redes tydelik nie in diens staan van 'n bepaalde gemeente nie.

4.20.3 AANBEVELING

4.20.3.1 Die beskrywingspunt is ontvanklik vir die sinode.

4.20.3.2 Die sinode besluit: Art. 19.6 word uitgebrei deur na "behoud van status" in die laaste sin by te voeg: "Die Kuratorium verleen behoud van status vir 'n periode van ses maande. Indien geen beroep(e) binne hierdie ses maande ontvang is nie of 'n beroep(e) ontvang is, maar nie opgevolg is nie, word die status aan die einde van die periode ontnem. 'n Persoon wat dusdanig status verbeur het, kan weer na een jaar by die Kuratorium aansoek vir predikantskap doen. Die Kuratorium sal sodanige ondersoek soos elke ander aansoek volgens die heersende vereistes ondersoek en daaroor besluit."

4.20.4 Motivering

4.20.4.1 Predikantskap het die bedoeling van verbondenheid aan en diens vir 'n plaaslike kerk (vgl. Art. 8 van die Kerkorde).

4.20.4.2 Die idee van "los" predikante is baie lank reeds volgens die Kerkreg en Gereformeerde Kerkreg as onhoudbaar beoordeel.

4.20.4.3 Die enigste uitsondering is emeriti en teologiese dosente en "predikante", wat volgens Art. 17.1 oorgaan tot 'n ander lewenstaak, maar wat volgens Art. 17.3 aansoek doen by die Kuratorium vir behoud van status en waaroor die Kuratorium eksklusief besluit.

4.21 Ring van Outjo: Geen Vrymesselaar as lidmaat toegelaat

4.21.1 Beskrywingspunt

Geen Vrymesselaar wat weier om as sodanig te bedank, sal in die toekoms as lidmaat van die AP kerk toegelaat word nie. Lidmate wat tans tot die Vrymesselary behoort, moet deur kerkrade bearbei word om as lede van die Vrymesselary te bedank. Waar Vrymesselaars na hulle vermaan en bearbei is, volhard daarmee, moet die kerklike tug toegepas word.

Die aansoekvorm van die AP kerk so gewysig word, dat voorsiening gemaak sal word dat 'n Vrymesselaar nie tot die AP kerk toegelaat sal word nie.

4.21.2 Motivering

4.21.2.1 Die vrymesselary is nie 'n Christelike beweging wat onder inspirasie van die Evangelie ontstaan het nie, maar dank sy ontstaan aan verskillende invloede buite die Christendom, o.m. misterie-dienste, Joodse invloede en Mohammed-

danisme.

4.21.2.2 Die Vrymesselary is 'n godsdiens soos blyk uit sy ritueel, handeling, lieder en gebede, maar dan 'n godsdiens sonder Jesus Christus onse Here.

4.21.2.3 Die godsbegrip van die Vrymesselary is heidens. Die God van die Skrif word nie aanbid nie. Daar ook heidene in die intieme broederskap verenig word, kan die Enige en Ware God nie aanbid word nie.

4.21.2.4 Die Vrymesselary ontken die uniekheid van die Woordopenbaring en leer dat God nie net deur die Heilige Skrif tot ons spreek nie, maar ook deur die boeke van die groot heidense godsdienste.

4.21.2.5 Die etiese opvatting en morele kode van die Vrymesselary is in stryd met die Skrif. Deur die bevoorregting van sy lede ten koste van geregtigheid en die medemens, staan die Vrymesselary veroordeel in die lig van die Woord van God.

4.21.2.6 Die Vrymesselary is deel van die "New Age" beweging en streef vir die vestiging van 'n een wêreldgeloof, wat na bewering tot stand sal kom deur samesmelting van alle gelowe, insluitende die Christelike geloof. As motivering word aangevoer dat alle gelowe dieselfde god dien en dat verskille bloot kultureel is.

4.21.2.7 Die Vrymesselary stel ten doel die vernietiging van die Christendom en die daarstel van Satan in die plek van God. Mense wat die kerk wil verlaat as hul met die feite aangaande die Vrymesselary gekonfronteer word, is geen gronde vir die verlening van toegang aan Vrymesselaars tot die kerk nie.

Ja 4:7 Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug.

Ef. 4:27 Moenie die duiwel 'n vatkans gee nie.

Deur die Vrymesselaars toegang tot die kerk te verleen, word juis vatplek aan Satan gebied.

Mag ons God se wil doen deur Jesus Christus wat ons krag gee.

4.21.3 AANBEVELING

4.21.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

4.21.3.2 Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

4.21.4 Motivering

4.21.4.1 Wat lidmaatskap betref, word verwys na waarop in die vorige beskrywingspunt oor hierdie saak reeds gewys is.

4.21.4.2 Wat tug betref moet daarop gewys word

dat verenigings of bewegings nie voorwerpe van kerklike tug kan wees nie. Ouderlingrade moet oor lidmate se leer en lewe opsig en tug uitoefen ooreenkomstig Kerkorde Art. 52.1 en 52.2 en sodoende bly by die Skriftuurlike tug oefening soos ook in die Belydenisskrifte verwoord.

4.21.4.3 Kragtens Kerkorde Art. 4 moet ouderlingrade oor lidmate beslis.

4.22 Ring van Beaufort-Wes: Leraar 3 jaar in gemeente

4.22.1 Die sinode beveel aan dat daar 'n 3 jaar beperking ingestel word wat verhoed dat 'n leraar korter as 3 jaar in 'n gemeente dien.

4.22.2 Motivering

Gemeentes kry finansieel swaar (verhuisings-kostes ens.) asook die geestelike ly daaronder.

4.22.3 AANBEVELING

4.22.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

4.22.3.2 Die sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie.

4.22.4 Motivering

4.22.4.1 Heb 5:4 stel dit duidelik dat God self die bedienaar van die Woord roep. Alhoewel daar baie goeie redes bestaan waarom 'n predikant wat nog kort in 'n gemeente is nie beroep behoort te word nie, moet ons altyd in gedagte hou Wie werklik roep.

4.22.4.2 Bep. 12E, bl. 9 Kerkorde 1998 bepaal: "Alvorens 'n predikant 'n beroep aanvaar, raadpleeg hy sy kerkraad". Indien 'n predikant nog nie lank in 'n gemeente is nie en die gemeente finansieel swaarkry, kan dit 'n faktor by die aanvaarding van die beroep word. Die betrokke kerkrade kan ook die saak onderling bespreek en moontlik tot 'n vergelyk kom.

4.22.4.3 'n Bedienaar van die Woord kan nie regtig sinvol in 'n gemeente arbeid as hy nie die lidmate ken nie. 'n Te kort bedieningstyd in 'n gemeente, is daarom nie regtig sinvol nie.

4.23 Ring van Beaufort-Wes: Ouderlinge leespreke nie in ander gemeentes

4.23.1 Die sinode versoek dat die verbod wat bestaan dat ouderlinge nie mag uithelp in ander gemeentes met leespreke nie, opgehef word.

4.23.2 Motivering

In kleiner plattelandse gemeentes waar leraars nie geredelik bekombaar is nie, mag die behoefte bestaan om ouderlinge van buurgemeentes te nooi om uit te help met leespreke.

Opdrag word aan TKKS gegee om indien hierdie

beskrywingspunt goedgekeur word die kerkorde hiermee in ooreenstemming te bring. Met spesifieke verwysing tot toesig.

4.23.3 AANBEVELING

4.23.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

4.23.3.2 Die sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie.

4.23.3.3 Die sinode herinner gemeentes aan bylae 1 bl. 58 Kerkorde 1998.

4.23.4 Motivering

4.23.4.1 Die ampte is verbonde aan die plaaslike gemeente. 'n Ouderling in gemeente A is nie ouderling vir enige ander AP Kerk nie. Tt 1:5 leer duidelik dat van stad tot stad of beter gestel, in elke stad, ouderlinge aangewys moes word. As ons dit prysgee, gee ons die selfstandigheid van die plaaslike kerk prys en dan word ons of Independentisties of ons word hiërargies soos die Rooms Katolieke.

4.23.4.2 Bylae 1 van die Kerkorde: "Wie mag preek in die AP Kerk" op bl. 58 van die 1998 uitgawe spel uit dat enige manlike lidmaat in 'n gemeente deur die kerkraad gevra mag word om in daardie gemeente 'n leesdiens waar te neem, juis om die dooiepunt te ontloot wat ontstaan as daar nie 'n ouderling of diaken is wat dit kan of wil doen nie.

4.24 Ring van Beaufort-Wes: AP Kerk samewerking met ander kerke opskort

4.24.1 Die sinode besluit dat die AP Kerke samewerking met ander kerke opskort.

4.24.2 Motivering

Aangesien die beginselgrondslag van die AP Kerk grondig en diepgrondig genoeg was om 'n aparte kerk te stig kan daar geen bevredigende gronde bestaan waarom daar met ander kerke soos bv. NG Kerk met betrekking tot basiese geestesgoedere saamgewerk word nie.

4.24.3 AANBEVELING

4.24.4.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

4.24.4.2 Die sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie.

4.24.4 Motivering

4.24.4.1 Die KKS is nie bewus van enige samewerking met enige ander kerkverband nie.

4.24.4.2 Dit is moontlik, ja selfs waarskynlik dat plaaslike kerke op plaaslike vlak met ander kerke

saamwerk. Dit is 'n plaaslike aangeleentheid, waaroor die plaaslike kerkraad self besluit.

4.25 Ring van Newcastle: Wysiging van Kerkorde bepaling 32 A8

4.25.1 Beskrywingspunt

Die sinode besluit dat in Kerkorde Bepaling 32 A die woorde "met meerderheid van stemme" vervang word met die woorde: "met die stem van ten minste 80% van alle kerkraadslede".

4.25.2 Motivering

4.24.2.1 Die huidige bewoording maak dit moontlik dat onroerende eiendom van 'n kerk (gemeente) kragtens 'n gewone kerkraadsbesluit met meerderheid van stemme verkoop of oorgedra mag word.

4.24.2.2 As die bepaling van 'n kworum vir 'n vergadering kragtens Ordereël 8 in ag geneem word, dan is dit moontlik dat 'n baie klein aantal kerkraadslede kan besluit oor die vervreemding van die kerkgebou.

4.24.2.3 Waar dit sou gebeur dat daar 'n verdeling of skeuring van 'n gemeente kom is dit tans moontlik dat 'n faksie, wat 'n minderheid van die gemeente se gevoel en standpunte verteenwoordig, op 'n bepaalde kerkraadsvergadering dalk 'n gewone meerderheid van stemme behaal en die gemeente se onroerende eiendom onder markwaarde aan hulle toekomstige gemeente verkoop.

4.24.2.4 Die reg om te handel met 'n gemeente se onroerende eiendom behoort met baie meer as bloot 'n meerderheid van stemme verskans te word.

4.25.3 AANBEVELING

4.25.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

4.25.3.2 Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

4.25.3.3 Die sinode wysig Kerkorde Bepaling 32 A soos volg:

Huidige redaksie

32A 8 die reg om met gemeente-eiendom, roerend sowel as onroerend, te handel, berus by die kerkraad van die betrokke kerk (gemeente) kragtens besluit van die kerkraad geneem op 'n kerkraadsvergadering geneem met meerderheid van stemme.

Voorgestelde redaksie

32A.8.1 die reg om met gemeente-eiendom, roerend sowel as onroerend, te handel, berus by die kerkraad van die betrokke plaaslike kerk kragtens besluit van die kerkraad geneem op 'n

kerkraadsvergadering met meerderheid van stemme.

32A.8.2 In geval van moontlike vervreemding van die eiendom handel die kerkraad nadat aan Kerkorde Bepaling 34D voldoen is.

4.25.4 Motivering

Die probleem genoem in die ring se motivering van die beskrywingspunt, kan beter tot voordeel van die gemeente aangespreek word deur aan Bepaling 34D aandag te gee.

4.26 Ring van Moot Sentraal: Ad hoc-kommissie vir advies en leiding

4.26.1 Beskrywingspunt

Die sinode besluit om sy vorige besluit (Handelinge van die Agtste Sinode bl. 295) soos volg te wysig ten opsigte van die samestelling van die ad hoc-kommissie vir advies en leiding:

Ou redaksie

Die raadpleging van 'n ad hoc-kommissie deur die sinode benoem, met die oog op advies en leiding en soos volg saamgestel:

Een lid uit elk van die volgende permanente sinodale kommissies, soos volg benoem:

SKK – voorsitter of iemand anders deur die SKK benoem;

KKS – voorsitter of iemand anders deur die KKS benoem;

Kur – voorsitter of iemand anders deur die Kur benoem;

Die direkteur van kerkadministrasie.

Nuwe redaksie

Die raadpleging van 'n ad hoc-kommissie deur die sinode benoem, met die oog op advies en leiding, en soos volg saamgestel:

KKS-voorsitter of iemand anders deur die KKS benoem;

BRKA-voorsitter of iemand anders deur die BRKA benoem;

Drie ander kundige persone deur die sinode benoem.

4.26.2 Motivering

4.26.2.1 Die BRKA het 'n direkte belang by so 'n versoening waar 'n moontlikheid van hofgedinge hom voordoen en/of twisgesprekke voorkom wat vernietigend kan inwerk in ons gemeentes. Die KKS is die kommissie wat bevoeg is om die nodige kerkregtelike advies te bedien.

4.26.2 Die voorsitters van die SKK en Kuratorium is nie noodwendig goed onderleg en die bewaamste om so 'n versoening te kan bewerkstellig nie. Lede van kommissies word gewoonlik

verkies omdat hulle bekwaam is om die lasgewing van die spesifieke kommissie waarop hulle dien uit te voer. Die lasgewing van die SKK en Kuratorium maak nie hiervoor voorsiening nie.

4.26.3 Die direkteur van kerkadministrasie is 'n amptenaar by die sentrale kerkkantoor in diens van die BRKA en behoort nie in hierdie hoedanigheid op die ad hoc-kommissie te dien nie. Hy mag wel in sy persoonlike hoedanigheid, weens sy bekwaamheid en kundigheid op hierdie gebied, aangewys word.

4.26.4 Daar is waarskynlik talle sinodegangers, met die nodige opleiding, takt en kundigheid, en wat dus meer bevoeg is om sulke situasies te hanteer.

4.26.3 AANBEVELING

4.26.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

4.26.3.2 Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

4.26.4 Motivering

4.26.4.1 Die sinode moet eers besluit oor die voortbestaan van die ad hoc-kommissie vir advies en leiding.

4.26.4.2 Die huidige samestelling bied die voordele van kundiges met betrekking tot die vier terreine wat meesal advies en leiding benodig.

4.26.4.3 Die beskrywingspunt brei die ledetal uit na 5 lede wat probleme en ekstra koste met vervoer sal meebring, veral in gevalle, soos voorgekom het, waar lang reise onderneem moet word.

4.26.4.4 Daar kom dikwels finansiële aspekte ter sprake wat op die terrein van die direkteur van kerkadministrasie geleë is, wat sy bydrae noodsaaklik maak.

4.26.4.5 Die beskrywingspunt spesifiseer nie die "ander kundige persone" nie en veronderstel dat die sinode oor die besonderhede beskik. Die belangrike vraag is wat die kwalifikasies moet wees en hoe dit bepaal gaan word.

4.26.4.6 Die praktyk het uitgewys dat die werksaamhede van hierdie ad hoc-kommissie veel wyer strek as blote versoening en dat vir die tersaaklik advies en leiding sover moontlik die hele spektrum van gemeentelike belange ter sprake is.

4.27 Ring van Moot-Sentraal: Belydenis vir die doop van kinders ouer as 7 jaar

4.27.1 Beskrywingspunt

Aangesien daar geen riglyne neergeleë is vir die doop van kinders bo die ouderom van sewe jaar nie, dra die sinode dit aan die KKS op om 'n eenvoudige belydenis neer te lê waarop die kind "ja"

antwoord by sy doop. Die ouers antwoord soos gewoonlik op die vrae in die formulier vir die kinderdoop.

4.27.2 Motivering

Daar is kinders ouer as sewe jaar en wie se ouers lidmate van die AP Kerk is/word, wat nog nie gedoop is nie, maar die begeerte uitspreek om gedoop te wil word. Oor die hantering van sodanige doop, bestaan daar geen riglyne in die Kerkorde nie. Op navraag aan verskillende lede van die KKS kan ook geen uitsluitel gekry word insake die hantering van sodanige doop nie. Aangesien dit 'n saak is wat dringende aandag verg, kan die saak gedien word deur dit aan die KKS op te dra om 'n eenvoudige belydenis waarop die kind self "ja" antwoord by sy doop, tesame met die belofte van die ouers, aan die volgende sinode voor te lê.

4.27.3 AANBEVELING

4.27.3.1 Die beskrywingspunt is nie formeel ontvanklik nie. Daar is geen aanduiding dat die ring dit goedgekeur het nie.

4.27.3.2 Die sinode besluit of hy dit verder wil hanteer.

4.28 Beskrywingspunte wat laat ontvang is, is nie behandel nie. Die sinode het reeds die volgende besluit daaroor geneem (Kerkorde bl. 135, punt 7.1):

Die sinode besluit dat beskrywingspunte en verslae wat voortaan nie volgens die riglyne van die sinode en op die vasgestelde datums ingedien word nie, nie ontvanklik sal wees nie (Agenda Sinode 1989, bl. 27, pt. 2.15; Handeling Sinode 1989, bl. 394, pt. 29).

Die volgende is van die ringe wie se beskrywingspunte laat ontvang is:

Ring van Germiston

Ring van Klerksdorp

Ander beskrywingspunte wat laat ontvang is, is ook nie opgeneem nie.

5 BESWAARSKRIFTE

5.1 Beswaarskrif t.o.v. besluit rakende Sasolburg – Ring van Vereeniging

5.1.1 Die ring van Vereeniging dien die volgende beswaarskrif in kragtens artikel 31 ooreenkomstig Bep. 31A

Voorstel soos gewysig goedgekeur:

"Na deeglike besinning op grond van die stukke wat gedien het, besluit die vergadering om die hele saak rakende die appèl van die ring van Vereeniging teen 'n besluit van die ring van Graniet

insake die stigting van die AP Kerk Sasolburg terug te verwys na die betrokke ringe.

Die vergadering besluit verder om die ad hoc-kommissie met die oog op advies en leiding (soos goedgekeur tydens die agtste sinode – Handeling, bl. 295, no. 142 pt. 1.1) aangevul met adviseurs van die KKS, te versoek om 'n poging aan te wend om die konflikte wat ontstaan het, by te lê en die situasie te normaliseer en om in alle sake wat daarmee saamhang, die betrokkenes met advies te bedien en te begelei om sodoende die koninkryk van God te dien.

Dr. Cl van Heerden; ds A Boshoff (sr.)

Die beswaarskrif word begrond op die sinodale besluit:

“Indien enige appellant/verweerder na die bevestiging van die ad hoc-kommissie nog steeds veronreg voel, kan sodanige persoon/instansie hom opnuut tot die volgende sinode wend” (bl. 361 Handeling van die Agtste Sinode) en opvolgende beslissings van die voorsitter op dieselfde bladsy.

Verder verduidelik die voorsitter dat indien iemand deur 'n besluit van hierdie ad hoc-sinodale kommissie veronreg voel, hy hom deur middel van 'n beswaarskrif na die volgende sinode kan wend”.

Ens. ens. ...

5.1.2. AANBEVELING

5.1.2.1 Die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

5.1.2.2 Die sinode gee gevolg aan die beswaarskrif.

5.1.3 Motivering

Die belofte van die sinode was dat indien 'n appellant nie tevrede is met die beslissing van die ad hoc-kommissie nie, kan hy terugkom na die sinode.

6 APPËLLE

6.1 JC Janse van Rensburg – Ring van Graniet – insake 'n klag teen ds. NJ Nell

7 WYSIGINGS IN BYLAE IN KERKORDE-BOEKIE ASOOK KERKORDE WYSIGINGS

7.1 Wysigings in Bylae in Kerkordeboekie

Die volgende wysigings in die Kerkordeboekie word deur die KKS aanbeveel.

7.1.1 Akte van kombinasie

Bestaande bewoording

Onder Bylae 5.9 tot die Kerkorde 1998-uitgawe, bl. 90 verskyn 'n voorbeeld van 'n Kombinasie-akte met pt. 6 “beroeping” en daaronder pt. 6.1.2 wat soos volg lees: “word die groslys daarna verklein op 'n gekombineerde kerkraadsvergadering.”

Nuwe bewoording

Die sinode besluit dat die bogemelde pt. 6.1.2 soos volg gewysig word:

“word die groslys daarna op 'n gekombineerde kerkraadsvergadering gesuiwer van enige onberoepbare persoon.”

Motivering

1 Die bewoording in die voorbeeld van die Kombinasie-akte is strydig met bep. 11C van die Kerkorde, wat net bepaal dat die groslys gesuiwer kan word van “enige onberoepbare persoon”. Geen kerkraad of gekombineerde kerkraad het of kan die reg kry om strydig met die Kerkorde te handel nie.

2 Alhoewel “suiwering van enige onberoepbare persoon” prakties sou voorkom op verkleining van die groslys, is dit beslis nie die betekenis wat geheg word aan die woord “verklein”, maar wel 'n reg om sonder meer van beroepbare genomineerdes van die groslys te skrap.

3. Behalwe dat die reg van verkleining strydig met die Kerkorde is, is dit ook 'n aantasting van die vrye reg van 'n ongesensureerde ingeskrewe lidmaat om 'n beroepbare persoon te nomineer indien 'n kerkvergadering skappingsreg deur verkleining het of verkry.

7.1.2 Akte van kombinasie

Bestaande bewoording

Onder Bylae 5.9 tot die Kerkorde 1998-uitgawe, bl. 90 verskyn 'n voorbeeld van 'n Kombinasie-akte met pt.16.5 “wyse waarop besluite geneem word” met daaronder pt. 16.5.2 “in die volgende gevalle word beslis deur die meerderheid van bogenoemde stemme”, waaronder dan die bewoording: “wanneer'n klag teen die predikant oorweeg moet word (lees pt. 17 hieronder hiermee saam)”.

Nuwe bewoording

Die sinode besluit:

Skrap die bewoording: “wanneer 'n klag teen die predikant oorweeg moet word (lees pt. 17 hieronder hiermee saam)”.

Motivering

1 Volgens pt. 16.5.1 het elke kerkraad in die kombinasie “een stem oor elke saak” en dus by implikasie ook elke ouderlingeraad. Die bogemelde bestaande bewoording beteken dat by die behandeling van 'n klag volgens Art. 56 van die Kerkorde elke ouderlingeraad van elke gemeente in kombinasie een stem het. Elke ouderlingeraad verkry sy stem deur afsonderlike besluit, waar dit vanselfsprekend ook bereik kan word deur 'n meerderheidstem. Indien 'n kombinasie deur twee

gemeentes gevorm word, kan twee ouderlingeraade met een stem elk dus 'n staking van stemme bereik en dit in 'n belangrike saak soos 'n klag teen die predikant, wat 'n uiters ongewenste situasie kan skep. Hier kan nie sprake wees van 'n voorsitterstem, wat buitendien volgens bep. 37F2.2 die onafhanklike konsulent moet wees.

2 Die predikant teen wie die klag gelê is, is predikant van al die gemeentes in kombinasie en dus onder die opsig en tug van al die ouderlingeraade. Wanneer 'n klag teen 'n predikant ondersoek word deur 'n ouderlingeraad het elke ouderling 'n stem by die finale beslissing. By die beslissing deur 'n gekombineerde vergadering word dit verklein tot een stem per ouderlingeraad. Dit is duidelik strydig met die implikasie én interpretasie van Art. 56 soos dit in die praktyk toegepas word.

3 Indien die prosedure van Art. 56 gevolg word, waarvolgens elke ouderling regmatig 'n stem het, word die moontlikheid van die staking van stemme geminimaliseer en behou elke ouderling sy stem, veral as 'n meerderheidstem die een stem van 'n ouderlingeraad sou bewerkstellig.

7.1.3 Tugondersoek teen die predikant van 'n kombinasie

Bestaande bewoording

Onder bylae 5.9 tot die Kerkorde 1998-uitgawe, p. 90 verskyn 'n voorbeeld van 'n kombinasie-akte met pt. 17 onder opskrif "TUG".

"17 TUG"

17.1 Indien 'n klag teen die predikant ingebring word ingevolge die betrokke Kerkorde-artikels, handel 'n gekombineerde vergadering kragtens Kerkorde Art. 56 daaroor, onder voorsitterskap van die ondervoorsitter indien die predikant die verkose voorsitter was.

17.2 Enige klag teen die predikant sal soos volg hanteer word:

17.2.1 Die ouderlingeraad by wie die klag ingedien is, gaan op die saak in ten einde te oordeel of dit die aandag van die (getal) ouderlingeraade gesamentlik moet geniet. Indien die saak by die ouderlingeraad alleen opgelos kan word, is dit afgehandel. Indien daardie een ouderlingeraad oordeel dat tugstappe waarskynlik gedoen sal moet word, roep hy 'n gekombineerde ouderlingeraad byeen en dan word opgetree soos hieronder verder beskrywe.

17.2.2 Die saak word dan op 'n gesamentlike ouderlingeraad soos volg behandel:

- die hele saak word aan die gesamentlike vergadering verduidelik deur die ouderlingeraad wat die klag ontvang het. Geleentheid word gegee aan die klaer(s) om die klag toe te lig, aan die predikant

om hom te verweer en aan die raad om vrae te vra en getuieis aan te hoor.

- Daarna vergader elke ouderlingeraad in 'n afsonderlike vertrek om tot 'n selfstandige beslissing te kom oor die vraag of tugstappe verder gevoer moet word, deur die aangeleentheid kragtens Kerkorde Art. 56 na die ring te verwys.

- Laastens kom die ouderlingeraade weer bymekaar en het elke ouderlingeraad een stem in die beslissing oor die saak.

17.3 Die weg van appèl teen die finale besluit van die ouderlingeraade gesamentlik, staan oop."

Nuwe bewoording

Die sinode besluit:

Skrap die pte. 17.1 tot 17.3 geheel en vervang met die volgende:

"17.1 Indien 'n klag teen die predikant ingebring word ingevolge die betrokke Kerkorde-artikels, handel 'n gekombineerde ouderlingeraadvergadering kragtens Art. 56 daaroor, onder voorsitterskap van die konsulent volgens Bep. 37F2.2.

17.2 'n Klag teen die predikant kan volgens Bep. 53A van die Kerkorde by enigeen van die ouderlingeraade in die kombinasie ingelewer word.

17.3 Sodra 'n ouderlingeraad 'n klag ontvang het, gee die voorsitter onmiddellik skriftelik kennis daarvan aan die voorsitter(s) van die ander ouderlingeraad(rade) in die kombinasie met 'n afskrif van die klag. Die voorsitters besluit onderling op 'n datum en plek vir die ondersoek en elke voorsitter gee daaromtrent kennis aan sy ouderlingeraad, terwyl die voorsitters óf gesamentlik óf een voorsitter aanwys om die aangeklaagde daaromtrent kennis te gee vir die uitvoering van Art. 56 en Bep. 53C van die Kerkorde.

17.4 Aangesien die predikant predikant van al die gemeentes in kombinasie is en onder die opsig en tug van al die ouderlingeraade in die kombinasie staan, stel die gekombineerde ouderlingeraad die ondersoek in. Geleentheid word aan die predikant gegee om hom te verweer volgens Bep. 53C.

17.5 Die gekombineerde ouderlingeraad besluit dan gesamentlik, met elke ouderling met 'n individuele stem, oor die bestaan van substansie al dan nie volgens Bep. 56A en handel verder na hul bevinding volgens Bep. 56A gelees met Art. 56.

Motivering

1 Die motiverings onder beskrywingspunt 2 gestel, is ook hier van toepassing.

2 Hierdie nuwe bewoording voldoen aan die voorskrifte van Bep. 37F2.2, Art. 56, Bep. 53A, Bep. 53C en Bep. 56A van die Kerkorde.

7.1.4 Beëindiging van bedieningsooreenkoms

Bestaande bewoording

Onder Bylae 5.11 tot die Kerkorde 1998-uitgawe, bl. 103 verskyn 'n voorbeeld van 'n Bedieningsooreenkoms met pt.6 "beëindiging van hierdie bedieningsooreenkoms." Onder pt. 6.2 word gestel dat die ooreenkoms byvoorbeeld verval by "die emeritering of oorlye van die predikant"; by "die aanvaarding van 'n beroep na 'n ander gemeente deur die predikant". Die Beroepsbrief C, Bylae 5.10, p. 99 lees onder andere: "Alhoewel u slegs na hierdie gemeente beroep word en dus kontraktueel aan hierdie gemeente alleen verbind word, vestig ons u aandag daarop dat hierdie kerkraad 'n bedieningsooreenkoms met die volgende gemeente(s) aangegaan het (en dat dit gevolglik bindende implikasies vir u inhoud)". Hierdie bewoording in die beroepsbrief volg blykbaar op pt. 6.3 "na sodanige gebeurlikhede, kan 'n nuwe bedieningsooreenkoms aangegaan word indien verkies" en word toegevoeg dat die beroepe predikant "'n kopie van elke ooreenkoms saam met sy beroepsbrief ontvang", sodat hy vooraf die verpligtinge in gemeentes te wete kan kom voor beroepsaanvaarding.

Beredenering

1 Die ooreenkoms verval sodra die gemeente die predikant verloor (emeritering, oorlye, beroepsaanvaarding). Dit is logies, want die ooreenkoms het alleen krag vir solank daar 'n predikant is wat die hulpdiens volgens ooreenkoms kan lewer. Tog word gestel dat sonder 'n predikant nuwe ooreenkomste aangegaan kan word. Dit bind elke predikant, wat beroep word eensydig kontraktueel tot 'n ooreenkoms, wat ook met kennisgewing van drie maande beëindig kan word, pt. 6.1. Die vraag is of dit die geykte gees van beroeping en die ware betekenis van 'n beroepsbrief as kontrak reflekteer?

2 Gestel dat beroepe tevergeefs uitgebring word, ook vanweë die ooreenkoms(te), watter sin en voordeel het die vir die gemeente(s) wat die hulpdiens benodig om dalk maande lank geen voordeel uit die ooreenkoms te behaal nie?

3 Indien nuwe ooreenkomste aangegaan kan word, sonder die teenwoordigheid van 'n predikant, hoeft dit mos nie te verval soos onder pt. 1 hierbo gestel nie. Die ooreenkoms is tussen die kerkgrade en nie tussen die predikant en die kerkgrade nie. Of die verval of 'n nuwe ooreenkoms voordat 'n predikant teenwoordig is, is dus 'n handeling sonder betekenis. Indien 'n nuwe ooreenkoms aangegaan kan word, hoeft die bestaande nie te verval het nie.

4 Dit wil egter voorkom of die kwessie van 'n nuwe ooreenkoms die een is wat nie regverdigbaar

is nie en 'n beroepe predikant ten onregte behandel.

Nuwe bewoording

Die sinode besluit

4.1 Skrap pt. 6.3 op bl. 105 in die Kerkordeboek uitgawe-1998 wat lees "na sodanige gebeurlikhede, kan 'n nuwe bedieningsooreenkoms aangegaan word indien verkies".

4.2 Skrap die woorde in Bylae 5.10 "Beroepsbrief C" op bl. 99 van die Kerkordeboek uitgawe-1998, laaste paragraaf vanaf "alhoewel u slegs ...", tot bo-aan bl. 100 "u verpligtinge ... Bedieningsooreenkoms".

7.2 Kerkordewysigings

Die volgende Kerkordewysigings word deur die KKS aanbeveel:

7.2.1 Kerkorde Art. 31

7.2.1.1 Ou redaksie

Die besluit van 'n vergadering is bindend, maar wanneer 'n lidmaat of kerkvergadering hom veronreg voel of meen dat 'n besluit in stryd is met die Skrif en/of belydenisskrifte en/of die Kerkorde en/of 'n ander sinodebesluit, kan hy appelleer na 'n meerdere vergadering of 'n beswaarskrif indien by die betrokke vergadering wat 'n besluit geneem het, ter motivering vir die verandering van die besluit.

BEPALING 31A

Beswaarskrif

'n Beswaarskrif moet

- skriftelik wees;
- die besluit waarteen beswaar aangeteken word, woordeliks aanhaal;
- ingedien word by die ouderlingeraad/kerkraad as dit handel oor 'n besluit van die ouderlingeraad/kerkraad;
- ingedien word by die ring/sinode as dit handel oor 'n besluit van 'n vorige ring/sinode;
- duidelike gronde vir die beswaar aanvoer;
- betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.

'n Beswaarskrif kan te eniger tyd oor enige besluit ingedien word.

Die betrokke ouderlingeraad/kerkraad of meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die beswaarskrif deur na te gaan of aan bogenoemde formele vereistes voldoen is.

BEPALING 31B

Wanneer 'n lidmaat 'n besluit van 'n ouderlinge-

raad, 'n kerkraad of 'n meerdere vergadering nie kan onderskryf nie, kan hy dit by wyse van 'n appèl aanhangig maak (vgl. Art. 31). Dieselfde geld vir 'n ouderlingeraad/kerkraad/ring ten opsigte van 'n besluit van 'n meerdere vergadering.

BEPALING 31C

'n Appèlskrif moet (vgl. Art. 31)

- skriftelik wees;
- die besluit waarteen appèl aangeteken word, woordeliks aanhaal;
- ingedien word by 'n ring indien appèl aange-teken word teen 'n besluit van 'n kerkraad of ouderlingeraad;
- ingedien word by 'n sinode indien appèl aange-teken word teen 'n besluit van die ring;
- aantoon waarin die verontregting bestaan en/of waarin in stryd met die Skrif, ens. besluit is (vgl. Art. 31);
- betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.

Appèl kan alleen aangeteken word binne 21 dae nadat 'n notule bevattende die besluit waarteen geappelleer word, goedgekeur is, met gelyktydige skriftelike kennisgewing aan die betrokke kerkraad, ouderlingeraad of ringskommissie. 'n Appellant kan reeds tydens die vergadering van die kerkraad, ouderlingeraad of die ring wat 'n besluit moet neem, kennis gee van appèl, in welke geval die kerkraad, ouderlingeraad of ring dadelik persone aanwys wat die verweer moet voorberei.

Die betrokke meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die appèl deur na te gaan of aan bg. formele vereistes voldoen is.

Wanneer 'n appèl teen 'n kerkraadsbesluit of 'n ouderlingeraadsbesluit by 'n ring dien, moet die afgevaardigdes van daardie kerkraad, asook die appellant(e), by die beslissing buite stemming bly.

Wanneer 'n appèl teen 'n ringsbesluit by 'n sinode dien, moet die afgevaardigdes uit die gemeentes in daardie ringsressort, asook die appellant(e), by die beslissing buite stemming bly.

7.2.1.2 Nuwe redaksie

31.1 Die besluit van 'n kerkvergadering is bindend.

31.2 Wanneer 'n belydende lidmaat of kerkvergadering egter veronreg voel deur 'n besluit of meen dat dit in stryd is met die Skrif en/of belydenisskrifte en/of die Kerkorde en/of 'n ander reeds gewone besluit van 'n kerkvergadering, kan hy

31.2.1 'n beswaarskrif by daardie vergadering wat die betrokke besluit geneem het, indien;

31.2.2 of appelleer na 'n meerdere vergadering in volgorde.

31.3 'n Beswaarskrif kan oor enige besluit van enige kerkvergadering te eniger tyd ingedien word.

31.4 'n Beswaarskrif kan meermale aan dieselfde vergadering voorgelê word indien telkens bykomende of nuwe gronde voorgelê word.

BEPALING 31A

31A.1 'n Beswaarskrif moet

- skriftelik wees;
- die besluit waarteen beswaar aangeteken word woordeliks aangehaal;
- duidelike gronde vir die beswaar aanvoer;
- betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word;
- ingedien word by die ouderlingeraad/kerkraad as dit oor 'n besluit van voorgenoemde handel;
- of ingedien word by die ring/sinode as dit oor 'n besluit van voorgenoemde handel.

31A2 Die betrokke kerkvergadering bepaal eers die ontvanklikheid al dan nie van die beswaarskrif deur na te gaan of aan bogenoemde formele vereistes voldoen is.

31A3 Nadat die beswaarskrif formeel in orde bevind is, volg die beoordeling daarvan.

Bepaling 31B

Appèl (Bep. 31.2.2) kan alleen aangeteken word binne 21 dae nadat 'n notule bevattende die besluit waarteen geappelleer word, goedgekeur is met gelyktydige kennisgewing aan die betrokke ouderlingeraad, kerkraad of ring wat die besluit geneem het.

31B1 'n appèlskrif moet

- skriftelik wees;
- die besluit waarteen geappelleer word, woordeliks aanhaal;
- aantoon waarin die verontregting bestaan en/of waar dit teenstrydig met die Skrif, belydenisskrifte, Kerkorde of 'n ander besluit van 'n kerkvergadering is;
- betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word;
- ingedien word by 'n ring indien appèl aange-teken word teen 'n besluit van 'n ouderlingeraad of kerkraad;
- ingedien word by 'n sinode indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van die ring.

31B.2 Die betrokke kerkvergadering bepaal eers die ontvanklikheid al dan nie van die appèlskrif

deur na te gaan of aan bogenoemde formele vereistes voldoen is.

31B.3 Nadat die appèlskrif formeel in orde bevind is volg die beoordeling daarvan.

31B4 Wanneer 'n appèl teen 'n ouderlingeraad of kerkraadsbesluit by 'n ring dien, moet die afgevaardigdes van daardie kerkraad asook die appellant(e) van die vergadering uitgesluit word sonder stemreg.

31b.5 Wanneer 'n appèl teen 'n ringsbesluit by 'n sinode dien, moet die afgevaardigdes uit die gemeentes in daardie ringsressort, asook die appellant(e) van die vergadering uitgesluit word sonder stemreg.

31B.6 'n Appellant kan reeds tydens die vergadering van die ouderlingeraad, kerkraad of die ring wat die besluit geneem het, kennis gee van appèl, in welke geval die ouderlingeraad, kerkraad of ring dadelik persone aanwys wat die verweer moet voorberei.

7.2.2 Kerkorde Art. 53

7.2.2.1 *Ou redaksie*

Duidelike onderskeid moet gemaak word tussen 'n enkele oortreding en volharding in die sonde. In die geval van geheime sondes moet gehandel word volgens die leer van Christus in Mt 18:15-20. In die geval van openbare, ergerlike sondes moet die betrokke kerkvergadering handel volgens die bepalinge van die Kerkorde. Geen tugmaatreël mag toegepas word alvorens 'n klag grondig ondersoek is en die aangeklaagde volle geleentheid vir verweer gekry het nie.

Bepaling 53A

'n Belydende lidmaat wat nie onder sensuur is nie, kan by 'n ouderlingeraad skriftelik 'n klag of klagtes teen 'n belydende lidmaat(e) of ampsdraer(s) inlewer in verband met dwaling in leer en/of lewe, met kennisgewing aan die aangeklaagde, wat 'n afskrif van die klag insluit.

Bepaling 53B

By die kennisname deur 'n lid of lede van 'n kerkvergadering van 'n verspreidende nadelige gerug of gerugte aangaande diegene wat aan sy opsig en tug onderworpe is, vind 'n tugondersoek plaas.

Bepaling 53C

'n Kerklike vergadering wat in die eerste instansie 'n klag of gerug hanteer, moet volgens die artikels en bepalinge van die Kerkorde optree, ondersoek instel, die aangeklaagde 'n regverdige geleentheid tot verweer bied en sy bevinding skriftelik formuleer en oordra aan die klaer en aangeklaagde. Die betrokke kerkvergadering besluit verder oor

die tugstappe indien van toepassing.

Bepaling 53D

Geen regspraktisyn of pleitbesorger mag namens enige party optree nie, met dien verstande dat die aangeklaagde getuie mag voorlê en getuies mag roep in belang van sy verweer. Dieselfde geld vir die betrokke kerklike vergadering.

Nuwe redaksie

53.1 Duidelike onderskeid moet gemaak word tussen 'n enkele oortreding en volharding in die sonde.

53.2 In die geval van geheime sondes moet gehandel word volgens die leer van Christus in Mt 18:15-20.

53.3 In die geval van openbare ergerlike sondes moet die betrokke kerkvergadering handel volgens die bepalinge van die Kerkorde.

53.4 Geen tugmaatreël mag toegepas word alvorens 'n klag grondig ondersoek is, die klaer volle geleentheid vir bewyslewering van sy klag gebied is en die aangeklaagde volle geleentheid vir verweer gekry het nie.

Bepaling 53A

'n Belydende lidmaat wat nie onder sensuur is nie, 'n ampsdraer(s), 'n ouderlingeraad, 'n kerkraad, 'n ring en 'n ringskommissie kan slegs by 'n ouderlingeraad skriftelik 'n klag of klagtes teen 'n belydende lidmaat(e) of ampsdraer(s) inlewer in verband met dwaling in leer en/of lewe, met skriftelike kennisgewing aan die aangeklaagde, wat 'n afskrif van die klag insluit.

Bepaling 53B

By die kennisname deur 'n lid of lede van 'n kerkvergadering van 'n verspreidende nadelige gerug of gerugte aangaande diegene wat aan sy opsig en tug onderworpe is, vind 'n tugondersoek plaas.

Bepaling 53C

'n Kerkvergadering wat in eerste instansie 'n klag of gerug hanteer, moet volgens die artikels en bepalinge van die Kerkorde optree, ondersoek instel, die aangeklaagde 'n regverdige geleentheid tot verweer bied en sy bevinding skriftelik formuleer en oordra aan die klaer en aangeklaagde. Die betrokke vergadering besluit verder oor tugstappe indien van toepassing.

Bepaling 53D

Geen regspraktisyn, of pleitbesorger mag namens enige party optree nie, met dien verstande dat die klaer getuies inroep in belang van sy klag en die aangeklaagde getuie mag voorlê en getuies mag roep in belang van sy verweer. Dieselfde geld vir die betrokke kerkvergadering.

7.2.3 Kerkorde Art. 55**7.2.3.1 Ou redaksie****Artikel 55.1**

In geval van 'n klag of gerug dat 'n ouderling of diaken hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, stel sy ouderlingeraad ondersoek in. Indien die saak substansie het en

a. die erns van die saak dit regverdig, kan sy ouderlingeraad die aangeklaagde voorlopig in sy amp stuit en

b. moet onverwyld aan die ringskommissie kennis gegee word sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek met die ouderlingeraad. Die ring beslis oor skuldigbevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes.

Artikel 55.2

Indien by geleentheid meer as die helfte van 'n ouderlingeraad aangekla is, reël die voorsitter met 'n ouderlingeraad binne ringsverband, vir 'n gesamentlike ondersoek met die restant van die ouderlinge, wat handel volgens Art. 55.1

Bepaling 55A

Die ouderlingeraad oordeel oor die substansie van 'n klag. Indien 'n klag geen substansie het nie, word die klag verwerp en is die saak afgehandel. Die weg van appèl bly natuurlik steeds oop. Indien die ouderlingeraad egter oordeel dat die klag wel substansie het, besluit hy oor voorlopige stuiting ("indien die erns van die saak dit regverdig") al dan nie, en is dan verplig om die saak onder die aandag van die ringskommissie te bring sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek.

Bepaling 55B

Die "gesamentlike ondersoek" word deur die ouderlingeraad en die ring behartig.

7.2.3.2 Nuwe redaksie

In geval van 'n klag of gerug dat 'n ouderling of diaken hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, stel sy ouderlingeraad ondersoek in en oordeel oor die substansie daarvan.

55.1 Indien 'n klag geen substansie het nie, word die klag verwerp en is die saak afgehandel.

55.2.1 Indien die klag substansie het,

55.2.2 moet onverwyld aan die ringskommissie kennis gegee word sodat 'n ring saamgeroep word vir 'n gesamentlike ondersoek met die ouderlingeraad;

55.2.3 en die erns van die saak dit regverdig, kan sy ouderlingeraad die aangeklaagde voorlopig in sy amp stuit.

55.3 Die ring beslis oor skuldigbevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes met skriftelike kennisgewing aan die klaer en aangeklaagde.

55.4 Indien by geleentheid meer as die helfte van 'n ouderlingeraad aangekla is, reël die voorsitter met 'n ouderlingeraad binne ringsverband vir 'n gesamentlike ondersoek met die restant van die ouderlingeraad en wat handel volgens Kerkorde Art. 55.

55.5 Die ring kan in bepaalde probleemgevalle 'n naburige ring raadpleeg.

7.2.4 Art. 56**7.2.4.1 Ou redaksie**

In die geval van 'n klag of gerug dat 'n predikant, insluitend emeritus of teologiese dosent hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, stel sy ouderlingeraad ondersoek in. Indien die saak substansie het en

a die erns van die saak dit regverdig, kan sy ouderlingeraad die aangeklaagde voorlopig in sy amp stuit en

b moet onverwyld aan die ringskommissie kennis gegee word sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek met die ouderlingeraad.

Die ring beslis oor skuldigbevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes.

Bepaling 56A

Die ouderlingeraad oordeel oor die substansie van 'n klag. Indien 'n klag geen substansie het nie, word die klag verwerp en is die saak afgehandel. Die weg van appèl bly natuurlik steeds oop. Indien die ouderlingeraad egter oordeel dat die klag wel substansie het, besluit hy oor voorlopige stuiting ("indien die erns van die saak dit regverdig") al dan nie, en is dan verplig om die saak onder die aandag van die ringskommissie te bring sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek.

Bepaling 56B

Die "gesamentlike ondersoek" word deur die ouderlingeraad en die ring behartig.

7.2.4.2 Nuwe redaksie

In geval van 'n klag of gerug dat 'n predikant, insluitende emeritus of teologiese dosent, hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, stel sy ouderlingeraad ondersoek in en oordeel oor die substansie daarvan.

56.1 Indien 'n klag geen substansie het nie, word die klag verwerp en is die saak afgehandel met

skriftelike kennisgewing aan die klaer en aangeklaagde.

56.2.1 Indien die saak substansie het,

56.2.2 moet onverwyld aan die ringskommissie kennis gegee word, sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek met die ouderlingeraad,

56.2.3 en die erns van die saak dit regverdig, kan sy ouderlingeraad die aangeklaagde voorlopig in sy amp stuit.

56.3 Die ring beslis oor skuldigbevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes met skriftelike kennisgewing aan die klaer en aangeklaagde.

56.4 Die ring kan in bepaalde probleemgevalle 'n naburige ring raadpleeg.

56.5 Die Kuratorium het die reg om in die geval van teologiese dosente as klaer op te tree.

7.2.5 Art 57.3.2.2 en 57.4

7.2.5.1 Ou redaksie

Art. 57.3 Kerkraadslede

57.3.2.2 skorsing in die diens tot tyd en wyl daar bewyse van grondige berou is. Indien daar na verstryking van 'n redelike tydperk nie bewys van grondige berou is nie, ontslag uit die amp; of

Art. 57.4 Evangeliedienaars

57.4.1 'n bestraffing binne of buite die vergadering van die ring; of

57.4.2.1 skorsing wat geskied vir 'n vasgestelde tydperk met behoud van traktement en behuisingsoordeel, maar met verlies van ander toelaes en met opskorting van die voorreg om beroep te word; of

57.4.2.2 skorsing in die diens met onmiddellike losmaking van die band met dien verstande dat die ring dié predikant weer beroepbaar stel sodra daar bewyse van grondige berou is (vgl. Art. 59.3.1); of

57.4.3 afsetting uit die diens ooreenkomstig Art. 56, wat nietigverklaring van die akte van legitimisasie insluit. Dit geld ook vir emeriti en teologiese dosente.

7.2.5.2 Nuwe redaksie

Art. 57.3 Kerkraadslede

57.3.2.2 ontslag uit die amp.

Art. 57.4 Evangeliedienaars

57.4.1 'n bestraffing binne of buite die vergadering van die ring; of

57.4.2 skorsing in die diens met onmiddellike losmaking van die band met dien verstande dat die ring dié predikant weer beroepbaar stel sodra daar bewyse van grondige berou is (vgl. Kerkorde Art. 59.3.1); of

57.3 afsetting uit die diens ooreenkomstig Kerkorde Art. 56, wat nietigverklaring van die akte van legitimisasie insluit. Dit geld ook vir emeriti en teologiese dosente.

7.2.6 Kerkorde Art. 58

7.2.6.1 Ou redaksie

58.1 'n Aangeklaagde wat hom in 'n tugsaaak deur die uitspraak van 'n kerkvergadering beswaard voel, het die reg tot appèl na die ring en sinode, in hierdie volgorde.

58.2 In tugsake wat die leer van die kerk raak, het klaer sowel as aangeklaagde in 'n vryspraak of skuldigbevinding die reg tot appèl tot by die sinode.

58.3 'n Appèl moet binne 21 dae nadat die betrokke besluit per notule goedgekeur is, met opgaaf van redes, skriftelik by 'n meerdere vergadering ingedien word, met kennisgewing aan die vergadering wat die besluit geneem het.

Bepaling 58A

Wanneer 'n lidmaat 'n besluit van 'n ouderlingeraad, 'n kerkraad of 'n meerdere vergadering nie kan onderskryf nie, kan hy dit by wyse van 'n appèl aanhangig maak (vgl. Art. 31). Dieselfde geld vir 'n ouderlingeraad/kerkraad/ring ten opsigte van 'n besluit van 'n meerdere vergadering.

Bepaling 58 B

'n Appèlskrif moet (vgl. Art. 31)

- skriftelik wees;
- die besluit waarteen appèl aangeteken word, woordeliks aanhaal;
- ingedien word by 'n ring indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n kerkraad of ouderlingeraad;
- ingedien word by 'n sinode indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van die ring;
- aantoon waarin die verontregting bestaan en/of waarin in stryd met die Skrif, ens. besluit is (vgl. Art. 31);
- betyds ingedien word sodat dit in die sakelys

opgeneem kan word.

Appel kan alleen aangeteken word binne 21 dae nadat 'n notule bevattende die besluit waarteen geappelleer word, goedgekeur is, met gelyktydige skriftelike kennisgewing aan die betrokke kerkraad, ouderlingeraad of ringskommissie. 'n Appellant kan reeds tydens die vergadering van die kerkraad, ouderlingeraad of die ring wat 'n besluit moet neem, kennis gee van appel, in welke geval die kerkraad, ouderlingeraad of ring dadelik persone aanwys wat die verweer moet voorberei.

Die betrokke meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die appel deur na te gaan of aan bg. formele vereistes voldoen is.

Wanneer 'n appel teen 'n kerkraadsbesluit of 'n ouderlingeraadsbesluit by 'n ring dien, moet die afgevaardigdes van daardie kerkraad, asook die appellant(e), by die beslissing buite stemming bly.

Wanneer 'n appel teen 'n ringsbesluit by 'n sinode dien, moet die afgevaardigdes uit die gemeentes in daardie ringsressort, asook die appellant(e), by die beslissing buite stemming bly.

7.2.6.2 Nuwe redaksie

Kerkorde Art. 58 Reg tot appel

58.1 'n Aangeklaagde wat hom in 'n tugsak deur die uitspraak van 'n kerkvergadering veronreg voel, het die reg tot appel na die ring en sinode, in hierdie volgorde.

58.2.1 In tugsake wat die leer van die kerk raak, het die klaer indien die kerkvergadering die aangeklaagde vrygespreek het, die reg tot appel tot by die sinode.

58.2.2 Net so beskik die aangeklaagde indien die kerkvergadering hom skuldig bevind het, oor dieselfde reg.

58.3.1 'n Lidmaat wat 'n besluit van skuldigbevinding deur 'n ouderlingeraad of meerdere vergadering in 'n tugondersoek nie kan onderskryf nie, het die reg van appel na die ring en sinode, in hierdie volgorde.

58.3.2 'n Ouderlingeraad wat 'n besluit van skuldigbevinding deur die ring in 'n tugondersoek nie kan onderskryf nie, het dieselfde reg.

Bepaling 58A1

'n Appel kan alleen skriftelik aangeteken word

- binne 21 dae;
- nadat 'n notule bevattende die besluit waarteen geappelleer word, goedgekeur is;
- met gelyktydige skriftelike kennisgewing aan die betrokke ouderlingeraad of ring wat die besluit geneem het;

- vergesel van 'n kopie van die appèlskrif ; en
- en moet die besluit waarteen geappelleer word, aanhaal met die motivering vir die appel.

Bepaling 58A2

'n Appellant kan reeds tydens die vergadering van die ouderlingeraad of ring wat 'n besluit geneem het, kennis gee van appel, in welke geval die ouderlingeraad of ring dadelik persone aanwys wat die verweer moet voorberei.

Bepaling 58 A3

Die appellant moet 'n afskrif van die appèlskrif by die ouderlingeraad of ring binne genoemde 21 dae indien.

Bepaling 58B

'n Appèlskrif moet formeel

- skriftelik wees;
- die besluit waarteen geappelleer word, woorde-likes aanhaal;
- ingedien word by 'n ring indien appel aange-teken word teen 'n besluit van 'n ouderlingeraad;
- of ingedien word by 'n sinode indien appel aangeteken word teen 'n besluit van die ring;
- aantoon waarin die verontregting bestaan en/of waar in stryd met die Skrif en/of belydenisskrifte en/of Kerkorde en/of 'n ander sinodebesluit gehandel is;
- betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.

Bepaling 58C

Die betrokke meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van 'n appèlskrif deur na te gaan of dit aan bogenoemde formele vereistes voldoen.

Bepaling 58D

Wanneer 'n appel teen 'n ouderlingeraadsbesluit by 'n ring dien, word die afgevaardigdes van daardie kerkraad, asook die appellant(e) van die vergadering uitgesluit sonder stemreg.

Bepaling 58E

Wanneer 'n appel teen 'n ringsbesluit by 'n sinode dien, geld bogenoemde werkswyse ook t.o.v. die afgevaardigdes uit die gemeentes in daardie ringsressort asook t.o.v. die appellant(e).

8. Hierdie verslag is opgestel en voorberei deur die volle KKS en goedgekeur op sy vergadering van 3 Mei 1999.

Ons vertrou dat hiermee uitvoering gegee is aan die opdragte kragtens lasgewing.

Ons bid die vergadering die sien van die Here toe.

AS van Jaarsveld
VOORSITTER

HM Grobler
SKRIBA:KKS

Verslag: Finansiële kommissie

Tydperk 12 September 1997 tot 2 Mei 1999

1. PERSONEEL

Oudl. BJM Rossouw (voorsitter), dl. PR Buitendag (ondervoorsitter), LD Pienaar (skriba), oudl. RJ Keulder, J Serfontein, SA van der Westhuizen, mnre. CJ de la Rey en LJ Korkie.

Die skriba, ds. LD Pienaar het op 11 November 1998 uitgetree. Ds. PR Buitendag is aangewys as skriba in die plek van ds. LD Pienaar. Oudl. SA van der Westhuizen is verkies as ondervoorsitter in die plek van ds. PR Buitendag.

2. VERGADERINGS

Sewe vergaderings is gehou, nl. op 12 September 1997, 20 en 21 Oktober 1997, 18 Februarie 1998, 5 Oktober 1998, 11 November 1998, 7 April 1999, 28 April 1999.

3. MOONTLIKE BETER MEDIESE SKEMA

Oudl. BJM Rossouw het tydens die 1997 sinode 'n bevatlike en maklik verstaanbare stuk, met 'n vergelyking tussen twee mediese skemas: Kaapse Mediese Plan en die Momentum Health se Discovery Plan aan elke afgevaardigde beskikbaar gestel.

Die sinode het besluit: Die hele saak word terugverwys na die FK om die volgende sinode met 'n aanbeveling te dien.

In die lig van die snelveranderende ekonomiese situasie in die RSA, het die FK besluit om die volgende by die sinode aan te beveel:

AANBEVELING

3.1 Die sinode verleen goedkeuring aan die FK en BRKA om die mediese skema van die kerk aan te pas of te wysig of van mediese skema te verander soos en wanneer hulle dit in belang van die lede mag ag.

3.1.1 Motivering

1. Sedert die laaste sinode het die Kaapse Mediese Plan sy skema sodanig verander dat lede nadelig blootgestel word.

2. 'n Skema se dienste kan sodanig verswak dat dit nadelig vir lede sal wees om tot 'n volgende sinode te wag.

3. 'n Skema kan in die huidige omstandighede finansiële probleme ontwikkel, wat vir die kerk en lede verhoogde kostes kan meebring om 'n spe-

siale sinode byeen te roep.

4. Die lede van die mediese skema het sedert die moontlike wysiging vier jaar gelede die eerste maal gedien het, meer as R300 000-00 aan kapitaal verloor.

5. Die vorige twee sinodes kon nie 'n besluit neem nie, weens verskeie besware, voorkeure, ens. en vandag, vier jaar later, blyk dit dat die FK en BRKA die sinode met die beste leiding bedien het, want die mediese fonds wat voorgelê was, het nie net die grootste groei van alle mediese fondse gehad nie, maar so pas die enigste fonds wat 'n AA toekenning gekry het. (Finansies en Tegniek)

6. Die FK en BRKA sal na die sinode eers weer die mark ontleed voor 'n besluit geneem word.

4. TOEREIKENDHEID VAN PENSIOEN VAN LERAARS MET MINDER AS 15 DIENSJARE IN AP KERK

Die BRKA het aan oudl. BJM Rossouw opdrag gegee om nuwe aktuariële berekenings in verband met verhoogde pensioen by Sanlam te bekom. Volgens 'n mededeling van oudl. Rossouw sal 'n waardasie van die pensioenfonds deur Sanlam eers in Augustus 1999 beskikbaar wees. Die waardasie sal toon wat die finansiële implikasies sal wees as die toereikendheid van pensioen van leraars met minder as 15 diensjare aangespreek word.

Die FK sal in sy aanvullende verslag 'n aanbeveling aan die sinode maak.

5. HULP AAN AFGETREDENES MET BYDRAES TOT MEDIESE SKEMA

Die agtste sinode het dit aan die FK opgedra om die befondsing van die hulp aan afgetredenes met bydraes tot die mediese fondse verder te ondersoek en aan die volgende sinode te rapporteer.

AANBEVELING

5.1 Die sinode besluit dat weens die hoë koste verbonde aan mediese fondsbydraes vir afgetredenes daar nie op hierdie stadium sinodaal begroot kan word vir 'n fonds waaruit hierdie bydraes bekostig kan word nie.

5.2 Motivering

1. Daar bestaan nie 'n aparte fonds in die AP kerk waaruit hierdie bydraes bekostig kan word nie. In

die 1998 finansiële jaar is hulp ten bedrae van R103 771-00 aan afgetredenes ten opsigte van mediese fondsbydraes verleen teenoor R59 472-00 in die 1997 finansiële jaar. Die drastiese styging sal na verwagting voortduur as gevolg van die toenemende aantal predikante wat emeriteer en die stygende mediese koste.

2. Dit blyk uit die finansiële state dat die inkomste uit 15% bydraes sedert 1997 begin stabiliseer. Hierdie tendens gaan meebring dat daar geen fondse gaan wees om die stygende uitgawe aan mediese fondsbydraes van afgetredenes te dek nie en sal die hulp afgeskaal of gestaak moet word.

6. TARIEF VIR REISKOSTE

Die tarief vir reiskoste van leraars en vir sinodale werk is op 5 Oktober 1998 in behandeling geneem en die tabelle van die AA geraadpleeg. Die berekening van reiskoste word gebaseer op 'n voertuig met 'n enjinhoud van 1800 cc teen 'n aankoopprys van R70 000-00 en 'n jaarlikse afstand van 30 000 km gereis.

Die tarief vir reiskoste van leraars en vir sinodale werk is bepaal op R1-30 per km vanaf 1 November 1998.

AANBEVELING

6.1 Die sinode keur die aanbeveling van die FK goed, nl. dat die tarief vir reiskoste vasgestel word op R1-30 per km vanaf 1 November 1998.

7. TRAKTEMENTSKAAL VAN LERAARS

Kragtens sy lasgewing (kyk C11, bl. 119, KO 1998) het die FK jaarliks aandag gegee aan die traktementskaal van leraars en aanbevelings aan kerkrade deurgestuurd.

Vir die jaar met ingang 1 Maart 1999 het die FK aanvanklik 'n 6% verhoging in die traktementskaal oorweeg, maar in die lig van die ernstige negatiewe ekonomiese tendense in ons land wat tot gevolg het dat gemeentes finansiële swaar kry, het die FK op 'n 5% verhoging besluit.

AANBEVELING

7.1 Die sinode keur die aanbeveling van die FK goed dat die traktementskaal van predikante, wat van 1 Maart 1999 van toepassing is, soos volg vasgestel word:

R47 256 x 3 780 – 62 376 x 4 536 – 89 592 x 5 988 – 95 580.

8. REGLEMENT VAN APK TRUSTFONDS

Broer CC du Preez het die FK se aandag daarop gevestig dat 'n sin in die Reglement van die APK Trustfonds, wat voor die 1997 sinode gedien het, uitgeval het. Die sin wat weggelaat is lees: Indien

'n predikant binne 5 jaar ná sy normale aftree-ouderdom (65 jaar) te sterwe kom, word die volle hulp nog vir die res van die 5 jaar betaal.

AANBEVELING

8.1 Die sinode keur dit goed dat punt 2.6 van die Reglement van die APK Trustfonds soos volg gewysig word:

Indien 'n predikant na aftrede te sterwe sou kom, moet die helfte van die finansiële hulp aan sy weduwee betaal word. Indien 'n predikant binne 5 jaar ná sy normale aftree-ouderdom (65 jaar) te sterwe kom, word die volle hulp nog vir die res van die 5 jaar betaal. Daarna word die helfte van die finansiële hulp aan die weduwee betaal.

9. GEMEENTES WIE SE 15%-BYDRAES EN PREMIES VIR PENSIOENFONDS EN MEDIESE SKEMA UITSTAANDE IS

9.1 Uitstaande 15%-bydraes

9.1.1 Die FK het met ontsteltenis kennis geneem van die groot aantal kerkrade wie se oorbetalings van 15%-bydraes agterstallig is, ten spyte van die besluite wat die sinode geneem het en ten spyte van die stappe wat die BRKA geneem het om die agterstallige 15%-bydraes in te vorder.

9.1.2 'n Lys van gemeentes wie se bydraes op 30 April 1999 uitstaande was, word aan die end van hierdie verslag verstrek (kyk Bylae FK1). Die FK oordeel dat die sinode hiervan moet kennis neem.

9.1.3 Dit blyk dat dit ondoeltreffend is om ringe en ringskommissies in kennis te stel wanneer gemeentes agterstallig raak met hulle 15%-bydraes.

9.1.4 AANBEVELINGS

9.1.4.1 Die sinode maak in die Kerkorde voorsiening vir lasgewing aan ringskribas om doeltreffend en spoedig op te tree om gemeentes wat agterstallig raak met hul 15%-bydraes deur die ring aan te spreek.

9.1.4.2 Wanneer kerke (gemeentes) se 15%-bydraes agterstallig is op 31 Desember van die jaar wat die sinode voorafgaan, en sodanige kerke nie bevredigende reëlins vooraf getref het vir hulle agterstalligheid met die BRKA nie, en die agterstallige bedrag nie opbetaald is ten minste twee maande voor die sinode nie, sodanige kerk se afgevaardigdes na die sinode geen stemreg sal hê nie, maar slegs spreekreg. Die name van die betrokke kerke moet vooraf deur die FK aan die SKK deurgegee word.

9.1.4.3 Alle sinodale publikasies word aan sulke kerke beskikbaar gestel slegs teen die volle koste van die bepaalde publikasies en nie meer gesubsidieerd nie.

9.1.4.4 Sodanige kerke dra die volle koste van alle sinodale raad, advies of hulp ingeval hulle daarom sou vra.

9.2 Bydraes tot pensioenfondse en/of mediese skema agterstallig

9.2.1 Die agtste sinode het opdrag aan afdeling Finansies gegee dat slegs die kerkrade wie se maandelikse bydraes tot die pensioenfondse en/of die mediese skema vooraf op die eerste dag van elke maand by die sentrale kerkkantoor inbetaal word, aan die betrokke instansie oorbetal sal word.

9.2.2 Die FK het die BRKA versoek om die besluit van die sinode (Handelinge bl. 326, 23) onverbiddelik toe te pas en aan kerkrade waarvan die bydraes vir pensioen- en mediese fondse nie inbetaal is nie, kennis te gee dat die oorbetalings aan die betrokke fondse op 1 Maart 1998 gestaak word. Dit beteken dat die betrokke leraars hulle voordele verbeur. Indien 'n kerkraad wie se premies agterstallig is, 'n reëling maak om die bedrae aan te suiwer, kan die toepassing van die sinodebesluit tydelik teruggehou word.

9.2.3 'n Lys van gemeentes wie se bydraes tot die vorige sinode, op 30 April 1999 nog steeds agterstallig was, word aan die end van hierdie verslag verstrek (kyk Bylae FK 2).

9.2.4 'n Lys van gemeentes wie se bydraes sedert die vorige sinode, op 30 April 1999 agterstallig was, word in Bylae FK3 verstrek.

10. LERAARS EN PERSONEEL WAT NIE LID IS VAN DIE PENSIOENFONDSE EN/OF MEDIESE FONDSE

10.1 Die FK het by die BRKA en die Kuratorium navraag gedoen wat die norm is wanneer by toelating van predikante tot die AP Kerk, sommige toegelaat word om by hulle vorige skemas te bly, en nie by die verpligte mediese- en pensioenfondse in te skakel nie. Geen antwoord is van die BRKA of die Kuratorium ontvang nie.

AANBEVELINGS

10.2 Die sinode besluit dat elke persoon jonger as 60 jaar wat toegelaat word as predikant van die AP Kerkverband en alle permanente personeel in die sentrale kerkkantoor en Kuratorium sonder uitsondering verplig sal wees om by die bestaande mediese fondse en pensioenfondse aan te sluit.

Motivering

1. Daar het 'n ordeloosheid in die afgelope aantal

jare plaasgevind – elkeen besluit soos hy wil, wat totaal strydig is met die basiese ooreenkoms wat met die pensioenfondse-onderskrywer en mediese fondse aangegaan is.

2. Een uitsondering, hoe goed die rede ookal, skep 'n tweede, derde en meer uitsonderings wat kan lei tot nadeel van bestaande lede.

10.3 Die sinode besluit dat wanneer 'n lid van die mediese fondse of pensioenfondse sy lidmaatskap eensydig opsig of die kerkraad betaling staak, verbeur sodanige lid en/of kerkraad alle sinodale voordele soos:

1. Die lidmaatskap van die mediese skema of pensioenfondse wat hy nie opgesê het nie word deur die BRKA beëindig.

2. Alle sinodale publikasies is dan slegs bekombaar teen die volle koste en nie meer gesubsidieerd nie.

3. Alle sinodale hulp, raad of advies moet teen volle koste gedra word deur die leraar, kerkraad en/of gemeentelid.

Motivering

1. Sedert die agtste sinode het 'n leraar (jonk) in samewerking met sy kerkraad lidmaatskap van die mediese skema eensydig beëindig.

2. Sodanige optrede verswak die mediese skema en pensioenfondse ten opsigte van mededinging en gemiddelde risiko waardes.

3. Kerkrade word ernstig blootgestel aan eise, want in die beroepsbrief onderneem hulle om voordele te voorsien. Sou so 'n mediese skema insolvent raak en hulle leraar of van sy gesinslede het 'n siektetoestand wat nie vir ander skemas aanvaarbaar is nie, kan so 'n kerkraad vir mediese eise moet instaan.

4. Die beroepsbrief soos in die Kerkorde, is nie veranderbaar nie. Wanneer 'n kerkraad/gemeente 'n beroep uitbring en, dit volgens beroepsbrief geskied, is dit 'n oortreding indien die bepalings van die mediese skema en pensioenskema nie nagekom word nie.

11. FINANSIËLE VERSLAE

11.1 Die FK het die geouditeerde finansiële jaarstate van 1997 en 1998 behandel en dit aan die BRKA voorgelê.

11.2 Finansiële verslag 1997

Die volledige verslag met aantekeninge en opmerkings word hiermee aangebied vir kennisname.

11.2.1 Geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 1997

FINANSIËLE JAARSTATE - 1997

INHOUDSOPGAWE	
	BLADSY
Verslag van die voorsitter van die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie	2
Bekragtiging van die finansiële jaarstate	2
Verslag van die ouditeur	3
Inkomstestaat	4
Balansstaat	5
Aantekeninge by die finansiële jaarstate	6-10
Kontantvloeistaat	11

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)


VOORWOORD VAN DIE VOORSITTER VAN DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE (BRKA)

Die Rekenmeester het ingeslote finansiële jaarstate aan die Finansiële Kommissie (FK) van die Sinode voorgelê. Die FK het die state deeglik nagegaan en dit is aanbeveel vir aandag by die BRKA wat dit goedgekeur het. Die state word nou vir ouditering aangebied.

Uit die state blyk duidelik hoe die goeie gesindheid van ons lidmate, individue en gemeentes in bydraes weerspieël word. Met groot dankbaarheid het ons kennis geneem daarvan dat hierdie bydraes die Afrikaanse Protestantse Kerk in staat stel om met die geseënde werk voort te gaan.

Aan ons Rekenmeester, Rekeningkundige Beampies, Rekënaaroperatrise, Klerk en ander personeel betrokke, ons hartlike waardering vir baie harde en deeglike werk die afgelope jaar. Mag die ouditeursverslag hierdie besondere werk wat gedoen is, onderstreep.


Ons dankbaarheid gaan juis ook aan ons Drie-enige God wat mense gebruik om die middele te gee om daarmee te werk.


DS JH VAN DER WALT
(Voorsitter, BRKA)

BEKRAGTING VAN FINANSIËLE JAARSTATE

Die finansiële jaarstate van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos uiteengesit op bladsye 4 - 11 is op 6 Oktober 1998 deur die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie goedgekeur.

Geteken namens die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie


DS JH VAN DER WALT
(Voorsitter, BRKA)
MNR LJ KORKIE
Rekenmeester

**UDITEURSVERSLAG AAN DIE LEDE VAN DIE BESTUUR
VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE**

Ons het die finansiële jaarstate uiteengesit op bladsye 4 - 11 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die BRKA. Dit is ons verantwoordelikheid om oor hierdie finansiële state verslag te doen.

Ons het ons audit ooreenkomstig algemeen aanvaarde auditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons die audit beplan en onderneem om redelike versekering te verkry dat, in alle wesenlike aspekte, billike aanbieding in die finansiële state bereik is. 'n Audit behels 'n evaluering van die geskiktheid van die rekeningkundige beleid, 'n ondersoek op toetsgrondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarmaking wat in die finansiële state ingesluit is, steun, 'n beoordeling van die redelikheid van beduidende ramings en 'n oorweging van die geskiktheid van die algehele aanbieding van die finansiële state. Ons is van mening dat ons auditprosedures in die omstandighede geskik was om ons mening, wat hieronder aangebied word, uit te spreek.

Na ons mening verstrek hierdie finansiële state 'n redelike weergawe van die finansiële toestand van die BRKA op 31 Desember 1997 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei-inligting vir die jaar geëindig op daardie datum, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.



MA FAUL
GEOKTROOIEERDE REKENMEESTER (SA)
BENONI

7 Oktober 1998

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1997

		1997	1996
	Aantekening	R	R
INKOMSTE		4 965 553	4 689 446
Gemeentebydraes (15%)		4 947 638	4 627 316
Rente ontvang		16 582	40 944
Skenkings ontvang		1 333	2 071
Wins met verkoop van bates		-	19 115
UITGAWES		3 302 215	2 574 110
APK Jeugtuiste - verlies	2	70 639	56 596
Bankkoste		4 746	3 311
Dankfeeskoste		11 816	-
Groepversekering		47 684	44 231
Huur van toerusting		22 025	20 553
Instandhouding - geboue/terrein/meubels		189 869	73 774
Kommissiewerk		179 359	136 322
Kuratorium/Teologiese skool-uitgawes	3	1 027 755	844 742
Mediese bystand afgetrede lede		59 472	35 035
Munisipale koste	**	30 483	11 013
Ouditgelde		5 000	4 750
Oninvorderbare bedrae afgeskryf		62 322	-
Posgeld		14 116	11 565
Regskoste		2 053	2 148
Reiskoste - administratief		26 459	25 337
Rente betaal		3 224	3 084
Salarisse - administratief		1 220 778	1 138 418
Koste: Personeel konsultante		30 894	-
Sinodekoste		45 259	120
Skryfbehoeftes		38 470	29 854
Spaarplan - leraars		11 462	11 364
Spyseniering en verversings		6 016	3 789
Telefoon en faks		27 973	21 820
Verlies met verkoop van bates		14 903	-
Versekering		15 194	15 159
Waardevermindering		134 244	81 125
NETTO INKOMSTE VIR DIE TYDPERK		1 663 338	2 115 336
Min: OORPLASING NA ANDER FONDSE:		1 663 338	1 364 778
INGEVOLGE BESLUIE EN/OF BEGROTING		1 519 977	1 364 778
Motorvervangingsfonds		8 541	28 778
APK Trustfonds		-	120 000
Bedieningsfonds		600 000	550 000
Biblioteekfonds		10 000	-
Studiefonds - leraars		50 000	-
Publikasiefonds		242 500	80 000
Reserwefonds		352 936	386 000
Willie Lubbe Studiefonds		256 000	200 000
Publikasiefonds (Tekort)		143 361	-
NETTO INKOMSTE/(TEKORT) NA OORPLASING NA ANDER FONDSE		-	750 558
Plus: OPGEHOOPTE FONDSE AAN BEGIN VAN TYDPERK		5 936 339	2 339 929
OORGEDRA VANAF RESERWEFONDSE		-	2 692 229
OORGEDRA VANAF BIBLIOTEEKFONDSE		4 332	71 319
OORGEDRA VANAF TEOLOGIESE OPLEIDINGSFONDSE		39 284	82 304
Min: ONINVORDERBARE SKULDE VOORSIEN		(122 327)	-
OPGEHOOPTE FONDSE AAN EINDE VAN TYDPERK		5 857 628	5 936 339

** R2 353.00 deur die Stadsraad terugbetaal ten opsigte van eiendomsbelasting.

BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 1997

		1997	1996
	Aantekening	R	R
FONDSE BESKIKBAAR			
Opgekoopte fonds		5 857 628	5 936 339
Reserwefonds	4	650 486	297 550
Spesifieke fondse		2 897 977	2 874 187
Alimentasiefonds	5	30 021	31 472
APK Trustfonds	6	348 051	438 103
Motorvervangingsfonds	7	101 325	81 532
Bedieningsfonds	8	173 425	603 305
Ander fondse	9	322 492	197 551
Publikasiefonds	10	-	24 506
Studiefonds - leraars	11	424 993	363 672
Willie Lubbe Studiefonds	12	1 497 669	1 134 046
		9 406 091	9 108 076
AANWENDING VAN FONDSE			
Vaste bates	13	4 519 644	4 672 971
Studielenings - leraars	11	381 993	295 044
Studielenings - studente	12	1 362 611	1 107 689
Biblioteek		146 721	142 390
Netto bedryfsbates		2 995 122	2 889 982
Bedryfsbates		3 650 005	3 172 079
Kontant in die bank		183 375	53 232
Kontant voorhande		3 687	3 687
Spesiale deposito	14	2 094 422	1 769 003
Gemeentebydraes verskuldig		236 460	239 152
Publikasievoorraad		477 892	483 706
Diverse debiteure		651 789	620 919
Deposito's		2 380	2 380
Bedryfslaste		654 883	282 097
Diverse krediteure		654 883	282 097
		9 406 091	9 108 076

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1997

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die hoof rekeningkundige beleidspunte van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos hieronder uiteengesit, is in alle wesenlike opsigte konsekwent nagekom, behalwe waar anders vermeld.

- 1.1 Rekeningkundige grondslag
Die finansiële jaarstate is volgens die historiese kostegronslag opgestel.
- 1.2 Vaste bates en waardevermindering
Grond en geboue word teen kosprys gehou en geen waardevermindering word daarop voorsien nie.
Waardevermindering word soos volg voorsien:
- Op meubels en toerusting teen 10% per jaar op kosprys
- Op motorvoertuie teen 20% per jaar op kosprys
- Op elektroniese toerusting teen 33.3% per jaar op kosprys
- 1.3 Publikasievoorraad
Die publikasievoorraad is teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde gewaardeer.

2. APK JEUGTUISTE

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1997

	1997	1996
	R	R
INKOMSTE	89 760	91 769
Verblyf	88 970	90 769
Skenkings	790	1 000
UITGAWES	160 399	148 365
Etegeld - tekort	36 339	36 514
Instandhouding - Geboue, terrein & meubels	73 631	74 001
- Skoonmaakmiddels	5 405	6 775
Munisipale koste	35 558	22 307
Reiskoste	248	-
Skryfbehoeftes	280	14
Telefoon	1 877	2 372
Versekering	1 200	1 222
Waardevermindering	5 861	5 160
RENTE AAN BRKA/(VERLIES NA BRKA)	(70 639)	(56 596)

* ETES:-

Etegeld ontvang	92 123
Min: Eetware	(79 674)
Salaris: Spysenier	(35 903)
Reiskoste: Spysenier	(6 000)
Tydlike hulp vir spysenier	(1 509)
Instandhouding: John Rock 10	(3 779)
Munisipale koste: John Rock 1	(1 597)
Netto etegeld ontvang/(tekort)	(36 339)

** R1743.00 deur die Stadsraad terugbetaal ten opsigte van eiendomsbelasting.

3. KURATORIUM

	1997	1996
	R	R
Dosentevergoeding	751 477	625 398
Huur van toerusting	1 107	2 201
Instandhouding	45 517	24 669
Munisipale koste	11 965	3 297
Reiskoste Vergaderings	25 523	37 809
Rekenaaropleiding	-	3 600
Salariese Administratief	117 027	105 585
Skryfbehoeftes	2 683	3 518
Telefoon	11 358	10 936
Versekering	2 099	2 107
Verversings	760	1 261
Waardevermindering	58 209	24 361
Totale uitgawes	1 027 755	844 742

** R345.00 deur die Stadsraad terugbetaal ten opsigte van eiendomsbelasting.

4. RESERWEFONDS

Saldo aan begin van die tydperk	297 550	2 603 779
Plus: Oorgedra vanaf opgehoopte fonds: (1/12x15%-bydraes)	352 936	386 000
	650 486	2 989 779
Min: Oorgedra na opgehoopte fonds	-	2 692 229
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	650 486	297 550

5. ALIMENTASIEFONDS

Saldo aan begin - Alimentasiefonds	31 472	41 515
Plus: Bydraes ontvang gedurende die tydperk	1 375	2 627
Plus: Rente toegedeel	4 880	3 296
	37 727	47 438
Min: Bedrag aangewend gedurende die tydperk	7 706	13 520
Min: Gevangenisbearbeiding oorgedra na aparte rekening		2446
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	30 021	31 472

6. APK TRUSTFONDS

Saldo aan begin van die tydperk	438 103	399 420
Plus: Oorgedra vanaf opgehoopte fonds	-	120 000
Plus: Bydraes ontvang gedurende die tydperk	83 725	87 992
Plus: Rente toegedeel	63 893	37 622
	585 721	645 034
Min: Uitbetalings:	237 670	206 931
Premies betaal (beleggingspolisse)	144 000	140 000
Toelaes betaal	93 670	66 931
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	348 051	438 103

7. MOTORVERVANGINGSFONDS

Saldo aan begin van die tydperk	81 532	48 501
Plus: Oorgedra vanaf opgehoopte fonds	8 541	9 663
Plus: Opbrengs uit versekering (MZH 236 T afgeskryf in ongeluk)		19 115
Plus: Rente toegedeel	11 252	4 253
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	101 325	81 532

8. BEDIENINGSFONDS

Saldo aan begin van die tydperk	603 305	551 500
Plus: Oorgedra vanaf opgehoopte fonds	600 000	550 000
Plus: Rente toegedeel	113 496	76 315
	1 316 801	1 177 815
Min: Hulp aan gemeentes	1 143 375	574 510
Netto koste - reisende leraars	1 044 588	405 624
Hospitaalbesoeke	98 748	168 305
	39	581
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	173 426	603 305

9. ANDER FONDSE

	Beginsaldo	Ontvang/ toegedeel	Uitbetaal/ oorgeplaas	Eindsaldo
	R	R	R	R
APK Weeshuifonds	1 237	224	-	1 461
Biblioteekfonds	-	11 803	4 332	7 471
Bybelverspreidingsfonds	35 459	120 116	-	155 575
Gevangenisbearbeidingsfonds	1 435	2 433	3 075	793
Gebeurlikheidsfonds	82 587	26 787	-	109 374
Onetehuifonds	574	103	-	677
Studiefonds: Boshoff kinders	-	8 400	4 900	3 500
Studiefonds: Dr Hanna Pienaar	16 866	3 041	-	19 907
Teologiese Opleidingsfonds	39 254	-	39 254	-
Vroue-aksiefonds	20 109	3 625	-	23 734
	197 551	176 532	51 591	322 492

10. PUBLIKASIEFONDSE

INKOMSTE

Verkope - Publikasies
Verkope - Boedskapper
Advertensies - Publikasies
Advertensies - Boedskapper

1997 1996
962 407 792 773

706 818	593 080
223 457	149 243
11 075	15 040
21 057	25 410

UITGAWES

Kosprys van verkope: - Publikasies
Beginvoorraad
Plus: Aankope en drukkoste

1 409 458 1 104 778

Min: Eindvoorraad
Beoordeling - boeke
Drukkoste - Boedskapper
Instandhouding - meubels & toerusting
Intekengeld
Kommissie op boekverkope
Korting toegestaan
Ledegeld
Medewerkers
Motorkoste
Pligleweringe
Posgeld - Publikasies
Posgeld - Boedskapper
Promosies
Reiskoste - Publikasies
Reiskoste - Boedskapper
Kommissiewerk - Publikasies
Salarisse - admin. & versending
Skryfbehoeftes
Tantieme
Telefoon
Tydelike hulp
Verpakking - Publikasies
Verversings

473 588	271 647
483 706	349 296
487 774	406 057
951 480	755 353
477 892	483 706
1 871	2 597
286 769	248 357
1 000	3 435
302	97
-	2 142
682	-
50	-
12 362	12 356
-	1 554
31 194	23 307
14 485	16 372
29 409	26 867
1 714	7 628
2 198	3 588
12 067	7 924
19 042	33 730
464 373	396 740
7 297	18 565
12 161	8 527
7 824	7 178
29 625	5 172
1 445	6 321
-	673

NETTO INKOMSTE/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK

(447 051) (322 005)

SALDO AAN BEGIN VAN DIE TYDPERK

24 506 266 511

PLUS:

Oorgedra vanaf opgehoopte fonds volgens begroting

242 500 80 000

Rente toegedeel

36 684 -

Tekort oorgedra na opgehoopte fonds

143 361 -

SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK

24 506

*** Daar was nie begroot vir : Afskrywing op boekevoorraad (R 132 648) nie.
: Die verhoogde salariskoste t.o.v die Redakteur nie.

11. STUDIEFONDS LERAARS

	1997	1996
	R	R
Saldo aan begin van tydperk	363 672	361 220
Plus: Oorgedra vanaf opgehoopte fonds	50 000	
Ontvang deur die jaar	1 613	1 616
Rente toegedeel	9 708	8 367
	<u>424 993</u>	<u>371 203</u>
Min: Skenkings foutief hanteer 1990 en 1991		7 531
Saldo aan einde van tydperk	<u>424 993</u>	<u>363 672</u>
Ontleding		
Studieleninge toegestaan	469 608	
- 1990 tot 1996	365 766	
- 1997	103 842	
Studieleninge terug ontvang	87 614	
- 1991 tot 1996	70 722	
- 1997	16 892	
Bedrag beskikbaar op 31/12/1997	381 993	
	43 000	
	<u>424 993</u>	

12. WILLIE LUBBE STUDIEFONDS

	1997	1996
	R	R
Saldo aan begin van tydperk	1 134 046	869 878
Plus: Kontant ontvang gedurende die tydperk	75 787	54 288
Plus: Oorgedra vanaf opgehoopte fonds	256 000	200 000
Plus: Rente toegedeel	31 836	9 880
Saldo aan einde van tydperk	<u>1 497 669</u>	<u>1 134 046</u>
Ontleding		
Studieleninge toegestaan	1 522 200	
- 1988 tot 1996	1 250 780	
- 1997	271 420	
Studieleninge terug ontvang	159 589	
- 1988 tot 1996	143 091	
- 1997	16 498	
Bedrag beskikbaar op 31/12/1997	1 362 611	
	135 058	
	<u>1 497 669</u>	

13. VASTE BATES

	1997	1996
	R	R
Grond en geboue	3 982 348	3 982 348
- Erf Rest. 1339, Sunnyside met verbeterings daarop, grootte 1912 m2 Kosprys 24 Oktober 1988 Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum	413 853 227 083 186 770	413 853 227 083 186 770
- Restant Erf 820, Sunnyside met verbeterings daarop, grootte 2052 m2 Kosprys Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum	716 055 432 117 283 938	716 055 432 117 283 938
- Erf 850, Brooklyn met verbeteringe daarop, grootte 5104 m2 Kosprys Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum	2 753 129 1 528 466 1 224 663	2 753 129 1 528 466 1 224 663
- John Rockwoonstel 103, Johnsonstraat, Sunnyside Kosprys Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum	85 311 80 916 4 395	85 311 80 916 4 395
- Onderverdeling 3 van plaas Tweespruit 198, Parys, grootte 20ha	14 000	14 000
Die eiendomme is onbeswaar.		
Meubels en toerusting	487 795	615 231
Kosprys Opgehoopde waardevermindering	910 141 422 346	896 288 281 057
Motorvoertuie	49 501	75 392
Kosprys Opgehoopde waardevermindering	133 976 84 475	133 976 58 584
	4 519 644	4 672 971

14. SPESIALE DEPOSITO

	R	R
Bedrag belê	1 791 529	
Plus: Rente ontvang	302 892	
Saldo op 31 Desember 1997	2 094 422	
Verteenwoordig deur:	Saldo van spesifieke fondse op 31/12/97	Beleggings ten opsigte van spesifieke fondse op 31/12/97
	R	R
Alimentasiefonds	30 021	30 021
APK Trustfonds	348 051	348 051
Gevangenisbearbeidingsfonds	793	793
APK Weeshuisfonds	1 460	1 460
Bedieningsfonds	173 426	173 426
Biblioteekfonds	7 471	7 471
Bybelverspreidingsfonds	155 574	155 574
Gebeurlikheidsfonds	109 374	109 374
Motorvervangingsfonds	101 326	101 326
Ouethuisfonds	677	677
Publikasiefonds	-	-
Vroue-aksiefonds	23 734	23 734
Studiefonds leraars	43 000	43 000
Studiefonds: Boshoff kinders	3 500	3 500
Studiefonds: Dr Hanna Pienaar	19 907	19 907
Willie Lubbe Studiefonds	135 058	135 058
Teologiese opleidingsfonds	-	-
	1 153 372	1 153 372
Reserwefonds	650 486	650 486
Opgehoopde fonds	290 564	290 564
	1 803 858	2 094 422

KONTANTVLOEIESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1997

	1997	1996
	R	R
KONTANT BEHOU UIT BEDRYWIGHEDE	2 226 977	1 890 226
Kontant gegenereer deur bedrywighede(Aantekening 1)	2 210 395	1 808 338
Beleggingsinkomste (rente ontvang)	16 582	81 888
KONTANT AANGEWEND IN BELEGGINGSAKTIWITEITE	406 092	442 209
Aankoop van meubels en toerusting	72 390	124 027
Min: Opbrengs met verkoop van bates	(12 500)	-
Aankoop van voertuie	-	(18 905)
Toename in studietoelaeings - leraars	86 949	69 146
Toename in studietoelaeings - studente	254 922	247 382
Biblioteek aankope	4 331	20 559
KONTANT VERKRY UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE	(1 365 323)	(766 474)
Toename in spesifieke fondse	23 790	58 682
Toename/(afname) in reserwe fonds	352 936	(2 306 229)
Trek af: Interne oorsplasinge	(1 742 049)	1 481 673
TOENAME IN KONTANTFONDSE	455 562	681 543

AANTEKENING 1: KONTANT GEGENEREER DEUR BEDRYWIGHEDE

Netto inkomste per inkomstestaat	1 663 338	2 115 336
Trek af: Rente ontvang	16 582	81 888
	1 646 756	2 033 448
Tel by: Waardevermindering	198 314	110 646
	1 845 070	2 144 094
: Verlies met verkoop van vaste bates	14 903	-
	1 859 973	2 144 094
Trek af: Wins met verkoop van vaste bates	-	19 115
	1 859 973	2 124 979
Min: Aansuiwering vir toename in netto bedryfsbates (uitgesonderd kontantfondse)	(350 422)	316 641
Toename in gemeentebydraes verskuldig	(2 692)	44 002
Toename/(afname) in publikasievoorraad	(5 814)	134 410
Toename/(afname) in diverse debiteure & depositos	30 870	76 246
(Toename)/afname in diverse krediteure	(372 766)	61 983
	2 210 395	1 808 338

11.2.2 Meting van werklike bedrae teen die begroting vir die jaar geëindig 31 Desember 1997

ONTVANG TOT 31/12/97 R	BEGROOT R	SURPLUS/ (TEKORT) R
------------------------------	--------------	---------------------------

4,947,638 4,200,000 747,638

Gemeentebydraes (15%)

4,947,638	4,200,000	747,638
-----------	-----------	---------

BESTEE TOT 31/12/97 R	BEGROOT R	BESKIKBAAR/ (OORBESTEE) R
-----------------------------	--------------	---------------------------------

4,639,832 4,452,200 (187,632)

APK Jeugtuiste	70,639	24,000	(46,639)
Bankkoste	4,746	4,000	(746)
Bedieningsfonds	600,000	600,000	-
Dankfeeskoste	11,816	30,000	18,184
Diverse	-	5,000	5,000
Groepversekering	47,684	55,000	7,316
Huur van toerusting	22,025	20,000	(2,025)
Instandhouding-geboue/toerusting	189,869	200,000	10,131
Kommissiewerk	179,359	234,700	55,341
Kuratorium	1,027,755	940,700	(87,055)
Mediese bystand afgetrede lede	59,472	50,000	(9,472)
Meubels en toerusting	80,000	80,000	-
Munisipale koste	30,483	40,000	9,517
Ouditgelde	5,000	4,000	(1,000)
Oninvorderbare bedrae afgeskryf	62,322	-	(62,322)
Posgeld	14,116	15,000	884
Publikasiefonds	385,861	242,500	(143,361)
Regskoste	2,053	5,000	2,947
Reiskoste - administratief	26,459	35,000	8,541
Rente betaal	3,224	4,000	776
Salarisse - administratief	1,220,778	1,299,300	78,522
Koste: Personeelkonsultante	30,894	-	(30,894)
Sinodekoste	45,259	40,000	(5,259)
Skryfbehoeftes	38,470	50,000	11,530
Spaarplan - leraars	11,462	12,000	538
Studiefonds leraars	50,000	50,000	-
Spyseniering en verversings	6,016	6,000	(16)
Telefoon	27,973	30,000	2,027
Verbeterings - geboue	100,000	100,000	-
Verlies met verkoop van bates	14,903	-	(14,903)
Versekering	15,194	20,000	4,806
Willie Lubbe studiefonds	256,000	256,000	-
	307,806	(252,200)	560,006

11.2.3 Kommissiewerk

Die volgende staat meet die werklike besteding deur kommissies teen begrote bedrae vir die jaar geëindig 31 Desember 1997:

KOMMISSIEWERK 1 JANUARIE 1997 - 31 DESEMBER 1997

	WERKLIK TOT 31/12/97	TOTALE BEGROTING	BESKIKBAAR/ (OORSKRYDING)	% BESKIKBAAR/ (OORSKRYDING)
	R	R	R	%
Ad hoc-hersieningskommissie "Skrif	11,176	18,000	6,824	38
Argief	816	200	(616)	(308)
Barmhartigheidsdiens	-	10,400	10,400	100
BRKA	16,728	20,000	3,272	16
Bybelverklaring	10,943	8,600	(2,343)	(27)
Finansies	14,456	17,000	2,544	15
Formuliere en Liturgie	11,181	14,600	3,419	23
Jeug en Verbondsonderrig +Ond	22,259	25,800	3,541	14
Kerkleer en Christelike Etiek	4,934	4,300	(634)	(15)
Kerkregtelike Sake	38,274	30,000	(8,274)	(28)
Kerksang en musiek	27,210	25,800	(1,410)	(5)
Kuratorium	25,523	30,000	4,477	15
SKK	20,293	20,000	(293)	(1)
SKK-ander kommissies	5,315	10,000	4,685	47
Subtotaal	209,108	234,700	25,592	11
Publikasies	19,042	12,510	(6,532)	(52)
TOTAAL	228,150	247,210	19,060	8

11.3 Finansiële verslag 1998

Die volledige verslag met al die aantekeninge en opmerkings word hiermee aangebied vir kennisname.

11.3.1 Geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 1998**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

FINANSIËLE JAARSTATE - 1998

INHOUDSOPGAWE	
	BLADSY
Verslag van die voorsitter van die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie	2
Bekragtiging van die finansiële jaarstate	2
Verslag van die ouditeur	3
Inkomstestaat	4
Balansstaat	5
Aantekeninge by die finansiële jaarstate	6-10
Kontantvloeistaat	11


**VOORWOORD VAN DIE VOORSITTER VAN DIE BESTUUR
VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE (BRKA)**

Die Rekenmeester het ingeslote finansiële jaarstate aan die Finansiële Kommissie (FK) van die Sinode voorgelê. Die FK het die state deëlik nagegaan en dit is aanbeveel vir aandag by die BRKA wat dit goedgekeur het. Die state word nou vir ouditering aangebied.

Uit die state blyk duidelik hoe die goeie gesindheid van ons lidmate, individue en gemeentes in bydraes weerspieël word. Met groot dankbaarheid het ons kennis geneem daarvan dat hierdie bydraes die Afrikaanse Protestantse Kerk in staat stel om met die geseënde werk voort te gaan.

Aan ons Rekenmeester, Rekeningkundige Beamptes, Rekenaaroperatrise, Klerk en ander personeel betrokke, ons hartlike waardering vir baie harde en deeglike werk die afgelope jaar. Mag die ouditeursverslag hierdie besondere werk wat gedoen is, onderstreep.


Ons dankbaarheid gaan juis ook aan ons Drie-enige God wat mense gebruik om die middele te gee om daarmee te werk.


DS JH VAN DER WALT
(Voorsitter, BRKA)

BEKRAGTING VAN FINANSIËLE JAARSTATE

Die finansiële jaarstate van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos uiteengesit op bladsye 4 - 11 is op 18 Mei 1999 deur die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie goedgekeur.

Geteken namens die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie


DS JH VAN DER WALT
(Voorsitter, BRKA)


MNR LJ KORKIE
Rekenmeester

UDITEURSVERSLAG AAN DIE LEDE VAN DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE

Ons het die finansiële jaarstate uiteengesit op bladsye 4 - 11 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die BRKA. Dit is ons verantwoordelikheid om oor hierdie finansiële state verslag te doen.

Ons het ons audit ooreenkomstig algemeen aanvaarde auditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons die audit beplan en onderneem om redelike versekering te verkry dat, in alle wesenlike aspekte, billike aanbieding in die finansiële state bereik is. 'n Audit behels 'n evaluering van die geskiktheid van die rekeningkundige beleid, 'n ondersoek op toetsgrondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarmaking wat in die finansiële state ingesluit is, steun, 'n beoordeling van die redelikheid van beduidende ramings en 'n oorweging van die geskiktheid van die algehele aanbieding van die finansiële state. Ons is van mening dat ons auditprosedures in die omstandighede geskik was om ons mening, wat hieronder aangebied word, uit te spreek.

Na ons mening verstrek hierdie finansiële state 'n redelike weergawe van die finansiële toestand van die BRKA op 31 Desember 1998 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei-inligting vir die jaar geëindig op daardie datum, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.



MA FAUL
GEOKTROOIEERDE REKENMEESTER (SA)
BENONI

19 Mei 1999

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1998

		1998	1997
	Aantekening	R	R
INKOMSTE		5 202 236	4 965 553
Gemeentebydraes (15%)		5 172 554	4 947 638
Rente ontvang		26 056	16 582
Skenkings ontvang		100	1 333
Wins met verkoop van bates		3 526	-
UITGAWES		3 331 162	3 302 215
APK Jeugtuiste - verlies	2	83 577	70 639
Bankkoste		4 877	4 746
Dankfeeskoste		900	11 816
Groepversekering		50 217	47 684
Huur van toerusting		-	22 025
Instandhouding - geboue/terrein/meubels		181 633	189 869
Kommissiewerk		121 785	179 359
Kuratorium/Teologiese skool-uitgawes	3	1 072 399	1 027 755
Mediese bystand afgetrede lede		103 771	59 472
Munisipale koste	**	32 430	30 483
Ouditgelde		5 000	5 000
Oninvorderbare bedrae afgeskryf		8 570	62 322
Posgeld		18 224	14 116
Regresskoste		1 740	2 053
Reiskoste - administratief		28 032	26 459
Rente betaal		10 597	3 224
Salarisse - administratief		1 388 009	1 220 778
Koste: Personeel konsultante		-	30 894
Sinodekoste		-	45 259
Skryfbehoeftes		34 677	38 470
Spaarplan - leraars		656	11 462
Spysenloring en verversings		4 325	6 016
Telefoon en faks		31 016	27 973
Verlies met verkoop van bates		-	14 903
Versekering		12 840	15 194
Waardevermindering		135 887	134 244
NETTO INKOMSTE VIR DIE TYDPERK		1 871 074	1 663 338
Min: OORPLASING NA ANDER FONDSE:		2 389 820	1 663 338
INGEVLIGE BESLUIT EN/OF BEGROTING		2 317 378	1 519 977
Motorvervangingsfonds		6 968	8 541
APK Trustfonds		60 000	-
Bedieningsfonds		800 000	600 000
Biblioteekfonds		7 000	10 000
Sinodefonds		50 000	-
Studiefonds - leraars		50 000	50 000
Publikasiefonds		374 450	242 500
Reserwefonds		768 960	352 936
Willie Lubbe Studiefonds		200 000	256 000
Bedieningsfonds (Tekort)		72 442	-
Publikasiefonds (Tekort)		-	143 361
NETTO INKOMSTE/(TEKORT) NA OORPLASING NA ANDER FONDSE		(518 746)	-
Plus: OPGEHOOPTE FONDS AAN BEGIN VAN TYDPERK		5 857 628	5 936 339
OORGEDRA VANAF BIBLIOTEEKFONDS		-	4 332
OORGEDRA VANAF TEOLOGIESE OPLEIDINGSFONDS		-	39 284
Min: ONINVORDERBARE SKULDE VOORSIEN		-	(122 327)
OPGEHOOPTE FONDS AAN EINDE VAN TYDPERK		5 338 882	5 857 628

** R733.00 is deur die Stadsraad terugbetaal ten opsigte van eiendomsbelasting.

BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 1998

		1998	1997
	Aantekening	R	R
FONDSE BESKIKBAAR			
Opgehoopte fonds	4	5 338 882	5 857 628
Reserwefonds	5	1 419 446	650 486
Spesifieke fondse		4 053 597	2 897 977
Alimentasiefonds	6	36 248	30 021
APK Trustfonds	7	776 112	348 051
Bedieningsfonds	8	-	173 426
Motorvervangingsfonds	9	127 596	101 325
Ander fondse	10	607 134	322 492
Publikasiefonds	11	74 194	-
Sinodefonds	12	56 605	-
Studiefonds - leraars	13	487 174	424 993
Willie Lubbe Studiefonds	14	1 888 534	1 497 669
		10 811 925	9 406 091
AANWENDING VAN FONDSE			
Vaste bates	15	4 482 177	4 519 644
Studielenings - leraars	13	424 917	381 993
Studielenings - studente	14	1 655 070	1 362 611
Biblioteek		149 442	146 721
Netto bedryfsbates		4 100 319	2 995 122
Bedryfsbates		4 946 504	3 650 005
Kontant in die bank		156 860	183 375
Kontant voorhande		3 682	3 687
Spesiale deposito	16	3 393 056	2 094 422
Gemeentebydraes verskuldig		151 627	236 460
Publikasievoorraad		421 120	477 892
Diverse debiteure		818 679	651 789
Deposito's		1 480	2 380
Bedryfslaste		846 185	654 883
Diverse krediteure		783 912	654 883
Inkomste vooruit ontvang:			
Boodskapperverkope		62 273	-
		10 811 925	9 406 091

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1998**1. REKENINGKUNDIGE BELEID**

Die hoof rekeningkundige beleidspunte van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos hieronder uiteengesit, is in alle wesenlike opsigte konsekwent nagekom, behalwe waar anders vermeld.

1.1 Rekeningkundige grondslag

Die finansiële jaarstate is volgens die historiese kostegronslag opgestel.

1.2 Vaste bates en waardevermindering

Grond en geboue word teen kosprys gehou en geen waardevermindering word daarop voorsien nie. Waardevermindering word soos volg voorsien:

- Op meubels en toerusting teen 10% per jaar op kosprys
- Op motorvoertuie teen 20% per jaar op kosprys
- Op elektroniese toerusting teen 33.3% per jaar op kosprys

1.3 Publikasievoorraad

Die publikasievoorraad is teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde gewaardeer.

2. APK JEUGTUISTE**INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1998**

	1998	1997
	R	R
INKOMSTE	81 512	89 760
Verblyf		
Skenkings	80 722	88 970
	790	790
UITGAWES	165 089	160 399
Etegeld - tekort	39 600	36 339
Instandhouding - Geboue, terrein & meubels	79 403	73 631
- Skoonmaakmiddels	4 687	5 405
Munisipale koste	31 279	35 558
Reiskoste	150	248
Skryfbehoeftes	-	280
Telefoon	2 102	1 877
Versekering	2 201	1 200
Waardevermindering	5 667	5 861
VERLIES NA BRKA	(83 577)	(70 639)
# ETES:-		
Etegeld ontvang	97 333	92 123
Min: Eetware	(77 964)	(79 674)
Salaris: Spysenier	(46 408)	(35 903)
Reiskoste: Spysenier	(6 000)	(6 000)
Tydlike hulp vir spysenier	(566)	(1 509)
Instandhouding: John Rock 103	(4 064)	(3 779)
Munisipale koste: John Rock 103	(1 931)	(1 597)
Netto etegeld ontvang / (tekort)	(39 600)	(36 339)

3. KURATORIUM**UITGAWES**

	R	R
Dosentevergoeding	826 924	751 477
Huur van toerusting	-	1 107
Instandhouding	51 739	45 517
Munisipale koste	5 055	11 965
Reiskoste Vergaderings	24 030	25 523
Salarisse Administratief	147 493	117 027
Skryfbehoeftes	4 266	2 683
Telefoon	12 374	11 388
Versekering	3 302	2 099
Verversings	1 032	760
Waardevermindering	51 184	58 209
TOTALE UITGAWES	1 127 399	1 027 755
Min: Klasgelede ontvang deur die jaar	55 000	.
NETTO KOSTE AAN DIE EINDE VAN DIE TYDPERK	1 072 399	1 027 755

** R92,76 is deur die Stadsraad terugbetaal ten opsigte van eiendomsbelasting.

	1998	1997
4. OPGEHOOPTE FONDS		
IS SOOS VOLG AANGEWEND :		
Grond en geboue	4 099 235	3 982 348
Meubels en toerusting	337 081	487 795
Motorvoertuie	45 861	49 501
Biblioteek	149 442	146 721
Spesiale deposito	-	290 563
Ander netto Bedryfsbates (uitgesonder Spesiale deposito)	707 263	900 700
TOTAAL	5 338 882	5 857 628
5. RESERWEFONDS		
Saldo aan begin van die tydperk	650 486	297 550
Plus: Oorgedra vanaf opgehoopde fonds	768 960	352 936
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	1 419 446	650 486
6. ALIMENTASIEFONDS		
Saldo aan begin - Alimentasiefonds	30 021	31 472
Plus: Bydraes ontvang gedurende die tydperk	1 711	1 375
Plus: Rente toegedeel	5 793	4 880
	37 525	37 727
Min: Bedrag aangewend gedurende die tydperk	1 278	7 706
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	36 248	30 021
7. APK TRUSTFONDS		
Saldo aan begin van die tydperk	348 051	438 103
Plus: Oorgedra vanaf opgehoopde fonds	60 000	-
Plus: Bydraes ontvang gedurende die tydperk	476 811	83 725
Polis uitbetaal	395 923	-
Gemeentebydraes	80 888	83 725
Plus: Rente toegedeel	67 640	63 893
	952 502	585 721
Min: Uitbetalings:	176 390	237 670
Premies betaal (beleggingspolis)	69 000	93 670
Toelaes betaal	107 390	144 000
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	776 112	348 051
8. BEDIENINGSFONDS		
Saldo aan begin van die tydperk	173 426	603 305
Plus: Oorgedra vanaf opgehoopde fonds	800 000	600 000
Rente toegedeel	61 909	113 496
	1 035 335	1 316 801
Min: Uitgawes	1 107 777	1 143 375
Hulp aan gemeentes	1 036 139	1 044 588
Netto koste - reisende leraars	70 698	98 748
Hospitaalbesoeke	940	39
SURPLUS / (TEKORT) VIR DIE JAAR	(72 442)	173 426
Tekort oorgedra na Opgehoopde Fonds	72 442	-
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	-	173 426
9. MOTORVERVANGINGSFONDS		
Saldo aan begin van die tydperk	101 326	81 532
Plus: Oorgedra vanaf opgehoopde fonds	6 968	8 541
Plus: Rente toegedeel	19 302	11 252
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	127 596	101 325

10. ANDER FONDSE

	Beginsaldo	Ontvang/ toegedeel	Uitbetaal/ oorgeplaas	Eindsaldo
	R	R	R	R
APK Weeshuisfonds	1 460	279	-	1 739
Biblioteekfonds	7 471	9 714	1 085	16 101
Bybelverspreidingsfonds	155 574	77 415	-	232 989
Gevangenisbearbeidingsfonds	793	2 614	2 878	529
Gebeurlikheidsfonds	109 374	30 852	-	140 226
Geboueverbeteringsfonds	-	11 000	-	11 000
Guetehuisfonds	677	129	-	806
Studiefonds: Boshoff kinders	3 500	4 200	7 700	-
Studiefonds: Dr Hanna Pienaar	19 907	30 581	-	50 487
Vroue-aksiefonds	23 734	4 523	-	28 257
OT / JM v Niekerk-fonds	-	125 000	-	125 000
	322 490	296 307	11 663	607 134

11. PUBLIKASIEFONDSE

	1998	1997
INKOMSTE	901 059	962 407
Verkope - Publikasies	588 163	706 818
- Boodskapper	278 099	223 457
Advertensies - Publikasies	8 300	11 075
- Boodskapper	26 443	21 057
Skenkings	54	-
UITGAWE	1 263 858	1 409 458
Kosprys van verkope: - Publikasies	375 929	473 588
Beginvoorraad	477 892	483 706
Plus: Aankope	319 157	467 774
Min: Eindvoorraad	797 049	951 480
Beoordeling - boeke	421 120	477 892
Drukkoste - Boodskapper	158	1 871
Instandhouding - meubels & toerusting	241 250	286 769
Intekengeld	-	1 000
Korting toegestaan	251	302
Ledegeld	-	682
Medewerkers	-	50
Pliglewering	10 748	12 362
Posgeld en verpakking - Publikasies	8 258	31 194
Posgeld en verpakking - Boodskapper	19 316	15 930
Promosies	37 927	29 409
Reiskoste - Publikasies	-	1 714
Reiskoste - Boodskapper	60	2 198
Kommissiewerk - Publikasies	8 518	12 067
Salarisse - admin. & versending	11 331	19 042
Skryfbehoeftes	509 631	464 373
Tantieme	11 554	7 297
Telefoon	10 977	12 161
Tydlike hulp	8 670	7 824
	9 280	29 625
NETTO INKOMSTE/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK	(362 799)	(447 051)
SALDO AAN BEGIN VAN DIE TYDPERK	-	24 506
PLUS:		
Oorgedra vanaf opgehoopte fonds volgens begroting	374 450	242 500
Rente toegedeel	62 543	36 684
Tekort oorgedra na Opgehoopte Fonds	-	143 361
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	74 194	-

	1998	1997
12. SINODEFONDS	R	
Saldo aan begin van die tydperk	50 000	
Plus: Oorgedra vanaf opgehoopte fonds		
Plus: Bydraes ontvang	6 665	
Plus: Rente toegedeel		
	56 665	
Min: Uitgawes vir die tydperk	60	
SALDO AAN DIE EINDE VAN DIE TYDPERK	56 605	
13. STUDIEFONDS LERAARS	R	R
Saldo aan begin van tydperk	424 993	363 672
Plus: Oorgedra vanaf opgehoopte fonds	50 000	50 000
Ontvang deur die jaar	755	1 613
Rente toegedeel	11 426	9 708
Saldo aan einde van tydperk	487 174	424 993
Ontleding		
Studieleninge toegestaan	532 251	
- 1990 tot 1997	469 608	
- 1998	62 643	
Studieleninge terug ontvang	107 334	
- 1991 tot 1997	87 614	
- 1998	19 720	
Bedrag beskikbaar op 31/12/1998	487 174	
14. WILLIE LUBBE STUDIEFONDS	R	R
Saldo aan begin van tydperk	1 497 669	1 134 046
Plus: Ontvang deur die jaar	145 918	75 787
Oorgedra vanaf opgehoopte fonds	200 000	256 000
Rente toegedeel	44 947	31 836
Saldo aan einde van tydperk	1 888 534	1 497 669
Ontleding		
Studieleninge toegestaan	1 902 593	
- 1988 tot 1997	1 522 201	
- 1998	380 392	
Studieleninge terug ontvang	247 522	
- 1988 tot 1997	159 589	
- 1998	87 933	
Bedrag beskikbaar op 31/12/1998	1 888 534	

15. VASTE BATES

Grond en geboue

- Erf RE 1339, Sunnyside met verbeterings daarop, grootte 1912 m2
Kosprys 24 Oktober 1988
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum
- Restant Erf 820, Sunnyside met verbeterings daarop, grootte 2052 m2
Kosprys
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum
- Erf 850, Brooklyn met verbeteringe daarop, grootte 5104 m2
Kosprys
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum
- John Rockwoonstel 103, Johnsonstraat, Sunnyside
Kosprys
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum
- Onderverdeling 3 van plaas Tweespruit 198, Parys, grootte 20ha
- Onderverdelings A en C van die plaas Kleinfontein no. 368
Registrasie afdeling JR, grootte 13.34ha.

Die eiendom is onbeswaar.

Meubels en toerusting

- Kosprys
- Opgehoopte waardevermindering

Motorvoertuie

- Kosprys
- Opgehoopte waardevermindering

1998

1997

R

R

4 099 235

3 982 348

413 853	413 853
227 083	227 083
186 770	186 770
716 055	716 055
432 117	432 117
283 938	283 938
2 753 129	2 753 129
1 528 466	1 528 466
1 224 663	1 224 663
85 311	85 311
80 916	80 916
4 395	4 395
-	14 000
130 887	-

337 081

487 795

925 399	910 141
588 318	422 346

45 861

49 501

152 976	133 976
107 115	84 475

4 482 177

4 519 644

16. SPESIALE DEPOSITO

Bedrag belê
Plus: Rente ontvang
Saldo op 31 Desember 1998

Verteenwoordig deur:

Saldo van
spesifieke
fondse op
31 / 12 / 98

R
3 038 125
354 931
3 393 056

Beleggings
ten opsigte van
spesifieke fondse
op 31 / 12 / 98

	R
Alimentasiefonds	36 248
APK Trustfonds	776 112
Gevangenisbeleidingsfonds	529
APK Weeshuisfonds	1 739
Geboueverbeteringsfonds	11 000
Biblioteekfonds	16 101
Bybelverspreidingsfonds	232 989
Gebeurlikheidsfonds	140 226
Motorvervangingsfonds	127 596
Onthuisingsfonds	806
Publikasiefonds	74 194
Vroue-aksiefonds	28 257
Studiefonds Ieraars	62 257
OT / JM van Niekerk-fonds	125 000
Studiefonds: Dr Hanna Pienaar	50 487
Willie Lubbe Studiefonds	233 464
Sinodefonds	56 605
	1 973 610
Reserwefonds	1 419 446
	3 393 056

	R
	36 248
	776 112
	529
	1 739
	11 000
	16 101
	232 989
	140 226
	127 596
	806
	74 194
	28 257
	62 257
	125 000
	50 487
	233 464
	56 605
	1 973 610
	1 419 446
	3 393 056

KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1998

		1998	1997
	Aantekening	R	R
KONTANT BEHOU UIT BEDRYGWICHEDE		2 227 203	2 226 977
Kontant gegenereer deur bedrywigheide	1	2 201 147	2 210 395
Beleggingsinkomste (rente ontvang)		26 056	16 582
KONTANT AANGEWEND IN BELEGGINGSAKTIWITEITE		489 849	406 092
Eiendom aangekoop		130 887	-
verkoop		(14 000)	-
Aankoop van meubels en toerusting		19 538	72 390
Min: Opbrengs met verkoop van bates		(3 680)	(12 500)
Aankoop van voertuie		19 000	-
Toename in studietoelae - leraars		42 924	86 949
Toename in studietoelae - studente		292 459	254 922
Biblioteek aankope		2 721	4 331
KONTANT VERKRY UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE		(465 240)	(1 365 323)
Toename in spesifieke fondse		1 155 620	23 790
Toename / (afname) in reserwe fonds		768 960	352 936
Trek af: Interne oorsprong		(2 389 820)	(1 742 049)
TOENAME IN KONTANTFONDSE		1 272 114	455 562

AANTEKENINGE

1. KONTANT GEGENEREER DEUR BEDRYGWICHEDE

Netto inkomste per inkomtestaat	1 871 074	1 663 338
Trek af: Rente ontvang	26 056	16 582
	1 845 018	1 646 756
Tel by : Waardevermindering	192 738	198 314
	2 037 756	1 845 070
: Verlies met verkoop van vaste bates	-	14 903
	2 037 756	1 859 973
Trek af: Wins met verkoop van vaste bates	3 526	-
	2 034 230	1 859 973
Tel by : Aansuiwering vir afname in netto bedryfsbates (uitgesonderd kontantfondse)	166 917	350 422
Toename in bedryfsbates	24 385	22 364
Afname in gemeentelydraes verskuldig	(84 833)	(2 692)
Afname in publieksoorloof	(56 772)	(5 814)
Toename in diverse debiteure	166 890	30 870
Afname in deposito's	(900)	-
Toename in bedryfslaste (diverse krediteure)	(191 302)	372 786
	2 201 147	2 210 395

11.3.2 Meting van werklike bedrae teen die begroting vir die jaar geëindig 31 Desember 1998

ONTVANG TOT 31/12/98	BEGROOT	SURPLUS/ (TEKORT)
R	R	R

5 172 554 4 600 000 572 554

Gerneentebydraes (15%)

5 172 554	4 600 000	572 554
-----------	-----------	---------

BESTEE TOT 31/12/98	BEGROOT	BESKIKBAAR/ (OORBESTEE)
R	R	R

4 814 167 4 858 350 44 183

APK Jeugtuiste	83 577	24 000	(59 577)
APK Trustfonds	60 000	60 000	
Bankkoste	4 877	4 000	(877)
Bedieningsfonds	872 442	800 000	(72 442)
Dankfeeskoste	900		(900)
Diverse	1 839	5 000	3 161
Groepversekering	50 217	55 000	4 783
Huur van toerusting	-	-	
Instandhouding-geboue/toerusting	181 633	220 000	38 367
Kommissiewerk	145 815	194 500	48 685
Kuratorium	1 048 369	1 077 400	29 031
Mediese bystand afgetrede lede	103 771	90 000	(13 771)
Meubels en toerusting	30 000	30 000	-
Munisipale koste	32 430	40 000	7 570
Ouditgelde	5 000	5 000	
Oninvorderbare bedrae afgeskryf	8 570	-	(8 570)
Posgeld	18 224	20 000	1 776
Publikasiefonds	356 450	356 450	
Regskoste	1 740	5 000	3 260
Reiskoste - administratief	28 032	35 000	6 968
Rente betaal	10 597	4 000	(6 597)
Salarisse - administratief	1 386 170	1 441 000	54 830
Sinodekoste	50 000	50 000	
Skryfbehoeftes	34 677	40 000	5 323
Spaarplan - leraars	656	-	(656)
Studiefonds leraars	50 000	50 000	-
Spyseniering en verversings	4 325	5 000	675
Telefoon	31 016	30 000	(1 016)
Versekering	12 840	17 000	4 160
Willie Lubbe studiefonds	200 000	200 000	-
	358 387	(258 350)	616 737

11.3.3 Kommissiewerk

Werklike besteding deur kommissies gemeet teen bedrae begroot vir die jaar geëindig 31 Desember 1998 was soos volg:

KOMMISSIEWERK 1 JANUARIE 1998 - 31 DESEMBER 1998

	WERKLIK TOT 31/12/98	TOTALE BEGROTING	BESKIKBAAR/ (OORSKRYDING)	% BESKIKBAAR/ (OORSKRYDING)
	R	R	R	%
Ad hoc-hersieningskommissie	-	6 000	6 000	100
Argief	1 816	4 000	2 184	55
BRKA	10 095	15 000	4 905	33
Finansies	8 697	12 000	3 303	28
Formuliere en Liturgie	12 008	10 000	(2 008)	-20
Kerkleer en Christelike Etiek	-	4 000	4 000	100
Kerkregtelike Sake	25 537	30 000	4 463	15
Kerksang en musiek	18 299	18 000	(299)	-2
Kuratorium	21 530	25 000	3 470	14
SKK	19 013	20 000	987	5
SKK-ander kommissies	6 366	10 000	3 634	36
Verbondsonderrig Opvoeding	16 360	22 500	6 140	27
Subtotaal	139 721	176 500	36 779	21
Publikasies	11 331	18 000	6 670	37
TOTAAL	151 052	194 500	43 448	22

AANBEVELING

11.3.4 Die sinode/RKA neem kennis van die geouditeerde finansiële jaarstate van 1997 en 1998.

12. BEGROTING VIR 1999

12.1 Ontvangste

Die FK het besluit om weereens die 15%-bydraes uit gemeentes gedurende 1997 te neem as basis vir die beraamde ontvangste vir 1999. Hierdie formule, nl. dat die vorige jaar se 15%-bydraes van gemeentes geneem word as ontvangste vir die volgende jaar se begrote uitgawes, is reeds in 1988/89 aanvaar. Volgens die geouditeerde finansiële jaarstate het 1997 se 15%-bydraes R4 947 638-00 beloop. (vgl. Sakelys bl. 81)

Die FK oordeel dat begroot word vir ontvangste van R4 800 000-00 vir 1999.

AANBEVELING

12.1.1 Die sinode besluit dat die huidige norm,

nl. dat die vorige jaar se werklike 15%-bydraes van gemeentes geneem word as ontvangste vir die volgende jaar se begrote uitgawes, uitgebrei word om aan die FK die reg te gee om die begrote inkomste te verminder as die tendens van werklike 15%-bydraes van gemeentes 'n afname toon.

12.2 Uitgawes

Die aanvrae van die kommissies en die BRKA vir 1999 was geweldig hoog. Die totale aanvrae het R5 972 700-00 beloop, wat 'n vermeerdering van 23% bo die begroting van R4 858 350-00 van 1998 verteenwoordig. Daar moes drastiese stappe toegepas word om die uitgawes aan te pas by die beskikbare verwagte inkomste van R4 800 000-00 vir 1999.

Dit blyk uit die finansiële state dat die jaarlikse ontvangste begin stabiliseer op ongeveer R4 800 000-00. Hierdie neiging gaan binne die afsienbare toekoms ernstige finansiële probleme meebring aangesien daar geen fondse gaan wees om stygende uitgawes te dek nie.

12.2.1 Totale uitgawe begroting vir 1999

Uiteindelik word gesamentlik begroot vir R4 954 700-00 wat 'n tekort van R154 700-00 na beraming sal meebring.

TOTALE UITGAWEBEGROTING VIR 1999

	BEGROTING 1997	WERKLIK 1997	BEGROTING 1998	WERKLIK TOT 30/09/98	AANVRAAG 1999	BEGROTING 1999	% GESNY
	R	R	R	R	R	R	
Ad hoc-Hersieningskommissie	18 000	11 176	6 000	-	-	-	12.6
Argief	44 500	47 878	50 000	37 749	63 300	55 300	
Barmhartigheidsdiens	10 400	-	-	-	-	-	12.4
BRKA	1 854 000	1 957 200	2 069 000	1 489 075	2 296 000	2 012 000	
Bybelverklaring	8 600	10 943	-	-	-	-	
Finansies	17 000	14 456	12 000	2 874	12 000	12 000	
Formuliere en Liturgie	14 600	11 181	10 000	5 384	10 000	10 000	
Kerkleer en Christelike Etiek	4 300	4 934	4 000	-	2 000	2 000	
Kerkregtelike Sake	30 000	38 274	30 000	20 469	30 000	30 000	
Kerksang en -musiek	25 800	28 630	18 000	16 158	18 000	18 000	
Kuratorium	1 226 700	1 282 677	1 302 400	952 420	1 397 400	1 390 400	0.5
Publikasies	242 500	441 237	374 450	248 593	439 000	400 000	8.9
SKK	750 000	1 314 505	930 000	827 267	1 630 000	975 000	40.2
Verbondsonderrig en Opvoeding	25 800	22 259	22 500	7 197	30 000	30 000	
	4 272 200	5 185 350	4 828 350	3 607 185	5 927 700	4 934 700	16.8
	180 000	-	30 000	-	45 000	20 000	55.6
KAPITAALITEMS	4 452 200	5 185 350	4 858 350	3 607 185	5 972 700	4 954 700	17.0
	(252 200)	(237 712)	(258 350)	54	(1 172 700)	(154 700)	
SURPLUS/(TEKORT)							
INKOMSTE	4 200 000	4 947 638	4 600 000	3 607 239	4 800 000	4 800 000	

12.2.2 Aantekeninge

12.2.2.1 BRKA: Begroting 1999

	WERKLIK 1998 R	BEGROTING 1997 R	WERKLIK 1997 R	BEGROTING 1998 R	WERKLIK TOT 30/6/98 R	AANVRAAG 1999 R	BEGROTING 1999 R
UITGAWES	1 582 821	1 854 000	1 973 615	2 069 000	921 346	2 296 000	2 012 000
APK - Trustfonds	60 000	-	60 000	60 000	-	60 000	60 000
APK Jeugtuiste - verlies	56 596	24 000	70 639	24 000	28 359	-	-
Bankkoste	3 311	4 000	4 746	4 000	4 276	8 000	8 000
Diverse	-	5 000	-	5 000	-	5 000	5 000
Groepversekering	44 231	55 000	47 684	55 000	25 108	61 000	58 000
Huur van toerusting	20 553	20 000	22 025	-	-	42 000	42 000
Instandhouding - geboue/terrein/meubels	73 774	200 000	189 869	220 000	80 185	204 000	79 000
Mediese bystand afgetrede lede	35 035	50 000	59 472	90 000	39 693	90 000	90 000
Munisipale koste	11 013	40 000	30 483	40 000	12 099	40 000	40 000
Oninvorderbare bedrae afgeskryf	-	-	62 322	-	-	-	-
Oudtgelde	4 750	4 000	5 000	5 000	-	5 000	5 000
Posgeld	11 565	15 000	14 116	20 000	11 475	20 000	25 000
Regskoste	2 148	5 000	2 053	5 000	456	5 000	-
Reiskoste - administratief	25 337	35 000	26 459	35 000	13 495	35 000	30 000
Reiskoste & etes - vergaderings	11 020	20 000	9 833	15 000	5 650	15 000	15 000
Rente betaal	3 084	4 000	3 224	4 000	1 649	32 000	32 000
Salarisse - administratief	1 138 418	1 255 000	1 220 778	1 395 000	660 518	1 567 000	1 425 000
Koste: Personeelkonsultante	-	-	30 894	-	-	-	-
Skryfbehoeftes	29 854	50 000	38 470	40 000	14 296	54 000	40 000
Spaarplan - leraars	11 364	12 000	11 462	-	656	1 000	1 000
Spyseniering en verversings	3 789	6 000	6 016	5 000	1 053	5 000	5 000
Telefoon en faks	21 820	30 000	27 973	30 000	15 779	30 000	35 000
Verlies met verkoop van bates	-	-	14 903	-	-	-	-
Versekering	15 159	20 000	15 194	17 000	6 599	17 000	17 000
KAPITAALITEMS	124 042	180 000	124 042	30 000	15 258	45 000	20 000
Meubels en toerusting	124 042	80 000	124 042	30 000	15 258	45 000	20 000
Verbeterings: geboue	-	100 000	-	-	-	-	-
	1 706 863	2 034 000	2 097 657	2 099 000	936 604	2 341 000	2 032 000

Instandhouding:

Salarisse	123 000	123 000
Verf	100 000	-
Frankeermasjien	10 000	10 000
Telefoonstelsel	6 000	6 000
Verander kantore (klein raadsaal)	25 000	-
Min: Beraamde saldo van fonds	284 000	139 000
	60 000	60 000
	204 000	79 000

Meubels en toerusting:

Rekenaar & aftaster (Argief)	10 000	10 000
Frankeermasjien	10 000	10 000
3 lessenaars, 3 stoele & 1 rekenaar	25 000	-
	45 000	20 000

Huur van kopieerder

	42 000	42 000
--	--------	--------

Die werklike uitgawes vir 1998 het R2 011 186-00 bedra.

12.2.2.2 Kuratorium: Begroting 1999

	BEGROTING 1997 R	WERKLIK 1997 R	BEGROTING 1998 R	WERKLIK TOT 30/09/98 R	AANVRAAG 1999 R	BEGROTING 1999 R
DOSENTERVERGOEDING	701 000	591 023	816 400	538 863	804 000	804 000
AFLOS TYDENS LANGVERLOF	-	-	-	-	30 000	30 000
REISKOSTE: DOSENTE	38 000	34 375	38 000	28 125	38 000	38 000
REISKOSTE: VERGADERINGS	30 000	37 809	25 000	8 618	25 000	25 000
BIBLIOTEEKFONDS	10 000	-	7 000	-	7 000	7 000
WILLIE LUBBE STUDIEFONDS	256 000	200 000	200 000	222 935	200 000	200 000
VERGOEDING: ADMISSIE DOSENTE					50 000	50 000
	1 035 000	863 207	1 086 400	798 541	1 154 000	1 154 000
ANDER UITGAWES						
Huur van toerusting		2 201	-	-	-	-
Instandhouding: Geboue, terrein, meubels	53 000	24 669	40 000	39 668	40 000	30 000
Munisipale koste	6 000	3 297	6 000	3 009	6 000	6 000
Rekenaaropleiding	-	3 600	-	-	-	-
Salarisse: Administratief	112 000	105 585	152 800	96 433	168 000	168 000
Skryfbehoeftes	11 000	3 518	5 000	2 744	5 000	5 000
Telefoon	11 000	10 936	9 000	8 547	9 000	12 000
Versekering: Meubels en toerusting	1 100	2 107	2 200	2 566	2 200	2 200
Verversings	1 200	1 261	1 200	912	1 200	1 200
*Registrasie teologiese Skool					12 000	12 000
TOTALE UITGAWES	1 230 300	1 020 381	1 302 400	952 420	1 397 400	1 390 400

* Indien die Kuratorium die verpligte registrasie volgens Wet goedkeur, moet soos volg betaal word vir registrasie:
Registrasie R2 000; BA R2 000; B.Th R2 000; M.Th R2 000; D.Th R2 000; Inspeksie R2 000 = Totaal R12 000.

Die werklike uitgawes vir 1998 het R1 072 399-00 bedra.

12.2.2.3 Publikasiekommissie: Begroting 1999

Die sinodes het herhaaldelik versoek dat Die Boodskapper elke besoekpunt in elke gemeente moet bereik en indien 'n gemeente nie Die Boodskapper kan bekostig nie, gee die kerkraad 'n bydrae volgens vermoë. Vir die groot verlies waar-

teen Die Boodskapper aan gemeentes voorsien word, moet jaarliks begroot word.

Vir sinvolle begroting en openbaarmaking het die FK by die BRKA aanbeveel dat die begroting van Die Boodskapper geskei word van die res van die Pk. se begroting.

12.2.2.3.1 Begroting: Publikasies

WERKLIK 1998 R	BEGROTING 1997 R	WERKLIK 1997 R	BEGROTING 1998 R	WERKLIK TOT 30/06/98 R	AANVRAAG 1999 R	BEGROTING 1999 R
608 120	578 000	717 893	670 000	211 801	710 000	710 000
563 090	570 000	705 818	655 000	203 501	700 000	700 000
15 040	8 000	11 075	15 000	8 300	10 000	10 000
630 000	669 720	856 443	677 650	277 480	692 650	692 650
271 647	218 000	467 774	200 000	111 723	200 000	200 000
2 597	500	1 871	500	158	500	500
3 436	2 000	1 000	2 000		9 000	9 000
2 142		682			6 000	6 000
		50			9 000	9 000
1 554		31 194		9 361		
23 307	44 610	15 930	40 000	5 568	40 000	40 000
16 372	20 000	1 714	38 000		40 000	30 000
7 628	4 200		5 000		5 000	5 000
	2 300		3 000		3 000	3 000
3 568	6 000	2 198	5 000	60	2 000	2 000
33 730	12 510	19 042	18 000	5 930	18 000	18 000
229 056	321 000	287 706	316 000	124 586	319 000	319 000
18 565	10 000	7 297	18 000	4 385	10 000	10 000
8 527	11 000	12 161	15 000	10 377	20 000	20 000
7 178	11 000	7 824	10 000	3 732	10 000	10 000
673	2 600		1 150		1 150	1 150
(21 880)	(31 720)	(138 550)	(7 650)	(65 679)	17 350	27 350

NETTO INKOMSTE/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK

12.2.2.3.2 Begroting: Die Boodskapper

WERKLIK 1998 R	BEGROTING 1997 R	WERKLIK 1997 R	BEGROTING 1998 R	WERKLIK TOT 30/06/98 R	AANVRAAG 1999 R	BEGROTING 1999 R
174 653	222 000	244 514	195 000	160 528	230 000	230 000
149 243	200 000	223 457	170 000	145 382	200 000	200 000
25 410	22 000	21 057	25 000	14 146	30 000	30 000
474 778	597 800	547 201	647 350	283 392	686 350	657 350
248 357	322 000	266 769	330 000	137 803	330 000	306 000
97	300	302	350	25	350	350
12 356		12 362	15 000	6 395	15 000	15 000
33 186	39 000	29 409	45 000	19 167	50 000	45 000
	10 000	12 067	9 000	4 768	10 000	10 000
167 684	222 000	176 667	244 000	107 152	276 000	276 000
5 172	4 500	29 625	4 000	8 082	5 000	5 000
(300 125)	(375 800)	(302 687)	(452 350)	(122 864)	(456 350)	(427 350)
(322 005)	(467 520)	(441 237)	(460 000)	(188 543)	(439 000)	(400 000)

NETTO INKOMSTE/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK

TOTALE INKOMSTE/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK

12.2.2.3.1 Begroting: Publikasies

INKOMSTE

Verkope: Publikasies
Advertensies: Publikasies

UITGAWES

Aankope en drukoste: Publikasies
 Advertensies
 Beoordeling - boeke
 Instandhouding: materiaal & toerusting
 Kommissie op boekverkope
 Korting toegestaan
 Ledegeld
 Motoroste
 Pilegiewings
 Posgeld en verpakking - Publikasies
 Promosies
 Regskoste
 Reiskoste: Publikasies - adm.
 Reiskoste: vergaderings - publikasies
 Salariese
 Skryfbehoeftes
 Tanteleme
 Telefoon
 Verversings

INKOMSTE

Verkope: Boodskapper
Advertensies: Boodskapper

UITGAWES

Drukoste: Boodskapper
 Intekengeld
 Medewerkers
 Posgeld en verpakking - Boodskapper
 Reiskoste: Boodskapper
 Salariese
 Tydelike hulp

12.2.2.4 SKK: Begroting 1999

SKK: BEGROTING 1999

WERKLIK 1996 R	BEGROTING 1997 R	WERKLIK 1997 R	BEGROTING 1998 R	WERKLIK TOT 30/09/98 R	AANVRAAG 1999 R	BEGROTING 1999 R
120	40 000	45 259	50 000		50 000	50 000
574 510	600 000	1 143 375	800 000	779 113	1 500 000	900 000
7 780	30 000	11 816	-		-	-
18 290	20 000	21 790	20 000	13 362	20 000	20 000
8 228	10 000	5 315	10 000	1 486	10 000	5 000
608 927	700 000	1 227 555	880 000	793 961	1 580 000	975 000
69 145	50 000	86 950	50 000	33 306	50 000	
678 072	750 000	1 314 505	930 000	827 267	1 630 000	975 000

SINODE-UITGAWES
 BEDIENINGSFONDS
 10-JARIGE FEESVIERING
 REISKOSTE: VERGADERINGS
 ANDER KOMMISSIEWERK
 SUB-TOTAAL
 STUDIEFONDS - LERAARS
 TOTAAL

Die werklike uitgawes vir 1998 het R1 134 056-00 bedra.

Die aanvraag van die SKK vir die bedieningsfonds toon 'n vermeerdering van 87,5% bo die begroting van 1998.

Die FK oordeel dat groot verantwoordelikheid toegepas moet word by aansoeke en toestaan van geldelike hulp aan gemeentes en dat hierdie hulp alleen aangewend kan word vir klein, afgeleë gemeentes.

Die FK beveel aan dat in gevalle waar hulp verleen word, die SKK dit baie duidelik stel dat die hulp op 'n tydelike basis verleen word sodat gemeentes met verloop van tyd tot onafhanklikheid gelei word.

Die SKK se begroting vir 1999 is besnoei tot 'n bedrag van R975 000-00 met dien verstande dat indien daar genoegsame oorskot op die 1998 boekjaar is, die 1999 begroting van die SKK met R100 000-00 aangepas sal word bo en behalwe die R72 442 oorskryding op die 1998 begroting, wat reeds deur die FK toegestaan is.

13. BESKRYWINGSPUNTE

13.1 Ring van Beaufort-Wes: Plasing en vergoeding van leraars

Die sinode versoek dat leraars na toelating tot AP kerk deur die SKK geplaas word en dat alle leraars uit 'n sentrale fonds vergoed word. Alle gemeentes se bydraes moet dienoreenkomstig aangepas word. As bogenoemde nie kan realiseer nie moet bedieningsfonds vergroot word.

13.1.1 Motivering

Sulke leraars kan dan vir 'n bepaalde tyd (soos vasgestel deur SKK) diens doen in ongewilde streke en in gemeentes/kombinasies wat finansiële swaar kry of wat nie leraars kan bekostig nie.

AANBEVELING

3.1.2 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

13.1.3 Motivering

1. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk kom in die gedrang.

2. Die versorging van die predikant maak die grootste deel uit van gemeentelike uitgawes. Indien predikante vanuit 'n sentrale fonds versorg moet word, sal die bydraes uit gemeentes moet styg tot meer as 75% van hulle totale kontantontvangste.

13.2 Ring van Beaufort-Wes: Besparingsmaatreëls

Die sinode beveel aan dat ondersoek ingestel word na besparingsmaatreëls ten einde SKK se finansiële krisis te verhelp. Die volgende aspekte dien ondersoek te word, nl.:

1. Dat die sinode elke derde jaar plaasvind.
 2. Opknapping van SKK administrasie.
 3. Die instelling waar moontlik, van afstandskonferensies vir Kommissies via elektroniese medium.
- Motivering
- Finansiële krisis van SKK voor die hand liggend.

AANBEVELING

13.2.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

Motivering

1. Die FK het sedert die vorige sinode ondersoek ingestel na besparingsmaatreëls en dit streng toegepas en begrotingsbeheer uitgeoefen. Die kostestying van die BRKA was minder as 1% van 1997 na 1998.

2. Die SKK se werklike koste het vanaf 1997 na 1998 met 3,11% verminder en die begroting vir 1999 is verder besnoei.

13.3 Ring van Nelspruit: Aanwending van gemeentes se surplusfondse tot voordeel van die AP kerke in kerkverband

Die sinode besluit 'n bankrekening moet by die BRKA geopen word waar sodanige surplusfondse van gemeentes belê word teen dieselfde koers as wat hulle sou gekry het. Indien 'n gemeente dan fondse benodig, kan hulle by die SKK aanklop vir 'n lening teen vasgestelde rentekoerse (sê ± 2% van bogenoemde koers wat die BRKA se administratiewe kostes moet dek.)

Motivering

Daar is baie gemeentes wat van oortrokke geriewe by een of ander bank gebruik maak teen rentekoerse van diep in die 20%. Net so is daar gemeentes wat surplusfondse by genoemde banke belê teen rentekoerse van 10-12%. Op die manier kan ons almal voordeel daaruit trek, veral waar bouprojekte in die vooruitsig gestel word.

Op die oomblik moet ons as gemeente geld by die geldmagte leen (mammon) wat ons in die meeste gevalle nie eers goedgesind is nie. So kom ons wend ons surplusfondse tot voordeel van ons gemeentes aan.

AANBEVELING

13.2.2 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

Motivering

Alhoewel hierdie beskrywingspunt meriete het en berus op die beginsel van kerkgeld vir kerkwerk,

het die FK die volgende risiko's geïdentifiseer:

1. Verhoogde administrasiekoste vir die BRKA sal moontlik nie uit die verhoogde (vasgestelde) rentekoers gedek word nie.
2. Dit is onduidelik wie die risiko dra ingeval die geleende geld nie terugbetaal word nie.
3. Indien beleggings opgevra word voor die vervaldatums kan dit probleme veroorsaak.

13.4 Ring van Memel: 15% bydraes – gedeeltematige vrystelling

Die sinode 1999 besluit dat die AP Kerke met 'n inkomste van minder as R10 000-00 per maand wat 'n leraar onderhou, vrystel word van die 15% heffing en net 10% heffing betaal.

Motivering

1. Dit kos 'n gemeente tussen R8 000-00 en R14 000-00 per maand om 'n leraar te onderhou.
2. Met 'n bedieningsooreenkoms met 'n ander kerk kos dit dan die helfte van bogenoemde plus nog reiskoste wat outomaties styg, namate die leraar verder moet ry.
3. Vir 'n kerk wat in die koers van 25 kollektepunte het, is dit 'n hoë bedrag om maandeliks by te dra. Dit verg nog baie ekstra insamelingsaksies om die volle verpligting by te bring.
4. Met 'n verdere verpligting van 15% op R8 000-00 (R1 200-00) word dit dan bykans onmoontlik vir 'n kerk om 'n leraar te beroep en te onderhou.
5. Die vergunning kan meebring dat meer kerke die bediening van 'n leraar kan geniet en gevolglik beter groei binne die AP Kerk.
6. Kerke bevind hulle deesdae in die bouse kringloop om die 15% heffing te betaal met fondse wat op lenings by banke verkry word waar die rente wat hulle daarop moet betaal, veel hoër is as die 15% van die heffing.

13.5 Ring van Roodepoort: Herroep huidige 15% - van-totale-inkomste-besluit

Die sinode 1999 besluit dat:

1. die huidige 15%-van-totale-inkomste-besluit herroep word;
2. 'n eweredige bydrae per lidmaat gehef word, verkry deur die totale begroting van die sinode deur die totale lidmatetal van die kerk te deel.

Motivering

1. Dit is meer in ooreenstemming met die Skrifbeginsel dat ALLE LEDE GELYKE SORG vir mekaar dra.
2. Uit die 76 gemeentes op bl.104-105 (Sakelys, sinode 1997) sal nie minder nie as 55 (72%) baat

vind by sodanige reëling as dit algemeen toegepas word.

3. Dit sal die armste lidmaat met TROTS vervul as hy/sy so 'n bedrag per maand vir die algemene kerklike werk kan bydra – selfs al sou dit al wees wat hy/sy per maand KAN gee.

4. Dit sal geen vermindering vir die begroting beteken nie – almal saam se bydraes laat dan nog steeds die begroting klop.

5. Subsidiëring van behoeftige gemeentes kan voortgaan soos beplan, met slegs die verskil dat ook die gesubsidieerde gemeente sy regmatige deel dra.

6. Dit sal gemeentes verhinder om geheime fondse te hou – iets wat deur geen ouditeur, ring of sinode opgespoor kan word as 'n kerkraad op sodanige geheimhouding sou besluit nie.

7. Dit sal gemeentes aanspoor om lidmaatregisters deeglik op datum te hou.

8. Dit sal lidmate aanspoor om hard te werk vir projekte wat hulle graag wil aanpak, sonder die (laat ons maar eerlik wees) stremmende gedagte dat 'n deel van elke projekdroom afgestaan moet word – dikwels TEN KOSTE VAN hul eie drome en ideale; des te meer waar die klem in ons kerkverband meer op GEMEENTEWERKSAAMHEID en onderlinge hulpbetoon IN DIE RING val, in teenstelling met sinodale torings van werksaamhede soos in sommige ander kerke.

9. Daar is geen INGEWIKKELDE BEREKENINGE (Sakelys 97 – 4.10.5 – bl. 86) nodig nie.

10. Dit sal die FK in staat stel om met 'n vaste, versekerde inkomste te begroot, en hulle nie te verlaat op verwagte, geskatte, gehoopte inkomste nie.

11. Dit sal kommissies dissiplineer om met baie groot omsigtigheid te werk te gaan o.a. wat betref hoeveelheid vergaderings, reiskostes, fondse, enorme instandhoudings-kostes, nadelige projekte, ens. (Vgl. bv. die jeugtuiste; dit terwyl baie van ons lidmate self kinders in tersiëre inrigtinge het en ook self alle kostes daaraan verbonde moet dra!)

12. Dit sal gemeentes se kerkrade en afgevaardigdes na sinodes daartoe bring om met groot noulettendheid die begrotings wat voor die sinode gelê word, te bestudeer ten einde die bydrae per lidmaat nie te hoog laat gaan nie, maar binne die redelikste perke te laat bly.

13. Dit sal moontlike trae gemeentes aanspoor tot groter offervaardigheid, en flukse gemeentes nie in hule ywer demp nie.

14. Dit sal 'n gemeente van 80 lidmate, (waarvan haas die helfte pensioentrekkers is) met 'n vol predikantspos en 'n begroting van R218 000-00,

nie in misnoedigheid laat verval – en sommige selfs die kerk laat verlaat! – omdat hulle bo hierdie begroting nog voorsiening moet maak vir 'n ADDISIONELE R32 700-00 nie. Dit beteken 'n BYKOMENDE verpligting van R408-74 per lidmaat per jaar (34-06 per maand) bo en behalwe die R2 725-00 per jaar (of R227-08 p.m.) wat dit alreeds die lidmaat kos.

15. Neem gemeente A (80 lidmate) met 'n kerk-skuld van R300 000-00. Teen 22% rente bedra die rente alleen R66 000-00 per jaar. Die rente MOET betaal word. Om 'n bedrag te in waarvan 15% aan bydraes oorbetal moet word, bring die rente te staan op R77 647-00. 15% Hiervan is R11 647-00. Hierdie rentelas word dus nou ADDISIONEEL R11 647-00 (R145-59 per lidmaat per jaar; of R12-13 per maand). Dit bring die rentekoers op 25,88%. Dieselfde geld vir kapitaaldelging. Dis WREED om so 'n las op lidmate te plaas en hulle so te penaliseer vir hulle liefde vir die Here. (Hierdie is harde feite uit gemeente A wat werklik bestaan.)

16. Dit alles toon dat die voorstel die mees billike en regverdigbare plan sal wees.

AANBEVELING VAN DIE FK

13.5.1 Die sinode keur die beskrywingspunte van die Ringe van Memel en Roodepoort nie goed nie.

Motivering

1. Die beskrywingspunt van die ring van Roodepoort ontbreek aan 'n waarborg dat elke lidmaat hierdie heffing sal betaal. Indien dit prakties moontlik was, sou dit die volkome oplossing gewees het.

2. Die ring van Memel se beskrywingspunt

Tans is daar geen ander uitweg as om 15% op alle kontantontvangstes te hef nie. Toe 'n vorige sinode die toewysing gemaak het dat fondse wat bestem was vir bv. 'n boufonds, uitgesluit kon word by die berekening van die 15%, het kerke dit uitgebuit. Die geskiedenis leer dat 'n uitsondering 'n skuiwergat word om betaling van heffing te ontduik.

3. Die AP Kerk Piketberg se beskrywingspunt is nie ontvanklik nie omdat dit nie ooreenkomstig die besluit van die sinode 1990, oor die wyse waarop beskrywingspunte op die tafel van meerdere vergaderings kom, gehanteer is nie. (Vgl. KO-boek 1998, bl. 136)

13.6 Ring van Bloemfontein: Oorbetalings van 15% bydraes van gemeentes

Die vergadering besluit dat alle gemeentes weereens gevra word, hetsy deur individuele skrywes of in Die Boodskapper, om stiptelik en nougeset die 15% aan die SKK oor te betaal.

Motivering

Klein gemeentes in die platteland, wat vir hul voortbestaan afhanklik is van die bedieningsfonds, word benadeel en kan uiteindelik hul voortbestaan inboet weens die gebrek aan genoegsame fondse. Stiptelike oorbetalings kan uiteindelik net tot voordeel van die kerk strek.

AANBEVELING VAN DIE FK

13.6.1 Die sinode keur die beskrywingspunt goed.

13.7 Ring van Potgietersrus: Wysiging in bepalings t.o.v. die APK-Trustfonds

Die sinode besluit dat alle AP kerkleraars wat minder pensioen ontvang as die minimum wat ingevolge die bepalings van die PTF ontvang behoort te word, kwalifiseer vir finansiële hulp uit die APK-Trustfonds ten einde te verseker dat hulle saam met hulle pensioen, nie minder as die heersende minimum pensioen wat deur die FK bepaal word, ontvang nie.

Motivering

1. Daar is leraars wat 'n tyd lank uit die bediening was voordat hulle by die AP Kerk ingeskakel het, maar wat ook pensioengeld van hulle vorige kerkverband moes verloor, of geen pensioen hoe-genaamd ontvang het nie. Die huidige besluite diskwalifiseer hulle vir hulp uit die PTF.

2. Die kerkrade van leraars in punt 1 gemeld, dra ook maandeliks by tot die PTF. Dit is vanselfsprekend dat hulle leraars dan ook uit die PTF bevoordeel kan word.

3. Die kerkverband kan nie sienderoë toelaat dat enige van sy predikante 'n totaal ontoereikende pensioen ontvang nie.

AANBEVELING

13.7.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

Motivering

1. Die APK-Trustfonds is gestig alleenlik vir predikante wat weens hulle beginsels hulle voordele prys gegee het om die AP kerk te stig.

2. Die kerk kan nie instaan vir predikante wat om ander redes hulle voordele verbeur het en sodanige persone moes dus self vir hulle voorsiening gemaak het.

3. So 'n praktyk sal baie groot finansiële kostes tot gevolg hê.

14. BEROEPSBRIEFWYSIGING

Die bewoording van punte 9 en 10 van die beroepsbrief (bl. 85, KO 1998) is tans:

9. Sestig persent van die ledegeld neergelê deur die Kaapse Mediese Plan volgens reëls van die skema, terwyl u self veertig persent van die ledegeld dra.

10. Twaalf-en-'n-half persent van u traktement as bydrae tot die Pensioenfonds van die Afrikaanse Protestantse Kerk wat deur Sanlam geadministreer word, terwyl u self sewe-en-'n-half persent van u traktement daartoe bydra. Dekking vir u en u vrou asook ongeskiktheidsdekking vir uself, is ingesluit in die skema.

AANBEVELING

14.1 Die sinode besluit dat punte 9 en 10 van die beroepsbrief gewysig word om te lees:

9. ledegeld neergelê deur die mediese skema met wie die BRKA 'n ooreenkoms het volgens reëls

10. bydrae tot die Pensioenfonds van die Afrikaanse Protestantse Kerk met wie die BRKA 'n ooreenkoms het, terwyl

Motivering

Die vinnig veranderende ekonomiese situasie in die RSA kan tot gevolg hê dat van skema verander moet word. Die beroepsbrief behoort vroegtydig aangepas te word by sulke situasies.

15. UITBREIDING VAN F9-VORM

Die F9-vorm handel oor die verslag van die ouditeur wat hy aan die ring en sentrale kerkkantoor stuur. Daarin sertifiseer die ouditeur wat die 15% heffing vir 'n bepaalde gemeente vir die vorige boekjaar behoort het en of dit aan die BRKA oorbetal is.

AANBEVELING

15.1 Die sinode besluit dat die F9-vorm uitgebrei word sodat 'n gemeente se ouditeur ook

sertifiseer of/dat bydraes ten opsigte van pensioen, medies, gadeversekering en uitgestelde vergoeding oorbetal is aan die BRKA.

16. ANDER AANBEVELINGS

16.1 Die sinode spreek sy innige dank uit teenoor die groot getal kerkrade en kassiere wat hulle verpligtinge stiptelik en met groot sorg nakom.

16.2 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die lidmate in die kerkverband vir besondere offervaardigheid. Dit het meegebring dat die talle werksaamhede van die sentrale kerkkantoor en die kerkverband kon voortgaan.

16.3 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die administrateur, rekenmeester en die personeel van die afdeling finansies vir getroue nakoming van hulle opdragte.

16.4 Die sinode spreek sy innige en opregte dank uit teenoor die hemelse Vader wat deur middel van die dankoffergawes van die lidmate die stoflike middele aan die gemeentes en die kerkverband verskaf, sodat die werk van God se koninkryk ook gedien kan word.

17. Die kommissie vertrou dat hy sy opdragte en lasgewing van die sinode uitgevoer het. Dit was 'n voorreg om die Kerk van die Here op hierdie terrein te dien. Die kommissie glo dat ook die administrasie en finansies inderdaad in diens van die Koning van die Kerk aangewend word.

Mag die sinode 'n geseënde sitting beleef.

Oudl. BJM Rossouw
(Voorsitter)

Ds. PR Buitendag
(Skriba)

GEMEENTES WAT OP 30 APRIL 1999 AGTERSTALLIG WAS MET 15% BYDRAES
(D.W.S. BEDRAE WAT REEDS VOOR 7 MAART 1999 BETAAL MOES WORD)

LAASTE KWIT. 52493 (99/04/30)

BYLAE FK 1

RING	NOTA	GEMEENTE	DATUM GESTIG	GETAL BELYDENDE LIDMATE	GETAL MAANDE UITST	GEMIDDELTE BYDRAE PER MAAND R	BERAAMDE BEDRAG UITSTAANDE R
BEAUFORT-WES		BEAUFORT-WES	1987/08/09	126	2	1 719	3 438
		CARNARVON	1988/04/25	37	3	203	609
BENONI		BRAKPAN	1987/10/21	703	4	werklik	15 295
		DELMAS	1987/11/15	139	2	1 468	2 936
	1	KEMPTON PARK	1987/09/10	295	7	werklik	21 303
BETHLEHEM		EXCELSIOR	1993/10/17	51	18	1 021	18 378
		LINDLEY	1990/10/21	55	29	443	12 847
BLOEMFONTEIN	2	BLOEMFONTEIN	1987/07/12	921	29	werklik	135 280
		BLOEMFONTEIN-NOORD	1990/05/06	435	7	werklik	18 560
		CAAGAUZU	1995/10/22	32	3	179	537
BRANDFORT		THEUNISSEN	1990/02/25	61	8	1 302	10 416
CLANWILLIAM		CALVINIA	1990/11/27	66	2	281	562
	3	CLANWILLIAM	1988/02/07	170	4		onbekend
		DIAMANTSTREEK	1995/12/10	44	2	309	618
	4	NAMAKWALAND	1988/09/04	132	19	1 272	24 168
CORNELIA		TWEELING	1987/10/04	32	1	532	532
DENDRON		DENDRON	1987/07/26	138	2	2 941	5 882
		PHALABORWA	1987/07/25	123	2	1 015	2 030
	5	TZANEEN	1987/08/23	205	19	3 328	63 232
DERBY		BUHRMANSDRIF	1987/08/16	159	21	2 013	42 273
	6	DERBY	1987/07/04	117	48	5%	25 643
	7	GROOT-MARICO	1987/08/13	123	15	1 453	21 795
					7	5%	2 848
	8	HARTBEEFONTEIN	1989/05/18	26	17	426	7 242
					7	5%	991
GERMISTON		ALBERTON	1989/06/07	157	1	1 262	1 262
	9	BOKSBURG	1988/04/27	118	58	werklik	75 940
		GERMISTON	1987/08/24	155	17	1 653	28 101
GORDONIA		GROBLERSHOOP	1987/10/01	57	2	542	1 084
GRANET		BOTHAVILLE	1989/04/30	96	12	1 874	22 488
	10	KOPPIES	1988/03/03	63	8	werklik	3 839
		SANDVELD	1997/11/30	31	4	1 064	4 256
		SASOLBURG	1997/08/10	52	4	543	2 172
HEIDELBERG		NIGEL	1987/09/14	216	6	1 270	7 620
HENNENMAN		VIRGINIA	1990/02/25	32	57	446	25 422
	11	WELKOM	1987/11/13	110	12	1 095	11 183
KIMBERLEY		GRIEKWASTAD	1991/02/11	29	1	343	343
KLERKSDORP		LEEUDORINGSTAD	1988/11/09	90	5	werklik	7 101

NOTAS:

- 1 Kempton Park: Reëling met BRKA om maandeliks 1 agterstallige maand saam met huidige te betaal.
- 2 Bloemfontein: Reëling met BRKA om maandeliks R2548.52 af te betaal.
- 3 Clanwilliam: Geen betalings vir Mei 95 - Aug. 95; Betaal vanaf Sep. 95 - Feb. 98 R8.10 per lidmaat, vanaf Mrt. 98 - Des. 98 R9.45 per lidmaat - geen kontantontvangstes word aangedui nie.
- 4 Namakwaland: Reëling met BRKA om maandeliks tussen R500 en R1000 af te betaal.
- 5 Tzaneen: Het begin 1998 teenoor BRKA onderneem om agterstalliges so spoedig moontlik te betaal. Sedert Aug. 97 nog geen betalings gemaak nie en sedert Jan. 98 ook geen kontantontvangstes aangedui nie.
- 6 Derby: Betaal sedert Mrt. 95 slegs 10% en dui ook geen kontantontvangstes aan nie.
- 7 Groot-Marico: Het vanaf Jan. 95 - Jul. 95 slegs 10% betaal. Betaal R200 p.m. af op agterstalliges.
- 8 Hartbeesfontein: Het vanaf Jan. 98 - Mei. 98 asook Jan. 99 & Feb. 99 slegs 10% betaal.
- 9 Boksburg: Reëling met BRKA dat R37109 afgeskryf word en verskil van R75940 oor 60 maande teen R1265.67 p.m. betaal word.
- 10 Koppies: Kassier, mev. Therion belowe dat dit binnekort betaal sal word.
- 11 Welkom: Reëling met BRKA dat R8993 afgeskryf word en res oor 60 maande teen R149.89 betaal word. *Bly nie by reëling nie.* Het spiraalplan opgeva en sal dan alle agterstalliges betaal.

GEMEENTES WAT OP 30 APRIL 1999 AGTERSTALLIG WAS MET 15% BYDRAES
(D.W.S. BEDRAE WAT REEDS VOOR 7 MAART 1999 BETAAL MOES WORD)

LAASTE KWIT. \$2493 (99/04/30)

RING	NOTA	GEMEENTE	DATUM GESTIG	GETAL BELYDENDE LIDMAAT	GETAL MAANDE UITST	GEMIDDELDE BYDRAE PER MAAND R	BERAAMDE BEDRAG UITSTAANDE R
MIDDELBURG	12	CULLINAN-RAYTON	1987/09/20	181	9	werklik	18 357
	13	WITBANK	1987/08/23	399	8	werklik	39 000
MIGDOL		LOUWNA	1987/07/28	16	3	570	1 710
		MIGDOL	1987/06/29	112	2	1 933	3 866
		MOLOPO	1987/07/13	21	1	361	361
		VRYBURG	1987/09/06	293	2	2 119	4 238
MOOINOOI	14	BRITS	1987/07/12	335	8	werklik	12 989
		RUSTENBURG	1987/08/16	448	2	4 126	8 252
MORGENZON		HOEVELDRIF	1987/08/23	235	1	1 737	1 737
	15	KRIEL	1991/11/21	43	4	werklik	1 160
		MORGENZON	1987/07/08	46	1	579	579
NABOOMSPRUIT		KOEDOESRAND	1987/09/06	23	26	232	6 032
		VAALWATER	1991/05/12	64	4	1 169	4 676
		WATERBERG	1987/08/09	289	3	werklik	6 091
NELSPRUIT	16	WITRIVIER	1987/11/01	170	17	925	15 725
		HOEDSPRUIT	1989/11/26	138	4	734	2 936
NEWCASTLE	17	DUNDEE-GLENCOE	1987/10/21	68	22	werklik	13 742
	18	UTRECHT	1988/03/02	28	23	werklik	5 296
OLIFANTSHOEK		BOSRAND	1987/07/19	12	6	70	420
		KURUMAN	1988/02/01	124	3	1 151	3 453
OUTJO		GOBABIS	1992/07/13	50	5	338	1 690
		KEETMANSHOOP	1989/06/04	72	5	1 508	7 540
		WELWITSCHIA	1993/12/05	44	2	424	848
PETRUSBURG		JACOBSDAL	1993/01/17	41	1	328	328
		KOFFIEFONTEIN	1992/02/09	36	34	539	18 326
RIVERSDAL		MOSSELBAAI	1989/04/02	185	1	1 179	1 179
ROODEPOORT	19	CARLETONVILLE/WELVERDIEND	1988/01/28	89	3		onbekend
		KRUGERSDORP	1991/02/03	161	8	2 167	17 336
	20	RANDFONTEIN	1987/08/07	117		5%	21 270
SOMERSET-OOS	21	ALGOA	1987/09/20	130	7	werklik	1 700
	22	JEFFREYSBAAI	1992/03/08	56	10	werklik	8 140
STELLENBOSCH		HUGENOTEVALLEI	1987/06/30	136	4	952	3 808
		PIKETBERG	1988/02/28	151	5	1 602	8 010
		STELLENBOSCH-SOMERSET-STRAN	1987/08/16	167	3	1 830	5 490
		TYGERBERG	1987/09/20	157	1	1 997	1 997
	23	WORCESTER	1990/11/11	108	5	1 069	5 345
SUIDKUS		PONGOLA	1988/08/02	17	2	109	218
		SUIDKUS	1993/01/31	91	11	1 043	11 473
	24	ZULULAND	1990/04/29	51	26	954	24 804
VEREENIGING	25	FOCHVILLE	1987/08/13	93	16	werklik	16 555

10 393

763

934 902

NOTAS:

- 12 Cullinan-Rayton: Reëling met BRKA om R500 p.m. af te betaal.
- 13 Witbank: Volgens die kerkraad is die bedrag ongeveer R39000, maar hulle sien nie kans om dit te betaal nie.
- 14 Brits: R13917 afgeskryf, betaal restant teen R231.95 p.m.
- 15 Kriel: Vra uitstel tot einde Junie 99 wanneer alle agterstalliges betaal sal word.
- 16 Witrivier: Betaal nou R5000 p.m. op agterstallige medies en pensioen van R28074 en sal daarna op 15% afbetaal.
- 17 Dundee-Glencoe: Reëling met BRKA om R11970 oor 24 maande te betaal en die restant so spoedig moontlik.
- 18 Utrecht: Aangebied om R250 p.m. te betaal. Slegs R250 seker betaal.
- 19 Carletonville/Welverdiend: Betaal Nov. 97 - Des. 97 slegs R10.14 per lidmaat, Jan. 98 - Aug. 98 slegs R9.45 per lidmaat.
Geen kontantontvangstes word getoon nie.
- 20 Randfontein: Betaal Nov. 97 - Feb. 98 slegs R8.10 per lidmaat en vanaf Mrt. 98 slegs R9.45 per lidmaat.
Geen kontantontvangstes word vanaf Aug. 98 getoon nie.
- 21 Algoa: R2300 afgeskryf, betaal restant teen R100 p.m.
- 22 Jeffreysbaai: Reëling met BRKA om maandeliks R600 af te betaal.
- 23 Worcester: Bedrag agterstallig a.g.v. bedrag gedurende Feb. 98 - Mei 98.
- 24 Zululand: Kerkraad het net besluit om nie meer 15% te betaal nie.
- 25 Fochville: R11879 afgeskryf, betaal R300 p.m.

DIE VOLGENDE GEMEENTES WAS OP 30 APRIL 1999 MEER AS R4 000 AGTERSTALLIG TEN OPSIGTE VAN PENSIOEN-, GADEVERSEKERING, MEDIESE- EN UITGESTELDE VERGOEDINGSBYDRAES. (EEN MAAND SE VERPLIGTING IS ONGEVEER R3 000)
Laaste kwitansie 52493

GEMEENTE	PENSIOEN R	GADEVER- SEKERING R	MEDIES R	UITGESTELDE VERGOEDING R	TOTAAL R
BLOEMFONTEIN-NOORD	1 829	120	6 088		8 037
BOKSBURG			22 233		22 233
BUHRMANNSDRIF	2 033	62	2 971	680	5 745
FOCHVILLE	18 258	91	7 104		25 453
GERMISTON	7 760	101	7 820	2 052	17 733
KEETMANSHOOP	4 117	77	233		4 427
KOPPIES	3 114	76	6 364	2 652	12 206
KROONSTAD	439		4 076		4 515
KRUGERSDORP	2 312	(10)	2 953		5 255
MIGDOL	772	19	4 845		5 636
PIKETBERG	4 309	40	885	1 680	6 915
SUIDKUS			8 077		8 077
VILJOENSKROON	(1 931)		7 490		5 559
VRYBURG	5 789	21	1 893	(335)	7 368
WELKOM	7 386	38	4 515		11 939
WITRIVIER	13 111	98	9 865		23 074
TOTAAL	69 297	733	97 411	6 729	174 170

DIE VOLGENDE VAN BOSTAANDE GEMEENTES WAS OP 30 APRIL 1997 MEER AS R4 000 AGTERSTALLIG TEN OPSIGTE VAN PENSIOEN-, GADEVERSEKERING, MEDIESE- EN UITGESTELDE VERGOEDINGSBYDRAES. (EEN MAAND SE VERPLIGTING IS ONGEVEER R3 000)

GEMEENTE	PENSIOEN R	GADEVER- SEKERING R	MEDIES R	UITGESTELDE VERGOEDING R	TOTAAL R
BLOEMFONTEIN-NOORD	3 294	69	6 082		9 445
BOKSBURG			17 693		17 693
FOCHVILLE	21 115	91	10 049	401	31 656
KROONSTAD	447		4 857		5 304
KRUGERSDORP	4 134	55	5 688	390	10 267
VILJOENSKROON	145		6 681		6 826
VRYBURG	7 624	63	4 572	396	12 655
WELKOM	11 921	88	10 935		22 944
WITRIVIER	13 111	98	16 786		29 995
TOTAAL	61 791	464	83 343	1 187	146 785

Verslag van die Kuratorium aan die Negende Sinode 1999

1. PERSONEEL

1.1. Lede van die Kuratorium

Di. MC Adendorff, A Boshoff sr. (voorsitter), JA de Beer, IP du Preez, A Gerber, NJ Rautenbach, HDK van der Merwe, JH van der Walt, dr. JH Ellis, GJJ Labuschagne, CI van Heerden.

Sekundi

Di. FJ van der Merwe, AL van Heerden, JSP de Villiers, RMJ Britz.

1.2 Skriba van die Kuratorium

Prof. dr. FAH van Staden (honorêr).

1.3 Registrateur-sekretaresse

Mev. CM Venter.

1.4 Tikster

Mej. E Nicklbauer.

1.5 Skoonmaker

Mev. MC Scheepers.

2. VERGADERINGS

Die Kuratorium het tot op 13 April 1999, waarop die laaste vergadering gehou is, 8 keer vergader en wel op 12 September 1997, 20 Oktober 1997, 25-26 November 1997, 3 Februarie 1998, 26 Augustus 1998, 24-25 November 1998, 2 Februarie 1999, 13 April 1999.

Dit was die allerminimum vergaderings wat die Kuratorium kon hou in sy poging om aan die versoek van die Sinodale Finansiële Kommissie tot besparing te kon voldoen.

3. DAGBESTUUR

3.1 Samestelling

Ds. A Boshoff sr. (voorsitter), dr. CI van Heerden (ondervoorsitter), prof. FAH van Staden (skriba) en dr. JH Ellis (hulpskriba).

3.2 Dagbestuurvergaderings

Die Dagbestuur het 1 keer vergader en wel op 3 April 1998.

4. SUB- EN AD HOC-KOMMISSIES

4.1 Die Kuratorium het, om sy werksaamhede te bevorder, 'n Subkommissie benoem, wat voor-

bereidende diens lewer in verband met die keuring van studente, lenings en studentebegeleiding.

4.2 Die Kuratorium het 'n ad hoc-kommissie benoem, bestaande uit proff. Van Staden (voorsitter), Marè (skriba), Theron, Robbertze en Brink en di. MC Adendorff, A Gerber en HDK van der Merwe met die opdrag om die beste oplossing te vind vir die verpligte registrasie van die teologiese skool as tersiêre inrigting volgens die jongste Onderwyswet, Wet nr. 101 van 1997.

5. TEOLOGIESE SKOOL (KO arts. 9 en 10)

5.1 Rektor

Prof. dr. FAH van Staden

5.2 Raad van dosente

Proff. FAH van Staden (voorsitter), HS Theron, HCG Robbertze, R Marè en IA Brink.

5.3 Departemente

Prof. dr. HS Theron – behartig departement Nuwe Testament: Nuwe Testament Eksegese; Inleiding; Teologie; Hermeneutiek; Kanongeskiedenis en Tekskritiek (6 vakke);

Prof. dr. HCG Robbertze behartig departement Ou Testament: Ou Testament Eksegese; Inleiding; Teologie; Hermeneutiek en Kanongeskiedenis (5 vakke); Tekskritiek word nou met Hebreeus aangebied;

Prof. dr. FAH van Staden behartig departemente Ekklesiologie: Algemene Kerkgeskiedenis; Vaderlandse Kerkgeskiedenis; Kerkreg (3 vakke) én Missiologie: Sendingteorie;

Sendingmetodiek; Elenktiek en Sendinggeskiedenis (4 vakke), asook die vakke Kybernetiek; Ensiklopedie en Ekumenika (3 vakke) – (totaal 10 vakke);

Prof. dr. R Marè behartig die departemente Dogmatologie: Dogmatiek; Dogmageskiedenis; Christelike Etiek; Apologetiek; Simboliek en Sektekunde (6 vakke) én Godsdienwetenskap: Godsdiensgeskiedenis en Fenomenologie (2 vakke), asook die vak Pastorale Psigologie – (totaal 9 vakke);

Prof. IA Brink behartig die departement Praktiese Teologie (Diakoniologie): Homiletiek; Poimeniek;

Kategetiek; Liturgiek; Evangelistiek en Diakonie (6 vakke), asook Kerklike Administrasie en Finansies; Himnologie; Prakties in gemeentes.

5.4 Vergaderings

Die Raad van dosente het so gereeld vergader as nodig met verslag en aanbevelings aan die Kuratorium.

5.5 Vergadering met Kuratorium

Dit is 'n vaste instelling dat die Kuratorium ten minste aan die einde van elke studiejaar 'n indringende gesprek met die Raad van dosente voer betreffende die teologiese skool, teologiese opleiding, studente en ander sake.

5.6 Teologiese Opleiding

Kragtens besluit van die sinode 1991 moet die onderstaande gegewens ten opsigte van die teologiese opleiding aan die teologiese skool in elke verslag van die Kuratorium aan die sinode herhaal word. Die teologiese opleiding, wat oor drie jaar strek, is tans soos volg:

5.6.1 Volledige kurrikulum (vgl. 5.3)

Ou Testament: Eksegese (3 jr.); Inleiding (3 jr.); Teologie (3 jr.); Hermeneutiek (1½ jr.); Kanongeskiedenis (1½ jr.). Tekskritiek word as deel van Hebreeus aangebied;

Nuwe Testament: Eksegese (3 jr.); Inleiding (3 jr.); Teologie (3 jr.); Hermeneutiek (1½ jr.); Kanongeskiedenis (1½ jr.); Tekskritiek (1½ jr.);

Dogmatologie: Dogmatiek (3 jr.); Christelike Etiek (3 jr.); Dogmageskiedenis (3 jr.); Simboliek (2 jr. vanaf 1999); Apologetiek (1 jr.); Sektekunde (1 jr.);

Ekklesiologie: Algemene Kerkgeskiedenis (3 jr.); Vaderlandse Kerkgeskiedenis (3 jr.); Kerkreg (3 jr.) met Ekumenika (1½ jr.) en Ensiklopedie (1½ jr.);

Praktiese Teologie (Diakoniologie): Homiletiek (teorie en prakties) (3 jr.); Liturgiek (1 jr.); Poimeniek (3 jr.); Kategetiek (2 jr.); Diakonie (1½ jr.); Evangelistiek (1½ jr.); Pastorale Psigologie (2 jr.) en Kybernetiek (3 jr. vanaf 1999);

Missiologie: Sendingteorie (1 jr.); Sendingmetodiek (1 jr.); Elenktiek (1½ jr.); en Sendinggeskiedenis (2 jr.);

Godsdienswetenskap: Godsdiensgeskiedenis (1½ jr.); Fenomenologie van die godsdiens (1½ jr.).

5.6.2 Praktiese Opleiding

Die praktiese opleiding wat die studente ontvang, is soos volg:

5.6.2.1 praktiese werk in die Homiletiek, wat bestaan uit klaspreke in die vierde, vyfde en sesde jaar uit die Ou Testament, Nuwe Testament en

Belydenisskrifte; 'n kritiekpreek in die vyfde jaar in 'n erediens in 'n plaaslike kerk onder leiding en toesig van die dosente en 'n proefpreek in die sesde jaar in 'n erediens in 'n plaaslike kerk onder leiding en toesig van die dosente met twee kuratore as eksterne eksaminatore by elke proefpreek.

5.6.2.2 al die praktiese vakke, asook van die ander vakke, waar enigsins moontlik, word só aangebied dat die studente vanuit die teorie in die praktyk ingelei word; bepaalde vakke bied ruim geleentheid vir praktiese klasbespreking;

5.6.2.3 al drie jaargange is verplig om jaarliks in 'n plaaslike kerk Pinksterbyeenkomste waar te neem soos gereël met plaaslike kerkrade met die goedkeuring van die dosent in Praktiese Teologie;

5.6.2.4 die vierdejaarstudente doen verpligtend vir tien dae per jaar allesinsluitende praktiese werk in 'n plaaslike kerk onder leiding van die pastor loci, soos deur die dosent in die Praktiese Teologie gereël, wat volgens vaste voorskrif skriftelike verslag aan die Kuratorium moet doen;

die vyfdejaarstudente doen die verpligte praktiese werk vir veertien dae en die sesdejaarstudente vir drie weke, net soos bepaal vir die vierdejaars, met verslag aan die Kuratorium, met dien verstande dat die sesdejaarstudente ook in 'n vakante gemeente onder toesig van die ouderlingeraad die voorgeskrewe praktiese werk kan doen;

5.6.2.5 die vierdejaarstudente kry vergunning om, vanaf die tweede semester en ook in die vyfde studiejaar, leedsdienste onder toesig van die pastor loci of ouderlingeraad waar te neem, as deel van die praktiese werk, terwyl die sesdejaarstudente die vergunning het om onder dieselfde toesig, as deel van hulle praktiese werk, ook in vakante gemeentes of indien die predikant met verlof is 'n eie "preek" as stigtelike woord te spreek in plaas van 'n preek wat voorgelees word;

5.6.2.6 die vyfde- en sesdejaarstudente kry ook geleentheid om in gemeentes behulpsaam te wees met aspekte van gemeentelike bediening op 'n meer vaster gereelde basis.

5.6.2.7 die vak Poimeniek is verleng na 'n driejarige kursus ten einde die dosent in die Praktiese Teologie die geleentheid te bied om ook siekebezoek, hospitaalbearbeiding, jeugwerk en ander praktiese aangeleenthede te laat doen;

5.6.2.8 die teologiese studente ontvang ook onderrig in gemeentelike administrasie, finansies en ander.

AANBEVELING

5.6.3 Die sinode boekstaaf sy dank en waardering aan die teologiese dosente vir die suiwer onderrig in die gereformeerde teologie en vir die grondige teologiese onderrig.

5.7 Propedeutiese Opleiding (Admissie)

5.7.1 Sinodale besluit

Die sinode 1997 het in beginsel besluit om admissiestudie vanaf 1998 aan die teologiese skool te implementeer met opdrag aan die Kuratorium.

5.7.2 Implementering

Die Kuratorium het die admissiestudie vanaf Februarie 1998 aan die teologiese skool geïmplementeer. Die rektor was belas met die uitvoering daarvan. Tien studente het geregistreer, agt vir BA I, 1 vir BA II en een wat reeds gegradueerd is vir Grieks I en Hebreeus I, n.g.d. Die volgende vakke is aangebied: Grieks I (prof. HS Theron); Hebreeus I (prof. HCG Robbertze); Hebreeus II (prof. HCG Robbertze); Sielkunde I (prof. R Maré); Bybelkunde I (prof. R Maré); Geskiedenis I (prof. FAH van Staden); Geskiedenis II (prof. FAH van Staden); Afrikaans I (prof. FAH van Staden); Sosiologie I (dr. HJ Smith); Duits Spesiaal (mev. A Oosthuizen).

5.7.3 Vordering

Vir die studiejaar 1999 het agt studente vir BA I geregistreer, plus een herhaling, dit wil sê nege. Daar het ses BA II geregistreer, een vir BA III en een vir Grieks II en Hebreeus II, n.g.d. Een student het tydelik studies gestaak. Daar is dus tans sewentien admissante plus drie wat elders studeer.

Saam met die bogemelde vakke word nou ook Grieks II (prof. Theron); Hebreeus III (teol. student G Smit); Sielkunde II en Bybelkunde II (prof. Maré); Sosiologie II (dr. Smith); Geskiedenis III (prof. Van Staden) en Afrikaans II (mev. A Oosthuizen) onder- rig.

5.7.4 Vergoeding

Aangesien die sinode 1997 nie begroot het vir vergoeding aan dosente vir admissievakke nie, is van die klasgelde vir BA-studie daarvoor aangewend en die kerkkantoor vergoed vir administratiewe dienste. Die feit dat die teologiese dosente, met die nodige akademiese kwalifikasies, bereid was om teen 'n minimumvergoeding admissievakke aan te bied, het die implementering van die admissiekursus moontlik gemaak. Hier moet ook veral die name van dr. HJ Smith, mev. A Oosthuizen en teologiese student GDS Smit (BA Hon. Grieks/Hebreeus) met groot waardering gemeld word, aangesien hulle bereid was om as dosente op te tree teen 'n minimale vergoeding.

5.7.5 Admissievakke

Die admissante is verplig om Grieks en Hebreeus tot op tweedejaarsvlak te slaag asook Duits Spes. volgens sinodale besluit. Daarnaas is die volgende lys as keusevakke gestel waaruit vryelik gekies kan

word: Bybelkunde, Calvinistiese Wysbegeerte, Geskiedenis, Sielkunde, Sosiologie, Volkekunde en Afrikaans. Hierdie lys kan uitgebrei word, solank rekening gehou word met beskikbaarheid van dosente en genoegsame fondse.

AANBEVELING

5.7.6 Die sinode betuig dank en waardering aan die teologiese dosente, wat bereid was om op offervardige wyse diensbaar te wees vir die propedeutiese onderrig en in die besonder aan die gemelde hulpdosente vir hulle groot bydrae.

5.8 Studente

5.8.1 Teologiese studente

Sedert die vorige sinode het die volgende studente aan die teologiese skool afstudeer:

1997 – NJ Swart;

1998 – A Hough, met lof; A Swart, met lof en LJ van Wyk.

1999 –

Sesdejaar: MJL Jordaan, PJ Möller, LE Prinsloo, JL Schutte en HJ Coetzee, wat na BTh.-studie aan PU vir CHO hospiteer;

Vyfdejaar: LD Greyling, K Myburgh, GDS Smit en CR Vermaak.

Vierdejaar: L Wiid.

5.8.2. Admissante

Die volgende studente het vir die studiejaar 1999 geregistreer:

Teologiese Skool – BA III H Scherman; BA II JJ de Bruyn, JF du Toit, JC Gericke, PS Krige, C le Roux en A van Zyl; BA I JH Bisschoff, AS Kruger, JA Kruger, L Kruger, RJ Pretorius, HSW Strauss, mev. PA Steenkamp (bedoeling om 'n pastorale psigoloog te word), JF van der Merwe en WJ van der Westhuizen.

Die volgende studente studeer elders – PE Oosthuizen (BA II PU vir CHO), A Cloete (UOVS) en W Pretorius (ACVHO).

5.9 Eksaminering sesdejaarstudente

Die Kuratorium het in 1994 'n stelsel vir die intensivering van die eksamen van die sesdejaar-studente geïmplementeer. Ten opsigte van die akademiese eksamen tree kuratore op as eksterne eksaminatore in elke finalejaar vak met skriftelike verslag aan die Kuratorium. Vir die kerklike eksamen en ondersoek verdeel die kuratore in subkommissies wat elke student individueel ontmoet, ondersoek en ondervra ten opsigte van roepingsbewustheid, regsinnigheid, praktiese kennis, die Kerkorde en praktiese toepassing. Elke subkommissie rapporteer oor die studente aan die

Kuratorium. Die kuratore, wat as eksterne dosente met die proefpreke optree, rapporteer skriftelik oor die proefpreeklewing. Vir elke skripsie tree twee kuratore as eksterne eksaminatore op met skriftelike verslag aan die Kuratorium. Die Kuratorium ontmoet dan die studente persoonlik met al die inligting vir die finale ondersoek en ondervraging, waarna besluit word oor die legitimasie.

5.10 Akkommodasie

Met die implementering van die propedeutiese studie het die teologiese skool 'n dringende behoefte gehad aan meer lesinglokale en meubels, soos tafels en stoele. Die beskikbare ruimte vir die FAH van Staden Biblioteek het ook te klein geword vir die berging van en ordening van die hoeveelheid boeke. Na onderhandeling met die BRKA oor moontlikhede het die BRKA 'n gedeelte van die ou jeugtuiste beskikbaar gestel, wat die probleem vir die toekoms opgelos het. Die teologiese skool beskik nou oor vier lesinglokale en twee groot dosentekantore, wat so groot is dat albei ook as lesinglokale kan dien vir minstens agt studente.

Hierdie addisionele akkommodasie het meegebring dat die ruimte van die biblioteek bykans verdubbel kon word en toegerus is met genoegsame boekrakke vir die huidige boekery en uitbreiding. Die biblioteek huisves reeds 'n aansienlike hoeveelheid publikasies vir admis-sie-vakke. Die rektor orden self die biblioteek.

Elke dosent het 'n eie kantoor met een ekstra vir gebruik deur tydelike dosente.

Die teologiese skool is goed gevestig met genoegsame akkommodasie.

5.11 Teologiese dae/Predikantekonferensies

Met die opening van die teologiese skool vir die studiejaar 1998 en vir 1999 is die gebruikelike teologiese dae/predikantekonferensies gereël en is aktuele onderwerpe deur dosente ingelei. Vir beide geleenthede was die belangstelling deur predikante uiters skraal en die bywoning swak en teleurstellend. Daar is waardering teenoor predikante wat moeite doen om elke geleentheid by te woon en flink deel te neem aan die besprekinge.

5.12 Teologiese Tydskrif

Dit is met groot leedwese dat die Kuratorium moet rapporteer dat die Teologiese Tydskrif na 'n deka-de en na net twee uitgawes gestaak is, omdat die belangstelling van veral die predikante so min was dat selfs 'n klein oplaag nie suksesvol kon verkoop nie.

5.13 Teologiese werksgemeenskappe

Die Kuratorium het begin 1998 op versoek van die Raad van dosente 'n projek geloods wat bedoel het om die teologiese belangstellingsveld van die

predikante vas te stel met die oog daarop om vir die verskillende vakke werksgemeenskappe te skep onder leiding van die teologiese dosente ter verryking van teologiese kennis. Die reaksie op die omsendbrief was so swak dat nog geen vordering gemaak kon word nie. Die bedoeling was om elke predikant betrokke te kry.

5.14 Registrasie van die teologiese skool as tersiêre inrigting

5.14.1 Die wet en verpligte registrasie

Die regering het 'n nuwe onderwyswet, bekend as die "Higher Education Act, 1997, No. 101 of 1997" goedgekeur, vgl. Witskrif 3, Regeringskoerant (Gazette) nr. 18207 gedateer 15 Augustus 1997 en die "Manual for the Registration of Private Higher Education Institutions", waarvan telkens 'n nuwe uitgawe verskyn het tot in April 1999 met strenger maatreëls. Die registrateur het die wetlike verpligting om as waghond oor alle private hoër opvoedkundige inrigtings (tersiêr) te waak ten einde te verseker dat dusdanige inrigtings lewensvatbaar is en dat aangebode kursusse vergelykbaar is met die van Suid-Afrikaanse universiteite en teknikonse. Alle private tersiêre inrigtings, universiteite en teknikonse móét daarom volgens die voorskrifte en vereistes van die Wet geregistreer word by die registrateur. DIT GELD OOK VIR DIE TEOLOGIESE SKOOL. Die keurdatum is 1 Januarie 2000.

5.14.2 Verbod en strafbepalings

Die Wet bepaal dat enige bestaande private tersiêre inrigting, wat die doel van sy bestaan of die aard van sy onderrig ook al mag wees en wat nie registreer nie, gesluit moet word. Enige private tersiêre inrigting wat ongeregistreerd probeer opereer se bedrywings sal gestraf word met vyf jaar gevangenisstraf en verder is 'n boete van R20000-00 onder bepaalde omstandighede ook oplegbaar. INDIEN DIE TEOLOGIESE SKOOL DUS NIE REGISTREER NIE, MOET HY SUMMIER SLUIT. DIE TEOLOGIESE SKOOL KAN NIE ONWETTIG BEDRYF WORD, DIE STRAFBEPALINGS IGNOREER EN DIE VOORTBESTAAN VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKVERBAND IN DIE GEVAAR STEL NIE.

5.14.3 Die konsekwensies van nie-registrasie

Indien die teologiese skool deur die owerheid, weens versuim om te registreer, gesluit word, is die mees onaanvaarbare konsekwensie dat die Afrikaanse Protestantse kerkverband na elf jaar sy eie teologiese opleiding moet staak. Sonder 'n eie opleiding word die kerkverband totaal afhanklik gemaak van die opleidings deur ander kerkverbande. Daarmee kan die AP kerkverband ter wille van sy voortbestaan, nie genoeë neem nie. Die Kuratorium, wat te make kry met die aansoeke van

predikante en proponente, het reeds evaluasies gedoen van opleidings, wat vir die kerkverband steeds meer riskanter word omrede 'n verskeidenheid faktore. Daarom moes onder andere besluit word dat die enkele proponentaansoekers, wat wel aanvaarbaar voorkom, verplig word om eers vir 'n periode aan die teologiese skool te hospiteer. DIT IS VANWEË 'n VERSKEIDENHEID REDES, SOOS DIE GESKIEDENIS BEWYS, ESSENSIEEL DAT 'n GEREFORMEERDE KERKVERBAND SY EIE PREDIKANTE OPLEI.

5.14.4 Die Ad hoc-kommissie (pt. 4.2) en opdrag

Soos onder pt. 4.2 gemeld het die Kuratorium 'n Ad hoc-kommissie benoem om alle aspekte en bepalinge van die Wet te bestudeer en om die beste oplossing rondom die verpligte registrasie te vind. Die kommissie het na deeglike studie van die bogemelde Handleiding (Manual) en relevante wetspunte gepoog om 'n metode te vind, wat selfstandige registrasie kon ondervang en gevolglik die volgende moontlikhede ondersoek:

5.14.4.1 die moontlikheid van akkreditering by of samewerking met 'n behoudende buitelandse universiteit en daar is, na deeglike rondvraag, in onderhandelinge gegaan met die Whitefield Theological Seminary in Florida, VSA.

Dit sou kon slaag, maar die owerheid het toe 'n bepaling bygevoeg dat 'n dusdanige buitelandse tersiêre inrigting ook by die registrateur moet registreer vanweë sodanige akkreditering of samewerking, waardeur die moontlikheid afgesny is;

5.14.4.2 gesprekke is gevoer met die dekanes van die teologiese fakulteite van UP en Unisa oor die moontlikheid van akkreditering of samewerkingsooreenkomste onder hulle registrasie. Uitnodigings was ook ontvang van die teologiese fakulteite van Vrystaat en Stellenbosch. Alhoewel oopdeure gevind was, het regsadvies gelui dat die teologiese skool desondanks selfstandig moet registreer. Indien hy selfstandig moet registreer, het akkreditering en samewerkingsooreenkomste geen oplossing geblyk te wees nie. Dit het ook later geblyk dat 'n samewerkingsooreenkoms daarop neerkom dat die universiteit die studente en basiese opleiding oorneem en dat 'n kerk met sy teologiese dosente net aanvullende studie kan aanbied op beperkte grondslag ten opsigte van eie sake, wat hoegenaamd nie vir die Kuratorium aanvaarbaar was nie;

5.14.4.3 herhaalde gesprekke is met die registrateur en adjunk-registrateur van die owerheidsliggaam, wat oor die registrasie van tersiêre inrigtingsbeslis, gevoer. Uiteraard was die laasgenoemde gesprekke die vrugbaarste en rigtinggewendste. Die advies was registreer selfstandig en voluit. Alhoewel die wetsvereiste is: geen diskriminasie op grond van ras of geslag nie, eerbiedig die

Konstitusie godsdiensvryheid, wat impliseer dat 'n kerkverband sy eie predikante vir die bediening en godsdiens van sy lidmate kan oplei. Die klem val dus op die godsdiensvryheid. Verder moet die opleiding (sillabusse) uitkomsgebaseerd en -gerig wees, waaronder ons verstaan dat die doel van die opleiding deur die opleiding inderdaad verwesenlik moet word naamlik die beskikbaarstelling van predikante vir die godsdiens in die kerkverband.

Die admissiestudie het ook ten doel om 'n voorstudie te bied vir die teologiese studie, dus die opleiding van predikante en is daarom ook uitkomsgebaseerd. Terwyl met registrasie die sillabusse uitkomsgebaseerd geformuleer en ingedien moet word, sal aan hierdie vereiste voldoen kan word. Aangesien die studie vir M.Th. en D.Th. nie eerstens te doen het met predikante-opleiding nie, maar uitsluitlik akademies van aard is en 'n klas-situasie, 'n klasonderrig en akkommodasie nie ter sprake is nie, word geen probleme daaromtrent voorsien nie.

Aangesien Unisa reeds ons sillabusse geëvalueer het as gelykstaande aan hul B.Th.(Hon.), is standaard geen belemmerde faktor by die registrateur vir registrasie nie. Die registrasie word egter vertraag, omdat daar nou bepaal word dat 'n ingestelde "The South African Qualifications Authority" eers die standaard van opleiding moet evalueer, wat 'n paar maande gaan duur. Daarna vind registrasie plaas binne een of twee weke.

5.14.4.4 Die Ad hoc-kommissie beklemtoon ook die feit dat die teologiese skool 'n privaat tersiêre inrigting is, wat beskik oor sy eie geboue, toerusting, biblioteek, rekenaarstel; met sy eie dosente en kantoorpersoneel wat deur die sinode vergoed word; met lenings aan studente; wat die teologiese skool finansiëel selfstandig maak. Die teologiese skool ontvang geen subsidie van die staat of enige ander instansie nie en sal nie aansoek doen vir staatsubsidie of ander finansiële steun van buite nie.

5.14.5 Regsadviese ingewin

Volledigheidshalwe moet met groot dank en waardering geboekstaaf word dat die ad hoc-kommissie, vir hul kosteloos, baie rigtinggewende advies ontvang het van mnr. FJ le Roux (oud-LP en lidmaat in die AP kerk Pretoria-Oos) en prof. PJ (Hans) Visser.

5.14.6 Registrasie en koste

Wanneer registrasie van die teologiesesekool as tersiêre inrigting geskied, moet meteen die grade wat toegeken sal word, geregistreer word, in die geval van die teologiese skool is dit dan die grade BA; Th.B.; Th.M. en Th.D.

Die koste vir registrasie wat tans vir vyf jaar is, waarna herregistreer moet word, is soos volg:

registrasie van die teologiese skool R2000-00; BA R2000-00; Th.B. R2000-00, Th.M. R2000-00 en Th.D. R2000-00 met R2000-00 vir inspeksie en evaluasie.

5.14.7 Aanbeveling aan die Kuratorium

Die ad hoc-kommissie het op 24 November 1998 die eenparige aanbeveling aan die Kuratorium voorgelê.

5.14.7.1 “Daar word dadelik daartoe oorgegaan om te registreer as ’n selfstandige private tersiêre inrigting wat BA-, Th.B.-, Th.M. en Th.D.-grade kan toeken. Deel van ons aansoek sal, soos die wet vereis, ’n verklaring bevat dat ons nie op grond van ras diskrimineer nie, kyk egter pt. 5.14.4.3.

5.14.7.2 Sou ’n student van buite AP Kerkgelede-re inskryf vir die BA of Th.B. sal hy die volle pro rata klaggeld moet betaal. Dit beteken dat alle kostes verbonde aan die bekostiging van die teologiese skool (aankoop van gebou; jeugtuiste se aankope, onderhoud, ens.; salarisse van professore en alle ander personeel; reiskoste van kuratore, administratiewe uitgawes; ander oorhoofse kostes; en alle ander uitgawes) bymekaar-gel word en deur ons aantal studente gedeel word om die werklike koste per student te bepaal. Die verskil tussen hierdie eenheidskoste (wat ’n astronomiese syfer moet wees – skriba bereken op grond van syfers in sinode 1997-stukke dat dit minstens R45000-00 per student per jaar bedra) en die student se klaggeld, is die bedrag waarmee die kerkverband ’n student in werklikheid subsidiëer. Die kerk kan nie studente uit enige ander oord ook so subsidiëer nie. Gevolglik sal ’n “buite-student” dan jaarliks die volle R45000-00 klaggeld (wat ook voortdurend sal styg) moet betaal.

5.14.7.3 Ons bied BA en Th.B. vir persone wat predikant in die AP Kerk wil word aan.

5.14.7.4 Ons bied M- en D-grade aan vir enige persoon wat aan die akademiese toelatings-vereistes voldoen.

5.14.7.5 Die Kuratorium gee volmag aan die Kommissie om dadelik tot aansoek om registrasie oor te gaan.

5.14.7.6 Ons registreer so gou moontlik en rapporteer daarvoor aan die eersvolgende sinode. Die realiteit is dat as die sinode sou besluit dat ons nie mag registreer nie, hy sal moet besluit dat die teologiese skool sluit. Dan moet die sinode bepaal of ons voortaan NGK-, GKSA-, NHK-proponente (of waar anders?) as predikante sal beroep.

Sou die eersvolgende sinode besluit dat die registrasie nie bekragtig word nie, sal ons dit kanselleer”.

Die Kuratorium het, nadat alle verslae ens. deeglik bespreek is, besluit om die aanbeveling goed te

keur vir bekragtiging deur die sinode. Die onvermydelike vertraging, weens die nuwe vereiste van evaluering, het meegebring dat die voorlopige registrasie nie voor die sinodesitting kan realiseer nie. Registrasie behoort egter teen November-Desember 1999 te kan geskied. Die kantoor van die registrateur het ook ter bedenking gegee dat, waar die registrasie universiteitstatus bied, besin moet word oor ’n naam wat die woord “Skool” kan vervang, wat die tersiêre gedagte aandui.

AANBEVELING

5.14.8 Die sinode besluit om die registrasie van die teologiese skool as tersiêre inrigting volgens Wet nr. 101 van 1997 goed te keur, magtig die Kuratorium om die registrasie te finaliseer en die mees ideale naam te registreer met behoud van die gedeelte van die kerknaam, en “Teologie” naamlik “Afrikaanse Protestantse”.

5.15 Willie Lubbe Teologiese Studiefonds

Admissante en teologiese studente word vanuit hierdie enigste studiefonds van die kerkverband met studieleninge gehelp na die mate dat die sterkte van die fonds dit toelaat, wat jaarliks ontoereikend blyk te wees vanweë die toename in studentetal en die swak ekonomiese toestand in die land.

Die fonds verkry fondse deur die begroting van die sinode, enkele donasies en die rente op ’n erflating, wat volgens die testamentêre bepaling deur die kerkraad van die AP kerk Ottosdal as trustees, belê is.

Dit is die reëling dat polisse die studieleninge na ’n periode terugbetaal. Wanneer die uitbetaling begin geskied, sal ’n bedrag jaarliks, soos die lenings toegestaan is, na die fonds terugkeer, wat verligting sal bring.

AANBEVELING

15.5.1 Die sinode neem met dankbaarheid kennis van die toename in die getal teologiese- en admissiestudente, maar besef dat die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds al hoe meer ontoereikend word om in die groter aanvraag te voorsien. Kerkrade en lidmate word gevra om, al is dit ’n klein donasie, die fonds ten goede te gedenk.

6. PREDIKANTSKAP/PROPONENTSKAP

6.1 Aanmeldings en aansoeke

By die skriba van die Kuratorium het sedert die afloop van die sewende sinode tot op 13 April 1999, toe hierdie verslag gefinaliseer is, 28 persone aangemeld, waaronder predikante en oud-predikante uit ander kerkverbande, oud-predikante uit die AP kerkverband en ook ’n oud-stu-

dent uit 'n ander kerkverband. Oud-predikante uit ander kerkverbande, wat intussen lidmaatskap in 'n AP kerk verkry het, moes aan die sesmaande wagperiode volgens sinodale besluit voldoen, aler die aansoek ter tafel geneem is.

Van die 28 aanmeldings het 25 eventueel aansoek gedoen.

6.2 Keuring

Indien gelet word op die getal aansoekers, die getal toegelaat en die getal afgekeur, is dit duidelik dat die Kuratorium arts. 10.1, 10.2 en 10.3 van die Kerkorde en die besluit van die sinode 1993 met 'n baie fyn sif toepas. Die Kuratorium waak baie ernstig oor die belange van die kerkverband. Aansoekers is verplig om 'n preek elk uit die Ou Testament, Nuwe Testament en die Heidelbergse Kategismus in te lewer en skripsies oor die ontstaansgeskiedenis van die AP kerkverband en die kerkvergaderings volgens die Kerkorde. Aansoekers moet hulle vergewis van die liturgie aan die hand van prof. Van Staden se publikasie "Orde in die erediens". Daarbenewens word vereis dat aansoekers moet meld welke AP kerkverband publikasies gelees is om meer vertrouwd te raak met die kerkverband. Die Kuratorium finaliseer geen aansoek van 'n proponent, alvorens elke proponent nie, volgens die vereistes, wat die Kuratorium stel, vir 'n korter of langer tydperk aan die teologiese skool hospiteer nie, met besondere aandag aan die Belydenisskrifte, bepaalde leerstellings, die Presbiteriale stelsel van kerkregering en die Kerkorde en die prediking, veral die Kategismus-prediking en welke ander studie volgens die oordeel van die Raad van dosente. Dit bring wel addisionele studiekostes vir sodanige proponente mee, maar dit is onvermydelik.

Die Kuratorium probeer ook, sover doenlik en bewegings vasgestel kan word, om plaaslike AP kerke se kerkrade en ook die ringe te raadpleeg, dog nie altyd met sukses, veral wat die ringe betref nie. Aan die anderkant ontvang die Kuratorium soms te laat besware, terwyl die Kuratorium nie altyd kennis verkry vanuit die aansoek en andersins waar 'n aansoeker wel in die AP kerkverband bekend is nie. Die Kuratorium het ook soms ten opsigte van aansoekers gerugte verneem, wat oor 'n lang tydperk van maande opgevolg is met navrae waar enigsins moontlik, sonder dat enige bevestiging hoegenaamd verkry is. Die Kuratorium kry ook soms te make met die aandrang van 'n kerkraad, wanneer 'n aansoek afgekeur is, dat die aansoeker toegelaat moet word, omdat, soos die persoon daar plaaslik leer ken is, hy bo alle verdenking is, terwyl die Kuratorium met ander getuienis sit. Die Kuratorium kry ook te make met AP Kerkverbandpredikante wat dwingende voorspraak doen vir aansoekers, terwyl die Kuratorium

ook oor negatiewe getuienis beskik. Die Kuratorium ontvang ook soms 'n beswaar, wat opgeveeg moet word teen 'n geweldige oorwig van goeie getuienis. Hier kom dan baie wysheid te pas wanneer eerlikheid en regverdigheid baie swaar weeg.

Die Kuratorium betreur dit daarom dat, terwyl alles in sy vermoë gedoen is om só streng en suiwer moontlik te keur daar tog enkele goedgekeurdes is, wat dan op een of ander stadium ernstige probleme in gemeentes en die kerkverband gee.

AANBEVELING

6.2.1 Die sinode neem met waardering kennis van die baie streng en deeglike keuring van aansoekers deur die Kuratorium en bid dusdanige predikante die seën van die Here toe en dat hulle te alle tye ampswaardig sal handel. Die sinode betreur dit saam met die Kuratorium dat daar enkele predikante is wat nie die mas in die bediening opkom nie en versoek predikante om betyds hulp te bekom voordat probleme ontstaan, wat soms moeilik weer opgelos kan word.

6.3 Aansoeke goedgekeur en beroepbaarstelling

Uit die 25 aansoeke is die volgende 10 goedgekeur en beroepbaar gestel:

Di. JC Adlam, TL Botha, HF Gothan, HJ Malan, CF Marais, MG Müller, DN van Zyl, GP Visser, SM Visser.

Ds. J Breytenbach is as emeritus hertoegelaat.

Mnr. HJ Coetzee het B.Th. aan PU vir CHO verwerf, maar is nie in die Geref. Kerk van SA gelegitimeer nie. Die Kuratorium het besluit dat hy vir minstens ses maande aan die teologiese skool hospiteer, bepaalde vakke moet volg, 'n skripsie indien, 'n proefpreek lewer ens., waarna hy as student kerklik geëksamineer word met die oog op legitimasie en beroepbaarstelling.

6.4 Aansoeke onafgehandel

Daar is tans nog 4 onafgehandelde aansoeke as gevolg van ondersoekvereistes en die sesmaande-besluit.

6.5 Aansoeke nie goedgekeur nie

Die aansoeke van 10 persone is afgekeur.

7. BESKRYWINGSPUNTE

7.1 Beskrywingspunt van die ring van Memel: proeftydperk van teologiese studente saam met 'n ervare leraar vir minstens ses maande voor beroepbaarstelling.

Die sinode beveel by die Kuratorium aan dat dit verpligtend gemaak word dat 'n teologiese student in sy proponentsjaar vir 'n proeftydperk van min-

stens ses maande saam met 'n ervare leraar in die AP Kerkverband praktiese ondervinding in gemeentelike werk moet deurloop alvorens hy beroepbaar gestel kan word.

Gemeentes wat so van sy dienste gebruik maak kan hom dan daarvoor vergoed.

Die betrokke leraar stel na afloop van die proeftydperk 'n vertroulike verslag oor die student op vir voorlegging aan die Kuratorium.

Motivering

1. Ons jong kerk het in sy bestaan van 10 jaar ongelukkig al groot skade gely as gevolg van verkeerde en onbeholpe optrede van oor-entoesiastiese jong manne.

2. Ons raak al hoe meer bekommerd oor die situasie en wil ons kerk en die nuwe leraars/proponente verdere verleentheid probeer bespaar. Voorkoming is en bly immers beter as genesing.

3. Ons "ouer" manne het in die verlede sewe jaar studeer waarvan 'n groot gedeelte praktiese ondervinding onder leiding van 'n ervare leraar was.

4. Dit wil voorkom asof die huidige praktiese ondervinding onvoldoende is.

5. Van die groter gemeentes kan baatvind by so 'n hulpbediening.

AANBEVELING

7.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie en volstaan met die praktiese werk soos onder pte. 5.6.2.1 tot 5.6.2.8 hierbo uiteengesit.

Motivering

1. Die huidige praktiese opleiding en soos uitgebrei, nadat die vyfde leerstoel vir Praktiese Teologie ingestel is, is uiters volledig, vgl. pt. 5.6.2 hierbo;

2. die oud-studente, wat bedieningsprobleme ondervind het, is 'n klein persentasie van die totaal oud-studente, terwyl daar 'n groter getal ander predikante is, wat ook bedieningsprobleme ondervind het ten spyte van hulle bedieningservaring;

3. dit is vanweë finansiële eise wat die studietydperk stel, nie gewens om die las te verhoog nie;

4. baie probleme word geskep, én, dit geld ongelukkig vir vele predikante ook, vanweë onvermoë om die Kerkorde reg toe te pas en die probleem is reeds ondervang deur Kybernetiek tot 'n driejarige kursus te verleng.

7.2 Beskrywingspunt van die ring van Dendron – kursus vir leraars en ouderlinge

Die sinode besluit:

die Kuratorium stel 'n kursus daar, in samewerking met die dosente van die teologiese skool, verpligtend vir alle dienende leraars en vir die deelname deur regerende ouderlinge wat die geleentheid wil benut, wat uitvoering gee aan die volgende:

1. die Skrifbeskouing soos dit in die AP kerke gehandhaaf behoort te word;

2. die kuns van gemeentebestuur ooreenkomstig die vereistes wat die Heilige Skrif, Belydenisskrifte en Kerkorde en Bepalings [vgl. 1 Kor. 4:1, "bedienaars, bestuurders" en 1 Kor. 12:28, nl. Die gawe van "regering" of "om leiding te gee"]. Hierdie deel van die kursus moet aansluiting vind by huidige praktiese probleme soos dit in die AP kerke voorkom;

3. die kenmerke [etos] wat die AP kerke as 'n kerkverband in eie reg binne die familie van kerke van gereformeerde belydenis kenmerk. In hierdie verband moet veral aandag gegee word aan die karakter en liturgiese inhoud en vormgewing van die erediens en die verhoudings tussen kerk en volk soos goedgekeur in die publikasie: Skriflig op kerk en Volk;

4. die kursus moet as kort kursus deur korrespondensie beskikbaar wees, binne ses maande voltooi kan word met een jaar as maksimum tydperk en met 'n vorm van erkenning dat die kursus suksesvol afgehandel is;

5. die kursus moet in verstaanbare taal en terminologie opgestel word sodat regerende ouderlinge dit kan beheers;

6. die uitwerk van verdere besonderhede word aan die Kuratorium en dosente toevertrou.

AANBEVELING

7.2.1 Die sinode keur die beskrywingspunt goed.

7.2.2 Die sinode besluit om die opdrag aan die Kuratorium uit te brei om nie net predikante te keur vir toelating nie, maar om hulle ook verder in hulle bediening akademies-professioneel te begelei met billike, maar verpligte verdere indiensopleiding.

Motivering:

1. Dit is in die akademiese wêreld vandag praktyk dat van professionele personeel verwag word om hulle deur hul werkgewer of 'n professionele liggaam te laat begelei in hul professionele diens wat noodsaaklike verdere studie of gereelde indiensopleiding mag insluit.

2. By baie onderwysdepartemente in die VSA en Europa is deelname aan indiens-opleidingprogramme reeds 'n voorwaarde vir behoud van status of vir herregistrasie.

3. Probleme wat vele predikante in gemeentes ondervind en selfs veroorsaak, maak dit vir die kerkverband noodsaaklik om aan een van sy kommissies opdrag te gee om leraars vaderlik te begelei en toesig oor indiensopleiding te hou.

7.3 Beskrywingspunt van die ring van Dendron – psigometriese toets as vereiste vir toelating as predikant

Die Kuratorium skenk oorweging aan 'n psigometriese toets as 'n vereiste vir toelating as 'n leraar in die AP kerkverband uit ander kerke van gereformeerde belydenis en as toelating tot student in teologie aan die teologiese skool.

Motivering:

Die AP kerke in kerkverband met lidmate en leraars uit verskeie ander kerke en binne huidige strominge op kerklike gebied en teologiese vlak, kan alleen groot wins behaal, sy getuienis duidelik laat hoor en sien, en sy kerkwees vir Christus op 'n hoër vlak bring, deur nou aan hierdie saak ernstige aandag te gee.

AANBEVELING

7.3.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie en volstaan met die wyse van handelinge deur die Kuratorium van toetsing wanneer nodig.

Motivering:

1. Psigometriese toetse is nie die enigste toets wat aangelê word nie en is ook nie onfeilbaar nie;
2. toetsing, wanneer nodig, het in die verlede die doel gedien;
3. daar moet gewaak word daarteen dat nie onnodig aanstoot gegee word aan aansoekers uit ander kerkverbande wat duidelik suksesvolle bedienings het nie.

7.4 Beskrywingspunt ring van Potgietersrus – approbasie voor toelating van kandidate tot die bediening in die AP Kerkverband

Die sinode besluit dat die naam van 'n aansoeker (proponent en persoon wat bedienaar van die Woord was en reeds die bediening verlaat het) wat by die Kuratorium aansoek doen om as predikant in die AP Kerkverband toegelaat te word, voordat finale approbasie deur die Kuratorium gegee word, bekend gemaak word met 'n billike tydperk waarbinne enige lidmaat wat nie onder tug staan nie, die geleentheid kry om skriftelik kennis te gee aan die Kuratorium indien hy/sy van enige beletsel bewus is.

Motivering

1. Predikante en proponente wat aansoek doen is nie almal aan die Kuratorium bekend nie.
2. Iemand wat dalk met die aansoeker bekend is, kan belangrike inligting aan die Kuratorium deurggee.
3. Proponente of aansoekers wat reeds die bediening verlaat het, se aansoek hoef nie in groot geheimhouding plaas te vind nie.
4. Dit kan help dat 'n aansoeker vroegtydig uitgeskakel word, dat hy nie dalk later skade in 'n gemeente van die Here veroorsaak nie.

AANBEVELING

7.4.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

Motivering

1. Proponente word reeds onderwerp aan 'n periode van studie aan die teologiese skool onder evaluasie deur die dosente;
2. 'n persoon wat bedienaar van die Woord was en reeds die bediening verlaat het en wat lidmaatskap in 'n AP kerk verkry het se aansoek is onderworpe aan 'n sesmaande wagtydperk waartydens 'n kerkraad, ouderlingraad en gemeente die geleentheid het vir evaluasie en die kerkraad moet by aansoek 'n behoorlike getuigskrif en aanbeveling indien;
3. 'n persoon volgens pt. 2 wat nog nie lidmaatskap in 'n AP kerk verkry het nie en as 'n moontlike geskikte kandidaat geag word, word gevra om lidmaatskap te oorweeg en dus onder die sesmaande-besluit tereg te kom;
4. 'n persoon volgens pt. 2 wat nie lidmaatskap wil verkry in 'n AP kerk nie, is nie onder enige jurisdiksie in die AP kerkverband nie, sodat nie met sy naam gehandel kan word nie en diesulkes word nie toegelaat nie.

7.5 Beskrywingspunt van die ring van Kimberley – approbasie voor toelating van predikante

Die sinode besluit dat 'n leraar wat aansoek doen om predikantstatus binne die AP kerkverband, se foto met sy besonderhede in "Die Boodskapper" gepubliseer word vir approbasie (tydperk 6 maande).

Motivering:

1. Baie van die leraars wat aansoek doen om predikantstatus binne die AP kerkverband, is aan die Kuratorium onbekend.
2. Die Kuratorium moet op grond van 'n onderhoud, waar daar in diepte ingegaan word op die aansoeker se beginsels en oortuigings, 'n finale besluit neem.

3. Druk vir “verkeerde besluite” in die verband op die Kuratorium word verminder.

4. Die “keuring” van voornemende leraars word as’t ware ’n saak vir alle lidmate binne die AP kerkverband.

5. Lidmate is dus in ’n mate mede-verantwoordelik vir leraars wat nie gekeur moes gewees het nie.

AANBEVELING

7.5.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

Motivering:

Kyk by pt. 7.4.

7.6 Beskrywingspunt van die ring van Riversdal – toelating van predikante: advies van ring

Die sinode gee aan die Kuratorium opdrag om alvorens ’n leraar uit ’n ander kerkverband tot die AP kerk as leraar toegelaat word, die ring waarin die broeder woon, te vra of hulle enige advies het oor sy leer en lewe.

Motivering:

1. Dit sal die gees van ’n baie ou gereformeerde tradisie weereens bevestig nl. dat die ring (Classis) aktief was in die eksaminering en toelating van die bedienaar van die Woord.

Daar is verskeie voorbeelde van die ring (Classis) se betrokkenheid, maar slegs die volgende aanhalings word gemaak: “in art. 15 harer acta (Schiedam 1602 aangehaal deur Joh Janse: De Kerkordening van De Gereformeerde Kerken in Nederland. EJ Bosch- Nijverdal.) bepaalde zij toch dat de proponenten of theologische studenten, voor zij gingen preeken, eene soort “prae-examen

van leer ende leven by den classen moesten afleggen’ en verder op p. 137 ‘... dat alleen diegenen voor het eerst tot den dienst des Woords kunnen beroepen worden, die door de Classe, waarin zij wonen, praeparatoir geëxamineerd zijn.’”

2. Opsig en tug oor ampsdraers (ook leraars) in sy ressort is in elk geval deel van die ring se werksaamhede.

3. In die praktyk kan dit die Kuratorium help om aansoeke vinniger en sinvol af te handel.

AANBEVELING

7.6.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

Motivering

1 Dit is reeds die praktyk dat ringe vir ’n getuigskrif met aanbeveling gevra word;

2. van ringe word verwag om ’n selfstandige ondersoek te doen en nie bloot te handel op die getuienis van die kerkraad nie.

8. BEGROTING

Kyk vir die begroting van die Kuratorium in die verslag van die Sinodale Finansiële Kommissie aan die sinode-1999.

9. SLOT

Die Kuratorium vertrou dat hy sy opdrag volgens arts. 9 en 10 van die Kerkorde-1998 en sy Lasgewing Kerkorde-1998 bevredigend uitgevoer het en bid die sinode die seën van die Here toe op sy sitting, beraadslaginge en besluite.

DS. A BOSHOFF SR. (VOORSITTER)
PROF. DR. FAH VAN STADEN (SKRIBA)

Verslag: Publikasiekommissie (Pk.)

Tydperk 12 September 1997 tot 2 Mei 1999

1. LEDE VAN DIE PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk.)

Die sinode van 1997 het die volgende persone as lede van die Pk. aangewys: di. IP du Preez (sameroeper), CA Swanepoel, JH Theron, WJ van der Merwe en AS van Staden. Sekundi: di. FJ van der Merwe en JA de Beer. Tydens die konstitueringsvergadering is ds. AS van Staden as voorsitter en ds. IP du Preez as ondervoorsitter verkies. Ds. MC Adendorff (direkteur vir Kerkadministrasie) en dr. HJ Smith (redakteur van Die Boodskapper en hoof van die Afdeling Publikasies) is op die eerste vergadering gekoöpteer en dr. Smith is as skriba aangewys. Die Dagbestuur bestaan uit ds. AS van Staden (voorsitter), ds. IP du Preez (ondervoorsitter), ds. MC Adendorff (gekoöpteer) en dr. HJ Smith (skriba). Dié lede het die hele verslagtydperk in die betrokke hoedanighede gedien.

2. LASGEWING

Die redaksiesekretaresse, mev. JP van Lille, behartig die notule van die redaksie. In die lig daarvan beveel die Kommissie aan dat lasgewing 6.3 gewysig word.

AANBEVELING

2.1 Die sinode besluit dat lasgewing 6.3 van die Publikasiekommissie gewysig word om te lees: Die kernredaksie bestaan uit die redakteur en nog twee lede van die redaksie wat verkieslik naby die sentrale kerkkantoor woon.

3. PERSONEEL

Sedert die vergadering van die BRKA op 07.10.1997 beklee sowel mev. A Britz as mev. JP van Lille die posisie senior publikasiebeampte. Mev. Britz behartig twee derdes van die publikasies, terwyl mev. Van Lille ook as sekretaresse vir Die Boodskapper dien. Te midde van 'n buitengewone werklas, verrig hierdie twee dames uitnemende werk.

In die boekwinkel het mnr. Retief en mev. Vosloo hul dienste beëindig. Mnr. JEA Bester is vanaf 01.01.1998 as hoofklerk: boekwinkel aangestel; mev. L Dippenaar sedert 01.12.1997 as rekenaar-operatrise/klerk in 'n voltydse hoedanigheid, en mnr. HJ van der Merwe sedert 01.10.1998 as boekwinkelklerk nadat mnr. AJJ Groenewald tydelik waargeneem het. Die belangrike funksie van bemerking is aan mnr. Bester se pos gekoppel. Ook die boekwinkelpersoneel lewer diens van 'n

hoogstaande gehalte ten spyte van werkdruk wat meesal baie hoë eise stel.

AANBEVELING

3.1 Die sinode neem met besondere waardering kennis van die goeie diens wat deur die personeel van die Publikasie-afdeling gelewer word te midde van 'n hoë werklading.

4. VERGADERINGS

Tot op 2 Mei 1999 het die Pk. 6 keer vergader en die Dagbestuur 10 keer.

5. OPDRAGTE VAN SINODES

1 Indeks

In ooreenstemming met Algemene Bepaling A8 (KO bladsy 117) is 'n indeks van sinodebesluite wat op die Pk. se terrein val, gefinaliseer en op versoek vir die sinode beskikbaar.

Die Kommissie het reeds begin om uitvoering te gee aan uitstaande opdragte wat oor die afgelope sinodes heen aan hom opgedra is, soos dit uit die indeks duidelik geword het. 'n Voorbeeld hiervan is die reeks Bybelstudies rondom die Drie Formuliere van Eenheid (in die geval: die Dordtse Leerreëls) wat tans in Die Boodskapper gepubliseer word.

2 Opdragte voortvloeiend uit die lasgewing van die Pk. (KO bladsy 125-128)

Die Kommissie het die opdragte van die sinode soos dit uit sy lasgewing voortvloei, uitgevoer.

3 Spesifieke opdragte deur die sinode van 1997

1 Boek oor dienswerk van diakens – bywerk van Skrifverwysings by herdruk (Handelinge 1997, bl. 306)

Daar sal aan die besluit uitvoering gegee word by 'n volgende publikasie.

2 Israelvisie – brosjure uit vorige artikels (Handelinge 1997, bl. 297)

Daar is tans 'n publikasie deur dr. WA Burger oor die Israelvisie in proses. Dit behoort die nodige inligting te bevat en die besluit dus te ondervang.

3 Kinderbybel – opdrag gekontinueer (Handelinge 1997, bl. 309)

Die Kommissie het prof. R Maré versoek om die taak te onderneem, en hy het ingewillig. Die taak is

egter omvangryk en die afhandeling daarvan mag baie tyd in beslag neem.

AANBEVELING

5.3.3.1 Die sinode besluit om die opdrag in verband met die publiserings van 'n Kinderbybel te kontinueer.

4 Kinderkring (Junior Verbondsjeug) – voorsien van geskikte materiaal (Handelinge 1997, bl. 313)

Die saak is onder die KVO se aandag gebring en word ook ondervang deur die program materiaal wat die KVO gereeld saam met Die *Jeugboodskapper* uitstuur.

5 Kommunikasie – verbetering binne kerkverband deur inskakeling by Internet (Handelinge 1997, bl. 312)

Dit het onder die Kommissie se aandag gekom dat die BRKA aandag aan dieselfde saak gee.

AANBEVELING

5.3.5.1 Die sinode dra dit aan die BRKA op om die inskakeling van die nodige sentrale kerkkantoorfasiliteite by die Internet af te handel.

6 Lig in Duisternis Uitgewers – moontlikheid van 'n regs persoon (Handelinge 1997, bl. 310)

Kundige advies wat oor die saak ingewin is, het aangedui dat die stigting van 'n regs persoon nie die gewenste verskansings sal bied nie. Daar is dus van die saak afgestap en die status quo word gehandhaaf.

AANBEVELING

5.3.6.1 Die sinode keur die handelswyse van die Pk. goed, naamlik dat afgestap word van die moontlike stigting van 'n regs persoon vir die uitgewery.

7 Preekbundels – keur en lys tot beskikking van kerkrade (Handelinge 1997, bl. 310)

Preekbundels, soos ook ander publikasies, word van tyd tot tyd in Die Boodskapper bekendgestel. In die uitgawe van Maart 1999 het 'n lys verskyn van preekbundels wat ons eie uitgewery gepubliseer het. Predikante binne ons kerkverband is per omsendbrief nr. 26 / 1998 aan dié versoek, asook aan die versoek dat elke predikant twee preke aan die Pk. voorlê (Handelinge 1997, bl. 311), herinner. Daar is nie veel reaksie ontvang nie. Materiaal wat wel gelewer is, volg die normale kanale van beoordeling deur die Pk.

8 Prekoteek – versoek om dit op die been te bring (Handelinge 1997, bl. 311)

Die uitvoering van die opdrag is afhanklik van die

ontvangs van aanvaarbare preke en die Pk. sal dus die saak hanteer soos onder 5.3.7 beskryf.

5.3.9 Rekenaartegnologie – aanwending vir versameling en verspreiding van preke

(Handelinge 1997, bl. 311)

Inskakeling by die Internet (vgl. 5.3.5 hierbo) behoort ook hierdie saak te vergemaklik.

AANBEVELING

5.3.9.1 Die sinode versoek leraars om, wanneer hulle preke gereedmaak met die oog op die beskikbaarstelling daarvan binne die kerkverband, dit op so 'n wyse aan te bied dat dit via die Publikasiekommissie ook op Internet geplaas kan word.

5.3.10 Vergadertyd – laaste week van die maand ter wille van posstukke (Handelinge 1997, bl. 310)

Die Pk. het in die opstel van sy jaarprogram uitvoering gegee aan die versoek van die sinode om gedurende die laaste week van die maand te vergader. Dit bring 'n aansienlike besparing aan posgeld mee as kommissielede posstukke (waaronder pakkies wat Die Boodskapper bevat) na hul eie en ander nabygeleë gemeentes terugneem.

AANBEVELING

5.3.10.1 Die sinode versoek kommissies opnuut om hulle beplanning so te doen dat vergaderings in Pretoria gedurende die laaste week van die maand plaasvind. Predikante en gemeentelêde wat Pretoria besoek, word vriendelik gevra om die boekwinkel te skakel met die oog op die moontlike afhaal van pakkies en ander posstukke.

1. VERSLAG OOR PUBLIKASIES

6.1 Sinodaal-goedgekeurde publikasies wat sedert sinode 1997 verskyn het

6.1.1 Die Kerkorde 1998

6.1.2 Handelinge van die Agtste Sinode 1997

6.1.3 Riglyne vir die AP Kerke t.o.v. Verbonds-onderlig

Die Kommissie het hierdie sinodaal-goedgekeurde pamflet (Sakelys 1995, bl. 100) in boekvorm uitgegee en dit sal d.m.v. 'n omsendbrief weer onder die aandag van die gemeentes gebring word.

6.1.4 Handleiding vir susterswerksaamhede

Twee herdrukplae in klein hoeveelhede is intern gedoen en na verwagting sal 'n verdere beperkte interne oplaag voor die sinode afgehandel wees.

6.2 Publikasies in sinodale opdrag wat sedert sinode 1997 verskyn het

6.2.1 *Die Boodskapper en Die Jeugboodskapper*

Kyk Bylae PK1.

6.2.2 *Kerkjaarboek 1998 en Kerkjaarboek 1999*

Van die *Kerkjaarboek 1998* is die volle oplaag (3132) van die hand gesit. Hoewel die *Kerkjaarboek 1999* laat vanaf die drukker ontvang is, is sowat een derde van die oplaag van 3576 vóór die nuwejaarsnaweek versend. Op 30 April 1999 was 3192 eksemplare reeds verkoop.

AANBEVELINGS

6.2.2.1 Die sinode neem met dank daarvan kennis dat die *Kerkjaarboek* goed verkoop.

6.2.2.2 Die sinode bring die *Kerkjaarboek* weereens onder die aandag van kerkrade en gemeentes. Dit bevat nie alleen nuttige inligting oor ons kerkverband nie, maar ook dagstukies wat met groot vrug by die huisgodsdien of persoonlike Bybelstudie gebruik kan word.

6.2.2.3 Die sinode doen 'n beroep op skribas om te help dat die gegewens van die *Kerkjaarboek* die sentrale kerkkantoor jaarliks betyds bereik aangesien daar groot koste aan die opspoor van uitstaande inligting verbonde is en dit die verskyning van die *Kerkjaarboek* vertraag.

6.2.3 *Skriflig op kerk en volk* (Hersiene uitgawe)

Die Kommissie wil graag hierdie publikasie opnuut so sterk as moontlik vir die sinode op die hart druk. In 'n tydperk van verwarrende uitsprake en kerklike standpunte oor volkereverhoudinge en die verhouding tussen kerk en volk, wil hierdie publikasie suiwer rigting gee. Dit bevat bowendien die AP Kerk se amptelike standpunt oor hierdie sake. Lidmate behoort ook daarvan kennis te neem dat dié hersiene uitgawe veel meer tersaaklike inligting bevat as die eerste uitgawe.

AANBEVELING

6.2.3.1 Die sinode bring die hersiene en verbeterde uitgawe van *Skriflig op kerk en volk* onder die aandag van lidmate en moedig dit aan dat elke huisgesin deeglik van die inhoud kennis neem.

Die sinode van 1995 (Handelinge bl. 272 – 3.4.1.1) het besluit dat 'n Engelse weergawe van die hersiene werk voor 31 Augustus 1996 gepubliseer word. Die Afrikaanse hersiene uitgawe het egter eers ná die sinode van 1997 verskyn en verkoop nie so goed soos verwag is nie. Dit mag wees dat die sinode tans anders oordeel oor die uitgee van 'n Engelse weergawe in die lig van die lang tydsverloop en die veranderde omstandighede.

AANBEVELING

6.2.3.2 Die sinode spreek hom ter vergadering uit oor die moontlike uitgee van *Skriflig op kerk en volk* in Engels.

6.2.4 *Die Verbondsgesprek*

Die Kommissie het uitvoering aan die opdrag van die sinode van 1995 (Sakelys 1995, bl. 107) gegee om die publikasie te publiseer.

6.2.5 *Beknopte handleiding vir kerklike tug*

Hierdie publikasie wat in sinodale opdrag via die destydse KGB deur prof. FAH van Staden opgestel is (Handelinge 1991, bl. 317), is gepubliseer.

6.2.6 *Ontmoet die AP Kerk* (Hersiene herdruk)

'n Hersiene uitgawe het verskyn waarin hoofsaaklik enkele statistieke op datum gebring is en aandag gegee is aan die regstelling van spelfoute. Die sinode van 1991 (Aanvullende Sakelys p. 226, Handelinge p. 279 – 5.5) het daarvan kennis geneem dat die SKK 'n herdruk vir dié publikasie in die vooruitsig stel waarin die sendingbeleid van die AP Kerk vervat sal word. Hieraan kon, vanweë tyd-druk om die boek weer op die mark te kry, nie by die hersiene uitgawe gevolg gegee word nie.

AANBEVELING

6.2.6.1 Die sinode herbevestig sy opdrag aan die SKK om, by die volgende herdruk van *Ontmoet die AP Kerk*, die inhoud so te hersien dat uitvoering aan die besluit van die sinode van 1991 gegee word.

6.2.7 *Proefsangbundel*

Twee verdere herdrukke (die vyfde en sesde herdruk) het in die verslagtydperk verskyn.

6.2.8 *Begeleidingsboek t.o.v. die Proefsangbundel*

'n Eerste hersiene uitgawe van 230 eksemplare is intern gepubliseer en uitverkoop. 'n Klein oplaag van die hersiene uitgawe sal in Mei 1999 intern herdruk word.

6.2.9 *'n Volwasse man* (herdruk)

'n Onveranderde herdruk het in September 1998 verskyn.

AANBEVELING

6.2.9.1 Die sinode bevestig dat die skrywer dié publikasie hersien soos wat die skrywer self versoek het.

6.3 Publikasies in sinodale opdrag wat na verwagting voor die sinode 1999 sal verskyn

6.3.1 *Die Tien Stamme van Israel – verlore of gevind?*

Dr. WA Burger het dié publikasie in opdrag van die KKCE geskryf. Dit was bedoel as 'n pamflet, maar is te omvangryk om as 'n pamflet uit te gee.

6.4 Verbondsonderrigpublikasies (leerboeke en lesgidse) wat sedert sinode 1997 verskyn het

Die volgende nuwe lesgidse het verskyn:

6.4.1 Lesgids : My Eerste Werkboek Deel 2 (voorskools)

6.4.2 Lesgids : Leer en Vertrou 1 (gr. 2)

6.4.3 Lesgids : Leer en Vertrou 3 (st. 1/gr. 3)

Die volgende verbondsonderrigpublikasies is herdruk:

6.4.4 My Eerste Werkboek Deel 2 (voorskools 2de jaar)

6.4.5 Leer en Vertrou 1 (gr. 1)

6.4.6 Leer en Vertrou 2 (gr. 2)

6.4.7 Leer en Vertrou 3 (st. 1/gr. 3)

6.4.8 Leer en Glo 1 (st. 2/gr. 4)

6.4.9 Leer en Glo 2 (st. 3/gr. 5)

6.4.10 Leer en Glo 3 (st. 4/gr. 6)

6.4.11 Leer en Lewe 1 (st. 5/gr. 7)

6.4.12 Leer en Lewe 3 (st. 7/gr. 9)

6.4.13 Leer en lewe 4 (st. 8/gr. 10)

6.4.14 Leer en Bely (st. 9/belydenisklas)

6.4.15 Lesgids : Leer en Lewe 1 (st. 5/gr. 7)

6.5 Verbondsonderrigpublikasies (leerboeke en lesgidse) wat na verwagting voor die sinode 1999 sal verskyn

6.5.1 My Eerste Werkboek Deel 1 (voorskools 1)

6.5.2 Lesgids : My Eerste Werkboek Deel 1 (voorskools 1)

Die lesgidse vir die belydenisklas is nog nie geskryf nie. Lesgidse vir st. 4 en 6-8 moet in hul finale vorm deur die KVO nog aan die Pk. oorhandig word nadat ds. AJ van Niekerk dit versorg het.

6.6 Ander publikasies wat sedert sinode 1997 verskyn het

Die volgende nuwe publikasies het verskyn:

6.6.1 Sondaar maar begenadigde (Dr. JH Ellis)

6.6.2 Bybelstudie oor verhoudinge (Dr. JH Ellis)

6.6.3 Die Bybel in blokkies – Lukas (Jorrie Jordaan)

6.6.4 So lief het God ... (CC du Preez)

Hierdie publikasie kan as 'n eerste van ons eie traktaatjies vir Sending en Evangelisasie beskou word soos die sinode in 1991 besluit het (Handelinge bl. 329, pt. 2.2.3.2).

6.6.5 Argiefhandleiding vir die Skriba (Ds. WM Grové)

6.6.6 Ná my openbare belydenis van geloof (Ds. AP Viljoen)

6.6.7 Bybelstudie uit Galásiërs (Ds. AS van Staden)

6.6.8 Johannes: Vrae vir groep-Bybelstudie (Corrie Botes)

6.6.9 Die noodsaaklike vernuwung van die erediens (Prof. IA Brink)

6.6.10 Finansiële bestuur deur kerkrade (CJ de la Rey)

6.6.11 Gaan in jou binnekamer (Ds. LD Pienaar)

6.6.12 Verbondsonderrig (Dr. JH Ellis)

6.6.13 Orde in die Erediens (Prof. FAH van Staden)

6.6.14 Pret met Speel (Ds. SD Nel)

6.6.15 Volkseie Kerk (Prof. R Maré)

6.6.16 Bybelinkleurboek deel II (R Enslin)

Daar het ook verskeie hersiene uitgawes en herdrukke die lig gesien:

6.6.17 'n Gebedeboekie (Ds. AE van den Berg) – hersiene uitgawe

6.6.18 Waarom moes die Afrikaanse Protestantse Kerk gestig word? (Ds. Adam Boshoff) – tipografies hersien

6.6.19 Die Belhar-belydenis en die toekoms (Ds. AE van den Berg)

'n Tipografies-hersiene uitgawe in 'n klein oplaag is intern gedoen en daarna was daar nog drie geleenthede waar daar klein oplaag intern gepubliseer is.

6.6.20 Bybelstudie uit Jakobus (Ds. AS van Staden) – herdruk

6.6.21 Bybelstudie uit Filippense (Ds. AS van Staden) – herdruk

6.7 Ander publikasies wat na verwagting voor die sinode 1999 gaan verskyn

6.7.1 Leesgids by Openbaring Deel 11 (Dr. EM Viljoen)

6.7.2 Kommentaar op die brief aan Filémon (Drs. S Botes)

6.7.3 Timótheüs (Prof. FAH van Staden)

6.7.3 Ons trou oor 'n maand (Marie Bosman)

In ooreenstemming met die versoek van die sinode 1995 (Handelinge 1995, bl. 237 – 4.1.1.2).

6.8 Diverse publikasies wat sedert sinode 1997 verskyn het

6.8.1 Kerkraadsbevestigingskaart – hersiene druk

6.8.2 Lidmaatregisterblaaie – herdruk

6.8.3 Briefhoofde met onderskrif (vir amptelike gebruik) – twee herdrukke

6.8.4 Briefhoofde sonder die onderskrif – herdruk

6.8.5 Kwitansieboeke (vir gebruik deur Afd. Finansies) – hersiene druk en daarna 'n verdere herdruk

6.8.6 Verjaarsdagkaart vir dogters (rose) – herdruk

6.8.7 Verjaarsdagkaart vir seuns (perd) – herdruk

6.8.8 Aandenkingskaart by die doop – hersiene druk

6.8.9 Onderskragingskaart (opgestel deur dr. GJJ Labuschagne) – nuwe publikasie

Met hierdie publikasie is gedeeltelik uitvoering gegee aan die versoek deur die sinode 1991, bl. 317.

6.8.10 Diploma vir Junior Verbondsjeug – nuwe publikasie

6.8.11 Verjaarsdagkaart vir dogters – nuwe ontwerp: dogtertjie op swaai

6.8.12 Verjaarsdagkaart vir seuns – nuwe ontwerp: diere-motief

6.9 Diverse publikasies wat na verwagting voor die sinode 1999 sal verskyn

6.9.1 Akte van bevestiging van leraars – nuwe publikasie

6.9.2 Verjaarsdagkaart vir dogters – verdere nuwe ontwerp: dogtertjie-motief

6.9.3 Verjaarsdagkaartjies vir seuns -verdere nuwe ontwerp: hond-motief

6.9.4 Verwelkomingskaart vir nuwe lidmate – hersiene druk

6.9.5 Nie-tuis kaartjies – hersiene druk

6.10 Diverse verbondsonderrigpublikasies wat sedert sinode 1997 verskyn het

'n Paar diverse verbondsonderrigpublikasies is onveranderd herdruk:

6.10.1 Verbondsonderrigbesoekerskaart

6.10.2 Diploma vir getrouheid by die verbonds-

onderrig

6.10.3 Sertifikate vir voorskoolse verbondsonderrig

6.10.4 Junior registerkaart

6.11 Diverse verbondsonderrigpublikasies wat na verwagting voor die sinode 1999 beskikbaar sal wees

6.11.1 Sertifikaat vir voorgangers (langer as tien jaar diens) – nuwe publikasie

6.11.2 Sertifikaat vir voorgangers (1-10 jaar diens) – nuwe ontwerp

6.11.3 Aandenkingskaart by belydenisaflegging (blom-motief) – nuwe ontwerp

6.11.4 Aanmoedigingseëls (drie formate) – nuwe publikasie

6.11.5 Seëls vir getrouheid (gr. 1 – gr. 9) – herdruk

6.11.6 Diploma vir getrouheid – herdruk

6.11.7 Sertifikaat vir voorskools – herdruk

6.12 Publikasies van buite (ander uitgewers) wat in die verslagtydperk gekeur is en bemark word

6.12.1'n Nuwe Onderwysmodel – waarom? (Ds. C Bester en prof. JJ Spies)

6.12.2 Laat my Lammers wei (Ds. MJ Booyens)

6.12.3 Salig deur die kruis (Ds. MJ Booyens)

6.12.4 Belhar – bely of bestry? (Ds. T Danzfluss)

6.12.5 Verrigtinge van die Simposium oor Aborsie (MC du Rand)

6.12.6 Met Blokkies na die Bybel (J Jordaan)

6.12.7 Staen vas! Openbaring sê jy kan ... (Dr. Schutte Venter)

6.12.8 In die Skriflig – Konkordansie van die Belydenisskrifte met 'n teksregister (Ds. WC Vergeer)

6.12.9 So het hulle gesterf (Graham Jooste en Abrie Oosthuizen)

6.12.10 Die Dordtse Leerreëls (Dr. Johann le Roux)

6.13 Dankbetuiging

AANBEVELING

6.13.1 Die sinode betuig sy dank teenoor alle skrywers asook alle voorlopige beoordelaars en keurders vir hul nougesette arbeid om steeds geskikte leesstof binne die kerkverband te verseker.

2. BEMARKING

7.1 Die kolporteurstelsel

'n Omvattende ondersoek is na die bestaande kolporteurstelsel gedoen omdat die vorige stelsel om verskeie redes nie meer goed gefunksioneer het nie. 'n Hersiene kolporteurstelsel is aan die Pk. voorgelê. 'n Handleiding met riglyne en die nodige vorms is opgestel om die werking van die stelsel aan die gebruikers daarvan duidelik uiteen te sit. Die nuwe hersiene kolporteurstelsel is reeds in werking. 'n Kolporteur- en bemarkingsdag word vir die tweede semester in 1999 beplan om die nuwe stelsel verder bekend te stel. Leeskringe word in die vooruitsig gestel met die oog op die aankweek van 'n leeskuilte onder ons lidmate. Hierdie vooruitsigte vorm deel van 'n omvattende bemarkingstrategie wat opgestel is en in die toekoms in werking gestel sal word.

AANBEVELING

7.1.1 Die sinode bring die hersiene kolporteurstelsel onder die aandag van kerkrade en doen op die hele kerkverband 'n beroep om die stelsel te ondersteun sodat die literatuur van ons Kerk so effektief moontlik tuisgebring kan word.

2.1. Boekuitstallings en spesiale aanbiedinge

Boekuitstallings is telkens waar die geleentheid hom voorgedoen het, gehou. Kers- en Pinksterpakkette is per geleentheid saamgestel en in Die Boodskapper geadverteer. Die Pk. stal weer tydens die sinode boeke uit en nooi alle sinodegangers om hulle van die goeie gehalte van ons eie publikasies te kom vergewis.

2.2. Afslagpryse en verwydering uit voorraad

Publikasies wat stadig verkoop, is teen 'n afslagprys aangebied. In sommige gevalle moes oortollige voorraad wat hierna nog oorgebly het, uit die voorraad verwyder word. Publikasies in hierdie kategorie is teen afvalpapierpryse aan die betrokke skrywers aangebied – wat alles gekoop het.

2.3. Publikasies van buite

Afgesien van publikasies van Lig in Duisternis Uitgewers is ook boeke en produkte van ander uitgewers vir bemarking aangebied ná streng keuring. (Kyk weer pt. 6.12 hierbo.)

8. BEPERKTE BERGRUIMTE IN DIE BOEKWINKEL

Die beperkte bergruimte vir die boekwinkel is reeds telkemale geopper. By die teologiese skool is nie meer bergruimte beskikbaar nie omdat die Kuratorium al die ruimte self benut. Daar moes noodgedwonge van pakplek in die argief gebruik

gemaak word – wat 'n uiters ongewenste toedrag van sake is. Ná die aanbring van houtrakke van ongeveer 60 lopende meter in die boekwinkel is die probleem in 'n mate verlig, maar nog nie opgelos nie en vir die toekoms staar die Kommissie en die personeel weer ernstige probleme in die gesig.

AANBEVELING

Dit het onder die Kommissie se aandag gekom dat ons publikasies te uiteenlopend is om almal vir een en dieselfde prys te kwalifiseer. Die Pk. het derhalwe twee kategorieë met die oog op die toekenning van die prys geïdentifiseer, te wete a) publikasies, en b) bydraes in Die Boodskapper asook afsonderlike dagstukkies wat in die Kerkjaarboek verskyn het. Elke alternatiewe jaar word 'n toekenning vir een van die twee kategorieë gedoen op grond van publikasies wat gedurende die laaste twee jaar in die betrokke kategorie verskyn het. Die verandering het meegebring dat die reëls vir die toekenning van die prys gewysig moes word. Die gewysigde reëls word as Bylae PK2 vir die goedkeuring deur die sinode aangeheg.

AANBEVELING

9.1 Die sinode keur die gewysigde "Reëls vir die toekenning van die prys vir publikasie van die jaar bekend as Lig in Duisternis-prys" goed.

10. BEGROTING

Die Pk. se begroting is teen die begin van Junie 1999 aan die FK voorgelê.

11. BESKRYWINGSPUNTE

2.4. Ring van Potgietersrus: Lees van Die Jeugboodskapper en Die Boodskapper

Die sinode versoek alle kerkrade om volgehoue pogings aan te wend om die verbondsjeug van ons kerke te motiveer om Die Jeugboodskapper en Die Boodskapper getrou te lees. Die sinode versoek ringe om tydens 'n visitasiegeleentheid hierdie saak met kerkrade op te neem en te bespreek.

Motivering

1 Noodsaaklike toerusting word d.m.v. ons kerklike blaai gebied. Baie moeite en koste word aangegaan om dit te doen.

2 Indien die leesstof net tuis gebêre word, maar nie gelees en bestudeer word nie, gaan die toerustingseleentheid by die lidmate verby.

3 Kleiner kinders moet leer om lesertjies van DJB te word en dit te geniet – dan kan verwag word dat wanneer hulle groter word, hulle ook DB sal lees.

4 Ouers wat self nie DB lees nie, is nie 'n goeie voorbeeld vir hulle kinders nie. Kinders maak oor die algemeen soos hulle ouers.

AANBEVELING VAN DIE PK

11.1.1 Die sinode gee gevolg aan die beskrywingspunt van die ring van Potgietersrus wat soos volg lui: Die sinode versoek alle kerkrade om volgehoue pogings aan te wend om die verbondsjeug van ons kerke te motiveer om *Die Jeugboodskapper* en *Die Boodskapper* getrou te lees. Die sinode versoek ringe om tydens 'n visitasiegeleentheid hierdie saak met kerkrade op te neem en te bespreek.

2 Ring van Benoni: Duidelikheid oor aanvaarbaarheid en gebruik van van die NAB

Die sinode word versoek om ter wille van duidelikheid vir lidmate die AP Kerk se standpunt ten opsigte van die gebruik van die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (1983) weereens in heroorweging te neem in die lig van die feit dat daar groot omstredeheid is oor die aanvaarbaarheid en juistheid van hierdie vertaling.

Die sinode oorweeg om te besluit dat die nuwe Afrikaanse vertaling (1983) vir die AP Kerk onaanvaarbaar is en daarom nie gebruik behoort te word nie.

Motivering

Daar is strominge in die AP Kerk wat glad nie krities kyk na die nuwe Afrikaanse vertaling nie en wat verwarring onder lidmate veroorsaak wat nie goed ingelig is oor hierdie saak nie. Indien die sinode 'n duidelike besluit teen die nuwe vertaling neem, sal dit enige onsekerheid uitskakel.

AANBEVELING VAN DIE PK

11.2.1 Die sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt van die ring van Benoni nie. Die sinode bring opnuut die bestaande besluit m.b.t. die Bybel in Afrikaans onder aandag van leraars en kerkrade. Die besluit lui soos volg (vgl. Handeling 1989, bl. 446 en KO 1998, bl. 138):

1. Die sinode beskou die eerste Afrikaanse vertaling van die Bybel (1933) en sy hersiene vertaling (1953), ofskoon vatbaar vir verbetering, steeds as 'n betroubare weergawe van God se geïnspireerde Woord.

2. Die sinode neem kennis dat die nuwe Afrikaanse vertaling (1983), hoewel deur vele aanvaar, tog ook vir vele omstrede bly, veral ten opsigte van die vasstelling van die bronteks en die vertaalmetode.

3. Die sinode besluit derhalwe dat in die AP Kerk die hersiene Afrikaanse vertaling (1953) by Woordverkondiging gebruik moet word; dat die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) (NAV) by Woordverkondiging ter toeligting gebruik mag word; dat lidmate wat die NAV wil lees, aange-

raai word om dit steeds saam met die 1953-uitgawe te lees. (Vgl. ook Handeling Sinode 1991, pt. 22.2, p. 341 – "die 1983-vertaling mag steeds by die Woordverkondiging ter toeligting gebruik word".)

3 Ring van Beaufort-Wes: Lektuur oor die Israelvisie en die gereformeerde kerkbegrip

Die sinode gee aan die Publikasiekommissie opdrag om aandag te gee aan die publiseer van maklike leesbare artikels of boeke oor die Israelvisie-beweging en ook oor die gereformeerde kerkbegrip.

AANBEVELING VAN DIE PK

11.3.1 Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die ring van Beaufort-Wes in verband met die publiseer van artikels of boeke oor die Israelvisie en die gereformeerde kerkbegrip.

Motivering

Daar het reeds artikels oor die Israelvisie-beweging in *Die Boodskapper* verskyn. 'n Publikasie oor die Israelvisie verskyn binnekort – vgl. 5.3.2 en 6.3.1 van hierdie verslag. Die publikasie van prof. FAH van Staden, Gereformeerde Kerkregtelike Probleemareas, werp lig op vele onduidelikhede oor die gereformeerde kerkbegrip.

11.4 Ring van Riversdal: Welering van misleidende advertensies

Die sinode besluit dat die Publikasiekommissie adverteerders wat misleidende advertensies in *Die Boodskapper* / *Kerkjaarboek* plaas en wat nie dienste soos geadverteer uitvoer of kan uitvoer nie, verdere advertensies weier.

Motivering

Sulke adverteerders veroorsaak verleentheid en ongerief vir diegene wat daarvan gebruik maak en tas die geloofwaardigheid van *Die Boodskapper* / *Kerkjaarboek* en ander adverteerders aan.

AANBEVELING VAN DIE PK

11.4.1 Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die ring van Riversdal in verband met die plaas van misleidende advertensies in *Die Boodskapper* en die *Kerkjaarboek*.

Motivering

Die Pk. hou reeds die oog in die seil vir ooglopende misleidende advertensies. Dit is egter nie altyd moontlik om sulke misleiding voor die tyd vas te stel nie. Waar lidmate of gemeentes wel mislei word deur advertensies wat in ons publikasies verskyn, word hulle versoek om dit skriftelik onder die Pk. se aandag te bring met kontroleerbare bewyse van die misleiding op grond waarvan

die Kommissie die adverteerder kan konfronteer.

5 Ring van Kimberley: Beskikbaarstelling van preke

Die sinode beveel by leraars in die AP kerkverband aan dat hulle preke beskikbaar moet stel sodat dit meer geredelik beskikbaar is vir gebruik deur kerkrade sonder leraars.

Motivering

Die saak is ook tydens die agtste sinode te berde gebring, maar tot hede is daar geen vordering gemaak nie. Hierdie saak word as ernstig beskou en die sinode word dringend gevra om hierdie leemte te vul. Tans is daar geen leraars in 'n groot gedeelte van Kaapland wat strek vanaf Barkly-Wes/Kimberley tot Kareedouw en tussen Upington/Calvinia/Prieska en Steynsburg kombinasie aan die Ooste nie. Dit word verneem dat preekbundels nie na wense verkoop nie en dat hulle groot bergingsruimte opneem, wat wel begryp word. Die "prekoteek"-begrip wat in voorstel 4 (Handelinge 1997, bl. 311) beskryf word, behoort die bergingsprobleem op te los, aangesien preke dan net met bestelling vermeerder kan word, teen nominale koste, en nie voor die tyd nie. 'n Amendement noem die beskikbaarstelling van gekeurde preke d.m.v. internet aan gemeentes. Dit moet egter onthou word dat klein plattelandse gemeentes nog nie oor hierdie geriewe beskik nie.

AANBEVELING VAN PK

11.5.1 Die sinode gee gevolg aan die beskrywingspunt van die ring van Kimberley wat soos volg lui: Die sinode beveel by leraars in die AP kerkverband aan dat hulle preke beskikbaar moet stel sodat dit meer geredelik beskikbaar is vir gebruik deur kerkrade sonder leraars.

Verduideliking

Die Pk. gee deurlopend aandag aan hierdie saak wat by elke sinode ter sprake kom – vgl. punt 5.3.7 in hierdie verslag.

6 Ring van Olifantshoek: Vermindering van getal lesse in verbondsonderrighandboeke by hersiening.

AANBEVELING VAN PK

11.6.1 Die sinode neem hier net kennis van die beskrywingspunt van die ring van Olifantshoek oor die vermindering van die getal lesse in die verbondsonderrighandboeke by hersiening aangesien die KVO 'n aanbeveling daarvoor voorlê.

Motivering

Dit is 'n saak wat by die KVO tuishoort.

7 Ring van Memel: Lesgidse en visuele hulpmiddele vir verbondsonderrig

AANBEVELING VAN PK

11.7.1 Die sinode neem hier net kennis van die beskrywingspunt van die ring van Memel oor lesgidse en visuele hulpmiddele vir verbondsonderrig aangesien die KVO 'n aanbeveling daarvoor voorlê.

Motivering:

Dit is 'n saak wat by die KVO tuishoort.

12. DANKBETUIGING

AANBEVELING

12.1 Die sinode betuig sy dank teenoor

- a. die lede van die Publikasiekommissie vir hul getrouheid in die werk van die Kommissie, hul harde arbeid in die keuring van publikasies, en die nougesette wyse waarop 'n wakende oog oor die gehalte van ons publikasies gehou word,
- b. die afdelingshoof en publikasiebeamptes by die publikasie-afdeling in die sentrale kerkkantoor,
- c. die boekwinkelpersoneel wat met ywer ons publikasies hanteer van aflewering tot by verkoping,
- d. die Here wat die krag gegee het sodat hierdie werk na die beste van ons vermoë gedoen kon word.

w.g. AS van Staden (Voorsitter)

IP du Preez (Ondervoorsitter)

HJ Smith (Skriba)

Verslag aan die sinode van 1999 oor *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper*

12 September 1997 – 2 Mei 1999

1. REDAKSIE VAN *DIE BOODSKAPPER* (DB)

Die Pk. het die redaksie van DB, wat dr. HJ Smith as eindredakteur moes bystaan, soos volg aangewys: di. AP Viljoen, AS van Staden, IP du Preez, RMJ Britz, CA Swanepoel, prof. JJ Pienaar, mevv. MAE Bosman, PJ Cloete. Ds. AP Viljoen het op 23 Maart 1999 uit die redaksie getree. Die kernredaksie was die voorsitter (dr. Smith), ds. MC Adendorff en ds. AS van Staden. Daar is nie weer 'n eindredaksiekomitee aangewys nie omdat die Pk. van oordeel was dat die kernredaksie genoegsaam in die behoefte aan eersgenoemde komitee sou kon voorsien.

Die Pk. het nie spesifieke medewerkers benoem nie, maar wel bepaalde portefeuljes aan die redaksielede toegewys soos in *Die Boodskapper* gepubliseer.

Mev. JP van Lille was steeds, naas publikasiebe-ampte, ook die redaksiesekretaresse.

AANBEVELING

1.1 Die sinode betuig sy hartlike dank teenoor die redaksie en die kernredaksie vir die werk wat gedoen is.

2. REDAKSIE VAN *DIE JEUGBOODSKAPPER* (DJB)

Die Pk. het die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding geken in die aanwysing van 'n verteenwoordiger met die oog op die versorging van *Die Jeugboodskapper*. Ds. AP Viljoen is weer in hierdie hoedanigheid benoem. Ná die uittrede van ds. Viljoen is ds. CA Swanepoel aangewys om verantwoordelikheid vir *Die Jeugboodskapper* te neem. Ook in die geval van DJB het die Pk. nie, soos in die verlede, spesifieke medewerkers benoem nie, hoewel van 'n redelike vasgestelde span medewerkers gebruik gemaak is.

AANBEVELING

2.1 Die sinode betuig sy hartlike dank teenoor ds. AP Viljoen en sy medewerkers vir die kundige versorging van *Die Jeugboodskapper* tot

met die uitgawe van Mei 1999 en spreek sy waardering uit teenoor ds. CA Swanepoel vir sy bereidwilligheid om die besondere taak voort te sit.

3. PERSONEEL

Afgesien van die bekwame bystand van mev. Van Lille, is die redakteur ook ondersteun deur die boekwinkelpersoneel wat die verpakking en versending van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* behartig (vgl. verslag: Publikasiekommissie, punt 3).

AANBEVELING

3.1 Die sinode betuig sy hartlike dank teenoor die redaksiesekretaresse en die boekwinkelpersoneel vir hulle onmisbare bydrae tot die versorging, verpakking en versending van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper*.

4. VERGADERINGS

Ten einde besparing teweeg te bring, het die redaksie besluit om nie meer op 'n maandelikse grondslag te vergader nie, maar elke drie maande. Dit het meegebring dat die redaksie gedurende die verslagtydperk 9 vergaderings gehou het. Redaksievergaderings vind steeds op 'n gereelde grondslag plaas, terwyl die kernredaksie op 'n ad hoc basis geraadpleeg is.

5. AANTAL UITGAWES

In ooreenstemming met die besluit van die sinode 1997 (Handelinge bl. 312 – 5.1) verskyn DB en DJB tien keer per jaar. Die maande waarin die uitgawes gekombineerd voorkom, word soms hergroepeer na die eis van omstandighede. Altesaam 18 uitgawes van DB en DJB het in die verslagtydperk verskyn.

AANBEVELING

5.1 Die sinode besluit dat die bestaande getal uitgawes van DB en DJB gehandhaaf word, naamlik tien per jaar.

6. OPLAAG DB en DJB: Nov. 1997 – Mei 1999

	Nov. 1997	Mei 1998	Nov. 1998	Mei 1999
DB	15 500	16 000	16 000	16 000
DJB	10 000	9 700	9 700	9 100

Die getal eksemplare per uitgawe van DB wat gedurende die verslagtydperk by die drukker bestel is, het nagenoeg konstant gebly, soos uit bostaande tabel blyk. DJB het met 900 verminder – onder andere as gevolg daarvan dat gemeentes 'n noukeuriger getalleberaming maak en dit maandeliks op datum hou.

7. AANTAL BLADSYE

7.1 Die Boodskapper

In ooreenstemming met die sinodebesluit van 1997 (Handelinge bl. 312 – 7.1) is getrag om die omvang van Die Boodskapper op 'n gemiddeld van 20 bladsye per uitgawe te handhaaf. In die verslagtydperk het DB gemiddeld dan ook 20 bladsye beslaan. Dit gebeur egter dat ons goeie materiaal vir publikasie ontvang wat soms vanweë 'n gebrek aan ruimte vir 'n lang tyd teruggehou moet word of selfs nie eens gepubliseer kan word nie. Die redaksie sal 'n groter mate van beweegruimte hê indien die sinode die gemiddelde perk op 24 bladsye plaas. (Lees asseblief onderstaande

punt 9 hiermee saam.)

AANBEVELING

7.1 Die sinode besluit om die gemiddelde aantal bladsye van DB na 24 te vermeerder indien dit binne die begroting haalbaar is.

7.2 Die Jeugboodskapper

Die Jeugboodskapper beslaan gereeld 4 bladsye per uitgawe. Die gewese subredakteur (ds. Tonie Viljoen) het tydens die vorige sinode versoek dat DJB na 8 bladsye per uitgawe vergroot word. Die sinode het toegestem, mits die nodige fondse gevind kon word (vgl. Handelinge 1997, bl. 331). Die nodige fondse kon egter nie gevind word nie en die KVO lewer tans los pakkies programsketse op A4 velle waarvan daar een per gemeente saam met Die Jeugboodskapper uitgestuur word.

8. VERSPREIDING EN INTEKENING

8.1 Verspreidingsyfers

Verspreiding van DB en DJB : Okt. 1997 – Mei 1999

	Okt. 1997	Mei 1998	Nov. 1998	Mei 1999
DB: Gemeentes	14 956	15 398	15 201	14 960
Individue	271	251	251	173
Komplimentêr	38	38	38	38
Pliglewering	235	285	351	351
Totaal:	15 500	15 972	15 841	15 522
DJB:	9 664	9 632	9 559	8 693

Die syfers toon 'n geringe daling in die verspreiding van dié kerklike tydskrifte. Die ekonomiese klimaat in die land en die feit dat gemeentes sedert die begin van 1997 'n rekening vir *Die Boodskapper* ontvang, mag daartoe bydra.

Komplimentêre eksemplare is gelewer aan gemeentes wat daarom vra; CVO-skole; amptelike verteenwoordigers vanuit ander kerkverbande; personeel (sentrale kerkkantoor en teologiese skool); argief; boekwinkel; portaal (sentrale kerkkantoor); eindredakteur; subredakteur (DJB); adverteerders (by eerste verskyning van advertensie); Aksie Morele Standaarde; Bybelgenootskap, redakteurs van kerkblaai en uitgesoekte nuusblaai; soos Pk. van tyd tot tyd besluit. Pligleweringseksemplare is aan pligleweringbiblioteke gelewer.

Kerkrade word weer eens daaraan herinner dat hulle vyf addisionele eksemplare gratis kan bestel. Hierdie eksemplare kan beskikbaar gestel word aan belangstellendes wat nie lidmate is nie. Daar is gemeentes wat hierdie metode uiters vrugbaar aanwend om die AP Kerk effektief bekend te stel.

Vorige sinodes het herhaaldelik besluit om kerkrade te versoek om toe te sien dat DB elke besoekpunt in elke gemeente bereik en een eksemplaar van DJB binne die bereik van elke verbondskind te bring. Namate die geestelike ontwrigting van ons tyd vorder, raak hierdie versoek net al noodsaakliker.

AANBEVELINGS

8.1.1 Die sinode bevestig opnuut dat hy DB en DJB as uiters belangrike kommunikasiemid-

dele sien waardeur kerknuus, maar ook inligting versprei word om lidmate op te bou en weerbaar te maak vir die geloofstryd in ons tyd.

8.1.2 Die sinode herhaal sy versoek tot kerkrade om noulettend toe te sien dat DB by elke besoekpunt tuiskom – verkieslik deur die wyksouderling of -diaken afgelewer, en dat 'n eksemplaar van DJB gereeld binne die bereik van elke verbondskind gebring word.

8.1.3 Die sinode bring dit onder die aandag van kerkrade dat 5 gratis eksemplare per uitgawe van DB beskikbaar is vir gemeentes wat daarom vra.

8.2 Vestiging van leeskuultuur: lidmate

Die gevaar bestaan dat verknogtheid aan die televisie, waar die ontvanger inligting grootliks op 'n passiewe wyse inneem (en daar boonop nie veel ruimte bestaan vir die verwerking daarvan nie), daartoe kan lei dat mense "lui" raak om te lees. Hierdie gevaar geld waarskynlik veral vir die opgroeiende geslag wat op dié wyse gemaklik slawe van die "heersende wysheid", soos deur die openbare media uitgedra, gemaak kan word. Die leeservaring, wat 'n aktiewe inset en verwerkingsproses van die ontvanger veronderstel, is 'n noodsaaklike element in die opbou van 'n goedingelichte en kritiese lewensingesteldheid. Dit is daarom uiters noodsaaklik dat 'n leeskuultuur reeds in die kinderstadium by ons verbondsjeug gevestig raak. Ouers baat nie alleen self by 'n gesonde leesgewoonte nie, maar stel daardeur ook 'n onuitwisbare voorbeeld vir hulle kinders.

AANBEVELINGS

8.2.1 Die sinode roep kerkrade met die groot-

ste erns op om alles in hulle vermoë te doen om 'n leeskuultuur by verbondsouers en -kinders te help vestig. Klem behoort gereeld gelê te word op die lees van ons kerklike tydskrifte en ander publikasies. Ouers behoort ook opgewek te word om hul kinders te stimuleer om die kerklike leesstof gereeld te lees en om elke maand gepaste gedeeltes uit Die Jeugboodskapper aan hulle kleuters voor te lees.

8.2.2 Die sinode versoek predikante en ander persone wat die afkondigings by geleentheid van eredienste waarneem om op 'n gereelde grondslag spesifieke artikels, berigte, ens. in Die Boodskapper deur middel van kernagtige inligting daarvoor pertinent onder die gemeente se aandag te bring, aangesien dié inligting die leeslus prikkel.

8.3 Leesvoorkeur

Die vraeys wat tydens die sinode van 1997 uitgegee en voltooi is, is verwerk en het beduidende resultate t.o.v. leesvoorkeure gelewer wat vir toekomstige beplanning goed gebruik kan word. By dié geleentheid is egter slegs die reaksie van sinodegangers getoets – wat slegs die besondere ampte verteenwoordig. Ná die sinode het die Pk. gepoog om inligting uit meer sektore van die kerklike samestelling te verkry, maar die resultaat daarvan is tot dusver nie gunstig nie. Die gegewens wat wel ingewin is, sal egter verwerk word met die oog op moontlike tendense wat daaruit mag blyk.

9. KOSTE

Staat van Inkomste en Uitgawe t.o.v. DB en DJB : Nov. 1997 – begin Mei 1999

Inkomstes			Uitgawes		
DB + DJB	1. Intekengeld		DB	1. Drukkoste	R328 103
	1.1 Gemeentes	R318 058		2. Posgeld	37 315
	1.2 Individue	13 186		3. Medewerkers	13 255
	2. Advertensies	42 000		4. Verpakkers	5 097
			DJB	1. Drukkoste	61 618
				2. Medewerkers	3 539
Totaal		R362 765			R448 927

Hierdie syfers weerspieël 'n veel gunstiger verhouding tussen inkomste en uitgawes as tydens die verslag aan die vorige sinode vir dieselfde tydperk. Daar was die totale inkomste op R259 422 bereken en die totale uitgawes op R606 625 (benaderd).

Gemeentes betaal tans R2-20 per eksemplaar per uitgawe (*DB* en *DJB*; d.w.s. (R22-00 per jaar vir 10 uitgawes), terwyl individuele intekenaars R43-00 per jaar vir 10 uitgawes betaal. Gemeentes kan die volle bedrag betaal vir die aantal eksemplare van *DB* wat hulle bestel, of maandeliks afbetaal of slegs 'n donasie volgens die kerkraad se vermoë skenk.

Waarskynlik vanweë die finansiële krisis wat ons land beleef, gebeur dit al meer dat gemeentes versoek dat hulle bestaande skuld op *DB* afgeskryf of verminder word, of kerkrade bied slegs 'n donasie aan wat in baie gevalle veel kleiner is as die bedrag gelykstaande aan die getal eksemplare van *DB* bestel en waarteen hulle rekenings gedebiteer is. In sulke gevalle probeer die Pk. oor die geldigheid van die versoekte oordeel en hou die reëling dat 'n kerkraad volgens sy vermoë 'n donasie kan skenk in gedagte. Dié reëling gaan die Pk. egter in ernstige begrotings- en finansiële probleme laat beland vanweë dié soort versoekte wat al meer word.

Die finansiële toestand in die land noodsaak die Finansiële Kommissie om alle kommissies deurlopend tot groter besparing te verplig. Drukkoste en veral posgeld het dramaties gestyg gedurende die verslagtydperk, maar die redaksie, die Pk. en die personeel kon hierdie stygings baie effektief teenwerk. Veral danksy die moeite en navorsingswerk van die redaksiesekretaresse kon 'n besparing van ongeveer R45 000 (per jaar bereken) aan drukkoste bewerkstellig word deur by twee geleenthede verder af te skaal na 'n goedkoper papiersoort. By die eerste geleentheid kon ons oorsakel na 'n papiersoort wat op die oog af van dieselfde kwaliteit as die vorige was. By die tweede geleentheid moes ons, wat die binnekant van die blad betref, na 'n papier met 'n mat voorkoms oorsakel terwyl glanspapier vir die buiteblad behou is. Deur ook die buiteblad op dieselfde stof as die binneblaaie te druk, kan 'n verdere besparing van R5 600 per jaar bewerk word, maar die redaksie en die Pk. het tot dusver geoordeel dat die opsigtelike beter kwaliteit wat die glans-buiteblad weerspieël meer werd is as dié besparing. Die personeel het verder uit hulle pad

gegaan om pakkies deur middel van geleenthede hul bestemming te laat bereik in plaas van dit per pos te stuur. Dit het heelwat organisasie en moeite, veral van die boekwinkelpersoneel, gevra.

AANBEVELINGS

9.1 Die sinode spreek sy dankbaarheid uit teenoor die gemeentes wat hulle Boodskapper-rekeninge so getrou betaal het. Die sinode versoek kerkrade weer eens om hulle intekengeld getrou te vereffen.

9.2 Waar 'n kerkraad die Pk kan oortuig dat hy werklik nie die verskuldigde bedrag kan bybring nie, bied die sinode hom steeds die geleentheid om 'n bydrae na die beste van sy vermoë te maak. In so 'n geval besef kerkrade dan dat ander kerkrade hul intekening verder subsidieer en sal die kerkraad hom daarvoor beywer om, sodra dit enigsins moontlik word, ook die volle intekengeld te betaal.

9.3 Die sinode hou die feit dat die Pk al groter bedrae aan Boodskapper-rekeninge moet afskryf in gedagte by die bepaling van *Die Boodskapper* se begroting.

9.4 Die sinode voistaan met die vergoeding wat die sinode van 1997 vir skrywers vasgestel het, nl. R100 per bladsy (*Handelinge* bl. 313 – 9.2), terwyl uitgawes aan vergoeding nie meer as R19 000,00 per jaar beloop nie (*Handelinge* bl. 313 – 9.3).

9.5 Die sinode besluit dat wat foto's betref, volstaan word met die reëling dat slegs vir die eerste plasing van 'n foto vergoed sal word teen dubbel die bedrag vir 'n geskrewe ruimte van dieselfde oppervlakte.

10. DANKWOORD

AANBEVELING

10.1 Die sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor alle ondersteuners van *DB* en *DJB*: lesers, skrywers, adverteerders, intekenaars en almal wat daartoe meewerk om van dié spreekbuis binne die AP Kerk 'n sukses te maak. Die sinode spreek die bede uit dat die Here *DB* en *DJB* ook vorentoe tot sy eer en tot opbou van die geloof sal gebruik.

w.g. HJ SMITH (Redakteur)
AS VAN STADEN (Voorsitter Pk.)

Reëls vir die toekenning van prys vir publikasie van die jaar bekend as *Lig in Duisternis-prys*

1. Toekennings word jaarliks gedoen aan die skrywer wat na die oordeel van die Pk. die beste werk geskryf het en dek twee jaar se gepubliseerde werk.

2. Elke alternatiewe jaar word die toekenning gedoen vir gepubliseerde werk in een van die twee kategorieë, nl. (A) **Publikasies** en (B) Bydrae in *Die Boodskapper* en afsonderlike dagstukkies wat in die *Kerkjaarboek* verskyn het.

3. In die jaar wat die toekenning gemaak word vir **Publikasies**, strek die beoordeling oor alle publikasies wat gedurende die twee betrokke jare verskyn het. Dieselfde geld vir die toekenning van die prys aan bydraes in *Die Boodskapper* en afsonderlike dagstukkies wat in die *Kerkjaarboek* verskyn het.

4. In die jaar wat die toekenning vir **Publikasies** gemaak word, kan daar in 5 verskillende sub-kategorieë werke eervol vermeld word. Hierdie 5 sub-kategorieë is:

- Wetenskaplike werke (bv. intreeredses of bydraes in *Teologiese Blad*)
- Stigtelik-filosofiese werke (bv. Bybelse lig op aktuele sake bv. polities, eties, ens.)
- Pastorale werke (bv. bemoediging in siekte, huweliks- en gesinstemas)
- Sosiaal-maatskaplike werke (bv. werke vir susters, bejaardes, jeug, kleuters, ens.)
- Bybelstudiehandleidings (bv. kommentare, Bybelstudiegidse, preekbundels en 'n reeks Dagstukkies)

5. In die jaar wat die toekenning vir **Bydraes in *Die Boodskapper* en afsonderlike dagstukkies wat in die *Kerkjaarboek* verskyn het**, gemaak word, kan daar ewe-eens in 5 sub-kategorieë artikels, pamflette of dagstukkies eervol vermeld word. Hierdie 5 sub-kategorieë is:

- Polemies (bv. artikels wat 'n debat in DB uitlok)
- Informatief (bv. artikels oor sinodebesluite)
- Godsdienstig-filosofies (bv. artikels of dagstukkies oor Bybelse temas of oordenkings)
- Reekse (bv. 'n reeks artikels oor die onderwys of 'n pinksterreeks)

- Jeug (bv. artikels en bydraes in *Die Jeugboodskapper*)

6. Enige AP Kerk-lidmaat mag werke/publikasies vir die toekenning nomineer. Die Pk. vul die nominasies aan en stel dan 'n "groslys" saam, bespreek die meriete van elke aanbevole werk en besluit dan daaroor met inagneming van punt 19. Geen korrespondensie sal oor die besluit gevoer word nie.

7. Nominasies sluit op 31 Maart waarna elke betrokke Pk.-lid 'n intensiewe studie van elke genomineerde werk moet maak met die oog op 'n besluit op die vergadering van die Pk. aan die begin van Mei oor 'n toekenning. Lees hiermee ook punt 19 saam. Elke Pk.-lid wat 'n genomineerde mag wees, is by die keuring en besluitneming uitgesluit.

8. Die beoordeling vir die toekennings in die sub-kategorieë word deur die Publikasiekommissie behartig.

9. Die beoordeling van die *Lig in Duisternis Prys* vind eers plaas nadat die weners van die 5 sub-kategorieë in *Die Boodskapper* gepubliseer is, en die lesers per stembrief geleentheid gehad het om hulle voorkeure gemotiveerd aan te dui. Die finale besluit oor die toekenning word deur die Pk. geneem.

10. Die Pk.-besluit word in *Die Boodskapper* bekendgestel en 'n brief van gelukwensing word aan die betrokke outeur gerig.

11. By die bepaling van die meriete van 'n werk wat bekroon word, word die volgende in ag geneem:

- 11.1. die aktualiteit daarvan;
- 11.2. die regsinnigheid van die werk/publikasie;
- 11.3. die verkoopsyfers;
- 11.4. die waarde wat die werk vir AP kerkklidmate en/of -ampsdraers het (behoort te hê);
- 11.5. in watter mate die werk die Bybelse boodskap van lig in duisternis uitdra;
- 11.6. oorspronklikheid; insig in die behoefte van die mark;
- 11.7. skryfstyl, benadering, varsheid, vermoë om die teikengroep te bereik;

11.8. die antwoord op die vraag of die tema afgerond word – is die sáák duidelik gestel, uitgebou en tot sy volledige konsekwensies gevoer?

Daar kan ten opsigte van elke genomineerde werk op 'n skaal van 1 tot 10, punte toegeken word vir elk van die maatstawwe van 11.1 tot 11.8 gestel, ten einde werke teen mekaar op te weeg. Die Pk. kan besluit om 'n groter waarde aan een of meer van punt 11.1 tot 11.8 toe te ken.

Die tegniese versorging van die werk moet nie te hoog aangeslaan word in die beoordeling nie, aangesien dit nie die werk van die outeur was nie, maar wel van die Pk.

12. Indien 'n outeur in een jaar 'n hele aantal werke publiseer, tel die feit daarvan nie noodwendig in sy guns nie.

13. 'n Publikasie van 'n groot omvang (naamlik die aantal bladsye) bevoordeel of benadeel nie noodwendig die outeur nie.

14. Daar word eers bepaal watter genomineerde werk in elke sub-kategorie die beste is, en dan word die werke op 'n "kortlys" teen mekaar opgeveeg.

15. Die werk/publikasie wat deur die meeste persone genomineer is, word nie noodwendig gekroon of bekroon nie. Die Pk. neem 'n selfstandige besluit.

16. Net werke wat deur die Pk. (tans Lig in Duisternis Uitgewers) uitgegee is, kom in aanmerking vir die toekenning.

17. Skrywers van alle boeke, ook verbondsonderigboeke, mag genomineer word.

18. 'n Skrywer van 'n substansiële bydrae in 'n groepwerk, mag ook in aanmerking kom.

19. Die Pk. moet jaarliks 3 onbetrokke kundiges uit AP Kerk-geledere koöpteer om te help oordeel aan wie die prys toegeken moet word (sonder dat

dit enige reiskoste vir die Pk. meebring).

20. Lidmate word jaarliks d.m.v. *Die Boodskapper* uitgenooi om te nomineer binne die kategorie wat vir die betrokke jaar geld.

21. Die toekenning sal bekendstaan as *Lig in Duisternis*-prys en word toegeken vir die beste publikasie uit AP Kerkgeledere die afgelope twee jaar, wat deur Lig in Duisternis Uitgewers gepubliseer is.

22. Die toekenning sal bestaan uit die oorhandiging van 'n wisseltrofee en 'n klein persoonlike trofee.

Die wisseltrofee sal van hout gemaak wees met 'n plaat waarop die naam daarvan gegraveer is. Verder sal daar spasie wees waarop elke jaar 'n plaatjie aangebring kan word wat die volgende bevat:

Jaartal

Naam van outeur

Naam van publikasie Die persoonlike trofee moet die volgende gegewens uitgraveer hê:

Naam van toekenning

Jaartal

Naam van outeur

Naam van publikasie.

23. Die toekenning kan ook aan een of meer as een outeur in dieselfde jaar gemaak word deurdat dit tussen hulle gedeel word.

24. By die heruitgawe van 'n bekroonde werk, sal die feit van die toekenning in die werk vermeld word.

25. Die toekenning sal elke jaar gedoen word tydens die legitimasie van teologiese studente. In 'n jaar waarin 'n sinode konstitueer, sal dit tydens die sinode gedoen word.

Verslag: Kommissie vir Kerksang en Kerkmusiek (KKM)

Tydperk 8 September 1997 tot 29 April 1999

1. PERSONEEL

1.1 Deur agtste sinode aangewys (Handelinge 1997, bl. 354)

1.1.1 Prim: Di. CJS Botha, FC Burger, DJ (Danie) Malan, JD van der Merwe (s), JG van Staden

1.1.2 Gekoöpteerde lede: Mevv. EM Burger, PJ Cloete

1.1.3 Sekundi: Di. JH Theron, WJA van Schalkwyk, prof. HCG Robbertze

1.1.4 Medewerkers: Mevv. AH Boshoff, EM Hanekom, ds. RW Louw, prof. R Maré en ds. OD Scheuer.

1.2 Konstituering tydens agtste sinode (1997):

Di. DJ Malan (voorsitter), JD van der Merwe (ondervoorsitter), JG van Staden (skriba).

1.3 **Personeelwysigings:** Mev. EM Burger is later in die plek van ds. JG van Staden aangewys as skriba omdat hy nie meer sy weg oopgesien het om die skriba te hanteer nie.

2. VERGADERINGS

Die volle kommissie het – ter wille van besparing – slegs tweekeer formeel vergader t.w. op 2-3 Februarie 1998 en 5-6 Mei 1998.

Die lede wat op die Psalm- en Gesangehersienningskommissies dien, het meer dikwels vergader. Enkele ad hoc-kommissie-vergaderings is tydens die betrokke werksvergaderings gehou.

3. UITVOERING VAN OPDRAGTE: AGTSTE SINODE (1997)

(Vgl. Sakelys bl. 183-190, 228-237 en Handelinge 1997, bl. 299-302)

3.1 Proefsangbundel (Psb) (Sien Handelinge 1997 bl. 299, Aanbeveling 5.4 en 5.6)

3.1.1 Keuring van nuwe liederes vir toevoeging tot Proefsangbundel

Altesaam 55 voorgelegde liederes is deur die kommissie in behandeling geneem. Die meeste van die liederes is afgekeur omdat hulle nie voldoen aan die vereistes vir 'n gereformeerde kerklied nie. Ander is nog nie finaal verwerk en goedgekeur nie. Die volgende liederes is egter goedgekeur en beskikbaar vir gemeentes wat sou belangstel daarin:

3.1.1.1 *AS EK DAARDIE EERSTE LIEFDE* Woordes deur ds. JD van der Merwe en melodie van R Harkness.

3.1.1.2. *O GOD EN VADER VAN VERGIFFENIS* Woordes deur ds. JD van der Merwe en melodie van CHH Parry.

3.1.1.3. *KOM SING 'N LIED* Woordes deur dr. L du Toit en melodie deur mev. PJ Cloete.

3.1.1.4 *JESUS ONS HERE* Woordes deur ds. OD Scheuer.

3.1.1.5 *NIKS SAL ONS VAN GOD KAN SKEI NIE* Woordes deur mev. AH Boshoff.

3.1.1.6 *AANBID NOU DIE HEER* Woordes deur ds. Christi Botha.

3.1.1.7 *BROODJIES EN VISSIES* Woordes deur ds. FC Burger en melodie deur mev. EM Burger.

3.1.1.8 *GELOFTELIED* Woordes ds. FC Burger en melodie soos Ges. 128.

3.1.2 Deursending van gekeurde liederes na gemeentes

In die lig van die samewerking met die ander kerke aan die hersiening van die Psalm- en Gesangbundel, besluit die KKM om nie aan die opdrag gevolg te gee nie. (SIEN AANBEVELINGS HIERONDER). Bovermelde goedgekeurde liederes is op aanvraag by die KKM beskikbaar.

3.1.3 Verwerking en bewaring van kritiek op die Psalmboek

Dit is deur die KKM gedoen.

3.2 Samewerking met die ander Afrikaanse kerke t.o.v. die hersiening van die Psalms en Gesange

Baie besonderhede het reeds in die aanvullende sakelys vir die AGTSTE sinode van die AP Kerk op bladsye 228-237 verskyn. Afgevaardigdes word vriendelik versoek om hulle te vergewis van die inhoud daarvan ten einde sinvolle bespreking tydens die sinode te verseker.

Samewerking met ander kerke t.o.v. hersiening van die Psalms en Gesange het deurgaans plaasgevind. Sedert ons vorige (agtste) sinode het drie (3) Gesangekommissie werksvergaderinge in Pretoria plaasgevind, t.w. die vyfde werksverga-

ring op 10 tot 12 November 1997, die sesde op 23 tot 26 Junie 1998 en die sewende op 13 tot 16 April 1999. Drie (3) Psalmkommissie-werksvergaderinge is ook gehou in Potchefstroom. Adisionele vergaderinge is gehou vir musikoloë, teoloë en taalkundiges. 'n Agtste werksvergadering word beplan vir die eerste week in November 1999.

Op beide hersieningskommissies dien uiters bekwame kundige en behoudende teoloë, letter- en taalkundiges, digters en musici wat dit met mekaar eens is dat ons moet waak daarteen dat absoluut geen charismatiese of minderwaardige lekker-sing liedjies in die nuwe Liederebundel opgeneem mag word nie.

Die gesamentlike Gesange-hersieningskommissie bestaan uit 37 lede en word namens die AP Kerkverband bygewoon en verteenwoordig deur mev. PJ Cloete, ds. DJ Malan (ons voorsitter), prof. R Maré en ds. JD van der Merwe.

Op die Psalmkommissie wat uit 35 lede bestaan, verteenwoordig die volgende persone die AP Kerkverband: ds. FC Burger, mev. PJ Cloete, prof. HCG Robbertze en ds. JG van Staden.

Die APK-afvaardigings is by beide kommissies hartlik ontvang en ruim geleentheid gebied om die AP Kerk se standpunte duidelik te stel. Ons is dankbaar om te kan getuig dat alhoewel daar soms lank en deeglik gedebatteer word oor die korrekte woorde, musiek en/of teologies korrekte inhoud van 'n lied, die debat altyd in 'n goeie gees en gesindheid plaasvind en dat die kommissie onder die seënende hand van die Here soos 'n hegte familie saamwerk aan die ideaal om 'n liedereboek vir die kerke van gereformeerde belydenis daar te stel wat aan alle moontlike vereistes voldoen.

3.2.1 Vordering tot op datum

Beduidende vordering is gemaak met die hersieningswerk. Al die Psalms is nuut omgedig deur prof. dr. TT Cloete. Die werk is in beginsel reeds voltooi. Die Psalms is in baie gevalle verkort. So is Psalm 119 byvoorbeeld verkort van 63 verse na slegs 22. Cloete skryf dit in moderne, doeltreffende Afrikaans. Vir sommige lidmate wat gewoond is aan Totius se digwerk wat in 'n ou register, of idioom geskryf is, sal die nuwe digvorm seker teleurstellend wees. Die Psalmkommissie is egter baie tevrede met die werk van prof. Cloete. Die metode wat gevolg is by die digwerk, was soos volg: 'n deeglike eksegeese vanuit die oorspronklike grondtaal (Hebreeus) wat deur erkende kundige en behoudende Ou Testamentici gedoen is, is aan die digter voorgelê. Dit neem hy dan as basis vir sy omdigtingswerk.

Onbekende, swak Psalm-melodieë wat nooit goeie

ingang gevind het nie, is weggelaat en in die plek daarvan is sommige Gesangemelodieë gebruik, of nuwe melodieë is gekomponeer, wat op sigself baie mooi is, maar seker aanvanklik vreemd sal wees vir die kerkvolk.

Altesaam 110 uit die 150 Psalms is reeds in 'n finale stadium van afhandeling.

Rondom die Gesange, rapporteer die KKM die volgende: Al die Gesange in die Gesangeboek is in besonderhede deurgegaan en dogmatiese (leerstellige), letterkundige en semantiese veranderinge (waar dit noodsaaklik was) is aangebring. Daar is met groot omsigtigheid gekyk na die aanvaarbaarheid en singbaarheid van al die melodieë. Die musici was dikwels baie toegeeflik ten opsigte van liedere wat musikaal minder goed is, maar tog deur die jare geliefd en ingeburger geraak het veral onder ons ouer lidmate. Gevolglik het 'n hele aantal van die goue oues onveranderd behoue gebly.

Ander bundels soos Jeugsangbundels 1 en 2, Sing onder mekaar, ons eie APK Proefsangbundel en die Hallelujaboek is ook deurgewerk. Baie liedere uit hierdie bundels is nie goedgekeur nie en word weggelaat in die nuwe Gesangeboek. Uit die AP Kerk-Proefsangbundel is drie (3) liedere verwerk en aanvaar.

Die kommissie het ook 'n legio ander voorlegginge op die tafel gehad om te oorweeg. Die oorgrote meerheid van hulle slaag egter nie die toets van leersuiwerheid of van goeie gere-formeerde kerk-musiek nie of is eenvoudig letterkundig van 'n baie swak gehalte. Ongelukkig word baie van hierdie onwaardige rymelarye en liedjies egter reeds in sommige kerke na hartelus gesing. Dit strek, onses insiens, geen behoudende kerk van gereformeerde belydenis tot eer nie! Sulke ongekeurde liedere hoort eerder tuis in die sg. charismatiese kerke.

'n Hele aantal totaal nuwe liedere is toegevoeg tot die skat van nuwe Gesange. Hierdie liedere is o.a. goeie melodieë uit ander kerke van Duitse, Engelse, Amerikaanse en Franse oorsprong. Nuwe Afrikaanse tekste is deur erkende digters uit die samewerkende kerke vir hierdie melodieë geskryf.

Daar is onder andere besluit om 'n tiental kanons op te neem – 'n verrassende toevoeging. Voorts word ook eietydse liedere met nuwe woorde en nuwe melodieë asook 'n verskeidenheid kinder- en jeugliedere ingesluit.

Die kommissie werk ook nog aan 'n hele aantal (nuwe) temas – waaronder ook die Gelofte van 16 Desember. Almal is dit eens dat 'n Geloftegesang in die plek van die huidige Gesang 33 (waarvan die melodie en woorde afgekeur is omdat dit wel verbeter kan word) opgeneem moet word.

Tot op datum is sowat 260 uit die beoogde 400

nuwe Gesange in 'n finale stadium van afhandeling.

Die stamboek-gedagte bestaan nog steeds vir die nuwe Gesangeboek. Dit beteken dat elke kerk die reg het om sekere liedere wat nie vir daardie betrokke kerk aanvaarbaar sou wees nie, goedskiks weg te laat. Die afvaardiging van die AP Kerk het deurgaans versoek dat liedere nie ingevoeg moet word wat nie vir al die kerke aanvaarbaar is of waaroor daar nie eenstemmigheid verkry kan word nie.

Daar moet egter steeds besef word dat die kerkvolk in die betrokke kerke uit 'n verskeidenheid van lidmate bestaan en dat almal se musieksmaak nie dieselfde is of kan wees nie. Daarom is dit so 'n groot taak wat op die skouers van hierdie Hersieningskommissies se skouers rus om 'n liedboek daar te stel wat sover moontlik almal kan aanspreek en waarin die lof van God op 'n vars, eietydse en tog nie tydgebonde manier nie, van harte besing kan word.

Ten opsigte van sowat 15 goedgekeurde stemmingsliedere wat veral by die jeug byval vind en wat van Latynse oorsprong is (die sg. Taize-liedere) asook enkele liedere van Engelse oorsprong, is die vereiste dat die oorspronklike teks saam met die vertaalde teks afgedruk moet word alvorens kopiereg verleen sal word. Die redaksie beoog om dit so te doen dat dit nie hinderlik vir die oog sal wees nie.

Die AP Kerk-lede het hulleself telkens goed voorberei vir elke vergadering en het namens die AP Kerkverband getrou hulle woord probeer doen. Baie veranderinge wat in die nuwe Gesangeboek sal verskyn, is bydraes van hierdie afgevaardigdes. Die afvaardiging is oortuig daarvan dat hy opgetree het in belang van die AP Kerk in breër verband. Die blote feit dat die AP Kerk aan die hersieningsprojek deelneem, maak van ons medekopiereghouers van die beoogde nuwe liederbundel. Ons is verder oortuig daarvan dat die nuwe Psalm- en Gesangeboek een van die allerbeste kerkliedebundels ter wêreld sal wees wat nog ooit gepubliseer is.

3.2.2 Verskyning van die volledige Psalm- en Gesangeboek

Die Hersieningskommissies het in die vooruitsig gestel dat die nuwe Psalm- en Gesangeboek tydens die Hervormingsfees in die jaar 2000 sou verskyn. Daar is egter nog heelwat werk wat gedoen moet word, soos verkryging van kopiereg op al die liedere (o.a. van oorsese komponiste en selfs van die eksekuteurs van oorlede komponiste en digters!), grammatikale en redaksionele verbeteringe, punktuering, verfyning van die rubrisering, die uitskakeling van temas wat (onnodig) gedupliseer word, ensovoorts. Dit alles veroorsaak dat

die ingebruikneming van die volledige lied(ere)bundel waaruit by alle kerklike geleenthede gesing kan word, eers (hopelik) op Pinkstersondag in die jaar 2001 sal kan plaasvind. Alles word in die werk gestel om die koste van die liederbundel so laag as moontlik te hou – in die omgewing van R80-00.

Intussen kan gemeentes/kerke van die reeds goedgekeurde liedere aanvra en op 'n proefbasis voor die erediens benut. (SIEN AANBEVELING 5.6.1 HIERONDER)

3.3 Die Koorbundel

Die sinode kontinueer sy opdrag aan die KKM t.o.v. die samestelling van 'n geskikte koorbundel (Handelinge 1997, bl. 300, Aanbeveling 5.12)

Uit 'n ryke verskeidenheid van bestaande koorbundels en koorstukke wat oral gebruik word, is sowat 50 liedere saamgevoeg wat die KKM as geskik beskou en wat deur kore in die AP Kerkverband gesing kan word. Om dit as 'n enkele bundel te laat druk en uitgee, bly egter 'n veeleisende taak met allerlei slaggate soos kopiereg, die plek en funksie van die koor in die erediens ens. Verskeie koorstukke is reeds tot orrelistes wat orrelkonferensies bygewoon het, se beskikking gestel. Belangstellendes kan die gekeurde koorstukke teen 'n geringe vergoeding by mev. Rona Cloete bestel. (SIEN AANBEVELING 5.2 HIERONDER).

3.4 'n Konsepdienskontrak vir orreliste (Handelinge 1997, bl. 300, punt 5.13).

'n Konsepdienskontrak met pligtestaat vir orreliste is deur die KKM opgestel en oorgegee aan ds. en mev. FC Burger vir verdere verfyning met die opdrag om dit daarna deur te stuur na die sinodale Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS). Dit is gedoen. Die dienskontrak behoort dus nou by die KKS beskikbaar te wees.

3.5 Plek en funksie van die koor in die erediens (Handelinge 1997 bl 266, punt 9.7).

'n Studie rondom die plek en funksie van die koor in die erediens is deur die sinode na die KFL, in samewerking met die KKM verwys. 'n Studiestuk is op 29 Oktober 1998 gepos aan die skriba van die KFL, ds. AL van Heerden. Aanbevelings in hierdie verband sal gevolglik voor die sinode dien.

3.6 'n Seleksie liedere vir jeugsang (Handelinge 1997, bl. 289 punte 4.2.1, 4.2.2).

Die sinode het die KKM versoek om in samewerking met die KVO 'n seleksie van liedere daar te stel vir gebruik tydens jeugbyeenkomste en kampe, asook gekeurde liedere vir jeugsang. Tydens 'n vergadering op 05/02/1998, wat saam met die KVO gehou is, is op so 'n versameling liedere besluit. Het die KVO gevolg daaraan gegee?

4. KORRESPONDENSIE

4.1 Van die volgende persone is korrespondensie ontvang:

4.1.1 Ds. AL van Heerden, skriba van die kommissie vir Formuliere en Liturgie (d.d. 22/04/1998) insake Plek en funksie van die Koor in die erediens is op 29/10/1998 met 'n studiestuk volledig beantwoord.

4.1.2 Die skriba, ouderlingeraad AP Kerk Roodepoort (d.d. 08/08/1998 via faks vanaf Kerkkantoor op 25/08/1998) insake Lys van Hallelujaliedere wat nie met die Bybel versoenbaar is nie, is in Januarie 1999 volledig beantwoord.

4.1.3 OP Neush namens kerkraad AP Kerk Tygerberg (d.d. 21/09/1998 en 22/02/1999) insake Verbod op gebruik van Hallelujabundel is aan die hand van 'n lywig-opgestelde memorandum beantwoord op 24/02/1999.

4.1.4 Ds. AP Boshoff, AP Kerk Barkly-Wes insake Versoek Begeleiding vir sang in erediens op CD (d.d. 23/09/1998) geniet nog aandag. Die KKM vra of die AP kerkverband dit kan bekostig? Moet ds. Boshoff nie maar die SAUK nader wat oor sodanige opnames beskik nie?

4.1.5 Ds. L du Toit namens kerkraad en gemeente AP Kerk Louis Trichardt (d.d. 03/11/1998) insake Gemeentelike Meningspelling oor die Proefgesange waaruit blyk dat

- 40% heelhartig ten gunste van die Proefsangbundel is;
- 20% absoluut daarteen gekant is;
- 40% verkies dat uit die Psb. én Hallelujabundel gesing word.

4.1.6 Die skriba AP Kerk Fraserburg (via SKK d.d. 24/11/1998) insake Sangbundel en Halleluja is ook op 24/02/1999 volledig beantwoord.

4.1.7 Waarnemende ringskriba ds. NJ Swart, ring van Somerset-Oos (via faks AP Kerk Naboomspruit d.d. 16/02/1999) insake Beskrywingspunt: beswaar oor verbod op die sing van Hallelujaliedere is volledig beantwoord op 25/02/1999 en voorsien van 'n memorandum Enkele riglyne vir kerksang in die AP kerkverband (opgestel deur die KKM voorsitter).

4.1.8 LJ Korkie (d.d. 12/02/1999) insake begroting 1999 – geniet aandag.

4.1.9 Skriba AP Kerk Riversdal (d.d. 21/03/1999) insake konsepdienskontrak vir orreliste – geniet aandag.

4.1.10 LJ Korkie (d.d. 12/04/1999) insake begroting 1999.

4.2 Behalwe bovermelde is skrywes gerig aan:

4.2.1 LJ Korkie per faks op 02/11/1998 insake KKM begroting vir 1999.

5. AANBEVELINGS

5.1 Die sinode gee – soos gebruikelik – opdrag aan die KKM om die sang tydens die sinodesitting te reël en waar te neem.

5.2 Wysiging van KKM-lasgewing 8 ten opsigte van 'n eie koorbundel

Aangesien allerlei praktiese probleme ondervind word rondom 'n eie APK-Koorbundel besluit die sinode om nie die opdrag aan die KKM tot die daarstelling van sodanige bundel te kontinueer nie en skrap gevolglik lasgewing 8 van die KKM in die verband.

Motivering

1. Om kopiereg te verkry vir 'n eie koorbundel is 'n duur en langdurige proses.
2. So 'n bundel sal duur wees en die APK moet in ekonomiese swak tye bespaar.
3. Koorleiers/orreliste kan ad-hoc koorstukke by die KKM verkry.
4. Kerkkore moet/kan onses insiens eerder aangewend word om van die nuwe gekeurde Psalms en Gesange vir gemeentes aan te leer.
5. Dit blyk dus nie moontlik te wees om 'n goeie koorbundel vir die AP Kerk die lig te laat sien nie.

5.3 Die sinode moedig gemeentes en orreliste aan om goeie koorstukke by die KKM te bestel.

5.4 In die lig van die samewerking met die ander Afrikaanse Kerke aan die hersiening van die Psalms en Gesange keur die sinode die optrede van die KKM goed, nl. dat gekeurde liedere nie aan die gemeentes deurgestuurd is vir opname in die Proefsangbundel nie.

5.5 Die sinode wys dr. HJ Smith (prim.) en prof. R Maré (sek.) aan as sy verteenwoordigers op die redaksiekommissie van die Hersiene Psalm- en Gesangeboek.

Motivering

1. Die broeders is onses insiens kundig en vaardig om op die redaksie te dien.
2. Ter wille van kostebesparing. Die redaksie sal voortaan meer dikwels moet vergader en die huidige voorsitter en ondervoorsitter van die KKM woon te ver van Pretoria af.

5.6 Wyse van ontvangs/goedkeuring/aankoop van hersiene Psalm- en Gesangeboek

5.6.1 Die sinode moedig kerkrade aan om van die reeds hersiene en gekeurde Psalms en Gesange te bestel en op 'n proefbasis voor

en/of tydens eredienste aan te leer – moontlik deur die aanwending van 'n geskikte kerkkoor of 'n sanggroep.

Motivering

1. Sodoende kan gemeentes vertrouwd raak met die inhoud van die hersiene liedere.
2. Hoe anders gaan ons oordeel oor die ontvanklikheid daarvan?
3. Dit sal die verskyning van die uiteindelijke finale produk bespoedig.

(Ter inligting:

1. Die Psalms (in verskillende pakkette) kan bestel word by: Die Skriba Psalmkommissie p/a mev. van Rensburg, Teologiese Fakulteit, Universiteit van Pretoria, 0002. Tel 012-420-2669.

2. 'n Bundeltjie met dertig (30) proefgesange is reeds saamgestel en kan bestel word by ds. EC Kloppers Posbus 914-1112 Wingatepark 0153. Tel (012) 345-1572.

5.6.2 Die sinode gee opdrag aan die Tydelike KKM om tydens hierdie sitting 'n voorlegging voor te berei met die oog op die goedkeuring van die nuwe Liederebundel en die kontraktuele deelname aan die uitgee van die bundel (ooreenkomste met uitgewers).

5.7 Die sinode keur die begroting van die KKM soos aan die Finansiële Kommissie voorgelê, goed.

5.8 Die sinode keur die optrede asook hierdie verslag van die KKM as geheel goed.

6. BESKRYWINGSPUNTE

6.1 Die ring van Mooinooi: HALLELUJALIEDE-RE

Die sinode gee duidelik uitspraak oor die gebruik al dan nie van die Hallelujaboek buite die erediens.

Motivering

Die agste sinode (1997) het eers beslis (by implikasie) dat die Hallelujaliedere wel gesing mag word buite die erediens (Handelinge 1997, bl. 301, punt 6.3.1.2). Later het dieselfde sinode op 'n tegniese punt besluit dat geen Hallelujaliedere buite die erediens gesing mag word nie (Handelinge 1997, bl. 332, punt 254).

Die volgende werkswyse word aan die hand gedoen:

1. Gemeentes wil graag voldoen aan die sinode se beroep om 'n positiewe gesindheid jeens die Proefsangbundel.
2. Om die Proefsangbundel egter af te forseer op gemeentes met 'n totale verbod op sang (buite die erediens) uit die Hallelujaboek, plaas hierdie positiewe gesindheid onder groot spanning.

3. Die Hallelujaboek het, veral onder ouer lidmate, 'n haas onuitroeibare inslag gevind. Geleidelike infasering van die Proefsangbundel is daar die verstandige werkswyse.

4. Aanwysing waarom die bewoording en/of melodieë van alle of selfs net bepaalde Hallelujaliedere onaanvaarbaar is, is nog nie oortuigend en bevredigend gelever nie.

(Ring van Mooinooi, 29/03/1999)

KOMMENTAAR EN AANBEVELING

6.1.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.1.2 Ongelukkig kon dit nie op 'n formele KKM vergadering behandel of bespreek word nie omdat dit eers op 16/04/1999 per hand aan die voorsitter van die KKM oorhandig is.

6.1.3 Die dagbestuur van die KKM oordeel dat dit wel tydens die sinodesitting kan dien en moontlik na die tydelike KKM verwys kan word vir deeglike besinning en voorlegging aan die volle vergadering.

6.2 Ring van Kimberley: Insluiting van sekere formuliere in beoogde nuwe Psalm- en Gesangboek

Die sinode beveel aan by die Kommissie vir Kerkang- en Kerkmusiek (KKM) om, indien moontlik, oorweging daaraan te skenk om sekere formuliere in te sluit in die beoogde nuwe Psalm- en Gesangboek.

Motivering

Daar bestaan 'n behoefte by sekere gemeentelêde om bv. die Doopformulier saam met die leraar te lees om sodoende hulle kennis te verfris en uit te brei. Die Kerkboek is teen R50-00 te duur vir baie lidmate en die gedagte is dat indien die mees gebruikte formuliere in die Psalm- en Gesangboek opgeneem word, dit in een boek is wat altyd saamgeneem word na die erediens.

AANBEVELING

6.2.1 Die sinode verwys die beskrywingspunt van die ring van Kimberley oor die opname van sekere formuliere in die nuwe Psalm- en Gesangboek terug na die KKM.

7. SLOT

Die KKM vertrou dat hy aan sy opdrag volgens sy lasgewing voldoen het en wens die sinode 'n aangename en geseënde negende sitting toe.

DS DJ (DANIE) MALAN
VOORSITTER

DS JD VAN DER MERWE
ONDERVOORSITTER

Verslag van die Sesde Bestuur van die Raad van Kerkadministrasie

TYDPERK:12/9/1997-18/5/1999

1. BESTUURSPERSONEEL

1 Lede deur die RKA verkies

Primarii: Oudle. SA van der Westhuizen, WP Murray, HA Mocke, DGH Nolte, CH Bester.

Sekundi: Oudle. HJ Janse van Rensburg, CA Keyter, DF Robertson, BJM Rossouw, LR Treurnich.

2 Lede benoem

Deur SKK

Primarius Ds. NJ Rautenbach

Sekundus Ds. RMJ Britz

Deur Kuratorium

Primarius Ds. JH van der Walt

Sekundus Ds. NJ Rautenbach

Deur KKS

Primarius Ds. JC Lamprecht

Sekundus Ds. MJ Hartzenberg

Deur FK

Primarius Oudl. BJM Rossouw

Sekundus Ds. LD Pienaar

3 Ampsdraers

Voorsitter: Ds. JH van der Walt
Ondervoorsitter: Oudl. SA van der Westhuizen
Sekretaris: Ds. MC Adendorff (Direkteur van Kerkadministrasie, adviserend)
Assistentsekretaris: Mnr. CJ de la Rey (Administrateur, adviserend)

1.4 Dagbestuur

Ds. JH van der Walt, oudle. SA van der Westhuizen en DGH Nolte, ds. MC Adendorff (Direkteur van Kerkadministrasie, adviserend)

1.5 Eiendomskomitee

Die BRKA het uit sy geledere die volgende lede op die Eiendomskomitee aangewys:

Oudle. SA van der Westhuizen (voorsitter), CH Bester (ondervoorsitter), WP Murray en mnr. CJ de la Rey. As sekundus is oudl. DGH Nolte aangewys.

1.6 Beheerraad van die jeugtuiste

Die Beheerraad is saamgestel deur die BRKA en

bestaan uit die volgende lede:

Ds. JA de Beer (voorsitter), oudl. CH Bester (ondervoorsitter), ds. JH van der Walt, oudl. PS Buys, mnr. CJ de la Rey (administrateur, ampshalwe, skriba), en die vyf lede van die Huiskomitee waarvan slegs twee stemreg het.

Tydens die vergadering van 19 Februarie 1998 is oudl. SA van der Westhuizen ook aangewys as verteenwoordiger van die BRKA op die Beheerraad.

Die Huiskomiteelede vir 1998 was mnrr. M Jordaan, LE Prinsloo, JC du Toit, WL Broekman, LEL Musmann en vir 1999 mnrr. HA Eksteen, W Pretorius, MG Snyman, LEL Musmann, TL Theunissen.

1.7 Ad hoc-komitees

Die BRKA het van tyd tot tyd volgens behoefte ad hoc-komitees benoem wat almal aan die BRKA verslag gedoen het.

2. VERGADERINGS

In die verslagtydperk het die BRKA 11 vergaderings gehou.

3. SENTRALE KERKKANTOOR

3.1. Permanente personeel

3.1.1 Direkteur van Kerkadministrasie: Ds. MC Adendorff.

3.1.2 Sekretaresse vir Direkteur: Mev. R McDonald.

3.1.3 Administrateur: Mnr. CJ de la Rey.

3.1.4 Rekenmeester: Mnr. LJ Korkie.

3.1.5 Rekeningkundige beampte: Mnr. CWA Durand.

3.1.6 Rekenaaroperatrise/klerk: Mej. JG Bresler.

3.1.7 Rekeningkundige klerk: Mev. JP van der Merwe.

3.1.8 Rekeningkundige klerk: Mej. J Needham.

3.1.9 Argivaris: Ds. WM Grové. Ds. Grové beklee die pos op 'n deeltydse basis (voormiddae gedurende weeksdae)

3.1.10. Afdelingshoof publikasies: dr. HJ Smith.

Dr. Smith is ook die Redakteur van *Die Boodskapper*.

3.1.11. Publikasiebeampte: Mev. A Britz.

3.1.12. Publikasiebeampte: Mev. JP van lille.

3.1.13. Hoofklerk: Boekwinkel: Mnr. JEA Bester.

3.1.14. Rekenaaroperatrise/klerk vir boekwinkel: Mev. L Dippenaar.

3.1.15. Boekwinkelklerk: Mnr. HJ van der Merwe.

3.1.16. Tikster: Mev. A Alester.

3.1.17. Tikster: Mev. SC Marè.

3.1.18. Ontvangsdame/liasseerklerk: Mev. GA Booyens.

3.1.19. skoonmaker by Brookshuis: Mev. AMJ Coetzee.

3.1.20. Sekuriteitsbeampte: Mnr. CWA Durand. Mnr. Durand, die rekeningkundige beampte, is ook aangestel as sekuriteitsbeampte met as enigste vergoeding die inwoning vir hom en sy gesin in die woonstel op die terrein van Brookshuis.

3.2. Tydelike personeel

3.2.1. Tegnieuse beampte: mnr. JD Jansen van Rensburg.

3.2.2. Nutsmanne: Mnrr. AJJ Groenewald en DH van Heerden.

3.2.3. Skoonmaker: Mev. TT Hanekom.

3.3. Deeltydse hulp

Wanneer nodig word van deeltydse hulp gebruik gemaak vir beperkte tye, soos byvoorbeeld in afdeling Publikasies tydens versending van *Die Boodskapper*.

3.4. Teologiese skool

3.4.1. Registrateur/sekretaresse: mev. CM Venter.

3.4.2. Tikster: mej. E Nicklbauer.

3.4.3 Skoonmaker: mev. MC Scheepers.

3.5. 'n Organogram waarop die verskillende poste aangedui word, sal in 'n addendumverslag opgeneem word.

4. AGTERSTALLIGE 15% BYDRAES

Ten opsigte van agterstallige 15% bydraes het die agtste sinode besluit (Handelinge bl. 272):

4.1. 'n Agterstallige gemeente bespreek sy agterstalligheid en die vereffening daarvan voor 31 Desember 1997 met die BRKA.

4.2. Die sinode gee opdrag aan ringe om noukeurig opname te maak van elke agterstalligheid en wat i.v.m. terugbetaling met die BRKA gereël is.

4.3. Die sinode dra dit aan elke ring op om toe te sien dat die reëlins van agterstallige gemeentes rakende agterstallige bydraes met die BRKA nagekom word.

Aan elke gemeente wat agterstallig is met 15% bydraes is 'n persoonlike brief gerig waarin die besluit van die agtste sinode aangehaal is en optrede van die kerkraad dienoreenkomstig gevra is. 'n Afskrif van dié brief is aan die betrokke ring gerig met die versoek om die sinodebesluit uit te voer.

Daar is gemeentes wat op die skrywe gereageer het, maar 'n aantal gemeentes het nie gereageer nie. Nege gemeentes het voldoen aan die voorwaardes vir die afskrywing van 50% van die uitstaande 15% bydraes wat voor 31 Desember 1995 verskuldig was. Vier gemeentes het reëlins met die BRKA getref vir afbetaling van die verskuldigde 15% bydraes. In bylae FK1 aangeheg by die FK-verslag verskyn die name van die gemeentes wat nog steeds agterstallig is met hulle 15% bydraes sowel as die aantal maande wat hulle agterstallig is.

5. VERKOOP VAN RKA EIENDOMME

Die agtste sinode/RKA het die volgende besluite geneem ten opsigte van die verkoop van die RKA-eiendomme:

5.1. Handelinge bl. 315 punt 205

Die sinode besluit dat die BRKA en FK versoek word om:

5.1.1 ondersoek in te stel na die verkoop van al die vaste eiendomme in Pretoria;

5.1.2. ondersoek in te stel na alternatiewe huisvesting/eiendomme wat kan voldoen aan die huisvesting van die administrasie van die kerk/kuratorium en studentehuisvesting indien moontlik, op die mees ekonomiese wyse.

5.2. Handelinge bl. 278 punt 86 (8)

Die RKA besluit dat die verkoop van Brookshuis deurlopend die aandag van die Eiendomskommissie en die BRKA moet geniet en dat hulle terselfdertyd ondersoek moet instel na geskikte alternatiewe huisvesting vir die administrasie wat tans in Brookshuis gevestig word.

5.3. Handelinge bl. 279 punt 86 (21)

Die RKA besluit om die verkoop van die jeugtuiste te laat ondersoek en om indien moontlik die gebou te verkoop.

6. OPDRAG VAN DIE BRKA AAN DIE EIENDOMSKOMITEE

Op 4 Junie 1998 het die BRKA die volgende besluit geneem (BRKA notule, 4 Junie 1998, bl. 19 punt 15.3.1-15.3.3):

Die BRKA dra dit aan die Eiendomskomitee op om in oorleg met belangstellende lede van die BRKA die verkoop van Brookshuis, die geboue van die teologiese skool en die jeugtuiste deeglik te ondersoek en aanbevelings aan die volgende vergadering van die BRKA voor te lê. Die verslag vir finale oorweging moet onder meer bevat:

- die voor en nadele van konsolidasie van die eiendomme
- 'n kosteberekening van die huidige onderhoud van veral Brookshuis
- voorstelle vir alternatiewe huisvesting.

Die Kuratorium, teologiese dosente en die FK moet oor die sake geraadpleeg word.

Die vereistes vir 'n argief, die biblioteek en die teologiese skool moet besonderlik in gedagte gehou word by die vind van alternatiewe huisvesting.

6.1 Huidige eiendomme van die RKA

	Kosprys (verbeterings ingesluit)	Oppervlakte
Brookshuis	R2 753 129-00	1 166 m ²
Teologiese skool	R413 853-00	642 m ²
Jeugtuiste	R716 055-00	571 m ²
Woonstel	R85 311-00	
	R3 968 348-00	

6.1.1 Brookshuis

Brookshuis is in Junie 1993 betrek en sedertdien is die buitemure nog nie weer geveerf nie. Na 'n deeglike inspeksie deur 'n vakkundige is bevind dat die geboue te Brookshuis dramatiese verswak het as gevolg van daklekkas en mure wat water absorbeer asook reënwater wat vanaf fondasies opgesuig word. Die verflaag op mure is deur verskeie jare se reën en weersomstandighede deurgebrand en bied geen beskerming nie. Vensterrame se stopverf val uit, verf dop af en as gevolg hiervan swel rame en kan vensters nie deeglik toemaak nie. Die hoofgebou se dak lek as gevolg van leiklip wat gekraak is en skuif. Die gevolg is dat dakhout kan verrot en meegee. Volgens kwotasies wat verkry is sal dit ongeveer R100 000-00 kos om die nodige herstelwerk te laat doen.

Dit behels nie 'n langtermyn oplossing vir die veelvoudige pleisterbarste nie. Die oplossing hiervoor volgens die vakkundige is om die pleister in totaal te vervang.

Akkommodasieprobleme word ook by die boekwinkel ondervind. Die boekwinkel benodig dringend bykomende bergingsruimte vir boeke volgens die afdelingshoof publikasies (kyk punt 2.9.7).

6.1.2 Teologiese skool

Volgens 'n behoeftebepaling vir akkommodasie deur die rektor, prof. FAH van Staden, is die teologiese skool hopeloos te klein. Die biblioteekruimte moet meer as verdubbel word om die huidige voorraad biblioteekboeke te huisves. Daar is ook 'n dringende behoefte aan meer kantore vir die dosente en bykomende lesingsale, veral nou dat lesings ook vir voorgraadse studente aangebied word. Volgens die rektor word groter akkommodasie baie dringend benodig.

Nadat die BRKA besluit het om nie voort te gaan met die projek waarvolgens die huidige eiendomme vervang word (kyk punt 9), is gedeeltelik voldoen aan die dringende behoefte aan groter akkommodasie (kyk punte 10 en 11).

6.1.3. Jeugtuiste

Ten spyte van streng besparingsmaatreëls by die jeugtuiste het beskikbare finansiële inligting op 30 Junie 1998 daarop gedui dat die jeugtuiste afstuur op 'n verlies van meer as R70 000-00 vir 1998, terwyl die begrote subsidie R24 000-00 bedra. 'n Belangrike rede waarom die jeugtuiste teen 'n verlies bedryf is, is omdat die vaste kostestruktuur a.g.v. die spyseniersdiens te groot is vir die klein aantal inwoners wat gehuisves kan word.

Die BRKA het besef dat drastiese stappe nodig is om die oorskryding van die begroting aan te spreek en het op 6 Oktober 1998 besluit:

Die jeugtuiste word gesluit op 31 Desember 1998 en die woonstel John Rock word verkoop. Skeidingspakkette met die spysenier en die skoonmaker is onderhandel.

6.1.4 Woonstel vir spysenier van die jeugtuiste

Die woonstel in Sunnyside is aangekoop op 29 September 1995 om vir die spysenier huisvesting te voorsien. Met die staking van spyseniering by die jeugtuiste op 31 Desember 1998 is die woonstel in die mark om verkoop te word. Intussen word dit verhuur.

6.2 Vergaderings gehou

Op 27 Julie, 25 Augustus en 30 September 1998 is vergaderings deur die Eiendomskomitee gehou waarheen ook verteenwoordigers van die gebruikers van die huisvesting uitgenooi is omdat hulle insette en advies belangrik is vir die Eiendomskomitee wat aanbevelings aan die BRKA moet maak. Persone wat die vergrote eiendomskomiteevergaderings bygewoon het, sluit lede van die volgende kommissies in:

Die Kuratorium, Publikasiekommissie, Argiefkommissie, SKK, FK en BRKA. Ook die rektor van die teologiese skool, ander teologiese dosente en die direkteur van kerkadministrasie was teenwoordig.

6.3 Die eiendomsmark getoets

Die Eiendomskomitee het die eiendomsmark getoets. Daar was verskeie belangstellings, veral vir Brookshuis maar ook vir die teologiese skool en die jeugtuiste. Lede van die Eiendomskomitee het samesprekings gevoer met vele agente en persone, waaronder ses ambassades, wat belanggestel het om van die eiendomme te koop en ook na verskeie geboue en persele wat te koop is, gaan kyk. Net een aanbod, om Brookshuis te koop teen R4 000 000-00, is uiteindelik ontvang. Hierdie aanbod behels dat die AP Kerk kosteloos in Brookshuis bly tot 31 Mei 1999 of tot 'n later datum, as so ooreengekom word. By aanvaarding van die aanbod betaal die kopers R100 000-00 en die balans by oordrag. Geen aanbiedinge is vir die teologiese skool of die jeugtuiste ontvang nie.

Dit blyk, volgens verskeie eiendomsagente, dat ambassades reeds eiendomme in die omgewing van die Uniegebou aangekoop het en dat verdere belangstelling uit daardie oord skraal is.

Die waarde van die teologiese skool en die jeugtuiste is hoofsaaklik die grondwaarde daarvan aangesien die verbeterings daarop nie doelmatig is vir ander gebruike nie. In die huidige mark kan daar kwalik meer as R1 500 000-00 vir beide eiendomme verwag word.

6.4 Eiendomme wat oorweeg is as alternatiewe huisvesting

6.4.1 Eiendom in Montana wat deur Telkom gehuur word (Telkomgebou)

Die Telkomgebou is in Montana geleë, naby Zambeziryiaan, in 'n snelontwikkende gebied. Die grootte van die grond is 8 hektaar en die oppervlak van die geboue, volgens die huidige eienaar, is:

Hoofgebou	2460 m2
Enkelvlakgebou	562 m2
Motorafdakke	672 m2 (44 motors)

In opdrag van die vergrote Eiendomskomiteevergadering van 27 Julie 1998 het die argitek, mnr. Johan Els, en die bourekenaar, mnr. Christo Ferreira, die behoefte aan akkommodasie van die sentrale kerkkantoor en die teologiese skool by die Telkomgebou ingepas. Hulle het bevind dat 'n nuwe toiletblok en nuwe lesingsale aangebou sal moet word. Die beraamde koste van opknapping, herindeling en nuwe fasiliteite beloop R3 441 288-00. (Volledige planne van die Telkomgeboue, nuwe fasiliteite en kosteberamings is voorgelê)

Die koopprys van die 8 hektaar grond en geboue beloop R3 990 000-00, maar is onderhandelbaar. 'n Berekening van die bourekenaar toon dat 'n billike prys vir die grond en geboue R3 461 800-00

bedra, wat die totale beraamde koste van die eiendom (die grond en geboue en die opknapping, herindeling en aanbouings) op R6 903 088-00 te staan bring. Met slegs 'n aanbod van R4 000 000-00 vir Brookshuis, is die aankoop van die Telkomgebou finansiële nie haalbaar nie.

6.4.2 Sinagoge

Die ou sinagoge is in Pretoriusstraat, regoor die Andrew McColm Hospitaal geleë, en is in die mark vir R3 500 000-00. Op versoek van lede van die vergrote eiendomskommissie is 'n besoek aan die eiendom gebring en bevind dat die geboue vervalle is en nie geskik om die administrasie en teologiese skool te huisves nie. Daar is ook nie parkering beskikbaar nie. Die perseel is ongeveer 4800m2 groot (Brookshuis se perseel is net meer as 5000 m2).

6.4.3. AGS-Eiendom aangrensend aan Brookshuis

Na 'n ondersoek is bevind dat die eiendom nie te koop is nie.

6.4.4 Gebou van die Akademie vir Wetenskap en Kuns

Die gebou is langs die Uniegebou geleë. Eenrigtingpaaie maak dit moeilik om die gebou per motor te bereik. Die gebou is te klein om die administrasie en die teologiese skool te huisves. Daar is nie parkering beskikbaar nie.

6.4.5 Gebou in Clanwilliam

'n Ou koshuis in Clanwilliam (Wes-Kaapland) wat deur die AP Kerk Clanwilliam besit word, is aan die BRKA aangebied vir R1 250 000-00. Die vloeroppervlak van die gebou is 2200 m2 en staan op 'n perseel van 9216 m2. 'n Deel van die kaal perseel word uitgehou deur AP Kerk Clanwilliam om 'n kerk op te bou.

Die gebou is baie oud en ondoelmatig. Die perseel wat minder as 'n hektaar groot is, is te klein vir toekomstige uitbreiding.

As gevolg van die groot afstand na Clanwilliam en die groot koste daaraan verbonde, is die aanbod nie verder ondersoek nie.

6.4.6 Moontlike uitbreiding van die bestaande geboue vir voortgesette gebruik

6.4.6.1 Aanbou

Die Eiendomskomitee is van mening dat dit nie ekonomies geregverdig is om aan te bou op die persele van die teologiese skool en die jeugtuiste nie. Die eiendomme word oorgekapitaliseer en die bykomende koste sal nie verhaal kan word as die eiendomme verkoop word nie. Die persele is ook te klein vir doelmatige aanbouings. Derhalwe is die saak nie verder ondersoek nie.

By Brookshuis kan nie aangebou word nie. Dit is 'n historiese gebou onder die toesig van die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede.

6.4.6.2 Sluit jeugtuiste en gebruik gebou vir teologiese skool

Vir die korttermyn bied hierdie moontlikheid 'n oplossing vir die gebrek aan ruimte by die teologiese skool, mits die gebou nie aangepas hoef te word vir die akkommodasiebehoeftes van die teologiese skool nie. Dit sal te veel kos om die gebou te verander in doelmatige kantore en lesingsale vir die teologiese skool. Die jeugtuiste is reeds oorgekapitaliseer.

Die instandhoudingskoste van die jeugtuistegedoue is baie hoog. Groot probleme word ondervind met dakke wat lek en mure wat water absorbeer. Kwotasies is nog nie verkry vir die herstelwerk nie.

6.5 Aanbod van die ontwikkelaars, Savána Beleggings Ontwikkelaars (Edms) Bpk.

'n Aanbod is op 20 Julie 1998 van Savána Beleggings Ontwikkelaars (Edms) Bpk (Ontwikkelaars) ontvang wat die volgende insluit:

6.5.1 In ruil vir Brookshuis, die teologiese skool en die jeugtuiste onderneem die ontwikkelaars om op eie koste die volgende doelmatige geboue op te rig en te voltooi volgens die tekeninge voorgelê:

6.5.1.1 Administrasie en finansies	864 m2
6.5.1.2 Boekwinkel, publikasies en argief	462 m2
6.5.1.3 Teologiese skool	1 218 m2
6.5.1.4 Opsigterswoning	72 m2
6.5.1.5 'n Saal vir 200 persone	255 m2
Totaal	2 871 m2

Die ontwikkelaars is bereid om die 2871 m2 geboue wat op eie koste opgerig word te verhoog tot 'n maksimum van 2900 m2 .

6.5.2 Die aanbod sluit ook in:

6.5.2.1 Geplaveide parkeerplekke vir 106 motors

6.5.2.2 Krag aansluiting en kragverspreiding

6.5.2.3 Boorgat, elektriese pomp, watertanks en waterverspreiding

6.5.2.4 Twee volledige sug rioolstelsels

6.5.2.5 Vier hoë mas sekuriteitsligte

6.5.2.6 Paaie soos op terreinplan aangedui

6.5.2.7 Alle professionele fooie ten opsigte van ontwerp en konstruksie van die projek.

6.5.2.8 Omheining van die perseel (5 hektaar) met 'n 2m hoë sekuriteitsheining en 'n toegangshek.

6.5.3 Die BRKA is verantwoordelik vir die aankoop van 'n geskikte perseel. Die ontwikkelaars dra R180 000-00 by tot die aankoop aan die perseel.

6.5.4 In plaas van die bedrag van R180 000-00 vir die aankoop van die perseel is die ontwikkelaars bereid om 'n perseel van ongeveer 5 hektaar aan die BRKA te skenk. Die perseel is geleë aan Garsfonteinweg ongeveer 20 km oos vanaf Menlyn Winkelsentrum of 25 km vanaf Brookshuis (kyk punt 6.6.3).

6.5.5 Die AP Kerk bly kosteloos aan in Brookshuis, die teologiese skool en jeugtuiste tot dat die voorgestelde nuwe geboue gereed is vir okkupasie. 'n Tydperk van ongeveer vier maande is nodig om die projek te voltooi.

6.5.6 Die ontwikkelaars beklemtoon dit dat die meegaande tekeninge 'n konsep ontwerp van die geboue is en aan verdere verfyning en insette van die gebruikers daarvan onderworpe is.

6.6 Grond vir ontwikkeling

Na aanleiding van die aanbod van die ontwikkelaars is na geskikte grond gesoek waarop doelmatige geboue opgerig kan word. Die grond moet groot genoeg wees vir uitbreiding op die langtermyn. Die ontwikkelaars het net R180 000-00 beskikbaar gestel vir die aankoop van die grond.

Die volgende persele is ondersoek:

6.6.1 Centurion (Irene)

In Irene is 'n 2_ hektaar kleinhoewe beskikbaar teen R2 500 000-00. Dit is te duur en te klein en is nie verder oorweeg nie.

6.6.2 Lynnwoodweg

In Lynnwoodweg, net oos van Gift Acres, is 'n 6,8 hektaar kleinhoewe in die mark teen R2 000 000-00. Omdat dit te duur is, is dit nie verder oorweeg nie.

6.6.3 Skenking van ontwikkelaars

In plaas van die bedrag van R180 000-00 vir die aankoop van die perseel is die ontwikkelaars bereid om 'n perseel van ongeveer 5 hektaar, 'n deel van 'n kleinhoewe wat hulle besit, aan die BRKA te skenk. Die perseel is geleë aan Garsfonteinweg ongeveer 20 km oos vanaf Menlyn Winkelsentrum of 25 km vanaf Brookshuis. Oudl. SA van der Westhuizen het saam met die ontwikkelaars die perseel besoek. Daarna het oudl. Van der Westhuizen, prof. IA Brink en ds. MC Adendorff ook die perseel besoek. Die perseel is geskik vir boudoeleindes bevind maar is afgeleë. Ontwikkeling in die omgewing sal na verwagting nie gou plaasvind nie. Daar is nie 'n ondersoek gedoen na die beskikbaarheid van water en die koste van die aanlê van elektrisiteit nie.

6.6.4 Grond aangrensend aan Kleinfontein

'n Goedgesinde persoon, mnr. Koot Niemann, besit 'n plaas van 92 hektaar aangrensend aan Kleinfontein. Hy het 8,3 hektaar van die plaas, wat aan Kleinfontein grens, aan die BRKA geskenk onderhewig aan die voorwaarde dat die grond alleenlik gebruik word vir die oprigting van kerkkantore, 'n teologiese skool/tersiêre opvoedkundige inrigtings en/of ander verbeterings wat daarmee in verband staan.

'n Skenkingsooreenkoms, opgestel deur dr. PJ Kotzé Ingelyf, is op 14 September 1998 deur die skenker en oudl. SA van der Westhuizen, namens die BRKA onderteken. Die voorgestelde onderverdeling word gedoen deur die landmeter Van Dyk en medewerkers.

6.6.5 Skenking deur Kleinfontein Boerebelange Koöp. Bpk.

Kleinfontein Boerebelange Koöp. Bpk. (Kleinfontein) het 5,04 hektaar grond, aangrensend aan die 8,3 hektaar wat deur mnr. Koot Niemann geskenk is, aan die BRKA geskenk. Die 5,04 hektaar word gekonsolideer met die 8,3 hektaar wat die BRKA se eiendom op 13,34 hektaar te staan bring. Die skenking deur Kleinfontein is onderhewig aan die voorwaarde dat die BRKA die eiendom alleenlik gebruik vir die oprigting van kerkkantore, 'n teologiese skool/tersiêre opvoedkundige inrigtings en/of ander verbeterings wat daarmee in verband staan. Na onderverdeling sal die gekonsolideerde 13,34 hektaar aan Kleinfontein grens maar sal nie deel van Kleinfontein wees nie.

6.7. Aanbod van die ontwikkelaars verder ondersoek

Tydens die vergadering van die vergrote Eiendoms-komitee op 25 Augustus 1998 is die aanbiedinge vir die eiendomme van die RKA sorgvuldig oorweeg en die moontlikhede vir alternatiewe huisvesting breedvoerig bespreek. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat, in die lig van die beperkte fondse beskikbaar, die aanbod van die ontwikkelaars die beste oplossing bied vir doelmatige huisvesting en dat die aanbod verder ondersoek moet word. Die volgende besluite is geneem:

6.7.1 Die argitek, mnr. Johan Els, en die bourekenaar, mnr. Christo Ferreira, moet aandag gee aan die sketsplanne van die geboue (opgestel deur die ontwikkelaars) sodat die voorkoms daarvan verbeter kan word. Die spesifikasies en kosteberekenings van die ontwikkelaars moet ook gekontroleer word. Aandag moet ook gegee word aan die plasing van die geboue op die terrein.

6.7.2 Die administrateur moet die tekening van die ontwikkelaars aan die gebruikers van die beoogde geboue voorlê vir bestudering. Kommen-taar en aanbevelings van die gebruikers moet met

die argitek bespreek word vir moontlike aanpas-sing van die tekeninge.

3.7.1. Die aanbod van Kleinfontein om water uit hulle reservoirs aan die RKA te voorsien, moet op skrif gestel en kontraktueel ooreengekom word.

3.7.2. Die Eiendomskomitee moet aandag gee aan die omvang van die volgende moontlike strui-kelblokke as gevolg van die afstand tussen Pretoria en Kleinfontein en aanbevelings maak oor hoe die probleme aangespreek kan word:

3.7.2.1. Moontlike bykomende vervoerkoste vir administratiewe personeel, skoonmakers, dosente en studente. (Kleinfontein is ongeveer 35 km van Brookshuis af.)

3.7.2.2. Besikikbaarheid van dienste soos teg-niese versorging van fotostaatmasjiene, rekenaars, drukkers, ens.

3.7.2.3. Bykomende vervoerkoste ten opsigte van drukwerk, setwerk, aankope, versendings, ens.

6.8 Vergadering van 30 September 1998

6.8.1 Sketsplanne voorgelê deur die argitek

Die argitek, mnr. Johan Els, het die sketsplanne voorgelê en breedvoerig bespreek. Die aanbevelings van die gebruikers van die geboue het tot gevolg gehad dat die oppervlakte van die beoogde geboue met 387 m2 vergroot is. Verskeie veranderings aan die oorspronklike tekeninge van die ontwikkelaars soos deur die Eiendomskomitee aanbeveel, is deur die argitek in die sketsplanne aangebring.

Die argitek is bedank vir die meesterlike wyse waarop hy die voorkoms van die geboue verbeter het en die plasing van die geboue op die terrein.

6.8.2 Professionele fooie

Professionele fooie deur die BRKA betaal ten opsigte van die ondersoek na die verkoop van die vaste eiendomme van die RKA en die ondersoek na geskikte alternatiewe huisvesting vir die admi-nistrasie van die AP Kerk/Kuratorium en studente-huisvesting is soos volg:

Argiteksfooie	R99 477-64
Bourekenaarsfooie	R15 061-69
Prokureursfooie	R4 029-90
	R118 569-23
Min: Terugbetaalbaar*	R50 000-00
	R68 569-23

* Indien die negende sinode sou besluit om die aanbod van Savána Beleggings te aanvaar, word R50 000-00 van die argiteksfooie aan die BRKA terugbetaal en geen verdere argiteksfooie is be-taalbaar nie.

6.8.3 Onderverdeling van grondskenkings

Daar word voortgegaan met die onderverdeling,

konsolidasie, hersonering en transportering van die grond geskenk deur mnr. Koot Niemann en Kleinfontein. Koste in hierdie verband aangegaan is die volgende:

Landmeterfooie	R 9 747-00
Oostelike Gautengse Diensteraad	R 1 500-00
Advertensies	R 1 070-96
	R12 317-96

Hierdie koste is gekapitaliseer teen die Kleinfontein-eiendomme.

6.8.4 Koste van aangepaste ontwerp

Die ontwikkelaars het die addisionele koste as gevolg van die veranderinge aan die oorspronklike aanbod en tekeninge bespreek. Hul wys daarop dat die addisionele oppervlakte van 387 m2 soos deur die gebruikers van die geboue aanbeveel is, R729 882-00 tot gevolg gehad het. Die totale addisionele koste, BTW ingesluit, soos deur die Eiendomskomitee aanbeveel is, bedra R1 386 281-00 en is soos volg saam-gestel:

	R
Dienskanaal onder loopgange	13 650-00
Loopgange met Chromadek dak	90 000-00
Chromadek motorafdakke vir 50 motors	105 000-00
Gekleurde plaveisel	35 364-00
Vermindering in looppaadjies	(39 060-00)
Noodkragopwekker	20 000-00
Opvangputte en stormwaterpypwerk	5 000-00
Addisionele toiletgeriewe, wasbakke, pypwerk ens.	74 640-00
Keramiekteëls op vloere	30 240-00
Dakstruktuur en betonteëls i.p.v. Chromadek	73 000-00
Betonblaaië oor stoepe, waterdigting en afvoerpype	79 848-00
Ingange: Verminder aluminium vervang met staalvensters en houtdeure	86 220-00
Addisionele fondamente, mure en afwerkings a.g.v aangepaste ontwerp	134 871-00
Addisionele oppervlakte (387 m2 @ R1 886/m2)	729 882-00
Diverse items	50 000-00
Toegangspad	50 400-00
Vorbereidsels	125 052-00
Laat weg opsigterswoonstel	(268 071-00)
Totale addisionele boukoste	1 396 036-00
Min: Toelating vir aankoop van perseel	180 000-00
	1 216 036-00
Plus: BTW	170 245-00
Totale addisionele koste	1 386 281-00

Die aangepaste ontwerp sluit die volgende geboue in:

Oppervlakte m2

Geboue	Stoepe	Totaal
--------	--------	--------

Administrasie, Finansies en Argief	1 170	63	1 233
Kuratorium en teologiese skool en biblioteek	1 222	222	1 444
Boekwinkel en Publikasies	501	15	516
	2 893	300	3 193

'n Saal is nie ingesluit by die aangepaste ontwerp nie.

6.8.5 Waarde van BRKA Eiendomme

Die ontwikkelaars beraam dat die waarde wat hulle op Brookshuis, die teologiese skool en die jeugtuiste plaas in die berekening van hulle aanbod tussen R6 600 000-00 en R7 000 000-00 beloop. (Die kosprys van die drie eiendomme, verbeterings ingesluit, bedra R3 883 037-00). Die argitek en bourekenaar verskil nie van die beraming nie.

Daar moet in gedagte gehou word dat die eiendomsmark in Pretoria, sedert die aanbod van die ontwikkelaars, verswak het.

6.8.6 Finansiering van die Kleinfonteinprojek

Die voorsitter van die Eiendomskomitee, oudl. SA van der Westhuizen, het aan die hand gedoen dat die saldo van die bykomende koste van die Kleinfonteinprojek soos hieronder uiteengesit deur 'n rentevrye interne lening gefinansier word.

Die huidige eiendomme van die RKA is ook deur 'n rentevrye interne lening, wat ten volle terugbetaal is, aangekoop.

Die totale bykomende kontantuitgawe beloop:

Boukoste (BTW ingesluit)	R1 386 281-00
Professionele fooie:	
Argitek (netto)	R49 477-00
Bourekenaar	R15 062-00
Toesigfooie	R10 000-00
	R1 460 820-00

Min: Eiendomsfonds:

Opbrengs Vaalterrein	R25 000-00	
Opbrengs woonstel John Rock		
Kosprys	R85 000-00	R110 000-00
TOTAAL		R1 350 820-00

6.8.7 Kostebesparings vir die BRKA indien na Kleinfontein verhuis sou word

6.8.7.1 Instandhouding van geboue

Die instandhoudingskoste van die huidige eiendomme is hoog omdat deurlopende herstelwerk gedoen moet word deur 'n tegniese beamppte en 'n nutsman. 'n Tweede nutsman is in diens wat tuindienste verrig. By Brookshuis is twee skoonmakers in diens en by die teologiese skool een.

By Kleinfontein sal twee nutsmanne en twee skoonmakers voldoende wees vir die skoonmaak en instandhouding van die geboue en tuin. Dit bring 'n jaarlikse besparing in salarisse van instandhoudingspersoneel mee van:

Tegniese beampte	R58 000-00
Skoonmaker	R25 000-00
	R83 000-00

Indien die huidige geboue nie verkoop word nie, moet die volgende instandhoudingskoste onverwylde aangegaan word:

Brookshuisgeboue	R100 000-00
Teologiese skool en jeugtuiste	R50 000-00
	R150 000-00

6.8.7.2 Personeel en toerusting

By Kleinfontein sal een telefoonstelsel wees met net een telefoniste. Die tiksters kan ook meer produktief aangewend word. Dit sal tot gevolg hê dat een tiksterspos afgeskaf sal kan word met 'n jaarlikse besparing van ongeveer R65 000-00. Duur toerusting soos fotokopieerders kan gemeenskaplik gebruik word wat kostebesparings tot gevolg het. Die huidige reiskoste tussen Brookshuis en die teologiese skool en Brookshuis en die jeugtuiste word ook uitgeskakel.

6.8.7.3 Munisipale koste

Vir die agt maande Januarie tot Augustus 1998 was die gemiddelde maandelikse munisipale koste wat die BRKA betaal het R5 213-00 (gemiddeld is 6332 eenhede elektrisiteit verbruik). By Kleinfontein sal die koste vir dieselfde dienste R1 319-00 per maand kos. Die maandelikse besparing is R3 894-00 en die jaarlikse besparing

R46 728-00.

6.8.7.4 Reiskoste

6.8.7.4.1 Personeel

Die voorsitter van die Eiendomskomitee het navraag gedoen by 'n arbeidspraktisyn/dosent na die wetlike posisie as 'n werkgewer sou verhuis en as gevolg daarvan moet die werknemers verder ry om by die werk te kom. Volgens die advies is die werkgewer nie wetlik verplig om reiskoste aan die werknemers te betaal nie.

6.8.7.4.2 BRKA-voertuie

Voorsiening moet daarvoor gemaak word dat een BRKA-voertuig op 'n daaglikse basis, wat waarskynlik minder gaan wees, van Kleinfontein na Pretoria moet gaan vir bankwerk, aankope, aflewings, ens. Bykomende BRKA-reiskoste per maand word soos volg beraam:

Daaglikse rit na Pretoria (85 km per dag vir 22 dae per maand @ R1-30 km)	R2 431-00
Min: Huidige reiskoste (2 voertuie) vir dieselfde werk asook ritte tussen Brookshuis en die teologiese skool en jeugtuiste (25 km per dag vir 22 dae per maand @ R1-30 km)	R715-00
Per maand beloop die addisionele reiskoste	R1 716-00
Per jaar beloop die addisionele reiskoste	R20 592-00

6.9 Die voor en nadele van konsolidasie van die eiendomme

In die opdrag van die BRKA is die Eiendomskomitee versoek om aandag te gee aan die voor en nadele van konsolidasie van die eiendomme.

6.9.1 Nadele

Die Eiendomskomitee oordeel dat daar geen nadele is nie as die administrasie en teologiese skool op dieselfde terrein is.

6.9.2 Voordele

6.9.2.1 Kostebesparings

Konsolidasie bring groot kostebesparings mee.

- Administratiewe funksies word nie gedupliseer nie. Gevolglik word minder administratiewe personeel in diens geneem.
- Beveiliging kos minder, sekuriteitstelsels word nie gedupliseer nie.
- Minder toerusting word benodig omdat dit gedeel kan word.
- Net een telefoonstelsel en een rekenaarnetwerkstelsel is nodig en bespaar kostes.
- Reiskoste tussen die administrasie en teologiese skool word uitgeskakel.
- Fasiliteite soos konferensielokale kan gesamentlik gebruik word.

6.9.2.2 Omvang van kostebesparings

Die volgende lys van besparings, as na Kleinfontein verhuis word, is nie volledig nie, maar gee 'n aanduiding van die omvang van die kostebesparings per jaar:

Tegniese beampte	R58 000-00
Skoonmaker	R25 000-00
Tikster	R65 000-00
Munisipale koste	R46 728-00
	R194 728-00
Trek af: Bykomende reiskoste van BRKA-voertuie	R20 592-00
	R174 136-00

Indien die huidige eiendomme nie verkoop word nie, moet verf en herstelwerk onverwyld gedoen word:

Brookshuisgeboue (slegs oppervlakkige instandhouding)	R100000-00
jeugtuiste en teologiese skool	R50 000-00
	R150 000-00

Instandhouding van Brookshuis, die teologiese skool en jeugtuistegebou oor 'n tydperk van 5 jaar gaan baie geld verg. Die beoogde nuwe geboue is lae instandhoudingstrukture. Daar word sover moontlik gebruik gemaak van klinkerstene, beton dakteëls en ander permanente afwerkings. Groot besparings gaan ook voortspruit uit die uitskaking van die huidige duplisering van administratiewe funksies, sekuriteitstelsels, toerusting, telefoonstelsels, rekenaarstelsels en konferensielokale. Konserwatief beraam kan daar gewerk word op 'n jaarlikse besparing van R200 000-00, plus die R150 000-00 wat nou vir herstelwerk nodig is. Hierdie R200 000-00 besparing per jaar sal oor 5 jaar @ 12% rente, R1 423 000-00 bespaar, wat die veranderingskoste volkome regverdig en die R150 000-00 @ 12% oor vyf jaar beloop R264 300-00. In die proses word ons grootliks vrygestel van die steeds verhogende munisipale kostestrukture in Pretoria wat die blankes alleen moet dra.

7. BESLUIT DEUR FK

Die verslag van die Eiendomskomitee oor sy ondersoek na die verkoop van RKA-eiendomme, met aanbevelings aan die BRKA, is deur die FK tydens sy vergadering van 5 Oktober 1998 in behandeling geneem en die FK het oor die volgende aanbevelings van die Eiendomskomitee aan die BRKA besluit:

7.1 Die BRKA aanvaar die aanbod van Savana Beleggings Ontwikkelaars (Edms) Bpk. soos omskryf in die memorandum van ooreenkoms en aanhangsel A tot die memorandum van ooreenkoms.

7.2 Die BRKA besluit oor die alternatiewe veranderinge aan die tekeninge soos uiteengesit in aanhangsel D tot die memorandum van ooreenkoms.

7.3 Die BRKA besluit dat die addisionele koste volgens aanhangsel D, punt 7.2 hierbo in berekening gebring, na aftrekking van die opbrengs van die Vaalterrein en die woonstel John Rock, gefinansier word deur 'n rentevrye interne lening.

Met 'n meerderheid van 5 stemme teen 2 het die FK besluit:

Aanbeveling 7.1: Die BRKA word versoek om die aanbeveling te aanvaar.

Aanbeveling 7.2: Die FK versoek die BRKA om alternatief C te aanvaar (soos uiteengesit in punt 6.8.4)

Aanbeveling 7.3: Die BRKA kan hierdie aanbeveling volledig aanvaar.

8. BESLUIT DEUR BRKA

Tydens sy vergadering van 6 Oktober 1998 het die BRKA, na 'n stemming, met 7 lede daarvoor en 2 lede, ds. NJ Rautenbach en oudl. HA Mocke, daarteen die volgende besluite geneem:

8.1 Die BRKA aanvaar die aanbod van Savana Beleggings Ontwikkelaars (Edms) Bpk. soos omskryf in die memorandum van ooreenkoms en aanhangsel A tot die memorandum van ooreenkoms.

8.2 Die BRKA besluit oor die alternatiewe veranderinge aan die tekeninge soos uiteengesit in aanhangsel D van die memorandum van ooreenkoms en verkies alternatief C (soos uiteengesit in punt 6.8.4).

8.3 Die BRKA besluit dat die addisionele koste volgens aanhangsel D, (7.2 hierbo) in berekening gebring, na aftrekking van die opbrengs van die Vaalterrein en die woonstel John Rock, gefinansier word deur 'n interne lening. (Uit die spesifieke fondse en reserwefonds soos aangetoon in die finansiële jaarstate).

8.4 Die BRKA keur dit goed dat oudl. SA van der Westhuizen voorlopig die grondskenkingsdokumente onderteken en aanvaar het ten einde die skenkers te bind.

8.5 Die BRKA benoem oudl. SA van der Westhuizen en WP Murray om alle skenkingsooreenkomste, transport- en ander dokumente i.v.m. die aanbod van Savana Beleggings ontwikkelaars (Edms) Bpk. namens die BRKA te onderteken, in oorleg met prokureur PJ Kotzé.

8.6 Die BRKA aanvaar met dank die grondskenkings deur mn. SJ Niemann en Kleinfontein Boerebelange Koöp. Bpk.

8.7 BRKA keur dit goed dat dr. PJ Kotzé Ingelyf die nodige ooreenkomste nasien en transporter van die eiendomme hanteer in samewerking met die prokureurs van die ontwikkelaars mnre. Ross en Jacobz.

8.8 Die BRKA bekragtig die aanstelling van mnre. Johan Els en Christo Ferreira as konsultante.

8.9 Die BRKA dra dit aan die Eiendomskomitee op om uitvoering te gee aan hierdie besluite op die volgende voorwaardes: oudl. SA van der Westhuizen moet van die ontwikkelaars (Savana) skriftelike uitsluitel kry oor 'n moontlike uitstel van die keerdatum waarop die finale beslissing oor die aanbod

geneem moet word. Indien daar nie uitstel verkry kan word tot op 'n datum waarop die sinode die saak kan bespreek nie, moet die transaksie onmiddellik voortgaan (kyk punt 9).

8.10 Die koste verskuldig ten opsigte van professionele dienste moet betaal word (o.m. argitek, bourekenaar, landmeter en prokureur).

9. BUITENGEWONE SINODE

Die verteenwoordiger van die SKK op die BRKA, ds. NJ Rautenbach, het bekend gemaak dat hy in gesprek was met die voorsitter van die SKK, prof. IA Brink, en dat 'n buitengewone sinode binne een maand bymekaar geroep word sodat die saak deur die sinode hanteer kan word.

Op 12 November 1998 het die BRKA 'n gesamentlike vergadering gehou met die SKK, Kuratorium, FK en Teologiese Dosenteraad waarna die BRKA die volgende besluit geneem het:

Die BRKA gaan nie voort met die projek waarvolgens die huidige eiendomme vervang word met eiendomme wat te Kleinfontein opgerig moet word nie. Verslag oor die ondersoek en die resultaat daarvan word aan die sinode/RKA voorgelê.

10. DEEL VAN JEUGTUISTE VIR TEOLOGIESE SKOOL INGERIG

Die tydelike gebruik van die jeugtuiste vir die teologiese skool en 'n gedeelte daarvan vir huisvesting van teologiese studente is deur die BRKA na die Eiendomskomitee verwys.

Na gesprekvoering met prof. FAH van Staden, is 130 m² van die jeugtuiste vir die teologiese skool ingerig. Dit bestaan uit drie lesingkamers, 'n kantoor vir prof. HCG Robbertze en toiletgeriewe. Die res van die Jeugtuiste word aan 21 studente verhuur sonder spyseniering onder toesig van 'n huiskomitee en onder beheer van die Beheerraad van die jeugtuiste (kyk punt 6.1.2).

11. RUIMTE VIR TEOLOGIESE BIBLIOTEEK

Die agtste sinode het kennis geneem van die beperkte ruimte vir die teologiese biblioteek en die BRKA versoek om hulp te verleen. Om die gebrek aan biblioteekruimte te verlig, is die raadsaal en prof. Robbertze se kantoor by die teologiese skool van rakke voorsien en vorm nou deel van die biblioteek (kyk punt 6.1.2).

12. VAALTERREIN

Die 20 hektaar kerkgrond naby Parys wat deur mnr. Koot Steenkamp aan die AP Kerk geskenk is, is verkoop vir R25 000-00.

13. INWIN VAN REGSADVIES

Die BRKA het die KKS op 22 Augustus 1996 versoek om 'n reglement ten opsigte van die prose-

dure vir die inwin van regsadvies op te stel en aan die BRKA voor te lê, met die oog op uiteindelijke voorlegging aan die sinode/RKA. Die reglement is ontvang en word hiermee as Bylae BRKA 1 aan die RKA voorgelê.

AANBEVELING:

Die RKA keur Bylae BRKA 1, Die Werkswyse van die BRKA t.o.v. die praktyk van regsadvies, goed.

14. TESTAMENTÊRE BEMAKING HM FOURIE

In 'n geldige testament het mev. HM Fourie oorspronklik R150 000-00 vir Bybelverspreiding en sendingwerk aan die AP Kerk bemaak. 'n Tweede testament is daarna opgestel waarvan die geldigheid deur die erfgename, volgens die eerste testament, betwis is. 'n Skikking is bereik en die skikkingsooreenkoms is deur die BRKA aanvaar. In terme van die skikkingsooreenkoms is R130 470-86, rente ingesluit, aan die BRKA oorbetal. Die bedrag is tot beskikking van die SKK vir hantering volgens die bepaling van die testament, nl. aanwending daarvan vir Bybelverspreiding en sendingwerk.

15. REGLEMENT VIR ALIMENTASIEFONDS

Die agtste sinode het kennis geneem van 'n besluit van die BRKA om 'n reglement op te stel waarvolgens die alimentasiefonds beheer sal word. Die reglement is opgestel, deur die KKS verwerk, en word aangeheg as Bylae BRKA 2.

16. ONDERSOEK NA 'N BETER MEDIESE SKEMA

Die BRKA het dit aan oudl. BJM Rossouw opgedra om 'n vergelyking van die voordele van die Kaapse Mediese Plan en die Momentum Health se Discovery Plan op te stel soos dit elke lid raak, saam met 'n kort motivering waarin elke lid gevra word om sy keuse tussen die twee skemas uit te oefen. Na twee aanmanings aan lede en kerkrade wat nog nie hulle keuses ten opsigte van die skemas uitgeoefen het nie, het 110 lede van die mediese skema gereageer, waarvan 71 ten gunste van die skema van Momentum en 39 ten gunste van die Kaapse Mediese Plan is. Die BRKA het besluit dat oudl. Rossouw 'n memorandum vir die sinode voorberei en aanbeveel dat die sinode aan die BRKA en FK volmag gee om hulle besluit te implementeer. Die FK bedien die sinode met 'n aanbeveling.

17. PERSONEELAANGELEENTHEDE VOORTVLOEIEND UIT VERSLAG VAN FOURIE EN VAN WYK ASSOCIATE

Tydens die agtste sinode het die RKA besluit dat die aanbevelings onder punt 22.2.2 en 22.2.3 van die BRKA-verslag na die BRKA terugverwys word.

Die volgende was aanbeveel:

Die pos van administrateur word op die diensstaat van die sentrale kerkkantoor geherstruktureer om onder meer die funksies te behartig wat deur Fourie en Van Wyk Assosiate aan die pos van adjunk-direkteur toegedeel is.

Die huidige administrateur word in beheer van afdeling Finansies geplaas met posbenaming van finansiële bestuurder.

Op 'n vergadering van die BRKA waartoe die SKK ook uitgenooi is, is 'n ad hoc-komitee saamgestel bestaande uit twee lede van elk van die SKK, die BRKA en die FK om die verdeling van die werkklading van die direkteur deeglik te ondersoek, met inagneming van die pligstate en moontlike aanpassings daarvan, van die administrateur en ander bestaande personeel. Soos aanbeveel deur die ad hoc-komitee is prof. I.A. Brink vanaf 15 April 1998 aangestel in 'n tydelike en deeltydse hoedanigheid as assistent vir die direkteur tot 31 Desember 1998. Prof. Brink het die meeste van sy tyd as hulp vir die direkteur aan skakelwerk spandeer, ook met gemeentes in verband met bedieningshulp. Hy was ook betrokke by die ad hoc-kommissie vir advies en leiding.

'n Aanbeveling van die BRKA aan die sinode sal in 'n addendumverslag opgeneem word.

18. TOEREIKENDHEID VAN PENSIOEN VAN LERAARS MET MINDER AS 15 DIENSJARE IN AP KERK

Die waardasie van die pensioenfonds deur Sanlam sal in Augustus 1999 beskikbaar wees. Die finansiële implikasies vir die BRKA, as die toereikendheid van pensioen van leraars met minder as 15 diensjare aangespreek word, sal dan bepaal kan word. In die aanvullende verslag van die FK sal 'n aanbeveling aan die sinode gemaak word.

19. VOORTGESETTE GROEPSVERSEKERING NA 65

Tydens die agtste sinode het die RKA die BRKA gevra om met Sanlam te onderhandel om die groepversekering van R200 000-00 op die lewe van elke predikant, wat ten einde loop met sy 65ste verjaardag, af te skaal en minstens 'n verminderde versekeringsdekking te behou tot ouderdom 70 jaar. Na 'n ondersoek en verslag deur oudl. BJM Rossouw het die BRKA besluit om soos volg by die RKA/sinode aan te beveel:

AANBEVELING

19.1 Die RKA besluit dat elke lid van die pensioenfonds op sy eie verantwoordelikheid en koste vir voortgesette versekering ná 65 jaar kan reël met gebruikmaking van die vergunning deur Sanlam dat sodanige lid nie verdere bewys van gesondheid hoef te lewer nie.

20. LIGTER ETES TYDENS KOMMISSIEVERGADERINGS

Die agtste sinode het die BRKA versoek om dit te ondersoek om 'n keuse vir 'n ligter en goedkoper ete tydens vergaderings vir kommissies aan te bied, sodat daar op hierdie wyse besparings kan wees op vergaderingskoste van kommissies. Intern is voorsiening gemaak vir etes wat veel goedkoper is.

21. ONTWIKKELING VAN KERKARGIEF TOT 'N INLIGTINGSSENTRUM

Die agtste sinode het dit aan die BRKA opgedra om ondersoek in te stel na die ontwikkeling van die kerkargief tot 'n inligtingsentrum en na die uitvoerbaarheid daarvan en om die volgende sinode met 'n aanbeveling te dien.

Dit geniet die aandag van die BRKA en sal, met die instelling van die Internet vorentoe, kan ontwikkel in 'n inligtingsentrum (kyk punt 25).

22. WELSYNSDIENSTE

Die agtste sinode het die BRKA versoek om:

a Die moontlikheid van 'n eie maatskaplike diens te ondersoek.

b Ondersoek in te stel na 'n volkseie welsynorganisasie(s) waarmee die AP Kerk moontlik kan identifiseer en om moontlike samewerking met hierdie organisasie(s) te ondersoek. Hier word spesifiek gedink aan organisasies soos Volkshulp 2000.

Ondersoek is deur oudl. DGH Nolte ingestel na welsynsdienste en samesprekings het plaasgevind tussen lede van die BRKA, SKK en Volkshulp 2000. Daar is besluit om 'n opname te maak van alle maatskaplike werkers wat lidmate van AP Kerke is en briewe vir die opname is aan gemeentes gestuur. 'n Strategiese beplanning word opgestel waarby prof. Piet du Preez van Lichtenburg betrek word. 'n Samewerkingsooreenkoms tussen Volkshulp 2000 en die AP Kerk word opgestel en nadat dit gefinaliseer is, moet dit aan kerkrade voorgelê word met die vraag of hulle die samewerking steun. Oudl. DGH Nolte moet namens die BRKA steeds as skakel in dié verband met die SKK en Volkshulp 2000 optree.

23. AP KERK SPRINGS: AGTERSTALLIGE GELDE

Die agtste sinode het 'n voorstel dat die sinode besluit om by wyse van die hoogste uitsondering en as broederlike bewoënhed oor die besondere omstandighede van AP Kerk Springs, die agterstallige pensioen- en mediese premies ten opsigte van hulle leraar af te skryf, na die FK en BRKA verwys vir oorweging (Handelinge bl. 327).

Die AP Kerk Springs is gesekwestreer en die vol-

gende bedrae is deur die BRKA afgeskryf:

15% bydraes (beraming)	R96 774-00
Medies	R30 978-70
Pensioen	R26 399-48
Gadeversekering	R449-20
Boekerekening	R2 780-00
	R157 381-38

Die BRKA het besluit om nie 'n eis in te stel nie omdat die krediteure van AP Kerk Springs na verwagting kontribusiepligtig sou wees.

24. REKENINGKUNDIGE HANDLEIDING VIR AFDELING FINANSIES

'n Ad hoc-komitee bestaande uit die administrateur, die rekenmeester en die ouditeur van die BRKA is aangewys om 'n handleiding van rekeningkundige prosedures vir afdeling Finansies op te stel. 'n Konsep handleiding is opgestel en die finalisering daarvan geniet nog aandag.

25. SKAKELING TUSSEN SENTRALE KERK-KANTOOR EN GEMEENTES DEUR MIDDEL VAN INTERNET

Die BRKA het dit aan oudl. HA Mocke opgedra om ondersoek in te stel na die uitvoerbaarheid daarvan dat skakeling tussen die sentrale kerkkantoor en gemeentes d.m.v. Internet kan plaasvind. 'n Vergadering van belanghebbendes i.v.m. Internet is belê waartydens besluit is dat mnr. Herman Geel behulpzaam sal wees met die verkryging en hantering van 'n tuisblad vir die AP Kerk.

Die BRKA het dit aan oudl. HA Mocke en die direkteur van kerkadministrasie opgedra om verdere ondersoek in te stel na die voordeligste bediener en om te reël dat ingeskakel word by Internet indien die begroting dit toelaat.

Die saak geniet nog die aandag van die BRKA (kyk punt 21).

26. REGLEMENT VAN DIE APK TRUSTFONDS

Die reglement van die APK Trustfonds is gefinaliseer. Die FK bedien die sinode met 'n aanbeveling ten opsigte van die wysiging van punt 2.6 van die reglement wat voor die 1997 sinode gedien het.

27. ELEKTRONIESE BANKDIENSTE

Die risiko om geld na die banke te vervoer word steeds groter. Baie man-ure gaan verlore as van die personeel aan die einde van die maand in lang toue by die onderskeie banke gaan staan om salarisse en hulp aan gemeentes te deponeer. Die elektroniese bankdienste-pakket kontantfokus van Absa Bank is aangekoop. Dit is 'n modulêre intydse elektroniese inligting- en fondsoorplasingstelsel wat afdeling Finansies in staat stel om sekere van die banksake vanuit die kantoor met behulp van die

rekenaar af te handel. Baie aandag is geskenk aan sekerheid rakende toegang tot die stelsel. Die standaard rekenaarsekerheidsmaatreëls soos waggewoorte en ander beheermaatreëls vorm deel daarvan. Hierbenewens word 'n unieke modulêre prosedure en streng toegangsmagtigingsbeginsels gevolg.

28. VERWAGTE JAAR 2000 REKENAARKRISIS

Voorsorg is getref dat ons rekenaars en programme die verwagte rekenaarkrisis in die jaar 2000 effektief sal kan hanteer.

Drie kwotasies is ingewin vir die opgradering van die verouderde 386 en 486 rekenaars. Die gunstigste kwotasie is van mnr. J Fourie van JL Electronics ontvang. In plaas daarvan om die rekenaars op te gradeer, het mnr. Fourie met die volgende gunstige aanbod gekom:

Hy neem die 12 x 486 rekenaars oor teen R1 000-00 elk, maar ons behou die skerm. Hy voorsien 12 pentiums (32 meg geheue en 2,6 gig harde skywe) met nuwe sleutelborde teen R3 145-00 elk. Die besparing in opgraderingskoste en opbrengs van die ou rekenaars in berekening gebring, is die netto kontant uitgawe vir die 12 pentiums slegs R1 049-00 elk. Die aanbod is aanvaar. Die verouderde 386 rekenaar is oorgeneem teen R500-00, uitgesluit die skerm. Die Novelle lêerbediener wat die rugsteun van alle data op die rekenaar is, is ook opgegradeer. Die opgradering en vervanging van rekenaars het R37 590-00 bedra en is uit die kapitaalbegroting gefinansier.

Die kundiges wat geraadpleeg is het aanbeveel dat die hele administrasie by Brookshuis gestandaardiseer moet word met programmatuur wat die netwerkstelsel optimaal kan benut. Al die verouderde en uitgediende Ms Dos programmatuur moet vervang word omdat die netwerkstelsel nie moderne en verouderde programme saam kan bestuur nie. Gevolglik is Microsoft Windows 95 as bedryfstelsel op al die rekenaars geïnstalleer. Microsoft Office 97 (woordverwerker, analisetabel, databasis en dagboekhouer) is op al die rekenaars geïnstalleer. Microsoft Office 97 dien as vervanging van al die verouderde programme in gebruik soos DBase, Quattro Pro, Supercalc, Multimate en WordPerfect. Die rekeningkundige program Pastel 5.0 vir Windows is op die rekenaars in afdeling Finansies geïnstalleer en vervang Turbo Cash. Hierdie pakket besit ook 'n module Point of Sale wat die verouderde Ultisales in die boekwinkel vervang. Al die sagteware is aangekoop vir 'n bedrag van R19 338-00 en is uit die begroting vir instandhouding gefinansier.

Met die nuwe hardeware en programmatuur het ons 'n skriftelike bevestiging van JL Electronics dat die rekenaars en programme voldoende is vir die omskakeling na die jaar 2000.

29. WERKSAAMHEDE VAN DIE EIENDOMS-KOMITEE**29.1 Vergaderings**

Die komitee het tien vergaderings gehou en die nodige beplanning gedoen en beheer uitgeoefen oor die instandhouding van die eiendomme van die RKA.

29.2 Onderzoek na alternatiewe huisvesting

Soos reeds onder die opskrif Verkoop van RKA-eiendomme gerapporteer, het die Eiendomskomitee, in opdrag van die BRKA, baie tyd spandeer

aan die ondersoek na alternatiewe huisvesting/eiendomme wat kan voldoen aan die huisvesting van die administrasie van die AP Kerk en die Kuratorium. Daar is gereeld aan die BRKA verslag gedoen oor die vordering met die ondersoek.

29.3 Waardasie van eiendomme vir versekeringsdoeleindes

Om vas te stel of die versekering op RKA-eiendomme nog voldoende is, is 'n waardasie van die eiendomme deur 'n kundige gedoen. Die waardasie van die eiendomme vir versekeringsdoeleindes op 31 Maart 1998 was soos volg:

GEBOUE	WAARDASIE	VERSEKERDE BEDRAG OP 31/3/1998	VERSEKERDE BEDRAG OP 11/11/1994
1 BROOKSHUIS		R	R
1.1 Brookshuis (hoofgebou)	805 m2 x 3 000 =	2 415 000	2 300 000
1.2 Opsigtershuis	115 m2 x 1 800 =	207 000	185 000
1.3 Boekwinkel	111 m2 x 1 800 =	199 800	173 000
1.4 Argief	125 m2 x 2 000 =	250 000	190 000
1.5 Kerkie	10 m2 x 2 000 =	20 000	19 000
	1 166 m2	3 091 800	2 867 000
2. TEOLOGIESE SKOOL	642 m2 x 2 000 =	1 284 000	1 090 000
3. JEUGTUISTE	571 m2 x 1 800 =	1 027 800	1 000 000
4 VERBETERINGS OP TERREIN			
- Brookshuis		200 000	-
- Teologiese skool		50 000	-
- Jeugtuiste		20 000	-
		5 673 600	4 957 000

Die versekeraar SANTAM is versoek om die versekerde bedrag soos hierbo te verhoog.

29.4 Kragtoevoer na Brookshuis verhoog

Voortdurende kragonderbrekings, veral in die wintermaande, is by Brookshuis ondervind a.g.v. die ontoereikende kragtoevoer. Op aanbeveling van die Eiendomskomitee, het die BRKA besluit om die kragtoevoer te verhoog van 80 na 100 ampère teen 'n koste van R15 415-64, waarvan R11 715-70 aan die stadsraad van Pretoria betaal is.

29.5 Voorgeskrewe standaard vir brandvoorkoming

'n Brandingenieur, mnr. JH de Beer van Pre Plan Brandkonsultante Bk., is versoek om 'n volledige inspeksie van die brandvoorkomingsmaatreëls by Brookshuis, die teologiese skool en die jeugtuiste te doen. Na die gebruikelike kwotasies aangevra is, is die brandvoorkomingsmaatreëls by al drie die eiendomme, in samewerking van die brandinge-

neur, opgegradeer teen 'n koste van R8 913-00. Nadat die werk afgehandel is, is 'n sertifikaat deur die brandingenieur uitgereik dat die brandbestrydingstoerusting in 'n goeie werkende toestand is en jaarliks nagesien word en dat die brandopsporingstelsel aan die voorgeskrewe standaard voldoen.

29.6 Instandhouding van geboue

Herstelwerk aan die geboue van Brookshuis, die teologiese skool en die jeugtuiste is dringend nodig. Die dakke moet versien word en die buitemure moet waterdig gemaak en geverf word vir beskerming teen reënwater wat deur die mure syfer. Die BRKA het besluit dat die volledige versiening van die dakke en waterdigting en verf van die buitemure moet oorstaan in afwagting van die vordering met die verkoop van die huidige eiendomme van die RKA. Die dakke word herstel en een van die nutsmanne is deurlopend besig om die binnemure te verf.

29.7 Bergplek vir boeke in boekwinkel

'n Ernstige krisis het by die boekwinkel ontstaan oor bergplek vir boeke. Die Publikasiekommissie het in 'n skrywe gedateer 5 Februarie 1999 opnuut in alle erns die BRKA versoek om onverwyld voorsiening te maak. Bykomende rakke is in die versendingskantoor, die boekestoor in die boekwinkel en die skryfbehoeftestoor in Brookshuis aangebring, wat die gebrek aan bergruimte tot 'n groot mate verlig het (kyk punt 6.1.1).

30. WERKSAAMHEDE VAN DIE BEHEERRAAD VAN DIE JEUGTUISTE

30.1 Vergaderings

Die Beheerraad het 10 vergaderings gehou en by elke BRKA-vergadering verslag gedoen.

30.2 Aantal inwoners in Jeugtuiste

Tot 31 Desember 1998 het die jeugtuiste voorsiening gemaak vir 24 studente. Vir die tydperk 1 Januarie tot 31 Oktober 1998 was die aantal inwoners soos volg:

	Teologiese studente	Ander inwoners	Totaal
Januarie	11	14	25
Februarie	8	12	20
Maart	8	12	20
April	8	12	20
Mei	5	13	18
Junie	5	10	15
Julie	5	10	15
Augustus	5	14	19
September	5	13	18
Oktober	5	12	17

Die jeugtuiste is aangekoop met die uitsluitlike doel om aan teologiese studente huisvesting te voorsien. Met die klein aantal teologiese studente in die jeugtuiste, word nie voldoen aan die doel waarvoor die jeugtuiste aangekoop is nie. Soos reeds genoem, is 'n belangrike rede waarom die jeugtuiste teen 'n verlies bedryf is, omdat die vastekostestruktuur a.g.v. die spyseniersdiens te groot was vir die klein aantal inwoners wat gehuisves kon word. Die maandelikse tekort kon verminder word as al die kamers beset was, maar volgens die syfers hierbo was daar slegs 15 inwoners gedurende Junie en Julie.

Om die beskikbare verblyf in die jeugtuiste onder die aandag van AP kerklidmate te bring, is advertensies in Die Boodskapper geplaas en ook in 'n omsendbrief aan skribas van gemeentes. In die kerknuus van die AP Kerk oor Radio Pretoria is die beskikbare verblyf verskeie Sondae onder die aandag van AP Kerklidmate gebring. Ten spyte van al die advertensies het die kamerbesetting nie verbeter nie.

30.3 Besparingsmaatreëls by die jeugtuiste

As gevolg van die tekort op die begroting vir 1998 is al die kommissies se begrotings drasties verminder. Die subsidie aan die jeugtuiste is verminder van R48 000-00 na R24 000-00. Besparingsmaatreëls by die jeugtuiste was dringend noodsaaklik aangesien die sinode besluit het dat geen uitbetalings van oorskryde bedrae gedoen sal word sonder die goedkeuring van die FK en BRKA nie.

Besparingsmaatreëls wat gehef is, sluit in:

30.3.1 Instandhouding van die tuin word deur die inwoners gedoen.

30.3.2 Skoonmaakdienste oor naweke is gestaak.

30.3.3 Alle kommissie-etes word deur die spyse-nier voorberei om bykomende inkomste vir die jeugtuiste te verdien.

30.3.4 Parkering tydens rugbywedstryde op die terrein van die jeugtuiste is verkoop vir inkomste vir die jeugtuiste.

30.3.5 'n Dieetkundige het waardevolle wenke gegee vir besparing op voedselkoste met behoud en verbetering van voedingstofinname.

Ten spyte van al die besparingsmaatreëls kon die jeugtuiste nie die finansiële mas opkom nie.

30.4 Verblyfooreenkoms hersien

Nadat die BRKA besluit het om die spyseniersdiens te staak en 'n gedeelte van die jeugtuiste vir die teologiese skool te gebruik, is die verblyfooreenkoms hersien om vir die veranderde omstandighede voorsiening te maak. Die ooreenkoms, wat deur 'n prokureur nagegaan is, bepaal onder meer:

30.4.1 Die huurooreenkoms is geldig vir een volle kalenderjaar.

30.4.2 Die ongemeubeleerde kamers word verhuur teen R400-00 per maand.

30.4.3 'n Deposito van R600-00 is betaalbaar by aangaan van die ooreenkoms wat dien as sekuriteit vir breekskade en onbetaalde verblyfgelde.

30.4.4 Die ouer is 'n party tot die ooreenkoms en verbind hom/haar as borg en medehoofskuldenaar.

30.4.5 Gebruik van die kombuis, eetkamer en wasgoedgeriewe is aan die inwoners beskikbaar gestel.

Die huiskomitee lede aanvaar skriftelik verantwoordelikheid vir die instandhouding van die meubels, toerusting en eetgerei in die kombuis, eetkamer en waskamer wat deur die BRKA aan die jeugtuiste beskikbaar gestel is.

31. BERAAMDE INKOMSTESTAAT VIR DIE JEUGTUISTE VIR 1999

[[Koste verdeel volgens oppervlakte van studente-verblyf (77%)]]

	R
INKOMSTE	96 000
(20 inwoners @ R400 p.m.)	
DIREKTE UITGAWES	59 850
Instandhouding	22 910
Salarisse	17 133
– Tegnieuse beampte	11 165
– Verwer	5 968
Materiaal en herstelwerk	5 777
Instandhouding van tuin	8 078
Salaris – tuinier	5 968
Materiaal en herstelwerk	2 110
Sekuriteit – instandhouding	2 254
Munisipale koste	20 308
Reiskoste – Beheerraad	260
Versekering	1 857
Waardevermindering	4 183
Oorskot inkomste vir die jaar	36 150

Indien 20 kamers gedurende die jaar verhuur kan word, sal die jeugtuiste na beraming 'n wins van R36 150-00 vir 1999 toon teenoor 'n verlies van R83 577-00 vir 1998.

32 BESKRYWINGSPUNTE

32.1 Ring van Lichtenburg: Ontbinding van RKA

AANBEVELING

32.1.2 Die RKA neem kennis daarvan dat die KKS 'n aanbeveling oor die voorstel tot ontbinding van die RKA aan die sinode voorlê, en dat die besluitnemingsbevoegdheid oor dié saak by die sinode berus.

32.2 Ring van Potgietersrus: Beperking op bevoegdheid van BRKA om met RKA-eiendom te handel

1 Wysiging van punt 6.5.2 van die reglement van die BRKA

Die RKA besluit om punt 6.5.2 van die Reglement vir die BRKA te wysig.

Die huidige punt 6.5.2 lees:

Die BRKA is bevoeg om enige regshandeling wat met die betrokke bates verband hou, te verrig, o.m. om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkry deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse.

Die punt word gewysig om te lees:

om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkry deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse, met dien verstande dat nie meer as R200 000-00 ten opsigte van 'n aankoop/aankope van vaste eiendom(me) aangegaan mag word sonder uitdruklike volmag deur die RKA nie.

32.2.2 Motivering

1. Die kerke in kerkverband kan nie groot finansiële laste opgelê word of daartoe verbind word sonder dat hulle die geleentheid gehad het om daarvoor te besin en 'n besluit te neem nie.

2. Die kerke in kerkverband kan nie deur 'n besluit van 'n paar persone (die BRKA) voor 'n voldonge feit ten opsigte van groot bedrae gestel word nie.

3. Aankope sonder volmag kan groot ongelukkigheid in die kerkverband veroorsaak.

4. Vir die aankoop van vaste eiendomme moet die kerke in kerkverband hulle aktief verbind en daarvoor begroot.

AANBEVELING

32.2.3 Die RKA handhaaf die bestaande bevoording van punt 6.5.2 van die reglement van die BRKA.

32.3 Ring van Moot-Sentraal: Profiel en funksie van die direkteur van kerkadministrasie

Die beskrywingspunt en ander aanbevelings i.v.m. die poste van direkteur en administrateur word in 'n addendumverslag aan die RKA opgeneem.

Hiermee vertrou die BRKA dat hy sy opdragte tot bevrediging van die RKA uitgevoer het, en bid die RKA en sinode seën toe op sy beraadslaginge.

w.g. DS JH VAN DER WALT
VOORSITTER
MNR CJ DE LA REY
HULPSEKRETARIS

Werkswyse van die BRKA ten opsigte van die praktyk van Regsadvies

Aan alle gedinge gaan net die hoogste agting vir die wysheid van die Heilige Skrif vooraf:

Maar gaan die een broeder met die ander na die regbank, en dit voor ongelowiges? Dan is dit al werklik 'n gebrek onder julle dat julle regsake met mekaar het. Waarom ly julle nie liever onreg nie? Waarom laat julle jul nie liever berowe nie (1 Kor 6:6, 7).

Die posisie van die BRKA t.o.v. die regsbelange van kerk- en kommissievergaderings word hiermee nader uiteengesit daar onbedagte optredes en gevolglik verwagtinge van geldelike bystand van tyd tot tyd op die sakelys van die BRKA voorkom.

1.1 Die Raad vir Kerkadministrasie is kragtens Kerkorde Art. 65 en sy konstitusie (5.5) 'n regs persoon.

1.2 Die BRKA is die orgaan van die RKA wat kragtens sy reglement (6.5) bevoeg is om in regte op te tree vir die verband van die Afrikaanse Protestantse Kerke.

1.3 As sodanig is die BRKA verantwoordelik vir alle regskoste wat uit sy begroting vir die jaar verhaal word.

1.4 Die BRKA beskik oor die alleenreg om bepaalde opdragte aan 'n regspraktisyn te gee waaraan koste verbonde is sowel as wat moontlik uit 'n regsgeding kan voortspruit, éérs nádat die KKS in oorleg met die betrokke kerkraad, ring of permanente kommissie oordeel dat deskundige regshulp wel nodig is.

1.5 Die BRKA raadpleeg die KKS in terme van lg. se lasgewing, pt. 5, bl. 123.

2.1 Kragtens Kerkorde Art. en bepaling 32 is die kerkraad met regs persoonlikheid bekleed.

2.2 Die kerkraad is self vir sy besluite wat regsgevolge inhou, verantwoordelik.

2.3 Die kerkraad as regs persoon is uitsluitlik vir alle regskoste voortspruitend uit regshandelinge aanspreeklik.

2.4 Die kerkraad moet dit as 'n wyse stap beskou om kerkregtelike advies van die KKS (Kerkorde

1998, lasgewing p. 3, bl. 123) en waar meer nodig, die ad hoc-kommissie vir advies en leiding (Handelinge Agtste Sinode, bl. 295) in te win alvorens hy tot die voormelde regshandeling oorgaan.

2.5 Die hulpbehoewende kerkraad wat desnieteenstaande geldelike bystand benodig in regsgedinge reeds teen hom aangegaan, mag die BRKA nader met die uitdruklik verstandhouding egter

2.5.1 dat die BRKA regtens nie in enige terme van die Kerkorde aanspreeklik gehou mag word vir sodanige regskoste nie;

2.5.2 dat die BRKA met 'n onverwagte oorskot van inkomste bo uitgawe vir die jaar afsluit;

2.5.3 dat die BRKA moontlike hulp ex gratia mag verleen.

2.6 Die kerkraad kan geen geldelike hulp deur die BRKA hoegenaamd verwag in geval van die stappe soos in 2.4 aangestip, nie gevolg is nie.

3.1 Die ring is uit hoofde van sy samestelling en werksaamhede (Kerkorde Art. 35-37) nie 'n regs persoon nie.

3.2 Die ring moet uiters versigtig en behoedsaam handel t.o.v. enige saak waardeur die kerkverband in regsgedinge kan beland.

3.3 Die BRKA mag nie aanspreeklik gehou word vir enige regskoste wat 'n ring mag aangaan insake voormelde regsgedinge nie.

3.4 Die ring moet dit as gerade ag om vroegtydig die advies van die KKS in te win m.b.t. bovermelde (Kerkordeboekie 1998-uitgawe, lasgewing pt. 3, bl. 123).

4.1 Elke permanente sinodale kommissie wat regsadvies benodig, moet eerstens die KKS raadpleeg wat kragtens sy lasgewing dit verder mag voer (Kerkordeboekie 1998-uitgawe, pt. 3 en 5, bl. 123).

4.2 Elke permanente sinodale kommissie of lid daarvan moet daarteen waak om in eie reg 'n opdrag aan 'n regspraktisyn te gee wat regskoste vir die BRKA inhou.

Reglement vir Alimentasiefonds

(Soos goedgekeur deur die BRKA op 20/11/1997)

1 NAAM

Alimentasiefonds van die AP Kerk.

2 DOELSTELLING

Om aangewend te word vir besondere rampomstandighede wat in die land of in 'n bepaalde gemeenskap mag voorkom (Handelinge Agtste Sinode, bl. 330), met dien verstande dat eerstens sorg bestee word aan lidmate van AP kerke wat as gevolg van die rampomstandighede in nood verkeer.

3 BEHEER

Die alimentasiefonds word beheer deur die BRKA (Handelinge Agtste Sinode, bl. 330) wat daarmee handel volgens die magte aan hom toegeken in die Reglement vir die BRKA (Kerkordeboek 1996-uitgawe, bl. 64-68).

Die BRKA moet by die besteding van die fonds in rampomstandighede advies aanvra van die kerk-rade van betrokke AP kerke.

4 AANVULLING

Die fonds word aangevul deur

- rente op die belegging van die fonds
- donasies vir die doel
- enige bydrae wat die BRKA volgens sy eie diskresie by die fonds mag voeg
- enige metodes wat die BRKA vir die doel mag nodig ag.

5 GEBIED VAN BESTEDING

Enige gebied waar daar 'n Afrikaanse Protestantse kerk bestaan, hetsy in Suid-Afrika of in die buiteland.

Minderheidsverslag deur lede van die BRKA

ONDERSOEK NA MOONTLIKE VERKOOP VAN KERKEIENDOM

Handelinge bl 315 punt 205

Die sinode besluit dat die BRKA en FK versoek word om:

- 1 ondersoek in te stel na die verkoop van al die vaste eiendomme in Pretoria;
2. ondersoek in te stel na alternatiewe huisvesting/ eiendomme wat kan voldoen aan die huisvesting van die administrasie van die kerk/kuratorium en studentehuisvesting indien moontlik, op die mees ekonomiese wyse.

Handelinge bl 278 punt 86 (8)

Die RKA besluit dat die verkoop van Brookshuis deurlopend die aandag van die Eiendomskomitee en die BRKA moet geniet en dat hulle terselfdertyd ondersoek moet instel na geskikte alternatiewe huisvesting vir die administrasie wat tans in Brookshuis gevestig word.

Handelinge bl 279 punt 86 (21)

Die RKA besluit om die verkoop van die jeugtuiste te laat ondersoek en om, indien moontlik, die gebou te verkoop.

Op hierdie stadium word ook verwys na die Handeling van die Sinode van 1988, bl 41, par 8.1.2.

Die sinode besluit om binne 12 jaar op die basis te werk dat die fondse vir 'n bepaalde jaar se uitgawes kom uit die inkomste van die vorige jaar.

1 INTERPRETASIE

Daar moet op gelet word dat die uitdruklike sanksie aan die betrokke instansies was om die jeugtuiste indien moontlik, te mag verkoop, maar ondersoek in te stel na die moontlike verkoop van Brookshuis en die teologiese skool.

Alhoewel die Kerkorde bepaal dat die BRKA die mag het om eiendom te verhandel, het die sinode tog oppergesag oor die Kerkorde. In hierdie geval is die opdrag direk deur die sinode uitgereik, wat die Kerkorde ookal bepaal. Die implikasie is dus dat die BRKA wat Brookshuis en die teologiese skool aanbetref, ondersoek moet instel na 'n moontlike oplossing en nie om dit summier te verkoop of te vervreem nie.

Slegs die sinode en die kuratorium het die reg om te bepaal waar die teologiese opleiding moet

plaasvind. Hierdie feit is geïgnoreer en eers nadat ons ernstig beswaar gemaak het teen die handeling van die BRKA en gewaarsku het dat die sinode vir sinodale sanksie byeengeroep sal word, is besluit om vir die sinode te wag.

2 BRKA SE VERSOEK AAN EIENDOMSKOMITEE (EK)

Volgens par 6 van die verslag van die BRKA moes die EK van die BRKA, wel in oorleg met belangstellende lede van die BRKA, die transaksie ondersoek. Uit die aard van die saak het AL die lede van die BRKA 'n belang by hierdie uiters belangrike saak. Sommige lede is egter nooit van vergaderings van die EK van die BRKA in kennis gestel nie en is op 'n gevorderde stadium gekonfronteer met hierdie ingrypende voorstelle, sketsplanne, kostebesamings, voorligtings, professionele spanne en kontrakte, wat reeds 'n koste van meer as R130 000 beloop het, terwyl die betrokke aksie nog nie eers in beginsel goedgekeur was nie.

Daar sou normaalweg verwag kon word dat die EK hierdie ingrypende aksie stap-vir-stap sou voorlê en laat goedkeur voordat dit so ver gevorder het en die enorme kostes aangegaan is. Dit geld veral die beginsel om die administrasie en teologiese skool 40 km uit die stad uit te skuif.

Die gevolg is dat die teenkanting teen die projek so erg was dat nie voortgegaan kon word sonder voorlegging aan die sinode nie. Dit kan beteken dat, indien die sinode nie die voortgang goedkeur nie, die enorme bedrag van R130 887,19 vrugtelos verspil sal wees.

Dit kan moontlik as onverantwoordelik bestempel word.

3. NOODSAAKLIKHEID VAN DIE TRANSAKSIE

3.1 Ruimtetekort

Die FK-Voorsitter en die vorige BRKA het wel die sinode oortuig dat die bestaande kerkeiendom vervang behoort te word op grond van die feit dat akkommodasie te min is. Dit was moontlik waar behalwe dat daar nie aandag gegee is aan die professionele verdeling van Brookshuis vir meer akkommodasie soos in 1990 deur argitek Els voorgestel is nie, behalwe dat oorweging geskenk is aan die verdeling van een saal, wat toe ook as TE DUUR afgemaak is.

Met die sinvolle verdeling van die volle Brookshuis, kan die akkommodasieprobleem opgelos word.

Intussen het die situasie met die *sluiting van die jeugtuiste* so verander dat die probleem in werklikheid opgelos is. Die ruimte wat nou in die voormalige jeugtuiste beskikbaar is, sal die probleem van die teologiese skool en die boekwinkel oplos. Met sinvolle verskuiwings in Brookshuis kan die akkommodasieprobleem van die administrasie ook opgelos word.

3.2 SLUITING VAN DIE JEUGTUISTE

Op 'n stadium toe die besluit om die jeugtuiste te sluit voor die hand liggend was, het die rektor van die teologiese skool 'n verslag aan die EK voorgelê wat daarop sou neerkom dat daar meer as genoeg ruimte vir lesingsale, kantore en die biblioteek van die skool daar geskep kon word. Hy het dit duidelik gestel dat die bykomende ruimte voldoende akkommodasie kan verskaf vir die volgende tien jaar en daarna.

Die skokkende feit is egter dat die EK hierdie verslag feitlik geïgnoreer het en eenvoudig eiesinnig voortgegaan het met hulle eie projek, sonder om die beste bedeling vir die Kerk in ag te neem. Eers na die dwang om op die sinode te wag en die BRKA verplig was om die jeugtuiste ook vir teologiese opleiding te gebruik, is aandag daaraan gegee.

Tans is die gedeeltes van die gebou van die voormalige jeugtuiste reeds in gebruik deur die teologiese skool, *terwyl 18 studente nog tydelik in kamers gehuisves word, wat nie eers benodig word nie.*

4. WAARDE VAN GEBOUE

4.1 Brookshuis

Die waarde van Brookshuis word in die verkooptransaksie veel laer gestel as wat dit behoort te wees. Hierdie pragtige gebou is geleë in 'n gesogte deel van Pretoria en allerlei faktore soos die moontlike verskuiwing van die parlement na Pretoria, sal die waarde daarvan verder verhoog, ten spyte van mnr Van der Westhuizen se argument dat dit nie die geval sal wees nie. Enige leek kan sien watter gesogte ontwikkelingsgebied die area wes van Duncanweg, vanaf die Brooklyn-sirkel tot by die Hatfieldsentrum is.

Tans is sakemanne besig om talle huise in die Hatfield-omgewing in pragtige kantore te omskep. Die reuse Brooklyn-sentrum, wat ook vergroot is, lê juis in hierdie omgewing. Dit maak van Brookshuis 'n nog meer waardevolle eiendom.

4.1 Teologiese skool en jeugtuiste

Na verneem word, is reuse ontwikkelaars tans besig met ondersoeke en opnames van geboue in

die omgewing van Loftus, waar hierdie eiendomme staan. Het die Eiendomskomitee op hierdie saak ingegaan, wat weet hulle daarvan of is hulle onbewus daarvan?

Is hierdie belangstelling van die betrokke firma moontlik die rede vir die onverklaarbare belangstelling van die Savana-groep wat dit wil

koop/ruil?

5. WAARDE VAN VOORGESTELDE EIENDOM

Die aanbeveling van die Eiendomskomitee om geboue ver van die stad af op 'n afgeleë area te gaan oprig, vernietig die eiendoms waarde van al die geboue wat ons Kerk oor al die jare van sy bestaan opgebou het. Indien daardie geboue weer verkoop sou moes word, sou dit nie die helfte van die bedrag haal as die bedrag wat nou in ons besit is nie.

So 'n onverantwoordelike stap sal ons nie aan ons lidmate, wat swaar oor die jare daarvoor bygedra het, kan verduidelik nie. Eensklaps sou ons Kerk sy waardevolle eiendom kwyt wees.

Daarby word voorgestel dat byna R1.5 miljoen uit die trustfondse van die Kerk geleen moet word om die "tekort" vir die oprigting van die nuwe geboue aan te vul.

6. VOORGESTELDE LENING

Die wysheid van die voorstel van die Eiendomskomitee sowel as die meerderheid van die FK om meer as R1,5 miljoen uit die kerk se trustfondse te leen, word *ernstig* bevraagteken.

6.1 Uit die verslae oor ons finansiële posisie blyk dit dat 'n groeiende getal gemeentes nie meer in staat is om hulle 15% bydrae tot die sentrale uitgawes te bekostig nie. Volgens die finansiële verslag wat tydens die vergadering van die BRKA op 6 Oktober 1998 voorgelê is, het die getal gemeentes wie se bydraes uitstaande is tot ongeveer 140 uit die 250 gemeentes gestyg. Hierdie tendens is in lyn met die algemene situasie in ons land, wat reeds in 'n resessie verkeer.

6.2 In 'n faksberig wat mnr Ben Rossouw op 5 Oktober 1998 in sy hoedanigheid as voorsitter van FK aan mnr S A van der Westhuizen, voorsitter van EK stuur en waarin hy die verkoop van die huidige kerkeiendom steun, maak hy self onder andere die volgende stellings:

6.2.1 *My oortuiging is dat ons (blankes) in die volgende klompie jare gebuk sal gaan onder ernstige ekonomiese tendense, wat veral die blankes se kontantvloei baie baie nadelig gaan raak:-*

6.2.2 *Verlaagde inkomste tot geen inkomste.*

6.2.3 *Verhoogde vereistes om ons kosbaarste besitting, ons jeug op te voed; ...*

Verder in dieselfde dokument stel hy dit self:

... want ek voorsien dat ons inkomste so ernstig kan daal, dat ons eenvoudig sommige van ons funksies sal moet beëindig ...

Tydens die vergadering van die BRKA op 8 April 1999 het mnr Rossouw self onder andere die opmerkings gemaak dat die verwagte styging in inkomste nie gerealiseer het nie. Dit impliseer dat die begrotings van die verskillende kommissies vir die volgende jaar kleiner sal moet wees as tans. Uitgawes moet drasties besnoei word.

Hy het ook gemaak dat die skepping van nuwe poste taboe is.

Hierdie opmerkings maak die aanbeveling van die drastiese ingreep in ons trustfondse onverklaarbaar. Dit rym nie.

In sy verslag aan die sinode maak die BRKA die opmerking dat die huidige geboue deur middel van interne lenings aangekoop en terugbetaal is.

Dit is waar, maar tye en omstandighede het intussen drasties verander. Ons gemeentes kry finansiële al swaarder en die 15%-inkomste word effektief al minder. Om dus 'n reuse bedrag uit die trustfondse te leen, sou onverantwoordelik wees. Dit is ook teenstrydig met die besluit van die sinode van 1988, soos op bl 1 aangehaal.

Die Voorsitter van die FK sal aan die sinode moet verduidelik hoe sy opmerkings oor die begrotingstekorte, laer begroting en dalende inkomste strook met sy aanbeveling dat hy R1.5 miljoen uit ons kosbare trustfondse wil leen en terugbetaal.

Iets kort met die opmerkings of die aanbeveling.

6.3 Dit is 'n bekende feit dat daar in die geval van alle groot bouprojekte

altid kostestygings voorkom. In hierdie geval is 'n sogenaamde vaste bedrag ter sprake, maar dit maak uit die aard van die saak nie voorsiening vir bykomende behoeftes of aspekte wat vergete gebly het nie. Die verloop van tyd het ook 'n invloed op die boukoste. Dit bring mee dat die bykomende koste, konserwatief bereken, maklik tot R2 miljoen kan styg.

6.4 Verder is die renteverlies wat ons Kerk op hierdie lening ly, enorm. Teen slegs 16% op R1,5 miljoen per jaar, beloop dit jaarliks R225 000. Elke vier jaar verloor ons Kerk dus as gevolg van hierdie stap ongeveer R1 miljoen aan rente.

7. ONGERIEF EN KOSTE AS GEVOLG VAN DIE LIGGING

Die ligging van die voorgestelde kompleks 40 km buite die stad, is uiters ongerieflik vir almal wat betrokke is.

7.1 Daar bestaan geen openbare vervoer daarheen nie.

7.2 Die personeel sal daagliks daarheen moet reis. Afgesien van die groot tydverlies weens reistyd, styg vervoerkoste daagliks. Die brandstofprys skiet die hoogte in. Daarby is die aanbeveling van die FK en EK dat geen vervoerkoste aan personeel betaal moet word nie. Ons sal dus die personeel met ongeveer R245 000 per jaar aan reiskoste belas as hulle sover moontlik saamry werk toe, sonder om hulle daarvoor te vergoed. Dit is oneties, veral vir die Kerk van Christus. Die benadering van die EK in hierdie saak skep nie die indruk van mense met empatie en sin vir regverdigheid nie en vergeet ook van die lojaliteit van manne en vroue wat oor die beginjare ons Kerk help opbou het.

Dit kan beteken dat ons sommige van ons waardevolle personeellede sal verloor. Die Kleinfontein-omgewing het nie die soort voedingsbron vir nuwe personeellede nie.

7.3 Die verlies aan man-ure vir reistyd van personeel beloop ongeveer 80 uur per week. Dit is gelykstaande aan 10 werkdade.

7.4 Daar is vergaderings wat by verskillende plekke in die stad gehou moet word en waarby die personeel betrokke is. Hulle sal dus heen en weer moet reis teen tydverlies en reiskoste. Kommissie-lede reis ook dikwels per vliegtuig na Pretoria vir vergaderings en kom dan per bus van die lughawe na die stad oor die weg. Met die Kleinfontein-keuse sal hulle voortdurend gehaal moet word.

7.5 Dosente van die teologiese skool sal daagliks moet reis. Dieselfde argumente as hierbo geld ook vir hulle. Hulle het ook vergaderings en gesprekke wat bygewoon moet word.

7.6 Die verblyf van die studente is nie uitgeklaar nie. Akkommodasie in die Kleinfontein-omgewing is uiters skaars. Dit is hoogs twyfelagtig of hulle daar eenkant sal gaan woon en die hele studente-lewe met sy fasiliteite sal agterlaat. My voorstelling is dat hulle in die stad sal loseer en daagliks na Kleinfontein sal uitsukkel totdat die Kerk uiteindelik sal moet toegee en daaglikse vervoergeriewe aan hulle sal moet toestaan.

Daar kan net gemeld word dat ons studente reeds ontsteld is oor die moontlike verskuiving.

7.7 Alle studiebronne, behalwe dit wat deur middel van die internet en ons eie biblioteek bereik kan word, is in Pretoria en nie op Kleinfontein nie. Ons neem dus die studente en dosente weg van belangrike inligtingsbronne en van die studie-atmosfeer van Pretoria.

7.8 Die groot afstand buite die stad maak dit ongerieflik vir ons leraars en lidmate vanoor die

hele land om hoegenaamd daar uit te kom. Ons sentrale kerkkantoor en teologiese skool sal eenvoudig op 'n eiland beland.

7.9 Breek en herstel van toerusting gaan groot probleme, tydverlies, ontwigting en koste-implikasies hê. Die tyd en afstand wat tegnisi moet reis vir herstelwerk word as koste bygereken. Bogenoemde sou waar wees in enige stad indien ons daar bestaande fasiliteite sou hê en dan skielik 40 km uit daardie stad sou moes verskuif.

8. ONDERHOUDSKOSTE VAN GEBOUE

In par 6.1 van sy verslag meld die BRKA dat die geboue dramaties verswak het. Hulle meld dat die buitewand sedert 1993 nog nooit weer geverf is nie. Die dakke lek en die verf aan die wand is deur-gebrand en bied geen beskerming nie. Venster-rame se stopverf val uit, verf dop af en as gevolg hiervan swel rame en kan vensters nie deeglik toegemaak word nie. Die hoofgebou se dak lek as gevolg van leiklip wat gekraak is en skuif. Die gevolg is dat dakhout kan verrot en meegee.

**HIERDIE VERSLAG VAN UITERSTE VERWAAR-
LOSION IS 'N MOSIE VAN WANTROUE DEUR DIE
EIENDOMSKOMITEE IN HOMSELF. HIERDIE VER-
VAL MOES NOOIT TOEGELAAT GEWEES HET
NIE.**

Hierdie verslag is egter misleidend, omdat die dak wel nagesien is en klein instandhoudingswerk wel gedoen is.

Die EK beraam dat die herstelkoste vir alles hierbo R100 000 sal beloop. Vir die vyf jaar sedert 1993 wat die EK nie instandhouding gedoen het nie, beloop dit gemiddeld R20 000 per jaar. Kenners bereken dat R25 000 per jaar voldoende sal wees om die gebou vir ten minste vyf jaar in stand te hou voordat voldoende herstelwerk weer gedoen sal moet word.

Hierteenoor verspil hulle sommer maklik R130 887,19 aan waarskynlike vrugtelose uitgawes op die Kleinfontein-projek. Dit kon liefse aangewend gewees het om die herstelwerk te doen.

Hierteenoor verdien die R1,5 miljoen wat die EK vir die Kleinfontein-geboue wil leen, R225 000 per jaar.

**DIE VRAAG IS DAN WAAROM DAAR NIE LIEWER
RUIM UIT HIERDIE RENTEVERDIENSTE GENEEM
KAN WORD OM ONS BESTAANDE GEBOUE
BEHOORLIK IN STAND TE HOU NIE?**

9. KOSTEBESPARINGS

Die kostebesparings by par 6.9.2.2 van die BRKA se verslag is eensydig en verswyg belangrike inligting. Die rentebesparing op die besparing van R150 000 word opgeblaas, terwyl die sinode

nêrens verneem van die verlies van R1,5 miljoen onverhaalbare lening of die renteverdiensle van meer as R180 000 per jaar daarop nie. **WAAROM?** Dit is mos misleidend! Die renteverdiensle kom neer op byna R1 miljoen per vyf jaar teenoor die BRKA se R264 300 oor vyf jaar.

DIE SINODE WORD HIER MISLEI.

10. MUNISIPALE KOSTES

Volgens berigte gaan die beoogde *megastad* van Pretoria die hele area tot so ver as Bronkhorst-spruit insluit. Kleinfontein sal dus deel van die megastad word. Dan geld dieselfde munisipale kostes op Kleinfontein as wat op Pretoria van toepassing is, sonder die normale stadsvervoer.

11. HOOGS WAARSKYNLIKE DORPSTIGTING

Volgens inligting tot ons beskikking sal daar nie met bouwerk op Kleinfontein begin kan word voordat die aksie van Dorpstigting afgehandel is nie. Die EK verswyg die volgende feite:

*Die Gautengse Oostelike Diensteraad het die afge-
lope tyd al die landbougrond presies vanaf die
oostelike grens van Kleinfontein tot teen Pretoria
binne sy gebied betrek. Dit dui op 'n verskuilde
agenda aan die Diensteraad se kant. Dit stel hulle
ook in staat om alle ontwikkeling binne daardie
gebied te beheer en heffings daarop te plaas. Dit
het die FK nie bekend gemaak nie.*

Buitendien kan hulle nou besluit dat die grond wat vir die Kerkkompleks gebruik gaan word, nie meer vir landbou-doeleindes aangewend gaan word nie en dan op dorpstigting aandring. Die implikasies hiervan is dat die Diensteraad kan aandring op die ontwikkeling van teerpaaie, aanleg van water, elektrisiteit, stormwater, 'n rioolstelsel, 'n riool-suiweringsaanleg en vele meer.

Dit kan etlike miljoene rande beloop, waarvoor die Kerk dan sal moet instaan. Die vraag is of die Kerk hierdie waagstuk kan aanpak?

Verder stel beamptes van die Diensteraad dit dat vergunning om te begin bou waarskynlik nie binne 'n jaar verkry sal kan word nie.

Ek verwys weer na die MEGASTAD-MOONTLIKHEID by par 10, met al sy implikasies. Hierdie saak is nie ondersoek en daarvoor verslag gedoen nie. Sonder hierdie inligting kan die Sinode 'n besluit neem wat later tot groot verleenheid kan lei.

Dit beteken dat die aanbod van die kopers teen daardie tyd reeds lankal sou verval het en dat die bykomende koste wat die Kerk sal moet betaal, verhoog, met al die implikasies daaraan verbonde.

12. VRAE OOR DIE PROJEK

Daar bestaan heelwat onbeantwoorde vrae oor die projek, wat beantwoord moet word.

12.1 Hierdie twee jong manne het volgens inligting maar sedert 1992 met hulle onderneming begin. Die vraag is hoe hulle reeds op hierdie stadium 'n projek van R7 miljoen kan hanteer? Die BRKA het hom op geen stadium vergewis van die gehalte van die bouwerk van die maatskappy of van sy likiditeit nie.

12.2 'n Verdere vraag is, indien hulle halfpad deur die oprigting bankrot sou speel, of ons nie 'n kans staan om alles wat ons besit, te verloor nie.

Hoe sal die sinode hierdie moontlike onherstelbare verlies aan ons gemeentes en lidmate kan verduidelik?

Dit wil voorkom asof die hele projek uiters riskant is.

13. DIE GEESTELIKE OPDRAG VAN ONS KERK

Dit is in die eerste plek die taak van die Kerk van Christus om na die geestelike welsyn van ons lidmate om te sien. Veral in hierdie tyd is ruimer geboue nie 'n prioriteit nie, maar wel die verantwoordelikheid om toe te sien dat gemeentes staande bly en voortgaan met hulle werk. Ons personeel sal sekerlik ook bereid wees om, as dit nodig is, offers te bring in kleiner kantore, eerder as om groot reiskostes aan te gaan.

Daarby kan die ruimteprobleem van die teologiese skool maklik opgelos word, soos deur die rektor voorgestel.

In die lig van die ontsporing van die Ned Geref Kerk sal ons vir die moontlikheid moet voorsien om 'n geestelike tuiste te kan bied vir 'n groot groei in lidmategetalle. Daarvoor gaan fondse nodig wees.

14. SLOTSOM

Hierdie argumente in aanmerking geneem – en daar is nog veel meer wat nie eers genoem is nie – is dit duidelik dat die EK vele aspekte in sy beplanning nie aangeraak het nie en dat die totale projek ondeurdag is. Indien hierdie projek deurgeforseer sou word, soos sommige lede van die BRKA probeer doen, sal dit waarskynlik lei tot groot-skaalse ontevredenheid en moontlik selfs tot skeuring in ons Kerk.

Die EK laat ook na om die sinode te adviseer dat die akkommodasiebehoefte na die sluiting van die jeugtuiste maklik is, soos oorspronklik deur die rektor van die teologiese skool aanbeveel is.

In die lig van die huidige finansiële posisie van die land, die dalende inkomste van ons Kerk en die behoefte aan geestelike versorging van ons lidmate, wat dikwels ook geldelike hulp verg, sal hierdie stap onverantwoordelik wees. Ons kan dit eenvoudig nie waag om soveel van ons trustfondse aan geboue te bestee met die duidelike

wete dat ons die kapitaal nooit weer sal kan herstel nie, en ook dat ons die geweldige verlies aan rente daarop nie kan bekostig nie.

15 OPSOMMING

15.1 Die EK het die verkeerde prosedures gevolg en gevolglik 'n eie koers ingeslaan, wat op die end die verkeerde blyk te wees.

15.2 Die EK het R130 887.19 van ons kosbare en skaars fondse vermors as vrugtelose uitgawes aan professionele fooie.

15.3 Die EK het hul plig nagelaat ten opsigte van die instandhouding van ons geboue, met die gevolg dat groot onnodige skade deur die vervalangerig is.

15.4 Die EK het nagelaat om die rektor van die teologiese skool se weldeurdragte verslag in ag te neem.

15.5 Die EK het die sluiting van die jeugtuiste buite rekening gelaat in sy voorlegging aan die sinode en het sodoende met 'n wanvoorstelling gekom, terwyl hierdie aksie die hele akkommodasieprobleem kan oplos sonder die onbetaalbare projek wat hulle voorlê.

15.6 Die FK lê 'n wanvoorstelling aan die sinode voor, deur in sy beredenering aan te beveel dat R1.5 miljoen van ons trustfondse aangewend moet word, terwyl hulle weet dat dit nie weer herstel kan word nie. Verder word die rente-implikasies van die R1.5 miljoen nêrens na vore gebring nie. Dit is wanvoorstelling.

15.7 Die Kleinfontein-projek is onprakties en ondeurdag in alle opsigte en gaan ons Kerk beroof van sy kosbaarste eiendomsbates.

15.8 Deur die projek af te keur sal die sinode verhoed dat ons trustfondse onherstelbaar aangetas word.

15.9 Deur die projek te stuit sal die sinode verhoed dat ernstige onenigheid in ons Kerk uitbreek.

15.10 Die akkommodasieprobleem kan nou opgelos word deur die akkommodasie van die jeugtuiste daarvoor aan te wend.

16. AANBEVELINGS

Die volgende word aanbeveel:

16.1 Die sinode/RKA trek sy opdrag aan die BRKA om voort te gaan met die verkoop van enige kerkeiendom, in die lig van die duidelike onnodigheid daarvan en die verandering van die situasie na die sluiting van die jeugtuiste, terug.

16.2 Die sinode/RKA vermaan die Eiendoms-komitee broederlik oor sy versuim om ons waardevolle kerkeiendom behoorlik in stand te hou.

16.3 Die sinode/RKA vermaan die Eiendoms-komitee broederlik oor die feit dat alle relevante inligting oor die beoogde vervreemding van ons kerkeiendom nie voorgelê is nie en dat dit kan dui op wanvoorstelling, wat die sinode tot skadelike besluite kon lei.

16.4 Die sinode/RKA vermaan die Finansiële Kommissie broederlik oor die wanvoorstelling van die finansiële aspek van die voorgestelde eiendomstransaksie, omdat dit maklik kon lei tot 'n verkeerde besluit deur die BRKA of die sinode, met gevolglike onherstelbare skade aan ons Kerk en sy swaarverdiende bates.

16.5 Die sinode/RKA vermaan die EK van die BRKA sowel as die FK oor die groot verlies van R130 887.19 aan vrugtelose uitgawes, wat voorkom kon gewees het indien die korrekte prosedures gevolg is.

16.6 Die sinode/RKA gee opdrag aan die inkomende BRKA, Eiendomskomitee en Finansiële Kommissie om, in oorleg met die betrokke personeel, 'n deeglike studie van die werklike akkommodasie-behoefte van die administrasie en die teologiese skool te maak en teen die laagste moontlike koste die bestaande geboue by die behoeftes aan te pas.

16.7 Die sinode/RKA gee opdrag aan die inkomende EK van die BRKA om onverwyld voort te gaan met die sinvolle herstel en instandhouding van ons geboue.

16.8 Die sinode/RKA besluit om deur sterk optrede soos beliggaam in die besluite hierbo, die boodskap aan ons kerkrade en lidmate deur te gee dat hy vasberade is om te alle tye en onder alle omstandighede in die heel beste belang van ons Kerk op te tree.

16.9 Die sinode/RKA keur die volgende beskrywingspunt goed (goedkeuring daarvan was reeds deur die KKS tydens die sinode van 1997 aanbeveel, maar die aanbeveling het vanweë tydsgebrek nie aan die orde gekom nie –

Sakelys Agtste Sinode bl. 144 en 170):

Ring van Nelspruit: Werksaamhede van die RKA

Die sinode besluit om 'n nuwe punt 6.5.6 in die Reglement van die BRKA in te voeg wat soos volg lees:

6.5.6 BRKA ledebelange

6.5.6.1 'n Lid (of lede) van die BRKA wat op enige wyse, hetsy regstreeks of onregstreeks, wesenlik belang het by 'n kontrak/transaksie of voorgenome kontrak/transaksie wat deur die BRKA namens, of in opdrag van die RKA, aangegaan word, of wat aldus 'n belang by so 'n kontrak/transaksie bekom nadat dit aangegaan is, moet sy belang en volle besonderhede daarvan verklaar, dit moet genotuleer word, en hy moet hom van verdere deelname van die werksaamhede van die BRKA rakende die saak onttrek.

6.5.6.2 Die sinode besluit om die BRKA te versoek om die numerering na die invoeging aan te pas.

6.5.6.3 Die sinode besluit dat besluit 6.5.6.1 dadelik van krag word.

23.3.1 Motivering

a. In die Maatskappywet no. 61 van 1973 word voorsiening gemaak vir sodanige reëling.

b. Die reëling raak alle direksies van maatskappye en die BRKA kan inderdaad as die direksie van die RKA gesien word.

c. Dit is 'n gesonde en beskermende reëling wat alle bestuurslede raak. Persoonlike bevoordeling vanuit 'n vertrouensposisie is immers nie eties regverdigbaar nie.

Die sinode/RKA word seën toegebid op sy beraadslaginge.

DR. HA MOCKE

DS. NJ RAUTENBACH

Verslag: Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding (KVO)

Tydperk: 13 September 1997 tot 23 April 1999

1. PERSONEEL

Lede deur die sinode van 1997 verkies (sub-kommissies in hakies):

Dr. JH Ellis (voorsitter) di. WJA van Schalkwyk, AP Viljoen, J Trollip (Jeug en Verbondsonderrig) en di. FJ van der Merwe, JP Bezuidenhout, JN Joubert en prof JC Lombard (Onderwys) en ds AJ van Niekerk (Hersiening). Hierdie kommissie funksioneer in die twee subkommissies van Verbondsonderrig en Onderwys. Op spesifieke geleenthede is twee medewerkers nl. di. G Pretorius en GJ Groblér opgeroep na vergaderings.

2. BEDANKINGS

Twee lede het die afgelope twee jaar uit die kommissie bedank, te wete di. AP Viljoen en JN Joubert.

3. VERGADERINGS

Drie vergaderings van die volle kommissie is gehou, twee deur die sub-kommissie vir Onderwys en vyf deur die subkommissie vir Verbondsonderrig.

4. UITVOERING VAN OPDRAGTE DEUR DIE AGSTE SINODE

4.1 Les oor die erediens (Handelinge 1997, bl. 268, pt 3.1.1.1.)

Hierdie opdrag staan oor tot tyd en wyl die sinode aan die KVO opdrag gee dat die verbondsonderrighandboeke herskryf moet word.

4.2 Uitbreiding van lesse in verbondsonderrighandboeke. (Handelinge 1997, bl. 268 pt 3.1.1.1.)

Alhoewel reeds aandag tydens KVO-vergaderings aan hierdie opdrag gegee is en ds. FJ van der Merwe in samewerking met ds. AJ van Niekerk besig is om 'n lesskema uit te werk, kan hierdie opdrag slegs uitgevoer word sodra die sinode aan die KVO opdrag gee om die verbondsonderrighandboeke te herskryf en te herdruk. Die Pk en Fk sal in die saak geken moet word aangesien dit baie koste sal meebring.

AANBEVELINGS

4.2.1 Die sinode kontinueer sy opdrag aan die KVO insake 'n Les oor die erediens en die

Uitbreiding van lesse in die verbondsonderrighandboeke totdat die sinode opdrag gee dat die verbondsonderrighandboeke herdruk en herskryf moet word en daar fondse is om die boeke te publiseer.

4.2.2 Die sinode versoek di. FJ van der Merwe en AJ van Niekerk om staande die sinode verslag te lewer oor die vordering wat reeds gemaak is.

4.3 Onderzoek na die jeug in die AP Kerk. (Handelinge 1997, bl 269 punt 5.4.2.1.)

Hierdie opdrag is voltooi maar daar kon nie 'n volledige verslag uitgebring word nie, aangesien slegs 47% van die gemeentes (d.i. 117) die vraelyste voltooi en teruggestuur het. Enkele gemeentes het gereageer eers nadat die vraelyste verwerk is. 'n Volledige verslag van die bevindinge met aanbevelings insake die AP Kerk-jeug het in Die Boodskapper van Mei 1998 verskyn.

AANBEVELING

4.3.1 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die KVO vir die insameling van en verwerking van die statistieke insake die stand van die AP Kerk-jeug.

4.4 Praktiese riglyne vir die funksionering van verbondsjeugaksies.

Hierdie riglyne is uitgewerk en word as bylae KVO 1 van die verslag aangeheg.

AANBEVELING

4.4.1 Die sinode keur die *Praktiese riglyne vir die funksionering van verbondsjeugaksies* goed en versoek die PK om dit as riglyne vir die ordelike funksionering van verbondjeugaksies na alle gemeentes deur te stuur.

4.5 Voorligting aan kerke insake Outcomes Based Education. (Resultaatgedrewe Onderwys) (Handelinge 1997 bl 288 pt. 3.12.1.2.)

Hierdie opdrag is uitgevoer. 'n Reeks artikels van prof Pienaar is in *Die Boodskapper* gepubliseer en dit is ook saam met bydraes van ander medewerkers in die publikasie 'n *Nuwe Onderwysmodel: Waarom?* gepubliseer. Die publikasie is beskikbaar by die kantore van die BCVO.

AANBEVELING

4.5.1 Die sinode neem met dank kennis van die publikasie 'n Nuwe Onderwysmodel: Waarom? en moedig kerkrade en ouers aan om dit te bestudeer en by lidmate aan te beveel ten einde hulle te vergewis van die onderwysmodel Kurrikulum 2005.

4.6 Die daarstelling van 'n seleksie liedere vir die gebruik by jeugbyeenkomste. (Handelinge 1997, bl 289 4.2.)

Daar was een gesamentlike vergadering gehou met die KKM wat 'n seleksie liedere aan die KVO voorgelê het. Die liedere vind byval, maar dit is ongepubliseer en nog nie georden nie. Liedere wat reeds deur die sinode goedgekeur is, is nie by die die aan-beveling van die KKM geïnkorporeer nie.

AANBEVELING

4.6.1 Die sinode besluit om die opdrag te kontinueer en verder uit te brei deur aan die KKM opdrag te gee om 'n liederbundel so spoedig moontlik daar te stel vir die gebruik by jeugbyeenkomste en kampe. Tot dan bly die sinode by sy besluit van 1997. (Handelinge 1997, bl. 289 pt 4.2.3.)

4.7 Onderzoek na die VCSV (Handelinge 1997, bl 290 pt 5.2.1.)

'n Volledige studiestuk insake die CSV verskyn as bylae KVO 2 as deel van die verslag aan die sinode.

AANBEVELINGS

4.7.1 Die sinode neem met dank kennis van die studiestuk oor die *Verenigde Christenstudentevereniging van Suider-Afrika*.

4.7.2 Die sinode wys enige "hulpdiens" van buite sowel as enige "outonome vereniging" binne die kerkverband af wat die kerk se jeug wil organiseer en vermy samewerking met die VCSV sowel as enige sodanige bestaande verenigings.

4.7.3 Die sinode beklemtoon die noodsaaklikheid dat die lidmate van die kerk geaktiveer word om as kerk werksaam te wees aan die uitvoering van Skriftuurlike opdragte tot opbouing van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die koninkryk van God.

4.7.4 Die sinode beklemtoon die onvervreembare en onoordraagbare verantwoordelikheid van die kerk teenoor die jeug as wesenlike deel van die gemeente. Hierdie verantwoordelikheid omvat die bediening van die Woord, herderlike sorg, geestelik-godsdienstige opvoeding en

onderrig, toesig en leiding op elke lewensterrein tydens elke lewensfase sowel as hulp en voorligting aan die jeug in al sy lewensverbande.

4.7.1.5 Die sinode versoek kerkrade om ernstig aandag te gee aan die jeug binne gemeenteverband en versoek kerkrade opnuut om toe te sien dat daar aktiewe jeugaksies in die gemeente georganiseer word. (Vgl. *Die riglyne vir jeugbediening binne die AP Kerke* soos goedgekeur deur die agste sinode – Sakelys bl. 38.)

4.8 Gesamentlike opdrag met KKCE insake visuele hulpmiddels vir gemeentelike voorligting asook Bybelonderrig op skool en tersiêre vlak. (Handelinge 1997, bl 274 pt 3.1.1.2.)

Die studiestuk wat opgestel en voorgelê word aan die sinode, kom voor by die verslag van die KKCE. Die KVO vereenselwig hom met die bevindinge in die studiestuk.

AANBEVELING

4.8.1 Die sinode neem kennis van die verslag rakende visuele hulpmiddels en besluit dat dit saam met die verslag van die KKCE behandel sal word.

4.9 Onderzoek na die Vereniging vir Christelike Volkseie Skole (VCSV) asook Afrikaanse Reformatoriese Skole Organisasie (ARSO).

AANBEVELING

4.9.1 Die sinode neem kennis dat die ondersoek na die VCSV en ARSO nog nie bevredigend afgehandel is nie en kontinueer die opdrag aan die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding.

5. ANDER WERKSAAMHEDE

5.1 Lesgidse by verbondsonderrig

Daar is 'n dringende aanvraag na die lesgidse vir verbondsonderrigvoogde vir gebruik in die verbondsonderrigklasse. Ds. AJ van Niekerk is deur die sinode belas met die skrywe daarvan. Daar is vanaf die begin van vanjaar baie dringend aandag aan die saak geskenk en ds. Van Niekerk sal staande die sinode aan die sinode rapporteer.

AANBEVELINGS

5.1.1 Die sinode besluit om ds. AJ van Niekerk te vra om staande die sinode te rapporteer insake die vordering wat gemaak is met die lesgidse.

5.1.2 Die sinode beskou hierdie saak as baie dringend en versoek ds. AJ van Niekerk om die lesgidse voor die helfte van die jaar 2000 vir publikasie gereed te hê.

5.2 Programsketse vir die jeug

Nadat verskeie opsies oorweeg is om programsketse daar te stel en aan gemeentes deur te stuur vir gebruik by byeenkomste van die verbondsjeug, blyk die oplossing te gekom het deur dit maandeliks as 'n losstaande bydrae saam met Die Boodskapper na gemeentes te stuur. Positiewe terugvoer is reeds van gemeentes ontvang.

AANBEVELINGS

5.2.1 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die KVO met die daarstelling van programsketse vir die jeug.

5.2.2 Die sinode spreek sy dank uit teenoor al die medewerkers wat positiewe bydraes gelewer het vir die daarstelling van die programsketse.

5.2.3 Die sinode versoek kerkrade om persone wat die talent daarvoor het, in hulle onderskeie gemeentes aan te moedig om met die KVO te skakel en mee te werk aan die skrywe van programsketse.

5.3 Kampe

Verskillende kampe om verskillende ouderdomsgroepe te akkommodeer word jaarliks aangebied, te wete: Die skoolverwisselingskamp o.l.v. die AP Kerk Carolina, Paasnaweekkamp o.l.v. die AP Kerk Lichtenburg, skoolverlaterskampe o.l.v. die AP Kerk Verwoerdburg, die AP Kerk Vryheid en die AP Kerk Kareedouw, die senior verbondsjeugkamp o.l.v. die AP Kerk Middelburg.

Hierdie kampe wat reeds 'n jaarlikse instelling is, vind goeie byval en word goed ondersteun.

AANBEVELINGS

5.3.1 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die kerke (gemeentes) en die leraars en medewerkers vir die onderskeie kampe wat hulle aanbied om die AP Kerk-jeug te akkommodeer.

5.3.2 Die sinode neem kennis van die groeiende entoesiasme vir die kampe onder die jeug en versoek kerkrade om hulle jeug aan te moedig en finansieel te ondersteun om by die kampe in te skakel.

5.4 Jeugleierskursus

Daar is 'n jeugleierskursus by Hartbeespoortdam aangebied oor die naweek van 12 – 14 Maart 1999 wat deur 20 jeugleiers bygewoon is. 'n Opvolg word in die vooruitsig gestel vir later die jaar.

AANBEVELING

5.4.1 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die KVO wat met volgehoue pogings na vore kom om die jeugleiers in die AP Kerk te skool vir hulle taak en roeping.

5.5 Verbondsonderrigkursusse

Die aanbieding van die verbondsonderrigkursusse gaan steeds voort o.l.v. dr. JH Ellis en ds. G Pretorius. Die afgelope twee jaar is 18 kursusse in verskeie gemeentes op aanvraag aangebied.

AANBEVELING

5.5.1 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die KVO wat steeds voortgaan met die verbondsonderrigkursusse met die oog daarop om verbondsonderrigpersoneel te skool vir hulle taak en moedig kerkrade en ringe aan om dr. JH Ellis of ds. G Pretorius uit te nooi om 'n kursus vir hulle verbondspersoneel aan te bied.

5.6 Antwoorde vir VBO handboeke

Aandag is gegee aan die antwoorde op die vrae in die verbondsonderrighandboeke aangesien daar gemeentes is wat 'n versoek daartoe gerig het. Hierdie antwoorde sal beskikbaar wees wanneer die verbondsonderrig in 2000 in aanvang neem.

AANBEVELING

5.6.1 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die KVO vir die daarstelling van die antwoorde op die vrae in die lesse van die verbondsonderrighandboeke en bring die beskikbaarheid daarvan onder kerkrade se aandag.

5.7 Sertifikaat vir voorgangers by die verbondsonderrig

'n Sertifikaat is ontwerp vir 'n verdere 10 jaar vir verbondsvoogde wat reeds tien jaar verbondsonderrig gegee het en wie se eerste sertifikaat vol is. Dit is 'n kleurvolle sertifikaat waarop 'n voorganger trots kan wees.

AANBEVELING

5.7.1 Die sinode keur die sertifikaat goed wat die KVO ontwerp het vir verbondsonderrigvoorgangers om die tydperk te vul nadat die eerste sertifikaat gevul is, en bring die beskikbaarheid daarvan onder die aandag van verbondsonderrighoofde. (Bylae KVO 4.)

5.8 Bybelklasse by skole

Volgens Kurrikulum 2005 vir godsdiensonderrig by skole, word voorsiening gemaak vir kerke om godsdiensterieodes gedurende die week waar te neem.

AANBEVELING

5.8.1 Die sinode versoek kerkrade en leraars dringend om waar enigsins moontlik, die geleentheid aan te gryp om vir die kinders godsdiensonderrig by skole aan te bied en tot voordeel van ons kinders te gebruik.

5.9 Riglyne vir verbondsonderrig

Die Riglyne vir verbondsonderrig is nou beskikbaar in boekievorm teen R10 per eksemplaar.

AANBEVELING

5.9.1 Die sinode bedank die Pk. vir die Riglyne vir verbondsonderrig soos deur die sinode van 1995 goedgekeur wat in boekievorm beskikbaar is en moedig kerkrade aan om dit aan die verbondsonderrigvoogde en ouderlingrade beskikbaar te stel.

5.10 Kommentaar op die verslag van die Ministeriële komitee van Godsdiensoonderrig volgens die bepalings van die onderwyswet 1996 van Suid-Afrika.

Die verslag is as *Konsep Riglyne vir Godsdiensoonderrig* geplaas deur die Minister van Onderwys van die sentrale ANC Regering in die Staatskoerant nr 19775 van 13 Februarie 1999. Die kommentaar insake die verslag van die ministeriële komitee verskyn as bylae KVO 3 as deel van die verslag aan die sinode.

AANBEVELING VAN DIE KVO

5.10.1 Die sinode besluit om kerkrade te versoek om die gevare uitgewys deur die Subkommissie vir Onderwys in die verslag van die Ministeriële Komitee oor Godsdiensoonderrig in Openbare Skole onder die aandag van ouers en onderwysers te bring.

5.10.2 Die sinode wys verbondsouers op hul verantwoordelikhede kragtens hul doopbelofte. Bybelonderrig en Christelike opvoeding moet 'n prioriteit vir ouers in elke verbondshuis word.

5.10.3 Kerkrade word versoek om toe te sien dat die tyd en geleenthede vir verbondsonderrig ten volle deur kwaliteit onderrig benut word.

5.10.4 Die sinode versoek kerkrade om ouers aan te moedig om hul kinders in skole te plaas waarin Christelike Volkseie Onderwys moontlik is.

5.10.5 Die sinode versoek kerkrade om onderwysers in alle skole aan te moedig om (staande in die amp van gelowige) Bybelse leerstof en gesigspunte in alle vakke aktief by te werk waar van toepassing. Tyd afgestaan vir godsdiensoonderrig moet in die eerste plek vir Bybelonderrig gebruik word.

5.11 Begroting vir 2000

Die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding kan met trots verklaar dat hy nog nooit in die verlede sy begroting oorskry het nie. Allerlei wyses is gevolg om binne die begroting te bly en alhoewel die kommissie 'n groot persentasie van

die kerk se lidmaattal bedien, kon hy nog altyd binne sy begroting sy werk afhandel. In die lig hiervan wil die KVO met vrymoedigheid die volgende begroting aan die sinode voorlê vir goedkeuring.

AANBEVELING

5.11.1 Die sinode keur die begroting van die KVO goed wat soos volg daar uitsien:

Reiskoste en etes	R20000-00
Subkommissie vir Onderwys	R4000-00
Subkommissie vir Verbondsonderrig	R6000-00
Publisering en verspreiding van programsketse	R6000-00
Kursus vir verbondsonderrigvoorgangers	R3000-00
Kursus vir jeugleiers	R2000-00
Hersieningskommissie	R3000-00
Totaal	R44000-00

6. BESKRYWINGSPUNTE**6.1 Ring van Lichtenburg: Leerboeke vir die verbondsonderrig**

Die sinode besluit dat die reeks verbondsonderrighandboeke elk uitgebrei word met vyf lesse om in die behoefte van gemeentes te voorsien waar op meer as dertig Sondae per jaar verbondsonderrig aangebied word.

Die sinode dra dit aan die sinodale Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding op om uiteindelik aan die besluit uitvoering te gee, en versoek die Kommissie om in die addisionele lesse besondere aandag te skenk aan die kerkhervorming van die sestiende eeu en die agtergrondgeskiedenis wat die stigting van die AP kerke tot gevolg gehad het.

Motivering

Daar is gemeentes wat op meer Sondae as dertig per jaar verbondsonderrig aanbied en hulle benodig dus addisionele lesse.

Die belangrikheid van die Kerkgeskiedenis vir die jong kind en tiener word totaal onderskat as vak wat trots moet maak op ons historiese erfenis, die essensiële kennis tot standvastigheid moet bied, wat vrywaar van die gees van liberalisme wat hand oor hand toeneem en die gees van behoudendheid en standvastigheid sal bewaar en bevorder.

AANBEVELING VAN DIE KVO

6.1.1 Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt rakende die lesse oor die kerkhervorming en kerkgeskiedenis want die behoefte wat dit aanspreek sal ondervang word met die aanvullende lesse wat bygewerk moet word en wat reeds deur die sinode goedgekeur is.

6.2 Ring van Cornelia: Jeug en verbondsonderrig

Die sinode doen 'n dringende beroep op ringe en ringskommissies om weë te soek en projekte te loods waarvolgens alle kinders binne ringsverband by verskillende geleenthede gedurende die jaar byeengebring word om groter groepsbetrokkenheid binne kerkverband te verseker.

Motivering

Met die verwerking van die statistieke in die Kerkjaarboek 1999 is gevind dat daar in gemiddeld 181 van die 246 gemeentes slegs drie of minder kinders per standerd in die betrokke gemeente is – in die geval van 94 gemeentes selfs gemiddeld een kind per standerd.

Die gebrek aan kinders van dieselfde ouderdom met wie hierdie kinders kan assosieer, kan daartoe lei dat hierdie kinders die kerk waaraan hulle behoort as 'n vreemde element ervaar en gevolglik vriende soek in ongewenste kringe buite die kerk.

Daar bestaan 'n wesenlike gevaar dat kinders wat in 'n vakuum opgroei soveel skade mag ly dat dit in 'n leeftyd nie herstel kan word nie.

Dit is dringend noodsaaklik dat maniere gevind word waarop ons kinders se natuurlike behoefte aan vriendskappe in alle lewensfasies in gesonde bane gelei kan word. In hierdie verband skrywe dr. JH Ellis in sy boek *Verbondsonderrig* soos volg (kursivering ds. AJ Van Niekerk):

- t.o.v. die periode 6–8 jaar: *In hierdie tydperk begin hy met die groepslewe en bou vriendskappe. Hy speel nie alleen nie, maar in groepsverband ...;*
- t.o.v. die periode 9–10 jaar: *begin die bende tydperk ook. Daar is 'n neiging om in groepe te beweeg ...;*
- t.o.v. die laat kinderjare 11–13 jaar: *Die neiging tot die kudde en die eie soort kom sterk na vore.*
- t.o.v. die hoërskoolkind 14–17 jaar: *Hy wil graag groei en ontwikkel tot so 'n lewe van morele beheer dat hy deur volwassenes sowel as sy ouderdomsgroep aanvaar en gerespekteer sal word.*

Slegs indien ons met al die middele tot ons beskikking 'n oplossing vir die probleem vind, kan ons ook verwag dat duisende ouers wat graag lidmate van die AP kerkverband wil wees, maar nie bereid is om hulle kinders te isoleer nie, hulle wel by die AP Kerk sal voeg. So kom ons moontlik tot 'n langtermynoplossing.

AANBEVELING VAN DIE KVO

6.2.2 Die sinode versoek ringe en ringskommissies om weë te soek en projekte te loods waarvolgens alle kinders binne ringsverband by verskillende geleenthede gedurende die jaar

byeengebring word om groter groepsbetrokkenheid binne kerkverband te verseker.

6.3 Ring van Cornelia: Jeug en verbondsonderrig

Die sinode beklemtoon die feit dat die ouers volgens hulle doopgelofte in die eerste instansie verantwoordelik is vir die verbondsonderrig van hulle kinders.

Die sinode besluit dat in die lesgidse by elke les 'n gedeelte bygewerk moet word waarvolgens leiding aan ouers gegee word en ouers toegerus word om die hoofsaake waaroor dit in elke les gaan gedurende die week by die huisgodsdienste te inkorporeer sodat daar in die amptelike verbondsonderrig elke Sondag voortgebou kan word op die grondslag wat die ouers reeds gedurende die afgelope week gelê het.

Die sinode moedig kerkrade aan om 'n voldoende voorraad lesgidse te bestel, wat eiendom van die kerkraad kan bly en wat na behoefte aan ouers en ouderlinge geleen kan word.

Motivering:

Die haglike toestand waarin die land en die Christendom in hierdie land in die algemeen verkeer, is tot 'n groot mate te wyte aan die feit dat te veel ouers die Godgewe roeping en taak wat hulle volgens Dt 6: 7 – 9 het, aan die kerke en staatskole oorgelaat het.

Die kerk het nie net 'n amptelike onderrigtaak volgens die tweede deel van die doopbelofte en volgens Jn 21: 15 nie, maar het ook 'n toesigtaak volgens Jn 21: 16 en 'n toerustingstaak volgens Jn 21: 17. Sommige huisgesinne met heelwat kinders mag dit moeilik vind om lesgidse te bekostig. Daarby kan lesgidse, anders as die leerboeke waarin die kinders skryf, oor en oor gebruik word.

AANBEVELINGS VAN DIE KVO

6.3.1 Die sinode beklemtoon die feit dat die ouers volgens hulle doopgelofte in die eerste instansie verantwoordelik is vir die verbondsonderrig van hulle kinders.

6.3.2 Die sinode besluit dat in die lesgidse by elke les 'n gedeelte bygewerk moet word waarvolgens leiding aan ouers gegee word en ouers toegerus word om die hoofsaake waaroor dit in elke les gaan gedurende die week by die huisgodsdienste te inkorporeer, sodat daar in die amptelike verbondsonderrig elke Sondag voortgebou kan word op die grondslag wat die ouers reeds gedurende die afgelope week gelê het.

6.3.3 Die sinode moedig kerkrade aan om 'n voldoende voorraad lesgidse te bestel, wat eiendom van die kerkraad kan bly en wat na

behoefte aan ouers en ouderlinge geleen kan word.

6.3.4 Die sinode doen 'n beroep op ouderlingrade om voor nagmaal spesifiek ook aandag te gee aan huisgodsdien en verbondsonderrig aan kinders.

6.3.5 Die sinode doen 'n beroep op ringe om tydens kerkvisitasie aandag te gee aan die gehalte van die verbondsonderrig in die plaaslike kerk.

6.4 Ring van Potgietersrus: Skoling van verbondskinders in die gees van die AP Kerkverband.

Die sinode versoek alle kerkrade en ringe om daadwerklik aandag daaraan te gee hoe om die kerkjeug so te lei dat hulle heelhartig met die gees en beginsels van die AP kerkverband identifiseer.

Motivering

Met die totstandkoming van AP kerke aan die begin, het hoërskool- en selfs laerskoolkinders presies geweet waarom dit gegaan het.

Sedertdien het 'n hele aantal jare verloop en kom kinders wat nie in volksele skole is nie, onder groot groepsdruk. Daarom sal hulle behoorlike toerusting moet ontvang.

Aan tersiêre inrigtings kan onder meer ons jeug geïsoleerd wees en sal hulle hul behoorlik moet kan verantwoord oor die volksele beginsel.

Die gereformeerde beginsels kom in ons dag onder al hoe groter druk, nie net vanuit nie-gereformeerde kring nie, maar selfs vanuit tradisioneel gereformeerde kring.

AANBEVELINGS VAN DIE KVO

6.4.1 Die sinode versoek alle kerkrade en ringe om daadwerklik aandag daaraan te gee hoe om die kerkjeug so te lei dat hulle heelhartig met die gees en beginsels van die AP kerkverband identifiseer.

6.4.2. Die sinode versoek die SKK om in die gemeentelike verslagvorm aan die ring 'n vraag in te werk waarvolgens ringe hulself kan vergewis van die mate waarin die kerkrade aan 6.4.1 aandag gegee het.

6.5 Ring van Kimberley: Insluiting van opsomming van kerkorde bepalings i.v.m. pligte en verantwoordelikhede van lidmate wat van kerk (gemeente) verwissel in die leerplan van die belydenisklas.

Die sinode beveel by die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding aan om oorweging te skenk aan die moontlikheid om 'n kort opsomming van die betrokke kerkordebepalings

wat die pligte en verantwoordelikhede van lidmate wat van kerk (gemeente) verwissel in te sluit by die leerplan.

Motivering

Gemeentelede is oor die algemeen onkundig aangaande die A.P. Kerk se siening rakende attestate en bewyse van lidmaatskap. Die onkundigheid stel skribas soms in 'n moeilike posisie, aangesien lidmate onder die indruk kom dat die skriba sommer net moedswillig is as hy nie die verlangde dokument wil gee nie. Indien lidmate van die begin af die nodige inligting ontvang behoort dit aangenamer te wees om sulke situasies te hanteer. Die argument kan gebruik word dat die inligting deurgegee kan word met die finale gesprek van kerkvisitasie, maar ondervinding het geleer dat die meeste jongmense onder spanning verkeer tydens die gesprek en nie al die inligting sal inneem nie. 'n Aparte brosjure kan miskien saamgestel word wat al die nodige inligting bevat. Dit kan dan as boekmerk gebruik word. Een voorbeeld word hier genoem maar daar is seker ander sake wat gemeentelede behoort te weet.

AANBEVELING VAN DIE KVO

6.5.1 Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die ring van Kimberley.

6.5.2 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie aangesien dit nie aan die formele vereistes vir beskrywingspunte voldoen nie.

6.6 Ring van Memel: Lesgidse

Die sinode besluit om dit aan die Jeugkommissie op te dra om lesgidse vir al die VBO klasse so spoedig moontlik af te handel en beskikbaar te stel.

Motivering

Lesgidse word die afgelope paar jaar beloof daargestel te word en nie alle lesgidse (vir al die jaargroepe) het gerealiseer nie.

VBO-leiers het dit dringend nodig as hulp in die aanbieding van VBO-lesse.

AANBEVELINGS VAN DIE KVO

6.6.1 Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die ring van Kimberley.

6.6.2 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie aangesien dit nie aan die formele vereistes vir beskrywingspunte voldoen nie.

6.7 Ring van Memel: Visuele hulpmiddele vir VBO

Die sinode besluit om dit aan die Jeugkommissie op te dra om so spoedig moontlik visuele middele

daar te stel wat in pas is met die VBO-lesse van die junior afdeling van die verbondsonderrig.

Motivering

'n Dringende behoefte bestaan by VBO-leiers om hulle lesse so aan te bied dat die verbondskind maksimaal daarby sal baat. Die huidige VBO-lesse moet visueel verder uitgebrei word met bv. inkleurkaarte; plekkaarte; voorbeelde van klere-drag, voedsel van die Bybeltyd; ens.

Die visuele hulpmiddels wat tans in die mark beskikbaar is, staan gevaar om nie aan die vereistes te voldoen nie.

AANBEVELING VAN DIE KVO

6.7.1 Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die ring van Kimberley.

6.7.2 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie aangesien dit nie aan die formele vereistes vir beskrywingspunte voldoen nie.

6.8 Ring van Olifantshoek: Vermindering van lesse

Die sinode besluit dat wanneer die verbondsonderrighandboeke hersien word, die lesse na 25 verminder sal word.

Motivering

Met kinders in die staatskole en CVO-skole word daar te veel langnaweke in stand gehou. Lesse oor dieselfde onderwerp kan sinvol saamgevoeg word.

AANBEVELING VAN DIE KVO

6.8.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie aangesien dit nie aan die formele vereistes vir beskrywingspunte voldoen nie.

7. SAMESTELLING VAN DIE KOMMISSIE

Die vorige sinode het klem gelê op finansiële besparing in die lig van die sinode se ongeskrewe rasionalisasiebeleid.

Die huidige samestelling van die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding is nie bevorderlik hiervoor nie. Daar is geen gemeenskaplikhede in die werksaamhede van die kommissie nie. Wanneer die Subkommissie Jeug en Verbondsonderrig bv. oor opvoeding praat word klem gelê op die betrokkenheid en opbou van die kind in die gemeente terwyl die Subkommissie vir Onderwys klem lê op die opvoeding binne skoolverband.

Daar word aanbeveel dat die twee subkommissies onderverdeel word in twee selfstandige kommissies naamlik: Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding.

Op hierdie wyse sal aansienlik fondse bespaar word en die kommissiewerksaamhede meer vaart-belyn wees.

AANBEVELING VAN DIE KVO

7.1 Die sinode besluit om die KVO te verdeel in twee volwaardige kommissies, die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig (6 lede) en die Kommissie vir Onderwys en Opleiding (4 lede).

8. SLOT

Die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding vertrou dat hy sy werksaamhede volgens sy lasgewing tot bevrediging van die sinode en kerkverband in geheel afgehandel het en bid elke gemeente binne die AP Kerkverband die seën van die Here toe op hulle jeugwerk.

DR. J H ELLIS
(Voorsitter)

DS. J B TROLLIP
(Skriba)

PRAKTIESE RIGLYNE VIR DIE ORDELIKE FUNKSIONERING VAN VERBONDSJEUGAKSIES

1. AGTERGROND

Die agtste sinode het die volgende besluite geneem: *Die sinode aanvaar die Riglyne vir jeug-bearbeiding binne die Afrikaanse Protestantse Kerkverband (kyk Sakelys, Bylae KVO 1, bl. 38) as breë motivering vir die ordelike funksionering van verbondsjeugaksies binne AP Kerkverband* (Handelinge 1997, bl. 268).

Die sinode neem kennis dat sommige plaaslike kerkjeugaksies 'n behoefte het aan praktiese leiding ten opsigte van ordelike funksionering (Handelinge 1997, bl. 268.)

2. OPDRAG

Die sinode dra dit aan die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding op om, na aanleiding van die beginsels gestel in Riglyne vir jeug-bearbeiding binne die Afrikaanse Protestantse Kerkverband (Kyk Sakelys Bylae KVO 1, bl. 38) praktiese riglyne daar te stel vir die ordelike funksionering van verbondsjeugaksies. Die volgende sinode moet bedien word met hierdie praktiese riglyne. (Handelinge 1997, bl. 268)

3. BASIESE UITGANGSPUNTE

3.1 Naam

Die jong belydende lidmate van 'n plaaslike Afrikaanse Protestantse Kerk word georganiseer onder die benaming belydende verbondsjeug. Dooplidmate wat in die hoërskool is (of kinders uit spesiale skole van dieselfde ouderdomsgroep) word georganiseer onder die benaming senior verbondsjeug. Die jeugaksie vir dooplidmate in die laerskoolfase van hul lewens, word genoem junior verbondsjeug. (Handelinge 1997, bl. 289, 5.1.1.)

Waar 'n plaaslike kerk (gemeente) vanweë gebrek aan getalle of weens praktiese oorwegings besluit om sy belydende verbondsjeug en senior verbondsjeug in een aksie saam te voeg kan daarna net verwys word as verbondsjeug. Dit is verkieslik dat daar nie van afkortings vir die betrokke jeugaksie gebruik gemaak word nie, byvoorbeeld JVJ, SVJ, BVJ, ASJAS ensovoorts nie. Die jeug moet die waarde en dieper betekenis van die term verbondsjeug leer waardeer en liefkry.

3.2 Die wese van die belydende verbondsjeug

Die Afrikaanse Protestantse Kerke organiseer sy belydende verbondsjeug deur die genoemde verbondsjeugaksie met die oog op eie opbouing en

dienstewering aan die koninkryk van God. In wese is dit 'n praktiese uitlewing van die verbondsonderrig in gemeenteverband.

3.3 Kerkverband

As verbondsjeug van die Afrikaanse Protestantse Kerke erken die onderskeie aksies die gesag van die kerklike vergaderinge, onderwerp hom daaraan en funksioneer direk onder die plaaslike kerkraad, as deel van die gemeente.

3.4 Grondslag

Die verbondsjeug van die Afrikaanse Protestantse Kerke staan op dieselfde belydenisgrondslag as die Afrikaanse Protestantse Kerkverband. Dit is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God en die Drie Formuliere van Enigheid.

3.5 Gerigtheid

Die verbondsjeug van die Afrikaanse Protestantse Kerke is gerig op alle jong lidmate, te wete jong belydende lidmate, dooplidmate sowel as ongedoopte kinders.

3.6 Doel

Die verbondsjeug stel hulle ten doel om elke jong lidmaat van die Afrikaanse Protestantse Kerke

3.6.1 te help vorm tot

- 'n Skrifgetroue volgeling van Jesus Christus
- 'n lewende lidmaat van die kerk
- 'n vrymoedige belyer en getuie van die Here Jesus as sy persoonlike Verlosser en Saligmaker;

3.6.2 te help lei tot

- die getroue gebruik van die genademiddele: die Woord en die Sakramente
- getroue Bybelstudie en gebedslewe
- getroue inskakeling in al die werksaamhede van die plaaslike kerk
- voortgesette studie in die belydenisskrifte van die kerkverband.

3.6.3 Hierdie doelstelling is gegrond op die feit dat kerklidmaatskap die volgende behels:

- Dit verklaar dat ek
 - glo dat ek 'n lewende deel van die liggaam van

Jesus Christus is (1 Kor. 12:27).

- daarom in 'n baie meer intieme verhouding staan teenoor my kerk as teenoor enige ander vereniging of organisasie waarby ek bloot vir eie vermaak, gerief of voordeel sou aansluit (Ef 4:1-6).
- Dit rus op geloof
 - in die Drie-enige God van die Heilige Skrif (2 Kor 13:13)
 - in die liefde van die Vader (1 Jn 3:1)
 - in die versoening deur die Seun (1 Jn 4:10)
 - in die lewensvernuwing deur die Heilige Gees (Titus 3:5).
- Dit hou in gebondenheid
 - aan die belydenis wat ek onderskryf het (1 Tm 4:16)
 - aan die bepaalde kerk waarby ek my gevoeg het (Heb 2:12).
- Dit voer tot gemeenskap
 - deur die gereelde bywoning van die eredienste (Heb 10:25)
 - deur die gelowige gebruik van die sakramente (Mt 28:19, 1Kor 11:23)
 - deur die gewillige gee van my gawes (2 Kor 9:7)
 - deur die aktiewe deelname aan die werksaamhede van my gemeente (Hand 2:42)
 - deur my geestelike kontak met medegelowiges (Ps 119:63).
- Dit verplig tot getrouheid
 - in my persoonlike Bybelstudie en gebed (2 Tm 3:15; Rm 12:12)
 - in huisgodsdienst saam met my gesin (Dt 6:6-9)
 - in die heiliging van die dag van die Here (Jes 58:13,14).
- Dit mond uit in getuienis
 - deur my woorde (Hd 4:20)
 - deur my dade (1 Kor 10:31)
 - deur my voorbeeld (1 Tm 4:12)
 - deur my gesindheid (Flp 2:5).

4. ORGANISASIE BINNE GEMEENTELIKE VERBAND

4.1 Die verbondsjeug in 'n Afrikaanse Protestantse Kerk word georganiseer onder leiding en toesig van die plaaslike kerkraad. Die plaaslike kerkraad benoem uit sy geledere 'n Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding, wat leiding neem met die totstandkoming van die aksies vir die onderskeie belangegroepe onder die jeug.

4.2 Die belydende- en senior verbondsjeug kies uit eie geledere 'n bestuurskomitee wat bestaan uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, penningmeester en/of addisionele lede. Die bestuurskomitee word jaarliks verkies en deur die plaaslike kerkraad goedgekeur. Hierdie bestuurskomitee kan leiers aanwys om leiding te neem in diensgroepe (of subgroepe) wat binne die verbondsjeug funksioneer. Diensgroepe wat kan funksioneer en die jeug sodoende lei tot effektiewe dienswerk in gemeenteverband onder leiding van die kerkraad is byvoorbeeld barmhartigheid, evangelisasie, fondsinsameling, kerkleer en etiese sake, ontspanning ensovoorts. Die kerkraad wys 'n volwasse raadgewer aan wat sitting het op die bestuurskomitee. Die leraar het ampshalwe reg van sitting op die bestuurskomitee en is as begeleier tot beskikking van die verbondsjeug as spesifieke belangegroep binne die plaaslike kerk.

Die junior verbondsjeug word bestuur en begelei deur 'n aantal leidsters (belydende lidmate) soos deur die kerkraad goedgekeur. Die ideaal is dat daar vir elke ouderdomsgroep (veral in groter gemeentes) 'n leidster sal wees ten einde die kinders te begelei in hierdie praktiese uitlewing van die waarhede geleer in die verbondsonderrig. By die junior verbondsjeug funksioneer die leidsters dan as bestuurskomitee onder leiding van die kerkraad se Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding.

4.3 In gevalle waar getalle beperk is kan die verskillende belangegroepe kombineer sodat daar byvoorbeeld in plaas van 'n belydende- en seniorverbondsjeug slegs een aksie onder die verbondsjeug is. In sodanige geval kan 'n gemeente met slegs enkele jong belydende lidmate hierdie jongmense as diensgroepleiers of selfs volwasse raadgewers laat funksioneer. Die ideaal is egter dat daar met inagneming van die spesifieke behoeftes van elke belangegroep binne hul onderskeie ontwikkelingsfases, rekening gehou moet word.

4.4 Die bestuurskomitee en groepsleiers in samewerking met die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding van die plaaslike kerkraad, doen saam beplanning ten opsigte van die inkleiding van die program wat gedurende die jaar gevolg sal word. Die beplanning moet altyd ingestem wees op die doel van die verbondsjeug en dus 'n praktiese voortsetting van die verbondsonderrig wees.

4.5 Die verbondsjeug doen jaarliks deur middel van genoemde kanale, verslag van sy werksaamhede aan die plaaslike kerkraad, onder wie se toesig alle aktiwiteite plaasvind.

4.6 Die verbondsjeug se werksaamhede vorm 'n integrale deel van die werksaamhede van die plaaslike kerk.

DIE VERENIGENDE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING VAN SUIDER-AFRIKA (VCSV)

Die sinode van 1997 het die KVO versoek: *om die grondslae en doelstellings van die CSV te ondersoek en riglyne t.o.v. betrokkenheid by die CSV aan die volgende sinode vir beoordeling voor te lê.*

In hierdie studie is na die historiese ontwikkeling van die CSV in Suid-Afrika gekyk om sodoende vas te stel wat ten grondslag daarvan lê. Verder is daar ook 'n teologiese beoordeling van die belydenis en doelstellings van die vereniging gemaak.

Die sinode moet daarop let dat daar in hierdie studie nie na die CSV as wêreldliggaam ondersoek ingestel is nie. So 'n studie kon nog baie ander ongerymdhede na vore bring en sou ook relevant wees omdat dit ten grondslag lê van die CSV in Suid-Afrika. Hier is egter net gefokus op die plaaslike CSV wat tans bekend staan as die VCSV.

1. STIGTING VAN DIE CSV

Op 28 Julie 1896 word die CSV in Stellenbosch gestig. Dr. Andrew Murray was die drywer agter die stigting (Hoofkantoor 1998:1). Hy het 'n Amerikaner, L.D. Wishard wat in verskeie lande studenteverenigings gestig het, na SA laat kom om ook hier 'n vereniging te stig (Van der Merwe 1996:19). Later het die Skot, Donald Fraser, wat medestigter was van die Wêreldfederasie vir Christen-Studente, gehelp in die stigtingsproses (:20).

2. WSCF (WORLD STUDENTS' CHRISTIAN FEDERATION) (WÊRELDFEDERASIE VAN CHRISTENSTUDENTE)

Een van die medestigters van die CSV, dr. Donald Fraser, was ook medestigter van die WSCF (Van der Merwe 1996:20). Geen wonder dat die CSV met sy uitlandse stigters, Fraser en Wishard, by die wêreldfederasie geaffilieer het nie. 69 jaar was die CSV geaffilieer by die WSCF (:123).

Maar die *Wêreldfederasie van Christenstudente* het hulle egter al hoe meer op die terrein van die politiek gewaag; dit het 'n superliggaam geword wat die gedagtes van die meerderheid op die minderheid wou afdwing (Van der Merwe 1996:23). Tydens sy vergadering in 1964 is daar per brief aan meer as 70 geaffilieerde liggame opdrag gegee om onmiddellik drastiese stappe teen SA op politieke, ekonomiese en kulturele gebied te neem. Dit moes die weiering om teen sportspanne van SA mee te ding asook sanksies en protesoptredes insluit (:123). Hierop reageer die CSV deur te disaffilieer

by die WSCF.

Die disaffilasie was onder meer ook vanweë die NG Kerk se wegbeweeg van internasionale liggame (:124). (Die NG Kerk en CSV het baie nou saamgewerk. Dr. AP Treurnicht, redakteur van *Die Kerkbode*, is 'n paar maande later verkies as die ondervoorsitter van die nuutgestigte ACSV [:120]. Kort tevore het die NG Kerk gebreek met die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en die Wêreldraad van Kerke [:121]). Toe die NG Kerk egter 'n ander politieke rigting kies, het die CSV gevolg en is tans weer geaffilieer by dié "superliggaam" (Hoofkantoor 1998:5).

3. DIE CSV NA ONTBINDING

Na die beëindiging van hulle affilasie by die WSCF word die CSV op 12 Januarie 1965 op 'n buitengewone Algemene Vergadering ontbind (Van der Merwe 1996:119). Vier nuwe studenteverenigings word gestig nl.: Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika (ACSV) onder Afrikaanssprekende blankes; The Students' Christian Association of Southern Africa (SCA) vir Engelssprekendes; Die Christen Studente-beweging (VCS) onder die Kleurlinggemeenskap en The Students' Christian Movement of South Africa (SCM) onder die Swartmense (:120).

Die ACSV het as belydenisgrondslag die Drie Formullere van Eenheid aanvaar en later gevra om onder die toesig en leiding van die NG Kerk te funksioneer (Van der Merwe 1996:131). Dit het beteken dat die werksaamhede van die ACSV *toesig, leiding, toestemming, goedkeuring en beskerming van die sinode, ring of plaaslike kerkraad altyd sal verkry (:132). En dat die vereniging geen begeerte hoegenaamd het om 'n interkerklike vereniging of 'n vereniging met 'n interkerklike karakter te wees nie (:132).*

Dit was dus duidelik dat die ACSV hom verbind het om 'n vereniging van die NG Kerk te wees. Die NG Kerk lidmate, predikante en fondse was hulle voedingsbron en daarom moes hulle aan dié Kerk getrou bly.

In 1992 vergader die ACSV, SCA, VCS, SCM, Scripture Union en Students' Union for Christian Action. Die vergadering besluit: *We repent of the unbiblical division that occurred in 1965. We commit ourselves to a vision of a united ministry/movement in schools and tertiary institutions for the sake of our Christian witness in the world* (Van der

Merwe 1996:235).

In 1994 word die ACSV weer die CSV (Hoofkantoor 1998 :1). In 1997 verenig die CSV en die VCS (kleurlinge) om *Die Verenigende Christen-Studentevereniging* (VCSV) te vorm (:1). Die SCA (Engelsprekendes) en die SCM (swartes) verenig om die Students' Christian Organisation (SCO) te word. *Tans is daar 'n proses om VCSV en SCO te herenig (:1).*

4. BELYDENISGRONDSLAG

Saam met die naamsverandering het ook 'n verandering in belydenisgrondslag plaasgevind. Die verandering is ingrypend anders as die belydenisgrondslag wat vanaf 1965 gehandhaaf is.

In die grondwet van 1991 aanvaar die ACSV nog die drie Formuliere van Eenheid as hulle amptelike belydenis. Verder verklaar hulle hulself bereid om te alle tye deur die kerke betreffende sy getrouheid aan hierdie belydenisgrondslag getoets te word (NHK 1992:224).

Die belydenisgrondslag wat in 1997 deur die VCSV aanvaar is, is kenmerkend van 'n organisasie wat akkommodierend wil wees. Dit wil voorkom asof die belydenis van die VCSV gegrond is op die Twaalf Artikels. Dit is 'n algemene belydenisskrif wat anders as die drie Formuliere van Enigheid nie net deur gereformeerde kerke aanvaar word nie, maar deur feitlik elke denominasie wat homself as Christelik beskou. Die VCSV het van 'n besondere belydenis oorgegaan na 'n algemene. Hy het met ander woorde algemeen Christelik geword.

Dit word inderdaad ook bevestig in Artikel 6.2.1 van die grondwet (1997) waar gesê word dat enigeen, ongeag kerkverband, lid van die organisasie mag word as hy hom met die belydenisgrondslag en doelstellings kan vereenselwig.

5. LIDMAATSKAP

Die VCSV se teikengroep is hoofsaaklik skoliere en studente (Grondwet 1997: 6.1). Lidmaatskap aan die organisasie is totaal vrywillig (6.2.2). Persone kan aansluit ongeag hul ras, geslag, taal, kultuur (2.2.6) of kerkverband (6.2.1).

Onder die volgende punt sal die veelrassigheid van die organisasie hanteer word. Hiër sal in die besonder gefokus word op die lidmaatskap uit verskillende kerkegroeperinge.

Wanneer die VCSV sê dat sy lidmaatskap oop is vir enige een *ongeach kerkverband*, is dit werklik die geval. In hierdie een organisasie is daar 'n magdom Christelike denominasies verteenwoordig. Van Gereformeerdes, Baptiste, Metodiste tot Rooms Katolieke.

Die Engelse afdeling van die CSV vertoon hierdie verskeidenheid baie goed: Die Church of England

in SA is volgens (Buys 1975:75-76) gereformeerd; dan is daar die Baptist Church en die Methodist Church; die Church of the Province of SA is weer sterk Rooms.

Na 'n beraad in Strasbourg sê die CSV van Indië: *It was indeed wonderful that at Strasbourg, the participants did not only represent different sections of the Protestant Church, but also Orthodox and even the Roman Catholic Church* (NHK:14). Alhoewel daar in die VCSV tans geen Rooms in die besture is nie, is dit baie moontlik dat wanneer hulle met die SCO verenig die situasie sal verander. Boonop is hulle geaffilieer by die wêreldfederasie waar Roomse deelname volgens die bogenoemde aanhaling waardeur word.

Die groot vraag bly steeds: Watter waarborg kan die VCSV bied dat die Woord suiwer aan ons kinders tydens Bybelstudies, op kampe, tydens seminare en by die skole bedien sal word as daar so 'n deurmekaarspul van godsdienstige denominasies betrokke is? Watter waarborg is daar dat ons kinders nie gebreinspoel sal word deur die Metodis en Katolieke om deur hulle werke hulle saligheid te verdien nie?

Hier bevind die gereformeerde kind hom in 'n knyptangsituasie waar hy deur volgehoue betrokkeheid by die VCSV nie as wenner uit die stryd sal tree nie.

6. DIE CSV EN VEELRASSIGHEID

As gevolg van die CSV se verbintenis met die Wêreldfederasie (WSCF) was daar voortdurende druk vir totale integrasie. Dit was ook die rede vir die disaffilasie in 1965. Ongelukkig is die pad wat in 1930 ingeslaan is nie deur die disaffilasie gestaak nie.

In 1930 het die C.S.V. op aandrang van verskillende kante en onder leiding van die Bantoe- afdeling van die C.S.V. te Ford Hare 'n bont konferensie belê om in die lig van die evangelie die korrupte rassesituasie te bespreek en te verbeter (NHK 1967:17). Hulle is geloof vir die feit dat blank en nie-blank saamgewoon, saamgeëet, saamgespeel en saamgekonfereer het. Daar is selfs saam nagmaal gevier! Daar is egter gekla omdat daar so min Afrikaanssprekendes was(:22).

In 1948 skryf die Britse en Nederlandse CSV aan die CSV in Suid-Afrika om aandag te gee aan die noodsaaklikheid van inter-rassige kontak en van die *sigbare* uitlewing van die eenheid wat daar in Christus bestaan (NHK 1967:22).

Die CSV in SA het egter die bestaande sosiale orde en die beleid van afsonderlike ontwikkeling verdedig.

In 1956 het die Wêreldfederasie 'n werkgroep gevorm om die rassevraagstuk in Suid-Afrika te

beoordeel. Die Suid-Afrikaanse CSV is deur die werkgroep streng veroordeel a.g.v. die ras-sevraagstuk. Prof. B.B. Keet reageer en sê dat afsonderlike ontwikkeling nie meer deur 'n Christen aanvaar kan word nie (NHK 1967:22).

In 1960 hou die CSV 'n veelrassige konferensie in Roodepoort. Die sg. *eenheid in Christus* is ook hier sigbaar gedemonstreer. Ook hier, soos tevore, is daar 'n gesamentlike nagmaalsviering gehou (NHK 1967:23).

Tydens die 1961 Thessalonica-konferensie is verdere druk op die plaaslike CSV geplaas om te integreer. Die SA-afvaardiging reageer deur daarop te wys dat daar reeds meer en meer veelrassige konferensies en skakelings op plaaslike vlak plaasvind. Hulle sê verder: *Our primary task is to confront students with Jesus Christ the Reconciler, thus challenging existing racial and national prejudices* (NHK 1967:23).

Daar kan dus duidelik gesien word hoedat die CSV hier ter lande oor 'n periode van dertig jaar al meer en meer die Wêreldfederasie se standpunte begin handhaaf het. Die klimaat in Suid-Afrika was egter nog nie ryp vir 'n veelrassige CSV nie en daarom het die Afrikaanssprekende deel na die stigting van die ACSV in 1965 gedisaffilieer by die WSCF.

Die proses het egter nie gestop nie. In 1992 vergader 'n breë spektrum studenteverenigings en besluit om te strewe na eenheid onder mekaar (Van der Merwe 1996:235). In 1997 is die proses omgekeer (Hoofkantoor 1998:1). Die CSV en die VCS (bruin-afdeling) verenig om die VCSV te vorm. Die doelstelling van die Wêreldfederasie t.o.v. integrasie is nou halfpad voltooi. Pogings is begin om ook die Engelse- en swart-afdelings (SCO) met die VCSV te verenig.

Op 6 Junie 1998 vergader die VCSV en SCO weer om oor vereniging te onderhandel. Weer word die visie van 1992 bevestig en herhaal: *a vision of an united ministry in schools and tertiary institutions for the sake of the Christian witness in the world* (VCSV Nuus 1998, 2de kwartaal:3). Hierdie verenigingsproses vind nie net op bestuursvlak plaas nie. Dit word ook baie subtiel op grondvlak na die lede uitgedra. Om slegs een voorbeeld te gebruik, kan verwys word na die sogenaamde Kruis-kultuur (Cross-culture) veldtog.

Die VCSV het in Mei 1998 die Kruis-kultuur aksie bekend gemaak. Duisende tieners is uitgedaag om hulleself (met hul handtekening) te verbind om volgens die waardes van die kruis van Jesus Christus te leef (VCSV Nuus 1998, 2de kwartaal:1). Dit is goed dat jongmense hulself hieraan verbind, maar tog adem dit die gees van die tyd deur betrokke te wil wees by die opbou van die nuwe Suid-Afrika. Die Engelse uiteensetting van die Cross-culture sê dit baie duidelik:

Committed: to have a living relationship with Jesus Christ

Unselfishness: to put my own interests last

Love: to choose for moral purity

Truth: to stand for what is right

Uncompromising: to choose against a culture of greed

Reconciliation: to build a new South Africa

Empathy: to care for other people (Jabulani 1998, Vol 1 no 1 :1).

Hierin word gepoog om die kruis van Christus te gebruik vir skakeling oor kultuurgrense heen.

Daar is nog etlike ander voorbeelde van hierdie pogings om 'n *Kultuursensitiwiteit* (VCSV Nuus 1998, 2de kwartaal: 2; 3de kwartaal 3) by jongmense tuis te bring.

In die belydenisgrondslag van die VCSV (Grondwet 1997:2.6) word gesê dat Christus ons saambind *as lede van sy liggaam tot 'n eenheid wat reik oor alle grense soos ras, geslag, taal of kultuur ...*

Dit moet dus 'n sigbare eenheid wees. Dit blyk ook uit die leuse van die CSV-Wêreldfederasie:

Ut omnes unum sint (dat almal een mag wees). Hierdie gedagte is afgelei van die Here Jesus se woorde in Jn 17:21. Die verskil is net dat die eenheid wat daar tussen die Vader en die Seun bestaan nie 'n sigbare of demonstreerbare eenheid is nie. Ter wille daarvan om hierdie sigbare eenheid te demonstreer moet alle gelowiges, ongeag ras, kultuur, kerkverband of taal, onder een dak aansit aan 'n *ekumeniese nagmaalstafel* (soos reeds gemeld).

Met hierdie punt oor die veelrassigheid van die VCSV word daar geensins beweer dat die skakeling van Christene oor kultuurgrense heen sonde is nie. Hierin is aangetoon hoedat die bestuur van die vroeëre CSV lank reeds gewerk het na die punt van 'n veelrassige VCSV, maar sonder die medewete van al die lede.

Daar bestaan egter 'n groot gevaar vir die Afrikanerkind om by die veelrassige VCSV betrokke te raak. Deur voortdurende blootstelling aan veelrassige samekomste word die kind van sy eie erfenis losgemaak en sal hy stelselmatig *identiteitloos* word.

Dit is dus vir die AP kerke belangrik om te waarsku teen hierdie *inter-kulturele karakter* van die VCSV. Hierdeur kan ons jong Afrikanerkinders se lewens-uitkyk gekaap word ten gunste van die gedwonge en ongesonde integrasieproses wat tans bestaan. Op hierdie wyse werk die VCSV, wetend of onwetend, met die wêreldmagte saam om die Afrikaner

van sy identiteit te beroof.

7. DIE VCSV – 'N INTERKERKLIKE ORGANISASIE?

Oor die algemeen word van die VCSV as 'n *interkerklike* organisasie gepraat. Artikel 6 van die grondwet van die VCSV bepaal dat persone lede kan word *ongeag die persone se kerkverband* (1997:6.2.1). Dit beteken dus dat die VCSV lede verwelkom uit die gereformeerde kerke, al die Christelike sektes, die Roomse kerk, en enige ander groepering wat homself as Christelik voorhou. Gevolglik lyk dit na 'n soort *sambreel-organisatie* wat soveel moontlik godsdienstige denominasies onder sy naam sal vergader.

Dit is juis hierdie lidmaatskap ongeag kerkverband waardeur die VCSV die etiket van *interkerklik* dra. Maar die begrip *interkerklik* beteken nie in die eerste plek dat die deure van die organisasie oopstaan vir lede van alle kerke nie, maar dat die verskillende kerke amptelik hulle samewerking aan so 'n organisasie toegesê het (Buys 1975 :73). Die VCSV is nooit gestig in amptelike samewerking met verskillende kerke nie en is dus nie interkerklik nie. Die VCSV kan slegs interkerklik wees as hulle inderdaad kerklik is, dit wil sê aan 'n sigbare, geïnstitueerde Kerk behoort (:73).

Die gevolgtrekking is dus duidelik: Die VCSV is nie 'n interkerklike of buiterkerklike organisasie nie, maar 'n *nie-kerklike, godsdienstige vereniging wat onder een dak mense van verskillende belydenis, kerkverband, en nasionaliteit, saambring* (NHK 1967:14).

Die groot gevaar is dat in die samewerking met so 'n organisasie 'n mens *beginsels* moet prysgee. Terwille van die *ekumene* is daar altyd sekere Skrifbeginsels wat óf so verflou en afgewater word óf heeltemal vermy word dat alle samewerking gedoem is tot 'n beginsellose en belydenislose aksie.

In die Grondwet (1997:5.7) staan daar dat *leerstellige aspekte waaroor daar verskil van mening tussen belanghebbende kerke mag wees* vermy word. Dit is 'n belofte van 'n beginsellose vereniging. Terselfdertyd is dit ook 'n skuiwergat sodat hulle bv. kan sê: Die AP kerke is nie *belanghebbende kerke* nie en daarom word hulle uitverkiegingsleer, verbondsl eer, ens. ook nie geleer nie.

Waar Metodis en Gereformeerde in 'n organisasie moet saamwerk, sal albei terwille van die ander se beginsels agteroor moet buig. Die vraag bly steeds: Kan 'n Metodis tuis wees in 'n gereformeerde huis of kan 'n gereformeerde interkerklike konneksies met 'n ongereformeerde onderhou? (Buys 1975:76).

8. DIE VCSV SE VERHOUDING MET DIE KERK

Omdat die meeste VCSV-lede by die een of ander kerkegroepering ingeskakel is, is dit logies dat die organisasie sy verhouding tot die kerke moet uit spel. Vanweë die heterogene aard en herkoms van sy lede kan die VCSV nie homself aan 'n bepaalde kerk se belydenis verbind nie. Dit sou beteken dat die lede moes kies tussen hul eie kerk se belydenis en dié van die VCSV. Om die rede moedig hulle die lede aan om lojaal teenoor hul eie kerke te wees. Hulle wil selfs help om lede *meelewende lidmate van hul onderskeie kerke te maak* (Grondwet 1997: 3.9).

Hier is 'n totale teenstrydigheid. Dit is tog onmoontlik vir 'n organisasie om van die een groep lede goeie Gereformeerdes, van 'n ander groep goeie Metodiste en van 'n ander groep goeie Rooms Katolieke te maak. Dr. AP Treurnicht het dit in 1965 al gesê: 'n Liggaam wat verskillende belydenisse en uiteenlopende kerklike standpunte verteenwoordig, kan beswaarlik toesien dat so 'n oogmerk (soos bg.) deur al sy lede behoorlik nagestreef word (Van der Merwe 1996:121).

Op hierdie wyse verdeel die VCSV die trou van die mense tussen hulle eie kerke en 'n organisasie. Dit gebeur deurd at hulle die funksie van die kerk in die lewe van die lede wil vervul (NHK 1967:14). Die vraag is: Beweeg die VCSV hier op 'n terrein waarop hy reg het?

In die grondwet word gestel dat hulle *nooit die werk van die kerk aan sy jeug mag vervang nie* (1997:5.1); *dat kerke toesig oor hulle eie lidmate het* (:5.2); *dat kerke die taak het om lidmate leerstellig toe te rus* (:5.4) en *dat leerstellige aspekte waaroor meningsverskil tussen kerke is, vermy moet word* (:5.7).

Dit verklaar hulle aan die een kant, maar aan die ander kant beweeg hulle op die *terrein van die kerk* en neem so die werk van die *besondere ampte* oor.

Die VCSV het ten doel om met lede *onderling oor die Woord van die Here te besin en om die opdragte daarin te verwesenlik* (Grondwet 1997:5.1). Die vraag is: Wie interpreteer die Woord vir hulle? Wie bepaal wat die boodskap van die Skrif moet wees? Dit is tog hulle wat die byeenkoms aanbied. Dié persoon staan tog binne 'n bepaalde kerkverband. Hy het tog 'n bepaalde belydenis. Hierdie belydenis is tog onlosmaaklik aan hom verbind. As dit 'n gereformeerde voorganger of opsteller van Bybelstudie is, is die inhoud heelwaarskynlik gereformeerd; as dit 'n Metodis is, is dit Metodisties en as dit 'n Rooms Katoliek is, is die inhoud Rooms gekleur. Dit laat 'n mens met 'n onhoudbare situasie.

Verder wil die VCSV *lede aanspoor tot getroue Bybelstudie en gebed* (Grondwet 1997:3.4); *lede*

begelei tot geestelike volwassenheid deur onderlinge geloofsgemeenskap rondom die Woord (:3.5); lede aanmoedig om op elke terrein van die lewe in woord en daad getuies vir Christus te wees (:3.6) en hulle wil lede oproep tot geloofskeuses vir Christus (:5.3).

Het hulle reg om hierdie terrein te betree? Dit is tog die werk van die *besondere ampte*. As 'n organisasie, wat buite die kerk staan, hierdie verantwoordelijkheid oorneem, is die vraag: Wat bestaan daar dan nog van die Bybelse opdrag aan die ouderling? Wat is dan die ouderling se verantwoordelijkheid teenoor hierdie lidmate van sy wyk, wat aan die VCSV behoort, as iemand anders reeds die werk doen? Hierdie is tog 'n totaal on-Bybelse situasie wat nie geduld mag word nie. Waarom stel die jongmense hulself nie tot beskikking van hul kerkrade nie? Kerkrade het altyd jongmense nodig om noodsaaklike diens te verrig.

Hierdie organisasie motiveer en mobiliseer ook sy lede tot diens en die uitbreiding van die koninkryk van God oor die hele wêreld (Grondwet 1997:3.14). Daar is verskeie sendingaksies en evangelisasieaksies wat geloods word. Skoolkinders en studente word nie net in swart woonbuurtes ingeneem om bv. saam met *Mission 2000* in Mamelodi na Mandela's Village uit te reik (Jabulani 1998, Vol 1 no 1:4) of met die *Gospel Taxi Club-uitreik* deel te hê aan soortgelyke aksies nie (Van der Merwe 1996:238), maar hulle word ook gemotiveer en gemobiliseer om in Afrika en oorsese lande, soos België, Sri Lanka, Madagaskar, Oekraïne, Bosnië, Amsterdam, die Midde-Ooste, Afrika en nog baie meer sendingwerk te gaan doen.

Een van die doelstellings van die VCSV is om 5 000 nuwe vrywilligers teen die jaar 2000 te werf wat hulself ten minste twee jaar aan wêreldevangelisasie sal wy (Hoofkantoor 1998:4). Ook hierdie, soos die bogenoemde, is 'n sterk *Metodistiese trek* – 'n 'interkerklike' vereniging wat die kerk se taak na buite vir sy rekening neem (Buys 1975:78).

Wat die VCSV se bearbeiding van die jeug betref, is daar van die kant van die kerk tog sekere vrae:

In 'n inligtingstuk skryf die VCSV: *Om die jeug te bearbei, is nie 'n taak wat een organisasie alleen kan aanpak nie. Skole, kerke, ouers en jeugorganisasies moet hande vat en saamwerk. Die jeug is te kosbaar om gefragmenteerd aandag te kry. Hulle het 'n gesamentlike, weldeurdragte bediening nodig* (Hoofkantoor 1998:7).

Betekenen die *gesamentlike, weldeurdragte bediening* aan die jeug dat almal nou by die VCSV moet inskakel? Of dat dié wat nie inskakel nie se jeugbediening nie weldeurdrag is nie? Is hulle die enigstes wat met die jeug van ons land kan werk? Moet ons dit dan verstaan dat hulle die kerke se jeugaksies sien as *gefragmenteerde aandag*?

Ook hier beweeg die VCSV op die terrein van die plaaslike kerk en ons mag nie toelaat dat ons jeugbediening in hulle hande val nie.

Hier moet ons dalk luister na die waarskuwing van Van Blerk: As die geestelike versorging van die jeug van ons Kerk oorgegee word aan 'n vereniging wat los van die Kerk staan, moet dit ons nie verbaas as die opkomende geslag in ons Kerk al meer kerklos opgroei nie (Buys 1975:78).

Laastens kan gevra word of die AP kerke hulle verbondskinders wil blootstel aan 'n organisasie wat "die nuwe geslag verstaan, vir hulle omgee, rolmodelle vir hulle sal wees, egte verhoudings met hulle sal sluit om as 't ware *Jesus Christus vir hulle te wees*" Sic!? (kursief: KVO) (VCSV Nuus1998 derde kwartaal:3).

9. DIE LEUSE VAN DIE VCSV

Fac Jesum Regem (Maak Jesus Koning!) is die leuse van die VCSV. Met die stigting van die CSV in Suid-Afrika was dit die leuse. Later is dit verander na – Jesus is Koning. Tans verskyn die eersgenoemde leuse weer op VCSV literatuur.

In navolging van hierdie leuse is daar binne die VCSV 'n geweldige sending- en evangelisasiewerk. Mense en lande moet bereik word sodat Christus Koning van elke mens se lewe en hart gemaak kan word. Op die wyse word Christus Koning gemaak. Die leuse – *Maak Jesus Koning* – is beslis nie bo verdenking nie. Dit ontbreek die VCSV aan teologiese diepte. Die vraag is: Is Jesus dan nie reeds Koning nie? Moet ons Hom dan nog eers Koning maak? Beslis nie! Die Heidelbergse Kategismus verwoord hierdie Skrifwaarheid baie duidelik: Christus is ons ewige Koning wat ons met sy Woord en Gees regeer (So 12 antw. 31). Hy is ook die Hoof van sy Christelike Kerk, deur wie die Vader alle dinge regeer (So 19 antw. 50).

Dit is dus baie duidelik dat Christus nie ons arbeid en pogings nodig het om Hom Koning te maak nie. Hy is nie van ons afhanklik nie, maar ons van Hom. *Hy is Koning!* Hy kan nie Koning gemaak word nie. Selfs nie deur ons grootste pogings nie.

As Hy eers Koning gemaak moet word, word Hy die magtelose Christus wat deur die sterk en vroom gelowige mens vanuit sy vernederde situasie verhoog moet word. Dan staan Christus nie meer in die middelpunt nie, maar die vrome mens wat soveel van sy tyd en kragte, deur sending en evangelisasie, moet inspan om sy Jesus 'n Koning te maak.

10. GELD

Die VCSV het voortdurend 'n behoefte aan finansies. Ten spyte van die feit dat daar instansies, soos die Zending en Wêrelddiakonaat van Nederland en die Church of Canada (Hoofkantoor 1998:5), is wat

finansieel bydra, vra die VCSV gereeld bydraes van die Christene in Suid-Afrika.

Tog bly die vraag of dit geregverdig is en of die VCSV aanspraak het op geld wat lidmate as dankoffer aan hulle eie gemeentes moet gee? In 'n nuusbrief van 1998 skryf die skakelbeampte van Gauteng: *Eintlik gaan dit daaroor – gee dit wat jy dink jy nie het nie! Daar is so baie dinge wat ons kan opoffer vir die saak van die Koninkryk ... Net as ons gee tot ons seerkry, sal ons mooi land en sy pragtige jeug die redding van God ervaar en beleef* (2de kwartaal:3).

Behalwe vir die dogmatiese probleem met hierdie stelling, is die vraag of hulle aanspraak op lidmate se offers aan die Here het? Mag hulle by lidmate offergawes vra om die Evangelie uit te dra as dit volgens die Skrif die werk van die plaaslike kerk is? Reeds in 1944 het J.A. van Blerk gesê: *Hierdie beweging teer op die lewensap van die Kerk, wat hom in staat stel en 'n kans gee om na willekeur 'n leer te propageer wat nie noodwendig hoef te klop met die belydenisskrifte van die Kerk nie* (Buys 1975:74).

11. DIE VCSV 'N METHODISTIESE ORGANISASIE?

In 'n Studie oor Metodisme wys Buys op enkele Metodistiese trekke binne die CSV.

Voordat die VCSV beoordeel kan word, sal eers vasgestel moet word wat die basiese kenmerke van die Metodisme is.

11.1 "Societies"

Wesley, die vader van die Metodisme, wou geen kerk naas die bestaande kerk stig nie, maar 'n "society" in die kerk (Van der Vyver 1975:12). Vir doop en nagmaal moes elkeen na sy eie kerk gaan, *maar stichting en opwekking van waar geestelike lewe was slechts in Vereniging te vinden* (Buys 1975:71).

Die VCSV is 'n vrye Christelike vereniging (Grondwet 1997:2.1) wat by lede lojaliteit aan hulle eie kerke inskerp en hulle help opbou tot meelewende lidmate van hul onderskeie kerke (3.9). Hulle wil jongmense lei tot geloofskeuses vir Christus (5.3) en hulle aanmoedig om soos dissipels van die Here te lewe (3.5). Hulle wil jongmense verder begelei tot geestelike volwassenheid (3.5) en 'n dieper geestelike lewe (3.4; 3.6; 3.7).

In kort saamgevat wil die VCSV mense bekeer en bekeer hou. Dit alles is tog die werk van die besondere ampte, by name dié van predikant en ouderling (Buys 1975:71). Met Retief kan ons sê dat die VCSV hom ongevraagd kom indring het op die terrein van die plaaslike kerk (:71).

Bogenoemde werkswyse is by uitstek die kenmerk van die Metodisme.

11.2 Sending en Evangelisasie

'n Verdere Metodistiese kenmerk, waardeur 'n vereniging die taak van die kerk vir sy eie rekening neem, is die aktivering van die kerkjeug om sending- en evangelisasiewerk te doen (Buys 1975:78). Dit is algemeen bekend dat dit die uitgangspunt van die Metodisme is om *siele vir Jesus te wen*.

As gereformeerde kerkverband is dit ons standpunt dat dit die taak van die kerk is om sending en evangelisasie te doen. Daarom beweeg die VCSV hier op 'n terrein waar hulle nie tuis hoort nie.

Kyk ook na punt 8 waar hierdie saak reeds behandel is.

11.3 Interkerklik

Hieroor is reeds volledig onder punt 7 gehandel. Hier kan net gemeld word dat net soos ander Metodistiese verenigings die VCSV graag wil bekend staan as 'n interkerklike beweging (wat hy natuurlik nie is nie).

11.4 Bekering

In die Metodisme word groot nadruk gelê op die subjektiewe ervaring, innerlike beleving, op bekering en heiligmaking en die strewe na volmaaktheid (Ensiklopedie van die Wêreld 1975:329).

Dis veral op stranddienskampe en ander CSV-kampe waar die Metodistiese praktyke aangewend word. Lekepredikers gebruik in baie gevalle sektariese metodes en ongereformeerde prediking op hierdie kampe en word deur die vereniging beskerm (Buys 1975:82). By die VCSV geld presies dieselfde want dit is tog nog dieselfde vereniging.

Dat hierdie *dwepery en opsweping* in hul bekerings- en evangelisasiewerk bestaan, kan nie weggeredeneer word nie. Selfs in 'n notuleboek van die vroeëre CSV staan daar: *Leiers(dsters) moet gemaan word tot versigtigheid teen metodes wat onskriftuurlik is en wat as opsweping bestempel kan word* (Buys 1975:81). Die Nederduitsch Hervormde Kerk het hom ook ernstig uitgespreek teen sekere Metodisties-geïnspireerde praktyke wat binne die vereniging voorkom (NHK 1992:223).

Saunders vertel hoedat 'n sekere reisende sekretaris baie ernstig met CSV-werkers gepraat en gewaarsku (het) teen geesdryery. Sy bevinding was dat talle seuns elke jaar by die kampe bekeer raak, en as hy later die skole besoek, moet hy vind dat die seuns vir die saak van die Here verlore is, en in baie opsigte vervreemd is van die godsdiens (Buys 1975:81).

Dit is presies wat vandag nog gebeur. Die kinders wat kampe en byeenkomste bywoon, word voor die voet gesien as voorwerpe van evangelisasie. Die Metodisme gaan immers altyd van die onder-

stelling uit dat almal wat nie aan sy vereniging behoort nie, geëwangeliseer en bekeer moet word (Buys 1975:80). Die vraag is egter: As die kinders dan so ongelowig en onbekeer is, waarom woon hulle die byeenkomste en kampe van 'n Christelike organisasie by?

Die rede waarom kinders so maklik weer "weg-raak", is omdat VCSV-arbeiders die kinders onder die indruk bring dat bekering 'n daad en produk van die mens se eie wil is (Buys 1975:81). So word mense verward en dit lei meermale tot vertwyfeling.

11.5 Organisasie

Dit is baie interessant om op te merk dat die wyse waarop die VCSV georganiseer is, ook die organisasiewyse van John Wesley was. Hy het die lede van die plaaslike vereniging in *groepies* of *klasse* van twaalf verdeel, met 'n leier. Hierdie groepe moes ten minste eenmaal per week saamkom om die toestand van hulle harte en hulle lewe te bespreek (Van der Vyver 1975:10).

Die verenigings het Wesley weer in *kringe* of *distrikte* verdeel wat op hulle beurt in konferensie saamgekom het. Elke een of twee jaar is 'n spesiale rondreisende prediker gestuur om die klasse/groepies te besoek. Hy moes dan in die plaaslike vereniging help met die organisasie en deur spesiale herlewingsprediking hulle tot diens wees (Van der Vyver 1975:11).

Die VCSV funksioneer basies dieselfde: Die plaaslike CSV is in *groepies* of *kringe* verdeel. Plaaslike VCSV kom in *Provinsiale konferensies* bymekaar. Die Provinsiale konferensies kom weer op hulle beurt in *Nasionale konferensies* byeen (Grondwet 1997:art.7).

Soos 'n rondreisende prediker die plaaslike verenigings in Wesley se tyd moes besoek, moet die *reisende sekretaris(esse)*, nou die *Provinsiale organiseerders*, die VCSV-takke besoek (Hoofkantoor 1998:2). Sedert die stigting van die CSV was daar reisende sekretaris(esse) wat, aan die begin meestal vrywillig, die takke besoek het. CD Murray, seun van Andrew Murray, was die eerste om hierdie taak te verrig.

Die werk wat hierdie Provinsiale organiseerders (reisende sekretaris) in die VCSV doen, is vir hulle van groot waarde. Hulle is die sleutelfigure van die vereniging. As hulle misluk, misluk die vereniging (Van der Merwe 1996:176). Hulle is die lokomotiewe wat die vereniging in beweging bring (:143). Hulle is egter ook die persone wat (meestal sonder enige teologiese opleiding) by skole aandoen en by kinders aandrang om hulle aan die Here oor te gee. Hy/sy nooi ook die kinders uit om privaat te kom gesels oor hulle geestelike probleme (Buys 1975:80). Ook hierdie optrede is tipies van

die Metodisme se oortreding op die terrein van die besondere ampte.

11.6 Samevatting

Die Metodisme het in sy ontstaan 'n vakuum kom vul wat die kerk gelaat het. Ons kan dit die onbetaalde rekening van die kerk noem. Hierdie rekening moet die kerk vereffen ... Die kerk moet in die ware en volle sin van die woord kerk wees, 'n geestelike moeder. Dan sal die kinders nie wegdwaal en daarna hunker om elders waar dit nie meer kerk is, voedsel te gaan soek nie (Coetzee 1975:34,35).

12. WYER BETROKKENHEID VAN DIE VCSV

Die VCSV neem deel of is geaffilieer by die volgende organisasies:

- *Love Southern Africa* (Jaarlikse ekumeniese sendingkonferensie en uitreiking.)
- *Joshua Students' Movement International* ('n Internasionale projek wat deur honderde verskillende kerke en organisasies meewerk om jongmense vir wêreldewangelisasie te wen. In SA – die heropbou en ontwikkeling van gemeenskappe in nood.)
- *AD 2000 and Beyond Movement* ('n Wêreldwye organisasie wat daarop gerig is om die opdrag om die wêreld vir Christus te bereik voor of kort na 2000 te voltooi.)
- SCAS (Sport vir Christus Aksie SA – verkondig d.m.v. sport en rekreasie die evangelie.)
- SCO (Stigting vir Christus-gesentreerde Onderwys – rus onderwysers toe om as Christene hulle werk te doen.)
- *Diensjaar vir Christus projek* (Die VCSV is 'n vennoot in die projek – twaalf vennote. Jeug-tot-jeug bediening in skole – persone gee die jaar as 'n vrywillige diensjaar.)
- *AJK, NG Kerk* (Die VCSV het 'n verteenwoordiger op die Algemene Jeugkommissie. In 1998 skenk die Algemene Jeugkommissie 'n bedrag van R68 000 vir die VCSV (VCSV Nuus 1998, 3de kwartaal:8).)
- *IKOO* (Interkerklike Kommissie vir Onderwys en Opvoeding – Afrikaanse Susterskerke – die VCSV het 'n verteenwoordiger in die kommissie.)
- *CNW Media* (Christelike Netwerk Media – VCSV onderhandel om betrokke te raak.)
- *Walk Through the Bible* (Sommige VCSV-personeel is opgelei om hulle kursusse aan te bied.)
- *Bill Price ministries* (VCSV werk saam.)
- *ICAN Foundation* (VCSV werk saam.)
- *Billy Graham Association* (VCSV werk saam.)

- WSCF (Wêreld Federasie vir Christen Studente – 'n Internasionale federasie waarby die CSV voor die verdeling in 1965 geaffilieer was en waarby die VCSV tans geaffilieer is.)
- FEDSACS (Federasie van verskeie Christen studenteverenigings waarvan die VCSV, SUCA en die Anglican Student Federation die grootste is.)
- AYAPSA (Alberta Youth Animation Programme on Southern Africa – sosiale geregtighedsprogramme in Kanada en Suider-Afrika.)
- CCI (Christian Camping International – 'n internasionale organisasie wat kampbediening deur Christen-organisasies bevorder.)
- Zending en Wêrelddiakonaat van Nederland en die United Church of Canada (dra finansieel by tot VCSV.) (Hoofkantoor 1998:5).

Die volgende programme bestaan binne die VCSV:

- Joshua Student Movement (reeds bo genoem. 2000 vrywilligers reeds betrokke.)
- Leierskapontwikkeling (6000 jeugleiers word jaarliks by 85 naweekseminare toegerus om in hulle skole leiding in die VCSV te neem.)
- Diensjaar vir Christus (20 spanne met 140 lede word jaarliks opgelei.)
- Vakansiedienswerk (50 spanne met 800 lede word in die Desember vakansie vir korttermyn-uitreike na strand- en vakansieoorde gestuur.)
- Kampe en jeugfeeste (Die VCSV bereik jaarliks ongeveer 45 000 jongmense by meer as 450 kampe.)
- Nuusbriewe en publikasies (13 000 ondersteuners en oudlede ontvang die nuusbrief. Daar is 'n wye reeks publikasies, kursusse, handleidings en hulpmiddels beskikbaar.)
- Geslagsgelykheidsprogramme ('n Program wat vroue help bemagtig om 'n groter rol in die besluitneming in die VCSV te speel, en wat lede bewus maak van diskriminasie teen vroue.)
- Korttermyn-uitreike (Ongeveer 2 000 lede neem jaarliks aan korttermyn-uitreike deel.)
- Abanté (Entrepreneursopleiding om agtergeblewenes op te lei om hulle eie besigheid te begin [VCSV Nuus 1998, 3de kwartaal:5].)
- Kultuursensitiwiteitseminare
- Avontuurprojekte

Teen die jaar 2000 wil die VCSV:

- 30 000 lede betrokke kry by Joshua/Abanté-projekte
- 10 000 lede [ook uit die gemarginaliseerde (uit-

geskuipte/verwaarloosde/ agtergeblewe?)jeug] blootstel aan korttermyn-uitreike

- 5 000 nuwe vrywilligers werf om hulself ten minste 2 jaar aan wêreldewangelisasie te wy (Hoofkantoor 1998:4,5.).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die VCSV etlike *dubieuse* verbintenisse het; dat hulle werk sterk *Metodisties gekleur* is en dat hulle aktief *volksvreemd* is.

13. SAMEVATTEND

Die VCSV is 'n algemeen Christelike vereniging. Hulle *belydenisgrondslag* is in wese die Twaalf Artikels. Enigeen wat dit onderskryf, kan lid van die vereniging word. Dit beteken dus: Gereformeerde, Metodis, Rooms Katoliek, ens.

Dit hou 'n ontsaglike gevaar vir ons kinders in. Tydens byeenkomste en kampe kan gereformeerde kinders so geïndoktrineer word dat hulle die Bybelse weë verlaat en agter vreemde leerstellings aanloop. Dit is altyd die gevaar van die sg. "interkerklike" verenigings: Kinders moet hulle *beginnels* prysgee om by die groep in te skakel.

Dit is geweldig belangrik dat ons ons kinders hier teen sal beskerm. Die opvoedkunde het ons geleer dat 'n kind eers op *skoolverlatersouderdom* vir hom/haar met verantwoordelikheid 'n *godsdienstige staanplek* kies. Om ons kinders op godsdienstige vlak bloot te stel aan kinders en onderwysers wat nie die gereformeerde leer verkondig en uiteleef nie, is hoogs onverantwoordelik. Ons kinders moet sterk hierteen gewaarsku word.

'n Volgende groot gevaar wat die VCSV vir ons kinders inhou, is dat die *veelrassigheid* van die vereniging hulle stelselmatig van hulle erfenis gaan losmaak, met die gevolg dat ons 'n *identiteitlose* volk sal oorhou.

Verder is aangedui hoedat daar sterk *Metodistiese trekke* binne die VCSV bespeur kan word. Vir die AP kerke, as gereformeerde kerke, is dié saak ook van groot belang. Die Metodisme teer veral op kerke waar die besondere ampte aan die slaap geraak het. Wanneer die ampte in die plaaslike kerk nie meer na behore funksioneer nie, bied dit 'n vastrapplek vir Metodistiese beïnvloeding. Om die rede is dit uiters belangrik dat ouderlingrade na die welwese van die verbondsjeug, onder hulle sorg, moet omsien. Ouderlingrade moet 'n *alternatief* vir die kerkjeug bied anders is die gevolg dat die opkomende geslag heeltemal *kerklos* gaan word.

Die VCSV maak tans daarop aanspraak dat hy sowat 'n *halfmiljoen jongmense per jaar* bereik (Hoofkantoor 1998:4). Dit is ontstellend baie. 'n Halfmiljoen jongmense kom elke jaar onder die Metodistiese aanslag van die VCSV.

Die *geestelike vorming en skoling* van die jeug mag onder geen omstandighede aan 'n vrye vereniging oorgelaat word nie. Dit bly die *taak van die kerk* om sy verbondskinders te begelei tot 'n vaster en dieper verhouding met hulle Saligmaker. Geen vereniging mag hierin die taak van die kerk oorneem nie. Waar die besondere ampte in die gemeente na behore funksioneer, sal dit onvermydelik lei tot 'n botsing met so 'n Metodistiese vereniging.

Die hartseer wat Retief egter opmerk, is dat daar by die meeste persone wat in die CSV (VCSV) se werksaamhede gedeel het altyd 'n *teer plekkie* vir hierdie vereniging, ten koste van die kerk, bly bestaan (Buys 1975:74).

BRONNE GERAADPLEEG

Buys, PW 1975. *"Revival" of Reformasie? 'n Studie oor Metodisme*. Potchefstroom:Pro Rege.

Coetzee, PJ 1975. *"Revival" of Reformasie? 'n Studie oor Metodisme*. Potchefstroom:Pro Rege.

Ensiklopedie van die Wêreld 1975. s.v. "Metodistiese Kerke".

Jabulani 1998. Die VCSV-koerant. Vol 1, no 1. s.l.

Konsep-Grondwet van die Verenigende Christen-Studentevereniging van Suider-Afrika, 1997.s.l.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1967. *Agenda en bylae tot die agenda vir die vyf-en-vyftigste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 25 April en volgende dae*, Byvoegsel B tot Bylae X. Pretoria:NHK.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1992. *Agenda vir die drie-en-sestigste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. Pretoria:NHK.

Van der Merwe, G 1996. *Jesus is Koning. Die verhaal van die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika – 1896 tot 1996*. Stellenbosch:CSV van SA.

Van der Vyver, GCP 1975. *"Revival" of Reformasie? 'n Studie oor Metodisme*. Potchefstroom: Pro Rege.

VCSV Hoofkantoor 1998. *Inligting oor die VCSV*. s.l.

VCSV Nuus 1998. Tweede kwartaal. s.l.

VCSV Nuus 1998. Derde kwartaal. s.l.

BYLAE 1

GRONDWET VAN DIE VCSV – 1997

Die volgende drie artikels is die tersaaklike artikels uit die Grondwet van die VCSV.

Artikel 2

2.2 Belydenisgrondslag

2.2.1 Ons glo in die Drie-enige God (Vader, Seun en Heilige Gees) wat almagtig is en ewig bestaan.

2.2.2 Ons glo in die soewereiniteit van God wat die mensdom na sy eie beeld geskape het.

2.2.3 Ons glo in Jesus Christus, die Verlosser, die Seun van God en dat Hy die Here is van elke faset van die samelewing en mense se persoonlike lewens. Deur sy dood en opstanding ontvang ons vergifnis van ons sonde en word ons versoen met God en ons naaste.

2.2.4 Ons glo in die Heilige Gees wat mense beweeg tot sondebelydenis, hulle heilig maak deur sy inwonende krag en deur hulle die samelewing vernuwe.

2.2.5 Ons glo dat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is, waardeur Hy Homself en sy wil aan ons openbaar en die finale gesag is. Ons aanvaar die Bybel as die bron van die waardes en norme waarop ons lewens en die samelewing gebou moet word. Die boodskap van die Bybel is tot die hele mensdom gerig en daardeur spreek die Heilige Gees tot mense van elke kultuur sodat hulle die waarhede daarin kan begryp.

2.2.6 Ons glo aan die Heilige Algemene Kerk wat saamgestel is uit mense wat Jesus Christus opreg bely as Verlosser en Here. Hy bind ons saam as lede van sy liggaam tot 'n eenheid wat reik oor alle grense soos ras, geslag, taal of kultuur en stuur ons uit om die evangelie tot aan die eindes van die aarde te gaan verkondig.

2.2.7 Ons glo dat God ons roep tot volkome gehoorsaamheid aan Hom in elke faset van ons lewe.

2.2.8 Ons glo dat Jesus Christus weer kom om die lewende en die dode te oordeel en vir ewig te heers as Koning.

Artikel 3

Doelstellings

Die vereniging wil in afhanklikheid van die Here:

3.1 die eer en verheerliking van God Drie-enig altyd in alles voorop stel;

3.2 hierdie Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, soos in sy Woord geopenbaar, aan jongmense verkondig;

3.3 lede aanmoedig om hulle geloof in Jesus Christus as die enigste Verlosser van die wêreld te bely en om as dissipels van Jesus Christus te leef;

3.4 met die oog op bogenoemde, lede aanspoor tot getroue Bybelstudie en gebed;

3.5 lede begelei tot geestelike volwassenheid deur onderlinge geloofsgemeenskap rondom die Woord;

3.6 lede aanmoedig om op elke terrein van die lewe in woord en daad getuies vir Christus te wees;

3.7 lede help om met 'n Bybel-gefundeerde, konsekwente en Christus-gesentreerde lewensbeskouing die eise van die dag waarin ons lewe te benader;

3.8 by lede 'n sensitiwiteit t.o.v. die nood van hulle medemens kweek en hulle aanspoor om vir geregtigheid, vrede en versoening in die samelewing te werk;

3.9 by lede lojaliteit aan hulle eie kerk inskerp en hulle help opbou tot meelewende lidmate van hul onderskeie kerke;

3.10 verhoudings met alle kerke en instansies wat die doelstellings van die VCSV ondersteun, ontwikkel;

3.11 'n Christelike teenwoordigheid op die kampusse van alle opvoedkundige inrigtings in SA daarstel;

3.12 lede aanspoor tot goeie en sinvolle verhoudings met die lede van ander Christelike organisasies wat in die breë dieselfde doelstellings en belydenisgrondslag as die VCSV het;

3.13 versoening en eenheid onder alle Christen-studente nastreef;

3.14 lede motiveer en mobiliseer tot diens en die uitbreiding van die koninkryk van God oor die hele wêreld;

3.15 werk tot die herstel van die eenheid met die sustersorganisasies van die VCSV en ander organisasies wat in breë dieselfde doelstellings en belydenisgrondslag het;

3.16 'n medeverantwoordelikeheidsin, spanwerk en leierskap in teenstelling met 'n individualistiese tydsgees by lede aanmoedig;

3.17 'n Skrifgefundeerde kritiese ingesteldheid op die lewe met al sy fasette by lede aanwakker en bevorder, en selfondersoek en openhartigheid onder mekaar aanmoedig.

Artikel 5

Verhouding tot die Kerk

Die VCSV:

5.1 wil, mag en kan nooit die werk van die kerke aan hulle jeug vervang nie, maar bied aan lede die geleentheid om in skole en tersiêre inrigtings onderling oor die Woord van die Here te besin en om die opdragte daarin te verwesenlik;

5.2 erken as vrye Christelike vereniging die toesig van kerke oor hulle lidmate;

5.3 wil tot diens van die Kerk wees in die strewe om lede te roep tot geloofskeuses vir Christus t.o.v. hulle leefwêreld en om hulle as dissipels van Christus toe te rus;

5.4 beskou dit as die taak van kerke om hulle lidmate leerstellig toe te rus;

5.5 moedig leraars van kerke wat verteenwoordigend is van 'n beduidende getal lede van 'n tak aan om betrokke te raak by die geestelike leiding op plaaslike vlak;

5.6 streef na die goedgesindheid van en positiewe samewerking met al die kerke met 'n belangstelling in die werksaamhede van die VCSV;

5.7 onderneem om in die program- en studiemateriaal wat deur die VCSV vir lede beskikbaar gestel word, en in die styl waarin aktiwiteite aangebied word, leerstellige aspekte waaroor daar verskil van mening tussen belanghebbende kerke mag wees, te vermy;

5.8 moedig takke of aksies van die VCSV wat nie op die kampusse van skole of tersiêre inrigtings bestaan of plaasvind nie, aan om met die tersaaklike plaaslike kerke te skakel;

5.9 verwag van alle persone wat leiding in die vereniging en/of by aktiwiteite van die vereniging neem, om op geen wyse tydens groepsbesprekings of enige ander aktiwiteite of byeenskomste van die vereniging, in stryd met die belydenisgrondslag van die vereniging op te tree of toe te laat dat twis oor leerstellige sake ontstaan of dat aktiwiteite beoefen word waaroor meningsverskil tussen kerke mag bestaan nie;

5.10 vereis dat kerke nie VCSV-aktiwiteite gebruik om lidmate te werf nie;

5.11 moedig lede en kerke se verteenwoordigers aan om die Bybelse beginsels van verdraagsaamheid, wedersydse konsiderasie en wedersydse geestelike verruiming te handhaaf in gesamentlike verkeer van lede van verskillende kerkverbande.

KOMMENTAAR OP DIE VERSLAG VAN DIE MINISTERIËLE KOMITEE VIR GODSDIENSONDERRIG VOLGENS DIE BEPALINGE VAN ONDERWYSWET VAN 1996 IN SUID-AFRIKA

1. INLEIDING

Die bogenoemde verslag is as konsep Riglyne vir Godsdiensonderrig geplaas deur die Minister van Onderwys van die sentrale ANC Regering in die Staatskoerant nr 19775 van 13 Februarie 1999. (Die minister is nie gretig om geleentheid vir kommentaar te gee nie, want die sperdatum vir kommentaar verstryk reeds op 29 Maart 1999.) Hierdie kommentaar volg verder die numerering en opskrifte van die Verslag van die Ministeriële Komitee waar van toepassing. Slegs punte van belang en verskil word aangespreek.

2. SLEUTELTERME (Punt 3 van die verslag)

Die Riglyne verkies die term Godsdiensonderrig (Religious Education) wat 'n breë opvoeding oor en in godsdien veronderstel. Uit Christelike Onderwys perspektief sou Christenskole graag die vryheid wou bekom om van Bybelonderrig of Christelike Godsdiensoopvoeding te praat.

3. OPSOMMING VAN DIE BESTUUR (van die Ministeriële Komitee punt 5 van die verslag).

Die riglyne maak vir individuele skole moontlik om godsdiensoopvoeding volgens eie oortuiging en begrip in te rig, mits dit nie teen die Konstitusionele regte van leerlinge en opvoeders indruis nie. (5 par 3.) Onafhanklike skole kan hulle eie godsdiensonderrigbeleid ontwikkel, maar moet inpas in die wetlike raamwerk van hierdie Riglyne (hoofstuk 12) en die Suid Afrikaanse Skole Wet van 1996 #45 (3)a.

Die uitgangspunte van die komitee is egter politieke van aard. Die eerste uitgangspunt vir godsdiensonderrig wat genoem word, is *the need to contribute significantly to nation-building*. Hierdie party-politieke oogmerk van die ANC Regering (om die nasies/volkere in Suider Afrika saam te dwing in een nasie) bepaal dus die karakter van die voorgestelde godsdiensoopvoeding in die ANC beheerde staatskole. Ander politieke gesigspunte soos selfbeskikking, konfederalisme en federalisme van opposisiepartye moet nou onder die dekmantel van godsdien beveg word. Ook die unieke aard van die Christendom en Christus self (as die enigste werklike Verlosser volgens Handeling 4:12) word blatant om politieke redes geïgnoreer. Die eie verskuilde politieke agenda van die ANC gee dus in die verslag die toon aan.

5. AANBEVELINGS (van die Ministeriële Komitee)

5.1 Algemene Opvoeding en Onderrig Bande (Grade O – 9)

Opsie 4 gee aan die skole die geleentheid om die godsdienstige uitkomst van Kurrikulum 2005 met eie toepaslike inhoud te vul wat veelheid van perspektiewe insluit; asook 'n eie aanvullende godsdiensoopvoedingsprogram in aanpasbare, beskikbare tyd. Die beleid moet gelyktydig saam met Kurrikulum 2005 in gebruik geneem word.

5.2. Verdere onderwys- en opleiding-bande (VOO).

'N NUWE VOO BELEID

5.2.1 Basiese leer (onderwys).

Dit word aanbeveel dat Godsdiensonderrig en (Skool) Voorligting tot een studie-area saamgevoeg word om 'n sub-studieveld te word onder die opskrif *Verantwoordelik Lewe* (Lewensopvoeding). Die volgende ses belangrike areas word aanbeveel:

- Morele vraagstukke wat uit die perspektiewe van 'n verskeidenheid van (lewens en) wêreldbeskouinge bestudeer word.
- Inter-kulturele en inter-godsdienstige vaardighede ("skills").
- Professionele- en arbeidsetiek.
- Loopbaanvoorligting en beroepsrigtings.
- Gesondheid en Voeding.
- Burgeropvoeding.

Die laaste twee areas behoort gladnie in hierdie studie-area nie en word moontlik slegs hier geplaas deur persone wat graag die invloed en tyd van godsdiensonderrig wil inkort. Gesondheid en Voeding was nog altyd as deel van die Biologie as studie-area beskou. Burgeropvoeding hoort meer by die Geskiedenis as studieveld. Christelike norme en waardes moet in elk geval op alle studieterraine bygewerk word as die Christelike ouer en leerlinge werklike opvoedingsvryheid gegun word. Net so kan inter-kulturele en inter-godsdienstige vaardighede net so goed bespreek word by

Geskiedenis se area vir Kultuurgeskiedenis wat in die hedendaagse Sosiale Studies propageer word.

Die inbring van nie-Bybelse studie materiaal in die godsdiensonderwystyd word ervaar as 'n poging om die Christelike leerling te vervreem van die Bybelse wortels van sy opvoeding.

Ook die tweede opsie om vir 2 krediete (2 periodes per week?) die eerste drie bogenoemde areas te bestudeer, verskraal godsdiensonderwys tot 'n bloot horisontale etiese studie. Christelike etiek is wel belangrik, maar die kern van die Bybel en die Christendom bly die Persoon en heilswerk van Jesus Christus. Elke Christenleerling moet die vryheid gegun word om dit volgens die keuse van ouers meer volledig te

bestudeer.

5.2.2 Kernkeuses

Sub-studievelde soos die volgende kan onder Mens- en Sosiale Wetenskappe onder die studieveld Gemeenskap en Godsdiens aangebied word (waarskynlik 'n keusevak in Grade 10 tot 12):

- Afrika Christendom HG en SG
- Afrika Tradisionele Godsdiens HG en SG
- Bybelkunde HG en SG
- Hindu Studie HG en SG
- Islam Studie HG en SG
- Joodse Studie (Judaïsme)
- (Vergelykende) Godsdienswetenskap HG en SG

Hierdie studies moet akademies en beroepsgerig wees. Aspekte soos hermeneutika, historiese agtergrond, kritiese en interpersoonlike vaardighede moet ingesluit word.

Dit is onbegryplik dat die Christelike Studie nou in twee verdeel word, nl. Afrika Christendom en Bybelkunde. Die studie van die Bybel vorm tog die basis van die hele Christendom. Die S A Sertifiseringsraad maak reeds voorsiening dat 40% van alle punte in Bybelkunde aan insig toegeken word. Dit word verstaan as eie uitleg en toepassing solank dit op Bybelfeite gegrond word. Dit gee die vryheid aan enige leerling om sy eie sieninge weer te gee, solank as wat dit met verwysings na die Bybel ondersteun word. (Ook die leerlinge uit die Christelike kerke van Afrika). Meer vryheid het leerlinge uit die Afrika Kerke nie nodig nie. As vir hulle uitsonderlike voorsiening gemaak word, wat dan van Gereformeerde, Roomse, Lutherse en Pinkster Christendom? Hier word ernstig afgewyk van die opvoedkundige beginsels dat dogmatiese studies op skoolvlak so ver as moontlik beperk word tot basiese geloofsleer wat deur alle Christene onderskryf word. Christelike Studies (Bybelkunde) word hierdeur ook onnodig verdeel.

(Dit word moontlik juis deur mense voorgestaan wat Bybelkunde nie goedgesind is nie of Tradisionele Afrika Godsdiens onder die dekmantel van die Christendom wil aanbied.)

5.3 Hoër onderwys en opleiding

Die feit dat onderwysers tydens hul opleiding die beginsels en praktyk van die *hoofgodsdiens van Suid-Afrika*, moet bestudeer om aan die vereistes van die Nasionale Kwalifikasies Raamwerk te beantwoord kan vervlakking in standarde meebring, aangesien beperkte, beskikbare tyd tussen godsdiens verdeel moet word. Dit wyk ook af van die beginsel dat slegs toegewyde lede van 'n godsdiens onderwys in die godsdiens moet gee, soos deur alle onderwyskonferensies besluit.

8. HISTORIESE AGTERGROND

8.5 Christelike Nasionale Onderwysbeleid

Die beleid word eensydig en polities-gekleur as 'n onderdrukkende en mislukte onderwysbeleid voorgestel. Die bewering dat nie-gereformeerde kerke se siening en medewerking teengestaan en dat die gereformeerde teologie op mense afgedwing is, is blatant onwaar. Ons noem enkele voorbeelde:

- Kerklike dogma is uitdruklik deur die onderwysdepartemente in skole verbied. Breë *Christelike leerstof, gegrond op die Bybel* is vereis. Die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Tien Gebooie en die Onse Vader-gebed, wat deur alle Christene bely en aanvaar word, is as basis vir die toegelate geloofsleer in Bybelkunde en ook as godsdiensonderrig kernsillabus vir st 8 tot st 10 gebruik.

- Christene uit ander tradisies het puik insette en leerstof vir Bybelonderrig gelewer wat wyd in skole gebruik is. Ons dink aan Scripture Union; die Christian Education Movement (met sy talle onderwysers-seminare); Die Universiteite van die Witwatersrand en Natal; die Barette-reeks van handboeke, ens. (Lg. handboeke deur 'n skrywer uit die Roomse Kerk word wyd gebruik en is een van die beste Hoër Graad handboeke beskikbaar.)

- Vakadviseurs, eksaminatore en moderatore, wat nie lidmate van gereformeerde kerke is nie, is vir Godsdiensonderrig en Bybelkunde in onderwysdepartemente onder die CNO-wet aangestel.

- Leerlinge kon met skriftelike toestemming van ouers hul aan godsdiensonderrigklasse en godsdiensgedeeltes van saalbyeenkomste onttrek

- Joodse en Islamskole kon hulle eie studies instel, selfs as eksamenvakke (NOD).

- Duitse skole is toegelaat om godsdiensperiodes vir die onderrig van Duits te gebruik en eie (Lutherse) godsdiensonderwys as deel van buitemurse programme aan te bied.

Die CNO-wet het slegs erken dat die meeste leerlinge en ouers aan die Christelike Godsdienst behoort en ouers en onderwysers die vryheid gegee om dit te onderrig. Duisende onderwysers het 'n sukses van die voorreg gemaak en vele puik provinsiale

leerplanne en leerstof met eie aanvulling is gebruik. Sukses het (soos in alle vakke) van die verantwoordelikheid van die onderwyser en skoolhoof afgehang.

9 INTERNASIONALE RIGTINGWYSERS ("Trends")

9.1 Die Neutrale of Sekulêre Model (VSA)

Die sterk reaksie teen sekulêre onderwys in die VSA word as waarskuwing vermeld. Sedert 1984 is 17 000 Protestants-Christelike Privaatskole in die VSA gestig waarvan die leerlingtal reeds 2,01 miljoen beloop. Daarom beveel die Ministeriële Komitee aan dat godsdiensonderwys in staatskole moet bly anders sal die Christelike Skole vinnig vermeerder.

9.2 Die Geïntegreerde Pluralistiese (Multi-Religieuse) Model (Kanada; Australië en Nu Zeeland)

Die negatiewe reaksie teen hierdie model in Kanada word doelbewus verswyg. In Brits-Columbia het honderde Christen-privaatskole as verset teen die stelsel opgeskiet.

Die Enkel Godsdienst Model. (Noord-Ierland en Lesotho.)

Die model word sterk afgewys as gegrond op die *staatsgodsdienst* idee. Dit word beskou as ondemokraties; teen die bestaande konstitusie van die ANC Staat en onderdrukkend teen minderhede se godsdienst.

Voorgenoemde is totaal onwaar: As die godsdiensonderrig by 'n skool op die keuse van die ouers berus, gee dit ouers juis hul demokratiese vryheid om hul kinders in 'n eie godsdienst en lewens- en wêreldbeskouing op te voed. Die konstitusie waarborg juis groepe se kulturele en godsdienstige vryhede. Voorsiening vir minderheidsgroepe om godsdienst deur eie godsdiensonderwysers word juis deur sulke groepe verwelkom en is nie onderdrukkend nie. Buitendien, die keuse van 'n skool

deur ouers behoort immers godsdienstige en kulturele oorwegings in te sluit.

9.3 Die Parallel Enkel Godsdienst Model (Nigerië en Israel)

In die model kies groepe ouers in die skool die leerinhoud vir godsdiensonderrig van hul eie kinders. Dit word toegegee dat die meerderheid Suid-Afrikaners deur hul voorleggings hierdie model verkies. Die model is ook by 'n reeks onderwyskonferensies (bv. die konferensie in Mmabatho van die LUK vir Onderwys in 1996) as model voorgestel.

Dit word om ANC politieke beleid afgewys. Die ANC is nie bereid om die voorleggings uit "grondvlak" hier te aanvaar nie. Demokratiese optrede pas nie hier hul beleid nie. Dit sou dan tot "polarisasie"; "godsdienstige apartheid" lei en die ANC se Uniale Staatsidee (smeltkroes) ondermyn. Kinders mag onredelik godsdienstig beïnvloed word. Dit is ook teen die wêreldeenheid idee en kan "onprakties" wees.

Hierdie model word juis internasionaal as die ware "demokratiese" model beskou omdat dit ouers se demokratiese vryheid om hul kinders in vryheid in hul eie godsdienst op te voed. Dit is die enigste model wat die Bybelse gelowige kan pas. (Dt 6: 4-15)

EINDWAARNEMINGS VAN DIE SUB-KOMMISSIE VIR ONDERWYS TEN OPSIGTE VAN DIE MINISTERIËLE VERSLAG

- Die voorgestelde godsdiensonderwysbeleid bevat 'n duidelike en dikwels antichristelike karakter.
- Dit is deel van die ANC se beleid gegrond op hul holistiese staatsidee.
- Dit is in wese Humanisties van aard en wil godsdiensonderwys vervlak tot 'n horisontale etiese studie van menslike idees.
- Dit wil sinkretisme tot een wêreldgodsdienst in die staatskole probeer bevorder.
- Dit laat geen ruimte vir Christelike Volkseie Onderwys toe nie en is dus ondemokraties en onderdrukkend teenoor die Afrikanernasie.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK



ERKENNING VIR GETROUE DIENSLEWERING AS VOORGANGER IN DIE VERBONDSONDERRIG

AAN:

As dankbare erkenning vir getroue dienste en toegewyde arbeid
as verbondsonderrigvoorganger gelewer.

GEMEENTE:
JAAR:
ST/GRAAD:
LERAAR:
VERBONDSONDERRIGHOOF:

GEMEENTE:
JAAR:
ST/GRAAD:
LERAAR:
VERBONDSONDERRIGHOOF:

GEMEENTE:
JAAR:
ST/GRAAD:
LERAAR:
VERBONDSONDERRIGHOOF:

GEMEENTE:
JAAR:
ST/GRAAD:
LERAAR:
VERBONDSONDERRIGHOOF:

GEMEENTE:
JAAR:
ST/GRAAD:
LERAAR:
VERBONDSONDERRIGHOOF:

GEMEENTE:
JAAR:
ST/GRAAD:
LERAAR:
VERBONDSONDERRIGHOOF:

GEMEENTE:
JAAR:
ST/GRAAD:
LERAAR:
VERBONDSONDERRIGHOOF:

GEMEENTE:
JAAR:
ST/GRAAD:
LERAAR:
VERBONDSONDERRIGHOOF:

1 Tm 4:16: "Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal
jy jouself red sowel as die wat jou hoor."

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK



ERKENNING VIR GETROUE DIENSLEWERING

AS VOORGANGER

10

IN DIE VERBONDSONDERRIG

AAN: _____

As dankbare erkenning vir getroue dienste en toegewyde arbeid as verbondsonderigvoorganger gelewer.

GEMEENTE:

JAAR:

ST/GRAAD:

LERAAR:

VERBONDSONDERRIGHOOF:

GEMEENTE:

JAAR:

ST/GRAAD:

LERAAR:

VERBONDSONDERRIGHOOF:

GEMEENTE:

JAAR:

ST/GRAAD:

LERAAR:

VERBONDSONDERRIGHOOF:

GEMEENTE:

JAAR:

ST/GRAAD:

LERAAR:

VERBONDSONDERRIGHOOF:

GEMEENTE:

JAAR:

ST/GRAAD:

LERAAR:

VERBONDSONDERRIGHOOF:

GEMEENTE:

JAAR:

ST/GRAAD:

LERAAR:

VERBONDSONDERRIGHOOF:

GEMEENTE:

JAAR:

ST/GRAAD:

LERAAR:

VERBONDSONDERRIGHOOF:

GEMEENTE:

JAAR:

ST/GRAAD:

LERAAR:

VERBONDSONDERRIGHOOF:

GEMEENTE:

JAAR:

ST/GRAAD:

LERAAR:

VERBONDSONDERRIGHOOF:

SPREUKE 22:6 • Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie

Verslag: Kommissie vir Formuliere en Liturgie (KFL)

Tydperk: 14 September 1997 tot 3 Mei 1999

1. PERSONEEL

1.1. **Primarii:** Dr. G.J.J. Labuschagne (Voorsitter)
Ds. W.J. van der Merwe (Ondervoorsitter)
Ds. A.L. van Heerden (Skriba)

1.2. **Sekundi:** Di. C.T. Kleynhans, W.J. Gagiano, G. Smit

1.3. **Medewerkers:** Ds. M.C. Adendorff, Prof. I.A. Brink, Ds. L.L.E. de Lange, Proff. J.C. Lombard, W.J.G. Lubbe, R. Marè, F.A.H. van Staden

2. VERGADERINGS

Tien vergaderings is gehou nl.

13 November 1997, 19 Februarie, 23 April 1998, 6 Augustus 1998, 8 Oktober 1998, 16 November 1998, 30 November 1998, 15 Februarie 1999, 12 April 1999 en 23 April 1999.

3. OPDRAGTE VAN SEWENDE SINODE (1997)

Uitvoering is gegee aan die opdrag van die sewende sinode (verwys Handeling 1997 punt 9, bl. 266)

4. UITVOERING VAN DIE OPDRAG VAN DIE SEWENDE SINODE

4.1. Verwys Handeling 1997 punt 5.1, bl. 265.

Inleidende opmerkings oor die liturgie

Tydens die sewende sinode (1997) het die KFL die mening uitgespreek dat hierdie studiestuk as inleidende opmerkings tot die liturgiese ordes in 'n moontlike hersiene uitgawe van die Kerkboek opgeneem word.

Die sewende sinode het hiervan kennis geneem met die versoek dat skriftelike kommentaar aan die KFL deurgestuur word, en dat die KFL aan die eersvolgende sinode verslag moet doen.

Derhalwe bied die KFL dan nou hierdie hersiene studiestuk met inagneming van al die kommentaar daarvoor ontvang as bylae KFL 1 aan die sinode.

4.2 Verwys Handeling 1997 punt 9.2(a) saamgelees met die besluit onderaan punt 12 bl. 266.

Die sinode besluit dat die Kerkboek van die AP Kerk grondig hersien moet word.

Die sinode versoek dat alle kommentaar op die hele Kerkboek so spoedig moontlik ingestuur word.

Hierdie versoek is in Die Boodskapper van Februarie 1998 herhaal, nl. dat kerkrade en leraars voor 23 Maart 1998 aan hierdie besluit van die sinode uitvoering moet gee. Die terugvoering was helaas baie power.

- Hersiening van die Belydenisskrifte - opgeneem in die Kerkboek bl. 52 - 142 - beskou hierdie kommissie nie as deel van sy opdrag nie, aangesien dit eerder tuis behoort by die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek.

- Die res van die Kerkboek, nl. alle eietydse formuliere met inagneming van die kommentaar wat wel ontvang is, word as Bylae KFL 2 aangebied.

4.3 Verwys Handeling 1997 punt 9.2(b), bl. 266

Die sinode versoek die KFL om die Christelike gebede in die Kerkboek op te neem.

Die KFL bied die eietydse Christelike gebede as Bylae KFL 3 aan.

4.4 Verwys Handeling 1997 punt 9.7, bl. 266

Die sinode gee opdrag aan die KFL om in oorleg met die Kommissie vir Kerkang en -musiek en dosente in teologie, verdere studie te onderneem t.o.v. die plek en funksie van die koor rondom die erediens.

Hierdie studiestukke is van beide partye ontvang en verwerk, en saam met addisionele kommentaar van kerkrade opgeneem in die punt 3.2. in Bylae KFL 1.

4.5 Verwys Handeling 1997 punt 9.8, bl. 266

Die sinode gee opdrag aan die KFL om in samewerking met die dosente in teologie voort te gaan met 'n studie oor die betekenis en plek van die offergawes by die erediens.

Hierdie studie is onderneem en word opgeneem in punt 3.1 in Bylae KFL 1.

5. AANBEVELINGS

5.1 Die sinode neem met dank kennis van die verslag van die KFL.

5.2 Die sinode besluit dat die Inleidende opmerkings oor die Liturgie (Bylae KFL 1) soos

hersien, opgeneem word in die Kerkboek.

5.3 Die sinode keur die hersiene eietydse formuliere soos deur die KFL voorgelê goed.

5.4 Die sinode keur die eietydse Christelike gebede (Bylae KFL 3) goed om opgeneem te word in die Kerkboek.

6. LASGEWING

Die kommissie volstaan met die lasgewing soos in die Kerkordeboek 1998 bl. 115–119.

7. BEGROTING

AANBEVELING

7.1 Dieselfde bedrag as die vorige jaar.

8. Die FKL vertrou dat opdragte bevredigend uitgevoer is en bid die sinode seën en wysheid toe met die vergadering.

GETEKEN:

Ds. W.J. van der Merwe (Voorsitter)

Ds. A.L. van Heerden (Skriba)

Ds. G. Smit

BYLAE KFL 1

INLEIDENDE OPMERKING OOR DIE LITURGIE

1. DIE GEREFORMEERDE EREDIENS

Alvorens die verskillende liturgiese ordes voorgelê word, is dit nodig dat enkele inleidende opmerkings rakende die teologiese onderbou van die gereformeerde erediens in die A.P. Kerke gemaak word. In ons erediens wil ons gereformeerde wees, en die Bybelse riglyne duidelik stel. Alleen so kan die erediens in die A.P. Kerke na reg verstaan en waardeer word.

Tydens vorige sinodes is herhaaldelik die gedagte uitgespreek dat die A.P. Kerke ook in die erediens sy eie karakter moet ontwikkel. Hierdie eie karakter moet egter duidelik en verantwoordbaar wees uit die Woord van God.

1.1 Die wese van die erediens

Die kerngedagte in Kerkorde art. 42.1. (1998) is dat die erediens die openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God is. Die erediens is dus wesenlik 'n ontmoetingsgebeure tussen God en sy volk. Hier neem Hy die inisiatief: Hy roep sy gemeente tot vergadering, en Hy tree met hulle in gesprek.

Hy spreek die eerste en die laaste woord, en sy gemeente moet dan antwoord op sy woord. Die erediens moet dus hierdie orde van woord en antwoord weerspieël. Die gemeente se woord is

slegs die antwoord op God se woord.

In die orde van die erediens moet hierdie dialogiese karakter (gesprekskarakter) duidelik tot uitdrukking kom, en versigtig gehandhaaf word. Daarom moet die liturg daarteen waak dat hierdie wesenlike van die erediens nie aangetas word nie.

Hy, die Drie-enige God, is en moet altyd in die middelpunt, die sentrum van die erediens staan. Dit gaan in elke erediens om God en sy eer, sy verheerliking en sy aanbidding. Daarom moet elke kunsmatige poging om die erediens aantreklik en aangenaam vir die mens te maak, sonder meer afgewys word.

1.2 Die inrigting van die erediens

Art. 42.2 van die Kerkorde bepaal dat die inrigting van die erediens deur die kerkraad vasgestel en gereël moet word, met gebruikmaking van die Bybelvertaling wat deur die sinode vir amptelike gebruik goedgekeur is, die liturgiese ordes van die erediens, die Psalm- en Gesangeboek, en die liturgiese formuliere. Dat die Kerkraad die inrigting van die erediens vasstel, gee daaraan 'n kerklik amptelike karakter.

Die kerkraad bring nie die vergadering van God se volk tot stand nie, maar reël dit sodat die erediens weldeeglik en ordelik kan verloop (1 Kor. 14:33, 40). Die goeie orde sluit ook die liturgiese ordes in, waaraan die liturg hom, soos voorgeskryf, moet hou.

1.3 Die rol van die liturg

Die Kerkorde bepaal dat die bedienaar van die Woord, of 'n manlike lidmaat deur die Kerkraad aangewys, die leiding tydens die erediens moet neem (art. 42.3). Dit beteken dat die persoon die leiding met die verloop van die liturgiese orde moet neem. Hier is geen plek vir willekeur nie. Dit is nooit die liturg se vergadering nie. Hy is slegs die spreekbuis van God. Daarom moet hy God se Woord spreek en nooit sy eie nie. Hy moet dus afsien van eie waarde, allerlei dekorasies, onnodige gepraat, tierlantyntjies en liefhebberye. Hy moet hou by die sinvolle voorgeskrewe liturgiese ordes soos bepaal deur die kerk.

1.4 Die gemeente

Gesien in die lig van die wese van die erediens, as vergadering van God met sy volk, is Hy deurentyd die Hoofwoordvoerder. Hy spreek die eerste en laaste woord, en al wat die gemeente kan, is om telkens te antwoord op sy woord. Die gemeente se woord in onder meer gebed en lied is altyd antwoord.

Dit gaan nooit in die erediens om iets wat die gemeente kom haal of kan kry tot hulle stigting of bevrediging van eie behoeftes nie. Wie met so 'n gesindheid na die erediens kom, sal altyd leeg en

onbevredig weggaan. Dit gaan immers om die eer, verheerliking en aanbidding van God Drie-enig.

1.5 Grondtrekke van die erediens

Omdat die erediens 'n ontmoetingsgebeure met God is, is daar enkele grondtrekke inherent aan die gereformeerde erediens.

1.5.1 Eerbied

Die gemeente het eerbied vir die God wat hulle gaan ontmoet. Hy is almagtig, heilig, alwetend. Gesien in hierdie lig, val alle vroeë rakende klere drag weg. Die gelowige wat sy Skepper in die erediens ontmoet, sal te alle tye netjies en waardig geklee wees.

1.5.2 Ordelikheid

God is 'n God van orde en nie wanorde nie (1 Kor. 14:35, 40). Daarom moet die goeie orde te alle tye deur die liturg, kerkraad en gemeente gehandhaaf word.

1.5.3 Duidelikheid en verstaanbaarheid

Alle elemente in die erediens moet duidelik en verstaanbaar aangekondig word, sonder enige tierlantyntjies. Alles moet spreek van soberheid en eenvoud (nie eenvoudigheid nie).

1.6 Voor- Liturgiese handelinge

1.6.1 Voorbereiding

Elke kerkganger behoort hom/haar reeds tuis voor te berei om die Here in die erediens te ontmoet. Dit stem hom/haar tot aanbidding en ontvanklikheid.

1.6.2 Die stil gebed voor die erediens

Die kerk is die huis van God. Wanneer die kerkganger sy plek ingeneem het, buig hy/sy die hoof in stil gebed tot die Here. Ook hierdie handeling stimuleer tot aanbidding.

1.6.3 Afkondigings

Afkondigings moet kort en bondig wees, en slegs beperk word tot gemeentelike en breë kerklike aktiwiteite bv. in sinodale en ringsverband.

2. DIE LITURGIESE ORDE

2.1 Die votum

Die votum is die konstituering van die gelowiges, wat bymekaar is, tot 'n amptelike vergadering waar God sy volk ontmoet. Die votum het die bedoeling om in die Naam van God die erediens te begin of te open. Deur die woorde van die votum word die Drie-enige God aangeroep in Wie se Naam alles wat daarna in die erediens gebeur, sal geskied.

Die bekendste en belangrikste vorm van die votum is die adjutorium (aanroeping van God se Naam) – Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het (Ps. 124:8). Dit is later uitgebrei

met Ps. 146:6 en Ps. 138:8 nl. wat trou bly tot in ewigheid en wat nie laat vaar die werk van sy hande nie. Die adjutorium gee uitdrukking daaraan dat die gemeente met die naam van sy Naam voor sy aangesig gestel word, en in sy magtige Naam gekonstitueer word tot sy vergadering.

Die votum moet altyd woord van God wees – 'n Bybelteks. Liturge moet baie versigtig wees met die keuse van 'n teks.

Die volgende tekste is bv. vir baie eeue in die kerk as aanvaarbare vota gebruik:

Ps. 19:15; 24:9 en 10; 43:3; 84:12 a en b; 96:6; 121:2; 123:2 en Ps. 125:2; Rom. 11:36 en Opb. 1:8.

Vota behoort altyd kort en saaklik te wees.

Nou begin die erediens.

2.2 Die seëngroet

By die seëngroet gaan dit om meer as net 'n groet. God se eerste spreke na die votum is sy grootseën aan sy vergaderde volk. Sy groet bevat 'n toesegging van seën. Die liturg is slegs sy spreekbuis. Derhalwe val die klem op die seën.

Volgens Skrifvoorbeeld moet die seëngroet, net soos die seën aan die einde van die erediens met beide hande opgehef (in die geval van 'n predikant) uitgespreek word (Nm. 6:24–26 en Lev. 9:22). Dit gee beter uitdrukking daaraan dat dit God is wat in sy vergadering handel. Die seëngroet is geen gebed nie. Dit is dus nie nodig dat óf die liturg óf die gemeente die oë sluit nie. Dit is sinvol dat die gemeente die simboliek van die seënende hande, nl. dat God seënend en in vrede tot sy gemeente kom, sal sien.

Die seëngroet kan ook uitgebrei word met die trinitariese formule: deur die werking van die Heilige Gees.

As voorbeelde kan dien: Rm. 1:7; 1 Kor. 1:3; 1 Tm. 1:2; 2 Tm. 1:2; Tt. 1:4.

2.3 Die lofsang

Die eerste antwoord van die gemeente nadat die Here hulle seënend gegroet het, is 'n lofsang waarin hulle met harte vol dankbaarheid en verwondering God loof en prys. Hiervoor is talle Psalms en Gesange geskik. Die gemeente jubel dit uit met 'n loflied tot sy eer en verheerliking.

2.4 Die Wet

Die funksie van die Wet in die erediens is onder meer:

1. die reël vir die gelowige se dankbaarheidslewe – Jn. 14:15
2. die kenbron van sonde en ellende van die mens – Rm. 3:20b

3. die tugmeester na Christus – Rm. 7:24, 25 en Gal. 2:19, 20.

Die sondige gemeente staan voor die Heilige God (Ps. 27:8). Hulle moet geheilig word sodat Hy tot hulle kan spreek. Dit bewerkstellig Hy by wyse van sy Wet, die spieël waarin sy gemeente hulself sien en moet beoordeel.

Dit is sinvol om die wet na die lofsang te laat volg en nie eers na die prediking nie. Lees dit redelik stadig, met gesag en nadruk. Die gemeente moet hoor dat dit gesagswoorde is, en moet daardeur aangegryp word. Liturge behoort voorkeur te gee aan die volledige Wet (Ex. 20:1–17 of Dt. 5:6–21)

Die samevatting van die Wet deur Christus Mt. 22:34–40 en Mk. 12:28–31 het inderdaad 'n sinvolle plek, en kan afwisselend gebruik word. 'n Alternatiewe samevatting is Dt. 6:4–5 (die eerste tafel) saam met Rm. 13:8–10 (die tweede tafel)

2.5 Die Skuldbelydenis

Verootmoediging en skuldbelydenis is reeds sedert die Hervorming deel van die Liturgiese orde. Sang is die beste uitdrukking van ordelike skuldbelydenis.

Psalms: - 6:1; 25:3,5; 32:5; 38:1,15; 51:1,2,3,15; 119:2 (ook op die melodie van gesange 29; 130 en 245); 130:1

Gesange: - 9:2; 13:3; 51:1,2; 53:1,2; 54; 55:1–4; 57:1–4; 74:1,4 (by die samevatting van die Wet); 169:1; 192:3; 238:1,3; 227:4,5; 239:4; 240:1,2; 242:3; 243:1–3; 244:1; 253:1,2; 264:1–3; 266:1.

Gepaste Skrifgedeeltes wat soms in die plek van sang gebruik kan word is bv. Ps. 51 en Esr. 9:5–10.

2.6 Genadeverkondiging

God het deur sy Wet gespreek. Dit gemeente se antwoord is nou skuldbelydenis. En nou spreek God weer 'n wonderlike woord van genadeverkondiging nl. vergifnis van sonde, kragtens die beloftes van sy Woord.

Formules wat gebruik kan word, is:

- Aan almal wat met 'n ware berou en opregte geloof hulle toevlug neem tot huie enigste Verlosser, Jesus Christus verkondig ek in die Naam van die Here die vergifenis van sonde

of

Verkondig die Woord van God die vergifenis van sonde.

- Vanuit die Woord van God, in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees, verkondig ek vergifnis van sonde aan elkeen wat met ware berou in die hart vanweë sy of haar sonde, belydenis daarvan voor die Here gedoen het.

- Gepaste tekse wat moontlik op sigself of saam met die genoemde formules gebruik kan word is:

Ps. 32:1–2; Jes. 1:18; Jes. 43:25; Jes. 44:2a; Esg. 36:26–27; Rm. 5:1; Ef. 1:7; 1 Jn. 1:9.

- Aan die genadeverkondiging kan soms die vermaning (retensie) toegevoeg word:

Maar aan elkeen wat in die sonde volhard en die genade verwerp, verkondig ek in die Naam van die Here (of: verkondig die Woord van God) dat die toorn en straf van die Here om hom bly solank hy in die sonde bly lewe.

Gepaste tekse hierby is o.a.: Hebr. 10:28,29; Jh. 3:18,36.

2.7 Die Geloofsbelydenis

Die kerkhervormers het aan die geloofsbelydenis 'n plek in die erediens gegee. Teen die einde van die 16de eeu het dit 'n vaste plek gekry na die Wet en voor die prediking. So het dit seënnend ingepas in die gesprekskarakter van die erediens. God spreek deur die Wet, waarop die gemeente antwoord met skuldbelydenis. Hy spreek weer deur genadeverkondiging en die gemeente antwoord net deur geloofsbelydenis.

Die Twaalf Artikels is die mees gebruiklike geloofsbelydenis in die erediens. Die geloofsbelydenis van Nicea kan ook by wyse van afwisseling gebruik word.

Die geloofsbelydenis kan op drie wyses in die erediens hanteer word.

- Voorlesing of voordrag deur die liturg terwyl die gemeente met hart en verstand meedoen. Dit is ordelik en stigtelik en die verkieslikste.

- Sang deur die gemeente (Gesang 246 is hiervoor geskik, en kan ook op die melodie van Psalm 107 gesing word).

- Voordrag deur die gemeente. Indien dit wel so geskied, moet toegesien word dat dit so ordelik moontlik geskied.

- Gepaste wydingsliedere is die volgende:

Psalm: 25:6

Gesange: 1:4; 5:3; 190:1; 194:5; 199:4; 230:3; 245:11; 264:3; 269:1–3; 275:5

Die geloofsbelydenis is aanbidding en toewyding. Oop of toé oë is aanvaarbaar.

2.8 Voorgebed/Skriflesing

Die plek van die huidige voorgebed in die liturgiese orde moet verstaan word in die lig van die feit dat die erediens 'n gesprek tussen God en sy gemeente is. Die verloop van daardie gesprek is altyd woord en antwoord. In die voorafgaande liturgiese elemente het die gemeente geantwoord

met die geloofsbelydenis. Daarom is dit begryplik dat God nou weer aan die woord kom deur middel van die Skriflesing. Dit sou dus nie van pas wees as die voorgebed sou volg op die geloofsbelydenis voor die Skriflesing nie.

Die gebed pas sinvoller in nadat die liturg die Skriflesing gedoen het. In hierdie gebed bid die liturg nie vir die opening van die Skrif nie, maar om die verligting deur die Heilige Gees, sodat die gemeente die Woord kan verstaan. In die gebed behoort die volgende aspekte beklemtoon te word:

Verootmoediging – die gemeente besef haar afhanklikheid en onwaardigheid in die teenwoordigheid van die Heilige God.

Aanroeping en aanbidding – dit gaan nooit oor die mens en sy eie belang of eer nie, maar die aanbidding moet op God alleen gerig wees.

Voorbidding en petisie.

2.9 Prediking

Nou kom God weer deur monde van die liturg aan die woord. Vir baie het die preek die eintlike erediens geword. Dit is 'n jammerlike verarming van die gemeente se eie omgang met God en belewenis van God se bemoëienis met hulle en die hele erediens. Die prediking is die knooppunt van God se spreke met sy volk en sy volk se spreke tot God.

'n Preek moet sê wat sê God deur sy Woord vir hierdie gemeente vandag. Die Bybel is God se selfopenbaring. Daar word gepreek sodat die gelowiges God reg kan ken. Die sentrale woorde in die Bybel is God se Ek is. Christus is die Middelaar wat ons met Ek is by God besorg. En die Heilige Gees bring die uitverkorenes deur geloof by die Middelaar tussen God en die mense.

Die hele Bybel is 'n antwoord op die vraag: Wie is God? En daarom moet 'n preek aan die gemeente sê wat openbaar God van Homself in sy woord. Hy eis, beveel, belowe, bestraf en red omdat Hy is wat Hy is. Prediking stel liturgies die luisterende mens onverbiddelik voor die keuse van ja vir God of nee vir God. Wie ja sê, sê amen, en lewe met God. Wie nee sê, gaan leeg en onbetrokke weg, sonder God se genadegemeenskap.

2.10 Slotgebed

Die gemeente antwoord na afloop van die prediking, by monde van die liturg, met die slotgebed. Die liturg moet bedag wees daarop om nie die slotgebed te gebruik as 'n opsomming van die preek nie. Dit moet kort en bondig wees en behoort veral die volgende aspekte in te sluit:

- Lofprysing en

- Danksegging

Die gebed behoort altyd afgesluit te word met in die Naam van Jesus Christus, en nie slegs met 'n Amen nie.

2.11 Slotsang

Die slotgebed en slotsang vorm saam die antwoord van die gemeente op die verkondiging van God se Woord. Die gemeente gaan met God die lewe in en dank Hom vir die heerlike voorreg van sy gemeenskap met hulle. Daarom 'n lied van lof, geloofsmoed en geloofsvertroue.

2.12 Die seën

Met die votum open en konstitueer God sy vergadering met sy gemeente. Nie alleen spreek Hy eerste nie, maar Hy spreek ook die laaste woord in die erediens. Die seën is die toesegging, die versekering dat Hyself met ons meegaan in die alledaagse lewe. Dit impliseer ten diepste dat die gemeente daarbuite in die wêreld sal leef voor sy aangesig. Aanbidders word nou ook seëndraers.

Geskikte tekse: Num. 6:24–26; 2 Kor. 13:13, met as aanvangswoorde kan gesê word; Laat ons ons nou bewustelik voor God se Aangesig stel en sy seën ontvang!

3. NA- LITURGIESE HANDELING

Die plek van koor en offergawes

3.1 Offergawes

Soos die gebede, die geloofsbelydenis en die lied, is die gee van die offergawe 'n deel van die antwoord op die aanspraak van God deur die Woordbediening. Dit is 'n offer van dankbaarheid vir God se gawes, veral vir die gawe van die verlossing in Jesus Christus. Dit is 'n teken van die regte luister na God se Woord.

Prinsipiël is die beste plek vir die insameling van die offergawe in die erediens omdat dit deel is van die antwoord van die gemeente op God se spreke, nl. 'n daadantwoord. In die erediens is die geskikste plek na die preek en die dankgebed voor die slot/danklied.

In sommige kerke is daar 'n gebruik dat nadat die gawes ingesamel is die liturg 'n kort gebed daarvoor en daarvoor doen. So 'n gebed kan by geleentheid, soos by 'n jaarlikse dankoffer of by die maandelikse dankoffer, sinvol gedoen word. Om dit egter elke Sondag te doen, is te opsienbarend en lê weer 'n te groot klem op die gawes. Dit ruk die saak van die gawes uit verband.

3.2 Koor

Die kerkkoor het baie jare lank 'n prominente rol in kerke van gereformeerde oortuiging gespeel. Dit neem egter nie weg dat baie die koor in die ere-

diens verkeerd aangewend het nie. Ons moet probeer om ook hier te herstel en te reformeer en nie net tradisionalistes ter wille te wees nie. Ons moet wegkom van die idee dat die kerkkoor 'n los item in die erediens lewer soos in 'n konsertprogram. Dit mag ook nie ingestel wees op die vermaak van die gemeente nie. Dit moet net soos die orrel in die kerk 'n dienende funksie in die erediens vervul, en daarom behoort die koor deel te hê aan die verkondiging, die skuldbelydenis, die lof en dank van die gemeente.

Om die werklike plek, en diensmotief van die kerkkoor vas te stel en te evalueer moet ook verstaan word watter rol gemeentesang in die erediens vervul.

Die kerklied is nie slegs 'n saak van die individu of slegs van 'n groep in die gemeente nie. Met groot nadruk moet gesê word dat dit die hele gemeente is wat hier aktief deelneem. Dit is die gemeente se reg om gesamentlik te sing en daarna te antwoord op die spreke van God.

Die koor kan binne die erediens die volgende dienste lewer:

- a. Om die gemeente te help om die kerklied te leer - so kan die koor eers een of twee verse van 'n lied sing en die gemeente dan daarna die daaropvolgende verse.
- b. Die koor behoort die gemeentesang te lei en te stuur en kan help om sleur in die gemeentesang en die versteuring van ritme te voorkom, maar mag nooit die gemeentesang verdring of beheers nie.
- c. Die koor kan dien om beurtsang sinvol uit te voer. Bv. broeders, susters, verbondsjeug, koor en die hele gemeente saam.
- d. Die koor kan weereens, net soos die orrel, tydens die opneem van die dankoffers gebruik word om die gemeente met rustigheid en sterming op te wek en aan te spoor om met blye dankbaarheid te antwoord op die spreke van die Here en om hulle dankoffers blymoedig te gee.
- e. Verkieslik kan net tydens Paassangdienste, Pinkstersangdienste en Kerssangdienste die koor 'n waardevolle bydrae lewer.

N.B. Veral moet daarteen gewaak word dat die koor die gemeente trakteer. Dikwels word van die kansel aangekondig die koor sal nou vir ons sing, of ons toesing of 'n item lewer. Dit maak die gemeente passief. Die sang deur 'n koor of deur groepe word afgewys waar hulle liedere sing wat nie kerklik goedgekeur en beproef is nie en wat hoegenaamd nie rekening hou met die

wese van die erediens nie, en dit op 'n wêreldse wyse sing.

Die plek wat die koor inneem in die liturgiese orde

sal dus afhang van die funksie wat dit tydens daardie besondere erediens moet verrig.

BYLAE KFL 2

EIETYDSE FORMULIERE

DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE DOOP AAN DIE KINDERS VAN GELOWIGES

Geliefdes in die Here,

Vir die bediening van die doop moet ons die volgende weet en van harte daarop vertrou:

1. DIE DOEL VAN DIE DOOP

Ons bedien die doop omdat God 'n genadeverbond met die gelowige mens gesluit het. Hy het vir Abraham gesê: Ek sal my verbond oprig tussen my en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou (Gn. 17:7)

In die Ou Testament was die besnydenis (Gn. 17:10-12) en pasga (Ex. 12 en 13) tekens dat die verbond geldig is. In die Nuwe Testament het Christus Jesus die verbond in sy persoon en deur sy verlossingswerk bevestig. As teken en waarborg hiervan het Hy die doop (Mt. 28:19) in die plek van die besnydenis (Kol. 2:11, 12), en die nagmaal (Mk. 14:22-24) in die plek van die pasga ingestel. Ons Here Jesus het sy dissipels in Mt. 28:19 beveel om te doop: Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

Elke verbond het twee kante. Aan die een kant het God Hom verbind om ons God te wees en ons te seën. Aan die ander kant moet ons Hom uit dankbaarheid en in gehoorsaamheid van harte liefhê, vertrou en dien (1 Pt. 1:22)

2. DIE BETEKENIS VAN DIE DOOP

Die doop in die naam van die Drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees – is ryk aan betekenis.

Ten eerste verseker die Here ons dat Hy as Vader ons in sy genadeverbond insluit en tot sy kinders aanneem.

Ten tweede leer die Bybel dat ons en ons kinders in sonde ontvang en gebore word (Ps. 51:7). Ons kan die koninkryk van God alleen beërwe indien ons weer gebore word (Jn. 3:3)

Ten derde word ons deur die doop aan Jesus Christus die Seun van God verbind. Sy bloed was

Here God, ons bring aan U die lof en dank, aanbidding, eer en heerlijkheid tot in alle ewigheid! Amen.

Alternatiewe dankgebed

Almagtige, barmhartige God en Vader, ons dank en loof U! U het ons en ons kinders ál ons sondes vergewe deur die kosbare bloed van Jesus Christus.

U het ons tot lidmate van u eniggebore Seun en u kinders aangeneem deur u Heilige Gees! Dit alles het U aan ons met die heilige doop beseël en bekragtig!

Ons bid U, deur Jesus Christus, u liewe Seun; Regeer hierdie kind(ers) altyd deur u Heilige Gees! Mag hy / sy / hulle in die Here Jesus Christus groei en toeneem!

Ons bid U, laat hom / haar / hulle u vaderlike goedheid en barmhartigheid leer ken – U het dit aan hom / haar / hulle en ons almal bewys! Laat hom / haar / hulle in alle geregtigheid lewe onder ons enigste leraar, Koning en Hoëpriester, Jesus Christus!

Laat hom / haar / hulle moedig stry teen die sonde, die duiwel en sy ganse ryk én oorwin!

Ons bid U, laat hom / haar / hulle U en u Seun, Jesus Christus, en óók die Heilige Gees – die enige en waaragtige God – ewig loof en prys! Amen.

FORMULIER VIR DIE OPENBARE BELYDENIS VAN GELOOF

(Voornemende lidmate word opgeroep om voor die kansel te verskyn)

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus,

BEGRONDING

Om in die openbaar belydenis van geloof te doen, gee aan die verbondskind die geleentheid om voor God en die gemeente rekenskap te gee van die persoonlike geloof wat in hom / haar lewe. Dit beteken dat die verbondskind die genade wat God in die doop aan hom / haar gebied het, bewustelik deur die geloof sy / haar eie maak.

BELYDENISAFLEGGING IS 'N GELOFTE

Om in die openbaar belydenis van geloof te doen, is om 'n gelofte van volle toewyding aan die Here, die Koning van die kerk, te maak. Dit beteken om te lewe volgens sy Woord, om getrou aan die erediens en die werksaamhede van die kerk deel te neem, om te volhard in die gebed en om God, deur woord en daad, op alle terreine van die lewe te verheerlik. Dit is 'n gelofte om, deur die krag van die Heilige Gees, in die geloof te volhard en steeds daarin te groei.

BELYDENISAFLEGGING

Geliefdes in die Here,

Die kerkraad het met vreugde daarvan kennis geneem dat u begerig en gereed is om as volwaardige, belydende lidmate van hierdie kerk toegelaat en bevestig te word. U het in die Christelike leer onderrig ontvang en u het die kerkraad van u kennis van die Woord van God, die belydenisskrifte en van u voorbeeldige lewenswandel oortuig.

Om as belydende lidmaat / lidmate toegelaat te word, moet u opreg en bevestigend op die volgende vrae antwoord:

Ten eerste, is u daarvan oortuig dat die Bybel die enigste en onfeilbare Woord van God is, dat dit die ware en volkome leer van saligheid bevat, dat niks daarby gevoeg of daarvan weggeneem mag word nie, en dat die belydenisskrifte van hierdie kerk, hoewel aan die Bybel ondergeskik, met die Bybel ooreenstem en daarom onderskryf moet word?

Ten tweede, is u daarvan oortuig dat hierdie kerk, waarvan u nou 'n belydende lidmaat wil word, hierdie Bybelse leer verkondig as die ware en volkome leer van die saligheid?

Ten derde, verklaar u dat bogenoemde leer u persoonlike geloofsoortuiging is en beloof u om alle leringe wat daarmee in stryd is, te verwerp?

Ten vierde, verklaar u dat dit u voorneme is om, in die krag van die Heilige Gees, tot aan die einde van u lewe in hierdie leer te volhard?

Ten vyfde, verklaar u dat u in die volkome soenverdiens van die Here Jesus Christus glo en dat Hy u persoonlike Verlosser en Saligmaker is?

Ten sesde, bely u dat u die Drie-enige-God Ilefhet, en beloof u om Hom van harte te dien, gereed tot die Vader te bid, die naam van die Here voor die mense te bely, in die krag van die Heilige Gees teen alle versoekinge te stry.

Ten sewende, beloof u om aktief aan die werksaamhede van die kerk deel te neem en u aan die kerklike opsig en tug te onderwerp?

BEDIENAAR: Wat is hierop u hoorbare antwoord aan God Drie-enig, N.N.?...

N.N.? ... N.N.? ... N.N.? ...

ANTWOORD (Elkeen afsonderlik): Ja

VERKLARING

Op grond van die genadeverbond, soos verseël deur die doop, en kragtens die

belydenis wat u so pas voor God en die gemeente afgelê het, verklaar ek op gesag van die kerkraad, dat u nou belydende lidmaat(e) van die Afrikaanse Protestantse Kerk is, met toe-

gang tot al die voorregte daaraan verbonde.

VERMANING

Geliefde broeder(s) en suster(s), God het u geroep om in die wedloop van die geloof ál u kragte in te span. Volhard daarin met hart en siel en met al u kragte!

Gemeente, God het hierdie kinders van Hom tot geloofsvolwassenheid gebring as lede van sy liggaam, hulle gawes en talente aan die Hoof van die kerk, Jesus Christus, te wy. Stel die gawes wat u van God ontvang het, saam met hierdie belydende lidmate, tot beskikking van God en in diens van sy kerk. Bid vir mekaar en werk met mekaar saam. Laat die liefde van Christus as band u saambind tot 'n getuigenis in hierdie wêreld (Jn. 13:35)!

GEBED

GEPASTE GEMEENTESANG

FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE DOOP NA BELYDENIS VAN GELOOF

Geliefdes in die Here Jesus Christus, vir die bediening van die doop moet ons die volgende weet en met ons hele hart daarop vertrou.

Doel van die doop

Ons bedien die doop omdat die Here God 'n verbond van genade met die gelowige mens opgerig het. Reeds vir Abraham het die Here gesê: En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou (Gn. 17:7).

In die Ou Testament het die Here die besnydenis (Gn. 17:10–12) en die pasga (Ex. 12 en 13) as tekens gegee dat die verbond geldig is. Daarna het Christus gekom en hierdie ooreenkoms in sy Persoon en deur sy verlossingswerk op 'n nuwe en finale wyse bevestig. As teken en waarborg hiervan het Hy die doop (Mt. 28:19) en die nagmaal (Mk. 14:22–24) gegee. Die doop het in die plek van die besnydenis gekom, soos die nagmaal in die plek van die pasga (Kol. 2:11, 12; NGb. Art. 34).

Die Here Jesus Christus het voor sy hemelvaart aan sy dissipels die opdrag gegee om die doop te bedien. Hy het gesê: Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het (Mt. 28:19).

Elke verbond het twee kante. Van sy kant het die Here Hom deur hierdie verbond verbind om ons God te wees en ons te seën. Hy vereis egter van ons dat ons Hom uit dankbaarheid en in gehoorsaamheid (1 Pt. 1:22) sal dien.

Betekenis van die doop

Die doop in die Naam van die Drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees – het 'n ryke betekenis.

– Die Here bevestig daardeur dat Hy as Vader ons in sy verbond van genade insluit, ons tot sy kinders aanneem en ons laat deel in al die voorregte van die verbond.

– Hy verkondig aan ons dat ons en ons kinders as sondears (Ps. 51:7) in die wêreld gekom het, maar dat ons in die koninkryk van Góð kom net indien ons opnuut gebore word (1 Jn. 3:3)

– Deur die doop word ons aan Jesus Christus as Seun verbind, wat al ons sondes deur sy bloed afwas (1 Jn. 1:7b). Die doop is 'n teken en waarborg van hierdie afwassing.

– Die doop verkondig dat ons ou, sondige mens saam met Christus aan die kruis gesterf het en saam met Hom begrawe is, maar dat ons deur sy opstanding weer lewend gemaak is sodat ons vir die sonde dood is en vir God in Christus lewe (Rm. 6:11).

– Deur die doop word ons inlywing in die kerk van Jesus Christus bevestig, en in die kerk leef ons as lewende lidmate in gemeenskap met Christus en met mekaar.

– As gedooptes moet ons, uit dankbaarheid, die Here met ons hele wese liefhê, vertrou en dien.

– Die Here verseker ons deur die doop dat Hy deur sy Gees in ons kom woon (1 Kor. 3:16; Rm. 8:9) en ons lewens daagliks (Gl. 5:16,25) só regeer en só nuut maak dat ons hoe langer hoe meer sy beeld vertoon.

Verpligting van die doop

Die doop van volwassenes mag slegs bedien word as hulle die evangelie glo en belydenis doen van hulle sonde en van hulle geloof in die Drie-enige God. U mag verder as volwassene slegs gedoop word indien u deur die werking van die Heilige Gees bely dat u in Jesus as Verlosser glo.

Aangesien u so pas positief geantwoord het op die vrae wat aan u gestel is toe u u geloof bely het, gaan ons nou in die Naam van onse Here daartoe oor om die Heilige Doop aan u te bedien.

Bediening

N.N. (volle naam en van), ek doop u in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Verklaring

Op grond van die genadeverbond, soos deur die doop verseël, en kragtens die belydenis wat u so pas voor God en die gemeente afgelê het, verklaar ek, op gesag van die kerkraad, dat u nou belydende lidmaat/te is van die Afrikaanse Protes-

tantse Kerk met toegang tot die sakramente.

Vermaning

Geliefde gemeente, God het hierdie lidmaat/lidmate tot die gemeente toegevoeg om, as lid/lede van sy liggaam, sy / haar / hulle gawes en talent te wy aan die Hoof van die kerk, Jesus Christus. Stel die gawes wat u van God ontvang het, saam met hierdie lidmaat/lidmate, tot beskikking van God en in diens van sy kerk. Bid vir mekaar en werk met mekaar saam. Laat die liefde van Christus as band u saambind tot 'n getuigenis in hierdie wêreld (Jn. 13:35).

Gebod (Vrye gebod)

EIETDSE FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE NAGMAAL

1. DIE INSTELLING VAN DIE NAGMAAL

Die heilige Nagmaal is deur onse Here Jesus self ingestel. Ons lees daarvan in 1 Kor. 11:23–26: Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker na die ete met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.

2. DIE WESE VAN DIE NAGMAAL

Die nagmaal is in wese 'n verbondsmaaltyd. Hier word die verbintenis tussen Christus en sy gemeente telkens weer bevestig. As verbondsmaaltyd het dit die volgende betekenis:

2.1 Die nagmaal is eerstens 'n gedagtenismaaltyd. Die Here het by die instelling daarvan gesê: doen dit tot my gedagtenis (Lk. 22:19). By die nagmaal dink ons na oor die lyding en sterwe van Jesus.

2.2. Die nagmaal is tweedens 'n waarborg. Christus sê immers: dit is my liggaam en dit is my bloed (Mt. 26: 26, 28). So seker as wat hierdie brood voor ons oë gebreek en hierdie beker aan ons gegee word, en ons dit met die mond eet en drink, so seker het ons deel aan Christus, sy sterwe en opstanding.

2.3. Die nagmaal is in die derde plek 'n gemeenskapsmaaltyd.

Ons beoefen gemeenskap met die Here Jesus en met mekaar. Die nagmaal verbind ons met sy dood

en help ons om in gemeenskap met Hom te lewe. Deur die Heilige Gees is Christus in die nagmaal by ons teenwoordig.

Verder word ons deur die Gees ook met mekaar as lede van een liggaam in broederlike liefde verbind. Die apostel sê immers: Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood (1 Kor. 10:17)

2.4. Die nagmaal is in die vierde plek 'n verwagtingsmaaltyd.

Ons verkondig by die Nagmaal ook ons toekomstverwachting. Ons het in die feesmaal die versekering dat die Here Jesus een met ons is.

Tog sien ons, as sy bruidskerk, ook uit na sy wederkoms. Ons verkondig daarmee die dood van die Here totdat Hy weer kom (1 Kor. 11:26)

2.5. Die nagmaal is in die vyfde plek 'n vreugdefees.

Die nagmaal, nl. die brood en wyn, spreek as tekens wel van die lyding en sterwe van Christus. Nogtans staan die Nagmaalsviering nie in die teken van rou en droefheid nie. Dit is 'n vreugdefees, want die Heiland gee hier op besondere wyse die vrugte van sy lyding, sterwe en opstanding aan sy gemeente.

2.6. Die nagmaal is ten slotte ook 'n dankbaarheidsmaaltyd.

By die gebruik van die tekens dank ons Christus met ons hele wese. Dit is ook ons ernstige voorneme om uit dankbaarheid ons lewens opnuut aan God te wy. Ons doen dit met 'n opregte liefde vir Hom en ons naaste.

3. DIE BOODSKAP EN VRUG VAN DIE NAGMAAL

Christus het ons beveel om die nagmaal te vier. Wanneer ons dit doen, verseker die Heilige Gees ons van twee uitsonderlike waarhede. Jesus Christus het vir ons sondes gesterf, en in die geloof word ons so met Hom verenig asof ons self alles gelyk het en die skuld van God ten volle betaal het. Verder voed Christus deur die nagmaal ons siele vir die ewige lewe.

4. DIE VOORBEREIDING VIR DIE NAGMAAL

Aangesien ons begeer om die seën van die Nagmaal te ontvang, is dit nodig dat elkeen homself vooraf eerlik sal ondersoek sodat hy nie 'n oordeel oor homself eet en drink nie (1 Kor. 11:27–29)

Eerstens word ons opgeroep om ernstig na te dink oor alle sondes wat ons met gedagtes, woorde of werke gedoen het. Daar is ook sondes van versuim waar ons nagelaat het om die wil van die Here te doen. Hierdie selfondersoek moet ons bring tot opregte berou voor die Here.

Tweedens moet ons opreg glo dat al ons sondes op grond van die soenverdienste van Christus vergewe is en dat Hy alle sondes wat nog teen ons sin in ons oorgebly het met sy lyding en sterwe bedek.

Derdens moet ons ons ernstig voorneem om voortaan met ons hele lewe dankbaarheid aan die Here te bewys deur in ware liefde tot Hom en ons naaste te lewe. Mag die almagtige barmhartige God en Vader van onse Here Jesus Christus deur sy Heilige Gees ons daartoe help.

Amen

(Nadat of terwyl die tafel voorberei is / word, kan die liturg 'n gepaste lied laat sing bv. Ps. 104:1,9; Ps. 105:1,5,22; Ps. 116:1,5,10; Ges. 324; Ges. 325:1; Ges. 326:3; Ges. 327:1,3; Ges. 328; Ges. 329:1; Ges. 330:1,2; Ges. 331:1,2 ens.)

(Die liturg en ouderlinge gaan tydens die sang hul plekke inneem aan die tafel.)

5. GELOOFSBELYDENIS

(Indien die geloofsbelydenis nie reeds vroeër tydens die erediens aan die orde was nie, kan dit nou deur die liturg voorgelees word. Andersins word direk oorgestaan tot die tafelgebed.)

DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde. En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is, en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, vanwaar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode. Ek glo in die Heilige Gees. Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike Kerk; die gemeenskap van die heiliges; die vergewing van sondes; die wederopstanding van die vlees; en 'n ewige lewe. AMEN.

6. TAFELGEBED

6.1 Vrye gebed

(Die liturg kan voor die bediening van die nagmaal óf 'n vrye gebed doen of onderstaande gebed gebruik, óf net die Onse Vader)

6.2 Gebed

Barmhartige God en hemelse Vader, ons dank U vir u geliefde Seun Jesus Christus, wat ons tot die ewige lewe voed en versterk met sy liggaam wat gekruisig en sy bloed wat vergiet is. Laat ons nie met ons harte aan die sigbare tekens van brood en wyn vaskleef nie, maar laat ons ons harte ophef na die hemel, waar Jesus Christus, ons Voorspraak, aan u regterhand is.

Versterk ook ons geloof deur die werking van u Heilige Gees tot verheerliking van u Naam en tot meerdere diens in u koninkryk, in die Naam van Jesus ons Here. AMEN.

6.3 Die Onse Vader

Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. AMEN.

7. DIE BEDIENING VAN DIE NAGMAAL

Die bedienaar van die Woord roep nou die gemeente op tot Nagmaal.

(Die bedienaar van die Woord kan, indien nodig, nou die prosedure van die nagmaalgebruik verduidelik, nl. dat elkeen by die ontvangs van die tekens van die brood en wyn dit dadelik gebruik en nie eers wag totdat almal eers bedien is nie).

Na die oproep tot die Nagmaal, breek die bedienaar die brood en sê:

Die brood wat ons breek is die gemeenskap met die liggaam van ons Here Jesus Christus. Neem, eet, gedenk en glo dat sy liggaam gebreek is tot 'n volkome versoening vir al ons sondes (1 Kor. 10:16; Mt. 26:27 en Lk. 22:19)

By die skink en oorhandiging van die beker sê die bedienaar:

Die beker van danksegging waarvoor ons die Here dank, is die gemeenskap met die bloed van ons Here Jesus Christus. Neem, drink almal daaruit. Gedenk en glo dat sy bloed vergiet is tot 'n volkome versoening vir al ons sondes (Mt. 26:27; 1 Kor. 10:16 en Lk. 22:19).

8. LOFVERHEFFING

Na die bediening sê die bedienaar: Aangesien die Here ons nou aan sy tafel gevoed het, laat ons almal saam, met dankbaarheid sy Naam van harte prys met die woorde:

(Gebruik enigeen van die volgende Skrifgedeeltes)

Ps. 103:1-5: Loof die Here, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy Heilige Naam! Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede, wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.

Ps. 103:8-13: Barmhartig en genadig is die Here,

lankmoedig en groot van goedertierenheid. Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom vrees.

of

Rm. 8:33–39: Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie sal ons skei van die liefde van Christus – verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos geskrywe is: om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.

of

Op. 1:5b en 6: Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.

Of enige ander toepaslike Skrifgedeelte.

9. DANKGEBED

(’n Vrye dankgebed of die onderstaande formuliergebed volg nou).

Barmhartige God en Vader, ons loof en prys U dat U uit genade u Seun as Middelaar aan ons geskenk het. Hy het deur sy kruis en opstanding die straf op ons sondes gedra en sodoende vir ons die voedsel en drank van die ewige lewe geword. Ons dank U dat U aan ons die geloof skenk waardeur ons in hierdie weldade kan deel. Ons dank U dat ons opnuut in hierdie nagmaal in ons geloof versterk is. Ons bid U dat U deur die werking van die Heilige Gees die gedagtenis aan ons Here Jesus Christus, ook die verkondiging van sy dood totdat Hy kom, sal gebruik om ons daagliks in die regte geloof en in die innige gemeenskap met Christus te laat groei.

Ons bid U dat U deur die werking van die Heilige Gees heerlike vrugte uit hierdie nagmaalsviering in ons lewens sal laat voortkom, tot u verheerliking

en tot ons saligheid. Dit bid ons in die Naam van onse Here Jesus Christus.

Amen.

EIETDSE FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN OUDERLINGE EN DIAKENS

(Die verkose broeder(s) word opgeroep om voor die kansel te verskyn)

Inleiding

Gemeente van die Here Jesus Christus,

Volgens die Ou Testament het God sy verbondsvolk veral deur drie ampte laat bedien, nl. profeet, priester en koning. Die Here Christus het hierdie drie ampte in Homself verenig. Kragtens ons verbondenheid aan Hom, en gesalf met dieselfde Heilige Gees as Hy, is elke Christen in die amp van gelowige ook profeet, priester en koning.

Uit die Nuwe Testament blyk dat God steeds sy verbondsvolk deur gelowiges laat bedien wat veral op een van drie ampsterreine funksioneer – die leeraar profeties, die diaken priesterlik en die ouderling koninklik. Sy doel daarmee is om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk en om die gemeente as liggaam van Christus op te bou (Ef. 4:12).

Vereistes vir die amp

Uit die Bybel is dit duidelik dat ’n ampsdraer bekend moet wees as iemand met ’n lewende geloof, met ’n begeerte om vir die Here te werk, wat bekwaam is om te onderrig, wat ook gewillig is om daarvoor toegerus te word en wat die Heilige Skrif voortdurend ernstig ondersoek. Verder moet ’n ampsdraer onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry (1 Tim. 3:2), in alle opsigte betroubaar (Hd. 6:3) en met die Gees van God vervul.

Geliefde broeder(s), na ernstige gebed tot God is u tot hierdie amp(te) verkies. Aangesien daar geen wettige beswaar teen u leer en lewenswandel ingebring is nie, gaan ons nou voort om u in u amp(te) te bevestig.

Ouderling(e)

Broeders ouderlinge, u dra as opsiener(s) en rentmeester(s) (vgl. Tt. 1:7) van die huishouding van God die verantwoordelikheid vir die opbou en geestelike versorging van hierdie gemeente. U moet toesien dat alle gemeentelide hulle in belydenis en lewenswandel soos lewende lidmate van die kerk van Jesus Christus gedra.

Volgens die voorbeeld van Christus moet u u herderlike taak dienend uitvoer. Deur voorbidding, huisbesoek en siekebesoek moet u die lidmate bystaan, vertroos, bemoedig en in hulle geloof ver-

sterk. U moet ook vir die dooplidmate verantwoordelikheid neem sodat hulle geleë en geleer word om die Here te ken en en te dien.

Die onordelikes en die onverskilliges moet u in liefde vermaan. Volgens die bepalings van die Kerkorde moet u teen diegene wat in sonde volhard, met die kerklike tug optree, sodat hulle tot bekering kan kom. Gee ook ag op mekaar, en op die leer en lewe van die bedienaar van die Woord, sodat alles tot opbouing van die kerk mag strek en geen vreemde leer voorgedra word nie. Daarvan lees ons in Hd. 20:29 waar die apostel waarsku dat goed gewaak moet word teen wrede wolwe wat onder die kudde van Christus mag inkom.

Waak oor die erediens en sorg vir die onderhouding daarvan. Werk met ywer en oorgawe mee aan die uitbreiding van die Koninkryk. Hou toesig oor die suiwere bediening van die Woord, en dra sorg dat die sakramente nie ontheilig word nie.

Diakens

Van die instelling van die diakenamp lees ons in die Handeling van die apostels (Hd. 4:34,35; 6:1-6). Aan die begin het die apostels self die bediening van die armes behartig. Hulle het die gawes wat gegee is, ontvang en aan elkeen uitgedeel volgens hulle behoeftes. Maar toe sommige wedu-wees in die versorging oor die hoof gesien is, is daar op aandrang van die apostels manne gekies wat in die besonder die bediening van die armes moes behartig. Van dié tyd af is die diakenamp in die kerk onderhou (Rm. 12:8; 1 Kor. 12:28).

Die diakens moet getrou en ywerig die bydraes en goedere wat gegee word, versamel en bewaar. Hulle moet ook nougeset sorg dat die middele tot ondersteuning van die armes gevind word. Hulle amp behels ook die uitdeling, wat hulle met onderskeiding en versigtigheid moet nakom.

Verder is dit goed dat nie net met uiterlike gawes nie, maar ook met trooswoorde uit die Woord van God, aan die armes en noodlydendes hulp verleen word. Die diakens moet die gemeente inspireer en aanspoor om mekaar se laste te dra en getrou te wees in die diens van barmhartigheid, in navolging van Jesus Christus, die Knecht van die Here (Jes. 53; Mk. 10:45).

Verder is die taak van die diaken om diens te verrig by die viering van die nagmaal en by die erediens.

Bevestiging

Geliefde broeder(s), u moet nou op die volgende vrae opreg antwoord sodat elkeen kan hoor dat u bereid is om hierdie diens te aanvaar.

Ten eerste, is u daarvan oortuig dat God self, deur sy gemeente, u tot hierdie besondere amp geroep het?

Ten tweede, aanvaar u die Ou en Nuwe Testament as die ware en onfeilbare Woord van God en as die volkome leer van die saligheid, en verwerp u alle leringe wat in stryd is met die Bybelse waarhede, soos saamgevat in die Drie Formuliere van Eenheid?

Ten derde, beloof u om u amp soos dit aan u voorgehou is, getrou te vervul: as ouderling(e) in die kerkregering saam met die bedienaar(s) van die Woord, (en) as diaken(s) in die diens van barmhartigheid?

Ten vierde, beloof u om tot eer van God te lewe en om u aan die kerklike regering, opsig en tug te onderwerp?

Bedienaar: N.N., wat is hierop u hoorbare antwoord aan God Drie-enig?

Antwoord: Ja

Vermaning

Geliefde broeder(s), wees getrou in u dienswerk en in die ernstige ondersoek van die Heilige Skrifte. Wees ('n) voorganger(s) vir die hele gemeente. Wees gewillig en blymoedig in die nakoming van u roeping.

En, gemeente, ontvang hierdie ampsdraer(s) as gestuurde(s) van die Here, bid vir hom / hulle en werk met hom / hulle saam. En stel uself ook beskikbaar om toegerus te word as profete, priesters en konings in diens van Christus.

Gebed

Here God, ons aanbid U in dankbaarheid, omdat U u kerk deur al die eeue bewaar, versorg en laat groei. Ons dank U dat U ook nou weer ('n) ampsdraer(s) afgesonder het om op 'n besondere wyse in u gemeente te dien. Ons bid dat U hom / hulle elke dag deur u Gees sal lei en toerus vir die dienswerk. Help ons almal om na u stem te luister, aan U gehoorsaam te wees en dankbaar saam te werk in die opbou en uitbou van u gemeentel!

Ons smeek dit alles tot u eer, in die Naam van onse Here, Jesus Christus.

Amen.

EIETDSE FORMULIER VIR BEVESTIGING VAN HOOGLERAARS/DOSENTE

Geliefdes in die Here Jesus Christus

ROEPING

Wanneer ons broeder NN as hoogleraar/dosent aan die teologiese skool bevestig, wil ons u daarop wys dat die kerk hom amptelik langs kerkordelike weg tot hierdie saak geroep het, en dat geen wet-tige beswaar teen sy leer of lewenswandel ingebring is nie. Dit is egter nie net 'n uitwendige roeping wat ons vandag hier byeengebring het nie,

maar ons is juis hier byeen omdat die Here, die Koning van die kerk, leraars inwendig toerus, roep en afsonder vir hierdie besondere taak. Om aan te hoor wát die nodige toerusting en verantwoordelikheid van hierdie roeping behels, moet die broeder antwoord op die vrae wat aan hom gestel sal word ten einde in die amp van hoogleraar/dosent bevestig te word.

U TOERUSTING

In Ef. 4:11 en 12 lees ons dat aan die gemeente herders gegee is om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus, tot opbouing van die liggaam van Christus. Die akademiese en geestelike toerusting wat aan u gegee is, moet u nou as herder en leraar op 'n besondere wyse benut om manne op te lei en te vorm sodat die liggaam van Christus verder opgebou kan word. Neem hierin as voorbeeld ons Here, Jesus Christus. Hy het sy dissipels drie jaar lank met liefde, toewyding en wysheid onderrig, sodat hulle ná sy hemelvaart toegerus was vir die groot taak waartoe hulle geroep was. Ons groot Leermeester moet self u Toeruster wees (Jn. 15:14,15) en daarom moet u soos 'n loot in die wingerdstok bly (Jn. 15:4).

U TAAK

Die taak en verantwoordelikheid word aan u opgedra om, in medewerking met ander broeders wat ook hierdie besondere roeping ontvang het, voornemende evangeliedienaars in die Woord van God te onderrig (Rm. 11:33) en om die heilsplan van God in sy volle omgang te verkondig (Hd. 20:27).

U moet die studente wat aan u sorg toevertrou word, geestelik versorg (Hd. 20:28). Deur ú voorbeeld van liefde moet hulle in die liefde van Christus groei. Deur die dissipline in ú lewe moet u hulle lei om hulle lewens te stel as heilige en aan God welgevallige offers, en om die genade van God as 'n persoonlike ondervinding in hulle lewens te ervaar. Waarsku hulle teen elke dwaling in leer en lewe. U moet hulle ook geheg maak aan die gereformeerde leer van die kerk, soos saamgevat in die Drie Formuliere van Enigheid.

Uit hierdie dinge blyk dit hoe belangrik hierdie bediening is. In die besef van die verantwoordelikheid wat u sal aanvaar, moet u, broeder NN, opreg op die volgende vrae antwoord sodat u daarmee u bereidwilligheid om hierdie hoë roeping te aanvaar, te kenne te kan gee.

VRAE

Ten eerste, is u daarvan oortuig dat u wettig deur die kerk van Christus en daarom deur God self tot hierdie heilige diens geroep is?

Ten tweede, aanvaar u die Ou en Nuwe Testament as die ware en onfeilbare Woord van God en die

volkome leer van die saligheid, en verwerp u alle leringe wat met die Bybelse waarhede, soos saamgevat in die Drie Formuliere van Eenheid, in stryd is?

Ten derde, beloof u om u amp, soos dit hier aan u voorgehou is en soos dit deur die kerk aan u opgedra is, in ooreenstemming met hierdie leer getrou te vervul en om u leer met 'n godvrugtige lewe te versier?

Ten vierde, beloof u om die studente wat aan u sorg toevertrou word, ook geestelik te versorg?

Ten vyfde, beloof u om u aan die kerklike opsig en tug te onderwerp?

Wat is hierop u hoorbare antwoord aan God Drie-enig?

ANTWOORD: Ja, met my hele hart!

DAARNA SÊ DIE BEDIENAAR VAN DIE WOORD

Mag God, ons hemelse Vader, wat u tot hierdie heilige diens geroep het, u deur sy Gees verlig, u deur sy hand versterk, en u in u bediening so regeer dat u besondere arbeid vrugbaar mag wees tot grootmaking van sy Naam en tot uitbreiding van die ryk van sy Seun, Jesus Christus. Amen.

EIETDSE FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN DIE HUWELIK

Liewe bruidegom en bruid

U het begeer dat u huwelik openlik in die naam van God bevestig moet word. Daarom moet u nou eers hoor wat Hy in sy Woord oor die huwelik leer.

1. DIE INSTELLING VAN DIE HUWELIK

Die Bybel leer dat die huwelik 'n instelling van God is. Heel aan die begin het Hy aan die man gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie (Gn. 1:18). Daarom het Hy vir die man 'n vrou geskape en haar na hom toe gebring (Gn. 2:21,22).

2. DIE DUUR VAN DIE HUWELIK

Die huweliksband is onverbreeklik. Van die huwelik sê ons Here Jesus Christus: Wat God dan saamgevoeg het mag geen mens skei nie (Mt. 19:6, Vgl. 1 Kor. 7:10). Die Heilige Skrif leer ons dat die huwelik alleen deur die dood ontbind mag word (1 Kor. 7:39).

3. DIE WESE VAN DIE HUWELIK

Die huwelik is ten diepste 'n liefdesverhouding tussen een man en een vrou. Daarom vermaan die apostel Paulus die mans: Manne, jul moet jul eie vroue liefhê soos Christus ook die gemeente liefgehad het (Ef. 5:25), en die vrouens: Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig soos aan die Here (Ef. 5:22). Hierdie verhouding behoort verder iets uit te straal van die eenheid en intieme verbintenis tussen Christus en sy kerk (Ef. 5:20–32).

4. DIE DOEL VAN DIE HUWELIK

Om in die huwelik sinvol te kan saamleef moet u nou ook weet met watter doel God die huwelik ingestel het.

Die eerste rede is dat die man en vrou binne die huwelik tot eer en verheerliking van God moet lewe (Gn. 2:24; Ef. 5:28–30).

Die tweede rede is dat die man en vrou mekaar getrou moet help en bystaan in alle sake wat tot die tydelike en ewige lewe behoort (Gn. 2:18).

Die derde rede is dat ouers die kinders wat hulle van die Here mag ontvang, in die ware kennis en vrees van God tot sy eer en tot hulle saligheid moet opvoed (Ef. 6:4). Die menslike geslag moet deur die huwelik gebou word (Gn. 1:28).

Die vierde rede is dat elke huweliksmaat alle onkuisheid en sondige begeertes moet vermy om met 'n goeie en geruste gewete te kan lewe (1 Kor. 7:9).

5. DIE SLUITING VAN DIE HUWELIK

5.1. Die leraar rig nou die volgende tot beide die bruidegom en die bruid: Gee mekaar nou die regterhand om daarmee te bevestig dat u die volgende verklaar en teenoor mekaar onderneem:

A (naam van bruidegom) en B (naam van bruid)

Noudat u weet wat die oorsprong, duur, wese en doel van die huwelik is, verklaar u dat dit u opregte voorneme is om só in die huwelik saam te lewe en begeer u dat u in die huwelik bevestig moet word? Wat is hierop u albei se antwoord?

Albei antwoord hierop: JA

5.2. Vraag aan die bruidegom:

Verklaar u, A (naam van bruidegom), dat sover u weet daar regtens geen beletsel is teen u voorgenome huwelik met die bruid B (naam van die bruid) hier teenwoordig nie, en dat u almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat u B (naam van bruid) nou neem tot u wettige vrou? Wat is hierop u antwoord?

Antwoord: JA

5.2. Vraag aan die bruid:

Verklaar u B (naam van bruid) dat sover u weet daar regtens geen beletsel is teen u voorgenome huwelik met die bruidegom A (naam van bruidegom) hier teenwoordig nie en dat u almal teenwoordig roep om getuie te wees dat u A (naam van bruidegom) nou neem tot u wettig man? Wat is hierop u antwoord?

Antwoord: JA

6. DIE LERAAR AAN DIE BRUIDSPAAR

Mag onse Here God die voorneme wat Hy u gegee

het bevestig, en mag die begin van u huwelik wees in die Naam van die Here wat hemel en aarde geskape het.

7. DIE LERAAR AAN DIE BRUIDEGOM

A (naam van bruidegom) u het voor God en almal teenwoordig verklaar dat u B (naam van bruid) tot u wettige vrou neem. Belowe u dat u haar sal liefhê en getrou sal onderhou soos 'n getroue en godvresende man aan sy wettige vrou verskuldig is; dat u haar nooit sal verlaat nie; dat u heilig met haar sal lewe en haar in alles getrou sal bly, ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God? Wat is hierop u antwoord?

Antwoord: JA

8. DIE LERAAR AAN DIE BRUID

B (naam van bruid) u het hier voor God en almal verklaar dat u (naam van bruidegom) tot u wettige man neem. Belowe u dat u hom nooit sal verlaat nie; dat u hom in liefde sal gehoorsaam en help soos 'n godvresende vrou aan haar man verskuldig is; dat u heilig met hom sal lewe en hom in alles gehoorsaam sal bly ooreenkomstig dit uitspraak van die Woord van God?

Wat is hierop u antwoord aan God-Drie-enig?

Antwoord: JA

Leraar: Gee mekaar nou die ringe as teken van u lewenslange verbintenisse!

9. VERKLARING DEUR DIE LERAAR AS HUWELIKSBEVESTIGER

Ek verklaar hiermee dat A (bruidegom) en B (bruid) hier teenwoordig regtens getroud is. Mag God die Vader u sy genade skenk dat u gelowig lank en heilig mag saamlewe. Amen.

Die leraar kan nou die bruidspaar laat kniel. Hierna doen hy 'n vrye of die formuliergebed.

10. FORMULIERGEBED

Almagtige God, ons bid dat U die band wat hierdie egpaar bind sal heilig. Laat hulle saamlewe deur die krag van u Heilige Gees. Lei hulle in voor- en teëspoed, in vreugde en droefheid tot die einde toe. Seën hulle genadiglik en gee dat hierdie huwelik sal meewerk tot die eer van u Naam, die opbouing van u gemeente en die uitbreiding en verheerliking van u koninkryk. Amen.

11. Net na die gebed en terwyl die egpaar nog kniel, kan die leraar 'n gepaste lied laat sing en sy hande seënend liggies op hulle hoofde plaas.

12. SEËNBEDE

(Die kommissie beveel aan dat daar op 'n Sondag voor die huwelik afgekondig sal word dat broeder A en suster B in die huwelik sal tree.

Die doel is dat die kerk (gemeente) hiervan kennis sal neem, wettige besware mag opper en voorbidding mag doen vir die egpaar).

OPSIONEEL I.P.V. 7 EN 8

13. DIE LERAAR AAN DIE BRUIDEGOM

Sê die volgende hardop agter my aan:

Ek, A, verklaar hier voor God en almal teenwoordig dat ek my bruid, B, tot my wettige vrou neem. Ek beloof dat ek haar nooit sal verlaat nie; dat ek haar sal liefhê en getrou sal onderhou soos 'n getroue en Godvresende man aan sy wettige vrou verskuldig is, dat ek ook heilig met haar sal lewe en haar in alles getrou sal bly ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God.

14. DIE LERAAR AAN DIE BRUID

Sê saam met my hardop:

Ek, B, verklaar hier voor God en almal teenwoordig dat ek my bruidegom A tot my wettige man neem. Ek beloof dat ek hom nooit sal verlaat nie; dat ek hom in liefde sal gehoorsaam en help, soos 'n Godvresende vrou aan haar man verskuldig is; dat ek heilig met hom sal lewe en hom in alles getrou sal bly ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God.

BYLAE KFL 3

EIETDSE CHRISTELIKE GEBEDE

Gebed vir die behoeftes van die gelowiges. Vir gebruik op die rusdag na die eerste preek.

Almagtige en barmhartige God, as U na ons gedagtes, woorde en daade sou kyk, is ons dit nie eers werd om tot U in gebed te nader nie.

Ons gewete beskuldig ons.

Ons sonde daade kla ons aan.

Ons weet ook dat U 'n regverdige Regter is wat die sonde straf.

Maar, O Here, ons neem ons toevlug na U toe, omdat U ons beveel het om met al ons nood na U te kom. U verseker ons in U Woord dat U ons gebede verhoor, nie omdat ons dit verdien nie, maar a.g.v. die verdienste van onse Here Jesus Christus. Daarom laat vaar ons alle ander hulp en kom in die Naam van ons Middelaar en Verlosser.

Ons erken met dankbaarheid dat U ons oorweldig met gawes, te veel om te begryp of op te noem en bowe al dat ons deur die lig van u Woord die waarheid mag ken.

Ten spyte daarvan vergeet ons u gawes en leef in ondankbaarheid voort. Ons draai ons rug op U, soek vervulling in ons eie vleeslike begeertes en onteer u Naam.

Ons sondes skrei ten hemele. As U ons daarvolgens sou oordeel sou die ewige dood ons eindbestemming wees. Tog smee ons U om ons aan te sien as begenadigdes deur die soenverdienste van u Seun wat ook nou vir ons bid. Laat u Gees ons elke dag lei om al die verkeerde dinge in ons lewens te vermy sodat ons beter kan leef en vrugte van geloof kan voortbring.

Ons bid vir alle mense sodat die waarhede van u Woord bekend sal word, aanvaar sal word en die hele wêreld die saligmakende geloof mag ontvang.

Ons bid dat die onkundiges tot bekering sal kom; dat kleingelowiges versterk sal word; dat almal u Heilige Naam met woord en daad sal heilig.

Laat daar getroue dienaars wees, wat met gawes toegerus is om as gestuurdes hulle ampte te vervul. Behoed ons van valse leraars wat in eie belang optree en nie die eer van u Naam en die welvaart van u kinders soek nie.

Wil U die arbeid van sending en evangelisasie onder alle volkere seën. Gee dat heidene en hulle wat die naam van Christen dra, maar van u waarheid afgewyk het, tot bekering mag kom.

Versterk alle arbeid wat verband hou met die Christelike onderwys. Seën die werk van onderwysers en instansies wat medeverantwoordelik is vir die opvoeding van kinders. Ondersteun elkeen wat ten doel het om te leef volgens u Woord, u Naam te heilig, u wil te volbring en in u ryk diensbaar te wees. Wees met diegene wat barmhartigheidsdiens verrig en skenk aan almal wat daarby betrokke is die nodige liefde.

Ons bid vir die wêreldlike regerings, veral diegene wat U oor ons gestel het. Wil U dit so beskik dat regerings ten doel sal hê dat die Koning van alle konings oor hulle en hulle onderdane sal regeer. Beskik dit genadiglik dat die ryk van die Satan verwoes sal word, sodat ons 'n rustige lewe, in alle godsaligheid en eerbaarheid mag lei.

Ons bid ook vir medegelowiges wat, ter wille van u Naam en die evangelie van onse Here Jesus Christus, gebuk gaan onder spanning en vervolging. Wil U hulle vertroos met U Heilige Gees en genadiglik daaruit verlos. Verhinder dit o Vader, dat u Naam gelaster word en dat die antichris U bestaan en wese wil uitroei. Laat die vyand hom nooit beroem op oneer en laster teenoor U nie. As dit egter in u Raad so beskik word dat Christene hulle aardse lewe moet opoffer ter wille van u Naam, bid ons dat U hulle wil troos in hulle lyde, en dat hulle in u wil sal berus. Gee dat hulle standvastig mag bly in lewe en in sterwe tot eer van u

Naam, tot bemoediging vir medegelowiges en tot hulle eie saligheid.

Wees met almal wat beproef word met armoede, gevangenskap, liggaamlike ongesteldheid of geestelike stremming. Troos hulle, o Here, in elke een se nood soos U dit ken en kan. Gee dat hulle beproewinge mag dien tot sonde-kennis, verlange na verlossing daarvan en 'n dankbare lewe. Skenk hulle geduld in hulle teëspoed, verlig hulle lyding en verlos hulle op u tyd, sodat hulle met dankbaarheid en blydschap u Naam sal prys.

Troos die weduwees en wese en maak hulle deurentyd bewus van u Vaderskap. Wil ook alle gestremdes, liggaamlik en verstandelik, na liggaam en gees versterk, sodat hulle u hulp kan aanwend om u Naam groot te maak en hulle naaste te bemoedig.

Neem ons, ons dierbares en alles wat U ons gegee het in u beskerming en bewaring. Wil U ook wees met almal wat in belang van u Kerk, die welvaart van ons land of hulle eie eerlike sake optree.

Seën genadiglik die opbrengs van die aarde, gee vrugbare groei en gunstige seisoene.

Beskik dit so dat ons in ons onderskeie werksomstandighede volgens u wil sal lewe en die gawes wat ons deur u genade ontvang so sal gebruik dat u Naam daardeur geëer sal word.

Bemoedig ons in alle versoekinge sodat ons met geloofsmoed die oorwinning behaal en saam met Christus die ewige lewe mag hê. Amen.

'n Openbare belydenis van die sondes en korter gebed voor die preek.

Hemelse Vader, ewige en barmhartige God, ons is arm en verlate voor u Goddelike oppergesag. In sonde ontvang en gebore, vol van boosheid en verdorwenheid is ons gedurig geneig tot die verkeerde en onbekwaam om die goeie dinge te doen. Bowendien oortree ons u heilige wet deurentyd. Daardeur verdien ons u vonnis tot die ewige dood.

Maar, o Here, ons bely ons skuld en wil met smart en berou erken dat ons u gramskap verdien as gevolg van ons misdade. Aanskou ons tog in genade in ons ellendige toestand.

Hemelse Vader, vergeef ons ons sondes ter wille van die heilige lyding van onse Here Jesus Christus. Skenk ons die leiding van u Heilige Gees sodat ons ons haglike toestand mag ken en so onvergenoegd daarmee sal wees dat ons die sonde in ons sal afsterf om in 'n nuwe lewe op te staan. Wil U ons die krag gee om dankbaarheidsvrugte van heiligheid en geregtigheid te dra wat in belang van u Naam sal wees.

Gee ook dat ons u Heilige Woord sal verstaan soos

wat U dit wil. Laat ons al ons vertrou op U vestig en afsien van enige verwagting van enige iets anders. Gee ons ook die genade om die ou mens in ons daaglik te kruisig sodat ons in dankbaarheid in u diens kan staan tot eer van u Naam en in belang van ons naaste.

Bekeer almal wat dwaal sodat ons almal saam U met heiligheid en geregtigheid kan dien. Amen.

'n Kortere gebed na die preek.

Almagtige God, laat u Naam geheilig word sodat dit nie deur ons sondes gelaster word nie. Ons oortree u wil so baie wanneer ons nie volgens u Woord lewe nie. Onwetend, ondankbaar en met murmurering verwek ons u toorn teenoor ons. Ons verdien u oordeel.

Maar, o Here, ontferm U tog oor ons met liefde en vergiffenis. Laat ons ons treurige toestand ken en wek by ons die behoefte om ons lewe te verbeter.

Versterk die leraars in u Kerk sodat hulle getrou en sonder huiwering u Woord in alle waarheid sal verkondig.

Laat die owerheid verantwoordelik, reg en billik regeer. Bewaar ons teen valsheid en ontrou. Verydel alle verkeerde, bose en listige planne wat teen u Woord en Kerk beplan kan word.

O Here, gee dat u Gees u Woord vir ons sal oopmaak, sodat ons geloof groter mag word en ons in voorspoed dankbaar en in teëspoed geduldig sal bly.

Wil U u Kerk bewaar en verlos van bespotting, geweld, wangedrag, uitbuitery en liefdeloosheid. Versterk daarenteen die swakkes en bedroefdes en gee genadiglik u vrede deur Jesus Christus onse Here wat aan ons die heerlike belofte gegee het:

Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in My Naam, sal Hy vir julle gee. Amen.

'n Gebed voordat uit die Kategismus onderrig gegee word.

Hemelse Vader, u Woord is volmaak en U herskep die mens. Dit is 'n waaragtige getuigenis wat die sondige verstand verlig en blindes se oë open. Dit is ook 'n dinamiese middel vir alle gelowiges vir hulle saligheid.

Ons is egter van geboorte af geestelik blind, vol sonde en onbekwaam om heilig te lewe. Ons steur ons nie aan medegelowiges wat die begeerte het om volgens u wil te lewe nie. Verlig tog ons besodelike verstand met u Gees en skenk ons die wysheid en die krag sodat ons weerstand kan bied teen verwaandheid en eiegeregtigheid wat in stryd is met u liefdesgebed.

Wil U u Woord so aan ons openbaar dat ons dit sal verstaan en ons lewens daarvolgens leef. Bekeer hulle wat van u waarheid afdwaal sodat ons almal saam U in heiligheid en geregtigheid kan dien.

Ons smag daarna om Christus ontwil. Amen.

Gebed nadat uit die Kategismus onderrig gegee is.

Genadige en liefdevolle God en Vader, ons dank U dat U U verbind het met gelowiges en hulle nageslag. U het hierdie verbond verseël en bekragtig met die doop en nog elke dag beleef ons dit as U kinders gebruik om wyse mense tereg te wys.

Wil U in liefde u genade meer laat word in hulle lewe. Gee dat hulle geloof in Christus mag groei en toeneem totdat hulle die wysheid en geregtigheid van Christus mag ken en uitelef.

Skenk ons u genade dat almal onderrig mag word om kennis van u Woord en agting vir u Woord te verkry sodat die ryk van die Satan verwoes word en die ryk van Jesus Christus versterk word met gelowiges se gehoorsaamheid aan u wil.

Ons bid dit ter wille van die eer van u Naam en elke gelowige se saligheid deur Jesus Christus onse Here. Amen.

Gebed voor die ete.

Die oë van almal wag op U en U gee hulle spys op die regte tyd. U maak u hand oop en versadig alles wat lewe met welbehag (Ps. 145:15,16)

Here, almagtige God, ons dank U dat ons U mag ken as die Skepper en Onderhouer van alles wat bestaan. Ons bid dat U, wat u volk Israel in die woestyn gevoed het, ook aan ons u seën wil skenk en die gawes wat ons nou gaan geniet, sal heilig. Gee dat ons dit matig volgens u wil sal geniet en ook daardeur erken dat U ons Vader is, van wie alle goeie gawes kom.

Beskik dit genadiglik so dat ons altyd in die eerste plek die geestelike brood van u Woord sal soek omdat dit ons siele voed tot die ewige lewe. Ons dank U, o Vader, dat U dit vir ons geskenk het deur die bloed van u liewe Seun, onse Here Jesus Christus. Amen.

Gebed na die ete

Begin met Dt. 8:10,11

Loof die Here want Hy is goed, want sy goeder-tierenheid is tot in ewigheid.

Here God, hemelse Vader, ontvang ons dank vir al u gawes wat ons onophoudelik uit u Hand ontvang. U onderhou ons hier op aarde en sorg dat ons alles wat ons nodig het, ontvang;

In besonder, dat ons wedergebore is met die hoop op 'n beter lewe soos wat U dit in u Woord aan ons

openbaar.

Ons bid U, liefdevolle God en Vader, beskik dit tog so dat ons nie verknog raak aan die tydelike dinge wat vergaan nie. Gee dat ons altyd ons oë hemelwaarts sal rig, met die heerlike verwagting op die wederkoms van onse Here Jesus Christus. Amen.

Gebed vir siekes en beproefdes

Ewige en liefdevolle God en Vader, ons dank U dat ons in lewe en sterwe aan U behoort. Tyd en ewigheid is in u Hand; daarom sorg U onophoudelik vir ons sodat gesondheid of siekte, goed of kwaad nie oor ons sal kom sonder dat U dit wil nie. Selfs die hare van ons hoof gaan u alsienende oog nie verby nie en U beskik die kleinste dingetjies in ons lewe vir ons ten goede.

Skenk aan ons die genade van u Heilige Gees om ons ellende en hulpeloosheid te ken en met geduld ons beproewinge te verdra. Ons bely dat ons nog duisendmaal meer verdien, al weet ons ook dat dit nie tekens van u vergelding is nie. Dit is alleen maar duidelike tekens van u vaderlike liefde teenoor ons, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel word nie.

Versterk ons geloof deur u Heilige Gees en gee dat ons hoe langer hoe meer aktiewe lede van ons geestelike Hoof, Jesus Christus, sal wees. Maak ons in lyde en heerlikheid gelyk aan Hom. Skenk ons die krag om die kruis wat U ons oplê te dra.

U wil is vir ons goed, in hierdie lewe en ook as dit U behaag om ons aardse lewe te beeindig, want ons is u eiendom in lewe en in sterwe en kan nie vergaan nie. Ook wil ons op u tyd hierdie swakke vlees verlaat met die vaste hoop op die salige opstanding – 'n sterwenswens.

Verseker ons tog van die salige troos van vergewing van ons sondes en die regverdigmaking van Christus, sodat ons bewapen mag wees teen die aanslae van die Satan. Wis uit die smet wat kleef aan al ons lede en maak ons siel van sondeskuld weer vry. Oordek ons ongeregtigheid met u Seun se geregtigheid in u laaste oordeel oor ons.

Versterk ons in ons geloof en hoop sodat ons nie met ons angs vir die dood u Naam sal onteer nie. As ons liggaamlike oë verduister, verhelder dan ons geestelike oog op u Aangesig.

En as ons mond en tong stil word, laat dan ons harte nooit ophou om U aan te roep nie.

O Here, neem U ons siele in u Hande en wil ons tog in ons laaste oomblikke nie verlaat nie, om Christus ontwil. Amen.

Die Môregebed

Liefdevolle Vader, ons dank U dat U hierdie nag getrou oor ons gewaak het. Wil ons nou ook versterk met u Heilige Gees en ons so lei dat ons

hierdie dag, en elke dag van ons lewe sal gebruik om regverdig en heilig te lewe.

Gee dat ons motiewe in woord en daad sal wees om U te eer en voorspoed alleen uit u Hand te verwag. Ons bely ons skuld en bid om vergiffenis ter wille van die lyde en sterwe van onse Here Jesus Christus.

Maak ons van harte gewillig om die sondes te bestry en as verlore kinders van U as nuwe mense te leef.

Wil U ook die verkondiging van u Woord seën en die werke van Satan vernietig. Laat alle kerkdiens naars en owerhede van u volk getrou en met ywer u Naam verheerlik.

Vertrou almal wat benoudheid en vervolging beleef. Gee dat die geloof in Jesus Christus hulle sal bemoedig om in sy Naam tot U te nader. Amen.

Gebed by die opening van kerklike byeenkomste

Hemelse Vader, ewige en barmhartige God, in u alwysheid en uitverkiesende genade het U u kerk tot stand gebring. Deur die verkondiging van u Woord regeer U deur mensediens.

In genade roep U ons om te sorg vir almal wat Christus met sy bloed verlos het. In u heilige Naam vergader ons nou om, in ons onderskeie ampte, die welsyn van u koninkryk te dien. Ons doen dit volgens die voorbeeld in u Woord om die heilige, algemene, Christelike kerk te dien en die gemeenskap van gelowiges te bevorder.

Ons is egter as swakke mense onbekwaam daarvoor omdat ons van nature niks goeds kan dink of doen nie. Daarom bid ons, getroue God en Vader, dat U met u Heilige Gees, soos U belowe het, met ons in hierdie vergadering wil wees en ons in alle waarheid sal lei.

Bewaar ons van dwaling en sondige gedagtes. Gee dat u heilige Woord die enigste maatstaf van ons beredeneringe en besluite sal wees. Laat alles dien tot eer van u Naam, tot stigting van u Kerk en gemoedsrus.

Ons bid dit van U af in die Naam van Christus Jesus u Seun, wat met U en die Heilige Gees, die enige ware God is en ewig geloof en geprys moet word.

Amen.

Gebed by die sluiting van kerklike byeenkomste

Onse Vader in die hemel, ontvang ons dankbaarheid dat U in hierdie land vir U 'n Kerk vergader en ons as mense wil gebruik in u diens.

Ons dank U dat U ons die genade gee om vry en

sonder verandering u Woord te verkondig en die gemeenskap van medegelowiges te mag geniet. Ons ervaar (belewe) die teenwoordigheid van u Heilige Gees in ons vergaderings en bely dat u Gees ons gelei het in ons besluite. Laat u wil geskied en ons bind tot vrede en eensgesindheid.

Ons bid U, o getroue God en Vader, wil U dit wat ons van voorneme is om te doen seën, sodat die werk wat U begin het doeltreffend volvoer mag word.

Besik dit so, dat u Kerk suiwer mag bly in die verkondiging van die Woord, die regte gebruik van die sakramente en getroue uitoefening van die tug. Maak alle bose planne en listige aanslae wat teen u Woord en Kerk bedink word tot niet.

Bemoedig die leraars, ouderlinge en diakens om hulle ampspilte getrou na te kom sodat die arbeid van u Kerk tot seën sal wees.

Wil ook ons owerhede in u waarheid lei sodat hulle die wêreldlike mag reg en billik sal hanteer volgens u wil. Gee dat hulle mag besef dat U die Koning van die konings is sodat die skandelijke en ongeregtige satanswerke verwoes en vernietig word. Besik dit tog so, o Vader, dat ons 'n rustige lewe mag lei, in godsaligheid en eerbaarheid.

Verhoor ons o God en Vader, deur Jesus Christus, u geliefde Seun, wat met U en die Heilige Gees, die ewige en waaragtige God, ewig geloof en geprys moet word. Amen.

Gebed by die opening van die vergadering van die diakens.

Barmhartige God en Vader, ons dank U dat U in u Woord die diens van diakens ingestel het om die behoeftiges by te staan.

Wil U genadiglik aan ons die vermoë skenk om te onderskei en in liefdevolle billikheid te help waar daar stoflike nood is. Skenk ons die krag om met trooswoorde uit u Woord hulle by te staan, te bemoedig en te vertroos.

Maak die harte en hande van gemeentelede oop sodat hulle behoeftige broeders en susters liefdevol sal bystaan.

Gee dat ons as diakens ons amp getrou, sonder murmuring, en liefdevol sal volvoer.

Aangesien die mens nie van brood alleen leef nie, maar van elke woord wat uit u mond kom, wil U die versorging seën, sodat hulle en ons rede het om U te loof en te dank.

Uiteindelik wag hulle en ons op die wederkoms van onse Here Jesus Christus wat ter wille van ons arm geword het om ons ryk te maak tot in ewigheid. Amen.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika aan die Afrikaanse Protestantse Kerk vir die Sinodesitting van September 1999

Geagte voorsitter en lede van die vergadering

1. INLEIDING

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) bestaan om in die Bybelbehoefes van alle mense te voorsien deur die Bybel geredelik beskikbaar te stel. Hierdie taak word uitgevoer in samewerking met die Christengemeenskap van wie die Bybelgenootskap finansiële heeltemal afhanklik is.

Die BSA se drie vernaamste verantwoordelikhede is: **Bybelvertaling, Bybelproduksie en Bybelverspreiding**. Daar was vreugdevolle oomblikke op al drie hierdie terreine aangesien etlike langtermynprojekte voltooi is.

Hierdie verslag gee rekenskap hoe die BSA as rentmeester, met die bydraes wat ontvang is, diensbaar was ten opsigte van sy taak en opdrag.

Belangrike hoogtepunte was:

- Die publikasie in Februarie '98 van die Zulu Bybel in die nuwe ortografie en in grootdruk.
- Genesis en Markus van die Afrikaanse Bybel vir Dowes (ABD) in Mei '98.
- Die Afrikaanse Verwysingsbybel in Julie '98.
- Die nuwe vertaling van die Venda Bybel in Oktober '98.

2. BYBELVERTALINGS

Gedurende die verslagtydperk het die BSA Bybelvertalings in 19 tale hanteer: Afrikaans, Chewa (Malawi), Engels, Nda, Ndebele (Zimbabwe), Ndonga (Namibië), Kwanyama, Noord-Sotho, Portugees, Shona (Zimbabwe), Suid-Sotho, Swati, Tshwa, Tsonga, Tswana, Tswana (Sentraal), Venda, Xhosa en Zulu. 'n Verdere aantal projekte vorder goed:

2.1 AFRIKAANS:

Die Vertalingskomitee gaan voort met die vertaling van die Bybel vir Dowes. Die konsepvertaling van Eksodus is in Maart 1998 voltooi. Die vertaling van Amos tot Maleagi word tans onderneem.

2.2 NOORD-SOTHO:

Die eerste vertaling van die Bybel in Noord-Sotho is in 1904 gepubliseer. Die nuwe vertaling van die

Ou Testament is reeds voltooi en die teks word tans op die rekenaar gekoördineer vir kontrolering voordat dit geset word. Die beplande bekendstellingsdatum van die volledige nuwe vertaling is DV in Oktober 2000 as deel van die Bibliathon 2000 projek.

2.3 SUID-NDEBELE

'n Vertalingspan is aangestel om die Ou Testament in Suid-Ndebele, die enigste amptelike landstaal wat nog nie oor 'n volledige Bybel beskik nie, te vertaal. Die span, wie se werksaamhede in Januarie 1999 'n aanvang geneem het, word by die Universiteit van Pretoria gehuisves.

Die koördineerder van die Vertalingspan is die Ou Testamentikus, Prof APB Breytenbach en twee moedertaalgebruikers wat ook formeel as taalkundiges opgelei is. Die Nuwe Testament in Suid-Ndebele is in 1987 gepubliseer.

3. BYBELPRODUKSIE

Bybelproduksie is in die afgelope jaar alleen getref deur 'n 24% styging in die koste van Bybelpapier. Die benodigde 1 132 ton papier moes aangekoop word teen R9 600 per ton! Dit beteken dat R 10 867 200 aan Bybelpapier alleen bestee is!! 'n Prysstyging was onafwendbaar en gevolglik kos 'n standaard Bybel vanaf 15 Feb 1999, R24-50.

3.1 'n Totaal van 990 011 Bybels en Bybelgedeeltes, insluitende 568 548 Bybels, 74 617 Nuwe Testamente, 191 983 Bybelgedeeltes, 76 273 Nuweleser-Bybelgedeeltes en 78 590 Seleksies, is in 1998 in 15 tale en 23 weergawes geproduseer. Dit het 26 nuwe publikasies ingesluit.

3.2 Op 31 Oktober 1998 was daar 744 342 items (waarvan 722 245 Bybels was) in die verskillende stadia van produksie teenoor die ooreenstemmende tydperk die vorige jaar se 468 455 items (waarvan 361 435 Bybels was).

4. BYBELVERSPREIDING

4.1 'n Totaal van 1 224 450 Bybels en Bybelgedeeltes, insluitende 671 283 Bybels, 96 330 Nuwe Testamente, 284 820 Bybelgedeeltes, 75 265

Nuweleser-Bybelgedeeltes en 96 752 Seleksies, is in 102 tale en in 127 weergawes versprei.

4.2 Die produksiekoste per standaard Bybel is tans R 39-50. Hierdie Bybel word teen R 24-50 aan die mark beskikbaar gestel, sodat elkeen dit kan bekostig. Die gevolglike gemiddelde verlies op elke standaard Bybel beloop dus tans minstens R15-00. Sowat 92,8% van die volledige Bybels wat versprei is, is teen hierdie gemiddelde verlies bedrag beskikbaar gestel. Hierdie verlies moes verhaal word uit donasies aan die Bybelgenootskap.

4.5 In vergelyking met die vorige jaar is dit as volg:

	1997/8	1996/7	% VERANDERING
1933/53-Vertaling			
BYBELS	49 302	47 177	+ 4,50
TESTAMENTE	3 159	4 259	-25,82
1983-Vertaling			
BYBELS	90 684	95 224	- 4,76
TESTAMENTE	31 828	17 924	+77,57

4.6 Die totale aantal 1933/53 Bybels versprei sedert 1934 = 6 602 792

Die totale aantal 1983 Bybels versprei sedert 1983 = 2 537 405

TOTAAL: = 9 140 197

DIE BYBEL TOT IN DIE UITHOEKE VAN DIE WÊRELD

5.1 Die BSA se uitreiking buite die grense van ons land, vind meestal plaas binne die strukture van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (WBG), 'n familie van 135 Bybelgenootskappe wat in meer as 200 lande werksaam is.

5.2 Bybelgenootskappe binne die WBG (insluitend die BSA) het in 1998 gesamentlik 20 751 515 volledige Bybels, 20 116 627 Nuwe Testamente, 19 379 852 Bybelgedeeltes, 16 530 610 Nuweleser-Bybelgedeeltes, 472 733 706 Seleksies en 35 511 398 Nuweleser-Seleksies in honderde verskillende tale en dialekte wêreldwyd versprei.

5.3 Die BSA het in 1998 ook 206 353 Bybels en Bybelgedeeltes (182 429 volledige Bybels) in 39 tale en weergawes aan Bybelgenootskappe in 20 ander lande voorsien.

5.4 Gedurende die verslagjaar het die BSA sowat R435 000 tot die WBG se Wêrelddiensprogram bygedra om Bybelprojekte in ander dele van die wêreld te ondersteun. Daarbenewens was die BSA die gasheer vir twee WBG werkwinkels oor publikasie en marknavorsing wat deur verteenwoordigers van 13 Bybelgenootskappe in Suider-Afrika

4.3 Volledige Bybels is versprei in Engels (163 459), Afrikaans (139 986), Zulu (106 641),

Xhosa (54 434), Suid-Sotho (50 179), Tswana (49 331), Noord-Sotho (35 645),

Tsonga (22 937), Venda (13 113), Portugees (11 258) en Swati (6 651).

4.4 Daar is 'n volgehoue vraag na die twee amptelike vertalings van die Bybel in Afrikaans in verskeie formate. Verlede jaar is 90 684 eksemplare van die 1983-vertaling en 49 302 eksemplare van die 1933/53-vertaling versprei.

bygewoon is.

5.5 Die WBG het besluit op Suid-Afrika (Midrand) as die vergaderplek vir sy Algemene Vergadering wat van 10 – 14 Oktober 2000 gehou sal word, waar meer as 400 afgevaardigdes van oor die wêreld heen teenwoordig sal wees. Dit is die eerste keer dat die WBG Algemene Vergadering in Afrika en dan spesifiek in Suid-Afrika sal plaasvind.

6. DIE FINANSIES VAN DIE BYBELGENOOTSKAP

Noukeurige finansiële aandag word aan alle sake gegee. Ons geldeenheid het nuwe laagtepunte beleef en rentekoerse het die hoogte ingeskiet. Ons is opreg dankbaar om te kan getuig dat God getrou deur middel van ons donateurs in ons behoeftes voorsien het.

6.1 Inkomste

Ons donateurs het gedurende die BSA se finansiële jaar van 1 November 1997 tot 31 Oktober 1998 byna R 19,5 miljoen bygedra teenoor die R17,4 miljoen van die vorige ooreenstemmende tydperk. Elke sent hiervan is in ons Bybelvertalings, -produksie en -verspreidingsprogramme gebruik.

6.2 Uitgawes

Die koste van al ons Bybelvertalings, -produksie

en -verspreidingsprogramme, het meer as R 21,5 miljoen beloop. Hiervan is 91% deur die bydraes van donateurs gedek. Van elke rand wat die BSA in die finansiële jaar van 1 November 1997 tot 31 Oktober 1998 spandeer het, is 58 sent aan Bybelvertaling, -produksie en aan -verspreiding bestee. Ander uitgawes was 24 sent aan menslike hulpbronne, 8 sent aan ondersteuningsprogramme en 10 sent aan administrasie.

7. KOMMUNIKASIE

Inligting oor 'n wye reeks onderwerpe is aan vertalers, ander Bybelgenootskappe, kerke, skole en die algemene publiek verskaf. Mediavystellings is aan die televisie en radio, sowel as aan sekulêre en kerklike publikasies gestuur. Die Afrikaanse uitgawe (71 000) van die WBG se Gebedsboekie is elke jaar gepubliseer en versprei. Afsonderlike uitgawes van Die Saaier is kwartaalliks gepubliseer. Die gemiddelde sirkulasie van Die Saaier is 51 350.

7.1 Die Internet maak dit vir die BSA moontlik om deur middel van dié dinamiese kommunikasie-instrument te kommunikeer. Die BSA het sy eie domein geregistreer en die webtuiste kan by <http://www.biblesociety.co.za> besoek word.

7.2 Talle E-pos navrae word ontvang en beantwoord. Die navrae wissel van inligting oor vertalings tot die bestelling van 'n spesifieke Bybel. Hierdie diens word steeds uitgebou. Die sekretaris vir u sinodale gebied kan gekontak word by:

TRANSVAAL

geldenhuis@biblesociety.co.za

Ds Lourens Geldenhuis

NATALIA

boshoff@biblesociety.co.za

Ds Andries Boshoff

ORANJE-VRYSTAAT

vandyk@biblesociety.co.za

Ds Gerrie van Dyk

KAAPPROVINSIE

louw@biblesociety.co.za

Ds Eugene Louw

fourie@biblesociety.co.za

Ds Ben Fourie

8. DIE JAAR VAN DIE BYBEL EN BIBLIATHON 2000

Dit is vir die BSA van kardinale belang om voortdurend op elke moontlike wyse sy donateursbasis uit te brei ten einde die nodige fondse vir sy Bybelprogramme te bekom.

8.1 Jaar van die Bybel:

Die BSA het ná indringende kommunikasie met alle kerke in die land en die positiewe terugvoer wat daarop verkry is, die jaar 2000 as die Jaar van

die Bybel verklaar en sien dit as 'n besondere feesjaar waartydens ons die 2000 jaar sedert die koms van Jesus Christus kan vier. Christene kry die geleentheid om in die besonder vreugde en dank te betuig omdat ons die Bybel as geskrewe Woord van God besit.

'n Bybelleesregister wat die leser help om die Bybel in een jaar volledig deur te lees sal binnekort beskikbaar wees. Daar sal ook 'n hele aantal spesiale publikasies verskyn gedurende die loop van die jaar.

8.2 Bibliathon 2000:

Die BSA loods reeds vanaf November 1999 landswyd die Bibliathon 2000 projek, waardeur die werk van die BSA bekend gestel word en fondse vir Bybelverspreiding ingesamel word.

Wye gemeenskapsbetrokkenheid word beplan deur opwindende projekte aan te pak. Kerke en die publiek, kunstenaars en sportlui, gemeenskapsradiostasies en koerante, skole en sakemanne, ens word gevra om betrokke te wees. Bibliathon 2000 bied aan Christene landswyd die geleentheid om te mobiliseer en uitdrukking te gee aan hulle eenheid in Jesus Christus.

Beide hierdie projekte sal in noue samewerking met kerke onderneem word.

9. KONTAK TUSSEN DIE BSA EN DIE AP KERK

9.1 Gedurende die afgelope 2 jaar het BSA predikante 21 gemeentes besoek waar die werk van die BSA bekendgestel is en eredienste waargeneem is. 15 Ringsvergaderings is besoek vir die bespreking van BSA verslae. Dit was telkens 'n vreugde en voorreg om die Woord te kon bedien en belydende- asook dooplidmate te kon inlig oor die werksaamhede rondom die Boek van alle boeke. Gasvryheid, vriendelikheid en 'n goeie gesindheid is oral met hierdie besoeke ervaar.

9.2 'n Totale bedrag van R78 977 – 64 is gedurende die Sinodale boekjaar (1 Januarie 1998–31 Desember 1998) deur gemeentes en individue van die AP Kerk vir die werk van die BSA bygedra. Dit verteenwoordig 'n bedrag van R2-08 per belydende lidmaat vir die 37 914 lidmate.

9.3 Die volledige opsomming van elke gemeente in ringsverband met die totale is in die sentrale kerkkantoor vir insae beskikbaar. 'n Opsomming van die verskillende provinsies en ook die totale is volledig uiteengesit in die aangehegte tabelle.

10. AANBEVELINGS

10.1 Die vergadering neem kennis van die verslag.

10.2 Die vergadering neem Bylae BSA 1, die

bydraeverslae van die ringe van die sinode, in behandeling en bepreek dit.

10.3 Die vergadering neem punte 10.3 tot 10.12 in behandeling en keur dit goed, óf neem slegs daarvan kennis na gelang van die vergadering se oordeel oor die saak.

10.4 Die sinode moedig kerkrade aan om die Bybelgenootskap se beplande herdenking van die jaar 2000 AD as die "JAAR VAN DIE BYBEL" sover moontlik aktief te steun.

10.5 Die sinode moedig kerkrade aan om die Bybelgenootskap se beplande BIBLIATHON 2000 projek sover moontlik aktief te steun.

10.6 Die sinode beveel aan en versoek kerkrade om waar moontlik die verlies bedrag

(tans R 15 – 00) van een standaard Bybel per belydende lidmaat per jaar aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika oor te betaal.

10.7 Die sinode beveel aan dat kerkrade alle bydraes vir Bybelverspreiding ontvang so spoedig moontlik oorbetal aan die Bybelgenootskap sodat bydraes dadelik in Bybels omgesit kan word.

10.8 Die sinode beveel aan dat kassiers /saakgelastigdes, indien moontlik, oorbetalings vóór 15 Desember van die betrokke boekjaar sal doen om die probleem van laat betalings op te los.

10.9 Die sinode beveel aan dat kassiers/saakgelastigdes, wanneer direkte bankinbetalings vir bydraes gedoen word, die bankinbetaalstrokie met die gemeente se naam duidelik daarop, streeksgewys, aan die bepaalde kantoor vir die betrokke sekretaris se aandag sal pos of faks. Dit is nodig sodat die fondse direk korrek geallokeer kan word.

Die bankbesonderhede is soos volg:

TRANSVAAL:

Rekeninghouer: BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA

Bankiers: ABSA KEMPTON PARK

Rekeningnommer: 260 – 220 – 748

Vir aandag: Ds Lourens Geldenhuys

Faksnommer: 011 – 970 – 2506

NATALIA:

Rekeninghouer: BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA

Bankiers: STANDARD BANK ABC TAK

Rekeningnommer: 050 – 953 – 702

Vir aandag: Ds Andries Boshoff

Faksnommer: 031 – 207 – 1058

ORANJE-VRYSTAAT:

Rekeninghouer: BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA

Bankiers: ABSA BRANDWAG

Rekeningnommer: 470 – 220 – 406

Vir aandag: Ds Gerrie van Dyk

Faksnommer: 051 – 448 – 9455

KAAPSTAD:

Rekeninghouer: BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA

Bankiers: ABSA HEERENGRACHT

Rekeningnommer: 550 – 220 – 288

Vir aandag: Ds Eugene Louw

Faksnommer: 021-419 – 4846

PORT ELIZABETH:

Rekeninghouer: BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA

Bankiers: STANDARD BANK: GOVERN EN MBEKI LAAN

Rekeningnommer: 080 – 215 – 025

Vir aandag: Ds Ben Fourie

Faksnommer: 041 – 364 – 1138

10.11 Die sinode beveel aan dat kerkrade hulle Bybelaankope direk by die Bybelgenootskap doen aangesien daar 'n besparing sal wees.

10.12 Die sinode beveel aan dat kerkrade koe-verte vir donasies aan die Bybelgenootskap jaarliks tydig aan lidmate uitdeel en 'n spesifieke Sondag aandui vir só 'n insameling.

11. SLOT EN DANKWOORD

Baie dankie vir u ondersteuning, meelewing en toewyding aan die Bybelsaak. Ek vertrou dat u bemoedig is deur die inhoud van die verslag. Dit bevestig hoe u volgehoute ondersteuning steeds dié verskil maak in 'n wêreld wat honger na God se blye Evangeliewoord.

Kyk 'n mens terug oor 1998, was dit 'n vreugdevolle jaar. Ons Hemelse Vader het ons pogings ryklik geseën en ons in staat gestel om sy Woord effektief te deel met diegene wat daarom vra.

Ons as geloofsorganisasie maak steeds staat op u getroue en volgehoue voorbidding.

Laat ons Hom steeds eerbiedig dien sodat sy Woord mag uitgaan en triomfeer tot sy eer.

Die vergadering word die seën van die Here toegebid.

Ds Lourens Geldenhuys
ORGANISERENDE SEKRETARIS

Ook namens:

Ds Andries Boshoff
Ds Gerrie van Dyk

Ds Eugene Louw
Ds Ben Fourie

BYDRAES UIT RINGE

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK TOTALE VAN RINGE											
OPSOMMING VAN ONTVANGSTES VIR DIE BOEKJAAR 01/01/98 - 31/12/98											
RINGE	BE- LYDENDE LIDMATE	KERKRAAD	GEMID PER LIDMAAT	VROUE- DIENS	VER- BONDS- ONDERRIG	INDIVIDUE	TOTAAL		% +/-	GEMIDDELD PER LIDMAAT	
							1998	1997		1998	1997
TRANSVAAL	23497 *	20,138.75	0.86	0.00	31.50	23,208.00	43,378.25	39,473.18	9.9	1.85	1.68
NATALIA	973	571.00	0.59	0.00	184.79	180.00	935.79	3,351.33	-72.1	0.96	3.44
ORANJE-VRYSTAAT	7268	7,535.21	1.04	0.00	0.00	17,821.89	25,357.10	2,984.67	749.6	3.49	0.41
KAAPPROVINSIE	6176	5,906.86	0.96	200.00	60.00	3,139.64	9,306.50	13,640.43	-31.8	1.51	2.21
TOTAAL	37914	34,151.82	0.90	200.00	276.29	44,349.53	78,977.64	59,449.61	32.8	2.08	1.57

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
RINGE VAN TRANSVAAL

OPSPOMMING VAN ONTVANGSTES VIR DIE BOEKJAAR 01/01/98 - 31/12/98

RINGE	BE- LYDENTE LIDMATE	KERKRAAD	GEMID PER LIDMAAT	VROUE- DIENS	VER- BONDS- ONDERRIG	INDIVIDUE	TOTAAL		% + / -	GEMIDDELD PER LIDMAAT	
							1998	1997		1998	1997
BENONI	1949	0.00	0.00	0.00	0.00	1,320.00	1,320.00	4,053.00	-67.4	0.68	2.08
DENDRON	1573	1,877.44	1.19	0.00	0.00	0.00	1,877.44	0.00	#DIV/0!	1.19	0.00
DERBY	1329	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	200.00	-100.0	0.00	0.15
ERMELO	539	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	#DIV/0!	0.00	0.00
GERMISTON	644	0.00	0.00	0.00	0.00	440.00	440.00	540.00	-18.5	0.68	0.84
HEIDELBERG	836	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	#DIV/0!	0.00	0.00
KLERSDORP	1136	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	#DIV/0!	0.00	0.00
LICHTENBURG	1143	11,764.45	10.29	0.00	0.00	500.00	12,264.45	4,616.70	165.7	10.73	4.04
MOONOOI	1789	0.00	#DIV/0!	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	#DIV/0!	0.00	0.00
MIDDELBURG	1825	2,134.86	1.17	0.00	0.00	80.00	2,214.86	3,443.36	-35.7	1.21	1.89
MIGDOL	1164	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	#DIV/0!	0.00	0.00
MOOT-SENTRAAAL	3138	1,000.00	0.32	0.00	0.00	18,998.00	19,998.00	21,457.37	-6.8	6.37	6.84
MORGENZON	1012	0.00	0.00	0.00	31.50	150.00	181.50	79.45	128.4	0.18	0.08
NABOOMSPRUIT	1159	362.00	0.31	0.00	0.00	700.00	1,062.00	700.00	51.7	0.92	0.60
NELSPRUIT	1259	0.00	0.00	0.00	0.00	280.00	280.00	600.00	-53.3	0.22	0.48
POTGIETERSRUS	1122	2,000.00	1.78	0.00	0.00	130.00	2,130.00	2,253.30	-5.5	1.90	2.01
ROODEPOORT	1095	1,000.00	0.91	0.00	0.00	510.00	1,510.00	1,330.00	13.5	1.38	1.21
VEREENIGING	785	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	#DIV/0!	0.00	0.00
ONGESPESIFISEERD						100.00	100.00	200.00	-50.0	#DIV/0!	#DIV/0!
TOTAAL	23497	20,138.75	0.86	0.00	31.50	23,208.00	43,378.25	39,473.18	9.9	1.85	1.68

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
RINGE VAN NATALIA

OPSOMMING VAN ONTVANGSTES VIR DIE BOEKJAAR 01/01/98 - 31/12/98

RINGE	BE- LYDENDE LIDMATE	KERKRAAD	GEMID PER LIDMAAT	VROUE- DIENS	VER- BONDS- ONDERRIG	INDIVIDUE	TOTAAL		% + / -	GEMIDDELD PER LIDMAAT	
							1998	1997		1998	1997
NEWCASTLE	393	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	#DIV/0!	0.00	0.00
SUIDKUS	580	571.00	0.98	0.00	184.79	180.00	935.79	3,351.33	-72.1	1.61	5.78
TOTAAL	973	571.00	0.59	0.00	184.79	180.00	935.79	3,351.33	-72.1	0.96	3.44

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
RINGE VAN ORANJE VRYSTAAT

OPSOMMING VAN ONTVANGSTES VIR DIE BOEKJAAR 01/01/98 - 31/12/98

RINGE	BE- LYDENDE LIDMATE	KERKRAAD	GEMID PER LIDMAAT	VROUE- DIENS	VER- BONDS- ONDERRIG	INDIVIDUE	TOTAAL		%	GEMIDDELD PER LIDMAAT	
							1998	1997		1998	1997
BETHLEHEM	1230	325.81	0.26	0.00	0.00	15,996.89	16,322.70	2,029.00	704.5	13.27	1.65
BLOEMFONTEIN	2110	0.00	0.00	0.00	0.00	1,625.00	1,625.00	352.14	361.5	0.77	0.17
BRANDFORT	674	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	#DIV/0!	0.00	0.00
CORNELIA	746	269.92	0.36	0.00	0.00	0.00	269.92	261.03	3.4	0.36	0.35
GRANIET	1041	4,854.50	4.66	0.00	0.00	200.00	5,054.50	150.00	3,269.7	4.86	0.14
HENNENMAN	661	375.65	0.57	0.00	0.00	0.00	375.65	192.50	95.1	0.57	0.29
MEMEL	466	1,709.33	3.67	0.00	0.00	0.00	1,709.33	0.00	#DIV/0!	3.67	0.00
PETRUSBURG	340	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	#DIV/0!	0.00	0.00
TOTAAL	7268	7,535.21	1.04	0.00	0.00	17,821.89	25,357.10	2,984.67	749.6	3.49	0.41

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
RINGE VAN KAAPPROVINSIE

OPSOMMING VAN ONTVANGSTES VIR DIE BOEKJAAR 01/01/98 - 31/12/98

RINGE	BE- LYDENDE LIDMATE	KERKRAAD	GEMID PER LIDMAAT	VROUE- DIENS	VER- BONDS- ONDERRIG	INDIVIDUE	TOTAAL		% + / -	GEMIDDELD PER LIDMAAT	
							1998	1997		1998	1997
BEAUFORT-WES	554	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	#DIV/0!	0.00	0.00
CLANWILLIAM	512	0.00	0.00	0.00	0.00	120.00	120.00	220.00	-45.5	0.23	0.43
GORDONIA	654	0.00	0.00	0.00	0.00	95.00	95.00	0.00	#DIV/0!	0.15	0.00
KIMBERLEY	1194	1,393.99	1.17	0.00	0.00	40.00	1,433.99	1,220.00	17.5	1.20	1.02
OLIFANTSHOEK	483	262.90	0.54	0.00	0.00	0.00	262.90	855.95	-69.3	0.54	1.77
RIVERSDAL	944	2,403.29	2.55	200.00	0.00	630.00	3,233.29	3,565.54	-9.3	3.43	3.78
SOMERSET-OOS	761	900.17	1.18	0.00	0.00	240.00	1,140.17	3,378.60	-66.3	1.50	4.44
STELLENBOSCH	848	946.51	1.12	0.00	50.00	2,014.64	3,021.15	4,400.34	-31.3	3.56	5.19
STEYNSBURG	226	0.00	#DIV/0!	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	#DIV/0!	0.00	0.00
TOTAAL	6176	5,906.86	0.96	200.00	60.00	3,139.64	9,306.50	13,640.43	-31.8	1.51	2.21

Kommissie vir die Kerkargief (KKA)

VERSLAGTYDPERK: MEI 1997 TOT DESEMBER 1998

1. PERSONEEL

Dr. WA Burger (voorsitter) en ds HDK van der Merwe. Ds. WM Grové was as argivaris adviserend en skriba.

2. VERGADERING

Vyf gewone en een kort telefoonvergadering is gedurende die reses gehou.

3. SAKE VANUIT DIE AGSTE SINODE

Aan elke saak is die nodige aandag gegee, nl.

3.1 Die nodigheid van 'n kerkraadsargiefkommissie het in die verslagvorm van die kerkraad aan die ring, tereg gekom.

3.2 Probleme met die dooplidmaatregister is deurgegee aan die Kommissie vir Kerkregtelike Sake. Dit was blykbaar tevergeefse moeite; nie eers 'n enkele woord reaksie is daaromtrent vanaf die KKS gekry nie. Die Bepaling staan nog onveranderd.

3.3 Kontak met die Staatsargief om te wete te kom of argiefmateriaal wat vir die Afrikaner Boerevolk kosbaar is en in gevaar van vernietiging is, gered kan word.

Die bevinding was die volgende: Beloftes en versekerings wat van die laaste Nasionale Partyregering voor 1994 verkry is, het nie gerealiseer nie. Op grond van wat gesien en ervaar word, kan ons aanneem dat baie kultuurgoedere, veral historiese dokumente verlore sal gaan. Dit is buite ons vermoë om dit te voorkom.

Die AP Kerk is des te meer geroep om saam te werk om wat nog êrens bekom kan word te versamel en te bewaar. Verder moet ons uit die jongste verlede en hede bewaar wat immer moontlik is. Met ander Afrikaanse Gereformeerde kerkverbande en kultuurinstansies kan saamgewerk word.

In die lig hiervan en van gebrekkige samewerking wat nog elders in hierdie verslag vermeld word saam met die feit dat kerklike verantwoordelikhede nie na behore nagekom kan word nie a.g.v. onvoldoende finansies, die volgende aanbevelings:

AANBEVELINGS

3.3.1 Die sinode doen op ringe 'n dringende beroep om ringskonferensies te reël en 'n verteenwoordiger van die Afdeling Finansies by

die sentrale kerkkantoor saam met 'n verteenwoordiger van die kerkargief te nooi om die konferensies toe te spreek oor finansiële bestuur en bewaring van waardevolle stukke en inligting.

3.3.1.1 Die ring wat dit reël, dra die genooides se reiskoste.

3.3.2 Die sinode vergroot die Kommissie vir die Kerkargief na vyf lede, met prof. Frans van Staden adviserend daarby.

3.3.3 Die sinode dra dit aan die Kuratorium op om vakterreinwerkgroepe te identifiseer en aan die werk te probeer kry waaronder een vir Vaderlandse Kerkgeskiedenis.

3.3.4 Die sinode dra dit aan die vergrote kommissie op om te skakel met die werkgroep vir Vaderlandse Kerkgeskiedenis en in eie geledere skoling t.o.v. bewaring en argiefwerk te doen.

3.4 AP Kerk Middelburg se versoek om nog 'n keer die register vir belydende lidmate te verander, is oorweeg. Die kommissie het dit nie aanvaarbaar gevind nie en die kerkraad dienooreenkomstig laat weet.

4. AANWINSTE

4.1 Van die 217 briewe wat geskryf is, het 173 oor aanwinste handel. Kommentaar wat met die ontvangserkenning saam gegaan het, was die uitwys van foute, aanvra van ontbrekende inligting en wenke tot hulp van die skriba. So 'n brief was soms vyf tot ses A4-bladsye. Met die Argiefhandleiding ter hand kan dit baie korter wees deur na die handleiding te verwys.

Een aanwinst dien vermelding. Dit is agt plakboeke wat br. AHP Louw van Coligny gemaak het met koerantknipsels rondom die stigting en eerste skredes van die Afrikaanse Protestantse Kerk. Baie dankie daarvoor. Dit is voorbeeldig.

4.2 Die patroon van aanwinste bly nog dieselfde soos voorheen gerapporteer. 'n Mens vertrou dat die waardevolle materiaal in die gemeente bewaar word. Pogings om iets te bekom van gemeentes wat opgehou het om te bestaan, was op een ná almal onsuksesvol. Van die meeste kry 'n mens nie eers 'n antwoord nie.

Wat egter die seerste teleurstel, is die gebrekkige samewerking van die meeste ringskribas wat

gedurig wissel (vanuit slegs sewe ringe is in mindere of meerdere mate ringstukke ontvang) en kommissies van die sinode waar dié ampsdraer ook dikwels wissel. SKK, BRKA en Publikasiekommissie lewer die beste samewerking. Van die Jeugkommissie is 'n hoeveelheid materiaal ontvang wat nog nie aandag kon kry nie.

5. HUWELIKSREGISTERS

Na ons mening en sover ons weet, is hierdie kerklike huweliksregisters uniek en daarom baie waardevol. In die toekoms gaan dit moontlik nog toeneem in waarde.

Oor hoe om dit vir die leraar makliker te maak, kan in die Argiefhandleiding gelees word. Al die leraars wat daarin saamwerk verdien opregte waardering veral diegene wat baie getrou is.

Dit is die volgende leraars met die getal registers wat elkeen reeds ingestuur het, agter elkeen se naam: MC Adendorff 36, A Boshoff (sr.) 76, A Boshoff (jn.) 1, JM Cronjé 5, JSP de Villiers 60, JH Ellis 7, JAC Erasmus 3, PA Gomes 1, FA Grobler 2, GJ Grobler 3, NJ Groenewald 1, WM Grové 21, Z Janse van Rensburg 1, JCG Janse van Vuuren 3, HF Jooste 4, DJ (Danie) Malan 28, AR Nel 2, G Pretorius 15, CJ Prins 4, NJ Rautenbach 2, JA Scholtz 4, L Skein 1, HJ Smith 22, CFW Snyman 2, GCD Stoltz 2, JH Theron 12, JB Trollip 2, JJ van der Linde 16, JAV van der Schyff 2, P van Rensburg 1, C van Rooyen 16, HB van Rooyen 2, JH van Vuuren 5, HC Venter 2, JJ (Kosie) Venter 12, TJ Verryne 1.

Dit is in totaal 36 leraars, 12 meer as wat by die vorige sinode vermeld is. Ons vertrou dat al die ander in die volgende reses hulle agterstallige registers gaan stuur en dat almal dit op datum gaan hou.

6. REGISTERAFSKRIFTE

6.1 Sedert die begin van die kerkverband is dit 'n staande besluit van die sinode dat elke kerkraad moet sorg dat jaarliks afskrifte van nuwe inskrywings in die doopregister en belydende lidmaatregister in die kerkargief tereg kom. (Sinodêbesluit 13.1, bl. 140, Kerkordeboek 1998).

6.2 Baie dankie aan al die kerkrade en hul skriba's wat van die begin af getrou is met die stuur van alle dokumente met inligting soos in hierdie besluit gevra word.

6.3 Daar is ongelukkig steeds baie ontrouheid ten spyte van herhaalde oproepe van sinodes en d.m.v. omsendbriewe. Wat die registerafskrifte betref, kan die volgende aan die sinode voorgelê word: Daar is 'n klein getal gemeentes van wie die registerafskrifte volledig of byna volledig is. In vyf ringe se gemeentes is die stand buitengewoon gunstig nl. die ring van Heidelberg en Klerksdorp in

Transvaal, Cornelia in die Vrystaat en Beaufort-Wes en Gordonia in die Kaapprovinsie met Olifantshoek op hul hakke.

6.4 Van 139 gemeentes uit die 246 bestaande gemeentes is hier nog geen afskrif nie en die getal is verdeel tussen die streke soos volg: Transvaal 54 uit 108; Natal 9 uit die 11; Oranje-Vrystaat 37 uit 57; Kaapprovinsie 32 uit die 63 en al sewe gemeentes van Namibië.

6.5 Onder die redes vir die voorgenoemde agterstand is twee duidelik aan te wys, nl. die ringskriba wat stukke nie aanstuur nie en oningeligheid.

Wat die eerste rede betref, kan dit tot 'n mate ook wees dat die ringskriba oningelig is; maar dan kan hy mos darem vra wat hy met al die papiere moet maak. Dit het al geblyk dat gemeentestukke twee of drie jaar en eie gegenereerde stukke van die ring vir langer by die ringskriba bly lê. Ons weet van een ring waar registerafskrifte wat gestuur is na die ringskriba oor die jare 1988 tot 1992, skynbaar verlore geraak het en

AANBEVELINGS

6.6 Die sinode dring daarop aan dat die skriba van elke kerkraad en elke lid van die argiefkommissie van die kerkraad, die skriba van elke ring en kommissie van die sinode 'n eksemplaar van die Argiefhandleiding moet hê en daarvan deeglik gebruik maak.

6.7 Die sinode wysig die middelste sin van sinodale besluit 13.1, bl. 140. Kerkordeboek 1998. Die huidige bewoording "... jaarliks via die ringskriba 'n afskrif ..." word: "... jaarliks na die sentrale kerkkantoor 'n afskrif ..."

Motivering

Ons vind nie bewyse dat die meeste ringe hulle visitasietak ten opsigte van argiefsake na behore doen nie (Handleiding vir visitatore 2.12, Kerkordeboek 1998 bl. 111, Verslagvorm aan die ring, afdeling J).

7. BESKRYWINGSPUNTE

Die volgende twee beskrywingspunte is ontvang.

7.1 Ring van Derby – Rekenarisering gemeenteregisters

Die sinode besluit dat kerkrade lidmaatregisters mag rekenariseer, met die volgende voorwaardes:

1. Daar moet te alle tye 'n gedrukte weergawe in 'n brandvrye bergplek geberg word.
2. Die argiefkommissie moet die formaat goedkeur.
3. Die ink moet langlewend wees.
4. Die papier moet wit camelot cartridge 105 gram wees.

Motivering:

1. Die bestaande formaat word behou deur gemeentes wat nie oor die nodige elektroniese apparaat beskik nie.
2. Die registers kan geleidelik in lyn gebring word met die elektroniese eeu.
3. Werk wat tans deur gemeentes effektief met rekenars gedoen word hoef nie weer tydrawend met die hand gedoen te word nie. So kom ons argiefhandelinge in lyn met die praktyk van ander kerke.

AANBEVELING VAN DIE KOMMISSIE

7.1.1 Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

Motivering:

Die beskrywingspunt stem ooreen met die besluit van die sinode van 1995 (Handelinge bl. 234, punt 9.1.1.2). Hoewel die bewoording anders is, is die wese en onderdele dieselfde.

7.2 Ring van Mooinooi – Rekenaarprogram

Die sinode besluit om die volgende beskrywingspunt:

Ou redaksie

"Die sinode keur die gemeentelike gebruik van die rekenaar vir doop- en lidmateregister goed, SLEGS INDIEN aan die volgende vereistes voldoen word:

- a. Die vorm en opset t.o.v. kolomme en betrokke gegewens moet dieselfde wees as die register-vorms wat ingebruik is.
- b. Die inhoud van die registers moet op datum gehou word soos in die bestaande gedrukte en geskrewe registers.
- c. 'n Opdatum rekenaardrukstuk moet van die doop- en lidmateregister bygehou word op hoë gehalte papier.
- d. Die jaarlikse afskrif vir die kerkargief moet op die beskikbare, amptelike registerblaai gemaak en aan die kerkargief gestuur word volgens geldende reëls daarvoor.
- e. Attestate word steeds op die kerkordelike wyse uitgereik met die attestaatvorms wat by die sentrale kerkkantoor verkrygbaar is."

te vervang met:

Nuwe redaksie

1. Die sinode besluit dat kerkrade die "Kerkkantoor"-rekenaarprogram van ds. Jan Venter (sonder 'n handstelsel) vir die volledige administrasie in die

gemeente mag gebruik, met dien verstande dat:

- a. kerkrade die papier vir die druk van verslae vir argiefdoeleindes, volgens die vereistes van die kerkargief, by die boekwinkel moet aankoop;
 - b. kerkrade moet toesien dat rugsteunkopië van die gemeentelike data na elke inskrywing op die rekenaar gemaak word;
 - c. die handstelsel mag alleen gestaak word as alle data op die rekenaar ingevoer is.
2. Die sinode besluit dat die argief die e-pos oorpasing van inligting sal ondersoek om sodoende die inligting wat in die argief geberg word op rekenaar te stoor.

Motivering

Hierdie rekenaarstelsel is spesiaal vir ons kerkverband aangepas en is so gevorderd dat selfs attestate, bewys van lidmaatskap en lidmateregister daarmee uitgedruk kan word. Met so 'n stelsel is die funksionering van 'n handstelsel oorbodig en tydrawend.

AANBEVELING VAN DIE KOMMISSIE

7.2.1 Die sinode besluit:

7.2.1.1 Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

7.2.1.2 Die besluit van 1995 word gehandhaaf.

7.2.1.3 Vir die gebruik van die rekenaar vir die volledige administrasie van die gemeente en e-pos stelsel word 'n ad hoc-kommissie saamgestel om die uitvoerbaarheid te ondersoek en die programme aan te wys.

7.2.1.3.1 Die ad hoc-kommissie word saamgestel uit verteenwoordigers van die Permanente kommissies vir die Kerkargief, Finansies, BRKA en Publikasies.

7.2.1.3.2 Elke kommissie wys twee lede aan. Die voorsitter van die Kommissie vir die Kerkargief tree as sameroeper op.

7.2.1.3.3 Die nodige voorskrifte word opgestel vir die rugsteun e.d.m.

7.2.1.3.4 Die BRKA dra die moontlike koste van die ad hoc-kommissie.

7.2.1.4 Argiefpapier word by die AP Kerk se boekwinkel aangekoop.

7.2.1.5 Geen oorspronklike bron van enige aard mag ooit sonder meer vernietig word nie.

7.2.1.5.1 Kerkrade moet deskundige raad inwin l.v.m. vermeende uitgediende stukke voordat dit tot niet gemaak word.

7.2.1.6 In die gees van sy lasgewing het die Kommissie vir die Kerkargief die jurisdiksie om 'n rekenaaruitdruk of enige onbevredigende stuk nie te aanvaar nie en aan te dring op vervanging.

Motivering:

1. Ná die besluit van 1995 waarna in punt 7.1.1 hierbo verwys is, geneem is, het die BRKA gemelde "Kerkkantoor"-program onder die aandag van kerkrade gebring. Daarvoor was skynbaar nie die verwagte byval en aanvraag nie.

2. 'n Ad hoc-kommissie is nodig om deeglik op talle implikasies in te gaan.

2.1 Verskillende programme is nodig vir die onderskeie instansies. DB Text wat vir die kerkargief geskik is, is nie vir die sentrale kerkkantoor gepas nie; en "Kerkkantoor" deug ook nie vir die sentrale kerkkantoor nie.

2.2 Volledige administrasie behels meer as net vir argiefdoeleindes. Daarom is die besondere ad hoc-kommissie nodig.

2.3 Vermoedelik gaan verreweg die minderheid van die gemeentes in staat wees om so 'n gerekenariseerde administrasie te bedryf. Die omvang behoort bepaal te word.

2.4 Aan die koste van die kapitale uitleg vir die verskillende deelnemers aan die rekenarisering, instandhouding, opgradering en geskikte personeel, moet deeglik aandag gegee word.

2.5 Die feilbaarheid van die menslike faktor in alle opsigte, is die groot swakheid van die rekenaar met die oog op argiefgebruik. Dit is bv. die menslike hanteerder wat per ongeluk inhoud kan uitwis; dit is dié faktor wat betrokke is by elektrisiteitsvoorsiening sodat die rekenaar kan funksioneer; dit is 'n mensgemaakte instrument wat deur die mens in stand gehou moet word. Laasgenoemde mag op 'n kritieke oomblik nie beskikbaar wees nie.

2.6 Kundige kontrole is nodig. Kundigheid en vaardigheid is nodig om registrafdrukke weerskante van die A4 papier te maak om 'n sinvolle en korrekte geheel te vorm. Om net een kant van papier – met name registerpapier – te gebruik word met elke vel dubbel die bergruimte opgeneem. Argiefkluisse se ruimte is duur en beperk.

2.7 Die gebruik van 'n rekenaar vir argiefdoeleindes beteken nie besparing van ruimte en vermyding van roetinerwerk en beslommernis nie. Ook nie minder papier hantering nie. Wêreldwyd word geskrewe bronne steeds bewaar omdat dit die toets van eeue en hul omstandighede deurstaan het.

2.8 'n Groot mistasting romdom rekenarisering is

dat nie besef word nie dat die rekenaar wel 'n onoortreflike ontsluitingsinstrument is, maar 'n baie swak bewaringsinstrument.

2.9 Om soos die beskrywingspunt vra, na elke inskrywing op die rekenaar, 'n rugsteunkopie te maak, het praktiese en koste implikasies. Dit bring verhoogde papiergebruik mee. Dink bv. aan die lidmaatregister: Daar is 19 reëls vir inskrywings op elke blad, ná elke inskrywing word 'n nuwe rugsteun gedruk, wat dus 19 velle papier beteken (behalwe wanneer by een geleentheid meer as een inskrywing op dieselfde blad gedoen word.) Elke inskrywing strek oor twee A4 velle; dus word 38 velle papier gebruik vir elke bladsy van die register.

2.10 Argiefpapier (Camelot Cartridge 105 gm) kan op hierdie tydstip aan kerkrade verskaf word teen R4-50 vir tien velle (koevert en posgeld ingesluit), d.w.s. 0-45c per vel. Vir een registerblad kan die rugsteun tot R17-10 kos; vermenigvuldig dit met die getal alfabetletters waarby inskrywings gemaak word. Dit is dus 'n duur werkswyse.

8. ANDER SAKE VIR KENNISNAME

8.1 Rekenaar. Die BRKA het besluit dat 'n rekenaar vir die argief ter geleëner tyd aangekoop word.

Dr. WA Burger, voorsitter van die Kommissie vir die Kerkargief, het 'n seminar van Sabinet Online bygewoon. Dit was georganiseer deur die vereniging van argivarisse (SASA) en het gehandel oor die gebruik van internet vir argiefdoeleindes.

8.2 Die BRKA het dit goedgekeur dat die argivaris as amptenaar (nie 'n bepaalde persoon nie) namens die Afrikaanse Protestantse Kerk lid kon word van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika.

8.3 Die Argiefhandleiding het in Desember 1998 verskyn.

Resensie deur dr. WA Burger – kyk Bylae KKA 2.

8.4 Projeksie van argiefbehoefte

Ná die eerste 5 jaar (1992) van die kerk se bestaan was daar 228 gemeentes met 'n totaal van 32,146 belydende lidmate. Na 10 jaar (5 jaar later – 1997) was dit 242 gemeentes met 37,997 belydende lidmate.

Twee gemeentes het 'n bevredigende hoeveelheid argivalia gelewer oor 10 jaar se bestaan. 'n Gemiddelde van dié twee se rakspasie is as basis gebruik.

Dat behoeftes en werksaamhede in gemeentes verskil en dat dit saam hang met die getal belydende lidmate asook die feit van stedelikheid of landelikheid, is in ag geneem by die skatting van hoeveel rakspasie per bepaalde gemeente benodig word. Met die afplatting van die groei in lidmatetal is ook rekening gehou.

Dan lyk die prentjie soos volg:

	Gemeentes	Rakspasie	Kluisoppervlakte	Personeel
1998	245 (38,000)	405m.	53 vk. m.	1 met 2/3 tyd is onvoldoende
2003	253 (41,000)	418 m.	55 vk.m.	2 voltyds
2008	258 (42,000)	426 m.	56 vk. m.	3 voltyds

Gevolgtrekking

Met die huidige grootte huisvesting (insluitend die twee kantore) sou volstaan kan word as minimum voorsiening. Die bestaande rakke kan van nog een rak bo-op voorsien word waarin houeers plat (i.p.v. regop) geplaas kan word. 'n Bietjie meer ruimte is egter vir die jaar 2008 beslis 'n sterk aanbeveling.

9. IN MEMORIAM

Bylae KKA 1 bevat In Memoria van die leraars wat in die reses oorlede is, nl. di. WA Jooste, JJ van der Linde, JPN Prinsloo en finale jaar teologiese student Charel Bezuidenhout.

AANBEVELING

9.1 Die voorsitter vra die vergadering om vir 'n paar oomblikke op te staan in eerbetoning en dankbare nagedagtenis aan die ontslape leraars, di. WA Jooste, JJ van der Linde en JPN

Prinsloo asook finale jaar teologiese studente Charel Bezuidenhout.

10. BEGROTING

Die kommissie lê die volgende begroting aan die vergadering voor vir oorweging.

Begroting vir 2000

	R
Vergaderings	3 000
Liasseerkartonne (1000 x R6)	6 000
Vergoeding vir argivaris (10% by 1999 begroting getel)	63 800
	72 800

Lede van die Kommissie vir die Kerkargief:

Dr. WA Burger (voorsitter)

Ds. HDK van der Merwe

Ds. WM Grové (argivaris, skriba – adviserend).

IN MEMORIAM

Gedurende 1998 is drie predikante van die AP Kerk oorlede en 'n teologiese student wat in 1998 in sy finale jaar sou wees. Ons bring graag met hierdie kort lewensketse (Uittreksels uit artikels wat in Die Boodskapper verskyn het) hulde aan hulle wat tot hoër diens opgeroep is.

DS WILLEM ANDRIES JOOSTE

(19/07/1931 – 18/02/1998)

Die skraal, nederige en vriendelike man was alom-bemind onder sy kollegas en die lidmate uit sy laaste gemeente (AP Kerk Roodepoort) het hom as 'n predikant duisend beskou, so na elke gelowige se hart.

Op Woensdag 18 Februarie 1998 is hy op slag dood in 'n kop-aan-kop botsing met 'n ander motor wat aan die verkeerde kant van die snelweg gery het. Sy vrou, Ina, is ernstig beseer.

Ds. Willie is op 19 Julie 1931 gebore en het in 1959 predikant van die NG Kerk Wesmoot geword. In 1964 is hy in Paardekop bevestig en vanaf 1967 was hy leraar van Groblersdal.

Hy het as Christen-Afrikaner so sterk by sy beginsels gestaan dat hy op 6 September 1987 uit die NG Kerk bedank om vanaf 7 September in die AP Kerkverband verder te arbeid. Hy is onmiddellik beroep na die kombinasie Naboomspruit/Potgietersrus/Koedoesrand/Roedtan en op 4 Oktober 1987 in die kombinasie bevestig. Vanaf 6 November 1988 het hy AP Kerk Johannesburg bedien en daarna vanaf 1 Desember 1991 die Roodepoort-gemeente waar hy tot met sy dood gearbei het.

Terwyl hy onder beroep gestaan het na sy eerste kombinasie, het hy drie weke lank as reisende leraar in die Oos- en Noord-Kaap gearbei.

Willie het in die vroegste jare van die AP Kerk as voorsitter van die destydse sinodale Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap help beslag gee aan die gemeentelike verslagvorms wat aan ringe voorgelê word. Later het hy ook gedien as verteenwoordiger van die AP Kerk op die Johannesburgse Streeksraad van die Bybelgenootskap. By geleentheid het hy as keurder van manuskripte vir die Publikasiekommissie opgetree.

DS JAN JOHANNES VAN DER LINDE

Op Maandagmôre 27 April 1998 was ds. Jan oudergewoonte met sy fiets vir 'n oggendfietskidsrit op pad terug na sy huis, toe hy 'n hartaanval gekry, van sy fiets afgeval en oombliklik gesterf het.

Ds. Jan is op 28 Januarie 1934 gebore. Hy het in

1957 sy studie aan die Universiteit en die Kweekskool op Stellenbosch voltooi. Daarna het hy tot die bediening in die NG Kerk toegetree en die volgende gemeentes bedien: Bremersdorp 1958-1960; Dunnottar 1960-1965; Krugersdorp 1965-1973; Pretoria-Noord vanaf 1973 totdat hy in 1990 emeriteer.

As gevolg van sy sterk gereformeerde beginsels het hy by die AP Kerk aangesluit en is op 2 Julie 1990 as leraar op Heilbron bevestig, waar hy die gemeente bearbei totdat hy op 8 Desember 1996 in die gemeente Greylingstad bevestig is.

Hy was getroud met Kleintjie Senekal. Uit die huwelik is drie seuns gebore: Jaco, Corné en Johan. Jaco is ook leraar in die AP Kerk, tans te Heidelberg, Transvaal.

Ds. Jan was 'n beginselvaste gelowige, altyd in alles 'n baie presiese en 'n netjiese mens, pligsgetrou en hardwerkend in die gemeente, saam met sy eggenote.

In sy omgang met sy mense en sy kollegas was hy altyd 'n hartlike en vriendelike mens wat nie bokant, maar tussen sy mense gelewe en gewerk het en almal, ongeag die omstandighede, met groot begrip en deernis bedien het en waar nodig, raad gegee en getroos het.

Ds. Jan was 'n besondere liefhebber van koorsang en het behalwe in sy eie gemeentekoor ook 'n reuse aandeel gehad in die Impromptu koor. Die inhoud van sy bediening op en onder die kansel was altyd Christosentries – Jesus die Begin en die Einde.

Hy het ook in verskillende kerklike kommissies, by ringe en sinodes met sy kenmerkende deeglikheid sy kant gebring.

DS JOACHIM PETRUS NICOLAAS PRINSLOO

(03/02/1917 – 16/06/1998)

Ds. JPN Prinsloo – bekend as Joggie – is op 3 Februarie 1917 gebore en is op 16 Junie 1998 ná 'n lang siekbed oorlede..

Ds. Joggie is in 1944 in die NG Kerk Kaapstad gelegitimeer na die verwerwing van sy B.A.-graad en die Diploma in Teologie. In 1945 aanvaar hy 'n beroep na Goodwood (Kaapstad). Daarna was hy agtereenvolgens ook leraar op Griekwastad, Waterval (Newlands, Johannesburg) en Greykerk.

Toe het hy hoof van die Piet Retief-weeshuis (Riebeeck-Oos) op die plaas Mooimeisiesfontein (die oorspronklike plaas van die Voortrekker, Piet Retief) geword. In 1960 is hy as leraar van die NG

Kerk Westonaria bevestig, in 1966 het hy die herderstaf in Volksrust-Suid opgeneem en 'n jaar later leraar van Krugersdorp-Wes geword tot hy in 1977 geëmeriteer het. Daarna verrig hy hulpdiens in Krugersdorp-Noord en het vir drie jaar pastorale sorg te Sterkfontein gedoen.

In 1988 sluit hy by die AP Kerk aan en word leraar vir AP Kerk Benoni waar hy vir vier jaar gearbei het. Sy vrou, Mara, is sedert die stigting orreliste van hierdie gemeente. Later het sy ook die orrelpos in Kemptonpark-gemeente behartig en ds. Joggie het ook in dié gemeente hulpdiens gelewer tot voor sy afsterwe.

Hierdie pastoriepaar het gereeld Sondagaand biduur by hulle pastorie gehou en tydens 'n stigtingdagdiens wat ds. Joggie nog op 5 April 1998 ten spyte van sy siekte waargeneem het, het hy die volk ernstig gemaan om in verootmoedigende, volgehoue gebed by God Drie-enig in te tree vir ons strydende AP Kerk se suiwer Woordverkondiging en behoud tot reiniging en versterking van ons kerkvolk as boodskapdraers vir sy koninkryk.

Ds. Joggie was begenadig met 'n maklike, minsame en aangename persoonlikheid en het geleef tot eer van God, ons Skepper.

Uit die huwelik is twee seuns, Marthinus en Francois, gebore.

CHAREL BEZUIDENHOUT

(29/08/1969 – 24/01/1998)

Charel Bezuidenhout, oudste seun van ds. Kobus en mev. Petro Bezuidenhout, predikantspaar van die kombinasie AP Kerk Steynsburg/Maclear/Barkly-Oos, het op 24/01/1998 in 'n tragiese motorongeluk gesterf en sy jong eggenote, Louise, is ernstig beseer.

Hulle wat bevoorreg was om naby aan hom te geleef het, sal hom altyd onthou as iemand beson-

ders. Iemand wat jou lewe verryk het met sy innemende geaardheid en mooi persoonlikheid, ja, iemand in wie jy die beeld van Christus kon sien.

Charel was 'n fyn mens, altyd nederig, baie gedissiplineerd, beleefd en pligsgetrou met 'n kenmerkende hartlike lag en fyn sin vir humor.

Hy en Louise het na sy BA-studie aan die UOVS na Pretoria verhuis vir sy teologiese opleiding aan die teologiese skool.

As student was Charel pligsgetrou en in die twee jaar van sy driejaar-studie aan die teologiese skool het hy dan ook bogemiddeld presteer met 'n groot liefde vir die vakgebied Praktiese Teologie. Hy wou nie in die eerste plek teoloog wees nie, maar 'n pastor wat met bewoënheid en toewyding na die kudde van die Here omsien.

Die ander studente het soveel vertroue in Charel gehad dat hy in Oktober 1997 tot voorsitter van die Afrikaner Teologiese Studente Vereniging (ATSV) verkies is.

Charel was diep godsdienstig, sterk in die geloof, toegewyd, met 'n vroom gemoed.

Enkele dae voor sy dood, só vertel sy moeder, was hulle twee in diep gesprek met mekaar en het sy, wat self ernstig siek is, die woorde van die Psalmdigter in Psalm 31:16 met hom gedeel: My tye is in u hand – Sy sê sy onthou nog goed hoe sy dié woorde nog soos volg herhaal het: Ons tye is in u hand – Min wetende dat hierdie jong en talentvolle finalejaar teologiese student van haar se tyd op aarde byna uitgeloop het!

In die finalejaarklas van 1998 by ons teologiese skool was Charel se plekkie leeg, en só was dit ook op 25 November 1998 tydens die legitiemasieplegtigheid van sy drie mede-studente – hy het reeds sy hemelse plek voor die troon van God ingeneem waar hy Hom dag en nag dien.

Resensie oor die boekie **ARGIEFHANDLEIDING VIR DIE SKRIBA** deur ds WM Grové

Aan die einde van 1998 het daar stil-stil 'n boekie verskyn wat vir die AP Kerk as sodanig baie belangrik is omdat dit aan 'n lang gevoelde behoefte voldoen. Vele skribas en saakgelastigdes het al in die verlede die gebrek aan so 'n hulpbron beklag.

Die mees geskikte persoon in ons kerk om oor die onderhawige onderwerp te kan praat en skryf, ds Willie Grové, het sy ervaring, kennis en navorsing sorgvuldig en keurig in 'n boekie met die titel: *Argiefhandleiding vir die Skriba* die lig laat sien.

Vir 22 jaar het hy die kerk van Christus as argivaris gedien. Die AP Kerk kon die laaste vyf jaar van sy waardevolle diens gebruik maak. Ons vertrou dat hy steeds sal voortgaan op hierdie gespesialiseerde terrein wat buite die gesigsveld en kennis van die gewone lidmaat lê en vir die meeste skribas en saakgelastigdes groot probleme skep. Hy het 'n waardevolle hulp daargestel wat 'n sug van verligting en blydschap by bogenoemdes ontlok.

'n Mens dink aan 'n argief as 'n instelling wat feite, dokumente, artikels en voorwerpe bewaar wat oud, skaars en kosbaar is. Dit is ook waar van 'n kerkargief. Om daardie rede kan ons die kerkargief nou verbind aan die geskiedenis van die kerk. Kerkgeskiedenis kan beskryf word as die verhaal of weergawe van die handeling van God in en met die kerk, ook binne 'n bepaalde kerkverband. Wat in en met die kerk gebeur en wat daarvan op skrif, in beeld en in klank of op enige wyse bewaar en weergegee is, is argiefmateriaal wat in die kerkargief behoort. Dit is 'n ryke erfenis vir die nageslagte en 'n bron van kennis vir navorsers.

Die skrywer som die doel van die bewaring van inligting d.m.v. geskrifte met syfers en woorde, beeld en klank, soos volg op: Dit is tot eer van God uit dankbaarheid vir en oor sy werke; tot lering en verryking van die mens se gees; tot toetsing of kontrole; tot koersbepaling en tot inspirasie.

Die bewaringsplig van 'n kerkargief, gemeentelik en andersins, bevat die volgende aspekte. Daar

moet besluit word wat bewaar moet word. Dan moet dit versamel en versorg word. Daarop volg die ordening en inventarisering van die materiaal met die doel om 'n katalogus op te stel. Dit wat versamel word, word nie in 'n donker hoekie bewaar nie, maar word ook ordelik en verantwoordelik beskikbaar gestel aan lidmate, navorsers en belangstellendes. In hierdie hele proses word gebruik gemaak van indeksstelsels, registers, rekenaars, fotokopieerders en nog meer. Ds. Grové beantwoord die vraag oor wat bewaar moet word en hoe dit bewaar moet word baie duidelik en herlei die plig om te bewaar na die skriba van die kerkraad, ring en sinode.

Die deeglike beskrywing van hoe die registers hanteer moet word, laat niks te wense oor nie. Dit is 'n sekere manier om te keer dat informasie in verband met lidmaatskap, doop en huwelik, nie verlore gaan nie. Die bylaes aan die einde van die boekie gee aan die skriba 'n baie goeie idee van hoe dit gedoen moet word.

'n Opmerking op die agterkant van die boekie som die eienskappe van die skrywer soos dit weerklank vind in die boekie self, baie mooi op. Daar is deeglike navorsingswerk gedoen. Feitelike gegewens is korrek weergegee en die totale werk getuig van netheid en deursettingsvermoë. Dit is 'n baie mooi beskrywing van die karakter, lewe en werk van die skrywer.

Terwyl ons hom hartlik bedank vir hierdie betydse publikasie, wil ons ook kerkrade, skribas en belangstellendes aanmoedig om dit te bekom en te gebruik, ook ter wille van die welwese van die AP Kerk. Ek is van oortuiging dat dit nie net 'n waardevolle byvoeging tot die publikasies van ons kerk is nie. Ook ander kerkverbande en denominasies sal met vrug daarvan gebruik kan maak.

Ons wil ds. Grové gelukwens met hierdie puik werk en bid dat die Here sy werk as argivaris sal seën en bevestig.

Dr. WA Burger (snr.)

Verslag van die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE) aan die Negende Sinode

1. OPDRAGTE VAN SINODE

1.1 Geheime organisasies

1.1.1 Opdrag: Vergelyk Sakelys 1997 bl. 11 punt 21.10.2

Vgl. ook Sakelys, verslag SKK bl. 167

Vgl. Handeling bl. 317-318, pt. 21.11.1

Oorspronklik het die SKK aanbeveel dat die beskrywingspunt van die Ring van Beaufort-Wes teen "geheime" organisasies nie goedgekeur word nie (pt. 21.11.1 bl. 317), met die volgende motiveering:

a. Die sinode kan nie die gewetens van lidmate bind nie.

b. Die kerk moet waak teen enige bedreiging wat hom wil vernietig ongeag deur wie dit bedink word. Sulke bedrywighede sal altyd in die geheim bedink word maar in die openbaar uitgevoer word, wie ook al dit wil doen.

c. Geheimhouding is nie noodwendig 'n bedreiging terwyl nie-geheimhouding dit nie is nie.

Die sinode het van bg. kennis geneem en die aanleentheid na die KKCE te verwys vir rapport aan die 1999 sinode (Handeling bl. 317).

Die spesifieke opdrag van die sinode lui soos volg: *om die beginsel van vertroulikheid van 'n organisasie vir studie na die KKCE te verwys.* Die kern van die opdrag is dus om vas te stel of die beginsel van vertroulikheid as metode, strategie, middel tot 'n goeie doel en doelwit vanuit Christelike perspektief geoorloof is. Die term *vertroulikheid* is meer van pas vir vertroulike Christelike volksorganisasies en ander instellings op hierdie grondslag wat ten goede die strategie en metode moet aanwend.

1.1.2 Die Christelike owerheid en vertroulikheid

Daarsonder sou ook die owerheid van Rm 13:1-7, 1 Tm 2:3, Ps 20, Ps 45 en Spr. 20:8 en 29:4 nie funksioneer nie. Vgl. slegs die volgende praktiese voorbeelde t.o.v. organisasies, organisatoriese struktuur en effektiwiteit.

a. Die nasionale intelligensiediens van beide die staatsbestuur in die breë en al die veiligheidsmagte, wo. die kernkrag voor die groot sinkgat van

1994 in die politieke gebeure.

b. Die spioenasiediens, binnelands en buitelands, "Ek het kosbare inligting maar: dit my geheim".

c. Die privaat en amptelike speurdiens.

d. In 'n demokratiese bestel veral die kabinet en die partykookus. In 'n rewolusiegeesteerde land soos die RSA is vertroulikheid vir die beskawingsmondige burgers cum suis nog belangriker om nie slagoffers te word van 'n aktief-vyandige vyand nie. Voorbeelde is legio.

Tydens die Vryheidsoorlog 1899 – 1902 en die Jan Smutsbewind 1939 – 1948 het vertroulikheid, ook juis georganiseerd, baie van ons mense se lewens gered en uit die tronke en interneringskampe gered. Die verraad het baie mense se lewens geëis, wo. van Kaapse rebelle. Die DOELWIT van vertroulikheid is tog infiltrasie van die vyand se strategie en positiewe beplanning vir eie teenoffensief.

In bg. situasie is dit selfmoord om die strategie van vertroulikheid met 'n dom oop en bloot deursigtigheid te vervang, en dis sonde teen die sesde gebod. Dit kap jou hande af en soms teen 'n baie duur prys.

Dis maklik om alle vertroulikheid, ook in die stryd van Christelike volksverset, ongenueanseerde en voetstoots af te kraak en so waardevolle werk te dwarsboom. Waarom my eie mede-voorspelers aftrek in die lynstaan? Waarom my spangenoet wat beur vir die doellyn pootjie?

Dit gaan hier nie om sg. *voetwerk* en onder die tafel toutjies trek nie, maar om kopwerk vanuit die hart. Die wysheid van die Spreukeboek is ook deel van Christelike koninkrykswerk op alle lewensterreine. Toe Abraham Kuyper se Anti-Rewolusionêre (Calvinistiese) Party in Nederland, en in die dertigerjare van hierdie eeu gelei deur H Colyn, regeer het, was verantwoorde vertroulikheid onmisbare deel van hulle sukses.

1.1.3 Skrifgetuënis oor geheimhouding, vertroulikheid

Josua 2: 1-21

Toe die koning van Jerigo die twee verspieters vir uitlewering opgeëis het, het Ragab hulle weggesteek en die koning omseil – verse 4 – 6 en hulle *vertroulik* met 'n lyn laat ontsnap – vers 15. Verder

is haar lewe tydens die Intog gespaar, en die rooi lyn aan die venster was die vertroulike teken waarmee hulle haar huis uitgeken het by die Intog – vers 18. Die verspieters *bind* haar daarna aan die vertroulikheid waarmee ooreengekom is en sy belowe om hulle *nie* te verrai nie – verse 20 – 21. Dit was vertroulike beplanning in diens van die Here se verbondsgeskiedenis. Hebr. 11:31 – Deur die geloof het Ragab, die hoer, nie saam met die ongehoorsames omgekom nie, omdat sy die spioene in vrede ontvang het.

Exodus 1 en 2

Moses se lewe is gespaar deur Gods voorsienigheid en een middel wat Hy gebruik het was die geheime, vertroulike optrede van die Hebreuse vroedvroue. Hulle het die Egiptiese koning omseil. Vgl. Ex. 1:15 – 21 en 2:1 – 3.

Handelinge 9:24, 25 – vertroulikheid in diens van Paulus se blye boodskap

Die vyandige Jode wou hom ten alle koste doodmaak maar *die dissipels het hom geneem en in die nag deur die muur neergelaat deur hom in 'n mandjie te laat afsak*. Dit was 'n wyse vertroulike aksie in diens van die Here. Ulters waardevolle kop- en hande en voetwerk.

1.1.4 Die Vereniging Bybel en Volk oor vertroulikheid

Die Vereniging het hom ook op versoek uitgespreek oor “Die Christen se betrokkenheid by geheime en/of vertroulike organisasies.” Die opdrag was beskou as ‘n *beginnel-gefundeerde standpunt* wat gestel moet word en dat dit nie nodig is dat na spesifieke organisasies verwys word nie.

Die besluit lui soos volg:

1 *Lidmaatskap aan 'n geheime/trouverlike (verder genoem “geslote organisasies”) kan nie enkelvoudig uit die Woord van God goed- of afgekeur word nie, omdat daar nie direkte uitsprake oor die aangeleentheid voorkom nie.*

2 *Die onderhawige vraag lê dus op die terrein van die etiek, omdat dit met gewetensbinding te doen het. Binne hierdie raamwerk moet enige geslote organisasie dus beoordeel word, volgens sy doel en strewes en volgens sy metode en optrede.*

3 *Die noodsaak bepaal die bestaansreg van 'n geslote organisasie. Indien omstandighede dus sodanig is dat die strewes en die doel nie in die openbaar bereik kan word nie, het geslote organisasies bestaansreg.*

4 *Betreffende die doel en die metode, dui Jesus Christus die weg aan in Matthéüs 10:16: Oprek soos die duiwe en listig soos die slange. Die doel van die organisasie moet opreg wees – dit moet*

die toets van die Woord kan deurstaan; dit moet as waarheid openbaar gemaak kan word. Die doel bepaal dus ook die metode – nie die doel heilig die middel nie! Die doel bepaal wel die middel. Hierin lê die lis van die slange. Dit bedoel nie sluheid nie, maar dat die strategie tegelyk opreg én versigtig (listig) uitgevoer moet word. Daarin lê die regverdiging van 'n geslote/trouverlike metode. Ons het hiervan ook voorbeelde in die Skrif:

• *Handelinge 9:25: Paulus word in die geheim in 'n mandjie uit die stad gelaat.*

• *Matthéüs 2:14: Josef en Maria vlug in die geheim na Egipte.*

• *Die kern bly steeds: Die werk is in die geheim gedoen, maar dit was nie skandelelike werke nie!*

5 *Betreffende die gewetensbinding van individuele lede moet ook met absolute duidelikheid opgetree word. In Efésiërs 5:12-13 word die saak in perspektief gestel: Want wat in die geheim deur hulle gedoen word, is skandelelik selfs om te noem. Maar al die dinge wat deur die lig bestraf word, word openbaar; want alles wat openbaar word, is lig.*

Wat in hierdie Skrifgedeelte as skandelelik bestempel word, is nie die geheimhouding nie, maar die werke. Die werke moet egter in die lig kan bestaan – d.i. die toets van die Woord deurstaan.

Hieruit kan afgelei word dat nie die organisasie nie maar die Woord die enigste grond vir gewetensbinding is. Wanneer 'n geslote organisasie dus strydig met die Woord optree, vernietig dit self enige gewetensbinding en is lede as 't ware verplig om te bedank. Daarom is alle lede ook verplig om elke standpunt/optrede van die geslote organisasie waaraan hy behoort, voortdurend aan die Woord te toets.

6 *Sodra 'n geslote organisasie van sy gestelde doel afwyk of wanneer die doel bereik is, verloor die organisasie sy bestaanreg en behoort lidmaatskap verbreek te word. Verder behoort 'n lid oral en altyd met 'n skoon gewete sy lidmaatskap te kan verdedig indien hy daarom gevra word.*

7 *'n Bestaande organisasie kan en mag nie sy doel stelselmatig aanpas of wysig terwyl dit sy lede met gewetensbinding behou nie. Dit sou oneties wees. Juis omdat gewetensbinding bepaal word deur die Woord en nie deur die geslote organisasie nie, word lede van 'n organisasie outomaties bevry wanneer wysigings intree wat nie aan die waarheid van die Woord voldoen nie.*

1.1.5 Vertroulikheid, geheimhouding in die kerk, as instituut

Die kerk bely die openheid voor God na die waarheid van Ps. 139 en saai die graankorrels van sy boodskap uit in die helder daglig. Tog is daar binne die kerk as instituut onvermydelike

vertroulikheidsaspekte ter wille van die goeie orde. Prof. D Nauta (ex-prof. Kerkreg/-kerkgeskiedenis, Vrye Universiteit A'Dam) skrywe oor geheimhouding soos volg:

Geheimhouding, gepaard met swygplig, word van kerklike ampsdraers verwag t.o.v. alle sake, waarvan hulle uit hoofde van die opsig en tug oor die gemeente kennis dra, altans vir sover hierdie tug oefening nie 'n publieke karakter dra nie.

Hy vervolg: by die kerke van die Reformasie berus die swygplig meer op gewoonte as op voorskrif. En dit geld met name vir Gereformeerde Kerke, nie soseer vir die enkele ampsdraers nie as wel die gesamentlike ampsdraers, verenig in 'n kerklike vergadering. (Direk woordeliks vertaal.) Vgl. Christelike Encyclopedie by G 1958.

Gereformeerde kerkvergaderings kan onder bepaalde omstandighede "gesuiwer word tot vertroulikheid" en dan maan die voorsitter tot die handhawing daarvan. Die lidmate aanvaar dit sonder protes. Vgl. ook tugsake. Vgl. ook Ordereëls vir kerkvergaderings, met name geslote en oop vergaderings in Kerkorde.

1.1.6 Die ampsgeheim, of beroepsgeheim – anderskrywe vertroulikheid

Dis die geheimhoudingsplig oor sake waarvan mens kennis dra kragtens die beroep uitgeoefen, en skending daarvan kan juridiese vervolging ten gevolge hê waar die wet tot geheimhouding verplig. Soms berus die plig van geheimhouding op die konsensus van gewoonte, soos by die geestelike stand en regsgeleerdes. Dikwels staan die ampsgeheim juis ook direk in verband met organisasies waarby die ampsdraers betrokke is. Dit geld ook van die reg van swye, die weiering om *getuienis* af te lê, dikwels ook verbonde aan die belange van 'n organisasie. Vgl. dr. H Bianchi, oor Ambtsgeheim en beroepsgeheim, Christelike Encyclopedie by A 1956.

(Oor die ampsgeheim is in Nederland 'n standaardwerk gelewer deur 'n gereformeerde teoloog, gedurende die 50-er jare.)

1.1.7 Vertroulike Christelike organisasies en die kerk tydens die Hitler-regime en die Duitse besetting

Tydens die klemmende noodtoestand vir die ware Christendom onder die regime van Adolf Hitler het die Bybelgetroue getuieniskerke dit bitter moeilik gevind en predikante is op verskillende maniere skadeloos gemaak en/of het gevlug. Vgl. Dietrich Bonhoeffer wat gefusilleer is en Karl Barth wat na Switserland moes vlug. In die mate waarin nog voortgegaan is, was dit net moontlik met verskeie vertroulike metodes.

In Duitsland was toe 'n geheime, i.e. vertroulike

Christelike jeugorganisasie as geheime versetaksie teen die versmorende Hitlerisme, maar dit was 'n stryd en risiko om lewe en dood.

Vgl. *Albert Spear, His battle with Truth* deur Gitta Sereny, van Oostenryk. 1995, bl. 720.

In Nederland was die breë asook spesifieke Christelike versetaksie ook in terme van vertroulike organisasies intensief, met baie slagoffers gefusilleer deur die Duitse besettingsmagte. Die geheime mondstuk van die versetbeweging Trouw het na die oorlog 'n dagblad geword. Die geheimhouding, vertroulikheid het duisende lewens gered, wat ingesluit het die wegsteek van vlugtelingen, al is duisende ook gefusilleer.

1.1.8 Die AP Kerk sinode 1989 se besluit oor lidmaatskap van 'n geheime en/of vertroulike organisasie – vgl. ook lys van sinodebesluite, Kerkorde.

Handelinge, bl. 465 en 466, punt 5.2.1: *Die sinode oordeel dat lidmaatskap van 'n geheime en/of vertroulike organisasie nie per se verkeerd is nie; dit sal afhang van so 'n organisasie se aard, doel, gees en praktyk.*

Punt 5.2.6: *Die sinode doen 'n beroep op alle lidmate om nie aan enige organisasie, vereniging of klub of party te behoort of dit te ondersteun nie, alvorens hy/sy/hom/haar deeglik vergewis het daarvan dat die grondwet, doelstellings of beleid van so 'n organisasie, vereniging of klub of party gegrond is op die Woord van God, en nie in stryd is met die leer van die kerk nie (KO art. 60). Lidmate wat hulle op hierdie terrein skuldig maak, staan onder die normale opsig en tug van die plaaslike kerk en moet hulle laat vermaan deur die kerkraad en hulle bekeer van hulle verkeerde weë.*

Vraag: Het die beskrywingspunt van Beaufort Wes vir die 1997 sinode nie bg. 1989 besluit verbygesien nie? Was 'n gravamen nie die aangewese weg nie?

AANBEVELING

1.1.9 Die sinode volstaan by sy besluit van 1989, Handelinge bl. 465 en 466 punt 5.2.1 oor vertroulike organisasies.

1.2 Tema van ondersoek: (Ek glo) aan die opstanding van die vlees of: (ek glo) aan die opstanding van die liggaam

1 Opdrag

Die sinode dra dit aan die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek op om die moontlikheid te ondersoek dat die sinsnede (ek glo) aan die opstanding van die vlees verander na (ek glo) aan die opstanding van die liggaam.

Volgens Handelinge Sewende Sinode, bl. 239,

punt 50.10.

1.2.2 Inleiding

Die beskrywingspunt word in Christelike wysheid en ootmoed versigtig gestel naamlik dat die *moontlikheid* ondersoek word. Hierdie opdrag het ook 'n raakpunt met die appèl van broer GJ Nel teen die besluit van die Ring van Lichtenburg insake die terme in die belydenisskrifte, met name die verandering: die woord *vlees* word verander na *liggaam* (=liggaam).

Die verantwoording oor hierdie vraag moet skerp in gedagte hou die Skrifgetrouheid van die belydenisskrifte; die duidelikheid daarvan vanuit die duidelikheid van die Woord en daarom ook vir die lidmate; die gemeente; die dogmenhistoriese, belydenisvormende agtergrond en kontinuïteit deur die eeue asook die besondere konnotasie van die woorde *vlees* en *liggaam* onderskeidelik, in verskillende verbande.

Ons wys daarop dat as die woord *vlees* konsekwent deur *liggaam* vervang moet word, dit konsekwent gedoen sal moet word in die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus, die Apostolicum (12 Artikels) die liturgiese formuliere en die Kerklied – wat nogal 'n radikale, nie-ekumeniese ingryp sal wees. Skrifgetroue gereformeerde kerke behoort dit in oorleg met mekaar te doen, volgens gereformeerde styl en orde.

1.2.3 Die tweeledige gebruik van die woord vlees en liggaam

Die belydenisskrifte

Artikel 18 en 19, Nederlandse Geloofsbelydenis

Dit handel oor die vleeswording en die twee nature van Jesus Christus, waar beide liggaam en vlees gebruik word, wo. “die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het” (Artikel 18). Die slot van Artikel 19 lui: “...ware mens ... sodat Hy vir ons kan sterwe volgens die swakheid van sy vlees.” Volgens ook Artikel 37 NGb., oor *liggaam* en Sondag 15, Heidelbergse Kategismus.

Sondagsafdeling 22, Heidelbergse Kategismus, vraag 57

Hier kom skerp na vore die liggaam voor en na die verheerliking van die opgestane liggaam, soos by Fil. 3:21 en 1 Kor 15 onder andere. Dit lui: *maar dat ook hierdie vlees van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig, en gelykvormig sal word aan die heerlike liggaam van Christus.*

Die gemeente hoor en lees ook uit die Nagmaalsformulier *dat Christus deur die Vader in hierdie wêreld gestuur is en ons vlees en bloed aangeneem het* – Die Kerkboek van die AP Kerk, bl. 24.

Vergelyk ook die gebruik van liggaam en vlees respektiewelik in Ges. 245 vers 9 en Ges. 246 vers 3.

1.2.4 Enkele verteenwoordigende uitsprake oor die sinvolle gebruik van die term vlees

Die terme *vlees* en *liggaam* is verstrengel en word in kerklike geskrifte dikwels onbevangen feitlik sinoniem gebruik. In hierdie gesprek is dit belangrik om in ag te neem dat daar *oorgang* en *distansie* is tussen die aardse liggaamlike bestaan, in die *vlees* en dié van die verheerlikte opstandingsliggaam. GB Wurth stel dit byvoorbeeld soos volg: (direk vertaal) *ons glo aan die wederopstanding van die vlees, dit wil sê die nuwe geheiligde liggaamlikheid*

FJ Pop

Ons verwys na sy toeligting oor die term *vlees* in sy uiters waardevolle eksegetiese werk: Bybelse woorde en hul geheim. Hy verklaar die oorgang van die sondige bestaan na die heerlikheid en die oorgang van die vleeslike na die verheerlikte.

Ten opsigte van 1 Kor 15:35-37 en 44-46, asmede Fil 3:21 in samehang stel hy: *Hy (Paulus) is nog in die vlees, dit wil sê hy is nog aards en sterflik. Hy kan hom getroos daarby neerlê, maar nie sonder om te hunker na die beloofde verlossing wanneer hy nie meer in die vlees sal wees nie. In die vlees druk hy dus die swakheid en die verganklikheid van die mens uit.* A.w. bl. 510 vv. Vgl. ook in die geheel oor vlees, bl. 505-519 en oor 1 Kor 15 verse 44-46 bl. 597 vv.

Vervolgens ook by bl. 380 vv. na aanleiding van 1 Kor 15 verse 35-37 en Fil 3 vers 21 – die twee tabelle wat die verganklike, oneerbare, swakke, sterflik en so meer *aardse* bestaan aandui, van *vlees* en *bloed*, teenoor die terme wat die hemelse vernuwung aandui.

B Wielenga

Kommentaar oor die woord *vlees* in Sondag 22 van die Heidelbergse Kategismus. Hy stel (direk vertaal): “Die gelowige gemeente is in haar taal stoutmoedig. Sy spreek van die opstanding van die vlees. Dit hou sy vas met bewing en ook met trots. Ons wil niks omhul of versag nie. Vlees! Die woord kom in verband met die opstanding nie letterlik voor in die Skrif nie. Die Bybel praat oor die opstanding van die *dode* of van hulle *wat in die graf* is. Ook word die liggaam as subjek van die opstanding genoem as uitdrukking van die persoon selfs (1 Kor 15) dit is *ek* sal opstaan.” Hy vervolg: “die woord *vlees* noop ons egter om bepaald aan die stoflike liggaam te dink, al gebruik Sondag 1 (Heidelbergse Kategismus) die term *siel* en *liggaam*. Daarom, sê Wielenga, is dit te meer opvallend dat in Sondag 22 (Heidelbergse Kategismus) die woord *vlees* sterk nadruk ontvang en in besit-

like vorm – my vlees, as 'n nog plastieser, spreker vorm. Dit is asof die ellendige sy klee oopmaak om sy naakte bors te wys. Hier het u 'n voorbeeld van die stoutmoedige realisme van die geloof. Aldus B Wielenga, *Onze Catechismus* deel 1, bl. 526-527. Hierdie werk is een van die beste Heidelbergse Kategismus kommentare in die resente gereformeerde bydraes daaroor.

Wielenga som die aksent van Sondag 22 soos volg op: "Triomfantelik sê en herhaal die gemeente: dit is my vlees, om dadelik daaraan toe te voeg: dit is my verheerlikte liggaam."

GC Berkhouwer

Hy stel die volgende vraag (*Wederkomst van Christus*, Deel I bl. 243vv.): is daar 'n wesentlike verskil tussen die uitdrukking opstanding van die vlees en opstanding van die liggaam? In die ou kerk (vroë kerk, JC L) is geen verskil gesien tussen die terme opstanding van die vlees en opstanding van die dode nie. Berkouwer vervolg: "Dit het vir die kerk gegaan om die wonder van God oor hierdie vlees van ons, die vernederde, swakke, verganklike en sterflike liggaam, oor die hele mens in sy aardse bestaan – die eschaton (=die einde JC L) was nog nie werklikheid nie, maar nog voorwerp van verwagting – die daad van God in die krag van Christus."

In sy werk "*De mensch het beeld Gods* (bl. 257) stel Berkhouwer dit soos volg: "Die gemeente verwag die ondeurgrondelike wonder van die opstanding en die ou kerk het daarvan met as vertrekpunt gepraat van die verganklike mens *in het vlees*."

Herman Ridderbos

Hy bespreek ook die uitspraak van Berkouwer waarin hy (Berkouwer) ontken dat die woord vlees (1 Kor 15:53) on-Paulinies is. Die verganklike dui op dieselfde as vlees en bloed (1 Kor 15:50).

Mens staan saam met Ridderbos, in die lig van die voorafgaande hierbo, dat die verheerlikte liggaam nie meer vlees genoem kan word nie – vanuit die aksent op die kontras tussen aards en hemels.

Dan stel Ridderbos sy siening soos volg: "Origens is dit 'n kwessie van spraakgebruik. Daar hoef geen saaklike verskil te wees tussen opstandingsliggaam en wat die kerk bedoel met opstanding van die vlees nie." Volgens H Ridderbos *Paulus, het ontwerp syner Theologie* bl. 613, 614.

Prof. Flip Theron van die NG Kweekskool, Stellenbosch, stel hierdie standpunt as volg as hy skrywe dat hy die ou vertaling "vleeswording" verkies. "Vlees is iets anders as mens. Dit dra 'n sterker konnotasie van die gebrokenheid. God het in Jesus nie net mens geword nie. Hy het Homself onderwerp aan die gebrokenheid van die menslike bestaan. Jesus het nie slegs gely vandat Hy in

hegtenis geneem is nie. Sy hele lewe was lyding. Dit het by sy vleeswording begin."

In dieselfde artikel stel prof. WD Jonker dit soos volg: "God het nie net mens geword sodat hy vir ons aan die kruis kon sterf nie. In die vleeswording gaan dit as sodanig daarom dat Christus na vlees en bloed Hom met ons menslike lot vereenselwig het. Die vleeswording mag nie van die kruis geïsoleer word nie. Maar die vleeswording as sodanig is alreeds deel van ons verlossing." (Kersuitgawe, *Algemene Kerkbode*, 1997).

1.2.5 Gevolgtrekking

Die kerkhistoriese, dogmenhistoriese en reformatoriese (hervorming) konteks bevestig dat die term vlees nie maar net 'n vrywillige woordkeuse of 'n sinoniem van liggaam is nie.

Die kontras-aksent wat hierbo uitgelig is tussen die aards-verganklike en die verheerlikte liggaam (1 Kor 15) bevestig die triomfantelike en die wonderwerk van Gods soewereine genadewerk in Jesus Christus oor die angel en die verderf van dood en graf.

AANBEVELING

1.2.6 Die woord vlees, soos dit tans in die Drie Formuliere van Eenheid en in die ekumeniese simbole voorkom (belydenisskrifte), word gehandhaaf.

1.3 Pro-Christo – Kimberley gemeente

1.3.1 In hoeverre is die KKCE hierby betrokke?

Ons het die opdrag ontvang om 'n prinsipiële evaluering van Pro-Christo te doen en ons verslag het gelei na die sinodebesluit in 1997: *Die sinode besluit dat vanweë kerkregtelike en ander gepre-siseerde beginselbesware teen Pro-Christo, skakeling en samewerking met hierdie buitekerklike organisasie, nie toelaatbaar is nie. Dit geld uit die aard van die saak vir alle gemeentes en alle ampte.* Handellinge 1997 bl. 333.

Die volgende voorstel is verwys na die KKCE:

Die sinode besluit om met groot begrip in gesprek te tree met predikante en lidmate van die AP Kerk wat betrokke mag wees by uitreikaksies van die organisasie Pro-Christo en/of ander dergelike aksies. Sulke predikante en lidmate wat daarvan oortuig is dat die Here hulle wil gebruik om op een of ander wyse betrokke te wees by een of ander sending- of evangelisasie-aksie (binnelands of buiteland) en die goedkeuring van hulle ouderlingeraad daartoe het, moet aangespoor word om aan die roepstem van die Here gehoorsaam te wees en begelei word om dit te doen langs wêre wat die goedkeuring van die AP kerke in verband (sinode) wegdra. Tot sover die voorstel.

Evaluering van die voorstel

Die voorstel is baie hipoteties gestel, in die woorde "betrokke mag wees" en dan word Pro-Christo en/of ander derglike organisasies met name genoem. In die lig van die feit dat die 1997 sinodebesluit hierbo genoem, op die oomblik kerkregtelik normatief volle geldingskrag het, kan hierdie voorstel (ds. Botes, oudl Du Plessis) net beteken dat die sendinggeesdriftiges wat "aangespoor" moet word om aan die roepstem van die Here gehoorsaam te wees, hulle volle gewig by die AP Kerk se sendingaksie moet ingooi. Hulle geesdrif moet binne ons kerk se ontsaglike en feitlik nog onontgonne sending-evangelisasie arbeidsakker gekanaliseer word.

Dit moet kortom geskied volgens die riglyne soos duidelik in die besluite van die sinode vir hierdie werk neergelê.

Ons kommissie kan dit soos hierbo gestel van harte ondersteun. Op die 1997 sinode was die voorsitter van hierdie kommissie voorbereid om 'n plegtige, welwillende broederlike beroep ter sinode op ds. Stoltz persoonlik te doen om sy waardevolle geesdrif vir sending gehoorsaam en met oorgawe binne ons kerk te kanaliseer. Ongelukkig was hy op die laaste dag van die sinode, ons glo onvermydelik, afwesig.

Ons wil en mag nie sendinggeesdrif demp nie en wil met 'n jaloersheid sien dat ons kerk daarmee wins maak, en dat dit nie na sykkante gedreineer word nie.

Die voorstel hier ter sprake impliseer dus *nie* dat ons tegelyk op twee stoele sit nie, maar eintlik net op een stoel sit met die hand net op die ander stoel se leuning, wat darem die leuning raak en voel.

Tegelyk weet ons kerk dat 'n nie-sendende kerk 'n Laodicea, steriele kerk is, ongehoorsaam aan die opdrag van die Koning van die kerk se bevel in Mt 28:19.

1.3.3 Ad hoc-sinodale kommissie vir advies en leiding

Ons het 21 Julie 1998 'n brief ontvang van die sentrale kerkkantoor met die versoek dat ons 'n skrywe van ds. Stoltz moet beoordeel waarin hy dit stel dat die "beleid van Pro-Christo wat in die KKCE verslag van die vorige (1997) sinode behandel is, heeltemal verouderd is"

Dit was vir ons kommissie verrassend, want ds. Stolz was ter sinode toe die KKCE se verslag oor Pro-Christo bespreek is en het self aan die bespreking deelgeneem. Hy kon toe al meegedeel het dat die dokumentasie wat die KKCE vir sy verslag gebruik het, verouderd was, juis omdat hy homself moes verdedig. Die feit dat hy nie die si-

node se bespreking oor die revisie bygewoon het nie is dus nie ter sake nie, of het die nuwe beleid van Pro-Christo "die lig gesien" in dieselfde week, tussen die eerste sinodebesluit daaroor en die revisie? Hoe moet ons hierdie punte bymekaar kry?

As hy reeds so seker was, vóór die revisie, dat dit verouderd is, dan was dit juis noodsaaklik dat dit betyds ter sinode meegedeel moet word, soos ons reeds genoem het tydens die debat oor Pro-Christo. Dit het ook tot ons kennis gekom dat die sg. verouderde dokument voor en na die sinode aktief ter beskikking gestel is deur ds. Stoltz cum suis in Kimberley.

1.3.4 Die nuwe bedieningsbeleid van Pro-Christo

Op 21 Junie het die sentrale kerkkantoor aan ons kommissie in 'n brief meegedeel dat die ad hoc-kommissie vir advies en leiding na Kimberley vertrek en dat ons voor dan 'n beoordeling gee oor die nuwe "bedieningsbeleid van Pro-Christo" – die stuk was ingesluit by die brief. Ons voeg dit by t.w.v. 'n objektiewe en regverdigde oordeel en omdat dit as nuut aangebied word. Dis belangrik om dit noukeurig te vergelyk met KKCE se kommentaar op Pro-Christo in 1997.

Missions Training Centre – Outreaches – Conferences & Seminars – Audio and Visual Productions

Postal Address: PO Box 2491, Kimberley 8300, South Africa

Office: Second Avenue, Kenilworth, Kimberley

Telephone: 27 (0) 531811120

Fax: 27 (0) 531 822064

E-Mail: prochristo@imed.co.za

Bedieningsbeleid

Pro-Christo Global Missions (PGM) is 'n multi-denominasionele wêreldsendingorganisasie met die visie om die onbereiktes te bereik deur middel van sy missie, nl. om gemeentes te ondersteun in die uitvoering van die sendingopdrag.

Die missie kry gestalte deur vier strategieë nl:

- *Mobilisering van gemeentes om hulle sending bewus en betrokke te maak*
- *Korttermyn uitreike (plaaslik en buitelandse)*
- *Sendingopleiding met die oog op langtermyn sending betrokkenheid*
- *Media*

Hierdie strategieë word gebou op die fondament van gebed en vennootskappe.

PGM stel hom ten doel om ekumenies saam te werk met enige persoon/kerk/instansie wat die Twaalf Artikels (Apostolicum) onderskryf en van Protestants-Christelike belydenis is.

Waar vennootskappe gesluit is, geskied verdere besluitneming op die basis van konsensus tussen die vennote.

Voltydse personeel/Vennote moet PGM se visie en missie onderskryf en aan bogenoemde vereistes vir ekumeniese samewerking voldoen.

Personeel/Vennote het die vryheid om hulle geloofsbeskouinge in ooreenstemming met die leer van hulle kerk te hê, hulle eie standpunt daarop na te hou en aan die leer van hulle kerk getrou te bly.

Personeel/Vennote is terselfdertyd sensitief vir ander se standpunte en respekteer dit.

PGM glo dat redding van mense uitsluitlik die werk van die Heilige Gees is en nie berus op 'n metode nie (1 Kor 2:12-14; Jn 6:65; Rm 3:10-12, 21-24). Vir hierdie doel stuur God, uit louter goedheid, verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Deur hulle diens word die mense geroep tot bekering en geloof in Christus, die gekruisigde (Rm 10:14, 15). Die toorn van God bly egter op hulle wat hierdie evangelie nie glo nie (Jn 3:18, 36).

Dit is onmoontlik dat 'n ware geloof die mens vir 'n godvrugtige en heilige lewe onverskillig sou maak (Gl 5:6). Ons doen goeie werke in dankbare gehoorsaamheid aan ons Here (Ef 2:10). Hy maak ons immers gewillig en bekwaam om sy wil uit te voer (Fil 2:13).

PGM en sy vennote stel hulle ten doel om die koninkryk van God voorop te stel, diensbaar daaraan te wees en die eer van God in dit alles te soek

Supporting churches to fulfill the missionary task – ondersteun gemeentes om die sendingopdrag uit te voer.

1.3.5 Brief van Direkteur, Kerkadministrasie namens ad hoc-kommissie vir advies en leiding na Ig. se besoek aan Kimberley.

Om alle reg te laat geskied en ter wille van geheelperspektief voeg die Kommissie dit toe. Dis aan ons versend, as 'n brief gerig aan een van die beswaardes in Kimberley, mnr. HJ Badenhorst.

Geagte broer Badenhorst

U SKRYWE 28/8/1998 I/S BETROKKENHEID VAN DS D STOLTZ BY PRO-CHRISTO

Graag lewer ek op u versoek soos volg kommentaar na aanleiding van die skrywe van die kerkraad

van AP Kerk Kimberley onder datum 14 Augustus 1998. U het veral beswaar teen die tweede paragraaf in dié brief waar gemeld word dat ds. Van Jaarsveld 'n versoek gerig het tot alle betrokkenes om 'n bydrae te lewer tot die behoorlike ondersoek van die organisasie...

Lede van die ad hoc-kommissie vir advies en leiding het tydens 'n onderhoud met ds. Danilo Stoltz 'n amptelike stuk oor die beleid van Pro-Christo ontvang wat **radikaal verskil** van die stuk wat vroeër aan die kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek voorgelê is, en waarop die aanbevelings aan die sinode gebaseer is. Uit mededelings deur ds. Stoltz het die betrokke lede ook die **indruk** gekry dat Pro-Christo hoofsaaklik as agent wil optree met die voorsiening van statistiek en ander nodige inligting waar 'n kerk sendingwerk wil doen. Volgens hom het die sinode van 1997 'n besluit geneem op grond van 'n verouderde dokument wat hoegenaamd nie meer geld nie. Vanweë ds. Stoltz se afwesigheid op die laaste dag van die sinode toe die betrokke besluit in revisie geneem is, is dié feite nooit behoorlik onder die aandag van die sinode gebring nie. Die twyfel wat deur dié medelings teweeggebring word, bring dus mee dat die kerk dit aan homself en aan ds. Stoltz en Pro-Christo verskuldig is om die saak mettertyd deeglik te heroorweeg. Dit kan die beste geskied d.m.v. 'n beswaarskrif wat deur ds. Stoltz in dié verband ingedien behoort te word. Dit het ook geblyk dat ds. Stoltz reeds sy invloed ten goede gebruik het in die betrokke organisasie. Dit is duidelik by ds. Stoltz tuisgebring dat intussen, totdat die sinode 'n ander uitspraak lewer, ons almal gebonde is daaraan om die sinodebesluit te gehoorsaam.

U sal ook merk dat die ad hoc-kommissie wat die appèlle aangehoor het op 21 Oktober 1997, die volgende besluit geneem het (Handelinge bl. 365):

Die ad hoc-kommissie besluit om, na aanleiding van die hoeveelheid appèlle uit die AP Kerk Kimberley, die ringskommissie van die ring van Kimberley te versoek om die kerkraad van AP Kerk Kimberley en die beswaardes in daardie gemeente pastoraal te begelei sodat daar versoening tussen die twee partye kan kom.

As ek my reg herinner, het die ringsvergadering waarby ons teenwoordig was, ook 'n besluit in dié verband geneem. In die lig daarvan wil ek persoonlik by u pleit om alle moontlike weë te ondersoek om dié saak op 'n broederlike wyse te hanteer. Die bepaalde beklemtoninge wat u het en wat ongetwyfeld deel is van die etos van die AP Kerk, moet indien moontlik aangewend word om die ywer wat daar vir die Evangelie van Jesus Christus is, op die regte koers te hou. Dit pas ons om met die gesindheid van Paulus in Flp. 1:18 mee te werk sonder om enige beginsels te verkrag: *In alle geval, op allerlei wyse, of dit onder 'n skyn of*

in waarheid is, word Christus verkondig; en hierin verbly ek my en sal ek my ook verbly.

Watter trotse dag, en dag van grote dankbaarheid teenoor die Here, sal dit wees wanneer AP Kerk Kimberley eendragtig nie net plaaslik nie, maar ook tot aan die uiterste van die aarde die Evangelie verkondig soos aan ons opgedra in Handeling 1:8. Hierin mag die gemeente nie net vir ander gemeentes in die AP Kerkverband nie, maar ook vir ander kerkverbande 'n uitnemende voorbeeld wees. Maar ek beklemtoon weer, u bydrae om dit suiwer volgens gereformeerde beginsels en in ooreenstemming met ons eie etos te doen, is daarin baie belangrik. Tot sover die brief.

1.3.6 Beoordeling van die sg. nuwe bedieningsbeleid

In hierdie stuk is weinig wat nuut is, behalwe enkele stelling oor die praktiese bedieningsbeleid. Met die Bybeltekste in die tweede helfte is daar geen probleem as sodanig nie; ons kerk motiveer sendingwerk op dieselfde wyse. Al wat hier nuut is in vergelyking met die gegewens van 1997 is die opsomming van die vier strategieë in ander bewoording as in die 1997 data.

Die kernsaak waarom dit gaan is die struktuur en opset waarbinne Pro-Christo werk, waarbinne die bedieningsmetodes een aspek is van alles. Die organisasie funksioneer nog op dieselfde grondslag as in 1997 wat die totaalstruktuur betref, en daarom kanselleer 'n nuwe bylae nie die prinsipiële besware soos deur die KKCE geformuleer in 1997 nie. Vgl. spesifiek Sakelys 1997 sinode vanaf bl. 133 punt 4 vv.

Is Pro-Christo se standpunt bv. "vernuwe" en hoe, as hulle sê dat hulle nie eksklusief is in terme van denominasie, geslag, ras of enige ander kwalifikasie nie? Vgl. verder hier bl. 133-134, 1997 KKCE verslag binne hierdie konteks.

Ons het dit ook in ons antwoord aan die genoemde sinodale ad hoc-kommissie vir Kimberley gestel dat net nuwe formuleringe in 'n bylae oor 'n bepaalde aspek met ander woordgebruik geensins die besware soos in die sinode geopper kanselleer nie. Dis dieselfde inhoud met 'n mate van aksentverlegging as ons dit regverdig en nugter analiseer.

In hierdie opsig is ons dus nog waar ons was. Die probleem is nie opgelos nie, want ons kerk kan nie langs twee parallelle lyne werk nie – een lyn nougeset prinsipiël en 'n ander lyn akkommoderend met welwillendheidskonsessies nie.

Ons kommissie kan met die beste wil van die wêreld en in broederlike liefde nie saamstem dat die nuwe bedieningsbeleid "radikaal verskil" van die vroeëre stuk wat aan die KKCE (1997) voorgelê

is nie (vgl. brief ds. Adendorff aan H Badenhorst).

As ons allerhande willekeurige uitleivore uit die hoofstroom van ons kerk sanksioneer is dit skadelike dreinerings van die slagaar van die kerklike dienswerk.

Ons moet ook skerp onderskel in die "nuwe bedieningsbeleid" wat herhaling is van die vorige van 1997 in ander bewoording, en die prinsipiële besware t.o.v. Pro-Christo se struktuur en grondslae WAT NIE gekanselleer is nie.

Waarom kan ds. Stoltz nie met sy sendinggeesdrif hom met oorgawe toewy aan die groot, uitdagende sendingtaak binne en vanuit ons kerk nie? As gehoorsame seun van sy kerk moet die swaartepunt en middelpuntsoekende oorwig tog wees om vir sending en evangelisasie nie langs of buite sy kerk te werk nie. Dis tog wat al die ander leraars van ons kerk doen op die onderskeie kerkakkers, met hulle volle gewig. As die huidige presedent t.o.v. ds. Stoltz sou voortduur is die weg oop vir baie meer sulke gevalle wat waardevolle arbeidsinset van binne na buite die kerk dreineer, afgesien van die feit dat dit kerkordelik foutief is.

Ons veronderstel dat ds. Stoltz, as hy uit Pro-Christo sou bedank, voluit die positiewe binnekerklike weg sal opgaan met die talente wat hy ontvang het, en ons sien daarna uit met 'n jaloersheid.

1.3.7 Die voortdurende spanning in die gemeente

Ons kommissie smag daarna dat die slepende spanning beëindig sal word, in die lig van regverdig oordeel na beide kante. 'n Skrywe van die ring het die volgende gestel: "In die lig van die spanning wat tans bestaan, sou die ring aanvaar dat die kerkraad van die AP Kerk Kimberley voortaan hierdie saak (dispuut om Art. 42.3, Kerkorde) baie sensitief sal hanteer, in ag genome die gevoelens van ongelukkige lidmate... "En: Die ring doen 'n ernstige beroep op almal tot versoening ter wille van eenheid in hierdie gemeente van die Here."

Hierdie aangeleentheid was ook baie ernstig ter sprake by die voortgesette 1997 sinode, nl. Okt. 1997, en is met pastorale motief gestel dat die beswaardes aldaar nie beskou moet word as 'n "negeerbare minderheid" nie.

Ons besef dat ter sinode die ringskommissie van Kimberley ring eerstehandse verslag sal kan lewer, afgesien van die verslag van die ad hoc-kommissie vir advies en leiding, vanuit die sentrale kerkkantoor.

1.3.8 Die herder en leraar van daardie gemeente en die probleem

Ons kommissie het deeglik kennis geneem van die

gebeure na Sept. 1998 en stel die vraag of ds. Stoltz soos dit hoort, uit sy pad gegaan het om die beswaardes versoenend te ontmoet soos o.a. die ring versoek het. Uit al die korrespondensie wat ook na ons deurgestuur is, moet ons met die beste broederlike motiewe en gesindheid vra of ds. Stoltz nie te rustig en selfversekerd die status quo maar net laat voortsleep nie. Worstel hy vir 'n positiewe deurbraak, en tot watter mate is hy gewetensgetrou hartseer en diep bekommerd oor die sondige gespletenheid in die Here se gemeente? Ons bedoel hier censura morem baie ernstig met die besef dat meer daadwerklike inisiatief van sy kant nodig is vir 'n deurbraak. Ons veronderstel dat die ad hoc-kommissie vir advies en leiding vanuit die SKK hierdie kernaspek deeglik met hom sou bespreek. Hy moet hom **herderlik-pastoraal** bekeer, in diepe ontsteltenis insake die toestand van die gemeente, tot herstel en versoening.

Saam met hom en elke lidmaat van daardie gemeente, moet elkeen van ons ons stel onder die ontmaskerende soeklig van Ps 139:1-5 en 23, 24 saam met Jer 20:7(a).

AANBEVELING

1.3.9 Kennisname, met die versoek dat uitvoering gegee sal word aan die sinodebesluit oor Pro-Christo van 1997 in die lig van hierdie verslag van die KKCE.

1.4 Die erkenning van net die 1933 en 1953 vertaling van die Bybel in Afrikaans

1 Opdrag aan KKCE

Handelinge 1997 bl. 333 by 225.2. Die twee beskrywingspunte waaroor besin moet word is die van die ring van Heidelberg en van die ring van Beaufort Wes, Sakelys bl. 210-213.

Die ring van Heidelberg vra: *Erkenning van net die 1933 en 1953 vertaling van die Bybel in Afrikaans en Die sinode besluit derhalwe dat in die AP Kerk net die hersiene Afrikaanse vertaling van 1953 by Woordverkondiging gebruik moet word.* Vgl. Sakelys 1997, bl. 210-211.

Die sinode het aanvanklik bg. twee beskrywingspunte nie aanvaar nie, en aan die einde die revisie toegestaan wat gelei het tot die opdrag aan die KKCE (vgl. Handelinge 1997 bl. 333).

Die KBV se 1997 sinodeverslag het gelui: *Die Kommissie is van oordeel dat genoemde druk van die Bybel (11de uitgawe, tweede druk 1992) en alle latere uitgawes beslis 'n beter vertaling van die Bybel is. Dit kan dus uiteraard steeds as 'n vertaling tot toeligting saam met die 1933/1953 vertaling gebruik word.* Vgl. ook Handeling bl. 308, par. 178 by 3.1. Hierdie uitspraak het toe amptelike

besluit van die sinode geword, waarna aan die einde die opdrag gegee is tot herbesinning, nadat die twee besluite insake die twee ringsvoorstelle verwerp is. Vgl. Handelinge bl. 333. Tot sover vir noodsaaklike retrospektiewe perspektief.

Origens beskou ons die KBV se 1997 verslag aan die sinode as gelese, asook die Handelinge.

1.4.2 Die Kommissie se benadering

Ons het hierdie opdrag met spesiale erns benader in die lig van die gevoelens van sommige van ons lidmate, reg of verkeerd. Sommige van ons lidmate bejeën die 1983-92 vertaling selfs met felle antagonisme as sou dit die produk wees van 'n vrysinnige komplot – meer 'n ongegronde emosionele reaksie as enigsins 'n nugtere verantwoording op grond van feite. Dan is daar hulle wat kritiese vrae stel, soms ook fel krities, wat nie oor die volle inligting beskik oor die hoe en die wat en die waarom van die verskillende Bybelvertalings nie. Ons ondervind dat met rustige toeligting die verrykte insig vir hulle bevrydend is.

Hier is en mag nie sprake wees van twee kampe of twee pole insake die keuse tussen Bybelvertalings nie, want daar is nie gronde of meriete voor as ons waarheidsliewend en wetenskaplik na die feite kyk nie. Ons is geroepe om wedersyds die oordeel van die liefde te fel.

Ons kommissie se siening is dat ons in der minne bymekaar sal moet uitkom en sal uitkom as ons mekaar se goeie trou wedersyds aanvaar. Daar is geen beginselverskil in die minste oor die absolute gesag van God se Woord nie. As die beswaarde broeders by die genoemde revisie in 1997 (Handelinge bl. 333) stel dat dit gaan om die eer van God, die Outeur van sy Woord, en die heil van die kerkverband, en die onrus by sekere afgevaardigdes, dan beaam ons die saaklike, inhoudelike daarvan met ja en amen. Dan moet ons egter ook onbevange tot op die wortel ontbloot of daar werklike, of wat die werklike **gronde** van die "onrus" en "spanning" is, en of ons nie onnodige laste op ons lê nie.

Vir die KBV en hulle wat die 1992 Bybelvertaling aanvullend wil gebruik gaan dit ewe-eens om die eer van God en gesag van sy Woord en die welwese van ons kerk.

1.4.3 Wat was die opdrag?

Ons stel dit in eenvoudige, nie-wetenskaplike gestaal. 'n Volk se taal is lewend en dinamies en verstar nie in kontinue eenvormigheid nie. Dit hang saam met die kulturele ontwikkeling en vernuwing. Ons praat Afrikaans anders as in die eerste dekades van hierdie eeue en sedertdien moes die SA Akademie, woordeboekmakers en taalwetenskaplikes kontinue werk om by te hou. Om verskil-

lende redes het die tempo in die laaste paar dekades versnel vanweë verskeie interne en eksterne faktore en stimuli. Die lidmate lewe in hierdie soort samelewing en volkslewe, en daarom moet die kerktaal met sy voete op die aarde wees en nie in die lug swewe nie. Die kerk moet in positiewe sin tred hou in sy kommunikasie en die Bybelvertalings is direk hierby betrokke.

Die opdrag aan die 1983 Bybel se vertaalspan was om vanuit die grondtale, d.w.s in aansluiting by die prosedure met die vorige vertalings, 'n vertaling aan te bied soos die Afrikaners e.a. Afrikaanssprekendes dit nou in hulle alledaagse lewe praat. Dit is presies wat Luther tydens die Duitse reformatie gedoen het en sy Bybelvertaling was een van die grootste gebeurtenisse in die Duitse literatuurgeskiedenis, en word tans nog gereeld herdruk.

Die motief vir die 1983 vertaalopdrag was dienslewering aan die kerkvolk. Daarom was 'n taalkundige, prof. W Kempen, ook lid van die vertaalkommissie, soos prof. TT Cloete tans lid is van die hersiening van die psalmberyming.

1.4.4 Die metode en aksent van die 1983-1992 vertalings

Die 1933 en 1953 vertalings het direk letterlik vertaal uit die Hebreeus en Grieks as oorspronklike tale, grammatikaal op die woord af. Dit maak die vertalings enigsins stywer, minder vloeibaar as die gewone alledaagse spreektaal en meer formeel. Net twee voorbeelde:

1 Ons lees in die OT: *en hy het sy oog op haar geslaan*. Dis 'n direkte konkordante, presies grammatikale korrekte vertaling. Die nuwe, ietwat meer dinamies ekwivalente moderne vertaling lui: *en hy het na haar gekyk* – vir almal duideliker en veral vir die jonger geslag.

2 *En hy het by haar ingegaan* – OT. Nuwe vertaling: *en hy het met haar gemeenskap gehad, haar bevrug*.

Die 1983-1992 vertaling se opset is om, getrou aan die inhoud van die teks en sy verband, konteks, duideliker, so verstaanbaar as moontlik te maak sonder om die inhoud en die bedoeling geweld aan te doen. Ons beskik oor direkte getuienis van lidmate van ons kerk wat hierdie winspunt in hulle Bybelstudie lewend en dankbaar ervaar.

Die 1983-1992 vertaling was in alle geval geensins bedoel as vervanging of in teenstelling met die 1933 en 1953 vertalings nie, maar 'n toevoeging tot die gevestigde.

1.4.5 Geen Bybelvertaling is allerfinaals, volmaak en gekanoniseer nie.

Gods Woord as sodanig is volmaak en onveranderlik. Die vertalingswerk bly egter mensewerk,

inklusief al die probleme daaraan verbonde, en tog dra die geskrewe Woord God se volledige boodskap oor.

Dis net die Roomse Kerk wat 'n *bepaalde* vertaling as die enigste, die finale en die heiligste verklaar het. By die groot Roomse Konsilie van Trente in 1546 v.v. is besluit dat die Vulgaat as standaard Latynse vertaling finaal is en geen ander vertaling naas dit gebruik mag word nie. So lyk 'n Rooms-Kerkistiese fiksering aan *een boek*, ook genoem bibliolatrie.

1.4.6 Die opdrag en motief tot die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling

Wie was die vertalers?

As ons die deursnit van hierdie vertalers onder oë neem dan beseft ons dadelik dat dit wetenskaplikes van gereformeerde integriteit was. Dit is onmoontlik dat hulle hulle sou leen vir 'n vertaling waarvoor liewe, goeie lidmate 'n verdoemende oordeel sou moes uitspreek, soos wel soms die geval is. Prof. EP Groenewald was die voorsitter en finale arbiter, 'n behoudende NT vakman ook in al sy Bybelkommentare, en 'n Christelike volkse patriot tot en met. Hoe lyk en wat sê die studente wat hy gelewer het?

Bogenoemde geld ook van prof. Frikkie Botha, NT Teologiese Fakulteit B, Pretoria, prof. PA Verhoef, Stellenbosch; prof. JL Helberg, PU vir CHO, om enkeles te noem.

Dit sou onverantwoordelik wees om te insinuer dat hierdie span, sondaars soos ook hulle was, 'n kerkondermynende produk sou skeep, soos 'n vyeboom wat dorings en distels lewer.

1.4.7 Die praktyk in die Gereformeerde Kerk

Ons het gesprekke gevoer met voorgangers in hierdie kerk omdat ons weet dat hulle o.a. geesgenote is wat die Skrifbeskouing betref. Hulle sinode het besluit om die 1983-1992 vertalings naas die 1933 en 1953 vertalings parallel en aanvullend te gebruik. Prof. GJC Jordaan van die Teologiese Skool, Potchefstroom, stel dit soos volg (hy is prof. in NT vakke):

Die vertalingsdoele van die 33/55 en die 83/92 Afrikaanse Bybelvertalings

Na die voltooiing van die 1933-vertaling skryf Totius: "Hier het ons nou eindelijk 'n vertaling vir die kerke". In die voorwoord van die 1983 vertaling skryf die vertalers dat dit 'n vertaling is "waardeur die Afrikaanssprekendes aangespreek word buite en binne die kerk".

In die 1933-53 vertaling het ons dus 'n vertaling VIR DIE KERKE, waarmee bedoel word vir die gelowiges. Die vertaling is juis bedoel vir die gelowiges, omdat hulle in hul Bybelstudie, in die

prediking en in die teologie besondere belang het daarby hoe die Bybel aanvanklik in die oorspronklike tale op skrif gestel is. Derhalwe is 'n meer letterlike vertaling vir gelowiges van groot betekenis. Ek kan my dus voorstel dat die 1933/53 vertaling beter ter begeleiding van preke met 'n sterk eksegetiese onderbou in die ereidiens gebruik sal word. Preke met 'n minder sterk eksegetiese onderbou mag dalk die 1983-vertaling ter begeleiding gebruik, maar wie die 1933/53 vertaling met sy meer letterlike aanslag uitban, is besig om die kerk maar net aan die oppervlak besig te hou.

In die 1983-vertaling het ons 'n vertaling nie net vir mense "binne die kerk" (dus: vir gelowiges) nie, maar ook daarbuite (dus, ook vir ongelowiges). Op die sendingveld, by evangelisasie, orals waar mense vir die eerste keer met die Woord van God in aanraking kom, is die primêre belangstelling meer ten opsigte van WAT gesê en beskryf is, maar nie in HOE dit gesê en beskryf is nie. In sulke situasies kan 'n vertaling soos dié van 1983/92 vrugbaar gebruik word. Die belangstelling in die manier waarop dit in die oorspronklike gesê word en beskryf word, kom immers eers later, as aktiewe lidmate van die kerk.

Hy vervolg ook: *Maar ook aktiewe kerklidmate bevind hul dikwels in situasies waar die HOE meer op die agtergrond en die WAT sterk op die voorgrond staan. Ek dink aan Skriflesing by die aanvang van 'n vergadering of by die opening van 'n skool, Skriflesing by sending of evangelisasie, Bybelles vir kinders onder twaalfjarige leeftyd. In sulke gevalle kon die 1983-vertaling wel met vrug gebruik word. Tot sover Jordaan. Vgl. Die Kerkpad Jan. 1998 bl. 7. Vgl. ook Die Kerkpad, Nov. 1997, prof. Jordaan oor "Watter vertaling van die Bybel?" bl. 6.*

Daar is ook baie tekste in die 1983-92 vertaling wat duideliker en beter is as die 1953 vertaling. Ons noem net een goeie voorbeeld:

2 Kor 5:20 Die 1953 vertaling lui (deel van die teks) *laat julle met God versoen*. Dis nie semi-pelagiaans bedoel nie, maar kan, soos dit nou lui, impliseer dat die mens self eers moet besluit om hom te laat versoen, wat die waarheid van die onweerstaanbare, soewereine genade van God in die verlossing twyfelagtig stel. Die 1983/92 vertaling stel dit meer finaal as soewereine genade deur God wat **voltooi** is en geglo moet word: *aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het*.

1.4.8 Gevolgtrekking

1.4.8.1 Bybelvertaling, en die beoordeling van Bybelvertalings is gespesialiseerde teologies wetenskaplike werk en ons kerk moet ook in hierdie opsig op die voorpunt van die tye wees, en op standaard in die teologiese gesprek. Ons Kommissie vir Bybelvertaling beantwoord aan

hierdie vereistes.

1.4.8.2 Die KKCE kan met vrymoedigheid en waardering op bg. grond (punt 1) die bona fides van die KBV aanvaar in hulle beoordeling van die 1983 en 1992 verbeterde vertaling. Ons het geen keuse as om hulle verslag, Sakelys 1997, bl. 210 punt 3.1 te onderskryf nie.

1.4.8.3 Die antwoord van die KBV met betrekking tot die beskrywingspunt van die ring van Beaufort-Wes en Heidelberg, Sakelys 1997 bl. 210-213 word ook deur die KKCE onderskryf omdat ons by die feite en die waarheid moet hou.

Ons het die hoogste waardering in broederlike liefde vir ons lidmate en ampsdraers wat voorbehoude het oor die 1983-1992 Bybelvertalings. Ons waardeer dit opreg dat hulle met jaloersheid wil waak oor die suiwerheid van die Woord van God. Ons is op een golflengte. Hulle moet hulle egter in liefde begelei om te besef dat die oorsaak van hulle onrus 'n valse probleemstelling is, d.w.s. met die beste bedoelings maak hulle verkeerde gevolgtrekkings oor genoemde Bybelvertalings.

Dis onmoonlik dat die KBV ons sou lei tot die aanvaarding van 'n Bybel wat die onfeilbare Woord van die Here se inhoud sal skeef trek. Wat is daar ook in die Vertalings van 1983/1992 wat anders is en ontbreek in vergelyking met die 1953 vertaling? Waar is die voorbeelde om konkreet te wees, en watter tekste behels uitdruklike leerdwaling?

1.4.9 AANBEVELINGS

1.4.9.1 Die sinode handhaaf sy besluit dat die 11de uitgawe, tweede druk (1992) van die Afrikaanse Bybel steeds as 'n vertaling tot toeligting saam met die 1933/53 vertaling gebruik word.

1.4.9.2 Die KBV stel 'n bevatlike voorligtingstuk op wat die nodige toeligting gee met betrekking tot die redes waarom bogenoemde besluit 1.4.9.1 sinvol is. Dit sou ook in *Die Boodskapper* kan verskyn.

1.4.9.3 Welwillende broederlike gesprek word gevoer met lidmate wat nog besware het teen die 1992 Bybelvertaling. Die motief hiervan is om duidelikheid en rustigheid in die gemoedere te bring en die voortslepende gesprek oor hierdie tema tot 'n gelukkige einde te bring.

1.5 Woord in aksie

1.5.1 'n Voorstel is ingedien deur ds. DJ Malan en ds. NJ Groenewald dat die KKCE deeglike ondersoek instel na die leringe en aktiwiteite van hierdie groep en die sinode het die voorstel goedgekeur (Handelinge 1997, bl. 298). Ons het ook na die voorstel die versoek gerig dat alle moontlike inlig-

ting, veral skriftelik ter wille van kennisname van hulle standpunt aan ons deurgegee moet word. In Bloemfontein kon ons nie op hulle spoor kom nie. Ons is daarvan bewus dat bogenoemde twee leerars in hulle gemeentes probleme met hulle opgestel het.

Ons het in alle geval geen gegewens gehad op grond waarvan ons aan die voorstel kan voldoen nie.

1.5.2 Die NG Kerk hieroor. Ons het so pas (begin Mei) op die spoor gekom vanuit die Handeling van die Algemene Sinode van 1998. Die Algemene Sinode dra dit op aan die kommissie vir Leer en Aktuele Sake om 'n inligtingstuk oor die aksies en leer van *Woord en Aksie* op te stel en 'n eksemplaar aan elke gemeente te stuur.

Dis toe ook vasgestel dat die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die NG Kerk Wes- en Oos-Transvaal studiestukke hieroor opgestel het.

SKLAS van die Algemene Sinode het toe om tyd te bespaar die uitgawe van Oos-Transvaal gebruik om 'n eksemplaar aan elke gemeente te besorg.

AANBEVELING

1.5.3 Die opdrag aan die KKCE oor hierdie aanleentheid word gekontinueer en inligting in hierdie verband moet aan die nuutbenoemde kommissie van sinode 1999 deurgestuurd word. Ons kerkkantoor sal enkele afskrifte hierbo genoem bekom (NG Kerk Oos-Transvaal) en beskikbaar stel.

1.6 Die gravamen van dr. JH Ellis

1.6.1 Vgl. Sakelys, sinode 1997, bl. 125 v.v. vir die volledige gravamen, en Handeling 1997, bl. 281, 4.1.1 vir opdrag.

Vgl. ook *Studieverslag van die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek* oor karate; Sakelys, sewende Sinode, Sept. 1995 bl. 75 e.v., waarteen die gravamen gerig is.

1.6.2 In die gravamen se inleiding bl. 125 (Handeling 1997), gaan dr. Ellis uit van die standpunt dat alle vorme van karate taboe is, sonder uitsondering. Dan stel hy **drie vrae** nl.

1.6.2.1 Waarom is die saak van karate so belangrik en moes daar tot 'n spoedige besluit daaroor gekom word?

Antwoord: Die sinode het dit so belangrik geag. Drs. Botes wys in sy studiestuk oor karate (sien Sakelys 1995, bl. 82) op die beskrywingspunt oor karate op die sinode van Parys in 1990, asook na die Sakelys 1993, punt 3.2.1, bl. 88 en Handeling 1993, punt 3.2.1, bl. 245. Hierdie verwysing is op bl. 79 van die 1995 Sakelys. Hier wys hy juis op die

feit dat die *sinode* se opdrag was om 'n in *diepte studie* van karate te maak. Die saak loop dus in die sinodale agenda vanaf 1990 in terme van opdrag, en daarvan is die 1995 KKCE verslag die gevolg. Daar was geen haas nie, behalwe dat die kommissie gehoorsaam was aan sinodale opdrag.

1.6.2.2 Vraag 2 in gravamen, bl. 125. Hy vra 'n meer gebalanseerde verslag oor karate wat *die negatiewe sowel as die positiewe elemente van karate bevat*. Dis veelseggend dat dr. Ellis hier, in stryd met sy inleiding ook *positiewe elemente van karate* erken. Ons pleit dan juis vir meer objektiewe-wetenskaplike waardering van die *positiewe* van hierdie sportsoort.

Die 1995 KKCE verslag is nie ongebalanseerd nie en vergelyk hiervoor par. 16, bl. 80 van die Sakelys 1995 onder die titel: *Kritiese waarneming en waaksamheid is die wagwoord*.

Oor die persone hier genoem wat karate gelos het, sluit ons nie die oë daarvoor nie, maar drie swaeltjies maak nie 'n somer nie. Dit kanselleer *nie* die feit dat duisende Christenbelyers in woord en daad hierdie sportsoort onbesproke beoefen nie.

1.6.2.3 Vraag 3 in gravamen. Ons antwoord positief op dr. Ellis se kritiese vrae soos volg, en wel op grond van empiriese data:

Ja, daar is baie beoefenaars ook in die RSA wat dit losgemaak het van sy Oosterse wortels. Ja, dit is in bg. positiewe gevalle onafhanklik as 'n verwerterde sportsoort. Die wortels met die Ooste is afgesny omdat die tegniek van karate in 'n westerse milieu beoefen is en die sg. Oosterse dampkring as vanself verdamp het. Vgl. later in hierdie verslag die Afrikaanse sportberigte oor karatewedstryde.

Vierdens, dr. Ellis se verwysing na sakwapens, knielhouding en die kreet in verouderde besware wat blyk uit wetenskaplik verantwoorde persoonlike belewenis van karate deur kundige beoefenaars wat Christene is en bly ook t.o.v. hulle sport.

1.6.3 'n Onvolledige aanhaling in die gravamen uit die KKCE verslag

Dr. Ellis vervolg: Die KKCE *sê self karate is omhul met die totaliteit van die Oosterse godsdienste* (Sakelys bl. 76). Die woord *totaliteit* kom glad nie voor in die KKCE verslag nie, en verder is die aanhaling onvolledig sodat dit nie aan die konteks en bedoeling van die KKCE reg laat geskied nie. Die korrekte stelling van die KKCE is (bl. 76):

Een van die kernsake wat die aandag moet geniet is in hoeverre karate in die RSA beoefen word onder die beïnvloeding en beademing van die Oosters-heidense religie, waaronder die Zen-Boeddhisme. Andersyds moet deeglik vasgestel word of dit hier te lande as onafhanklike sportsoort

ontstrenge en geëmansipeer is van die lande van oorsprong, sodat dit te simplisties is om dit subiet as 'n heidense praktyk te verwerp.

Dr. Ellis weet tog dat dit juis die laaste gedeelte is van die KKCE se verslag wat die bewys lewer dat karate ontstrenge en geëmansipeer is van die Ooste, soos dit ook deur baie Suid-Afrikaners beoefen word. Dit bied die regte balans aan die betrokke paragraaf. Wat meer is, in 1999 het ons baie meer empiriese bewyse van die Westerse ontstrenge en selfstandigheid van karate hier te lande soos deur ook baie van ons volksgenote in die alledaagse normale gang van hierdie sportsoort konstuktief beoefen.

1.6.4 Die ontstaan van karate – Gravamen bl. 125-126;

Karate in die Oosterse godsdiens – bl. 126 – 127.

Hierdie feite is ook in die KKCE verslag 1995 gestel en is-aanvullend tot die wat daar gestel is, in sover dit nie dupliseer nie. Dis interessant maar nie ter sake vir die kernargument waarom dit hier gaan nie omdat die Oosterse godsdiens empiries geen rol speel in die karate soos dit deur baie van ons eie mense beoefen word nie. Ons moet maar ter wille van verheldering die moeite doen om besoek af te lê in die oefensale van hierdie sportsoort waar ons mense die afrigters is, soos ons self gedoen het.

As mens bv. die karate-afrigting en -kompetisies in die Callie Human sportsentrum op die UOVS-kampus bywoon, waarin dr. P le Roux, NG ouderling, Bloemfontein-Wes, 'n prominente rol speel, besef jy dat die gravamen se gegewens oor karate en die Oosterse godsdiens net nie-ter-sake interessante feite is wat inpas by die godsdienswetenskap.

Die bewering op bl. 127 dat die simbole wat op sertifikate, lapelwapens en briefhoofde in SA verskyn is om daarmee hulle *verbintenis met die Oosterse mistiek te erken en te bevestig* (eie kursief). Die Christen-karate beoefenaars wat hierdie stelling lees vind dit vreemd en onbegryplik, in sover dit enigsins by hulle 'n rol speel.

Die verbintenis met Japan is slegs histories van aard, want tegniek is van Japan ingevoer, soos rugby en gholf van Engeland. Die Japanse topspan het vir die wêreldbeker rugby gespeel in Bloemfontein en ons spanne het al teen die Oosters Fidjis gespeel – laat staan nog die krieketspanne van Indië en Pakistan.

As ons in terme van die tegniek so 'n rits van goedere invoer vanuit Japan (en Taiwan), afgesien van konsulaatsbande, is daar geen beswaar daarteen dat ons die *tegniek* van hulle karate ook benut nie. Die tegniek van vingerafdrukke deur die Sjinese ontwikkel, eksklusief, is deur die Westerse nasies oorgeneem en as ons dit op die dokumente

vaslê kry ons vingers nie demoniese krampe nie. Toe die SA weermag in die Caprivi heidense Boesmans gebruik het om suksesvol teen die vyand spoor te sny was dit nie demone wat hulle gehelp het nie. In Japan is terloops ook Protestantse en met name gereformeerde Christene.

Hierdie paragraaf oor karate in die Oosterse godsdiens verval dus in die geheel as nie ter sake nie, ook die opmerkings 1-5, bl. 127 oor die simbole.

1.6.5 Die kreet (Mantra) – Gravamen, bl. 127.

Wat die kreet as sodanig betref is die interpretasie en inkleding daarvan soos in die gravamen gestel en ingeklee nie die van die Christen beoefenaars van karate in die RSA nie tensy ons blatant beweer dat hulle lieg. Die gravamen stel selfs dat *hy in die gevaar staan om hom demonies te verbind*. Die fisiese en psigologiese funksie van die kreet word deur sportafrigters anders verklaar en kom baie voor in fisiese sport, sonder demoniese implikasies, ook nie by Monica Seles se tennis nie. Wat presies sê die All Blacks met hulle haka? En die studente se strydkrete dat die sinkplate omkrul op interuniversitêre kompetisies. Die Kovsies (UOVS) se strydkreet is van die tweede dekade van hierdie eeu af 'n rits Indiese woorde.

1.6.6 Die selfverlossingsleer van die Zen-Boeddhisme en SA karate – Gravamen bl. 127.

Dis gewaagd en onregverdig om die 5 steleëls soos hier gegee as interne reëls vir selfdisipline op ons eie mense toe te pas as selfverlossing wat geensins so bedoel en verstaan word in die RSA-konteks nie, want hulle bely hulle verlossing in die lig van die Woord van God, soos ook later in hierdie verslag sal blyk. Ons mag nie ligvaardig spronge maak vanaf interne sportdisipline na die persoonlike geloofsoortuiging nie.

Dit gaan in die 5 punte oor toespitsing op die sportbeoefening as sodanig, met die eweknie ook in dit wat die afrigters van die topspanne voorhou aan bv. 15 rugbyspelers e.a.

1.6.7 Karate-oefeninge – Gravamen bl. 127, 128.

In die lig van die karate-oefeninge soos deur ons eie mense beoefen in die saal moet ons waarheidsliwend verskil van die gravamen se interpretasiespronge hier gemaak. Gewone, tipiese karate-prosedure as die van 'n sportsoort op sy eie word gemaklik aan die Zen-Boeddhisme gekoppel, aan die Oosterse tempels, aan die heilige gebou, aan aanbidders wat die skoene moet uittrek, die mat waarop hulle oefen is heilig, en die ontblote voete het 'n kultiese betekenis. Dan mond die prentjie maar weer uit in die moontlikheid dat hy aan bo-natuurlike magte blootgestel kan word wat demonies van aard is. Vgl. hieroor die latere empiriese getuienis van karatekers vir wie die bg. scenario totaal vreemd is in hulle karatepraktyk. As

die gravamen met die waarheid geklop het sou karate net soveel of meer geestelike krisis in ons gemeenskap en kerke veroorsaak het as die satanisme.

1.6.8 Wat sê die Bybel? – Gravamen bl. 128

Hier bied dr. Ellis pragtige toepaslike tekste oor waaksaamheid en verset teen die duivel, en as ons dit sou uitlewe jaag ons die gruwel tog die harnas en die duivel in. Hy is die listige ou slang. Hier is egter weer 'n wensdenkerige gemaklike sprong aan die orde as dr. Ellis die vraag stel: *Kan karate losgemaak word daarvan? Dit wil nie so voorkom nie aangesien dit deurspek is van die Oosterse godsdiensaanbidding – tot sover.*

Die *deurspek* is in die oortreffende trap, en spek kan nie deur die see afgewas word nie. Dr. Ellis se probleem is dat hy net met die donker bril in die skemerte *alle* karate oor een kam skeer. Die onbevange Christen karatemense sorteer nie onder sy bg. gêteisterdes nie en hierdie stelling loop van hulle af soos water van 'n eend af of soos die duivel se toorensens van 'n speklaag. Hulle is nie in ds. Ellis se teikengebied nie.

1.6.9 Getuienis van oud-karatekas – Gravamen bl. 128

André van Niekerk, G van der Hoven en Tilly Coetzee

Ons aanvaar dat hulle die inligting korrek weergegee het soos *hulle* dit ondervind en geïnterpreteer het.

'n Mens se eie prognose en interpretasie is nie altyd korrek nie, en goeie pastoraal-sielkundige terapie het dit al dikwels bewys. A van Niekerk sê bv. dat sy somber gedagtes (ook selfmoord) *later* weer oordink is en tydens die *later* besef dat dit vir my soos 'n demoniese binding was. Dit was toe later sy vermoede en interpretasie.

G van der Hoven erken dat van die skrywer teen karate amateuragtig te velde trek en dat hulle stellings nie gestrook het met wat hy prakties in die klub ervaar het nie. Hy stel ook dat toe hy karate beoefen het, *het ek met baie toewyding geoef en 'n groot liefde daarvoor ontwikkel. In kampioenskappe het ek uitgeblyk en telkens 'n goue of silwermedalje verower.*

Vraag: Wat sê bg.? Toon dit dat karate so beoefen kan word, nie-problematies, of sou dit volgens die trant van die gravamen juis 'n demoniese fase gewees het dat 'n man so 'n gruwelike sportsoort so positief ervaar het? Ons moet net die groottoon by die oor kry.

Hy het toe later die geheimsinnige wolkvisioen gehad en die openbaring geïnterpreteer as 'n getuienis teen sy karate. Dit is irrasioneel en misterieus en al wat 'n mens kan sê is dat **die Here**

weet hoe en wat.

Tilly Coetzee – bl. 130

Misverstande: Wat sy as die gevare van karate beskou, veralgemeen sy weens gebrek aan inligting oor alle mense wat die sport beoefen. Sy skrywe dan: *Hoe kan 'n kind van God ooit met 'n sport saamgaan wat in 'n dojô, (die plek van die weg), ...ek kan amper sê okkulties beoefen word. Hoe kan ek as kind van God met meditasie saamgaan, waar jy geleer word om alles uit jou gedagtes te kry, om sodoende op 'n stadion ... met bonatuurlike magte kontak te maak. Sy vervolg: Hoe kan ek ... met 'n harde, amper duiwelse gesigsuitdrukking sekere katas beoefen?*

Watter bo-natuurlike magte? Dis vaag gestel en geld geensins vir Christenmense wat die sport beoefen nie. Weer 'n foutiewe veralgemening.

Wat die gesigsuitdrukings in karate betref, lewe Tilly klaarblyklik in 'n droomwêreld. Het sy al op TV gesien of elders hoe lyk die gesigsuitdrukings van toptennisspelers vanaf McEnroe tot Agassi en Seles, en die van die rugbyspelers in die skrum of duikslag? Praat nie van boks en stoei nie! Wat van die fanatici op die pawiljoene veral i.g.v. sokker en rugby? Is dit ook demonies of leef sekere in 'n nuwe droomwêreld insake die werklikhede?

1.6.10 Wat sit agter alles? – Gravamen bl. 120

Hier is dr. Ellis weer direk aan die woord oor die gevaar dat ons 'n Islamland gaan word, en motiveer dit in 'n hele paragraaf. Hoe hierdie betoog per abuis in die gravamen beland het is vir ons 'n raaisel want dit het geen verband met die tema van die gravamen nie. Dit was wel interessant as intermezzo uit die blou lug om die spanning te breek.

Hoe vergelyk die Islam en waar pas hulle in in die historiese aspek van karate soos dr. Ellis dit stel? Is Japan en *daardie* Ooste dan nie die bron van gevaar soos hier aan ons voorgehou is nie, en waarom die Islam uit die bloute neersit om krag by die argument te voeg. Dit terwyl daar geen staving is van die verband met Islam-karate nie.

Die Boeddhisme is 'n ander saak en is tersake in die Oosterse kultus, maar die Islam behels nie direk 'n karategevaar nie, hoe radikaal ons ook al van hulle verskil.

1.6.11 Die rede vir die beswaarskrif – Gravamen, bl. 130

Dr. Ellis stel dat hy met die gravamen *dit probeer duidelik maak dat karate in sy geheel nie van die Oosterse Zen-godsdiens losgemaak kan word nie. Daar is nie net sekere karatestyl wat daaraan gekoppel kan word nie, maar karate in sy geheel.*

Hier is dus weer die ongenuanseerde veralge-

mening wat nie eksakt korrek is nie en dit met die toevoeging dat baie dit gelos het uit godsdienstige oortuiging *nadat hulle deur die Heilige Gees oortuig is dat dit verkeerd is.*

Dit sou moes beteken dat die Heilige Gees hulle oortuig het ten spyte van hulle foutiewe, onwetenskaplik uitsprake oor karate en so werk die Heilige Gees nie. Wat van die toegewyde kinders van die Here, ook in gereformeerde gemeentes wat karate onbevange beoefen? Het die Heilige Gees van hulle gewyk soos in die geval van Saul en het hulle die Heilige Gees bedroef of Hom teëgestaan?

Die getuienis van bg. Christene kom later in hierdie verslag na vore. Die gebed en belydenis van Ps. 139 wat net moontlik is as die Heilige Gees daartoe besiel gaan immers gepaard met die *waarheid* na alle kante. Ook die *skadelike weg* wat hier ter sprake is moet korrek gelees word, terwyl ons almal saam stelling inneem teen alle uitinge van die sonde.

1.6.12 Dr Pieter le Roux, UOVS, oor karate

1.6.12.1 Curriculum vitae

Pieter Andries Louis le Roux.

Beroep: Dosent aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Gebore 1951/09/03 op Williston.

Matrikuleer aan die Hoër Landbouskool Jacobsdal.

Verwerf B.Sc. Agric., B.Sc. Agric, Honneurs, M.Sc. Agric. En Ph.D aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat..

Begin karate oefen in 1969.

Gradeer 1e dan swartgordel in 1974.

Gradeer 6e dan swartgordel in Parys, Frankryk, in 1998.

Rig karate af sedert 1972.

Voorsitter van Vrystaat Karate onafgebroke vir ongeveer 10 jaar.

Lid van Nasionale Bestuur gedurende 1982 en 1983.

Nasionale toernooi fasiliteerder 1998.

Lid van die NG Kerk.

Betrokke by NG Kerkrade 1985 –

Diaken en ouderling Wilgehof.

Diaken en ouderling Bloemfontein-Wes.

1.6.12.2 Erika van Rooyen het vir *Die Kerkbode* (NG Kerk) 'n ondersoek ingestel en kom tot die volgende konklusie: karate is 'n gevegskuns van Oosterse oorsprong wat vanweë sekere gebruike

nog altyd deur sommige Christene met wantroue bejeën word. Karate het egter veral te doen met selfdisipline en deurstellingsvermoë en hoef nie 'n Christen se geloof in gedrang te bring nie. (*Die Kerkbode* 19 Sept. 1997.) Sy verwys soos volg na dr. P le Roux (sien sy CV bo):

Dr. Piet le Roux, ouderling in die Ned. Geref. Gemeente Bloemfontein-Wes en senior lektor in Grondkunde aan die Universiteit van die Vrystaat, het 'n vyfde dan in karate. Hy sê omdat karate van Japannese oorsprong is, het dié sport Japannese gewoontetjies. Die mistiek daaraan probeer die toewyding waarop karate berus, oordra.

"Die beginsels van karate is toewyding en dissipline. Dit is 'n tegniese sport soos gholf. Rugbyspelers bereik ook 'n hoë vlak van konsentrasie in die beoefening van hulle sport. Omdat karate uit kort gevegte bestaan, word 'n baie hoë vlak van konsentrasie gehandhaaf en dit is bevorderlik vir algehele menslike ontwikkeling."

Hy sê die feit dat die deelnemers vir mekaar buig, is maar net 'n manier waarop respek betoon word. Dit is soortgelyk aan die bulgery in 'n hof.

Hoe hard 'n mens in karate probeer, is belangrik, sê dr. Le Roux. "Dit is verbasend hoe sterk die mens is en dat hy eintlik bomslike kragte kan openbaar. 'n Gemiddelde man kan 'n driehonderd vierkante millimeter betonblok breek. As al 'n mens se spiere saamwerk, is jy tot baie in staat. Ons karatemanne is nog baie agter by die optimum vermoë in menslike krag. 'n Mens kan jouself baie hard dryf."

Op die vraag hoe die Christen na karate moet kyk, sê dr. Le Roux dat karate baie help om toewyding by mense te bevorder – wat juis ook in die uitlewing van Christenskap van die grootste belang is.

1.6.13 Dr. P le Roux het ook, na lang gesprek met die KKCE op versoek die volgende voorlegging gedoen, wat insluit kommentaar op die gravamen.

1.6.13.1 **Waarom hoor ons nie van mense wat van rugby, gholf en ander sport bevry word nie?**

Miskien omdat daar nie mistiek aan die sportsoorte toegedig word nie. Karate is 'n liggaamsoefening net soos ander sportsoorte, maar anders as by ander sportsoorte en ten spyte daarvan dat kenners soos Nakyama (soos tereg aangehaal in KCEI) dit uitdruklik stel dat karate nie mistiek bevat nie, dig die oningeligte nog steeds mistiek daaraan toel Sodoende word karate 'n sondebok gemaak.

Indien die kenners nie mistiek aan karate toedig nie, waar kom dit vandaan? Ons ervaar dikwels dat die publiek verwonderd is wanneer hulle karateka sien vertoon. Tog sien ouers hulle kinders, vrouens hul mans en mans hul vrouens ontwikkel tot die vermoëns wat hulle aan die begin nie kan glo nie.

Dan is dit niks snaaks nie – dit is verklaarbaar. Onlangs keer 'n kollega my voor en vra met verbasing hoe ek dit regkry om so hoog te spring. Hy het 'n foto van 'n hoë skop gesien. Eintlik is dit eenvoudig want eerstens oefen ek al 30 jaar daaraan en tweedens weet ek na 30 jaar wat lyk goed op 'n foto en siedaar, my kollega sien bonatuurlike vermoëns.

Miskien kan die onkunde van die publiek toegeskryf word daaraan dat karate dikwels bekendgestel word deur voorwerpe te breek en byvoorbeeld iemand teen die wang te skop. Dit skep moontlik die indruk dat die vermoë oornag ontwikkel is. Hierdie vermoëns is streng gekorreleerd met die oefenprogram.

Die kreet wat geuiter word, is terloops nie KIA nie. Elkeen maak maar sy eie geraas. Die gesprek rondom die kreet kan seker na Monica Seles daar gelaat word. Sy skree om dieselfde redes as karateka. En terloops sy is al gewaarsku dat sy nie so mag skree dat dit die opponent afsit nie! In karate is dit deel van die idee dat die opponent moet bang word.

Die publiek is ook nie onskuldig nie. Mense soek dikwels die mistieke uit om hulself mee te vermaak. 'n Voorbeeld is die twee jong dames wat by 'n karateklub wou aansluit. Hulle versoek was om in die bestek van 'n maand soos 'n filmster (ene Purdey van die sewentigs) te kan skop. Hulle het twee foute gemaak. Eerstens kan die spesifieke ster nie karate doen nie. Iemand doen die gevegstonele in haar plek. Tweedens is die tweede persoon intensief geoefen in karate. Daar is regtig niks snaaks aan Purdey nie, in elk geval niks karate-snaaks nie!

Verder word karate miskien as mistiek gesien omdat dit lyk na sinnelose herhalings. Dit is nie so nie. Die oefenprogramme is baie spesifiek. Dit is haarfyn deur Japannese uitgewerk reeds voor 1950. Westerlinge staan nou ook nie meer vir die Japannese terug nie en baie goeie bydraes kom deesdae van Westerlinge. Hierdie bydraes is veral op hoër vlak. Daar is maar min Westerlinge wat onder die strawwe oefenprogram van die Japannese kon uithou. Die oorgrote meerderheid Westerlinge wat karate probeer doen het in Japan was gou terug met baie geldige verskonings. Vordering in karate vereis dissipline. Hierdie hoë vlak van dissipline word soms deur die publiek gesien as onnodig. Daarsonder kan karate egter nie. Omdat die hande en voete van karateka later dodelike wapens word, is dissipline belangrik. Stel uself 'n gewesenskut voor wat op die skietpunt nie dissipline handhaaf nie. Saam met die dissipline gaan toewyding.

My eie ondervinding is 'n voorbeeld. Nadat ek vir dertien jaar met groot toewyding rugby gespeel het (ek het nooit 'n oefening gemis nie), het ek besluit

om dit vir karate te ruil. Na 'n tydperk van afwesigheid van die rugbyveld moes ek die koshuis uithelp in 'n wedstryd. Groot was my verbasing dat ons 'n "wedstryd" oefening het en nie eers intensief tegnieke oefen nie. Dit is soos dit in karate gedoen word (en deesdae in rugby). Rugbyspelers was nie daaraan gewoond nie. Die meeste spelers het selfs die fiksheidsoefeninge traag gedoen – 'n houding waarmee daar in karate geen vordering sou wees nie. Anders gestel – 'n mens kan nie sosiale karate doen soos jy sosiale tennis kan speel nie. Karate verg net te veel konsentrasie. Wat motiveer mense om eenvoudige karate oefening oor en oor te doen? Presies wat gholfers motiveer om oor en oor dieselfde bal te slaan of atlete wat die Comrades hardloop.

1.6.13.2 Dr. Le Roux se kommentaar op onderseke sake in die gravamen.

1 Karate-Zen en Shotokai: Verskeie klein groepe het afgeskei, sommige waarvan al groot geword het. Die Japannese Karate Assosiasie is onder die Japannese Dept. van Onderwys geneem en staan vandag as JKA gekend. Daaruit het sedertdien ook verskeie splintergroepe gevorm.

2 Hierdie omstandighede het ook gelei daartoe dat karate onder streng dissipline en intense toewyding geoefen is. Geen van die Oosterse kultusse is vandag bereid om karate te implementeer nie.

3 "Meditasie" beteken konsentrasie. Vgl. ook dié konsentrasie voor die stelskopper die bal oorklits of die gholf sy balletjie set. Karate-Zen word baie beperk beoefen – hoofsaaklik in die WP en Boland. Dit is 'n Suid-Afrikaanse organisasie sonder Japannese affiliasie of oorsprong. Die keuse van 'n naam is waarskynlik eerder gebore daaruit dat dit 'n besondere kleur aan die styl gee as om Zen-Boeddhisme aan te hang. Hierdie neiging om die uitsonderlike in karate te beklemtoon kom gewoonlik voor waar die bemarking van die karatestyl beklemtoon word.

Die Shotokaistyl is onbekend aan my. As woord bevat dit ook simptome van hierdie neiging. Die naam is afgelei van Shotokan wat die tradisionele naam vir JKA is. Beide die groepe het byvoorbeeld nog 'n vae beskeie bydrae gemaak tot die nasionale span, hoewel Karate-Zen administratief sterk is. Die vraag is of die karateka van die style veroordeel moet word omdat die naam daarvan die woord Zen bevat.

4 Persone wat karate gelos het, vgl. gravamen, bl. 125, pt. 2 – pt. 2.

a In my loopbaan het nie een van die beswaardes nog direk gesaghebbendes in karate genader oor die nadelige invloed daarvan nie. Ons hoor dit gewoonlik via 'n middelpersoon. Die aantygings

wat sulke persone maak kan dus nie opgevolg word nie. Dit is opvallend dat ten spyte daarvan dat die persone voorheen karate gedoen het hulle tegnies buite bereik is.

b Die persone wat karate gelos het deur geloofsoortuiging word algemeen as kenners van karate voorgelou, terwyl karatekenners as oningelig beskou word.

5 Kentekens, sakwapens e.s.m. Gravamen, bl. 125 by vrae 1.3. Kentekens is die mees erkende advertensiemedium! Die kniel is natuurlik nie beperk tot die Ooste nie en ook nie meditasie nie. Meditasie is net 'n spesiale poging om te **konsentreer!**

6 Ontstaan van karate, gravamen bl. 125. Veral op paragraaf vanaf "Hierdie katas is later ontwikkel," tot onder. Die verklaring is onwaarskynlik. Dit is ook nie van 'n erkende bron nie. Die opsomming in bylae KCE 1 is waarskynlik nader aan korrek. My ervaring van karateka is dat hulle baie praktiese mense is – ook die kenners! Die skrywer verwys ook na die verlede. Is sy inligting ook dat karate nie meer beoefen word in die mekka van Boeddhisme nie?

7 Gravamen, bl. 126. Gravamen lui: "Deur die verandering van die naam en ook die implementering van Dojo (die plek waar karate beoefen word) wat beteken "the place of the way" wou Funakoshi die klem in karate op die geestelike aspek, nl. die leerstellings van Zen laat val. Hierdie stelling is 'n aanname deur die skrywer. Indien Nakayama en Shugijura, opvolgers van Funakoshi, dit korrek oordra, verwys die woord "DO" (Japannees) of "WAY" (Engels) na die vyf beginsels. Hierdie beginsels, soos tereg gestel is in bylae KCE 1, behoort deel van enige godsdiens uit te maak, maar is op sy eie maar 'n skraal godsdiens. Ten opsigte van die tradisionele en afgesaagde stelling dat karate soos hier beoefen nog gewortel is in die Oosters mistiek, het ek nie die dokument nodig gehad om die stelling te voorspel nie.

8 Gravamen, bl. 126, regter kolom: "bring die beoefenaar in 'n geestestoestand waar hy onbewus is van homself en sy onmiddellike omgewing ..."

Wanneer die gholfers aanleë, konsentreer hy so en hoop hy om juis dit te bereik. Die mate waartoe hy van alles rondom hom kan vergeet wanneer hy speel, hang van sy konsentrasievermoë af. Dit verbeter saam met sy voordeel. Net so gebeur dit by karateka – konsentrasie verbeter saam met jou gradering.

9 Gravamen, bl. 127: "Alle karate in SA is ook geaffilieer met Japan, as dit nie so is nie mag niemand aan karatekompetisies deelneem nie."

Op papier ja, Die meeste style in Suid-Afrika is

egter tans van plaaslike oorsprong, Westers geaffilieer of by 'n Japannees geaffilieer wat in die Weste woon.

10a Gravamen, bl. 127 by "die kreet (Mantra)."

"Wat elke karatestudent van die eerste dag af moet leer om te gebruik wanneer daar 'n hou of 'n kap toegedien word."

Verwys verkieslik na houe, skoppe of blokke geëfen word. Die toepassing van karate op 'n opponent (toediening) maak 'n klein persentasie van die oefenprogram uit.

10b Die kreet en die gevaar om demonies verbind te raak. Gravamen, bl. 127. Dit lui "...as hy gesuiwer is in sy denke, as hy in 'n mediterende passiewe toestand verkeer – hy die gevaar staan om hom demonies te verbind."

Stel u voor die stelskopper maak gereed om pale toe te skop. Hy skuif sy hare reg, vra dan eers na 'n kam, kyk vir oulaas in die spieël en net voor hy skop teken hy eers sy naam vir 'n ondersteuner. Die uitslag is voorspelbaar. Hierdie stelling is niks snaaks vir sportlui nie. Bruce Fordyce wys na die vermoë van die atleet wat oor 90 km. gefokus moet bly! Dit is baie erger.

11a Gravamen, bl. 127. Die kreet KI en HARA vir KI-energie uit die keel en die maag, 5 cm. onder die naeltjie...

Dr. Le Roux gee die volgende antwoord in terme van wetenskaplike liggaamsbeweegkunde as vak:

Ki en Hara hou verband. Omdat die Hara die liggaam se swaartepunt is, vind ons die groot spiere in die menslike liggaam so gerangskik dat die liggaam effektief kan funksioneer. In tennis, krieket – meeste sportsoorte – is die sukses van die speler afhanklik van sy vermoë om die liggaam om sy swaartepunt te manipuleer en/of die swaartepunt te skuif. Is dit nie 'n kordaatstuk dat hoogspringers deesdae die swaartepunt tot buite die liggaam skuif wanneer hulle op hul geboë rue oor die dwarslat seil nie? Die rol van die swaartepunt en die spiere daarom is biomechanies belangrik in alle sportsoorte.

11b Gravamen, bl. 127: SA karate, Zen-Boeddhisme en 5 stelreëls

JKA-karate. Elke styl het sy eie kerngedagtes. Die idee dat hier van "selfverlossing" sprake is by Christenbeoefenaars is vreemd en vergesog. I.p.v. "die ware pad" van karate is die meer korrekte term: "die regte benadering."

11c Gravamen bl. 127 stel: "m.a.w. die beoefening van karate gaan nie soos om die sport nie, maar om 'n bepaalde filosofie."

Die vraag is waaroor gaan sport? Sportsielkundiges sê dit gaan oor karakter wat in kort respek vir

jouself en respek vir ander behels. Dit is so van die meeste sportsoorte. (Ek is onseker oor "sportsoorte" soos modderstoei en perdewedrenne.) Die sportsielkundiges is nie ver van die stelling "The ultimate aim of karate lies not in victory or defeat but in the perfection of its participants". Waarom speel mense rugby – om te wen? Hoewel al die verduidelikings oor Ki waar kan wees is dit vir my vars nuus. In karate word Ki verduidelik as die vermoë om die spiere en hulpsbronne van die liggaam so aan te wend dat dit effektief is in die beweging. In skyfskiet het die konsep betrekking daarop dat die koeël in die regte rigting gaan – die lê, die staan, die oog, die leun – alles op een punt gefokus. Dit is Ki.

Dr. Ellis moet net die bepaalde filosofie beter kwalifiseer en tog nie net nog 'n keer sê dis Oosterse mistiek nie.

12 Gravamen: Karateoefening, bl. 127-128.

Die prosedure is naasteby korrek beskryf. Daar is egter 'n verdagmakery te bespeur, en die gebeure word onbillik net in 'n somber en negatiewe lig weergegee. Vgl. bl. 128, gravamen.

a Die buigings word in min klubs formeel gedoen en is nie verpligtend nie.

b Die buigings kan ook vergelyk word met die buiging by die hofsaal of op Wimbledon voor die Koningshuis en dien ook dieselfde doel.

c Die sluit van oë word juis verbied om die idee by almal – karateka en publiek – die nek in te slaan.

d As dr. Ellis e.a. beweer dat al die style in die Za-Zen posisie (sittende meditasie) met die oë gesluit en met konsentrasie op die houding en asemhalingsbeheer sit – is dit hulle aanname op eie verantwoordelikheid – ons verskil hieroor.

e Gravamen stel: die oogmerk moet wees in karate "not to try to achieve your objective in spite of your partner, but to achieve it with him, allowing your energy to flow freely all the time and become one with his."

Is dit nie 'n mooi gedagte nie? Ek kry al meer die gedagte dat baie mense sport sien as 'n geleentheid om ander te verkleineer en hulself so op te hef. Dit is by baie sportmanne nie so nie en alle sportmanne veg daarteen.

f Gravamen lui: "en daar van die aanbieder sowel as die besoeker verwag word om sy skoene uit te trek voordat hulle die gebou binnegaan...."

Dit is ook so by hulle huise en terloops ook by my vriende op 'n besproeiingsplaas. Die gebruik hou die huis skoon. Vir die Christen karateker is in die saal geen heilighedskultus nie. In dieselfde paragraaf stel dr. Ellis "dat die beoefenaars van karate vroeër of later in 'n situasie kan beland waar hulle

aan bo-natuurlike magte blootgestel kan word wat dan ook demonies van aard is..."

Hier skyn dit asof na risiko verwys word. My ondervinding is dat die risiko kleiner is in karate beoefening as om te gaan rugby kyk. Hou in gedagte dat enige verbintenis van Boeddhisme met karate lank terug verbreek is.

13 Gravamen bl. 128-129. Wat sê die Bybel?

"...en die koppeling van karate met die afgode, en karate wat deurspek is van Oosterse godsdiensaanbidding."

Die stelling is vaag maar die aanslae teen karate as sport is geneig om vaag te wees, so asof dit nie iets spesifiek is wat hinder nie, maar meer die hele opset. Karate verskil baie van die tradisionele Suid-Afrikaanse sportsoorte, rugby, atletiek en krieket. 'n Mens kan byvoorbeeld nie karate doen voordat jy jou karateklere aangetrek het nie, maar jy kan atletiek doen sommer in jou gewone klere. Jy trek net jou skoene uit. Die tradisioneel Suid-Afrikaanse sportsoorte is moontlik om te beoefen en prestasie hang hoofsaaklik af van die talente van die speler. Die benadering het aanleiding gegee daartoe dat selfs nasionale rugbyspanne verbied was om te lank (1 week) voor toetse saam te trek. Dit plaas die klem op talent en weg van harde werk!

Karate is harde werk. Deur groot toewyding word tegniese vaardigheid eers ontwikkel (tot swartgordel vlak). Daarna word meer aandag aan strategie gegee. Hierdie voorvereiste word nie by ander sportsoorte gevind nie en daarom word die hoë vlak toewyding nie daar vereis nie maar as opsioneel beskou vir die "talentvolles". Toewyding tot die mate waartoe rugbyspelers ook nou dit doen was in die verlede 'n rareiteit en net by die kleiner, en veral tegniese, sportsoorte gevind. Nadat ek begin karate doen het was dit vir my ondenkbaar dat my koshuismaats kan rugby "oefen" sonder om die grootste deel van hul tyd af te staan aan die ontwikkeling van tegniese of vaardighede. Dit het nou verander. Ons ervaar ook gereeld dat sommige mense karate om verkeerde redes begin. Party wil leer baklei, ander wil dissipline leer en ander wil hulle selfvertroue ontwikkel. In die Suid-Afrikaanse konteks beteken selfvertroue te dikwels "ek kan hom/haar in 'n geveg wen". Uiteraard vaar die individue met bybedoelings gewoonlik swakker en staak die oefening onder dieselfde bybedoelings en dikwels met skade.

Insake André van Niekerk se stelling op bl. 129 van die gravamen wys ek daarop dat JKA en Shokukai twee style is en karateka verander net in uitsonderlike gevalle van die een na die ander omdat daar so baie saamhorigheid in 'n styl is. Vgl. hieroor ons ou rugby provinsies. Baie nuwe werk moet aangeleer word by 'n ander styl. Die motief hiervoor word

ongelukkig nie genoem nie.

14 Gravamen, bl. 130. Mej. Tilly Coetzee, ex-karateker.

Mej. Coetzee het haar leer teen die muur gehad wat aandui hoeveel beter sy as ander is i.p.v. hoe sy self vaar. Die verwysing na kampioenskappe gewen verwys na haar beter posisie ten opsigte van ander. Wat sou haar gradering wees – 'n aanduiding van persoonlike prestasie.

15 Die argument wat opgehaal word oor "slagoffers" van karate, en die "demoniese" wat byna aan alles toegevoeg word is juis die slagoffer van foutiewe interpretasie en weergawe. Ek wil daaraan toevoeg: Hierdie argument moet ook in die lig gesien word waarom hierdie persone karate beoefen het. Ek herroep 'n staaltjie van 'n student wat aangedui het dat hy Stan Schmidt so bewonder. Sy afrigter het 'n tikkie ekstremisme waargeneem en navraag gedoen. Uiteindelik, en moedeloos, het hy aan die student gesê: "Wanneer Stan Schmidt skeer en hy sny homself raak bloei dit soos ek en jy!" Die student wou dit nie aanvaar nie!

Ten spyte hiervan het die student na ongeveer nog een jaar karate gestaak. Ons ondervinding is dat sekere mense baie makliker deur die mistieke gemotiveer word. Hulle soek dus die potensiele mistieke uit om hierdie motivering uit te put. Onder hierdie persone, wat oral in die lewe voorkom, vind ons dan emosionele eerder as rasonale argumente en waardes.

1.6.14 Ds. Johann Smit se standpunt

Hy verklaar dat hy as Christen heeltemal vrede gemaak het met karate en dat hy nou 'n tweede "dan" daarin behaal het. Hy is leraar van die NG gemeente Bloemfontein (Tweeteringkerk) en ook studenteleraar. Hy verklaar: "Die meeste van die Westerse karateka het hulle losgemaak van enige heidense verbintenisse van karate. Rolprente skep ook 'n verkeerde indruk van karate. Die tegniek is heeltemal los van die Oosterse godsdienste. 'n Mens moet ook onthou dat dié sport selfdisipline en selfontwikkeling kweek."

Hy sê Boeddha se leringe het geen invloed op die deursnee mens met 'n swart gordel in karate nie. "Zen-Boeddhiste sal nie weet waaroor karate gaan nie. Die rituele verbonde aan karate het vakkundige terminologie geword en die tegniek is wetenskaplik verantwoordbaar," sê ds. Smit. Vgl. *Die Kerkbode*, 19 Sept. 1997.

1.6.15 Ds. Smit is ook deur ons as kenner van karate gevra om **kommentaar op dr. Ellis se gravamen** en die volgende voorlegging gedoen.

1 Ek kan my met die studiestuk van die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek oor karate vereenselwig. Verdere prinsipiële motivering

vir 'n gebalanseerde siening t.o.v. karate is dus nie werklik nodig nie. Ek sou enkele kleiner redaksionele veranderings wou uitwys, maar dit is seker nie nou ter sake nie.

Ek wil egter enkele opmerkings maak ter wille van perspektief.

2 Die uitvoerige uiteensetting van Oosterse godsdienste deur dr. Ellis dra m.i. nie regtig by om karate as boos (okkulties?) te klassifiseer nie. Ingeligte karatekas het lankal opgehou om te probeer aantoon dat daar nie 'n band tussen karate en sy Oosterse afkoms is nie.

M.i. is dit ook so dat sekere bewegings deel uitmaak van hul meditering. Dit kan inderdaad vir die Oosterling deel uitmaak van sy sg. "weg van die lewe".

3 Die punt wat kritici egter konsekwent weier om te snap, is dat tegnieke of houding as sulks tog nie 'n geestelike waarde het nie. Om bv. vir iemand te buig, is mos nie *per se* aanbidding van een of ander god nie. Om te buig is 'n neutrale houdingsaksie wat deur verskillende mense in verskillende omstandighede verskillende betekenisse kan ontvang. Dieselfde geld tog vir skoppe, vuishoutegnieke en blokke. Daar is genoeg studies wat aangetoon het dat die deursnee karateka in SA eintlik geen erg het aan die Oosters-godsdienstige bagasie nie.

4 Dit het m.i. geen absolute waarde om met groot omhaal te wys op wat bv. ene Tiochi Tohei se siening (bl. 127 van verslag, gravamen) van die kreet oftewel *kiai*, is nie. Hoekom dan nie eerder die onderskeie groot karateskole of -style se stylhoofde in SA nader om hul sienings nie? Dis mos hulle opinies wat tel.

5 Ek sluit 'n afdruk in van enkele bladsye uit JKA (Japan Karate Assosiasie) se hersiende sg. Lewensboek. Die boek is 'n paar jaar gelede deur die stylhoof in SA, Stan Schmidt, hersien. Hyself is 'n belydende Christen wat onder karatekas in SA en oorsee gereken word as iemand van integriteit. M.i. is hy eintlik een van die wêreld se karatelegendes wat met sy ysere selfdisipline en briljante tegnieke erkenning in Japan en hier te lande verwerf het.

Ek verwys ook na korrespondensie wat ek reeds in 1990 het hom gevoer het. Ek het hom pertinent gevra oor sy interpretasie van 'n spesifieke stuk uit sy boek *The Spirit of the empty Hand*. Bl 205: "There is no guarantee that any form of act of play can take us beyond the realms of physical, mental and emotional awareness into higher states of spiritual awareness. Even enlightened spiritual leaders say that it is only God who, ultimately, can effect the change." In sy antwoord stel Stan Schmidt dit onomwonde dat hy hierdie gedeelte Christelik

interpreteer. Die God wat hierdie verandering bewerkstellig, is niemand anders nie as die God van die Bybel.

6 Die summierse veroordeling van karate skep ongelukkig 'n negatiewe beeld van die Christen. Dit teken ons as 'n klompie bedreigde wesens wat leef in 'n wêreld waarvan die grense deur die Bose en nie God Almagtig getrek word nie. Verder is dit ook 'n klad op die naam van talle Christen-karatekas. Hiermee word hul integriteit nie alleen aangetas nie, maar hulle word verklaar tot mense wat, sonder dat hulle dit eers besef, die okkulte bevorder. Dit lyk vir my, om die minste te sê, aanmatigend.

7 Kom ons volstaan liewer met 'n gebalanseerde siening waarin daar volgens Rm 14 ruimte is vir beide standpunte. As iemand werklik 'n probleem ondervind in die beoefening van karate, laat diegene wat positief is, dit respekteer. Wat aanleiding gegee het tot die probleme is dalk nie so eenvoudig dat ons dit summier en ongekwalfiseerd aan die okkulte kan toeskryf nie. As so iemand 'n probleem het, dan laat ons dit daar. Die ander kant is egter ook waar. Dis moontlik dat 'n belydende Christen wel karate kan beoefen sonder dat dit sy verhouding met God negatief raak. Respekteer dit ook ten minste asseblief. Anders is ons terug in die Middeleeue waar iemand as heks beskuldig is al sry sy ook hoe kwaai! Die Christen-karateka loof God en geniet sy karate terwyl die ander party reken hy is besig om die duiwel te dien...

8 Omdat die instrukteur so deurslaggewend is, is dit steeds 'n geldige wenk om eers sy lewens- en wêreldbeskouing uit te klaar ter wille van gehoedsrus.

9 Ek is ook geïnteresseerd waarom daar in die staande sinodebesluite verwys word na twee "karateskole" wat gebrandmerk word. Het die voorsteller uitgeklaar dat hulle anders is as bv. JKA, Budokan, Shokokai, Shotokan, Tenshinkan, Kung Fu, Aikido, Ju-jitso, Kyokushinkai (vol-kontakkarate) en Taekwondo (skopboks), en wat van Sumo-stoei?

1.6.16 Bylae van ds. Johan Smit

AIM HIGH

"The ultimate aim of the art of karate lies not in victory or defeat but in the perfection of the character of its participants."

THE FIVE MAXIMS OF KARATE

1 Seek perfection of character (*Character*)

Jinkaku kansel ni tsutomunu koto

2 Be faithful (*Sincerity*)

Makoto no michi o mamoru koto

3 Put maximum effort into everything you do.

Doryoku no seishin o yashinau koto

4 Respect others (*Etiquette*)

Reigi o omonzuru koto

5 Refrain from violent behaviour (*Self Control*)

Keikki no yuu o imashimuru koto

Allow God's Creation, His Loving Word,

The Love of Humanity, to Enter, Recreate,

And Direct you.

SOUTH AFRICAN JKA KARATE ASSOCIATION

• Established 1963 –

JKA

Smit, Johan

510604-0002

Place your photo here

Member's signature:

.....

Authorised signatory:

.....

This Life Book is issued to bona fide members of The SA JKA Karate Association and is valid only if the current yearly registration stamp appears on the back page.

KARATE

DEFINITION OF KARATE

The word **karate** translated from Japanese means Empty Hand. Karate is a martial art; an art of self-defence which uses the human body and limbs in the most scientific and effective way. Karate incorporates blocking, punching, striking and kicking. The South African JKA style of karate uses the above together with related movements such as grappling and throwing techniques to overcome one or more assailants who may be unarmed or carrying weapons.

STYLE

The style of karate we practise is known as **Shotokan**. It is the method originally pioneered in Japan by the Okinawan Master, Gichin Funakoshi, further developed by Master Masatoshi Nakayama, who wrote and published a vast number of important books on the art. The present head of the Japan Karate Association (JKA) is Master Motokuni Sugiura.

SOUTH AFRICA

The South African Division of the Japan Karate Association was established by Stan Schmidt in 1963. He studied at the JKA Headquarters under Master M Nakayama and his cadre of famous instructors. The technical side of SA JKA is governed by the Chief Instructor, together with the Shihankai (Master's Union).

WHAT KARATE CAN DO FOR YOU

- SA JKA Karate is one of the most superior forms of weaponless defence and attack.
- Through systematic training, it develops and strengthens one mentally and physically, producing a highly aware mind in a sound body.
- It develops concentration and co-ordination; it improves reflexes; it increases endurance; it strengthens the will and aims at character development.
- Correct karate training will enhance the following: your profession and other interests; your sport, your health and fitness; your relationship with others, coping with stress and conflict; dealing with reality.
- Local, national and international championships are provided for karate-ka who enjoy competition. However, competition is not the sole criteria for attaining excellence in karate.

GENERAL RULES EN GUIDELINES

- 1 Register in January each year. Make sure you receive your affiliation stamp which must appear in the back of this book.
- 2 This book must be produced at all courses, tournaments, gradings and other national and regional functions.
- 3 Your first name must be clearly visible on the left lapel of your karate gi.
- 4 All jewellery and sharp objects must be removed before engaging in karate training.
- 5 Keep your body, feet, hands and karate-gi clean.
- 6 Instructors are to be addressed: Sensei (Teacher). Class leaders are to be addressed: Sempai (Senior).
- 7 Read your dojo notice board regularly.
- 8 Learn the correct dojo etiquette and endeavour to apply the principles of karate in your interaction with your instructors, your fellow karate-ka and with members of other organisations.
- 9 Show kindness to karate-ka weaker than yourself and guide beginners in the right manner. Be humble. Be a good example to others and use your strength nobly.

GUIDELINES FOR GRADING EXAMINATIONS

"First conquer yourself before trying to conquer another" – Masatoshi Nakayama

Live with good cause. Be constantly ready to protect yourself and your loved ones. (The martial art of karate should not be compared to sports such as rugby or cricket, which are played seasonally.) You should endeavour to remain aware and prepared at all times. Be motivated by an enthusiastic spirit. Aim at good technique. Regular training should become a normal daily habit. Even a few minutes of sensible training, should you not be able to get to a dojo, is beneficial.

APPLICATION FOR GRADING EXAMINATIONS

1. Affiliation Stamp: make sure that SA JKA affiliation stamps for the full period of your training, including the current year, appear at the back of this book before you apply for any grading examination.

2. Junior Belts and Kyu Gradings

2.1. Submit your **Application Form**, grading fee, together with this book within the required period before the grading date. See your dojo notice board.

1.6.17 Ander belangrike uitsprake oor karate

1 Noord Transvaalse sinode, NG Kerk

Die sinode handhaaf die standpunt dat geen sport in sigself kwaad of onrein is nie en gee aan die hand dat die onmiskenbaar effektiewe tegniek van karate, gestroop van al die onaanvaarbare godsdienslike komponente daarvan, en gevul met 'n nuwe Christelike gees, beoefen kan word tot die eer van God, tot opbou van die liggaam as tempel van God, en ter beskerming van die kosbare lewe van die beoefenaar daarvan, sowel as die lewens van sy/haar dierbares.

2 NG Kerk, OVS

Die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Vrystaat het bevind dat nie alle beoefenaars van karate van allerlei okkultiese assosiasies beskuldig moet word nie. Maar die gevaar bestaan dat ontwikkeling tot op hoë vlak van sommige van die Oosterse karate-skole implikasies vir die Christen se geloofslawe kan inhou. Daarom moet ook hierdie sport só beoefen word dat dit nie tot nadeel van liggaam en gees strek nie. Hieraan moet toegevoeg word dat karate in die RSA so onderskeie is dat gevaarlike Oosterse skole nie te sake is nie.

3 Ds. Bertus Oosthuizen, Ned. Geref. Pastorie, Venterstraat 6, Northam, skryf:

Ek het die afgelope jaar 'n intensiewe studie van die besware teen karate gedoen. Ek het al die litema

ratuur wat daaroor in Suid-Afrika geskryf was, bestudeer. My bevindinge is kortliks die volgende:

- Mense maak nie onderskeid tussen die verskillende karateskole nie.
- Die aanname word gemaak dat iets nie van sy vroeëre oorsprong losgemaak kan word nie. Karate bly dus vir die teenstanders 'n godsdienstige hoewel dit as 'n sportsoort deur die meeste karateskole in Suid-Afrika aangebied word.
- Hulle beweer dat 'n Christen deur demoniese magte wat na bewering met karate gepaard sou gaan, oorval kan word. Die inwoning van die Heilige Gees in elke Christen word dus misken en kan by implikasie maklik deur sogenaamde demone verplaas word. Dit is 'n beginsel wat juis in die Skrif ten sterkste afgewys word.
- Hulle grond dikwels hulle besware op ondervindings .wat hulleself by 'n spesifieke afrigter of karateskool gehad het en pas dit dan op alle ander instruktors en karateskole toe.

Ek het as Christen baie gebaat deur karate as sport te beoefen. Dit het vir my goeie ontspanning en 'n gesonde liggaam verseker.

4. Hennie Bosman. Hy stel dit soos volg:

My naam is Hennie Bosman. Ek is 41 jaar oud, beoefen karate daaglik sedert die ouderdom van 10 jaar en rig vir die afgelope twintig jaar karate professioneel af. Ek het onlangs die rang van sesde dan in Japan ontvang. Ek kom uit 'n Christelike huis en is 'n lidmaat van die Ned. Geref. Gemeente Kenridge.

Die afgelope jaar word ek en karate daaglik beskuldig van anti-Christelike bedrywighede, Boeddhisme en duiwelaanbidding. Ek rig tans by tien skole af en het sowat seshonderd karateka wat deur my en drie instruktors afgerig word. Van my leerlinge in hulle karate-uniforms word deur mense in die straat voorgekeer en dan word hulle beskuldig dat hulle duiwelskinders is.

Die styl wat ek beoefen se naam is Hyokuskin wat beteken "volle waarheid". Dit is een van die vier grootste style in die wêreld met sowat dertien miljoen beoefenaars.

Deur spesifieke oefeninge in karate te herhaal, word 'n mens se liggaam sterker, meer soepel en begin jy krag te ontwikkel sodat jy 'n aanvaller met een tegniek buite aksie kan stel. Ons stigter, Mas Oyama, was die eerste persoon wat "tamashiwari" of breektegnieke aan die Weste bekend gestel het deur bakstene te breek of bofbalkolwe stukkend te skop.

In karate word 'n baie streng dissipline gehandhaaf

– soortgelyk aan die weermag. Ons dra 'n uniform, ons moet hoër range met respek behandel, moet skoon en netjies wees en moet nooit moed opgee of teëpraat nie. In plaas van saluut, buig ons vir mekaar en ons meedere. Dit is bloot 'n teken van respek. Dit het niks met geloof te doen nie en is 'n Japannese tradisie. Voor en na die klas sit ons op ons knieë en is ons veronderstel om vir een minuut te mediteer, sodat ons ons gedagtes op die oefeninge kan fokus. Ná die klas sê ons ons leuse op. Die vyfde reël lees: *We must follow our religious principles and never forget the true virtue of humility.*

Ek en my instruktors het nog nooit in Japan iets ondervind wat teen ons Christelike beginsels ingedruis het nie. Dit verg nogal uithouvermoë. Die Japannese het baie respek vir ander gelowe en respekteer jou beginsels. Die besoeke aan Japan het geensins my Christelike waardes verander nie, maar het my wel insig gegee in die Japannese kultuur.

Indien karate reg beoefen word, is die voordele eindeloos. 'n Beter selfbeeld, 'n gesonde liggaam, beter uithouvermoë, beter dissipline (vandag 'n groot probleem by skole) en die vermoë om jouself te beskerm in vandag se misdaad-siekte omgewing. Daar is egter deurstellingsvermoë nodig, omdat dit nie altyd maklik gaan nie. Soos die Japannese sê: *Die warmste vuur temper die sterkste staal.*

5 Mnr. Terry Dowdall, direkteur van die Kinderleidingskliniek aan die Universiteit van Kaapstad.

Hy stel die opvoedkundige waarde van karate soos volg:

Ouers en onderwysers is soms lugtig wanneer kinders aan karate begin deelneem. Baie van die televisieprogramme wat deur kinders gesien word, is vol helde wat links en regs mense aanval en rondruk met karate-agtige skoppe en kappe.

Ouers hou nie van die aggressie wat voorkom by die kinders wanneer hulle hulle speletjies op die heldefigure op televisie boetseer nie. Hulle vermoed dat sodra die kind ook nog karate neem, dit dié aggressiewe houdinge sal vererger.

Volgens mnr. Dowdall is die teenoorgestelde eerder waar. *My gevoel as 'n kindersielkundige is dat die formele opleiding in 'n kontak sport soos karate baie positiewe voordele vir 'n kind kan inhou. My mening is nie net gegrond op my ondervinding as 'n kindersielkundige en op die vordering wat ek waargeneem het in kinderpasiënte nie, maar ek praat ook as 'n ouer wat twee jong kinders het wat die afgelope vier jaar aan karate deelneem.*

Fyn waarneming

Karate, soos ballet en gimnastiek, ontwikkel 'n baie fyn waarneming, bewuswording en beheer van die liggaam. Deur die aanleer van die fyn gebalanseerde bewegings en die moeilike volgorde van bewegings, leer die kind geleidelik wat sy liggaam in staat is om te doen of nie te doen nie.

Mnr. Dowdall wys daarop dat die aanbieding van karate eintlik daarop toegespits is om die fokus en konsentrasie te bevorder, en dit is vir enige kind van groot nut.

Die aandagspan word ook verleng as karate aangeleer word. Die formele struktuur van die karate dojo, met die klem op respek vir diegene wat verder gevorder is, hetsy 'n teenstander of jyself, en die diep gesetelde bedagsaamheid in alle fasette van die sport, help kinders ook om dissipline en self-dissipline te ontwikkel. Dit help ook in die voorkoming van afknouery, aggressiewe gedrag of die misbruik van karatekennis.

Een van die belangrikste eienskappe wat kinders verkry deur die ernstige beoefening van karate is die ontwikkeling van selfvertroue en 'n daarstelling van 'n gesonde besef van eiewaarde.

Mnr. Dowdall sê dié gevoel van waarde word verder versterk deur die opgraderingstelsel, soos wat die kind deur die verskillende gordels vorder. Vir sensitiewe en skaam kinders is dié gradering en blootstelling van onskatbare waarde.

Karate-opleiding hou ook spesiale voordele vir meisies in. Vrouens en meisies word alte dikwels nog gesien as ondergeskiktes en as die swakkere geslag, wat nie veronderstel is om moeilike fisiese oefeninge te kan doen nie. Karate help om hierdie beweringe die nek in te slaan. Seuns en meisies oefen saam, behandel dieselfde leerplan – daar is geen maklike uitweg vir die meisies nie – en oefen in dieselfde karatepakke...wat, terloops, só ontwerp is dat dit nie die liggaam beklemtoon nie.

1.6.18 Veelseggende persverslae oor normale karatebeoefening deur Afrikaners

Enkele voorbeelde van persverslae is by die verslag bygevoeg, en dit is vir insae beskikbaar by die sentrale kerkkantoor.

1.6.19 GEVOLGTREKKINGS

In die broederlike gesprek oor hierdie tema, klinies en objektief t.o.v. ons rekenskap, moet ons nie bymekaar verbypraat nie. Ons hoop dat hierdie verslag ons nader aan eenstemmigheid sal bring. Ons wil opsommend die volgende aanstip.

1 Die feite en beginselstandpunte van die 1995-verslag van die KKCE oor karate bly geldig en is nie weerlê nie. Dit sluit ook die aanbevelings wat goedgekeur is in.

Die standpunt soos daar gestel is met die opdrag na aanleiding van dr. Ellis se gravamen met meerdere feite, gesprekke en berekende kontak met karatebeoefenaars bevestig.

2 Ons hoop daar sal by dr. Ellis cum suis 'n positiewe deurbraak kom, 'n bevrydende breër visie wat die goeie en wellewende karate soos beoefen deur ook duisende van ons volksgenote aanvaar. Ons waaksaamheid moet nie so wees dat ons uit vrees en oorreaksie nie meer kyk wat werklik om ons gebeur nie. 'n Groot deel van sy beskrywings van karate is interessant, maar *net* soos die gevare wat hy in *alle* karate sien, nie ter sake vir ons probleem nie omdat dit nie van toepassing is op die goeie karate soos dit hier te lande deur ons eie mense beoefen word nie.

3 Vir en deur diegene in die RSA wat dit beoefen, en dit verwesters het, geld dat dit 'n normale andersoortige sportsoort is. Dit behels die oorname van 'n waardevolle tegniek. Moenie die lepel en vurke met die skottelgoedwater uitgooi nie.

4 Karate word in die RSA ook deur duisende van ons eie Afrikanermense beoefen, vanaf laerskool-tot universiteitsvlak wat die jeug betref. As ons met 'n tonnelvisie net een-ogig gefokus bly op die gevaar daarvan kan dit 'n verieentheid vir ons kerk skep, want ons hou nie eerlik en wakker van gees rekening met die werklikheid nie, en dan is ons ouderwets, "agter die tyd". Dit sal tegelyk beteken dat ons teenoor die wellewende voorbeeldige beoefenaars van karate 'n onregverdige en stilswyende sensuur uitoefen. Dit moet tog net nie met 'n onversigtige sinodebesluit teen karate gebeur nie.

5 Euwels duik op in elke sportsoort, karate met name ingesluit, maar kom ons let ook op die sonde in *al die ander sportsoorte* t.o.v. vuil spel, korrupsie, omkoperij, afgodiese fanatisme en onluste soos pawiljoen-chaos, skelm speel, materialisme, tydverkwisting e.s.m.

6 Wat die Zen- en Shotokai-karate betref wys ons op die waardevolle oriënterende opmerkings wat dr. P le Roux in hierdie verslag daaroor maak. Hoe aktueel is hierdie twee style en watter empiriese getuienis kan voorgelê word? Ons sal dit verwelkom met die oog op korrekte evaluering, want volgens hom is dit een van die fraksies wat in baie beperkte sin beoefen word. Vgl. ook ds. Johan Smit hieroor, soos hierbo aangebied.

1.6.20 AANBEVELINGS

1.6.20.1 Die sinode herbevestig sy besluit van 1995 oor Christelike sportbeoefening, vgl. *Handelinge 1995*, bl. 340.

1.6.20.2 Die sinode aanvaar positief dat ook baie van ons volksgenote karate as 'n geoor-

loofde, ingeburgerde sportsoort, beoefen. Dit sluit ook gereformeerde en ander Christene in van Protestantse belydenis. Hulle beoefen hiermee 'n normale sportsoort wat, hoewel onderskeie, 'n gelykwaardige status in sy eie reg het met ander sportsoorte.

1.6.20.3 Die profetiese getuienis in Skriflig teen die oortreding van die wet van God in *alle* sportsoorte gelyklik, moet helder deurskyn vanuit die kerk in al sy geledinge, wat ook spesifiek insluit die persoonlike stem van elke lidmaat in die amp van die gelowige. (Sondag 12, Heidelbergse Kategismus.)

2 BEANTWOORDING VAN BRIEWE

2.1 Ds. AS van Staden oor berigging aan Radio Pretoria

FAKSBOODSKAP

AAN: Ds. M Adendorff

Skriba SKK

Van: Ds. Adri van Staden

Ds. Mechiel

In Radio Pretoria se nuuskommentaar vir vandag word die moontlikheid van georganiseerde verset deur die Christene van die land bespreek. In die betrokke kommentaar word die Algemene Kerkbode en die redakteur van die Hervormer asook die president van die AGS aangehaal. Later word verwys na die drie susterskerke. Die AP Kerk (en die Geref. Kerke) word dowerend verswyg.

Ek hoop nie dat hierdie optrede deur Radio Pretoria die gevolg is van my vermaning t.o.v. lotery nie.

Ek bring die saak onder die SKK se aandag met die oog op moontlike optrede. Nico Rautenbach is mos ons verteenwoordiger daar, nie waar nie? Moontlik sou 'n mens hom kon versoek om die saak op te neem.

Dit lyk net vir my asof daar oor die algemeen nie baie affiniteit vir ons by die sender is nie. Dit sou jammer wees as dit so is.

Die volgende uitsending van vandag se nuuskommentaar vind natuurlik weer vanmiddag net ná die nuus wat om 13:00 gelees word, plaas. Dit is ook op internet beskikbaar.

2.1.1 Kommentaar

Ds Van Staden vermoed dat die AP Kerk verswyg is a.g.v. sy polemieë oor lotery met Radio Pretoria. Dis seker moontlik, maar dit kan ook 'n onvolledige berig wees, nie in alle opsigte korrek weergegee nie. Sal of sou die Gereformeerde Kerke hulle ook oor die oorsig genader het – d.w.s. Radio Pretoria. Was die kerke wat ds. Van Staden

noem wat nie vermeld is deur die radio nie spesifiek betrokke by die georganiseerde verset? Dis 'n sinvolle vraag in die lig van die berigging hierbo gegee.

Was daar nie ook ander liggame, organisasies, wat by so 'n georganiseerde verset sou inpas wat ook nie hier genoem word nie, bv. AK Bond, Dames Perspektief, Verkenners e.s.m.

Hierdie saak is miskien al afgehandel by wyse van navraag en gesprek.

2.2 Kommunistiese kinderrewolusie met kindercops in Delmas?

PROJEK VAN DELMAS LAERSKOOL EN SAPD VAN DELMAS – DIE KINDERCOP-PROJEK

Die volgende faks is deur ds. HC van der Merwe van die gemeente Delmas aan ds. MC Adendorff gestuur, wat dit deurgestuur het na prof. JC Lombard vir die KKCE.

FAKS

Aan: ds. MC Adendorff 012 362 2023

Van: ds. HC van der Merwe 011 815 1036

KOMMUNISTIESE KINDERREWOLUSIE

In Naweek-Beeld van 31 Mei 1997 het die meegaande berig verskyn ten opsigte van 'n sg. Kinder-Cop projek wat deur Delmas Laerskool en die SAPD Delmas geloods word. Hierdie projek skep bedenking omdat dit herinner aan wat in Sjina in 1996 onder die kommuniste gebeur het.

U sal onthou dat Mao Tse Toeng op 13 Augustus 1996 sy "Kulturele Rewolusie" van stapel gestuur het, om Sjina nader te bring aan Mao se konsep van 'n ideale kommunistiese staat.

Hierdie veldtog is op baie gebiede gevoer, maar reg aan die voerpunt was honderde-duisende skoolkinders wat in die berugte Rooi Brigade ben-des georganiseer was.

Hierdie kinders het onder andere die berugte klein rooi boekie gedra. Hulle doelwit was om die rewolusie aan te blaas en diegene uit te snuffel wat teen Mao se ideale gekant was. Honderde "afgedwaalde" onderwysers en ander intellektueles is in die strate geparadeer nadat hulle uitgeruik is. Kinders is ook aangemoedig om op hulle ouers, familie en vriende te spioeneer.

In 'n 1970 uitgawe van *Time Magazine* is die volgende oor die kommunistiese filosofie geskryf: "Ons filosofie is gebaseer op die afbreek van die normale man-vrou-seun-dogter seksuele struktuur. Met daardie sterk emosionele eenheid uit die weg geruim, kan ons leiers dan voortgaan om kinders tot 'seuns en dogters van die staat' te vorm, met geen getrouheid aan enigiets of enigiemand behalwe dit wat hulle teenoor die heersende gesag voel

nie. Seks sal die nuwe sakrament, die nuwe teologie, die nuwe gemeenskap wees, die huwelik tussen hemel en hel, die mistiese gemeenskap van teenoorgesteldes."

In 'n brief in die Cape Argus in Oktober 1992, skryf ANC kader o.a. oor hulle opleiding in Sowjet Rusland ten opsigte van die jeug: "2. Get youth behind you and motivate them to defy the establishment and to demonstrate for whatever cause you can take advantage of or think up. Get them to help make the establishment ungovernable."

Is dit wat oënskynlik onskuldig in Laerskool Delmas begin word nie die begin van 'n soortgelyke heksejag deur die kommuniste, om deur onskuldige kinders inligting te bekom wat hulle teen hulle vyande kan gebruik nie?

As dit so sou wees dan word die gehoorsaamheid van die kind aan die ouer en die onderwyser ondermyn, want nou word daardie kind 'n wapen in die hand gegee, waarmee sy meerderes afgedreig en gemanipuleer kan word. U sal uit die berig sien dat van die kinders verwag word om die polisie se oë en ore te wees by hulle huise, medeleerlinge en op die strate van Delmas. Elke optrede van ouer, onderwyser en maats wat hulle beskou as verkeerd word in die klein sakboekie opgeskryf, en aan die polisie gerapporteer. Dit is georganiseerde spioenasie deur kinders in grade 3 tot 6. Daar word beoog om hierdie Kinder-Cops landwyd uit te brei.

Ek faks hierdie inligting vir u deur om daarmee te handel soos u goed dink.

2.2.1 Kommentaar van KKCE

In die eerste paragraaf skrywe ds. Van der Merwe: "hierdie projek skep bedenkinge omdat dit herinner aan wat in Sjina in 1966 onder die kommuniste gebeur het."

In die sesde paragraaf skrywe hy soos volg: 'Is dit wat oënskynlik in Laerskool Delmas begin word nie die begin van 'n soortgelyke heksejag deur die kommuniste, om deur onskuldige kinders inligting te bekom wat hulle teen hulle vyande kan gebruik nie?' Dis 'n vraag.

1 Ds. Van der Merwe maak nie kategoriese bewerings nie, maar is wel bekommerd. In paragraaf 1 stel hy dat die Kinderops "herinner" aan wat in Sjina gebeur het en in die 6de paragraaf stel hy net die vraag of die gevare nie moontlik is nie.

2 Ons waardeur sy bedagsaamheid en oplettheid. Die "predikante-cops" moet deeglik op hoogte wees van wat in die gemeenskap plaasvind juis ook ten opsigte van alle moontlike ewels.

3 Die gevare ten opsigte van die kommunistiese kinderrewolusie en hulle praktyke is diabolies, maar ons kan nie voortydig so gemaklik die paral-

lel tussen Delmas en Sjina deurtrek nie. Ds. Van der Merwe doen dit ook nie, maar naas sy bekommernis moet eers deegliker huiswerk gedoen word.

4 Situasië-analise nodig in Delmas

Ondersoek en evalueer die volgende aspekte:

4.1 Hoe is die SAPD in Delmas beman? Wie is die hoof en die personeel. Is daar gevaarlike "agtergeblewenes" wat so 'n dubieuse projek kan loods? Is bogenoemde Afrikaners en lidmate van respektable kerke? Mag hulle in Delmas so 'n projek loods sonder toestemming van die kommissaris en ander hoofde volgens die range?

4.2 Die opset in die laerskool

Ons ken Delmas as 'n rustige konserwatiewe boeregemeenskap met oorwegend sterk meelewende lidmaatskap van die Afrikaanse kerke wat daar gevestig is. Is die beheerraad van die laerskool nie "mans" genoeg om bogemelde moontlike gevare te voorsien nie? Wat is die kaliber van die onderwyspersoneel en die hoof wat die toon moet aangee? Lyk Delmas laerskool na die beste teiken om so 'n gevaarlik projek te begin in die lig van die gemeenskap se opset? Is daar lidmate van die AP Kerk en ander Afrikaanse kerke ook op die beheerraad en op die personeel en hoe evalueer hulle die Cop-projek? Hoe lyk en dink die ouers wat hulle kinders aan die projek laat deelneem?

4.3 Die Landsdiensbeweging is gekoppel aan die Kindercop-projek. Die Landsdiensbeweging was tot dusver onder goeie leiding en kan nie met kommunistiese bymotiewe geassosieer word nie. Ons weet net nie in hoeverre rasse-integrasie daar al ingefaseer word nie.

4.4 Stel vas wat die motivering van die projek is.

Ons gemeenskappe word tans in die land se revolusionêre omstandighede geteister deur 'n kroniese misdaad-epidemie. Ons is los voor met die swart Olimpiese koolstofmedalje – diefstal, moord en doodslag. Ons beoog om elke verantwoordelike burger en elke kind bewus te maak wat betref misdaadvoorkoming en oplettheid daarvoor.

Daarom moet in Delmas ter plaatse deeglike verkenning gedoen word en met die SAPD *persoonlik* onderhoud gevoer word oor die opset en motief van die Kindercop-projek voor enige finale gevolgtrekking gemaak word. Mens moet jou goed daarvan vergewis met *feite* voordat die messe en vurke saam met die skottelgoedwater uitgegooi word.

4.5 Hoe staan sake met bogemelde saak in Delmas in Augustus 1999?

AANBEVELING

2.2.2 Kennisname, benewens verslag van ds. HC van der Merwe ter sinode.

2.3 Brief oor drankmisbruik

Dr. Hennie Smit, redakteur van *Die Boodskapper*, het 'n brief van mnr. Ockie van Niekerk, 89 jaar oud, aan ons kommissie gestuur insake die moontlik plasing van 'n brief in *Die Boodskapper* oor drankmisbruik. Die kerkraad van Carolina het die stuk aanvaar getitel *Drank of nie drank nie*, en bied dit aan as rigtinggewer rondom die drankgevaar. Dr. Smith het twyfel oor die plasing daarvan omdat al die argumente nie geldig is nie en die saak eensydig gestel word. Hy wil nie op eie verantwoordelikeid die brief in ons blad publiseer nie.

2.3.1 Die Kommissie: Ons begryp en deel die twyfel oor die plasing van die brief. Ons waardeer die siening oor 'n ontsaglike euwel en daaroor is daar geen verskil nie. Dis ook 'n aangeleentheid wat in Christelike kringe baie, gereelde publisiteit geniet en voortdurend aan die orde is.

Die opskrif van die stuk is kortom: *drank of nie drank nie*. Dus: geen middeweg nie. Dit behels prakties die geheelonthouding of afskaffer standpunt, wat nie prinsipieël geregverdig kan word nie en onrealisties is.

Ons bied, ter wille van bondigheid, nie 'n volledige antwoord oor die inhoud nie – daarom net die volgende opmerking:

1 Die wingerstok was van die begin deel van Gods skepping in die planteryk, en word nêrens in die Bybel as 'n gevaarlike onkruid beskrywe nie. Dit word *talle* kere in die Bybel in positiewe sin gebruik, bv. Ex 23:11; Num 16:14; Deut 28:30, 39; Jos 24:13; Nabot se wingerd, 1 Kon 21; 2 Kon 19:29; Jes 5:1, 4; Jes 37:30; plus nog 33 tekste wat positief oor die wingerd spreek.

2 Gn 14:18: Melgisedek het brood en wyn voorgesit. Die broeder noem Nm 6:2 t.o.v. die Nasireense verbod op wyn, maar in Nm 6:20 lees ons en *daarna mag die nasireër wyn drink*.

Daar is 'n rits van tekste wat ook *positief* getuig oor wyn as 'n normale gebruiksartikel. Vgl. ook bv. 1 Sm 1:24; 1 Sm 25:18; 2 Kr 2:10; Neh 13:15; Ps 104:15; Prd 9:7. Hgl 5:1, 7:9; Jes 5:4; Jes 25:6; Jes 55:1; Jer 40:10, 12; Am 9:13.

Nuwe Testament: Mt 9:17; Mk 2:22

Jn 2:10; Jn 4:46; Op 6:5; 2 Kr 2:10; Esr 6:9 e.s.m.

Die Woord waarsku onverbiddelik teen drankmisbruik, maar getuig andersyds dat die *misbruik* nie gebruik ophef nie.

Ons eerbiedig ook die mede-Christene wat self verkies om geheelonthouers te wees. Ons vind ook nie dat hulle die matige, welvoeglike gebruikers verkwalik nie. Ons praat nie hier van die sektariese *perfeksioniste* nie.

2.3.2 Die wynbedryf en sy groot- en kleinhandel

Dit bly 'n normale feit dat 'n groot getal Protestante, met name gereformeerde Christene in ons land nie-problematies betrokke is by die wynbouery, wynverwerking of wynmaak, en die groot- en kleinhandel, en baie van ons eie kerklidmate. Dit geld in Transvaal, Jacobsdal, OVS, Oranjerivier en Wes-Kaap wat die landbou self betref, afgesien van die afsetgebied in die handel. Is die boere se wynkoöperasies ooit deur 'n sinode van 'n Afrikaanse gereformeerde kerk onder die ban gesit?

Die misbruik hef nie die gebruik op nie. Aan geld is 'n lys van gruwelike sondes verbonde, maar geld is nie as sodanig 'n sonde nie.

Prof. Theron was vroeër die professor in wynbou-enologie aan die Stellenbosch Universiteit. Sy lewe en kerkbesoek was vir enige predikant en lidmaat 'n sterk getuigenis. Hy het 'n waardevolle brosjure (uit druk) geskrywe met die titel *Matigheid die enigste oplossing*. Dit is immers soos die beskawingsmondige en voorbeeldige Christen-Afrikaners wyn gebruik in die huis, op huweliksonthale en funksies en ander gepaste geleenthede. As 'n kerk 'n besluit sou neem ten behoeve van geheelonthouding is dit onrealisties en onwys en 'n onbillike sensuur op die groot merendeel van sy lidmate, asook op alle aspekte van die wynbedryf.

AANBEVELING

2.3.3 Kennisname.

2.4 Die keuse van 'n skriba vir die kerkraad en ouderlingeraad volgens Art 28, Kerkorde?

2.4.1 Broer HJ Schoeman van Stoffberg het onder datum van 03-08-1997 'n brief via die sentrale kerkkantoor aan die KKCE gerig oor bogemelde vraag. Die voorsitter, prof. JC Lombard het dit daarna in Bloemfontein ontvang, koever gestempel in Pretoria 12-08-1997. Die brief word hiermee as toeligting toegevoeg.

HJ Schoeman
Posbus 139
Stoffberg

Die Voorsitter

KKCE
Posbus 11488
Hatfield

Geagte Voorsitter

Insake Art. 28 Kerkorde

Volgens bogemelde art. van die Kerkorde kan enige persoon, selfs buite kerkverband gekies word om as skriba op te tree by kerkraad- en ouderlingeraadsvergaderings.

Die bepaling is volgens my baie vaag en ek glo dat slegs lede van die betrokke raad gekies kan word en sluit dus enige persoon wat nie op die raad dien nie uit. 'n Beswaarskrif in die verband het ek reeds ingehandig by die voorsitter van die AP Kerkraad Laersdrif waarvan ek lidmaat is. Geliewe asb. u vertolking van Art. 28 aan my te stuur aan bogemelde adres.

U dienaar in Christus

w.g. HJ Schoeman

2.4.2 Die antwoord.

Die pos van skriba is nie 'n besondere amp in die kerk soos dié van byvoorbeeld ouderling en diaken nie. Dit is 'n funksioneel-administratiewe amp in persoonlike Christelike verantwoordelikheid aan die kerkraad, dus in die amp van die gelowige. Die keuringsproses uit die applikante, wat tog ook aan die kerkraad bekend is en met wie desnoods onderhoude gevoer word, verseker dat 'n man of 'n dame aangestel word wat die pos in Christelike mondigheid en verantwoordelikheid sal hanteer.

In verskeie gemeentes van ons kerk behartig bekwaame dames die skribaats vir die kerkraad, met die nodige bekwaamheid en tog dien die vroue nie in die besondere ampte nie. In bepaalde opsigte is die werk van die orrelis(te) 'n meer direkte geestelike werk by wyse van erediensbegeleiding en koorafrigting, maar die orrelis(te) word gesien soos die skriba, op grond van die gawes en toerusting waarvoor hulle beskik.

Dit kan moeilik voorgestel word dat 'n skriba, soos broer Schoeman, dit moontlik ag, gekies sal word as hy/sy aan 'n ander kerkverband behoort.

2.4.3 Slotsom

Daar is geen probleme in verband met Artikel 28 nie.

2.5 Die misbruik van Gods naam

2.5.1 Agtergrond

Op 16 Mei 1997 ontvang die redakteur, dr HJ Smith, van *Die Boodskapper* 'n brief van mev. Annamari Theron van Vaalwater insake die misbruik van die Here se naam; asook 'n afskrif van 'n brief daaroor wat, sê sy, "lank gelede" in *Die Boodskapper* verskyn het, waarmee sy saamstem. Toe ondervind sy 'n ander siening oor die gebruik van jis, jissie, jislaik – wat spruit uit Jesus of Jesuslike. So ook jinne of hene, wat spruit uit Here.

Sy skrywe: *Ons 'Dominie' wat op die oomblik leesdienste waarneem, het gister huisbesoek kom doen, en toe ek noem dat al die mense uitdrukkings soos "jis", "jissie", "herre" ens. gebruik en dat God hierdie sonde nie ongestraf laat nie, het hy*

gesê dat as die bedoeling nie is om God se naam te laster nie, is dit nie sonde nie!! (Hy gebruik die woorde aanhoudend). Hy sê dit het onskuldige woorde in die volksmond geword. Nou is ek verward en baie ongelukkig daaroor.

Sal u nie asseblief so gou moontlik vir my die APK se standpunte deurgee nie en ook asseblief 'n artikel daaroor in Die Boodskapper plaas, sodat die mense goed kan verstaan waaroor dit gaan nie? Dr. HJ Smith het haar brief na die KKCE verwys.

2.5.2 Evaluering

Ons het waardering vir mev. Theron se oplettendheid en fyngesig oor misbruik van die Here se naam, maar stem nie saam oor haar gevolgtrekkings en afleidings nie. Ons meen dis te vergesog en as mense bogemelde stopwoorde sou gebruik, is dit nie te sê dat hulle dit van Here of Jesus aflei nie. Die woord *herre* sou miskien twyfelagtig kan wees.

Dat mense wel die woorde God, Here en Jesus of Here Jesus ydelik gebruik as lasterlike stopwoorde, is 'n feit, maar dit val nie onder mev. Theron se vrae nie. Teen vloektaal is alle getroue Christene dit roerend eens. Sonde word elke dag, ook deur Christene teen al die gebooe van God gepleeg, maar al die gevalle kan nie deur 'n sinodale kommissie behandel word nie.

In die gewone gang van die kerklike arbeid word dit aangespreek in die huisgesin. Die Christelike onderwys, die verbondsonderrig, die prediking en die getroue getuie van **elke** belydende lidmaat in die **profetiese** getuie van die amp van die gelowige (Sondag 12). Die Woord bied pragtige tekskeuses aan oor Christelike taalgebruik ook vir Kategismusprediking. Vgl. byvoorbeeld Spreuke, die pastorale briewe in die Nuwe Testament en Jakobus 3.

Laat julle woord met sout besprinkel wees (sê die apostel Paulus in Kol 4:6) en dus nie met dinamiet peperkorrels nie.

AANBEVELING

2.5.3 Kennisname.

2.6 Die moontlike hernuwing van die Bloedriviergelofte

Die sentrale kerkkantoor het 'n skrywe ontvang van mnr. David F Hüsselmann, FCIS, AIAC, MCSSA van die gemeente Piketberg insake bogemelde tema. Prof. I Brink het dit daarna in Augustus 1998 na ons kommissie gestuur met die begeleidende dokumentasie. Die kern behels die volgende: Die Sentrale Kerkekommissie (SKK) het 'n versoek van mnr. David Hüsselmann ontvang oor die moontlike hernuwing van die Bloedriviergelofte.

Hierdie aangeleentheid het ook op 16 Desember 1997 besondere aandag geniet in die AP Gemeente Velddrif, naby Piketberg. Ter wille van ruimte- en finansiële besparing voeg ons nie al die motiverings en die konsepmanifes hierby nie. Die voorstel hou in die besondere aandag van die nood van ons volk en dat dit in 1998 landwyd besondere aandag sal ontvang, wat insluit die hernuwing van die 1838 Gelofte op 16 Desember 1998.

Die drie ander begeleidende stukke is

a *Geloftefees* 1997, wat inhou die noodkreet in die noodomstandighede van ons volkslewe met die ernstige vraag of die Gelofte nie hernu moet word nie.

b Opskrif *Geloftedag*, eintlik 'n pragtige en kragtige toeligting op en sekondering van bogemelde punt a. Dis afgelê te Velddrif, 16 Desember 1997.

c *Die manifes*. 'n Goeie motivering van ons historiese en prinsipiële reg as volk om binne 'n beskaafde lewensruimte te bestaan en voort te bestaan. Die tweede gedeelte sluit in die redes vir Christelike Volksverset teen die sondes wat 'n owerheid doen om ons Christelike vryheid, reg en lewensruimte te ontnem – en dit sluit bykans alle lewensterreine in. Ons noodkrete is allersins geregverdig.

Ons deel hulle diepe kommer oor die noodtoestand waarin ons volk verkeer en dit vererger by die dag. Teenoor die beskawingsmondige vryheid wat ons eertyds geniet het, word ons meer en meer in fisiese en geestelike ballingskap ingeforseer.

Na drie-en-'n half eeu se worsteljare en beskawingsopbou ondervind ons die skokgolf en die alarmseine word al hoe skiller. Mnr. Hüsselmann stel die noodtoestand in tien punte.

Ons waardeer hulle inisiatief en profetiese getuie-nis vanuit daardie gemeenskap.

2.6.1 Verantwoording oor die versoek insake die 1838 gelofte

Die versoek en/of suggestie dat die 1838 Gelofte herhaal word, het in die verlede telkens na vore gekom, maar het om klaarblyklike redes nie plaas-gevind nie – ook nie in besondere krisistye nie. Die Paardekraalgelofte was nie 'n herhaling van die Bloedriviergelofte nie, maar in die gees daarvan 'n aansluiting in kontinuïteit en 'n herbevestiging.

Tydens die geseënde en bruisende volksfeeste van 1938, 'n eeu na 1838, is dit nie identies herhaal nie, ook nie in 1949 met die inwyding van die Voortrekkermonument nie.

Ons sou dit in alle geval nie net so kon herhaal nie – vergelyk byvoorbeeld die deel van die gelofte om 'n kerk te bou.

Die konteks en omstandighede van die huidige kri-sis en konfrontasie is in 1999 anders. Die belyde-nis van ons die afhanklikheid van God is tydloos maar 'n "gelofte" sal meer eietyds ingeklee en aktueel moet wees na 161 jaar.

Sover bekend het nie een van die Afrikaanse kerke en van die Christelike kultuurorganisasies 'n besluit in dier voege geneem nie. Wel is baie verootmoedigingsdienste gehou na gelang van kri-sistye en die aard daarvan, want dit duik op in ver-skillende nuanseringe.

Die 1838 Gelofte as besondere historiese geloofs-getuie-nis word gereeld elke jaar op 16 Desember gewyd en plegtig nagespreek en herdenk, nie net voorgelees nie. Ons spreek dit na vanuit die hart en hoor die toepassing vanuit die prediking binne die eietydse omstandighede.

2.6.2 Uitstaande voorbeeld van eietydse Gelof-te-afliegging en verootmoeding as riglyn

In 1990 was ver meer as 100 000 Afrikanervolks-genote vergader om die Voortrekkermonument te Pretoria.

Die krisis het toe al begin oplaai. Openlik en agter die skerms het ondermyning en volksverraad meer en meer intens geword te midde van die hoop dat Christelike volksverset nog kon slaag. Dit was die laaste *groot* saamtrek uit alle dele van die land.

Daar was versoeke, voorstelle, suggesties dat die 1838 Gelofte net so herhaal moet word, maar selfs daar is dit in 'n eietydse wyse en inkleding gedoen, ook in diepe, erkentlike dank aan God, in oot-moedige sondebeseef en met die innige bede dat Hy ons sal bewaar en die vryheid sal beskik sodat ons Hom tot sy eer kan dien.

Die gebed daar gedoen was aangrypend en die manifes 'n pragtige en kragtige volksbelydenis. Dit is die mees positiewe antwoord op broer Hüsselmann se versoek.

2.6.2.1 Gebed van 'n Leier

Here, onse God,

groot en ontsagwekkend,

genadig en barmhartig,

laat die genade van onse Here Jesus Christus met ons wees.

Dié genade wat 'n mens in sy verlorenheid raak-sien en hom uitred;

wat die skeiding en vervreemding van 'n sondaar oorbrug met die versoening van U kruis en soen-dood;

wat 'n nikswerd lewe omskep tot diensbaarheid;

wat uit elke volk u uitverkorenes roep en versamel

saam met die volk van God oor die hele aarde;
dié genade wat ons tot kinders van God maak
en aan ons die ewige lewe skenk.

Laat die liefde van God onse Vader met ons wees:
dié liefde wat deur niemand opgewek of verwerp
word nie;

die liefde wat daar in U oë was toe u ons soos die
verlore seun

van ver af met deernis raakgesien het;

die liefde van die Verbondgod wat duur tot in
ewigheid;

die liefde wat dag vir dag hand aan hand loop met
u vergifnis,

weer en weer;

die liefde wat 'n berouvolle mens en 'n volk terug-
ontvang en omskep

tot diensknegte van die Allerhoogste...

Laat ook die gemeenskap van die Heilige Gees
met ons wees...

Dié Gees wat werk en niemand kan dit keer of
ongedaan maak nie;

u Gees wat ons vernuwe en herskep na die beeld
van ons Verlosser;

wat ons genees van die ontaarding;

wat ons terugbring uit ons verdwaling;

wat in ons wek die vrug van die liefde, blydschap,
vrede, lankmoedigheid, sagmoedigheid, goedheid,
getrouheid, vriendelikheid en selfbeheersing.

O Here, ons Here,

laat nooit vaar die werke van u hande nie;

verstoot en verwerp ons nie tot nutteloosheid,

onbekeerlikheid en 'n aanstoot onder volke nie.

Maak ons 'n getuigenis-volk in wie die werking van
u genade,

u liefde en u gemeenskap gesien kan word.

Gaan met elkeen in die Naam van die Enigste
Middelaar:

Ons Here Jesus Christus.

AMEN

2.6.2.2 Die Vryheidsmanifes van die Afrikaner- volk 26 Mei 1990

Ons volk glo

dat die drie-enige God volkome beskik oor die
bestaan en lotgevalle van volke;

dat ons vaders deur Hom na hierdie land gelei is

met die doel dat ons volk Hom

in hierdie land sal dien;

dat Hy vir ons 'n bestemming beskik het;

dat ons geskiedenis sy seën en tug weerspieël;

dat ons in nederige gehoorsaamheid en verant-
woording voor Hom moet buig.

Ons volk verwerp

'n onverdeelde eenheidstaat waarin die verskil-
lende volke één nasie onder één

owerheid moet word;

enige toekomstige oorheersing deur 'n swart
meerderheidsregering of enige ander

staatkundige bestel wat nie voorsiening maak vir
die volledige vryheid van ons

volk in sy eie vaderland nie.

Ons volk eis die reg

om as volk voort te bestaan;

om vry te wees;

om sonder inmenging van buite onself in ons eie
vaderland te regeer;

om ons identiteit te bewaar;

om ons voortbestaan met alle middele tot ons
beskikking te verdedig;

om na ons keuse ons eie gemeenskapslewe,
opvoeding en samelewing in te rig.

Ons volk onderneem

om God as volkome oppermagtig te erken en Hom
uit dankbaarheid vir sy genade te eer en te dien;

om volgens Bybelse eise van sedelikheid te lewe;

om vrede, vryheid en welsyn te bevorder;

om die vaderlandsbodem te bewaar;

om trou en offervaardigheid tussen volksgenote te
bevorder;

om vreedsame verhoudings met ander volke na te
stewe.

Daarom sê ons volk

ons sal nie rus voordat ons vryheid in ons eie
vaderland volkome bevestig is nie;

Ons versoek ons volksgenote om in hierdie uur van
nood mekaar

te onderskraag en ons eenheid te verstewig.

Ons versoek ons volksgenote om hulle te veroot-
moedig voor ons

Hemelse Vader en om onophoudelik te bid vir die
herwinning van ons vryheid.

VIR VRYHEID, VOLK EN VADERLAND!

AANBEVELING**2.6.3 Kennisname****2.7 Kerklike huweliksbevestiging sonder wetlike huweliksbevestiging****2.7.1 Inleiding**

Ds. Adri van Staden het 'n dergelike huwelik in Thabazimbi bevestig en die motivering daarvoor deurgestuur aan die SKK, met 'n voorbeeld van sy eie trousertifikaat soos uitgereik aan die bejaardes. Aangesien dit 'n nuwe prosedure behels sover die kennis van die KKCE betref sal die sinode 'n beginselbesluit daaroor moet neem. Ons as kommissie motiveer ook waarom dit beslis na die KKS verwys moet word.

Ten spyte van die plaasruimte daarvan beskou ons die juridiese kommentaar van adv. F Danzfuss met die oog op die implikasies as belangrik. Ons het dit doelbewus aangevra.

Ons het dit nodig geag om oor enige moontlike wetsimplikasies insake sodanige huwelike grondige regsadvies in te win, omdat hierdie getroudes nogtans in hulle privaatregtelike hoedanigheid ook teenoor mekaar staatsburgers is, al erken die staat die interne kerkreg van godsdienstige denominasies om die eie huwelike te bevestig.

Die deeglike memorandum hieroor van adv. FWA Danzfuss (Bloemfontein) spreek vir sigself, daarom nie eie kommentaar daaroor nie.

By die oorweging van hierdie voorlegging het ons besef dat dit 'n belangrike aangeleentheid is waaroor die sinode 'n beginselbesluit moet neem. Op die tafel is ook die baie goedbedoelde presedent geskep deur ds. A van Staden – gedoen met suiver pastorale motief vanuit die Christelike liefde.

Ons besef ook dat die KKS oor hierdie saak eintlik 'n *woord* móét meesprek, omdat dit hier ook gaan oor strukture en samelewingsverbande.

Ons beskou die memorandum van adv. F Danzfuss as waardevolle advies, omdat dit duidelik uitstippeel waarop diegene wat aldus kerklik bevestig is, bedag moet wees. Die titel van die voorlegging is: *Memorandum insake samewoning teenoor huweliksluiting* (Kyk 2.7.5 hier onder).

2.7.2 Kommentaar van KKCE**Kerklike huweliksluiting in sy eie reg**

Die kerk is 'n selfstandige samelewingsverband met sy eie tipiese bestemmingsfunksie onder leiding van die geloof as uitgang van die hart onder die gesag van die Here en sy Woord. As sodanig is die kerk as instituut vry in eie bevoegdheid (ook

genoem soewerein in eie kring). Volgens ook Artikel 61, Kerkorde. Hierdie bevoegdheid van die kerk geld ook met betrekking tot die interne bevestiging van die huwelik as 'n instelling van God in die skeppingsordening insover dit geld vir die eie lidmate wat in die eg verbind word. Daarvoor het die kerk 'n eie formulier en ordereëlings.

Binne die kerk se gesagsgebied is die huweliksluiting so gedoen in volledige bevestiging.

Ons aanvaar ook dat die betrokke huweliksbevestiging deur ds. Adri Van Staden in sy brief genoem aan al die eise van die kerklike bevestiging voldoen het. Volgens sy brief het hy dit gedoen vanuit pastorale liefdesmotief teenoor hulle wat in die eg verbind is en met die oog op die uitkakeling van die sosiale stigma teenoor somaar net saamwoon.

Uiteraard moet so 'n huwelik voorafgegaan word deur grondige Christelike huweliksgesprek om die egtheid van die liefdesverhouding te peil en te evalueer. Die kwalifiserende karakter en bestemmingsfunksie van die huwelik is volgens die Woord juis die wedersydse persoonliefde. So 'n kerklike bevestiging mag nie net 'n ligtelike lisensie wees om lastige vrae en verwyte te ontkom nie.

Die vervlegting (of snypunt) tussen huwelik, kerk en staat.

Ds. Van Staden sê die egpaar het regsadvies ingewin, omdat die huwelik nie staats-wetlik bevestig is nie – en gevind dat daar geen wetsoortreding is nie.

Dit beteken dus dat dit 'n privaat huwelik is en 'n saak tussen die egpaar en die kerk. Versigtigheids-halwe is die vraag te stel of daar nie tog wetlike implikasies is wat in ag geneem moet word nie.

Vgl. adv. Danzfuss se advies (2.7.5 hier onder).

AANBEVELING**2.7.3 Hierdie verslag word verwys na die KKS met die oog op evaluering en finale advies.****2.7.4 Ds Van Staden se dokumentasie**

Posbus 607
Thabazimbi
03/02/1996
Tel. 014773 21412

Die Voorsitter
SKK
Posbus 11488
Hatfield
0026

Geagte broeder

KERKLIKE HUWELIKSLUITING

Die situasie ontstaan dikwels dat twee bejaarde

persone in die huwelik wil tree, maar dit nie kan doen nie, vanweë testament-bepalings of pensioenfondse-reëlings, ens. Die gevolg is dikwels dat sulke mense dan buite die eg saamwoon, tot groot skade en skaamte van die gemeenskap. Ek het lank oor die kwessie nagedink en toe begin wonder of dit dan nie moontlik is om die twee "kerklik" in die huwelik te bevestig, maar dan nie wetlik in die eg te verbind nie. Nadat die twee persone vir wie ek dan inderdaad vanoggend so in die huwelik bevestig het, regsadvies ingewin het, het dit geblyk dat daar geen wetsoortreding ter sprake is nie. Dit word beskou as 'n wettige ooreenkoms tussen twee partye. Ek het in hierdie geval die huweliks-formulier gelees, met weglating van paragrawe 5, 6 en 11. Daarna het ek meegaande "sertifikaat" aan hulle uitgereik (hulle s'n sonder die tikfout). Daarmee hoop ons almal dat ons reg gehandel het in die oë van die Here terwyl ons geen erg het aan die wetlike aspek van die huwelik nie. Die twee het wel 'n kontrak opgestel waarin albei se eiendom beskerm word ingeval van die beëindiging van die huwelik, hetsy deur dood of andersins.

Graag gee ek die gedagte aan u deur ter oorweging. Dit kan vir baie van ons bejaardes 'n uitkoms bied, en talle sondige saamwonerij regstel. Moet 'n huwelik tussen Christene juis wetlik geskied, of kan dit bly by 'n belofte van wedersydse trou voor God? Uit die aard van die saak kan hierdie praktyk nie toegepas word by jongmense nie, aangesien daar 'n gemeenskaplike boedel en kinders betrokke is.

Dankie vir u oorweging van die aangeleentheid. Graag verneem ek u mening omtrent die saak.

Groete in diens van ons Meester

.....

w.g. Ds. Adri van Staden

Voorbeeld van kerklike troucertifikaat

SERTIFIKAAT

Hiermee sertifiseer ek, Adriaan Stefanus van Staden, leraar van die Afrikaanse Protestantse Kerk Thabazimbi, dat

COENRAD CHRISTOFFEL SWANEPOEL
(12410015017089)

en

PETRONELLA MARGARIETHA VAN WYK
(3108150059089)

vandag, 3 Februarie 1996, op eie versoek aan mekaar trou belooft het voor die Here, maar nie wetlik in die eg verbind is nie. Hulle neem mekaar as man en vrou en het belowe om as sodanig in die huwelik te lewe soos God dit van gelowiges vereis. Volgens die huweliksbelofte wat albei voor God in die teenwoordigheid van ondergetekende

getuies afgelê het, sal hulle mekaar liefhê, mekaar nooit verlaat nie, heilig met mekaar lewe en in alles getrou bly aan mekaar.

Aan die egpaar oorhandig op hede die derde dag van Februarie 1996.

.....
CC SWANEPOEL PM VAN WYK

Getuies:

.....
.....
Huweliksbevestiger:

.....
Ds. AS van Staden

2.7.5 Memorandum insake samewoning teenoor huweliksluiting

Adv. FWA Danzfuss

Inleiding

1 Dit blyk dat al hoe meer gevalle bestaan waar veral ouer mense gekonfronteer word met betreklik ingewikkelde boedels na aanleiding van vorige huwelike. Ten einde allerlei gevolge en verlies te voorkom besluit 'n man en vrou om eerder maar net saam te woon as om formeel in die huwelik bevestig te word.

2 Hierdie toedrag van sake is vir die kerk kommerwekkend en onaanvaarbaar en gevolglik word oorweging geskenk daaraan dat die kerk sulke persone kerklik in die huwelik bevestig sonder die medewerking van die staat.

3 Die doel hiervan is om die samewoning uit die kerk se oogpunt Bybels te regverdig sonder dat regsgevolge aan so 'n huwelik gekoppel kan word.

Huwelike en huweliksbevestigings

4 Die huweliksbevestiger word aangestel uit hoofde van die Huwelikswet, 25 van 1961.

5 Artikel 11 van die Huwelikswet bepaal in subartikel (1) dat slegs 'n huweliksbevestiger 'n huwelik kan voltrek.

6 Artikel 11 (2) bepaal dat 'n huweliksbevestiger wat 'n huwelik voltrek, anders as ingevolge die Wet, is skuldig aan 'n misdadig en is strafbaar met 'n boete en gevangenisstraf.

7 Artikel 11 (3) van die Wet bepaal egter dat die bepalinge van subartikel (2) nie van toepassing is op 'n huwelikseremonie wat ooreenkomstig die gebruike of formuliere van een of ander geloof voltrek word, indien dié seremonie nie daarop gemik is om 'n **geldige huwelik heet tot stand te bring nie**.

Hierbenewens bevat artikel 33 en artikel 34(a)

bepalings in verband met inseëning van 'n huwelik. Die effek daarvan is dat 'n leraar en soortgelyke persoon in 'n godsdienstige denominasie 'n huwelik ooreenkomstige die godsdienstige gebruike van daardie denominasie kan inseën. Dit bepaal verder dat die Wet nie verbied dat 'n godsdienstige denominasie reëls of regulasies kan uitvaardig in verband met die godsdienstige inseëning van huwelike in ooreenstemming met die godsdienstige opvattinge van daardie denominasies nie. Dieselfde geld vir kerklike dissipline met betrekking tot huwelike.

8 Na my mening is daar gevolglik geen rede in die wetgewing waarom so 'n huwelik nie bevestig kan word nie, met dien verstande egter dat:

8.1 die persoon wat die huwelik bevestig, moet dit nie doen in sy hoedanigheid as huweliksbevestiger nie en moet dus ook nie die dokumente wat 'n huweliksbevestiger moet voltooi, in hierdie verband voltooi nie;

8.2 dit moet nie die bedoeling wees om 'n geldige huwelik in sekulêre sin van die woord daar te stel nie.

Dit is trouens 'n algemene verskynsel by ander gelowe soos byvoorbeeld die Moslems, dat twee persone volgens Moslemse rituele in die huwelik tree.

Gevolge van samewoning

9. Selfs al sou 'n man en vrou deur die kerk op so 'n wyse in die huwelik bevestig word sonder die medewerking van die Staat en dus sonder nakoming van die bepalings van die huwelikswet, Wet 25 van 1961, sal so 'n huwelik in die algemeen gesproke nie deur die Staat en die regspleging erken word nie. Hierdie persone sal in die oë van die reg beoordeel word asof hulle bloot samewoners is en wel in ooreenstemming met die regsbeginsels van kohabitasie. Hierdie samewoning het verskeie gevolge waarvan sommige betreklik nadelig kan wees. Dit wat hierna volg, is nie 'n poging om enigsins volledig met die verskillende voor- en nadere te handel nie. Dit sou 'n omvangryke taak wees om volledig 'n uiteensetting van die voor- en nadele op al die verskillende moontlike terreine te verskaf. Hierdie is dus slegs enkele los gedagtes.

9.1 Gevolge met betrekking tot eiendom:

Samewoning gee nie enige outomatiese regte op eiendom oor en weer tussen die partye nie, maar daar is tog gewone regsreëls met betrekking tot kontrakte, eiendomme en ongeregtigde verryking wat 'n rol kan speel.

In onder andere Engeland, Kanada en Australië, word erkenning verleen aan geïmpliseerde of konstruktiewe trusts ten einde 'n billike en regverdige

verdeling van eiendom tussen samewoners te bewerkstellig. Die Suid-Afrikaanse Trustreg maak egter geen voorsiening hiervoor nie. In die Suid-Afrikaanse Reg sal dit wel vir sodanige samewoners moontlik wees om gebruik te maak van die konsep van 'n universele vennootskap. Tans is die regsposisie dat die universele vennootskap wel erken word hoewel dit nie maklik bewysbaar is nie. Tog erken die hof dat dit stilswyend kan geskied. So byvoorbeeld kan twee partye dus saamwoon en die een kan later daarop aanspraak maak dat hulle 'n stilswyende vennootskap, gevorm het ingevolge waarvan bates oor en weer bygedra is tot die bates van die vennootskap en bates daarna geakkumuleer het uit hoofde van die bates wat aldus bygedra is en uit hoofde van die dienste wat die twee samewoners (vennote) gelewer het.

Vgl. bv. *Ally v Dinath*, 1984 (2) SA 451 (T);

V v De Wet NO, 1953 (1) SA 613 (O);

Mühlmann v Mühlmann, 1984 (3) SA 102 (A)

Die probleem wat ontstaan is dat die twee partye gesamentlik bates bymekaar maak en in stand hou. Terwyl alles goed gaan word die bates nie afsonderlik gehou nie en later by verbreking van die samewoningsverhouding maak altwee aanspraak op die bates of dele daarvan. Dit sou ook in elk geval uiters onbillik wees om slegs die party op wie se naam die eiendom byvoorbeeld geregistreer is wat deur die twee partye gesamentlik aangekoop en vertroetel is, die voordele te laat bekom.

Die antwoord is natuurlik geleë daarin dat 'n behoorlike samewoningsooreenkoms tussen die partye gesluit kan word. So 'n ooreenkoms sal geldig wees en so 'n ooreenkoms kan in besonderhede bepaal presies wat die gevolge van die samewoning, in die besonder met betrekking tot bates, sal wees.

10 Onderhoud en verlies van onderhoud

10.1 Samewoning skep tans in die Suid-Afrikaanse reg geen plig tot onderhoud tussen twee samewoners nie. In 'n geval dus waar die samewoners soos eggenote te werk gaan, byvoorbeeld waar die man gaan werk terwyl die vrou die tuiste skep, sal die vrou, soos die reg tans staan, geen reg op onderhoud teenoor die man hê, ongeag hoe lank hulle ook al saam gewoon het nie.

10.2 Wat egter van groot belang is, is die feit dat indien een van die partye (normaalweg die man), in 'n motorongeluk sodanig baseer word dat hy nie meer in staat is om inkomste te verdien nie, sal die ander samewoner (gewoonlik die vrou), nie enige eis vir skadevergoeding op grond van verlies aan onderhoud teen die skuldige bestuurder van die ander voertuig hê, of selfs 'n derdeparty eis hê nie. Dit spruit voort uit die feit dat daar nie 'n plig is om onderhoud te betaal nie. As die twee egter regtens

getroud was sou 'n eis vir verlies aan onderhoud suksesvol kon gewees het.

10.3 Selfs al sou die partye kontraktueel teenoor mekaar onderneem om oor en weer onderhoud aan mekaar te betaal, sal dit die posisie in die voorafgaande paragraaf geensins verander nie, aangesien 'n kontraktuele plig om onderhoud te betaal, nie voldoende is om 'n eis vir skadevergoeding te fundeer nie. Laasgenoemde is slegs beskikbaar as die plig om onderhoud te betaal *ex lege* volg.

Vgl. *Union Government v Warneke* 1911 (AA) 657

11 Die gemeenskaplike woning

Indien die gemeenskaplike woning geregistreer is op die naam van een van die samewoners, of indien een van hulle die huurder van die woning is, sal die ander een geen regte ten opsigte van die woning bekom uit hoofde van die samewoningsverhouding nie. Indien daar dus probleme sou ontstaan soos byvoorbeeld huismoles, ensovoorts, sou die een in wie se naam die huurkontrak is óf op wie se naam die eiendom geregistreer is, die ander een die huis kon verbied of uitsit. Dit sou nie kon gebeur waar die twee regtens getroud was nie.

Daar is 'n skrale troos vervat in die Wet op die voorkoming van Gesinsgeweld, Wet 33 van 1993. Ingevolge hierdie Wet het die samewoners onder sekere omstandighede regte teenoor die ander samewoner wat eienaar van die huis is om hom uit te sit en om self in die woning te woon. Dit is egter uitsonderlike omstandighede.

12 Kinders

12.1 Dit moet seker aanvaar word dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat kinders uit 'n samewoningsverhouding gebore kan word. Soos wat die reg tans daar uitsien is die moeder van die kinders in sulke omstandighede in 'n baie beter posisie as die vader, aangesien die moeder allerlei inherente en outomatiese regte het wat die vader nie het nie. Dit is regte met betrekking tot bewaring van die kinders, die felt dat die kinders die moeder se van kry; die moeder alleen kan toestem tot aan-neming van die kind sonder die medewerking van die vader; die vader wat geen outomatiese toegang tot die kind het nie, ensovoorts. Die ironie van die saak is dat die vader geen van hierdie regte het nie, maar steeds 'n plig tot onderhoud van die kind het.

12.2 So 'n kind word beskou as 'n buite-egtelike kind met al die trauma wat dit vir die kind inhou.

12.3 Dit is weliswaar so dat talle van hierdie bepalings moontlik sal swig voor die Handves van Menseregte indien dit in die Konstitusionele Hof aangeveg sou word. Dit kan egter op hierdie sta-

dium maar slegs bespiegeling wees om te voorspel watter suksesvol sal wees en watter nie.

13 Vererwing

13.1 Die twee samewoners het geen reg op intestate vererwing oor en weer nie. Hulle kan wel uit hoofde van 'n testamentêre bepaling oor en weer erf, maar sonder 'n testament, glad nie. In geval van regtens getroude persone is dit anders.

13.2 Die huidige regspraak se siening van so 'n situasie blyk duidelik uit die beslissing van *Momeen v Bassa*, 1976 (4) SA 338 (D), waar die man twee langsliewende vrouens nagelaat het, die een met wie hy wettiglik met die medewerking van die Staat getroud was en die ander een met wie hy getroud was volgens Moslemse rituele wat nie regtens erken is nie. Hy het in sy testament sekere erflatings gelaat aan *my wife*, sonder dat hy aangedui het welke een van die twee hy in gedagte het. Die hof het voor die handliggend aanvaar dat slegs die vrou met wie hy wettig getroud was met die samewerking van die Staat, op dié voordeel geregtig is. Die ander vrou is glad nie as 'n eggenote erken nie.

14 Versekering

Hoewel samewoners mekaar as begunstigdes in versekeringspolisse kan aanwys, is daar polisse wat voordele laat toekom aan lede van die versekerde se gesin (*family*). So byvoorbeeld is daar sekere motorversekeringspolisse wat voordele verleen of uitsluit ten opsigte van passasiers wat lede van die versekerde se gesin is. Sulke polisse sal deur die reg interpreteer word tot die effek dat dit 'n samewoner uitsluit, behalwe natuurlik as daar spesifiek gekontrakteer is dat 'n samewoner by hierdie voordele ingesluit sal wees.

15 Insolvensie

Artikel 21 van die Insolvensiewet, Wet 24 van 1936, bepaal dat indien die afsonderlike boedel van een van twee gades wat nie afsonderlik woon nie, gesekwestreer word, sal die boedel van sowel die insolvente gade as die ander gade in die Meester van die Hooggeregshof vestig en daarna in die Kurator wat aangestel mag word. Indien sodanige gade wat nie gesekwestreer is nie, later bewys dat sy of hy haar of sy boedel bekom of bymekaar gemaak het op 'n wyse of op grond van 'n reg, titel en belang wat nie deur skuldeisers tot niet verklaar kan word nie, moet sodanige solvente gade se boedel los gelaat word. Tot sover raak dit nie samewoners nie, maar artikel 21 (13) maak voorsiening dat 'n vrou of 'n man wat saam met 'n man of 'n vrou woon as man en vrou, vir doeleindes van die bogemelde bepaling ingesluit is in die definisie van gade.

Dus kan die boedel van 'n solvente samewoner in gevaar kom as die ander een insolvent sou raak.

16 Verandering van van en getuienislewering

16.1 As 'n samewonende party sy of haar van wil verander na die van van die ander samewonende party, moet hy 'n prosedure volg wat wetlik voorgeskryf word en die goedkeuring van die Direkteur-generaal van Binnelandse Sake bekom, ensovoorts, soos voorgeskryf in artikel 26 van die Wet op die registrasie van Geboortes en Sterfgevalle, Wet 51 van 1992. Wanneer hierdie selfde persone in die eg verbind is met die Staat se samewerking, is so 'n prosedure nie nodig nie en kan hy bloot die ander eggenoot se van aanvaar.

16.2 Twee gades wat met mekaar in die eg verbind is met die Staat se samewerking, kan nie verplig word om in siviele- of kriminele sake teen mekaar te getuig of om kommunikasies en mededelings oor-en-weer te openbaar nie. Hierdie beskerming kom nie samewoners toe nie.

17 Die nuwe grondwet

Soos reeds gesê is daar 'n redelike kans dat sommige van die gemelde reëlins deur die Konstitusionele Hof tersyde gestel mag word weens oorweging wat nie hier tersaaklik is nie. Daar kan egter nie daarop staatgemaak word dat dit sal gebeur nie.

18 Verskillende huweliksbedelings

Die bepalinge van die Wet op Huweliksgoedere, Wet 88 van 1984, saamgelees met die gemenereg, bied verskillende vorme van huweliksluiting soos byvoorbeeld:

18.1 'n huwelik in gemeenskap van goedere;

18.2 'n huwelik buite gemeenskap van goedere;

18.3 'n huwelik waar die aanwasbedeling ingesluit is of uitgesluit is.

19 Kundige hantering van hierdie verskillende moontlikhede kan baie van die voor die hand liggende probleme wat in die eerste paragrafe gestel is, uitkakel sonder dat dit nodig is om bloot saam te woon. Ek is nie van voorneme om hierdie verskillende moontlikhede hier te skets nie, aangesien daar talle moontlike praktiese situasies kan ontstaan en wat selfs onvoorsienbaar is. Daar moet egter telkens na my mening na die meriete van elke afsonderlike geval gekyk word ten einde te bepaal of daar nie binne die regsreëls soos wat dit tans staan, voldoende ruimte is vir 'n reëling wat die probleem wat in die besondere geval mag ontstaan, sal oplos óf die gevolge daarvan aan bande lê nie.

Ek aanvaar onvoorwaardelik dat daar situasies mag ontstaan waar 'n eggenote uit 'n vorige huwelik sekere voordele kry, wat verval by **dood of hertroue** en normaalweg word dit gekwalifiseer dat dit verval by die een van die twee gebeure wat

ookal eerste mag ontstaan. Die reg om van 'n vorige eggenoot onderhoud te vorder, verval ook by hertroue.

In sulke en ander omstandighede mag daar voldoende rede wees wat samewoning prakties regverdig. Soos egter hierbo sal blyk, is daar ook baie nadele verbonde aan hierdie metode. Om dit bloot uit 'n regsoogpunt te beoordeel sal daar dus telkens baie deeglik gekyk moet word na die meriete van iedere en elke geval alvorens daar gesê kan word dat daar in dié besondere geval meer voordele as nadele is in geval van samewoning.

20 Die kerk sal baie versigtig moet oordeel óf die behoefte aan samewoning werklik geregverdig word deur die praktiese omstandighede van die betrokke persone. Indien 'n sisteem van slegs 'n kerklike huwelik (sonder die samewerking van die Staat) erken sou word, sal die kerk moet waak dat

20.1 hy nie daardeur die indruk skep dat **per se** erken word dat dit 'n besonder voordelige sisteem is nie;

20.2 voldoende gewaarsku word voordat 'n paartjie aldus slegs kerklik in die eg verbind word dat heelparty statutêre en gemeenregtelike beskermings wat aan 'n Staatserkende huwelik kleef, deur hulle ontbeer sal word.

Daar sal moontlik ook besin moet word oor die vraag wie almal toegelaat sal word om sodanige kerklike huwelik sonder samewerking van die Staat te sluit. Die blote feit dat daar 'n potensiaal is dat kinders uit so 'n verhouding verwek kan word, behoort na my mening 'n baie belangrike oorweging te wees waarom so 'n huwelik nie toegelaat behoort te word nie. Soos reeds gesê word kinders uit so 'n verhouding gebore deur die reg as buite-egtelike kinders gereken. Die posisie van sulke kinders het met die verloop van jare verbeter. Daar was aanvanklik oneindige nadele wat so 'n kind tref. Vandag is die nadele nie meer so groot nie, maar die sosiale etiket van 'n buite-egtelike kind (ongeach die regverdiging daarvoor) is na my beskeie mening voldoende rede waarom so 'n huwelik in sulke omstandighede nie toegelaat behoort te word nie.

21 Slot

Ek wil herhaal dat hierdie nie 'n poging is tot 'n diepsinnige regstudie of opstel nie. Ek het slegs enkele gedagtes op skrif geplaas en is van mening dat 'n diepsinnige studie baie ander voor of nadele aan die lig kan bring. Die tyd wat beskikbaar was om hierdie gedagtes op skrif te stel was nie voldoende om enigsins op verantwoordelike wyse met die gesagsbronne om te gaan nie.

FWA Danzfuss

25 Augustus 1997

2.8 Onderwerp: Kommentaar van Bernard Reeves (Engeland) oor die bevordering van evolusionisme en ateïsme – ook in die RSA, onder andere deur dr R Dawkins

2.8.1 Die dokumentasie hieroor is van ons sentrale kerkkantoor ontvang in die laaste week van Mei 1997, uit Engeland versend op 24 April. Ons stuur hiermee die gevraagde kommentaar. Ons wil net daarop wys dat die dokument onnoukeurig versorg is in dié opsig dat pagina 6 en pagina 8 van die gefotostateerde paginas ontbreek. Ons sal dit baie graag ontvang vanweë die belangrike gegewens daarin en die samehang van die betoog – dankie by voorbaat. Ons kan darem die kern van die inhoud goed genoeg begryp om sinvolle kommentaar te lewer.

2.8.2 Die omvang van die evolusionistiese *hipotese*, as *spekulatiewe* filosofie en *niet* wetenskaplik bewys nie, is wyd en syd in die Westerse wêreld.

Waarmee B Reeves in sy skrywe besig is ten opsigte van dr. Dawkins is werklik *een* uit duisend gevalle. Ook in die RSA word die evolusionisme vrywel ongehinderd gestel en gepropageer via wetenskaplike en populêre media, afgesien van die feit dat dit oorheersend die toon aangee aan feitlik alle tersiêre inrigtings. (Vergelyk die Onderwysverslag, agenda sinode AP Kerk 1987 oor die religieuse rigting in SA Universiteite.)

Die nuwe skoolhandboeke vanuit die inisiatief van die ANC-regime is gedrenk in die legendes van aapmense en mensape.

2.8.3 Die bekamping van die evolusionistiese legende en dogma

Uiteraard geskied dit vanuit Bybels-teologiese perspektief vanuit die grondmotief van skepping, sonde en verlossing, laasgenoemde onderskraag deur die Christelike wysbegeerte.

Wat egter onmisbaar is, juis ook in die lig van B Reeves se pleidooi, is die vakwetenskaplike aanpak daarteen in die onderskeie vakwetenskappe, wo. veral die biologie, plantkunde en sielkunde, alhoewel die evolusionisme in *alle* vakwetenskappe en die wysbegeerte deurgewerk het. Dit het nie net dr. Dawkins 'n evolusionis en ateïs gemaak nie, nie net sy duisende verslaan nie, *maar* sy tienduizende.

As ons ons nie ook *wysgerig* en vakwêenskaplik verweer nie, hoor ons van die evolusioniste se kant: ja, dit is maar weer die ou kerk en die predikante! Ons moet hulle ook in die onderskeie vakwetenskappe man teen man beveg.

2.8.4 Die probleemstelling van B Reeves – in verband gesien met die werk van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO)

Die VCHO is sedert 1949 aktief betrokke met die

probleem wat in hierdie skrywe gestel word. Daar moet positief opgetree word en positiewe antwoorde gegee word. In hierdie opsig bevestig en onderskraag die VCHO B Reeves.

Die verweer moet die vorm aanneem van kritiek teen die inherente onhoudbaarheid van die evolusionisme se evolusioniste *geloof* en spekulasie.

Positief is die verweer die grondlegging en uitbou van die Christelike wetenskap wat uitmond in die Christelike vakwetenskappe van die wortel uit. Die voorarbeid van die VCHO aan bogemelde pas nou uitstekend in by die program van die ACVHO (die akademie) en die leerplan – formulering vir CVO skole.

2.8.5 Publikasies

B Reeves se skrywe waarsku ernstig, maar hy vermeld nie positiewe optrede nie. Sy waarskuwing is klemmend maar hoe en met wat konfronteer ons die evolusionisme? Die VCHO het kennis geneem van die akademiese publikasies hieroor vanuit die Christelik-wetenskaplike arbeid en het self meer populêre werk die lig laat sien, uit die hand van proff. Duyvene de Witt (bioloog, UOVS), DFM Strauss, FJM Potgieter, KJ Popma, om net enkelles te noem. Vergelyk ook H van Brummelen: *Shaping School Curriculum*.

Baie belangrik is ook die artikels in *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* en in *Roeping en Riglyne* van die VCHO asook uitstekende bydraes in die mondstukke van die Vereniging vir Calvinistiese Wysbegeerte, naamlik *Philosophia Reformata* en *Beweging* (intekenare internasionaal).

Die VCHO het heel onlangs besluit om vorige uitgawes oor die evolusionisme weer na te sien en te herdruk, want as ons op die gevaar wys en dit ondervind moet ons ook die geestelike wapentuig beskikbaar stel.

Naas bogemelde tydskrifte moet ons ook wys op *Christian Scholars Review* waarvan die inhoud ook in elke gereformeerde teologiese fakulteit beskikbaar moet wees, al sal ons nie met alles in die blad saamstem nie.

Die konkrete oplossing is:

1 Stel akademiese en populêr-wetenskaplike publikasies oor al die vakwetenskappe vanuit Bybelse perspektief beskikbaar, benewens die *teologiese* verantwoording hieroor vanuit eie gesigshoek.

2 Konkretiseer die Christelike-vakwetenskaplike opleiding van dosente en onderwysers oor die hele ensiklopedie van die wetenskappe.

AANBEVELING

2.8.6 Kennisname

2.9 Literatuur vir ampswerk

2.9.1 Die ring van Dendron het 'n versoek aan die Publikasiekommissie gestuur i.v.m. die skrywe van brosjures as voorligting vir die ampswerk van ouderlinge en diakens, "inligtingstukke oor sake soos grootdoop, Skrifgesag, ens. ens. sal van groot waarde wees..."

Die Pk. het bogenoemde versoek toe aan die KKCE deurgestuurd: "Met die suggestie om moontlik brosjures te skryf om in die behoefte te voorsien. Sulke brosjures kan aan die Pk. voorgelê word vir die oorweging van publikasie. Sou laasgenoemde kommissie die saak wou opvolg, sou dit goed wees as die ouderlengerade in die ring hulle spesifieke behoeftes aan die KKCE deurstuur." Aldus die skrywe van ds. HJ Smith.

Die versoek is baie wyd gestel, want soos dit lui word implisiet alle geloofsleertemas gedek wat deur die breër lys publikasies van die Pk. gedek word of gedek moet word. Daar is ook ouderlinge wat vrugbaar gebruik maak van die geloofsleerboeke van die senior verbondsjeug. Bybelstudiegroepe van die vrouens maak baie vrugbaar gebruik van "Die Katkisasieboek" vir senior jeug wat in die NG Kerk gebruik is (die gryse), opgestel destyds onder leiding van ds. Eben Greyling en streng gereformeerde outeurs. Vir leerstellige voorligting word dit sterk aanbeveel.

Daar moet net skerper onderskei word of die boeke soos dit in dr. Smith se brief lui: vir *ampswerk* van ouderlinge en diakens of net die ouderlinge bedoel is.

Verder moet vasgestel word in hoeverre ons kerk se eie lys van publikasies in hierdie behoefte voorsien sodat dit vinniger sirkuleer en in kontant omgesit word. Verder waardeur die KKCE die verrassende en vleierende vertroue in ons bekwaamheid en spoed insake die versoek oor "die skrywe van brosjures as voorligting vir die ampswerk vir ouderlinge en diakens".

Boeke vir die spesifieke *ampswerk* het ook weer 'n ander aksent as boeke oor geloofsleer, en vir albei moet kundige outeurs uitgekies word.

AANBEVELING

2.9.2 Die sinode dra dit aan die KKCE op om hierdie aangeleentheid in oorleg met die PK verder deur te voer, hangende meer geartikuleerde onderskeiding van die inhoud en teikengebied van hierdie eventuele publikasies.

2.10 Verslag insake reeks videos oor satanisme: Feit of fiksie?

2.10.1 Voorgelê deur die Kommissie vir Kerkleer en Etiese Sake (Dr. WA Burger. Handeling 1997, bl. 297, 4.5).

In samewerking met ds. Connie Bester, hoof uitvoerende beampte van die VCHO, wat die videos hanteer het, en mnr WR Rabald, word die volgende evaluering aan die sinode voorgelê. Ds. Bester is goed op hoogte van die inhoud van die videos en onderskrywe die verslag van mnr. Rabald. Mnr. Rabald is in die SA polisiediens as kolonel en het saamgewerk met kol. Jonker wat die opdrag het om in die besonder toe te spits op die okkultiese en satanistiese misdaadgevaar. Mnr. Rabald het ook 'n voorlesing in die AP Kerk Bainsvlei gelewer waaruit geblyk het dat hy baie goed op hoogte is met satanistiese aktiwiteite en die uitlopers daarvan.

2.10.2 Die verslag oor die videos

Mnr. WR Rabald rapporteer soos volg:

1 *Die inhoud is baie goed en baie volledig. Dis werklik 'n interessante en leersame reeks videos wat beslis aanbeveel kan word.*

2 *Die reeks is Skriftuurlik verantwoord en dit dien daartoe om 'n mens deeglik bewus te maak van die probleme se omvang. Dit illustreer baie goed die oorsake en simptome van die gevalle waar 'n persoon met satanisme betrokke raak en dui goed aan watter hulp aangebied kan word.*

3 *Die aanwending van die voorbeelde van bekeerde sataniste en hulle getuigenis is goed en prakties en staaf die werklikheid van die probleem. Die trauma daarvan maar ook die bevryding word realisties en eksistensieel na vore gebring.*

4 *Video 4 kon duideliker na vore gebring het die presiese gevare van okkultiese speletjies en onnodige kontak daarmee, benewens ook die gevare in die verband van sommige films en popmusiek. Meer van die gevaarlike popmusiek en popgroepe kon vermeld gewees het.*

5 *Ek verskil net met respek van een van die sprekers wat satanisme as 'n godsdiens klassifiseer. Satanisme is 'n kultus en nie 'n godsdiens nie.*

6 *Alhoewel sekere feite aan die begin van latere videos herhaal word, is dit nie steurend nie. Dit is blykbaar gedoen vir in geval spesifiek 'n bepaalde video vertoon word.*

7 *Die Riglyne vir die Christenouer is uiters goed, maar kon eintlik uitvoeriger gewees het.*

8 *Sommige aanbieders se manier van praat om "die jeug te bereik" kan dalk nie in almal se smaak val nie.*

9 *Die gesigte van die bekeerde sataniste moet almal verdonker gewees het ter wille van hulle veiligheid, asook hulle stemme.*

10 *Een van die vroueaanbieders ('n bekeerde satanis) herhaal heelwat van haar woorde wat sy voorheen gesê het. Dit mag steurend wees, maar*

mens moet besef dit is vanweë die vrees waarin sy verkeer en die traumatiese agtergrond.

11 Die uiteensetting oor die Satan se aard en opset (deur prof. J Theron) kon meer prakties en korter gewees het.

12 Daar kon meer duidelik gesê word wat bedoel word as gestel word dat 'n mens "demoniese bindinge" kan kry as jy net uit nuuskierigheid oor die satanisme lees. Dit beteken nie dat ons nie daarvoor moet lees, om ons van die opset en gevare van satanisme te vergewis nie.

13 Die inligting en voorligting in hierdie videoreeks is meer as tydlig, dis uiters noodsaaklik en behoort aktief in sirkulasie te wees.

AANBEVELING

2.10.3 Die sinode keur die gebruik van hierdie videoreeks goed.

2.11 Brosjyre, Christelike uitgewersmaatskappy

2.11.1 Ontvang van die sentrale kerkkantoor en SKK om te evalueer.

Die CUM bestaan minstens sedert die veertigerjare van hierdie eeu waarvan die sonsondergang, saam met dié van 'n millennium aanstaande jaar ook middernagtelik biddend of brullend gevier sal word.

Die CUM het gedurende die eerste dekades van sy bestaan van alles en nog wat, en nog wat en alles wat hulle as Christelik beskou het gepubliseer, min of meer op die trant van die CSV, selfs chiliastiese uiteensettings en werkies wat die gereformeerde heilsorde misken. Tans publiseer hulle ook goeie werke van bekende skrywers van onder andere die NG Kerk, en borg hulle ook Christelike radioprogramme, aspekte van kerklike radio-uitsending en boekbesprekings oor die radio-kerknuus.

Die brosjyre wat deur die SKK en KKCE verwys is, is net 'n pryslys van boeke waarin 14 boeke bekendgestel word, met die titels vanaf: *Ek, my tekkies en Christus* tot by uitgawes van Solly Osrovec en Murray Janson, en andere. Dit sluit ook goeie leesstof in, maar ons kan nie vir alles instaan nie, omdat ons nie tyd het om dit te evalueer nie.

AANBEVELING

2.11.2 Kennisname.

2.12 Bedenklike Jesusfilm in aantog

Die onderstaande berig oor 'n beoogde Jesusfilm verg ons noulettende aandag en die optrede daarteen ons aktiewe ondersteuning. Let daarop: die titel is *The sexual life of Christ*, waarin Jesus as 'n

homoseksueel voorgestel word en Maria Magdalena se rol word gespeel deur 'n erkende Franse prostituut. Die onderstaande berig lewer al die nodige inligting.

2.12.1 Urgent and important action

The firm "Modern People news" has announced that it is intending to produce a film about "The sexual life of Jesus Christ". In this film Jesus would be presented as being 'n homosexual and Mary Magdalena's rol would be played by 'n notorious French prostitute.

The film will be produced in the United States, this year, unless enormous international pressure is exerted against the production of the film. We must do all that we can to prevent this production. We must warn the producers of what Christians think about their blasphemous plan.

Some years ago Denmark tried to produce such a film, but strong world protest prevented that production. Please photocopy and distribute this letter to your friends and please fill in the following form and send it to this address:

De Heer van Kandeghem Tony

Vijfstraten 93

B-2700 SINT NIKLAAS

BELGIUM

Dear Attorney General Scott

I would like to protest in the strongest terms possible against the production, the filming and the showing of any supposedly depicting the "sex life" of Jesus Christ by "Modern News," West Addison Street, Franklin Park, Illinois 60181

Such a movie would be blasphemous and would be an outrage and contrary to the truth. We urge you to take action against this moral corruption.

NAME

ADDRESS

COUNTRY/STATE

SIGNATURE AND DATE

AANBEVELING

2.12.2 Die sinode besluit dat bogenoemde protesaksie teen die beoogde film *The sexual life of Christ* aktief ondersteun word.

Dit behels dat ons skerp moet oplet as die film

by ons ingevoer word – min van ons bestudeer die filmlys-advertensies.

2.13 Korttermynversekering, multivlakbemarking en die simkaart

2.13.1 Korttermynversekering

Hieroor het ons gesoute sakemanne geraadpleeg wat in die harde praktyk van elke dag staan. Saamgevat behels hulle siening die volgende:

Dit is die algemene gebruik om risiko te verminder t.o.v. 'n verskeidenheid items, met die oog op die onvoorsiene skade of verlies – bv. inbrake, diefstalle en motorkapings, natuurrampe, vgl. oesversekering, o.a. Sentra-oes. In die huidige toestand van ons geteisterde land t.o.v. misdaad en korrupsie is hierdie versekering baie meer aktueel, al is die premie vir verlies a.g.v. rewolusionêre optrede hoër.

Jan de Wet stel dit soos volg: Dit spreek van 'n sterk geloof as Christene alles in die hand van God laat en op Hom vertrou. Tegelyk is daar in hierdie sondige bedeling wat die natuur en die mens so diep getref het skelms en booswigte en natuurrampe. Die fasiliteit van versekering en met name korttermyn, as skokbreker teen skades wat ellende en likwidasië kan veroorsaak, is juis 'n positiewe skokbreker. Dit behels wyse voorsorg en gehoorsaamheid aan die agtste gebod in die positiewe sin: spaarsaamheid.

Dit beteken nie dat die Christen minder glo aan sy diepe afhanklikheid van God in die geheel van sy lewe nie, en dit ook in die lig van Sondag 10 Heidelbergse Kategismus. Tot sover De Wet.

Wat het ons wat ons nie ontvang het nie? Vgl. ook 1 Kr 29:10-14. Die Here gebruik tog ook middele op die weg van sy voorsienigheid. Vgl. hier die barmhartige beskikking onder die priesterlike koningskap van Jesus Christus van die hele kettingwerk van die mediese wetenskap (sesde gebod) – teenoor die dwase sektariese weiering m.b.t. medisynegebruik, waarmee hulle juis die positiewe aspek van die sesde gebod oortree.

Korttermynversekering is ook baie waardevol vir die voorsiening t.o.v. 'n wye reeks gebeurlikhede.

Voorbeeld, eksakt meegedoen: Die Beheerraad, Hoërskool Nelspruit reël 'n groot buitelug skoolfunksie met uitgawes daaraan verbonde. Ons verseker korttermyn sodat as dit uitreën die kostes aangegaan vergoed sal word.

Ons word gevra om 'n groot Sanlam-simposium in Bloemfontein te open. Ons kies Gn 41:22-36: wysheid en ekonomiese voorsorg, en soos in die geval van versekering, 'n geseënde spaarmetode. Vgl. ook Spr 10:5.

Opsommend Daar is geen Christelike begin-

selbeswaar teen korttermyn- of langtermynversekering nie. Wanpraktyke van hierdie sondige bedeling kom in alle sektore van die ekonomie voor, ook nogal t.o.v. kerkgeld. Die *misbruik* het nie die gebruik op nie.

AANBEVELING

2.13.1.1 Korttermynversekering is 'n normale, geykte finansiële voorsorgmaatreël waarteen die Christen nie besware het nie.

2.13.2 Netwerkbemarking of multivlakbemarking

2.13.2.1 Wat dit behels

Ons het saam met verskillende redelik lywige dokumente oor hierdie saak ook 'n stuk ontvang wat 'n goeie definisie verskaf asook waardevolle riglyne. Ongelukkig is die fotostaat nie van goeie gehalte nie en die outeur nie vas te stel nie. Die enigste aanduiding is die van "Dink... onderneemings." Hier volg die verdienstelike weergawe daarvan (tel. 012-803 9322).

Eerlike multivlakbemarking

Daar is verskillende maniere waarop produkte bemark word. Vir die gewone huishouding is die kleinhandel die bekendste. Dit is waar die koper na die spreekwoordelike winkel op die hoek, die kraampie of die winkelsentrum met sy supermark en ander kettingwinkels toe gaan om produkte te koop. Die kleinhandelprys is gewoonlik gelaai met die koste van 'n rits middelmannen, agente en advertensie-agentskappe.

Teenoor die kleinhandel het daar oor die afgelope ongeveer drie dekades 'n ander soort bemarking ontstaan. Dit word *multivlakbemarking* of direkte verkope ('n misleidende term) genoem. Dit is waar huishoudings teen afslag direk van die produsent of verpakker produkte aanskaf terwyl hulle geld kan verdien deur ander verbruikers te werf en selfs ook produkte te verkoop. Verskillende soort produkte word so bemark: van hoë kwaliteit duur-same potte en panne, linne en juweliersware tot gewone verbruikersprodukte. Laasgenoemde produkte is baie suksesvol omdat elke huishouding gewoonlik dieselfde soort produk in elk geval sou aangeskaf het.

Hierdie bedryf is wêreldwyd gevestig, baie groot en word 'n bedreiging vir die kleinhandel omdat dit vir die verbruiker soveel voordele inhou. Dit is die logiese voortsetting van die idee van 'n fransees ("franchise"). In 1994 was die omset in Suid-Afrika R1 miljard en is daar tans ongeveer 150 000 klein besigheidslui in ons land hierby betrokke. Hierin lê die groot geheim: multivlakbemarking maak mense minder afhanklik van groot instellings en salarisloopbane en stel diegene wat bereid is om

hard te werk in staat om met byna geen kapitaal nie 'n eie onafhanklike besigheid te begin. Die bedryf in Suid-Afrika staan onder die toesig van die DSA, 'n vrywillige organisasie wat 'n ogie oor standaarde hou.

Wie goeie geld wil maak, moet deur vermenigvuldiging 'n netwerk verbruikers opbou. Multivlakbemarking kan bonusse uitbetaal, die omset van alle verspreiders/verbruikers wat, direk of indirek, deur 'n mens se toedoen die produk of produkte begin verbruik het. Die oorspronlike verspreider is, om 'n beeld te gebruik, naderhand die "voorouer" van opeenvolgende geslagte van verspreiders. (Dit is natuurlik presies soos die Evangelie versprei is. Vandag is die meeste van ons waarskynlik die geestelike "nageslag" van Paulus.)

Waar goeie geld ter sprake is, kom die kansvatters en skelms natuurlik ook uit die gate gekruip. Hulle neem dan net een aspek van multivlakbemarking, naamlik die vermenigvuldiging, en bou die skema daarop. Dan kry 'n mens jou kettingbriewe en piramiedskemas. Hierdie skemas bring vir 'n aantal mense vir 'n klein rukkie baie geld in, maar stort dan soos 'n kaarthuis inmekaar en baie mense verloor hulle geld. Hulle faal omdat dit nie op die fondament van die koop van produkte wat werklik benodig word deur 'n *gewillige* koper berus nie.

Hoe kan 'n mens tussen eerlike en oneerlike multivlakbemarking onderskei? Eerlike programme berus in die eerste plek op die kwaliteit van die produk wat aangeskaf word en beskerming van die verbruiker. Die inkomste wat *mense* maak is op werklike omset en nie op hulle posisie in 'n hiërargie, of hoeveel mense hulle werf, baseer nie. Eerlike skemas het altyd gewillige verbruikers. Eerlike skemas beklemtoon die waarde van harde werk. Eerlike skemas hou.

Dit is heeltemal onwetenskaplik en tewens onchristelik om alle multivlakbemarking oor dieselfde kam te skeer. Net soos enige ander soort instelling, kerke ingesluit, is daar die werklike produk en die namaaksels. Ons kan tog nie vandag se dominees kwalik neem vir die seuns van Eli of Brother Swaggard se gedrag nie. (VSA: spesiale prediker wat met prostituut gelewe het.)

Nadat dit alles gesê is, bly die vraag of 'n verspreider in 'n multivlakbemarkingsbesigheid met 'n gemeente in vennootskap moet tree. Dit is moeilik om dit as sodanig af te wys indien die gemeente of sy lede werklik die produkte wil hê en nodig het. Aan die ander kant moet ons nie die *seuns* van Eli vergeet nie. In hierdie verband is dit beter om te gee as om te ontvang. As dit my erns met die saak van Christus is, sal sy saak my altyd meer kos as wat dit my in die sak bring – salaristrekkers uitgesluit.

2.13.2.2 Ander sakemanne se oordeel

(In Bloemfontein, Jan de Wet en Redge Ferreira.)

Netwerkbemarking

Tegnologie (Internet) word hier grootliks gebruik met die uitruil van inligting – plaaslik sowel as wêreldwyd. Wat streng afgekeur moet word is die sg. piramideskemas, waar die kettingbriewe saamhang met die vermenigvuldiging van die omset. Diegene wat in die vroeë fase deelneem behaal finansiële sukses maar omdat die hele skema op dun ys beweeg en die verwagtinge berus op 'n wiskundige fout val alles plat en talle individue verloor baie geld. Vgl. bv. die skema in Welkom enkele jare gelede waarop die hand van die gereg toegeslaan het en alle bates van die "wonderfirma" bevries het. Diegene wat geld teruggeëis het, het lang toue gestaan vir baie min wat terugbetaal is. Die merendeel van hulle was blanke Afrikaners.

Normale en geoorloofde netwerk of multivlakbemarking

Die metode om groot en duur winkelkomplekse met talryke personeel op te rig, sal altyd seker die metode bly om goedere te versprei en te bemark. Dit is egter baie goedkoper om die luukse uit te skakel en bykans van huis tot huis te bemark as die items dit toelaat. Dit verseker natuurlik die uit-skakel van die groot koste, maar is ook minder effektief, as jy nou 'n item benodig en die bemarkker is nie beskikbaar nie.

Netwerkbemarking kan net soos gewone handel en bemarking geen Christelike beswaar uitlok nie behalwe as dit op Sondae bedryf word, of as die items wat bemark word nie tot eer van God aangewend kan word nie.

T.o.v. sekere items kan dié metode van bemarking natuurlik baie produktief wees en kan die bemarkker dit gebruik vir 'n aanvullende inkomste wat weereens geen beswaar kan uitlok nie, mits die inkomste vir die regte doel aangewend word, en dit nie soos baie gevalle lei tot verwaarloosing van ons Christelike plig in ons gemeenskap en gesinne nie, wat dan neerkom op die najaag van materiële dinge, net ter wille van humanistiese materialisme.

Dat die kleinhandel geknou word deur die multivlakbemarking is waar en jammer. Dit het natuurlik al begin met die verskyning van die rits supermarkte met hulle gesentraliseerde aanbieding van feitlik alle items. In 'n vrye handelsgebied is dit nie moontlik om dit te verbied nie.

2.13.3 Simcard of slimkaart of smartkaart

Hierdie kaart is tot voordeel van die regmatige verbruiker om as sleutel te dien vir die ontsluiting van tegnologiese inligting, om toegang te kry tot:

1 Selfoongeriewe – skakel en ontvang van oproepe per satelliet of torings – wêreldwyd.

2 Globale (wêreld) inligting tot beskikking van ver-

bruiker en beskerming van sy privaatheid (DSTV skottels).

Die gebruik van Simcard bepaal toeganklikheid tot verskeidenheid netwerke in kommunikasie vir die intekenaar alleenlik.

Die simcard behoort nie die waarde en norme wat die Christengelowige ervaar, te beïnvloed nie.

Hierdie toeganklikheid kan deur die onkundige verstaan word as boos en alle negatiewe koppeling kan daarmee gepaard gaan wat egter vals is. Die verbruiker kan in sy voorportaal sy banksake en ander gekoppelde besighede reël.

Tegnologie moet beskou word as deel van die ontwikkeling ook vir die Christengelowige in 'n veranderlike wêreld.

Dit het 'n noodsaaklike deel van die mens se geleerdheid geword soos lees en skryf en akademiese ontwikkeling.

Hierdie stelsel kan sonder die nodige dissipline in enige gesinsopset misbruik word, maar dit geld van baie ander goeie dinge en gawes en tegniese apparaat. Die feit dat ons hier 'n apparaat het om elektroniese apparaat soos TV ontvangskottels en so meer te aktiveer is 'n groot tegniese winspunt. Dit is gesofistikeerde verfyning wat baie beteken vir stroombelyning in hantering en kommunikasie.

Perspektief vanuit die Christelike kultuurbeskouing op simkaart en bemaking, e.s.m.

Ons stel dit baie saaklik. Dit dek in beginsel die moderne kommunikasietegniese, die elektronika en bemakingsmetodes in ruimer sin.

Wetenskap en die hulpmiddele wat uit die navorsing vloei is nie uit die duiwel nie. Dit vloei uit die skepping en beskikking van God en seën vir sy opdrag tot die omvattende kultuurtaak aan die mens volgens Gn 1:18 en Ps 8 o.a. Dis die ontsluiting van dit wat die Here in sy skepping ingebou het aan kragte en wette en moontlikhede, wat deur die mens na sy beeld geskape en sy toerusting onderwerp en beheers moet word. Hy is die eerste Werkgegewer en alle kultuurwerk moet tot sy eer gedoen word. Die Bybel leer ook dat die Here in al bg. werk lei en verlig deur die Hellige Gees, d.w.s. in *alle* beroepswerk.

Daarom *begin* ons nie, as ons te doen het met die snelle ontwikkeling van die moderne wetenskap, die moderne tegniese en metodes, met die vrees dat dit gevaarlik en duiwels is nie.

Ons is nie by voorbaat vreesbevange sodat ons 'n geestelike ontvlugtingspad inslaan nie. Ons is wel daarvan bewus dat die sonde orals deurwerk en dat die Satan en die afvalliges parasiteer op die goeie skepping van God en dit gruwelik misbruik.

Daarom tegelyk ons dank en waardering, maar ook ons waaksaamheid en nugterheid vir die positiewe en die negatiewe van die moderne tegniek.

Watter beskawingsmondige Christenmens sal beswaar maak teen laser, internet, E-pos, maanlanding, "reënmaak", die spronge wat die rekenaarwetenskap doen? So pas is aangekondig dat wetenskaplikes 'n deurbraak gemaak het met die sellulêre gehoorapparate wat vir die dowes 'n nuwe wêreld sal open. Die misbruik het nie die gebruik op nie.

Andersyds, kritiese blik en evaluering om die sonde te herken. Bedenklike TV-programme; die verwerping van kloning, surrogaatmoeders en militêre kernkrag vir afdreiging as enkele voorbeelde. Ons mag nie alles wat ons kan nie.

Twee uitstekende doktorsale studies oor die Christelike standpunt oor tegniese wetenskap en tegniek het verskyn uit die brein en die pen van twee gereformeerde Christelike wetenskaplikes, t.w. H van Riessen: *Filosofie en Tegniek* en E Schuurman: *Techniek en Toekoms*, beide in Nederlands.

AANBEVELING

2.13.4 Kennisname.

2.14 Advies insake hertoelating tot belydenisaflegging en herdoop (wederdoop)

2.14.1 Inleidend

Via die ring van Bethlehem het die KKCE die onderstaande navraag ontvang. Omrede die aktualiteit van die aangeleentheid en die klaarblyklike aandeel van die *Woord-in-Aksie* groep hierin, laat ons die volgende brief van ds DJ Malan die advies vergesel.

2.14.2

Posbus 214
SENEKAL
9600
997-07-23

Die Voorsitter: Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek

Besselsenstraat 41

Universitas

Bloemfontein

9301

Geagte prof Lombard

I/S ADVIES TOV HERTOELATING TOT BELYDENISAFLEGGING EN HERDOOP

Geruime tyd gelede het ek u telefonies genader oor bovermelde saak.

Die ring van Bethlehem het reeds op 14 Maart 1997 aan sy kommissie vir gemeentelike bediening waarvan ek die sameroeper is, opdrag gegee om 'n studiestuk oor die aangeleentheid op te stel. Tot dusver het ek ongelukkig nog nie die ringnotule ontvang waarin die presiese bewoording van die opdrag vervat is nie. (Die ringskommissie het so 'n bietjie "sluimerend" geraak.)

Omdat ons egter al hoe meer te doene kry met lidmate wat beïnvloed word deur die sg. **Woord-in-aksie** groep, wend ek my nou tot u om amptelike advies:

1 Hoe gemaak met 'n lidmaat wat wéér belydenis van geloof wil aflê omdat hy tot die oortuiging gekom het dat hy met sy aanvanklike belydenisaflegging – op 16-jarige ouderdom – nie eerlik was nie?

2 Wat moet 'n ouderlingeraad doen met 'n lidmaat wat hom as volwassene laat **herdoop** het? (In die reël is dit – altans by ons – pragtige, toegewyde en ernstige lidmate wat ongelukkig mislei is/word deur dwaalleraars wat o.a. Mk 16:16 buite-kontekstueel uittlê.)

Myns insiens het so 'n persoon homself **mettertyd** (d.w.s. in die heel letterlike sin van die woord: met-'n-daad) van die AP Kerk afgeskei en kan die ouderlingeraad dus sy lidmaatskap as vervalle verklaar – al het hy nie spesifiek by 'n nie-erkende kerkverband of sekte **aangesluit** volgens KO art. 5.4 nie. (Hy het nie dalk by implikasie "**metterdaad**" **aangesluit** nie?)

As so iemand egter na die herdoop nog steeds lidmaat van die AP Kerk wil bly, het hy hom mos skuldig gemaak aan **leerdwaling** – die AP Kerk is mos nie 'n wederdoop-kerk nie (vgl. Nicea-belydenis) – gevolglik is Kerkorde artikels 54 en 57 ter sprake.

Maar nou: sal u asb. vir ons bedien met **PRAKTIES-UITVOERBARE ADVIES** t.o.v. die hantering van die lidmaat én die tugmaatreëls is so 'n geval? (Die leraar wat wil "optree", word al te maklik as 'n soort "ketterjagter" beskou. Gevolglik hoor ons versoeke dat ons tog nie te hard nie, maar eerder "akkommodierend" teenoor diesulkes moet optree!)

Vriendelike groete in die vertroue dat u my spoedig sal antwoord.

Die uwe

w.g. DJ Malan

Sameroeper: Ringskommissie vir Gemeentelike Bediening.

2.14.3 Die AP Kerk, Kommissie vir Kerkleer en Etiese sake en die sinode se Tydelike Kommissie vir Leer en Etiese sake 8-15 September 1997

Ons verwys na die brief van ds. DJ Malan onder datum 1997-07-23 oor *Advies t.o.v. hertoelating tot belydenisaflegging en herdoop*. Die verkorte kommentaar op die betrokke punte is die volgende:

1 Weer belydenis aflê van geloof

Daar is geen presedent daarvoor in die gereformeerde kerke nie. Dis 'n ernstige vraag of die lidmaat wat sy eerste belydenis as oneg beskou nie 'n verkeerde evaluering daarvan maak nie – en dit onder invloed van afwykende leerstellinge. Die eerste belydenisaflegging is onherroeplik, net soos die eerste doop. Belydenis is onherhaalbaar.

Ef 4:5. Nee, nou bely hy saam met die gemeente volgens die Twaalf Artikels en al die ander belydenisskrifte wat gereeld in die kerk funksioneer. Dit geld ook van die psalms en gesange as kerklied. Dit beteken dat hierdie lidmate nou vorentoe moet kyk en optree.

2 (Volwasse) herdoop en lidmaatskap van die AP Kerk

Volwasse herdoop behels 'n leerdwaling, veral wat betref die genadeverbond in Jesus Christus, as die slagaar in die Bybel. Ons doop nie die kinders sódat hulle in die kerk opgeneem sal word nie, maar ómdat hulle van geboorte af in die genadeverbond en so in die kerk opgeneem is. Ons moet die Here hieroor op sy Woord neem.

Herdoop beteken eintlik dat dit as 'n soort toevoeging tot die eis van saligheid gevoeg word, d.w.s. 'n soort wettiese stuk verdiepte werkheilgheid (m.a.w. genade en doop). Die sektes e.a. sê ook: Christus *plus* Saterdag, Christus *plus* grootdoop, e.s.m.

So 'n lidmaat moet wel met liefde en pastorale sorg vermaan en begelei word tot die regte geloofsoortuiging. As hy/sy standpunt *handhaaf* t.o.v. die herdoop/weerdoop kan hy/sy NIE lidmaat van ons kerk bly nie, hoe jammer ook al.

In die Presbiteriale kerkregering bestaan daar ook nie iets soos heraflegging van belydenis van my geloof nie.

Ons konkrete advies is dus:

1 Daar is nie heraflegging van belydenis nie. Mens kan nie twee maal gebore word nie. Fisies en geestelik.

2 As 'n lidmaat hom/haar laat herdoop het, waarin dan volhard word, moet die nodige tugstappe volgens die kerkorde gedoen word (wat ook afsnyding van die gemeente behels as daar nie 'n ommekeer plaasvind nie). Dis tog 'n daadwerklike breuk met die kerk en sy leer. Hy mag natuurlik ook bedank.

Dankie vir u geduldige wag vir hierdie antwoord. 'n

Meer uitvoerige antwoord en motivering was opgestel maar ongelukkig het die manuskrip in die kantoor van die skriba (Bainsvlei) soek geraak. As dit gevind word, word ook dit aan u deurgestuur.

AANBEVELING

2.14.4 Kennisname

3 BESKRYWINGSPUNTE

3.1 Lotery

3.1.1 'n Brief van mnr. CJ du Preez, onder die briefhoof AP Kerk Sanddrift (vakant) is hieroor ontvang. Hy is leier-oudering.

Hy kla dat die brosjure oor lotery steeds uitstaande bly ten spyte van verskeie navrae, en intussen tier die Satan met sy lotery in alle gedaantes lustig voort. Is ons kerk, 'n kerk van Christus regtig so onverskillig oor die onchristelike aanval van lotery. Hy hoop die brosjure sal binne 6 maande verskyn.

3.1.2 Antwoord

Daar was darem al verskeie goeie artikels in *Die Boodskapper* oor lotery.

Ons kan ons kerk nie van onverskilligheid hieroor verwyrt nie. Juis in hierdie verslag is dit pertinent aan die orde afgesien van hierdie skrywe van br. Du Preez.

Die brosjure van ds. WA Burger sal binnekort verskyn.

AANBEVELING

3.1.3 Kennisname

3.2 Ring van Mooinooi: Dobbeldary en lotery, met o.a. verwysing na Radio Pretoria

3.2.1 Die sinode besluit:

a dat lidmate gewaarsku moet word teen die gevaarlike praktyk van lotery soos dit dikwels in sg. onskuldige vorm beoefen word. Selfs al is dit skynbaar onskuldig en al het die instansie wat dit beoefen welke edel motief, bly dit die oortreding van die eerste gebod;

b dat gemeentes praktyke waar die sg. geluks-godin sg. wenners bepaal, sal vermy by basaars en ander byeenkomste aangesien dit lidmate verwar;

c dat instansies wat meningsvormers onder die Christen-Afrikaners is, soos bv. Radio Pretoria versoek word om nie hierdie bedenkbare praktyk te beoefen in 'n poging om fondse te in nie, aangesien dit die indruk wek dat sulke praktyke aanvaarbaar is solank die doel aanvaarbaar is.

Motivering:

Daar is geen wesenlike verskil tussen dobbeldary en lotery nie. As lotery geoorloof is, in welke sagte

vorm ookal, kan daar nie opgetree word teen lidmate wat hulle skuldig maak aan dobbeldary nie.

Lotery word al meer beoefen in die heidense Suid-Afrika, o.m. deur die algemene beskikbaarheid van krapkaarte en die kerk het 'n belangrike roeping om lidmate hierteen te waarsku.

As die kerk homself skuldig maak aan twyfelagtige praktyke, soos om poppe se name te raai, tombo-la te speel ens., kan daar tog nie verwag word dat lidmate die kerk se vermanings ter harte neem nie.

Ander instansies wat hulleself uitgee vir Christelike en Afrikanersake, soos bv. Radio Pretoria, beoefen lotery deur die aanwys van sg. wenners van sg. kompetisies deur name te trek, gelukkige nommers aan te wys voor of na die sg. kompetisie, ens. Die kerk se roeping is om sulke instansies te wys op die erns van die oortreding van die gebooe van God en dit word vererger deur die groot invloed wat daar van sulke openbare instansies uitgaan.

Omdat die AP Kerkverband ook belydeniskerk is, moet streng toegesien word dat nie net die Woord van God nie, maar ook die belydenisskrifte, bv. Die Heidelbergse Kategismus, antwoorde 94 en 95, eerbiedig en gehoorsaam word. Daar word o.m. die volgende eise gestel: "Dat ek ... Hom alleen moet vertrou" en "Afgodery is, om ... naas Hom, iets anders te versin of te hê, waarop die mens sy vertrouwe stel."

3.2.2 Ds. A van Staden en Radio Pretoria: Briefwisseling oor bewering van lotery

Dis onmoontlik om die inhoud saaklik op te som, gedagtig aan die koste vir elke pagina. Omdat Radio Pretoria egter 'n belangrike plek inneem veral onder die Transvaalse Afrikaners en andersyds Radio Pretoria ook in die ring van Mooinooi se beskrywingspunt genoem word, asmede die feit dat ds. Van Staden in 'n polemiekie met hierdie radio-stasie is oor lotery of nie, moet ons die korrespondensie weergee in sy hele konteks. Baie mense is hierby betrokke, nl. honderd duisende luisteraars en ook die getuie van ons kerk.

3.2.2.1

Posbus 2879

Brits

0250

Tel. en faks (012) 252 4034

18 Augustus 1998

Die Bestuurder

Radio Pretoria

Posbus 14935

Sinoville

0129

Geagte meneer Pieterse

ONDERSTEUNING VAN RADIO PRETORIA

Vergun my die geleentheid om myself eers kortliks voor te stel. Ek is 'n stigterslid van die Afrikaanse Protestantse Kerk en het as predikant bygedra tot die stigting van talle gemeentes asook talle ander fasette van die AP Kerkverband. Verder is ek op die Dagbestuur van die Verkennerbeweging. Tydens Radio Pretoria se eerste lewe was ek predikant op Ermelo en het ek 'n leidende rol gespeel met die reëlins vir die totstandkoming van Radio Pretoria se sender daar. Die werk is ná my vertrek deur Eddie Edwards voortgesit. Ek is verder ook 'n lid van die direksie van die Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys, maar ek beywer my ook vir nouer samewerking tussen die verskillende volkseie skoolbewegings. Wat wil ek met die lang relaas oor myself sê? Dit: ek is 'n Boer in hart en siel en gee myself volledig vir die volksaak. Verder is ek 'n baie behoudende predikant. Indien dan nie 'n meningvormer nie, beskou ek myself minstens as 'n vertolker van die mening van 'n groot getal mense. As ek dus my mening hier gee, beweer ek dat ek namens baie mense praat – nie die minste nie nagenoeg al my kollegas.

Nou kan ek kom by die rede vir my brief. Ek luister net na Radio Pretoria (ons besit geen TV nie), daarom het ek gistermiddag geluister toe ds. Mossie en Jaap saam met jou die belangrike aankondiging gemaak het oor die protesoptog op 19 September. Ek is saam met julle opgewonde oor die potensiaal wat hierdie ding het om ons volk eendragtig te maak. Ek kan egter nie enige projek van Radio Pretoria reserweloos ondersteun nie, omdat ek ernstige beswaar het teen die wyse waarop Radio Pretoria geld insamel. En hier verwys ek na wat julle kompetisies noem, maar wat in werklikheid 'n lotery is. As die **wenner** aangewys word deur 'n kaartjie te trek uit 'n bondel, is dit geen kompetisie nie; teen wie word gekompeteer? Teen die noodlot! En dit is nie aanvaarbaar nie. Ek is vas van oortuiging dat die Here ons stasie baie meer sal seën as ons ons nie skuldig maak aan hierdie oortreding van sy Gebooie nie. Kom ons vertrou Hom dat Hy op sy wyse in ons groot nood sal voorsien in plaas daarvan om ons eie sondige oplossings vir ons probleem te soek. Daar is genoeg maniere om fondse te in sonder om God se Gebooie te verbreek.

U begryp dus my probleem: ek kan nie regtig my lidmate aanmoedig om voluit mee te doen aan Radio Pretoria se aksies nie. As voorsitter van die AP Kerk se Publikasiekommissie het ek ook wye invloed oor wat bv. in ons amptelike blad, **Die Boodskapper**, geskryf word en ook daar kan ek nie regtig entoesiasies raak oor ons eie radiostasie nie. En tog wil ek graag! Ek besef die belangrikheid van die saak, en sou so graag my volle gewig wou

ingooi, maar hierdie saak stuit my absoluut teen die bors.

Nou moet ek ongelukkig ook byvoeg dat ek hierdie brief skryf terwyl ek nie eintlik regtig reaksie verwag nie, want vorige skrywes van my kant af het nog elke keer baie negatiewe reaksie uitgelok. (Dink bv. aan my versoek dat die gegil van die visarend soggens vroeg vervang moet word met iets rustiger.) Beskou dan maar hierdie noodkreet as 'n stem roepende in die woestyn. Maar as die Heilige Gees u dalk tog oortuig dat my standpunt meriete het, pleit ek by u om die saak met die direksie van Radio Pretoria op te neem. Gebruik asseblief my naam as u die saak opneem, want alle van die direkteure is kennisse en selfs vriende van my en dit kan dalk help dat hulle my standpunt steun.

Ek bid dat ons volk en daarmee saam die Christendom die huidige laagtepunt en krisis nie net sal oorleef nie, maar baie sterker en suiwerder daaruit sal kom. Ek bid dat die Here persone en middele sal gebruik om ons volk en sy kerk te louter. En ek glo dat Radio Pretoria een van sy instrumente is om hierdie ideaal te bereik. Daarom is dit vir my belangrik dat hierdie gawe uit die hand van die Here in absolute gehoorsaamheid aan sy wil sal optree. Ek glo u stem met my saam.

Dankie dat ek hierdie kwellings met u kon deel. Ek hoop dat dit eendag vir my en ander wat soos ek voel, moontlik sal wees om Radio Pretoria met oor-gawe te propageer en bevorder.

Sterkte met die handhaaf van 'n steeds hoër wordende standaard met u programme.

Die uwe,

.....
Ds. Adri van Staden

3.2.2.2

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK BRITS

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

Leraars: Ds. AS van Staden Skriba: Mev. L Rademan

Tel. (012) 252 4034 Tel. (012) 252 5972

Posbus 2879

Brits

0250

28 Augustus 1998

Die Voorsitter

SKK

Per faks

Beste Sakkie

RADIO PRETORIA EN LOTERY

Soos ek met 'n vorige faks aan die direkteur laat

weet het, is ek in 'n argument met Radio Pretoria betrokke i.v.m. hulle **kompetisies** wat m.i. niks anders as blatante lotery is nie. Nadat ek die aanvanklike brief, waarvan ek die hoofinhoud aan die direkteur gefaks het, gestuur het, het ek 'n telefoonoproep van Frik Pieterse ontvang. Hy was aanvanklik baie vriendelik, maar toe dit blyk dat ek sterk voel oor my klagte, het hy minder vriendelik geword. Hy het o.a. beweer dat Radio Pretoria alle deelnemers aan veral die **kompetisie** vir die bakkie as deel van die geldinsamelingsveldtog, wat die aanvanklike vragie op die kaartjie korrek beantwoord, telefonies skakel en verdere vrae stel totdat een wenner aangewys word. Ek het gehuiwer om op die stelling te reageer, maar voordat ek kon reageer, het hy gesê dat ek hom maar kan glo, dis werklik harde werk. Ons telefoongesprek het (soos ek in my skrywe voorspel het) onsuksesvol afgeleë. Daarna het ek 'n faks gestuur waarin ek pleit dat Radio Pretoria die luisteraars sal inlig oor die korrekte feite, aangesien almal soos ek van oortuiging is dat die wenners per lot aangewys word. Die antwoord wat ek hierop gekry het, was 'n taamlike onvriendelike oproep van dr. Du Toit wat net die faks ontvang het en geweier het om my aanvanklike brief te lees "omdat hy nie tyd het om heeldag te sit en briewe lees nie". Hy het die faks absoluut as 'n persoonlike aanval op hom vertolk en was aggressief op die verdediging. Hy het o.a. die volgende stellings gemaak:

- Dis nie lotery as die bestuur **vooraf** besluit welke kaartjies wat verkoop gaan word, die prys/e sal wen nie.
- Hy kan aan geen ander manier as die huidige **kompetisie** dink om die fondse te in en omdat hy die bedryfsuitgawe van R12 000 per dag moet vind, volg hy die metode of dit nou reg is of nie. Derhalwe moet ek nou met beter metodes van die in van fondse vorendag kom of anders stilbly.
- Hy is lidmaat van geen kerk nie en sal hom nie steur aan die bevinding van enige kommissie van 'n kerk nie. (Ek het aangebied om die advies en leiding van ons kerk se Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek in te win.)
- Geen lid van die direksie van Radio Pretoria het beswaar gemaak teen die huidige metode van fondsinsameling nie, daarom aanvaar hy dat dit korrek is. Daarmee insinueer hy dus dat ek nie die reg het om die hele direksie op 'n dwaling te wys nie.
- Ek is die enigste van 'n miljoen luisteraars wat beswaar maak, daarom glo hy nie hy hoef hom aan my te steur nie. Ek het aangebied om 1000 name van persone wat net so dink, te bring, maar daarin het hy ook nie belanggestel nie. So 'n geskrif sou dan nie op sy terrein val nie, maar op die terrein van die direksie.

• Toe ek vir hom noem dat Friedel Hansen en Betsie(?) op die betrokke oggend weer 'n wenner van 'n laserskyf aangewys het deur name uit 'n bondel te trek, het hy erken dat hy verneem het dat dit wel plaasvind! Skynbaar het hy ook daarmee geen probleme nie.

Daarna het ek die saak per faks onder die aandag van een van die direksielede, mnr. Clem de Klerk, gebring met die versoek dat hy sal toesien dat die saak behoorlik aandag kry by 'n volle direksievergadering. Ek het nog geen reaksie van hom ontvang nie.

Ek bring die saak onder die SKK se aandag omdat leraars van ons kerk dalk een of ander negatiewe reaksie van Radio Pretoria se kant af kan verwag as gevolg van hierdie optrede van my. Die SKK is eintlik die kommissie wat met buite-instansies moet skakel en skakel natuurlik gereeld met Radio Pretoria. Ook in u skakeling mag daar dalk hierna verwys word.

Verder verneem ek graag of die SKK nie self oor hierdie saak standpunt wil inneem nie. Die bewering dat ek die enigste is wat beswaard is, moet op een of ander wyse reggestel word.

Ek beplan om 'n beskrywingspunt by die volgende sinode uit te kry waarin die sinode hom ook hieroor moet uitspreek.

U advies oor hoe ek die saak verder moet hanteer, sal waardeur word.

Ek hoop nie dat ek verkeerd opgetree het nie. Ek moet bely dat ek so 'n bietjie verbaas is oor die negatiewe en selfs aggressiewe reaksie uit daardie oord.

Groete in diens van ons Meester

U broeder

Adri van Staden

3.2.2.3

FAKSBOODSKAP

Aan: Clem de Klerk

Van: Adri van Staden

BOODSKAP:

Clem,

Ek is in 'n onverkwiklike argument met Radio Pretoria betrokke. Derhalwe rig ek hierdie skrywe aan jou as lid van die direksie van Radio Pretoria.

Saam hiermee gaan die oorspronklike brief wat ek geskryf het, sowel as die faks wat ek in reaksie op Frik se telefoonoproep gestuur het. Lees dit gerus eers. Ek wil graag vir jou vertel van my ervaring van die twee telefoonoprope. Dr. Du Toit het my so

pas gebel en ons het lank gepraat, maar kon mekaar nie vind nie. Hy het die volgende gesê:

- Dis nie lotery as die bestuur vooraf besluit wie van die "300 000" kaartjiekopers gaan deurdring tot die uitdunne nie.
- Hy kan aan geen ander manier dink om die fondse te in as die huidige nie en omdat hy die bedryfsuitgawe van R12 000 per dag moet in, volg hy die metode of dit nou reg is of nie. Derhalwe moet ek vir hom help deur nou te gaan maniere bedink om dit te doen. (Is dit dan nie sy werk om die maniere te vind en my werk om hom te waarsku as hy dit in stryd met die Woord van God doen nie?)
- Hy is lidmaat van geen kerk nie, en sal hom nie steur aan die bevinding van enige kommissie oor die aangeleentheid nie. (Ek het aangebied dat ons kerk se sinodale kommissie wat oor hierdie saak handel, met 'n aanbeveling sal kom.)
- Geen lid van die direksie het beswaar nie, daarom is die metode korrek. (Het ek as predikant dan nie die taak om te waarsku as iets verkeerd loop nie? En het ek nie die reg om ten minste aangehoor te word nie? Is die direksie dan onfeilbaar?)
- Ek is maar een van 'n miljoen luisteraars wat beswaar maak. Die feit dat die ander 999 999 nie beswaar maak nie, beteken dat hy hom nie aan my hoef te steur nie. Toe ek sê dat ek 1000 name van beswaardes oor hierdie saak sal bring, het hy gesê dit lê nie op sy terrein nie, maar op die terrein van die direksie.
- Ek wou weet of hy my oorspronklike brief gelees het, waarop hy sê dat hy nie daarin belangstel nie en ook nie tyd het om briewe te lees nie. As hy my brief sou lees, sal hy dalk meer begrip toon.
- Toe ek vir hom noem dat Friedel en Betsie vanoggend weer 'n wenner aangewys het deur name uit 'n bondel te trek, het hy erken dat hy verneem het dat dit wel plaasvind. Dan is my vermaning tog geldig? Waarom luister niemand dan nie?
- Albei die persone (Frik en Willem) se houding oor die telefoon was dat ek lief moet stilbly en eintlik baie lastig is. Steur Radio Pretoria hom dan nie aan sy luisteraars nie?
- Ek gaan die saak verder voer. Ek mag nie stilbly as ek sien iemand volhard in 'n sonde nie. Ons volgende sinode sal beslis hiervan verneem en dit gaan meebring dat die hele AP Kerkverband waarskynlik negatief gestem word teenoor Radio Pretoria. Intussen kan ek nie anders nie, as om almal te waarsku teen dit wat by Radio Pretoria plaasvind.

Jammer om jou hiermee te belas. Sal jy asseblief

toesien dat Radio Pretoria behoorlik aandag geen aan my saak? Om Gods Naam.

Groete.

3.2.2.4

RADIO PRETORIA

Art. 2 Mpy No 94 09119/08 BTW 411 0015 0846

Posbus 14935, Sinoville 0129

Tel: (012) 543-0230 (3 lyne) Faks: (012) 567-7394

E-pos adres: www.boer.co.za

Hierdie skrywe dien as agtergrond vir die beskrywingspunt oor lotery deur die ring van Moolnool. Kan dit asb. na die betrokke kommissie verwys word. (Kommissie Moolnool).

RP/HK/45007

30 Maart 1999

Mnr. Clem de Klerk

Posbus 354

GROOTVLEI

2420

Per faks: 017 770 0734

Beste Clem

Ek verwys na die skrywes van ds. A van Staden wat jy lank gelede aan my oorhandig het, en maak graag die volgende aanmerkings:

1. NB! Ek is self taamlik ongemaklik oor die motor-kompetisie van die verlede en het reeds gereël dat daar na 'n meer bevredigende metode gesoek word. Intussen is daar terloops vanjaar nie weer so iets nie.

2. Ek vind dit jammer dat ds. Van Staden nie maar met my praat nie. Ek meen sy verwysing na vorige "negatiewe reaksie" verstrek die rede hiervoor.

• Hy het 'n vorige keer nie sy sin gekry nie. Hy self noem die visarend-insident. Ons oordeel dat daar weinig goed so Afrika-eie is soos die visarend en die Afrikaner. Derduisende mense is lief vir daardie roep. Moet Radio Pretoria op een man se instruksie dit skrap? Hy soek vroeg in die oggend iets rustiger!

• Daar was nog 'n insident: van 'n skoolpoging op Dwaalboom. Die het hy bestempel as direkte opposisie vir "sy skool" te Thabazimbi. Na aanleiding daarvan het hy op skrif eintlik daarop aangedring dat Annemarie Joubert moet in die pad gestee word, want sy het sonder sy toestemming met 'n Dwaalboomman 'n onderhoud gevoer. Daarop was die reaksie toe ulteraard ook maar negatief. Daar was ook 'n derde keer skriftelike

kommunikasie tussen ons, waarvan ds. van Staden die reaksie as negatief sou kon beoordeel, maar wat geen verband met die huidige aangeleentheid het nie.

Daar blyk 'n benadering uit hierdie en vorige skrywes van hom, wat vra vir negatiewe reaksie:

- 'n verskil in beoordeling word "‘n onverkwiklike argument";
- "my werk om hom te waarsku" ("my taak om te vermaan") oor wat in stryd met die "Woord van God" is;
- "ons (Radio Pretoria se) sondige oplossings";
- "fondse in sonder om God se gebooie te verbreek";
- "ek waarsku almal teen dit wat by Radio Pretoria plaasvind";
- "ek mag nie stilbly as iemand volhard in die sonde nie";
- "die hele AP Kerkverband negatief teen Radio Pretoria staan" (op hierdie een luisteraar se instruksies?);
- wat ek sê en eis en voorskryf, geskied "om Gods naam".

My vraag na aanleiding van dit alles sou wees: Het daar intussen weer 'n kategorie "Wagters op Sionsmure" ontstaan wat oor onfeilbare leergesag beskik; 'n monopolie het op 'n beroep op Gods naam?

3 Ek wat vir Frik en Willem ken is nie verbaas nie as hulle dit minder insiklik verduur. Ek maak wel die afleiding dat van hulle kant geantwoord is dat hulle verantwoording verskuldig is aan die direksie; waarop dan blykbaar gereageer is met 'n suggestie oor die feilbaarheid van die direksie. Dit sou vertolk kon word as 'n verdagmaking van die integriteit en 'n ondermyning van die gesag van die direksie by die personeel. 'n Luisteraar meng hom bo-oor die koppe van 'n feilbare direksie by die personeel in met sake van Radio Pretoria. Kan dit verbasend geag word as ons personeel se – en ons eie – reaksie hierop ook maar negatief is?

Ek vra verskoning teenoor jou én ds. Van Staden vir 'n skandalig vertraagde beantwoording van jou versoë aan my.

Ek hoop ook jy vind dit in orde dat ek kopie van hierdie skrywe aan ds. Van Staden besorg vir sy kennisname. Ek dink dit hoort so.

Groetend,

CL van den Berg (ds. Mossie)

Uitvoerende voorsitter.

Beste Adri,

Hiermee vir jou kennisname, van my reaksie op sekere versoë van mnr. Clem de Klerk, direkteur van Radio Pretoria.

Groetend, Mossie.

Naskrif, ds. Mossie: Hierdie skrywe dien as agtergrond vir die beskrywingspunt oor lotery deur die ring van Mooi-nooi. Kan dit asb. na die betrokke kommissie verwys word asb. Dankie.

3.2.3 Radio Pretoria en ons metode van Christelike vermaning

Die ring van Mooi-nooi stel hulle standpunt met betrekking tot aanvegbare metodes van geldinsameling wat verband hou met lotery en verwys spesifiek na Radio Pretoria.

Ds. Van Staden stel ook sy standpunt onomwonde en vurig maar ons kommissie meen dat hy sy metode van aanpak moet hersien om sy besware en gesprek meer ontvanklik te maak. Ons moet reguit praat, maar dan met liefdevolle beslistheid as ons met geesgenote in gesprek is, sonder om dit wat sonde is te systap.

Ds. Van Staden skrywe aan Clem de Klerk: *Ons volgende sinode (AP Kerk) sal beslis hiervan verneem en dit gaan meebring dat die hele AP Kerkverband waarskynlik negatief gestem word teenoor Radio Pretoria. Intussen kan ek nie anders nie, as om almal te waarsku teen dit wat by Radio Pretoria plaasvind. – wat hy dan bevestig met verskeie skerp uitsprake oor die stasie en dit alles: in Gods Naam.*

Die mening van ds. Van Staden dat die hele AP Kerkverband teenoor Radio Pretoria negatief gestem sal word is 'n subjektiewe, persoonlike anneksasie van sy hele kerk, waarvan hy seker meen dat dit sy betoog versterk, maar dis nie aanvaarbaar nie. Ons moet die probleem aanpak met meer wydse en wyse perspektief voor ons konfronteer, afdreig en die brug verbrand teenoor waardevolle en gewaardeerde geesgenote – waarvan baie direk by hierdie radiostasie betrokke is, juis ook van ons eie lidmate.

3.2.4 Radio Pretoria binne volks- en kerkperspektief

Veral in die lig van die huidige benarde toestand waarin volk en vaderland saam met die kerk(e) binne die konteks, in ballingskap en benouing verkeer, is Radio Pretoria 'n kosbare kleinood. Ons gedrukte media is 'n druppel in 'n baie groot emmer. Radio Pretoria is beslis die meer uitgebreide mondstuk waaroor ons beskik, al geld dit dan net vir die Transvaal as teikengebied, maar tog binne 'n baie digte bevolkingskonsentrasie. Daar is nie nog so 'n medium wat soveel van ons eie mense as teikengebied bereik of kan bereik nie.

Radio Rosestad in Bloemfontein is op dieselfde geestelike golflengte maar met 'n kleiner teikengebied.

As ons kennis neem van die weeklikse program van Radio Pretoria soos in die Patriot beskikbaar val dit op watter groot verskeidenheid kernsake insake Christelik volksele kultuur aangebied word. Vanuit Calvinistiese siening is dit tog alles sake wat direk te doen het met arbeid in Gods koninkryk.

Uitsaai van die Evangelie. Predikante en lidmate van vier Afrikaanse kerke neem deel aan preke, besprekings en stigtelike oordenkings, waaronder ook baie van ons eie kerk. Radio Rosestad maak ook van 'n deel van hierdie programme gebruik (Bfn.).

3.2.5 Ons optrede verder

Kom ons tree vermanend op met liefdevolle beslistheid in hierdie sensitiewe saak. Ons begin van man tot man, afgesien van die pen, nie met alarmseine van die verkeersmotor waarmee ons hulle tegemoet spoed om die ultimatum af te lewer nie. Tussen geesgenote wat in ook 'n geestelike oorlewingstryd betrokke is, is hierdie prys te duur. As daar 'n bepaalde sonde by die stasie is wat uitgewys word, skrywe ons nie die stasie af nie.

Daar is hier soveel op die spel dat ons welwillend as geesgenote smag na 'n kortpad oplossing op waarheidsgrondslag – spesifiek ook oor die lotery-waarskuwing.

Dit beteken tegelyk dat die Boere-Afrikaner Christene van Transvaal, hulle wat nog van "ons volk" is, wel die vinger mag en moet wys, maar dan tegelyk die HANDE *uitsteek* met onaanvegbare geldinsameling om dit vir ons stasie makliker te maak as om elke dag in spanning van die hand tot die mond soveel waardevolle werk uit te saai.

Intussen is, behalwe die lede van die KKCE, die rolspelers in hierdie gesprek geografies nie ver van mekaar nie en kan vrugbare gesprek sonder baie tydsverlies gevoer word. Dit kan goeie begrip oor en weer bevorder, sonder om by voorbaat beginsels prys te gee.

3.2.6 Die kommissie se siening oor loterybeslissing soos hierbo genoem.

Die KKCE onderskryf die standpunt van ons kerk soos bv. gestel deur die ring van Mooinooi, in *Die Boodskapper* en in die publikasie oor lotery van dr. WA Burger wat binnekort verskyn.

AANBEVELING

3.2.7 Die sinode besluit dat ons kerk as instituut nie in 'n dispuut wil tree met Radio Pretoria as instelling nie. Gesprek op persoonlike vlak moet gereël word – desnoods gereël deur die

SKK insover die meriete daarvoor vasgestel word.

3.2.8 Vir kennisname

Die NG Kerk, Algemene Sinode 1998 het oor lotery die volgende besluit geneem:

1 Die NG Kerk herbevestig dat gelukspeletjies waar geldgierigheid, liefdeloosheid, swak arbeids-etiek, geldnood en verarming bevorder word as uiters ongewens en sondig afgewys moet word.

2 Die volgende voorstel is ook aangeneem, voorgestel deur prof. SA Strauss en ds. JJ van Rensburg. Dit lui: *Die Algemene Sinode besluit dat promosies waarin 'n prys toegeken word op die basis van ewekansigheid sonder finansiële inset deur die wenner, in orde is. 'n Donasie wat die persoon laat kwalifiseer om vir die prys in aanmerking te kom, word as 'n finansiële inset beskou.* Handeling Algemene Sinode 1998, bl. 428.

3.3 Ring van Benoni: Woordkeuse in Apostoliese Geloofsbelydenis, Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius

Hierdie twee beskrywingspunte het ons enigsins laat ter hand gekom (Meimaand) maar dit kon nog inpas vir geartikuleerde kennisname. Dit lui soos volg:

3.3.1 Beskrywingspunt 1

Die sinode besluit om die volgende sinsnedes van die Apostoliese Geloofsbelydenis aan te pas soos aangedui:

"...gebore uit die maagd Maria, wat *helse smarte gely* het, (komma) onder Pontius Pilatus (laat komma na Pilatus weg) gekruisig gestorwe en begrawe... (helse smarte vervang "ter helle neergedaal")

Dus lui die nuwe bewoording so: "...gebore uit die maagd Maria; wat helse smarte gely het, onder Pontius Pilatus gekruisig gestorwe en begrawe is..."

Motivering

1 Alle ou geskrifte maak nie melding van die woorde: "...ter helle neergedaal" nie.

2 Die Geloofsbelydenis van Athanasius en dié van Nicea ken nie so 'n stelling nie.

3 Die woorde verwar die gelowige en laat hom glo dat Christus ook hel toe was terwyl dit Skriftuurlik nie so is nie.

3.3.2 Beskrywingspunt 2

Die sinode besluit om die volgende sinsnedes van die Algemene Geloofsbelydenisse aan te pas soos aangedui:

Die Apostoliese Geloofsbelydenis

"...gebore uit die maagd Maria; wat gely het, (komma) onder Pontius Pilatus gekruisig is, laat komma na Pilatus weg) wat op die derde dag opgestaan het uit die dode" (met weglating van "weer")

"vanwaar Hy sal kom om die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het te oordeel"

Die Geloofsbelydenis van Nicea

"...en weer sal kom met heerlikheid om die lewende en die dode te oordeel"

Die Geloofsbeslydenis van Athanasius

Punt 38: "Hy het op die derde dag opgestaan uit die dode (met weglating van "weer")"

Punt 40 "vandaar sal Hy kom om die lewende en die dode te oordeel"

Punt 41 "by wie se koms alle mense sal opstaan in hulle verheerlikte liggame" (met weglating van "weer")

Motivering

Ons glo en bely dat Christus net eenmaal opgestaan het uit die dode en die "weer" moet dus weggelaat word. Desgelyks glo ons aan die opstanding van die vlees en die woord "weder" moet eweneens weggelaat word – vergelyk die Geloofsbelydenis van Nicea. By Christus se wederkoms sal alle mense opstaan, maar nie weer opstaan nie. Die ander wysigings is ter wille van die beter gebruik van Afrikaans (Nicea).

3.3.3 Kommentaar van KKCE

Bogenoemde twee beskrywingspunte van die ring van Benoni het dieselfde opset as die een van die ring van Lichtenburg wat handel oor die woord *vlees of liggaam* in die belydenisskrifte en die Nagmaalsformulier. Vgl. Sakelys, sewende sinode, bl. 72 by 4.6.1.

Vgl. ook die ter tafel verslag oor hierdie beskrywingpunt Sakelys 1999.

Die twee onderhawige beskrywingspunte verg net soos die oor vlees of liggaam noukeurige dogmen-historiese verkenning en die kommissie as sodanig wil nie noual 'n finale aanbeveling doen nie.

'n Deeglike D-graad oor "die nederdaling ter helle" is bv. gelewer deur dr. Danie du Toit, Teologiese Fakulteit Stellenbosch waar hy juis die beskrywingpunt 1 behandel. Ook ander gereformeerde outeurs wat dit behandel moet geraadpleeg word, sodat ons verantwoording op vaste gronde berus. Dit geld van beide beskrywingspunte.

AANBEVELING**3.3.4 Die sinode dra dit op aan die KKCE om by**

die volgende sinode 'n finale voorlegging te doen oor die twee beskrywingspunte van die ring van Benoni.

3.4 Ring van Lichtenburg: Kleredrag in die erediens

3.4.1 Die sinode spreek hom uit oor kleredrag in die erediens, volwasse broeders en susters, seuns en dogters, in die Afrikaanse Protestantse Kerke op grond daarvan dat 'n erediens die vergadering van die heilige Drie-enige God is waar Hy sy gemeente ontmoet en die gemeente voor sy aangesig verskyn.

Motivering

1 Die erediens is die heilige God se vergadering met sy gemeente, waar die gemeente voor sy aangesig verskyn en wanneer sy gemeente voor sy aangesig verskyn, moet die gemeentelike voorkoms eerbied toon vir sy heilige majesteit.

2 Die erediens is nie 'n vergadering van die mens soos enige ander vergadering in die gemeenskap nie. DIT IS UNIEK. Daarom kan die wil, die opinie, die wense, die eise van mense oor wat vir hulle gerieflik of gemaklik is, nooit deurslaggewend wees nie. Ook kan die natuur, weersgesteldheid, hitte, koue, ens. nie die kleredrag bepaal nie. Nog minder kan die hedendaagse modes die kleredrag bepaal.

3 Slenterdrag, baadjelose of daslose drag, safari-pakke, broekpakke en strandrokke ens. is nie kleredrag wat 'n erediens dus waardig kan wees nie.

4 Onwaardige en oneerbiedige kleredrag of kleredrag van Afrikastyl is die gewisse begin van die verval van die erediens, die verlaging, die versekularisering daarvan tot 'n menslike byeenkoms waar menslike norme deurslaggewend word en nie eerbied vir die Here en erediens, diens tot sy eer, aan Hom nie. 'n Beroemde Nederlandse teoloog het verklaar dat die verval van die kerk in die erediens begin.

5 Dit is die roeping van die AP Kerkverband as kerk van Christus om juis die erediens, die sentrum van alle diens in die plaaslike kerk aan die Here, só te handhaaf dat alles in die erediens, ook die kleredrag sal bydra tot die verheerliking van God.

6 Dit is ook net 'n feit dat vir sekere wêreldse byeenkomste se bywoning die eis gestel word vir bepaalde deftige drag vir mans en vroue, waaraan die mense gehoorsaam. Is God en sy unieke vergadering dan nie meer as die mense nie?!

3.4.2 Kommentaar van die KKCE

Die beskrywingpunt is 'n duidelike en gespierde formulering van die opset en inset van die erediens, waarin die styl en smaak van die kerk-

gangers moet korreleer met die opset en inset van die liturgiek en alles wat daar in samehang gebeur. Hier geld nie die gesegde “die klerie maak nie die man nie”, maar wel: “die man maak die klerie.”

Die besluit soos hier voorgestel hoef nie 'n rigo-ristiese wettisme in te hou soos dit destyds met bv. die toga, manel en beffie die geval was in die NG Kerk nie. Ons was wel nog vroeër saam in die NG Kerk toe ligter klerie toegelaat is vir die moordende meer tropiese gedeeltes, Natal en die Transvaalse Laeveldstreke. Dit beteken nie dat kleredrag van 'n ligter, somergehalte minder deftig hoef te wees nie.

Die verval en moontlike verval van die gehalte en styl van die kerklike drag het 'n interessante parallel met die verval in Afrikaanse kerke t.o.v. gereformeerde kerksang. Die swakker smaak en die selfsug vir lekkersing soos ek dit geniet moet plek maak vir die stoere en stylvolle gereformeerde kerksang. Dit korreleer nie met wat die erediens werklik is in die lig van hierdie beskrywingspunt nie. Dr. JCG Kotze, Teologiese Fakulteit Stellenbosch het oor kerklike kleredrag, in die vyftigerjare 'n heel goeie studiestuk gelewer.

AANBEVELING

3.4.3 Die beskrywingspunt word goedgekeur.

3.5 Ring van Petrusburg: Die eietydse funksionering van die ampte van ouderling en diaken in die Afrikaanse Protestantse Kerk (Kyk ook Handeling 1997, bl. 298, 5.1.1.5)

3.5.1 Die kerkraad van Bethulie en die ring van Petrusburg het hierdie beskrywingspunt ingestuur. Die kommissie ag dit as belangrik om die beskrywingspunt en die motivering in sy geheel te plaas sodat die inhoud, wat direkte betrekking het op die praktiese bediening, so wyd as moontlik beskikbaar is. Die inhoud van die beskrywingspunt getuig van erns en diepgang in die besinning oor die onderwerp. Die tema van hierdie beskrywingspunt het 'n direk praktiese inslag ten opsigte van die gereelde bediening binne die gemeente, en die advies mag nie in die lug hang nie. Andersyds verg dit goeie eksegetiese verantwoording uit die onderhawige gedeelte van die Nuwe Testament in samehangende geheelperspektief.

Tweedens, ons sit nie op die skouers van die voorgeslag nie, maar ons staan op hulle. Die werk van gespesialiseerde gereformeerde skrywers oor kerkreg moet verreken word, juis ook hulle eksegetiese verantwoording oor die onderhawige NT gedeeltes.

As voorbeeld noem ons Herman Bouwman, Marius Bouwman, Joh Jansen, D Nauta en FL Rutgers.

3.5.2 Beskrywingspunt

Die sinode dra dit aan die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek op om 'n eksegetiese studie te maak van die rol, funksie en eietydse kerkregtelike toepassing van die begrippe presbuteroi, diakoneo, diakonia, episkopos, poimên en ander moontlike verbandhoudende terme in sowel die Ou as die Nuwe Testament, met die doel om die sinode te adviseer oor die eietydse funksionering van die ampte van ouderling en diaken in die Afrikaanse Protestantse Kerk, sodat die sinode kan oordeel of die funksionering van die ampte, soos uitgespel in die Kerkorde van 1996, Skrifgetrou is.

Motivering

1 Skrif en Belydenis

Op die gereformeerde grondslag van *sola scriptura* word aanvaar en geglo dat die Bybel die presbiteriale kerkregeringstelsel as norm voorhou vir toepassing in die Kerk van Jesus Christus, soos veral uiteengesit in artikels 30, 31 en 32 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis (NGb.).

'n Deeglike verkenning van hierdie artikels in die NGb. bring aan die lig dat die drie besondere ampte, naamlik leraar, ouderling en diaken, se pligte van mekaar *onderskei* word, maar dat in amptelike funksionering die ampte nooit van mekaar *geskei* word nie. So praat art. 30 van die NGb. van dienaars, herders, opsieners en diakens, sonder dat daar 'n sweem van sprake is dat vier besondere ampte ter sprake is in plaas van drie. Artikels 30, 31 en 32 moet as geheel beskou word om tot die besliste slotsom te kom dat daar net drie besondere ampte (leraar, ouderling en diaken) is.

Bestudering van die Skrifgetuigenisse by die vermelde artikels (soos aangedui in die Kerkboek van die AP Kerk) bring boonop aan die lig dat woorde, terme en uitdrukkings wat die Skrif gebruik om na die besondere ampte te verwys, nie op 'n simplistiese, direk-ooreenstemmende wyse op die huidige ampte van leraar, ouderling en diaken van toepassing gemaak kan word nie. Daarom moet ook aanvaar word dat wanneer daar van 'n “presbiteriale” stelsel gepraat word, daar nie bedoel word dat dit byvoorbeeld net na 'n “ouderlingstelsel” verwys nie, maar inderdaad in breër sin na 'n stelsel wat “deur die ampte” bedryf word.

2 Ontwikkeling in die AP Kerk

Die afgelope aantal jare het daar met betrekking tot die funksionering van die besondere ampte 'n besliste ontwikkeling in die AP Kerke plaasgevind wat daartoe lei dat 'n oordrewe onderskeiding tussen die ampte van ouderling en diaken nou 'n *geskeidenheid* tot gevolg het. Hierdie ontwikkeling kan veral nagespeur word in die wysigings wat in

die Kerkorde aangebring is om die werksaamhede van die kerkraad al hoe meer om die taak van die ouderlinge te laat wentel. Die huidige kerkorde (van 1996) dui dat in ongeveer 80 gevalle, in sowat 39 artikels en bepalings, magte, funksies en verantwoordelikhede in die ouderlinge/ouderlingeraad gesetel is wat, sonder om teen die letter of gees van die Formuliere van Eenheid in te druis, ook in die kerkraad (ouderlinge en diakens gesamentlik) gesetel kon wees. Net 'n paar van hierdie magte, funksies en verantwoordelikhede word ter illustrasie genoem:

- Direkte betrokkenheid by die verkryging van lidmaatskap deur nuwe aansoekers, hetsy vanaf ander kerke/kerkverbande, of persone wat aansoek doen om belydenis van geloof af te lê.
- Direkte betrokkenheid by die beëindiging van lidmaatskap van lidmate wat die kerk verlaat.
- Direkte betrokkenheid by die ondersoek na besware teen die verkiesing van ampsdraers en/of die beroeping van leraars.
- Toesig oor die verbondsonderrig.
- Toesig oor die sakramentsbediening. (Veral by die bediening van die Nagmaal, waar die bedienende diaken by uitstek in die posisie is om toe te sien dat ongemagtigde persone nie die brood en beker misbruik nie, sou die diaken ook kon toesig hou.)
- Direkte betrokkenheid by sending, evangelisering en tug.

3 Gevolge van die huidige stand van sake

Die pertinente inperking van die direkte betrokkenheid van die diaken in bovermelde aangeleenthede deur die huidige Kerkorde, is 'n anomalie:

- Artikel 49 van die Kerkorde (1996) dui aan dat die *kerkraad* (ouderlinge en diakens gesamentlik) lidmate van die kerk moet toerus, aktiveer en organiseer om diensbaar te wees in die Kerk van Christus; sonder die uitdruklike opdrag van toesig, saam met die ouderlinge, word hierdie opdrag in groot mate onuitvoerbaar vir die diaken.
- Bepaling 23 B dui aan dat die *kerkraad* die groslys moet finaliseer voor die verkiesing van ampsdraers; hierdie taak moet uitgevoer word veral met verwysing na die leer en wandel van genomineerde persone. Sonder die uitdruklike opdrag van toesig is hierdie taak dan ook vir die diaken onuitvoerbaar.

In die suidelike streke van ons land, waar sowat dertig persent van die gemeentes in ons kerkverband gesetel is, word die geskeidenheid tussen ouderling en diaken geaksentueer, aangesien kerkrade in hierdie streke grootliks uit enkel getalle bestaan. Dit bring mee dat uit hoogstens twee of

drie persone 'n ouderlingeraad- of diakonievergadering moet konstitueer; die stremming op sinvolle besprekings en besluitneming is dikwels onhoudbaar. Sou daar egter meer gewag gemaak word van die funksionering van die volle kerkraad, sal hierdie probleme uit die weg geruim word.

4 Samevatting

Aangesien geen volledige, oortuigende Skrifbewyse of -interpretasie nog aangevoer is vir die huidige geskeidenheid tussen ouderling en diaken nie, en aangesien groter eenheidsfunksionering van die besondere ampte nie 'n voor-die-hand-liggende negering van die gereformeerde belydenis sal wees nie, word hierdie beskrywingspunt voor die sinode gelê sodat die Skrif self kan aandui hoe die ampte die kerk van Christus beter kan dien.

AANBEVELING VAN DIE KKCE

3.5.3 Die sinode verwys hierdie beskrywingspunt na die KKS en die KKCE met die oog op verslag vir die volgende sinode. Die KKS sal die inisieerder en die saamroeper wees.

Die departemente Ou- en Nuwe Testament kan hier ook waardevolle hulp verleen.

3.6 Ring van Bloemfontein: Kinders en nagmaal

Vanaf die SKK en die sentrale kerkkantoor is 'n beskrywingspunt van die ring van Bloemfontein ontvang was soos volg lui:

3.6.1 Die ring van Bloemfontein dra dit op aan die eersvolgende sinode van die AP Kerk of aan die toepaslike Kommissie van die sinode om 'n sinvolle studiestuk op te stel ten opsigte van die bediening van die Nagmaal aan kinders en dit aan die kerkrade beskikbaar te stel.

Motivering

In toenemende mate vra lidmate vrae ten opsigte van hierdie saak na aanleiding van die praktyk wat so pas in die NG Kerk ingestel is om nagmaal aan kinders te bedien.

3.6.2 Kommentaar

Ons lidmate se vrae is nogal vroeg, omdat die NG Kerk so onlangs die besluit geneem het. Tegelyk is die vrae bemoedigend, want dit toon hulle wyer belangstelling en opmerkzaamheid. Die saak was nog nooit in ons kerk ter sprake nie en geen behoefte daartoe is enigsins in ons kringe uitgespreek nie. Dit sal in alle geval tot 'n geestelike winspunt dien as ons lidmate hulle daarvoor kan verantwoord, want kernsake soos die genadeverbond, die kind se ontwikkelingsfases en puberteit en bevattingvermoë vanuit opvoedkundig-sielkundige standpunt, en die sin en betekenis van

belydenisaflegging moet ter sprake kom.

Dit sal ook 'n grondige kennisname van die NG kerk se motivering daartoe behels.

AANBEVELING

3.6.3 Die beskrywingspunt word goedgekeur en opgedra aan die KKCE

3.7 Ring van Germiston: Die standpunt van die Afrikaanse Kerk oor aborsie in die Kerkordeboek bygevoeg?

3.7.1 Die sinode besluit dat daar in die standpunte, in die Kerkordeboek die volgende oor aborsie opgeneem sal word.

Aborsie is die moord van 'n ongebore kind en word as sodanig onskriftuurlik beskou en die Afrikaanse Protestantse Kerk se lidmate kan hulle nie daarmee vereenselwig nie.

Daar is wel uitsonderlike gevalle waar aborsie geregverdig is en slegs die volgende gevalle is as uitsondering:

- a waar 'n vrou of dogter krimineel verkrag is;
- b waar 'n swanger vrou haar lewe sal verloor indien die swangerskap nie beëindig word nie;
- c waar daar bloedsgrande gepleeg is mag aborsie uitgevoer word.

Die Afrikaanse Protestantse Kerk veroordeel die gevalle waar 'n swangerskap beëindig word bloot omdat dit uit 'n buite-egtelike verhouding ontstaan het.

Motivering

Hierdie standpunt gee aan die lidmate 'n duidelike riglyn wat ook die uitsonderings duidelik stel. Trouens, dit is soortgelyk aan die nou geskrapte wet op aborsie. Dit dui duidelik die verskil in die siening wat die Rooms-Katolieke Kerk handhaaf oor aborsie, deurdat daar wel toegelaat word vir die geregverdigbare aborsie soos in die gevalle hierbo genoem. Daar mag nie meer verskonings wees om nie standpunt in te neem nie, soos byvoorbeeld dat daar verder navorsing gedoen moet word, wat nie gedoen word nie. Dit dui net daarop dat die sinode nie die moed het om standpunt in te neem nie. In hierdie tye waar self die Konstitusionele hof ten gunste van aborsie op aanvraag beslis het, is dit baie belangrik dat die lidmate 'n duidelike standpunt van die Afrikaanse Protestantse Kerk het oor aborsie.

3.7.2 Kommentaar

Bogenoemde voorbehoud ten opsigte van uitsonderlike gevalle, punte a, b, c is in lyn met die geyske Christelike wetenskaplike denke daarvoor waaronder ook medici en die gereformeerde etiek.

AANBEVELING

3.7.3 Die formulering word opgeneem in die Kerkordeboek.

3.8 Ring van Mooiwoi: Toepaslike tekste by Dordtse Leerreëls

3.8.1 Die sinode besluit om meer toepaslike tekste by die tetiese deel van die Dordtse Leerreëls te voeg.

Motivering

As gevolg van onkunde en gebrek aan Bybelkennis het die siening by sommige lidmate ontstaan dat die Dordtse Leerreëls *mensewerk* is wat nie met die Woord ooreenkom nie. Wanneer daar, soos by die ander twee besondere belydenisskrifte, heelwat motiverende tekste aangebring word sal hierdie probleem oorkom word. In dié verband kan ons kerkverband baie uniek wees.

Hierdie beskrywingspunt was eers aan die kommissie vir Formuliere en Liturgie gestuur en is daarna na die KKCE deurgestuur.

3.8.2 Oriënterende opmerkings

2.1 Die Credo (Apostoliese geloofsbelydenis); die belydenis van Nicea (aangehaal in die Nederlandse Geloofsbelydenis Art. 9) en die meer uitvoerige Athanasium (pragtig verhelderend t.o.v. die leer van die Drie-eenheid) het ook nie tekste nie. Die artikels in die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus is ryklik aangevul met tekste, baie waardevol met die oog op Bybelstudie. Ons is dankbaar dat baie van ons vroue-Bybelstudiegroepe die onderskeie konfessies sistematies deurwerk.

2.2 Die Leerreëls van Dordt. ADR Polman wys daarop dat hierdie konfessie eintlik bedoel is om die verlossingsleer soos in die Nederlandse Geloofsbelydenis en Heidelbergse Kategismus gestel meer in besonderhede te stel en te verduidelik teenoor die dwalinge. Daarom is die tekste in bogemelde twee konfessies juis ook relevant vir die Leerreëls van Dordt.

In die Leerreëls van Dordt se vyf leerstukke (tetiese deel) is 28 tekste opgeneem, waarvan 23 net in die eerste leerstuk en 2 in die vyfde. In die eerste leerstuk waar die uitverkiesing positief gestel word is par. 1-10 ryklik voorsien met tekste, en in par. 12 net 1 en par. 14 net 4. Par. 17 net 3 en par. 18 net 3. Dit behels dat aan die volgende paragrawe toepaslike tekste toegevoeg kan word.

Leerstuk 1 par 11, 12, 13, 15, 16.

Leerstuk 2 par. 1-9.

Derde en vierde Leerstuk par. 1-17

Vyfde leerstuk par 1-15.

Waarom net in leerstuk 1 gedeeltelik tekste ingevoeg is, bly 'n ope vraag.

2.3 Aangesien hierdie opdrag 'n delikate een is het ons noulettende aandag daaraan geskenk omdat dit 'n de novo inset behels, wat 'n eeulange tradisie verbreek. Dit het baie tyd geverg – nie tydwendend nie, maar tydverrykend en hopelik bevredigend.

3.8.3 Metode

Ons het die nuut ingevoegde tekste ook gekorreleer met die tekste soos die voorkom in die Nederlandse Geloofsbelydenis en Heidelbergse Kategismus insover soms dieselfde Skrifgetuienis gebruik is vir temas wat in aldrie konfessies aan die orde kom. Ten opsigte van die Nederlandse Geloofsbelydenis geld dit vir Arts. 2 en 20–24 en Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 11–18.

Nietemin is oorwegende en toegespitste aandag op al die paragrawe van die Dordtse Leerreëls as sodanig geskenk.

Ons het 658 teksverwysings as toevoeging tot hierdie belydenis gekies. Die tekste is nie net *versamel* nie, maar beslis inhoudelik en eksegeties verantwoord sover enigsins moontlik. Ons beweer nie dat dit onberispelik is nie.

3.8.4 Bronneliteratuur

Afgesien van Bybelkommentare ter bevestiging en dat 'n teks nie op die klank af sommeer ingevoeg word nie, is ook van die volgende standaardwerke oor die leer van die uitverkiesing gebruik.

Die is werke waarin die eksegetiese deeglik verantwoord is en waarin elke teks wat 'n *locus classicus* (klassieke vindplek) ten opsigte van die leer van die uitverkiesing is, gevind word. Dit sluit die volgende in:

K Dyk: Om't eeuwig welbehagen.

K Dyk: Van eeuwigheid verkoren.

GC Berkouwer: De verkiesing Gods

GC Berkouwer: Geloof en Volharding.

JG Feenstra: Onze Geloofsbelydenis (NGb.) Art. 16 oor De predestinasie.

JG Feenstra: De Dordtse leerregelen.

Dr. FJ Botha: Die verwerping in die Leerreëls van Dordrecht DTh., Teol. Fak. Stellenbosch.

Ds. T Bos: De Dordtse Leerregelen

3.8.5 Na die behandeling van elke leerstuk is in die paragrawe ter bestryding van die DWALING tog Bybeltekste ingevoeg wat juis die tetiese paragrawe direk bevestig. Nietemin was die geringe mate van duplisering wat dit te weeg sou bring nie by ons 'n oorweging nie.

Dis te hope dat die gebruiksfrekwensie van die tekste in die drie belydenisskrifte hoër is as wat 'n mens vermoed, Dordt dan by voorbaat hierby ingereken.

AANBEVELING

3.8.6 Die sinode besluit om die lys Bybeltekste toe te voeg tot die Leerreëls van Dordrecht met die oog op opname in die volgende uitgawe van die Kerkboek van die Afrikaanse Protestantse Kerk.

DIE VOLGENDE BYBELTEKSTE WORD BY DIE ONDERSKEIE LEERSTUKKE VAN DIE DORDTSE LEERREËLS TOEGEVOEG.

Eerste leerstuk

Par. 1 tot 10 soos dit tans is.

Par 11 Toevoeging: Jes 41:4; Mal 3:6; Mt 24:24; Jn 6:39; Ja 1:17; Heb 6:17.

Par 12 Toevoeging: Dt 29:29; Rm 8:16, 17; 2 Pt 1:10, 11; 2 Ts 2:13, 16.

Par 13 Toevoeging: Kol 3:12, 16; 1 Jn 3:14; 1 Jn 4:19; 1 Jn 5:1-3.

Par 14 Bly soos dit is met 4 tekste.

Par 15 Toevoeging: Rm 1:24-26; Rm 9:13, 18, 21; Hs 13:9; Jn 3:17, 18; Jn 17:6; Hd 13:48; 2 Tm 1:9.

Par 16 Toevoeging: Jes 42:3; Mt 11:28; Mt 11:20-24; Jud 1-16.

Par 17 Bly soos dit staan, met tekste. Voeg toe Dt 6:5-7.

Par 18 Bly soos dit staan, met tekste.

Tweede leerstuk

Par 1 Rm 8:3, 32; Rm 4:25; Heb 2:14.

Par 2 Mt 1:16; Hd 13:23; Rm 7:19; 1 Kor 12:3; Flp 2:7; 1 Tm 3:16; Gl 3:16.

Par 3 Jn 18:38; Mt 1:21; Hd 4:12; Rm 5:8, 9; Heb 2:17; Heb 9:14; Heb 9:25, 26; 1 Tm 1:15; 1 Pt 1:18, 19; Hd 4:12.

Par 4 Jn 1:14; Heb 1:1; Jn 3:16; 1 Jn 4:9; Rm 8:16; Gl 4:6; Hd 3:22; Jn 2:1; Heb 10:12, 14; Heb 9:12, 14, 18.

Par 5 Mt 11:26; Mt 16:19; Lk 2:14; Lk 10:21; Hd 9:15; Hd 13:17, 48; Hd 20:27; Jn 20:21-23; Rm 12:3; Heb 6:17, 18.

Par 6 Mt 18:15-17; 1 Kor 5:4, 5, 11; 2 Kor 2:6-8; Mt 11:20-24.

Par 7 Jer 20:7; Jn 6:44; Jn 3:27; Ef 2:1-10; Rm 3:24, 25; Gl 2:20; Rm 8:33, 34.

Par 8 Jes 40:22-25; Jes 40:10-14; Dt 32:8; Ps

65:5; Mal 1:12; Tt 3:4, 5; Hd 2:47; Hd 13:48; 2 Tm 2:20; Tt 1:1; Jn 13:9; Jn 15:16; Ef 1:3; Hd 2:23; Ef 1:11.

Par 9 Rm 11:33-36; Op 7:9-17; Op 14:1-5; Op 21:3-7; Op 21:6, 7; Op 22:3-5.

Derde en vierde leerstukke

Par 1 Gn 1:26, 27, 31; Gn 3:17, 19; Ps 8:5; Jes 59; 2 Pt 2:9-22; Rm 1:18-32; Rm 8:5-8; Ef 4:20-24; Kol 3:10.

Par 2 Ef 2:1-3; Gn 5:3; Gn 8:21; Job 14:4; Job 15:14, 16, 35; Jn 3:6; Jes 53:6; 1 Kor 12:3; 2 Tm 3:1-9; 2 Kor 3:5.

Par 3 Gn 6:5; Gn 8:21; Ps 51:7; Rm 3:9-20; Rm 5:12-19; Jn 6:44; Rm 3:4; 1 Kor 2:14.

Par 4 Rm 2:14, 15; Mt 5:45; Rm 3:11; Mt 7:18; Rm 8:7; Hd 14:16, 17, 27; Ps 37:9; Ps 94:11; Ps 147: 19, 20; Rm 1:28.

Par 5 Ex 20:1-17; Dt 5:6-21; Gn 3:6, 13; Ef 4:24; 1 Tm 2:13, 14; Rm 5:12, 16; Ps 50:21; Dt 27:26; Gl 3, 4, 10; Ef 5:6; Ps 7:10; Nah 1:2, 3; Rm 6:23; Jer 17:9; Kol 2:17; 2 Pt 1:19; 2 Pt 3:2, 18.

Par 6 Jes 44:3; Jer 31:33; Jer 31:18; Tm 5:5; 2 Pt 1:19-21; 2 Tm 3:16; Ps 51:12; Esg 36:26; Rm 8:9-11, 16; Jn 16:8; Jn 3:5; Jn 6:63; Heb 4:12.

Par 7 Ps 147:19, 20; Hd 14:16; Mt 11:26; Lk 12:32; Ef 1:5; Flp 2:13; Ef 1:11; Rm 8:28, 29; Rm 9:11; Hd 13:48; 1 Pt 1:2; Ef 3:11; 2 Tm 1:9.

Par 8 Jes 55:1-3; Jes 55:6-13; Jes 52:7; Ps 119 as geheel; 2 Kor 5:20; Dt 30:14; Hd 13:7; 1 Ts 2:13; 1 Jn 5:7; Esg 33:7-11, 14-16; 1 Pt 1:12; Gl 1:8, 9; Kol 1:5; 1 Kor 9:16.

Par 9 Mt 23:37; Lk 13:34; Hd 17:32-34; Mt 11:28; Heb 6:4-8; Mt 11:20-24; Ps 95:8; Spr 28:14; Mk 6:52; Mk 8:17; 2 Kor 3:14; Heb 3:8, 15; Heb 4:7; Heb 3:13; Mt 13; 1 Pt 2:7, 8.

Par 10 1 Pt 1:13-20; 1 Pt 2:9, 10; Hd 16:14; Hd 17:5; Hd 17:11-13; 1 Pt 1:3, 23; 1 Kor 4:7; 1 Pt 1:18; Rm 5:11; 2 Kor 10:17; Rm 4:7; Flp 3:3; Hd 7:51.

Par 11 Esg 36:27, 37:14; Jl 2:28, 29; Mt 12:18; Gl 5:16-25; Ef 6:17; 1 Pt 1:2; Rm 8:16; Ef 3:16; 1 Pt 3:18; Rm 15:19; 2 Kor 3:17; Ps 51:13; Hd 9:31; Ef 1:13; Tt 3:5; Jn 14:16, 26; Jn 15:26.

Par 12 Rm 10:14-18; 2 Tm 4:2; Mt 19:28; Tt 3:5; Jn 3:5, 8; Jn 3:5-8; Jn 1:13; 1 Pt 1:3, 23; Rm 6:3; Jer 31:33; Esg 37:14; 2 Pt 3:13; Op 21:1; 1 Jn 2:29; 1 Jn 3:7-9; 1 Jn 4:7; 1 Jn 5:1, 4; Esg 36:26.

Par 13 Jn 3:18; Ps 25:14.

Par 14 Ef 2:8, 9; 2 Pt 1:3; 2 Ts 1:11; Flp 2:13; Lk 17:5; Hd 3:16; Hd 14:27; Ef 3:17.

Par 15 Rm 9:6-27; Jer 18:2-12; Jes 29:13-16; Jes

64:8, 9; Ef 1:5, 9; Flp 2:13; Ps 19:13; Ps 139:1-8, 23, 24; Hd 9:26-30; Rm 7:24, 25; Rm 1:8; Rm 6:17, 18; 1 Kor 15:57; Kol 1:12; 1 Kor 11:28; 2 Kor 13:5; 1 Ts 2:4; 1 Jn 4:1.

Par 16 Mt 13:1; 2 Tm 2:16-20; Rm 10:14, 17; Jn 10:4, 14; Heb 1:1, 2; Gl 1:7, 8; Kol 1:21, 23; Ef 2:1-5; 1 Jn 17:20; Kol 1:12-14; Mt 3:11; 1 Pt 3:21; Ef 5:26; 1 Jn 1:7; 1 Kor 6:11; Jes 55:7; Esg 3:9; Rm 4:5; Heb 10:26, 27; Heb 12:25, 29; 1 Kor 3:15; Ps 1:5; Hd 10:44, 45; Hd 15:8; Ps 2:3; Op 2:9; Op 17:3. Jn 16:2.

Par 17 Jn 5:17; Spr 4:9; Heb 1:3; Ef 1:11; 1 Sm 2:25; Jes 45:7; Ps 105:25; 2 Ts 2:11; Ps 5:5; Heb 1:1, 2; Ex 11:10; Ex 34:10; Dn 4:3; Hd 2:22; Mk 13:22; Jl 2:30; Ps 65:6-9; Ps 104; Hd 17:28; Ef 4:15, 16; 1 Ts 2:13; 1 Tm 5:7; 2 Tm 2:10; 2 Tm 3:15; Flp 1:1; 1 Tm 3:8; 1 Pt 1:23; Heb 4:12; Flp 2:29; Dt 6:5-7; Flp 3:20; 2 Kor 12:12; 1 Kor 2:5; 1 Tm 3:8-10; 1 Ts 5:12, 13; Hd 26:15-18; 2 Pt 1:3.

Vyfde leerstuk

Par 1 2 Tm 2:13; Rm 5:12-15; Rm 3:10; Jn 3:6; Ef 2:6; 1 Jn 1:8; Ps 51:5; Rm 7:14-19, 22; Jes 64:6; Ps 1:2; 1 Kor 13:9; Prd 7:20; Ps 32:5; Mt 5:6; 1 Kor 9:24; Flp 3:12-14; Heb 12:15.

Par 2 Ps 51:3; Ps 143:2; 1 Jn 2:1; Rm 8:1, Mt 6:14; Mt 26:41; Ps 103:14; Mk 13:33; 1 Ts 3:13; 1 Ts 5:23; Gl 5:17; Jn 15:5, 19; 1 Pt 5:8; Ef 6:10-18.

Par 3 Jes 43:1-8; Jn 1:11-13; Jn 6:37; Jn 6:47; Jn 10:27-29; Jn 17:15; Mt 13:20-21; 1 Kor 10:13.

Par 4 1 Tm 1:19; 2 Tm 2:18; 1 Tm 4:1; 2 Pt 2:20, 21; Heb 6:4-6; Heb 10:26vv.; Mt 13:20, 21; 1 Kor 10:12, 13; Ja 1:3; Ja 1:12; 2 Kor 8:2; 1 Pt 1:6; Ps 51; Mk 14:27-31; Mk 14:66-72; 1 Jn 2:19.

Par 5 Ps 32:5; Rm 7:24, 25; Rm 3:10, 20, 23; 1 Jn 1:8, 10; Rm 8:7; Tt 3:3; Jer 17:9; 2 Kor 3:5; 1 Kor 12:3; Jn 3:3, 5, 6; Jes 53:6; Gn 8:21; Job 14:14; Job 15:14, 16, 35.

Par 6 Ps 103:8-13; Jn 17:11, 15, 20; Lk 22:32; Rm 5:8, 9; Ps 51:13; Ps 32; 1 Jn 3:9; Jn 10:28, 29; 1 Jn 5:18; Op 2:10; Op 3:10; Lk 22:40; 1 Tm 6:9; 1 Kor 10:12, 13; Jk 1:2; 2 Pt 2:9; 2 Kor 12:9; Ef 3:20; Kol 1:11; Jes 42:3; Mt 12:1-32; Heb 6:4-6.

Par 7 1 Pt 1:23; 1 Jn 3:9; Rm 9:7; Rm 8:32-35; 1 Kor 1:8; Rm 5:8, 9; 1 Jn 3:9; Jn 10:28, 29; Lk 22:31, 32; Ps 32; Ps 51; Job 42:6; Jes 8:6; Jer 31:19; Jer 42:10; Ps 50:14; Heb 10:39; Ps 2:12; Flp 2:12, 13.

Par 8 Jes 40:10; Hd 2:23; 2 Kor 1:20; Rm 8:30; Heb 6:7; Ef 1:3, 13, 14; Ef 4:30; Ef 6: 17, 18; Mt 24:24; Ps 33:11; 1 Kor 1:8; Rm 11:7; Jes 54:10; Ps 105:8; Ps 89:4, 5; Ps 78:5-7; Jn 10:28, 29; 2 Ts 3:3; Rm 8:29, 30; Rm 11:29; Kol 3:3; 1 Jn 3:9; Heb 9:12; Lk 22:32; Jn 17:11, 15, 20; Rm 8:34; Rm 5:8, 9; 2 Kor 10:5; 2 Kor 1:22.

Par 9 Rm 8:37-39; Heb 6:11, 12; Heb 10:22vv.; 1 Pt 1:13; 2 Pt 1:10, 19; Jer 31:34; Ps 103:3-5; Jn 3:18; Jn 5:24; Ps 73:23, 24; Jes 40:28-31; Lk 10:20; 2 Tm 1:9; 1 Kor 15:58; Kol 2:2; 1 Tm 1:5; 2 Tm 2:10, 11, 13.

Par 10 Rm 8:16, 17; Rm 4:20; 2 Kor 1:20; 2 Kor 7:1; Gl 3:22, 29; Ef 1:13; 1 Tm 4:8; 2 Tm 1:1; Heb 11:13, 33; Jes 54:10; Op 2:11, 17, 28; Op 3:5, 12, 21; Jes 40:1; Flp 2:1; Jes 66:3; 2 Tm 2:9; Ps 138:8; Kol 1:3-8.

Par 11 Ja 1:2, 3; Ja 1:12-15; 1 Kor 10:13; 1 Pt 1:6, 7; 2 Pt 2:9; Gl 6:1; Heb 2:18; Heb 4:15; Lk 8:13; Ps 73:16-28; Ef 4:30; Job 42:1-6; Ps 42:9-12.

Par 12 1 Jn 3:2, 3; Lk 17:10; Rm 7:22; Ef 6:14; Kol 1:3-11; 1 Kor 13:1-6; Flp 2:1-4; Flp 1:27; Flp 4:1, 4; Mt 7:16-19; Jn 15:5; Rm 6:13; Rm 12:1, 2; 1 Pt 2:5, 9; 1 Pt 2:5, 9; Gl 5:22; Mt 7:8; Heb 6:9, 10.

Par 13 Ef 4:22-24; Ef 5:1, 2; Ps 139:23, 24; Ja 4:7; 1 Tm 6:12vv.; Mt 24:13; Lk 13:24; Rm 2:6, 7; 2 Kor 7:10; Rm 11:29; Flp 2:12, 13; Flp 1:6; Ps 125:5; Ps 25:7, 15-21; Ps 42:6, 9.

Par 14 2 Tm 4:1, 2; 2 Ts 2:14; 2 Tm 3:14; Ef 6; Op 22:18, 19; Ps 119; Rm 10; 2 Pt 1:19; Hd 13:46-49; Hd 16:14; Hd 17:11, 12; Hd 20:26, 27; Rm 10:13-18; Ex 6:17; Heb 4:12.

Par 15 Op 2:6; Op 2:24, 25; Op 13:11-14; Jn 8:44, 47; Hd 17:32, 11; Jes 28:7; Mt 22:29; Ef 4:4; 1 Jn 4:6; Jn 8:32; Ef 2:20; Jn 10:4; Ps 12:7; 2 Tm 3:1-3; 2 Tm 3:14, 15; Ps 19:10-14; Jer 5:13; Kol 2:6-8; Hd 4:19; Jer 23:35-37; Jn 3:12; Jn 15:15; Hd 20:27; 2 Jn 1:1-3; 2 Tm 2:18-20; Gl 1:8; Kol 1:23; Jn 17:19; 1 Jn 4:1; Spr 30:6; Op 22:18; 1 Tm 1:3; 1 Kor 15:2; Hd 26:22; Rm 15:4; 2 Tm 1:13; Op 13:8; Op 7:1-4; 1 Ts 3:8; Op 13:8; 2 Kor 10:35; Rm 7:11:36.

4 AANBEVELINGS DEUR KKCE VIR OORWEGING DEUR DIE SINODE

1 Die sinode dra dit aan die KKCE op om voorligting te verskaf insake verwarrende, alarmistiese profesieë en uitsprake oor die getal 666, die merk van die dier en die simplistiese verbintenis daarmee met die moderne kommunikasie-tegnieke selfs in Afrikaanse tydskrifte.

2 Die sinode dra dit aan die KKCE op om 'n studie te maak van die dwaling *Jesulatrie* teenoor die Bybelgetroue belydenis van die leer van die Drie-eenheid van Vader, Seun en Heilige Gees.

Motivering

In die charismatiese bewegings is daar opvallende eensydige klem net op *Jesus*.

Die leer van die Triniteit het direkte betekenis vir die persoonlike geloofsvisie en geloofsbeleving van die Bybelgetroue Christenmens. Vgl. *daar-teenoor We are Jesus People en Go for Jesus*. Dit gaan oor *eensydige aksent* en nie oor die sentrale verbondsbetekenis van Jesus Christus as Midde-laar nie.

Namens KKCE: Prof. JC Lombard (voorsitter)

Ds. LLE de Lange (ondervoorsitter)

Oudl. J de Vos (skriba)

Sekundi: Di. NJ Groenewald, JN Joubert, BR Torlage

Medewerkers: Dr. WA Burger, di. A Gerber, D Louw, JH Theron

Gravamen van Ds GCD Stoltz teen sinodebesluit oor die organisasie Pro-Christo

Die besluit waarteen beswaar aangeteken word:

Die sinode besluit dat vanweë kerkregtelike en ander gepresiseerde beginselbesware teen PRO-CHRISTO, skakeling en samewerking met hierdie buite-kerklike organisasie nie toelaatbaar is nie. Dit geld uit die aard van die saak vir alle gemeentes en alle ampte. (Handelinge 1997, bl. 333)

1. Die besluit is in stryd met 'n vorige sinodebesluit

Die Sinode 1989 (Handelinge, p.465 en 466) besluit met betrekking tot lidmaatskap soos volg:

Punt 5.2.6 Die sinode doen 'n beroep op alle lidmate om nie aan enige organisasie, vereniging, klub of party te behoort of dit te ondersteun nie, alvorens hy/sy hom/haar deeglik vergewis het daarvan dat die grondwet, doelstellings of beleid van so 'n organisasie, vereniging, klub of party gegrond is op die Woord van God, en nie in stryd is met die leer van die kerk nie (KO Art 60). Lidmate wat hulle op hierdie terrein wel skuldig maak, staan onder die normale opsig en tug van die plaaslike kerk en moet hulle laat vermaan deur die kerkraad en hulle bekeer van hulle verkeerde weë.

- i) Die Sinode 1997 neem 'n besluit wat bindend is op gemeentes en laat nie die plaaslike ouderlingeraad toe om die besluit oor die organisasie te neem nie.
- ii) In die sg. deeglike ondersoek na Pro-Christo is daar nooit enige gesprek met 'n lid van die organisasie gevoer nie.
- iii) In die ondersoek het die kommissie nooit met my 'n gesprek oor die organisasie gehad, op wie se direksie ek gedien het ten tyde van die ondersoek nie.
- iv) Die ouderlingeraad van die APK Kimberley is nooit in die ondersoek geken nie.
- v) Pro-Christo het by wyse van 'n brief deur ds NJ van Zyl op die tafel van die sinode beland.
- vi) Die besluit is inkonsekwent. Dit is moontlik dat lidmate van ander gemeentes aan soortgelyke organisasies mag behoort, net omdat daardie spesifieke organisasie nie deur die sinode verbied word nie.
- vii) Die besluit baan die weg vir lidmate om alle kleinlike geskille na die sinode te verwys vir

besluitneming terwyl dit die plaaslike ouderlingeraad sy plig ontnem om die ondersoek te doen en die besluit te reem.

- viii) Die doelstellings en beleid van Pro-Christo is nie in stryd met die Skrif of die leer van die Afrikaanse Protestantse Kerkverband nie.

UITTREKSEL UIT BEDIENINGSBELEID VAN PRO-CHRISTO GLOBAL MISSIONS (PGM)

I AARD VAN DIE ORGANISASIE

PGM is 'n multi-denominasionele wêreldsending-organisasie

Die implikasie hiervan is dat PGM 'n rugsteun bied vir gemeentes uit verskillende kerkverbande.

II EKUMENE EN BELYDENISGRONDSLAG

PGM stel hom ten doel om ekumenies saam te werk met enige persoon, kerk of instansie wat die Twaalf Artikels (Apostolicum) onderskryf en van Protestants-Christelike belydenis is.

III VISIE

Die visie van PGM is om, in samewerking met gemeentes, die onbereiktes met die evangelie van Jesus Christus te bereik.

IV MISSIE

Die visie word gerealiseer deur die uitvoering van die missie: om gemeentes te ondersteun in die uitvoering van die sendingopdrag.

V PGM GLO:

1. Dat redding van mense uitsluitlik die werk van die Heilige Gees is en nie berus op 'n metode nie (1 Kor 2:12-14; Jn 6:65; Rm 3:10-12, 21-24). Vir hierdie doel stuur God, uit louter goedheid, verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Deur hulle diens word die mense geroep tot bekering en geloof in Christus, die gekruisigde (Rm 10:14, 15). Die toorn van God bly egter op hulle wat hierdie evangelie nie glo nie (Jn 3:18, 36).
2. Dit is onmoontlik dat 'n ware geloof die mens vir 'n godvrugtige en heilige lewe onverskillig sou maak (Gal 5:6). Ons doen goeie werke in dankbare gehoorsaamheid aan ons Here (Ef 2:10). Hy maak ons immers gewillig en bekwaam om sy wil uit te voer (Fil 2:13).

VI DIE DOEL

PGM en sy vennote stel hulle ten doel om die koninkryk van God voorop te stel, diensbaar daaraan te wees en die eer van God in dit alles te soek.

2. Die besluit is in stryd met 'n besluit geneem op dieselfde sinode (1997)

Sinode 1997 (Handelinge, bl. 317):

Punt 21.11.1 Die sinode keur die beskrywingspunt van die ring van Beaufort-Wes oor geheime organisasies nie goed nie.

Motivering

Die sinode kan nie die gewetens van sy lidmate bind nie.

3. Die besluit is in stryd met die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 32: OOR DIE ORDE EN DISSIPLINE OF TUG VAN DIE KERK

Intussen glo ons, alhoewel dit nuttig en goed is dat die regeerders van die Kerk onder mekaar 'n sekere orde instel en bevestig tot instandhouding van die liggaam van die Kerk, dat hulle nogtans wel op hul hoede moet wees om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie. En daarom verwerp ons alle menslike vin-dinge en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien om daardeur, hoe ook al, die gewetens te bind en te dwing. So neem ons dan alleen aan wat kan dien om eendrag en eenheid te

bevorder en te bewaar, en almal te hou in gehoor-saamheid aan God. Daartoe word veral vereis die ekskommunikasie of die ban, wat toegepas word volgens die Woord van God, en alles wat daarmee saamhang.

Met spesifieke verwysing na Mt 15:9 en Gl 5:1.

Rede vir beswaarskrif

Ek vind in Pro-Christo 'n geleentheid om by wêreldsending betrokke te wees. Die Afrikaanse Protestantse Kerkverband het die korrekte besluit geneem oor sending. Dit is nie die Kerkverband se taak om sending te doen nie, maar dit is elke plaaslike gemeente se verantwoordelikheid. Tog is dit onmoontlik vir 'n plaaslike gemeente om al die kennis en logistiek van die wêreld en wêreldsen-ding te hê. Hiervoor kan die kerk nie kwalik ge-neem word nie. Daarom glo ek dat daar plek is vir sendingorganisasies soos Pro-Christo, wat die kerk kan help om sy sendingtaak uit te voer. Pro-Christo is nie 'n kerk nie, en wil dit ook nie wees nie. Pro-Christo wil ook nie 'n kerk se lidmate afrokkel nie. Pro-Christo wil slegs vir die kerk 'n armleuning wees waarop hy kan druk indien hy dit nodig vind. Ek wil ook graag my gawes en onder-vinding deel met ander gelowiges wat in die sen-dingveld gaan arbei. In Pro-Christo is daar baie sulke geleenthede.

Ek versoek die sinode om sy besluit oor deelname aan Pro-Christo in herooring te neem.

Ds. Danilo Stoltz

